

# **Die geskiedenis van Tokai-park, 1792 tot 1910, as rekord vir 'n bewaringstrategie**

**A.H.J. van Rooyen**

**24867934**

Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor in Geskiedenis

aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Promotor: Professor J.A. du Pisani

November 2015

## OPSOMMING

Tokai-park het 'n geskiedenis van omgewingsbewing wat direk na die Vereenighde Oostindische Compagnie (VOC)<sup>1</sup> se houtbeleid teruggevoer word. Die uitreiking van Constantia aan Simon van der Stel, 1685, het die groter Steenbergvallei afgeskerm van gronduitgifte. Hoewel Tokai nooit 'n gedeelte van die Constantia-plaas was nie, word die plek se geskiedenis in die skadu van Constantia groot. Dit is hierdie metafoor wat verander moet word. Tokai se geskiedenis het 'n ryke verlede wat getuig van die Sonqua se jagveld, Khoina-grondeienaarskap tot 1672, 'n kortstondige VOC-skaappos en 'n mynhuis, 'n VOC-houtveld, 'n wynplaas omring van kroongrond en natuurlike fynbos na 1806, 'n bosboukwekery, -proefplaas en -plantasies en 'n jeugrehabilitasiesentrum, die Porter-skool. Die silwerboom en fynbos (kreupelbos) het die voormalige houtveld, Buffelskraal, so belangrik gemaak dat slegs 48 morg as plaasgrond aan die einde van die VOC-era uitgereik is. Die landskap was altyd fynbosveld en pogings om die fynbosveld in wingerde te omskep, het misluk. Voorts ontbreek die area aan natuurlike weiding vir vee-teelt. Die stigting van Tokai-park in die 21ste eeu as 'n plek waar fynbos hervestig word, voltooi 'n kringloop wat deur die bestuur van die VOC-amptenary begin is.

Nie-tasbare erfenis in naamgewing gaan verlore weens die oormatige beklemtoning van die Kaaps-Hollandse boustyl. Huidige publikasies fokus op die toerismewaarde van die vallei, maar erfenisstudies van Tokai is ontoereikend. Deur die streekgeskiedenis vanuit 'n histories wetenskaplike invalshoek te benader, werp argief- en ander navorsing lig op die streek en waar Tokai inpas. Vergete erfenis, soos die voorkoloniale geskiedenis, die VOC-houtveldreservering en naamgewing, word opgediep. Die kulturele en historiese betekenis van Tokai-park word herstruktureer en dit suggereer dat die heersende metodiek in erfenisimpakstudies mank gaan aan 'n effektiewe navorsingsmetodiek. Tokai het 'n ryk geskakeerde geskiedenis. Tydsgewigte wat afgeskeep word, ontwortel die gebeure aan die verlede.

Die ekonomiese potensiaal van Tokai-park neem 'n wending toe die landgoed in 1883 deur die Kaapse koloniale regering gekoop word om geestesgestremde pasiënte van Robbeneiland op die vasteland te hervestig. Omdat die plaas omring is deur kroongrond, bied die hele area spoedig 'n oplossing vir 'n sukkelende houtbedryf om geskikte kwekerygrond te bekom. Dit lei tot die daarstelling van 'n proefplaas vir bosbou, maar dit word nooit so benut nie, want daar word onmiddellik met die vestiging van eksotiese aanplantings begin, sonder enige navorsingsresultate. Intussen verwerp mediese verslae die terrein as hersteloorde vir geestesgestremde pasiënte en vind 'n uitruiling van terreine plaas, wat die Porter-skool vir die rehabilitasie van jeuggevangenes na Tokai bring en aanleiding gee tot die verdeling van die grond en geboue. Verskeie institusionele nedersettings ontwikkel, asook 'n kleiner bosbounedersetting. Die gevolg is oorbevolking op grond wat reeds uitermate vir plantasies geëksploiteer word. Die impak op die natuurlike omgewing is rampspoedig en langdurig. In 2005 word Tokai-park binne Tafelberg Nasionale Park (TNP) gestig met die oog op fynbosbewaring in plaas van bosbou. Die projek word ondersteun deur die ryke kulturele nalatenskap en ekotoerisme. Kulturele en historiese erfenismerkers is sentraal in die nuwe

---

1 Generale Vereenighde Nederlantsche Geoctroyeerde Oostindische Compagnie (Odendal, Gouws 2005:1432).

missie en visie. Maar is daar 'n historiese rekord om dit te ondersteun?

Die proefskrif poog om die verlede te rekonstrueer deur navorsing volgens vakwetenskaplike riglyne. Dit dien as alternatief tot die huidige erfenisimpakstudies wat nie die verlede ten volle en in gelyke maat aanbied nie. Dit bevestig ook dat oppervlakkige erfenisimpakstudies tot gebrekkige erfenishulpbronassessering aanleiding gee en die bewaring daarvan in gevaar stel.

Sleutelwoorde: Tokai-park; streeksgeskiedenis; kulturele en fisiese omgewing; grondbesit en -gebruik, erfenishulpbronne, tasbare erfenis, nietasbare erfenis en erfenisbewaring.

## VOORWOORD

Die skryf van hierdie proefskrif was 'n noodwendige gevolg van 'n openbare deelnameproses wat die leemte vir 'n verifieerbare historiese bron uitgewys het. Die proefskrif staan in die konteks van gemeenskapsdiens. Die skepping van berg, fynbos, vleie en kabbelende waters herinner elke dag aan 'n verlede en 'n toekoms: 'n verlede wat nie onbekend vergeet mag word nie en 'n toekoms met 'n verbintenis van die bewaring van die plek en sy verlede. 'n Toekoms gebou op 'n erkende verlede gee balans aan besluitneming vir vooruitgang. Van der Merwe (1926:299) se aanhaling uit McCall Theal, *History of South Africa*, 1795 – 1872, Vol. 1, p. 172, omskryf dit so: “Die Kaapenaars moet alleen probeer volmaak, wat die natuur in hul omgewing wil.” Die waarneming is steeds geldig.

Met die proefskrif word gepoog om erkenning te gee aan elkeen wat in die verlede meegewerk het aan Tokai se historiese en kulturele nalatenskap. Dit sluit die outeurs van verskeie boeke in. Maar Tokai se verlede bied net soveel meer vir die nuuskierige leser. Trouens, die periode voor 1883 is saai en arm aan inligting. Verdere bronnestudie het verskeie verhandelings en proefskrifte onthul wat help om Tokai se verlede meer omvattend te begryp. Maar dit is in Afrikaans geskryf. Maak dit Afrikaans minderwaardig of eksklusief? Inteendeel. Afrikaanse verhandelings en proefskrifte getuig van die enorme bydrae wat die taal in die verlede tot wetenskaplike navorsing gemaak het. Afrikaans is nie dood as 'n navorsingstaal nie. Juis daarom mag die onderrig van Afrikaans op tersiêre vlak nie gestaak word nie.

Die praktyk van erfenisimpakassessering kan net suksesvol wees indien die harde feite op die tafel gelaas word: argiefmateriaal en ander inligting moet ontsluit word om erfenisagentskappe te oortuig dat die huidige vorm van erfenisimpakstudies mank gaan aan goeie praktyk. Toe daar dus voorgestel word dat 'n PhD gedoen moes word sodat die geskiedenis nie langer geïgnoreer kan word nie, was die aanpak van hierdie studie 'n voldonge feit. Maar sonder die hulp van verskeie persone was dit nie moontlik nie.

'n Soektog na 'n geskiedenisdepartement wat in erfenisimpakstudies spesialiseer, het my by professor Kobus du Pisani, Noordwes-Universiteit (NWU), uitgebring. Professor Du Pisani het my aangemoedig om my moedertaal te gebruik. Om in jou eie taal te dink, maak nuwe horisonne oop. Baie dankie dus eerstens vir die professor se professionele leiding en raadgewing. Hy het sedert 2013 elke vakansie 'n paar dae opsy gesit ter wille van Tokai. Die administratiewe personeel by NWU was elke jaar behulpzaam en ek lys graag Maggie Parkin, Ragel Jafta en Mandie Janse van Vuuren. Dankie aan Susan van der Westhuizen wat my met beursaansoeke gehelp het. Vir die eerste studiejaar is 'n studiebeurs van die NWU toegeken en die tweede studiejaar 'n beurs van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Beide is deur Susan gereël en geadministreer. Baie dankie aan albei hierdie instansies vir finansiële ondersteuning. Die res van die studiegeld is deur my man, Emile, gedra. Ook vir hom is Tokai-park deel van sy gemeenskapsdiens. Dit was dan ook my man en dr. Wendy Annecke wat aangedring het dat ek 'n formele studie oor Tokai se verlede aanpak. Wendy is die hoof van Navorsing, Sanparke.

Loretha du Plessis het met deeglike nasienwerk gehelp. Loretha was haar lewe lank verbonde aan die argiefdiens en werk tans as vryskutnavorsers. Ek is baie dankbaar dat sy die tyd opsy gesit het om my te help. Die personeel van die Kaapse Argiefbewaarpark (KAB) was nog altyd baie ondersteunend en behulpsaam. Erika le Roux en Jaco van der Merwe se hulp in die leeskamer word hoog op prys gestel, so ook die personeel in die leeskamer van die Sentrale Argiefbewaarpark (SAB). Hulle ondersteuning beteken baie in 'n week waar my oproepe tot 'n skoon badkamer, seep, handdoeke en 'n skoon plek om my toebroodjies te eet, op dooie ore geval het. Chris Boonzaier in die Kantoor van die Landmeter-generaal en die gebruik van die Argief van die Landmeter-generaal is rede tot dankbaarheid, asook hulp van die personeel by die Mowbray-kaartkantoor en Eugene in die Aktekantoor. Anneke Barnard, bibliotekaresse by NWU, het gehelp met artikels en ander navrae. Personeel by die Ferdinand Postma-biblioteek, NWU, het vir drie jaar gereël dat ek plaaslike universiteite se biblioteke kon gebruik. Die personeel by die J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch (US) was almal altyd baie behulpsaam en vriendelik. Die bibliotekaresse van SAEHA, sowel as die argiefpersoneel by die Suid-Afrikaanse Erfenisulbronsagentskap (SAEHA) het boeke en dokumente aangedra. So ook Dalene Hosch in die Parlementsbiblioteek, Ndileka Jaxa van die Suid-Afrikaanse Biodiversiteitsinstituut (SANBI) -biblioteek, Natasha Arends (vir die ekstra myl) by die Ingenieurs- en Bosboubiblioteek, US, Bertina Odendaal, bibliotekaresse by die George-kampus, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit (NMMU), Christelle Nel, NMMU, Anziske Kayster, kuratrise, Graaff-Reinet Museum, Gill Esler, Darling-museum en Margaret Constant, Simonstad-museum. Dianne Wall by Museum Afrika, is een foto gevra, maar het dertien ander verskaf. Peter Good van Natal, Paul Duckitt van Darling en Matthys van der Merwe van Iziko het inligting uitgeruil. Chris Botes, voorheen bestuurder van Tokai-park, maar nou afgetree, het met resente inligting gehelp. Hy het my aan professor Brian Bredenkamp van die US voorgestel wat handige Tokai-bosboufoto's tot my beskikking gestel het. Chris Fourie van Sedgfield het kennis uitgeruil en ou bronne tot my beskikking gestel. Hy is op 26 Mei 2015 oorlede. Jackie Weaver van Sedgfield het met boeke gehelp. Dr. Ernita van Wyk van SANBI en haar kollegas het met die nasien van die wetenskaplike naamlys van diere en plante gehelp. Aan lede van die Vriende-groep van Tokai-park, Jenny Mountain, Margaret Kahle en dr. Tony Rebelo, wat tydens indringerverwyderingsessies altyd kennis uitruil, 'n groot dankie. Wendy Annecke se volgehoue belangstelling en ook hulp om verslae te bekom, is 'n riem onder die hart. Wendy het ook vir 'n vergadering met Paddy Gordon, hoof van TNP, en Mike Slayen (TNP) gereël om my besorgdheid oor die erfenismerkers van Tokai tuis te bring. Paddy Gordon se persoonlike assistent, Nafiesa Sadan, het met besoeke aan die woning gehelp en Sandra Hollermann van die Tokai-kantoor, TNP, en haar sekretaresse, Jo, het foto's verskaf. Tydens my besoek aan die SAB, Pretoria, het Estelle, Alison en seuns gratis huisvesting, kos en vervoer verskaf. Belangstelling van bure, vriende en familie en gebede van geliefdes word waardeur. Emile het baie opgeoffer. Dankie aan hom met wie ek my liefde vir die veld deel. Emile het die tegniese versorging van die proefskrif onderneem.

Die groot brand van Maart 2015 in die berge rondom Tokai-woonbuurt was 'n persoonlike belewenis vir alle inwoners van die area. Derhalwe moet die brandweerpersoneel van Kaapstad en ander streke van die land wat hierheen ingevlieg is, die personeel van TNP se suidelike kantoor onder aanvoering van Gavin

Bell, Sandra Hollermann van Tokai-park en al haar personeel, 'n iedere en 'n elk wat gehelp het, plek in die proefskrif kry. Die toewyding van die mense en die herstelproses na die brand (insluitend die werk van die Ereveldwagters en spanne van Working for Water) verdien vermelding. Van die brandweermanne was jong seuns wat die vorige jaar nog op die skoolbanke gesit het. Hulle praat dalk nie eens Afrikaans nie en hierdie geskrif is buite hul belangstellingsveld. Maar ek dra dit op aan elkeen wat bygedra het om te keer dat Tokai totaal in vlamme opgegaan het.

God is nog altyd daar gewees. En sy genade is ook hier teenwoordig.

22 Oktober 2015

# Inhoudsopgawe

Lys van afkortings .....	vii
Lys van tabelle (Bylaag A) .....	ix
Lys van digitale beeldmateriaal, op CD (Bylaag B) .....	xii
Hoofstuk 1: Inleiding .....	1
1.1 Agtergrond van die studie .....	1
1.2 Tokai-park .....	2
1.3 Probleemstelling .....	4
1.4 Navorsingsdoelstelling .....	5
1.5 Navorsingsvrae .....	6
1.6 Navorsingsmetode .....	9
1.7 Enkele skryfkwessies van belang .....	16
Hoofstuk 2: Eienaarskap van die groter Steenbergvallei .....	19
2.1 Inleiding .....	19
2.2 Prekoloniale landtekens met betrekking tot die Steenbergvallei .....	20
2.2.1 Vroeë verkenning van die Steenberge: naamgewing .....	20
2.3 Khoi-woorde en woordelyste: gebruikstaal, maar nie plekname nie .....	24
2.4 Prekoloniale geskiedenis van die die Steenbergvallei: die San of Sonqua en die Khoina .....	26
2.5 Die Skiereilandse Khoina se gebruik van die Steenbergvallei – moontlike standplase .....	30
2.5.1 Standplase op die periferie van die Steenberge, 1652 – 1672 .....	30
2.5.2 Die Steenbergstandplase of krale .....	35
2.6 Die VOC-periode: Die landtekens Steenbergen, Steenbergvallei, Prinskasteelberg, Vlakkenberg, strome en riviere .....	38
2.6.1 Observasie en dokumentering van landtekens .....	38
2.6.2 Die Steenbergvallei en Prinskasteelberg (Constantiaberg) .....	40
2.6.3 Vlakkenberg .....	45
2.6.4 Spaanschematrivier .....	46
2.6.5 Soetvlei .....	47
2.6.6 Die Keijsermont of Keiserrivier .....	49
2.6.7 Sandvlei .....	51
2.6.8 Prinskasteel- / Constantiabergdreinerings .....	52
2.6.8.1 Engelse benoeming .....	52

2.6.8.2	Rifle Range (Skietbaan) .....	54
2.6.8.3	Pondokvallei .....	55
2.6.9	Die Buffelsvalleij of / en Buffelsvleij (Prinskasteelrivier) .....	57
2.6.9.1	Dokumentering van Buffelsvallei .....	57
2.6.9.2	Naamgewing : Buffelsvallei .....	59
2.6.9.3	Die invloed van Buffelsvlei op die ontwikkeling van paaie voor 1792 .....	60
2.6.9.4	Naamgewing: Prinskasteelrivier .....	61
2.6.9.5	Herleiding van die Buffelsrivier na die Steenbergsvleij, ca 1790's .....	62
2.6.9.6	Naamsverwringing van die Prinskasteelrivier: Prinseskasteelrivier .....	65
2.6.10	Aan de Buffels Craal of Buffelskraal .....	66
2.7	Kaart en transportperiode, 1652 tot 1883 .....	68
2.7.1	Van Overbeke se koopkontrak, 1672, en monopolistiese Kompanjiesgebruik .....	68
2.7.2	Private besit: Aan de Buffels Craal, 1792-1800, of Tokai, 1800-1883 .....	73
2.7.2.1	J.A. Rauch (1731- ?) .....	73
2.7.2.2	Andreas Heinrich George Teubes (ca 1746-1807) .....	74
2.7.2.3	Johann Fredrich George Herwig (?-1800) en Caspar Johann Loos (?-1803) .....	75
2.7.2.4	Petrus Michiel Eksteen (1776-1849) .....	76
2.7.2.5	Sebastian Valentyn (1815-1881) en Pieter Jacob Eksteen (1817-1893) .....	76
2.7.3	Koloniale regering .....	77
2.8	Gevolgtrekking .....	77
Hoofstuk 3: Ekonomiese verbruik van die aarde: Tokai-landgoed en omliggende grond, 1792-1883 ...		80
3.1	Inleiding: Ekonomiese agtergrond .....	80
3.2	Die Kaapse Distrik: vernaamste kommoditeite, wyn en hout .....	81
3.2.1	Houtveldbestuur, grondreservering versus gronduitreiking en tekorte aan brandhout .....	81
3.2.1.1	Steenkool as alternatief blyk ontoereikend .....	82
3.2.1.2	Geologiese onderbou en die spreiding van timmer- en brandhout .....	82
3.2.1.3	Buffelskraal as houtpos : houtveldbestuurspraktyk .....	88
3.2.1.4	Voorkeurtipes fynbos as brandhout te Buffelskraal .....	95
3.2.1.5	Witteboomenhoutpos .....	96
3.2.1.6	Plundering van houtveld, laat 18de eeu, in die omgewing van Buffelskraal .....	99
3.2.1.7	Die besetting van Muysenburg en sametrekking van troepe, laer Steenbergvallei .....	101
3.2.2	Britse houtveldbestuur, 1795-1803: periode van onkunde en uitgestelde optrede .....	107
3.2.3	Die Bataafse houtveldpraktyk: periode van regstelling van korte duur, 1803-06 .....	110



3.2.3.1	Grondaansoeke en -uitgifte kompromitteer ou VOC-houtveld .....	112
3.2.4	Britse grondbeleid na 1806: einde van beskermde houtveldbestuur .....	114
3.3	Ekonomiese benutting van Tokai: Die landbouperiode tot 1883 .....	118
3.3.1	Landboukundige waarde van die grond: suidelike Steenbergvallei in die algemeen en die Tokai-landgoed in die besonder .....	119
3.3.2	Die belangrikheid van Baasharmenskraal en Soetvlei vir Tokai se veekuddes .....	123
3.3.3	Houtverkope, Tokai-landgoed .....	128
3.4	Druiveverbouing en wynbereiding .....	131
3.4.1	Profiel van Petrus Michiel Eksteen .....	131
3.4.2	Die grondlegging van die Tokai-landgoed as landboueenheid .....	133
3.4.2.1	Wingerdverbouing: grondslaglegging op Tokai .....	134
3.4.2.2	Daarstelling van infrastruktuur .....	135
3.4.3	Metode van wynmaak aan die Kaap .....	138
3.4.4	Wingerdverbouing op Tokai deur Petrus Michiel Eksteen, 1802 tot ca 1842 .....	142
3.4.5	Uitgawes aan belasting, lisensies en vervoer .....	144
3.4.6	Apatie onder wynboere teen verbetering van wyngelhalte weens geldtekort .....	146
3.4.7	Peste en plae in die wingerde .....	147
3.4.8	Verarming binne die Kaapse wynboubedryf .....	149
3.4.8.1	Agterstallige ewigdurende erfpagbetaling .....	151
3.4.8.2	Opeenhoping van lenings en skuld: P.M. Eksteen (senior) .....	152
3.4.8.3	Hipotese, welvaartsposisie van Petrus Michiel Eksteen (senior) .....	153
3.4.9	Sosio-ekonomiese impak van Eksteen (senior) se welvaartsposisie op sy gesin .....	155
3.4.10	Diverse uitbreiding van die boerdery op Tokai .....	157
3.4.11	Wynbou op Tokai tussen 1860 en 1883 .....	161
3.5	Slawe en arbeid op Tokai .....	163
3.5.1	Slawe en Prysneegers .....	163
3.5.2	Werk van slawe in wingerde .....	168
3.5.3	Kinderarbeid .....	169
3.5.4	Kontrak- en stukwerkers .....	170
3.6	Gevolgtrekking .....	171
Hoofstuk 4: Sosio-kulturele erfenis: strukturele nalatenskappe .....		175
4.1	Inleiding .....	175
4.2	Geskiedskrywing van die Kaaps-Hollandse boustyl se oorheersing deur argitekte .....	176
4.3	Primêre navorsing: onkunde of moedswillige uitsluiting? .....	183

4.4	Verslae en sekondêre bronne: wedersydse oor-en-weer-raadpleging .....	185
4.5	Vooroordeel verkleur visie: Klasverskille, elitisme en 'n spookstorie .....	187
4.6	Ontwikkeling van Buffelskraal en omgewing: die sogenaamde Van der Stel-verbintenis ....	192
4.7	Buitenverwachting, Bergvliet en Constantia as moontlike voorbeelde van ontwikkeling vir Buffelskraal / Tokai .....	194
4.8	Tokai-woning: warboel van sienings, menings en teorieë .....	196
4.9	Die woning, eienaars en eienaarbouers ca 1790's tot 1820's .....	199
4.9.1	Teubes as bouer .....	199
4.9.2	Die werf en die woning se ligging .....	200
4.9.3	Die Hamilton-afdruk en Barrow-skets verander geykte sienings .....	201
4.9.4	Die oostelike aansig .....	203
4.9.5	Boumateriaal .....	205
4.9.6	Die waarde van die Tokai-plaas tot buurplase, 1797 tot 1802 .....	209
4.10	Eksteen-eienaarskap: era van uitbreiding te midde van finansiële druk .....	210
4.10.1	Die woonhuis en sy omgewing as leefarea, ca 1802 tot 1820 .....	211
4.10.2	Tokai-woning: aanbouing en probleme sedert 1802 .....	219
4.10.3	Tokai-woning: unieke kenmerke deur die vermenging van boustylneigings .....	221
4.10.4	Buitegeboue: Jongenshuis, slawekwartier, wynkelder en stalkompleks .....	224
4.10.4.1	Jongenshuis .....	224
4.10.4.2	Slawekwartier of klipbuitegebou .....	227
4.10.4.3	Die wynkelder .....	232
4.10.4.4	Die stalkompleks .....	235
4.10.5	Ander plaasstrukture .....	238
4.11	Bosbou se kulturele nalatenskap, 1883 tot ca 1910 .....	240
4.12	Ongeskoolde arbeid .....	247
4.12.1	Plaaswerk .....	247
4.12.2	Bouwerk .....	250
4.12.3	Dwangarbeiders .....	252
4.13	Die legende en die spookstorie .....	256
4.14	Gevolgtrekking .....	261
Hoofstuk 5: Tokai: onderwerping aan eksploitasie vanaf 1883 .....		265
5.1	Kommersiële bosbou en geskiedskrywing met betrekking tot Tokai .....	265
5.2	Houtontginning in die Kaapkolonie en die probleme wat dit verhinder .....	268
5.3	Die houtsituasie in die Kaapse Skiereiland .....	271

5.3.1	Houtveldvermindering en houtuitputting .....	273
5.3.2	Waaissandprobleem beklemtoon behoefte aan 'n kwekery .....	274
5.3.3	Die Looi-industrie .....	276
5.3.4	Industrialisering in die Kaapse Skiereiland .....	277
5.3.5	Eikelaning, Goewermentslaan, Kaapstad .....	279
5.3.6	Plantasies in die Wes-Kaapse bewaringsgebied .....	284
5.3.7	Gesentraliseerde bosboubestuur, 1905-1910 .....	287
5.4	Tokai-kwekery en plantasie .....	290
5.4.1	Tokai-kwekery .....	291
5.4.2	Tokai-arboretum .....	296
5.4.3	Vernietiging van inheemse plantegroei: enkele voorbeelde .....	305
5.4.3.1	Ekperimentele naald- en gomboomplantasies .....	305
5.4.3.2	Anti-inheemse sentiment versterk fynbosvernietiging .....	313
5.4.3.3	Silwerboombos, Tokai .....	316
5.4.3.4	Tokai-vlakteplantasies .....	317
5.4.4	Gevolge van plantasie-aanplantings: Gronderosie .....	321
5.4.5	Konflik tussen waterafloop en waterverbruik .....	325
5.4.6	Waterkwessies van Porter-bestuur: watertekort, water- en grondbesoedeling .....	327
5.5	Die enigma van Joseph Storr Lister – word die Lister-nalatenskap van Tokai oordryf? .....	332
5.6	Gevolgtrekking .....	337
Hoofstuk 6: Bewaring van Tokai-park in verhouding tot geskiedenisnavorsing .....		340
6.1	Inleiding .....	340
6.1.1	Kontemporêre geskiedenisverloop van die 2012-ontwikkelingsverslag van Tokai-park .....	341
6.1.2	Die 2012-verslag: oorsig van omvang en endossering .....	343
6.1.3	Oogmerk van Hoofstuk 6 .....	344
6.2	Geskiedenisnavorsing as voorvereiste – of nie – vir 'n erfenishulpbronassessering .....	346
6.2.1	Geskiedenisnavorsing in die praktyk van erfenishulpbronassessering .....	346
6.2.2	Die beleid van die EWK ten opsigte van geskiedenis en geskiedenisnavorsing en met enkele toepassings op die Tokai-woningterreinplan van 2011/12 .....	350
6.2.3	Die begrip erfenishulpbron – meervoudige betekenis .....	351
6.2.4	Erfenisrekord as plaaslike en / of streeksgeskiedenisnavorsing .....	353
6.3	Navorsing en rekordhouding tydens erfenisimpakassessering, 2011/2012 .....	355
6.3.1	Konsepbasisverslag, 2011: problematiek .....	355
6.3.2	Inhoudelike kwessies van die konsepbasisverslag se historiese komponent .....	356

6.4	Statutêre mag van die kliënt, Tafelberg Nasionale Park .....	358
6.5	Enkele sleutelaanbevelings in stryd met die gees van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999 .....	360
6.5.1	Tokai-werf betree 'n nuwe era met nuwe sleutelpuntontwikkelings .....	360
6.5.2	Besluite teen die gees van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999 .....	362
6.5.2.1	Reservering van die Tokai-werf en kernaktiwiteitsarea .....	362
6.5.2.2	Oorbeklemtoning van die Porter-skool .....	365
6.5.2.3	Oorbeklemtoning van periodisering vervaag nouer kulturele indelings .....	367
6.6	Moontlike oorsake van gebrekkige historiese verslaggewing .....	368
6.7	Historiese argeoloë se siening van historiese data vir erfenisimpakassessering ten koste van geskiedenisnavorsing en wetenskaplike verslagskrywing .....	371
6.8	Totstandkoming van die EWK se riglyndokument: invloed van historiese argeoloë en argitekte, maar marginalisering van geskiedkundiges of historici .....	374
6.9	Geakkrediteerde erfenisimpakstudiegenootskappe in die Wes-Kaap .....	376
6.10	Suid-Afrikaanse historiografie, historici en erfenisstudies en erfenisspesialiste .....	379
6.11	Rekordhouding naas verslagskrywing .....	383
6.12	Gevolgtrekking .....	384
	Hoofstuk 7: Slot .....	386
	Bylaag A: Teks en tabelle .....	393
A.1.	P. M. Eksteen se welvaartsposisie na Van Zyl (1973:536-47) se welvaartsbepaling .....	404
	Bylaag B: Lys van diagramme of digitale beeldmateriaal, op aparte CD in agterste skutblad .....	461
	Bylaag C: Inheemse plantkundige en dierkundige name .....	462
C.1.	Fynbos en bome .....	462
C.2.	Dierkundige name .....	464
C.3.	Uitheemse plantkundige name .....	464
	Bylaag D: Name van peste en swamme .....	467
	VERWYSINGS .....	468

## Lys van afkortings

ACO	Archaeology Contract Office (Argeologiese Kontrakkantoor)
ACPHA	Australian Council of Professional Historical Associations
AHAP	Association of Heritage Assessment Practitioners
APHP	Association of Professional Heritage Practitioners
ASAPA	Association of South African Professional Archaeologists
BOLA	Bou-omgewing en Landskapargitektuur
CAS	Cape Archaeological Survey cc
CFS	Children's Friend Society
CPNP	Cape Peninsula National Park / Kaapse Skiereiland Nasionale Park
CTHT	Cape Town Heritage Trust
CTP	Cape Town Partnership
DRDLR	Department of Rural Development and Land Reform / Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming
DTPW	Department of Transport and Public Works / Departement van Vervoer en Openbare Werke, Provinsie Wes-Kaap
EWK	Erfenis Wes-Kaap
HARG	Historic Archaeology Research Group
HWC	Heritage Western Cape
ICOMOS	International Council for Monuments and Sites
NEMA	National Environment Management Act, Wet nr. 107 van 1998. Ook Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, Wet nr. 107 van 1998.
NEMA:PA	National Environment Management: Protected Areas Act, Wet 57 van 2003
PHP	Professional Heritage Practitioners
PSSA	Paleontological Society of South Africa
PWK	Provinsie Wes-Kaap
SACLAP	South-African Council for the Landscape Architectural Profession
SAEHA	Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap
SAIA	South African Institute of Architects
SANBI	South African National Biodiversity Institute / Suid- Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut

SAPI	South African Planning Institute
SFRA	Stream flow reduction activity / Stroomvloeiverminderende aktiwiteit.
SvdSS	Simon van der Stel Stigting
TANAP	Towards a New Age of Partnership
TMNP	Table Mountain National Park
TNP	Tafelberg Nasionale Park
VOC	Vereenighde Oostindische Compagnie
VASSA	Vernacular Architecture Society of South Africa
UNESCO	United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation

## Lys van figure

Figuur 1:	Perseelsamestelling van Tokai-park, 6 Maart 2013.....	393
Figuur 2:	Genealogie van eenaars, 1792-1851 (alfabeties): Opsomming.....	394
Figuur 3:	Eenaarskap, Tokai-landgoed, 1792-1883.....	397
Figuur 4:	Manskappe, Julie tot 13 September 1795, te Steenbergpos, Russouw se plaas, tydens die beleg van Muysenburg, Julie tot September, 1795.....	397
Figuur 5:	Manskappe 13 Junie tot 13 September 1795, te Muysenburg, militêre basis.....	398
Figuur 6:	Houtartikels gelewer in die Bataafse periode te Witteboomen, 1803-1805, uit die houtveld te Orangieskloof, Kerstenbosch en Houtbaai, ingesluit die Steenberge.....	398
Figuur 7:	Opgaaf van lewende hawe, waens en karre te Tokai, 1800–1883.....	399
Figuur 8:	Wynproduksie Petrus Michiel Eksteen, 1812–1826, 1823-sensus en vir 1849.....	399
Figuur 9:	Gelewerde wyn in verhouding tot die aantal stokke te Tokai, 1812-1849.....	402
Figuur 10:	Uitvoer van Constantia-wyn, gewone wyn en bokvelle en huide in die Kaapkolonie, 1870-1881.....	403
Figuur 11:	Die nominale kapitale rente @ 6% van Boer A as voorbeeld van welvaartsbepaling.....	404
Figuur 12:	Benaderde welvaartsberekening van P.M. Eksteen (senior), wynboer, 1849, na die “Ontvangste en uitgawes op de Plaats Tokay voor rekening van den insolvente boedel van P.M. Eksteen Senior,” 1849, Januarie tot November, gemeet aan die wetvaartsberekening van Boer B, wynboer, Drakenstein.....	405
Figuur 13:	Slawe en andere arbeiders van Tokai in 1825 vergelyk met plase in die omgewing, saamgestel deur Jean Blanckenberg.....	407
Figuur 14:	Slawe soos geregistreer deur P. M. Eksteen, 1817–1834.....	408
Figuur 15:	Waardasie van slawe, 23 Desember 1834.....	412
Figuur 16:	Aantal slawe en waardasie van slawe van eenaars en familie op opliggende plase in die Constantia-vallei (Wyk I) soos op 23 Desember 1834.....	415
Figuur 17:	Slawe-aankope per verband deur P.M. Eksteen.....	418

Figuur 18: Slawe, knegte en ander arbeiders in verhouding tot druiwestokke op Tokai, 1800-1883.....	418
Figuur 19: Plaasaankope in die groter Steenbergvallei, 1797 tot 1802.....	420
Figuur 20: Staat van die boedelrekening van P.M. Eksteen ten tyde van die dood van sy vrou, Hester Anna Cloete, op 30 Oktober 1836.....	420
Figuur 21: Inventaris van los goedere van Pieter Michiel Eksteen Senior, Tockaai, Kaapse Distrik, soos op 29 Januarie 1849.....	425
Figuur 22: 'Extract Vendurol van eene verkoping gehouden door den heer J.G. Steytler Gz op Vrydag, 22 November 1850 voor rekening des insolvente boedel van wyle den heer Petrus Michiel Eksteen Senior'.....	427
Figuur 23: Geboue van Tokai Porter-instituut, Tokai-eiendomsgrond: voorgestelde versekeringwaardasie op 10 April 1907.....	433
Figuur 24: Gelyktydige swangerskappe op Tokai, 1818 tot 1834.....	436
Figuur 25: Tokai-kwekery: verkope in verhouding tot uitgawes van die plantasie binne die Westelike bewaringsarea.....	437
Figuur 26: Boomaanplanting en datums van vakke soos gerapporteer in 1897/8 op Constantiaberg en op die Vlakeplantasies.....	439
Figuur 27: Plantasies in Area A, Tokai-vlakte: 1884-1910.....	441
Figuur 28: Boomaanplanting per akker in Area A, Tokai-vlakte, 1888–1910.....	442
Figuur 29: Plantasies Area C: teen Constantiaberg en Vlakkenberg, 1898–1910.....	445
Figuur 30: Gradering van erfenismerkers, 2011, goedgekeur en geëndosseer 2012, te Tokai-werf.....	446
Figuur 31: Erfenisidentifikasie en -datering volgens die verslae van 2001 van Aikman, Malan en Winter; 2006 van TNP; 2011 van TNP 2011/12 en gemeet teen identifikasie, 2015.....	447
Figuur 32: Tokai-woningterreinplan, 2011/12: Skematiese voorstelling van die stappe gevolg ten einde erfenishulpbronne op te teken en te gradeer.....	457
Figuur 33: Gedragskode, Genootskap van professionele erfenispraktisyns of APHP.....	458
Figuur 34: Erfenisstudies aan tien Suid-Afrikaanse universiteite.....	459



Figuur 35: Samevatting: Aanbieding van Erfenisstudies.....460

## Lys van digitale beeldmateriaal, op CD

Beeldmateriaal van foto's, kaarte diagramme en sketse op aparte CD-skyfie in agterste skutblad.

Kopiereg soos aangedui.

- Diagram 1: Diagram. Tokai-park binne Tafelberg Nasionale Park, 2011 (TMNP 2011b:5).
- Diagram 1a: Diagram. Tokai-park, 2011 (TMNP 2011b:16).
- Diagram 1b: Foto. Tokai-park, 2012. Vanaf vlakke na berge (E. van Rooyen).
- Diagram 2: Kaart. Militêre situasie van Valsbaai tydens die beleg van Muysenburg, 1795 (Brommer 2009:192).
- Diagram 3: Kaart. Groter Steenbergvallei in 1788 (Brommer 2009:163).
- Diagram 4: Streekskaart. Groter Steenbergvallei en Houtbaai in 1933 (DRDLR 1933).
- Diagram 4a: Kaart. Tokai-plantasie, 1933 (DRDLR 1933).
- Diagram 5: Diagram. Soetvlei (DRDLR 1885).
- Diagram 6: Diagram. Aan de Buffelskraal, 1792 (DRDLR 1792).
- Diagram 7: Diagram. Tokai. P.M. Eksteen, 1813 (DRDLR 1813).
- Diagram 8: Kaart. Tokai-plaas en aangrensende kroongrond, 1883 (NASA, KAB 1883n). Kopiereg Kaapse Argiefbewaarplek (KAB), Kaapstad.
- Diagram 8a: Foto<sup>2</sup>. Foutiewe brugname. Waterafloop, Skietbaanarea.
- Diagram 9: Foto. Moslembegraafplaas en rots, Tokai-park, 2013.
- Diagram 10: Foto. Silwerboom, Tokai-park, 2014.
- Diagram 10a: Foto. Silwerboom, Porter-skool, Tokai, 2008. (E. van Rooyen).
- Diagram 11: Skets. Baasharmenskraal. Grond van Munnik met kanale, 1838 (NASA, KAB 1838a). Kopiereg KAB, Kaapstad.
- Diagram 12: Foto. Barrow-skets, Tokai-woning met aanbouing en parshuis, 1800 (MA 1800). Kopiereg Museum Afrika, Johannesburg.
- Diagram 13: Foto. Hamilton-afdruk, Tokai-woning met langhuis, ca 1799 (MA 1800a). Kopiereg Museum Afrika, Johannesburg.
- Diagram 14: Foto. Tokai-woning. Kunstenaar onbekend, ca 1850 (Tokai-park ca 1850).
- Diagram 15: Foto. Bevington-afdruk, Tokai-woning, 1950 (MA 1950). Kopiereg Museum Afrika, Johannesburg.
- Diagram 16: Foto. Potloodskets (kopie). Tokai-woning, ca 1898. Trotter, A.F. (1863-1962). William Fehr-versameling, hier gekopieer uit Bylaag A: "Assesseringsverslag van Tokai- en Cecilia-plantasies", 2006 (TMNP 2006:29).

---

2 Resente foto's is deur myself geneem, tensy anders vermeld.

- Diagram 17: Foto. Buitetoilet naby Bosboukantoor (wynkelder), ca 1880's. 2015.
- Diagram 18: Foto. Verseëelde waterput met nuwe kombuis (ca 1810), badkamer (1898) en sonstoep (1950's), 2015.
- Diagram 19: Foto. Tokai-gewel. Gat met ligte klei. Kloktoring (ca 1802-20) regs agter. 2015.
- Diagram 20: Foto. Kliphuis, 1894. Later onderwyserswoning. 2015.
- Diagram 21: Koerantknipsel. "Herehuis val deels ineen". Die Burger, 15 Julie 1977 (SAHRA 1977).
- Diagram 22: Foto. Volksboustyl, klip- en messelwerk ca, 1802. Slawekwartier, buitekamers na 1837 en gevangenis na 1883. Tans Orpen-kompleks. Gebou het in onbruik verval. 2015.
- Diagram 22a: Foto. Orpen-gebou. Slawekwartier, ca 1810, Tokai-woninggevangenis na 1883.
- Diagram 23: Foto. Tokai-werf: stal, kelder, woning en jongenshuis, 1885 (NASA, SAB 1885).
- Diagram 24: Foto. Tokai-werf: kelder, woning, jongenshuis en gevangenis (MA 1901d). Kopiereg Museum Afrika, Johannesburg.
- Diagram 25: Skets, badkameraanbouing. Oorspronklik deur H. Orpen, 1898 (NASA, KAB 1898c).
- Diagram 26: Foto. Tokai-woning. Herstelde latwerk op stoep, 1896 (NASA KAB 1896f). Kopiereg KAB, Kaapstad.
- Diagram 27: Skets. Papeboom deur J. Barrow. Thibault-ontwerp, ca 1785 (Lewcock 1963:30).
- Diagram 28: Foto. Clarensville, Kaapstad (Lewcock 1963:341).
- Diagram 29: Foto. Trapposisie, Oude Nectar, ca 1814. A. Elliott, ca 1920 (Fransen 1993:112).
- Diagram 29a: Foto. Trapposisie, Hoop of Constantia, ca 1800's. A. Elliott, ca 1920 (Fransen 1993:76).
- Diagram 29b: Foto. Wenteltrap, 1820, Reinet-huis, Graaff-Reinet, 1909 (GRM 1909).
- Diagram 30: Foto. Jongenshuis, ca 1830's regs van woning. Jeffreys, 1895 (NASA, KAB 1895d). Kopiereg KAB, Kaapstad.
- Diagram 31: Foto. Tokai-woning met wynkelder links agter. A. Elliott, ca 1913 (NASA, KAB ca 1913). Kopiereg KAB, Kaapstad.
- Diagram 32: Foto. Terras met Bosboukantoor (wynkelder) agter. A. Elliott (NASA, KAB ca 1913). Kopiereg KAB, Kaapstad.
- Diagram 33: Kaart. Tokai, 1885. E.H.G. Melvill (NASA, KAB 1885b). Kopiereg KAB, Kaapstad.
- Diagram 33a: Kaart. Tokai-werf met leivore en promenade 1885 (NASA, KAB 1885b). Kopiereg KAB, Kaapstad.
- Diagram 34: Kaart. Tokai, na herverdeling van werf, 1892. 1893. D.E. Hutchins (NASA, KAB 1893b). Kopiereg KAB, Kaapstad.
- Diagram 34a: Kaart. Tokai-werf met leivore en promenade, 1893 (NASA, KAB 1893b). Kopiereg KAB, Kaapstad.

- Diagram 35: Porter-grond, 1889: woning en skietbaan is uitgesluit (NASA, KAB 1889f). Kopiereg KAB, Kaapstad.
- Diagram 36: Foto. Stalkompleks, (ca 1830), werkswinkel (20ste eeu) en hol eikestam, 2014.
- Diagram 36a: Diagram. Stalkompleks (ca 1830), nagetrekte bouplan, 1892. Nagetrek, 2011 (E. van Rooyen).
- Diagram 37: Foto. Stalkompleks agter met portaal en sel, ca 1914. 2015.
- Diagram 38: Foto. Kopie. Huisnr Een. Eike- en dennebome voor, 1902 (MA 1902). Kopiereg Museum Afrika, Johannesburg.
- Diagram 39: Foto. Kopie. Huisnr Een met nok van nuwe kantoor en plantasies agter, 1902 (MA 1902a). Kopiereg Museum Afrika, Johannesburg.
- Diagram 40: Diagram. Huisnr. Een. Huisplan met voorgestelde aanbouing, 1908 (NASA, SAB 1908e).
- Diagram 41: Foto. Kopie. Bosbouskool met eerste klas, 1906 (O'Connor 1939).
- Diagram 42: Foto. Bystandshuis, 2015. Moontlik eerste skoolgebou, mettertyd opgeknop.
- Diagram 43: Foto. Kopie. Bosbouskool, ca 1910 (Scriba 2013:5).
- Diagram 44: Foto. Tokai-bosbouwerf. Argeologiese voetspoor van stalle met weikamp in die agtergrond en ashoop van Porter-skool.
- Diagram 45: Foto. Tokai-bosbouwerf: Ashoop van Porter-skool, gelykgemaak, met asbrander.
- Diagram 46: Foto. Klipmuuroorblyfsel, omheining van kiosk, 1897/8. 2015.
- Diagram 47: Lynskets. Kioskbouplan, 1897 (NASA, KAB 1897b). Kopiereg KAB, Kaapstad.
- Diagram 48: Foto. Argeologiese voetspoor agter Orpen-kompleks.
- Diagram 49: Foto. Klipmuur. Werfmuur tussen voorwerf en Wynbergwapad.
- Diagram 50: Diagram. Tokai-woning en werf, grondsonering van museum, 1961 (DRDLR 1961).
- Diagram 51: Foto. Bosbouarbeiderbehuising met grasdakhuis en donkies of muile op Tokai-vlakte in aangeplante area, 1900 (MA 1900c). Kopiereg.
- Diagram 52: Kaart. Kwekerypersele, oud en nuut, Tokai. 1897 (NASA, KAB 1898). Kopiereg KAB, Kaapstad.
- Diagram 53: Kaart. Porter-institusies oos van Orpenweg, 1902 vel 1 (DRDLR 1902).
- Diagram 54: Kaart. Porter-skool en grond wes van Orpenweg 1902 vel 2 (DRDLR 1902).
- Diagram 55: Foto. Arboretum, ingang suidwes. Eerste kwekeryperseel. Stroompie behoort aan Old Nursery-stoom, wat weens die plantasies opgedroog het. Die stroombedding is deur verlegging vernietig. Na oesting van plantasies loop die stroom, maar volg plek-plek sy eie pad.
- Diagram 56: Foto. Witteboomstroom met dam (onder takke) bokant eerste kwekery. Heuwel(s) was oortrek met silwerbome in 1883. Opvangsgebied in 2014.

- Diagram 57: Foto. Kopie. Swartwattel (*Acacia decurrens*), 1906, 9 jaar oud. Tokai-plantasie (CGH 1907:17).
- Diagram 58: Foto. Kopie. Karri (*Eucalyptus diversicolor*), 1906, 20 jaar oud. Tokai-plantasie (CGH 1907:19).
- Diagram 59, 59 a en 59b: Diagram. Tokai-uitbreidingsplan, 1906. Aanplantingsarea.(NASA, SAB 1906o).
- Diagram 60: Foto. Samevloeiing, Prinskasteelrivier en sytakravyn net onderkant sigbare grondpad. Tokai-park se oosgrens strek in die verte tot teen Soetvlei.
- Diagram 61: Foto. Prinskasteelrivier (met waterval) en sytakravynafvloei, weerskante van die koppie. Area is in 1906 deur Lister met swartwattelbome aangeplant.
- Diagram 62: Kaart. Inheemse bome op brandkaart, Tokai-plantasie, 1920 (NASA, SAB 1920).
- Diagram 63: Kaart. Voorraad, Tokai-plantasie, 1897/8 (NASA, KAB 1898). Kopiereg KAB, Kaapstad.
- Diagram 64: Foto. Prinskasteelrivier sowat 70 meter onderkant waterval by drif, vlak 5.
- Diagram 65: Foto. Prinskasteelrivier. Keerwal in rivier bokant drif, vlak 2, met Kaliforniese rooihoutbome. Die area word op die 1920-kaart aangedui as inheemse plantegroei.
- Diagram 66: Foto. Prinskasteelrivier bokant arboretum, vlak 1. Gomboomopslag oral oor.
- Diagram 67: Foto. Gomboomopslag links, Prinskasteelrivier, arboretum regs van die stroom.
- Diagram 68: Foto. Eucaltum, aangelê in 1894, hoofarboretum.
- Diagram 69: Foto. Hoofarboretum agter en donkie in weikamp voor (MA 1901b). Kopiereg Museum Afrika, Johannesburg.
- Diagram 70: Foto. Hoofarboretum. Dennebome vernietig in brand, 2015.
- Diagram 71: Foto. Hoofarboretum, Silwerboomvlei. Moontlik drooggelê as gedeelte van die eerste kwekery, 1883. Water is ook gebruik om arboretumaanplantings nat te lei.
- Diagram 72: Foto. Navorsingsentrum, Sanparke met Bosdorp in fynbosbuffer met Skeurberg in die agtergrond.
- Diagram 73: Foto. Prinskasteelgrot, 2014.
- Diagram 74: Foto. Uitkykpunt met hut onderkant die grot en Voorbrand (pleknaam). Onderkant die hut is later 'n bosbouershut opgerig (Kyk DRDLR 1933).
- Diagram 75: Foto. Vlakte-duiesandfynbos en seuns in 'Spaansepad', 1901 (MA 1901). Kopiereg Museum Afrika, Johannesburg.
- Diagram 76: Foto. Tokai-vlakteplantasie in voorgrond met bergplantasies agter (MA 1901c). Kopiereg Museum Afrika, Johannesburg.
- Diagram 77: Foto. Tokai-vlakteplantasies met twee strukture, 1900 (MA 1900a). Kopiereg Museum Afrika, Johannesburg.
- Diagram 78: Diagram. Tokai-vlakteplantasies, Seksie A, ca 1936 (NASA, SAB 1935,1936a). Kyk Figuur 28: Boomaanplanting per akker in Area A of Tokai-vlakte, 1888-1910 (E. van

Rooyen).

- Diagram 79: Foto. Tokai-vlakte met Vlakkenberg agter. Ondertuine lê in laagte. Vlakkenberg se klowe was in 1714 dig begroei met inheemse bosse en die berghange oordek met waboomproteas.
- Diagram 80: Foto. Tokai-vlakte met Vlakkenberg en Klaasenskop (Bosberge) regs. Noordelike hange van die Steenbergreeks met Orangieskloof in die verte.
- Diagram 81: Foto. Bosbouerswoning, ca 1930's. Vlakkenberg met Donkerboschkloof agter, 2013.
- Diagram 82: Foto. Lange-, Grootbosch- en Helseboschkloof, Vlakkenberg vanaf Groot Constantia, 2015. Helseboschkloof se naam verskyn op die 1901-kaart (DRDLR 1901), terwyl dit nie op die 1933-kaart saam met die ander drie klowe benoem word nie.
- Diagram 83: Foto. Historiese brug (1896 ) rigting Retreat, met perdekamp regs.
- Diagram 84: Foto. Prinskasteelrivier tussen stalle en piekniekterrein.
- Diagram 85: Foto. Prinskasteelrivier bokant brug. Hierdie mooi toneel is midde in 'n perdekamp.
- Diagram 86: Foto. Perdekampe aan weerskante van oprit met eikelaning na woning.
- Diagram 87: Foto. Perdekampe links van oprit aan rivier se kant. Grondskade is opmerklik.
- Diagram 88: Foto. Dam, ca 1890. Asrivier.
- Diagram 89: Foto. Vrou by stroom, Porter-skool, 1900 (MA 1900). Kopiereg Museum Afrika, Johannesburg.
- Diagram 90: Foto. Stroom bokant Porter-skool, Vlagstokrivier. 2014.
- Diagram 91: Foto. Dwangarbeiders, Tokai-plantasie, ca 1896 (NASA, KAB 1896h). Kopiereg KAB, Kaapstad.
- Diagram 92: Foto. Vryarbeider met seun, Tokai-plantasie ca 1896 (NASA, KAB 1896g). Kopiereg KAB, Kaapstad.
- Diagram 93: Foto. Klipkerkie of kerkskool, G.T. Fagan, 1985 (SAHRA 1985a).

# Hoofstuk 1: Inleiding

## 1.1 Agtergrond van die studie

Die historiese komponent van Tafelberg Nasionale Park (TNP) se bewaringstrategie van 2012 vir Tokai-park bevat etlike leemtes en tekortkominge, soos blyk uit verskeie verslae wat sedert 2001 die lig gesien het. Tokai-park het 'n verwickelde geskiedenis. Die voorkoloniale geskiedenis betrek jagterversamelaars en herders. Binne die koloniale geskiedenis betrek die area 'n skaappos en 'n houtveld van die Vereenigde Oostindische Compagnie (VOC). Gedurende die Engelse periode van die Kaap de Goede Hoop betrek dit 'n wynplaas omring met Britse kroongrond, waarna dit sedert 1883 'n regeringskwekery en plantasie word, asook die tuiste van die eerste formele bosbouopleiding in 1906. Die Engelse koloniale periode word voorts gekenmerk aan die vestiging van die Porter-skool<sup>1</sup>, wat sedert 1892 die meeste geboue op die Tokai-plaaswerf betrek, benewens hul eie terrein met geboue. Dit behels noodwendig 'n verdeling van die groter Tokai-area tussen die departemente van Bosbou en Justisie. Die Porter-grond vorm nie deel van die studie nie, maar word indirek betrek. Die historiese plaaswoning en ongeveer 5 hektaar rondom die werf behoort aan die Provinsiale regering van die Wes-Kaap. Die werf en sy geboue word tans deur die TNP gehuur en die plaaswoning word as die hoofkantoor van die TNP benut.

Die werf se geskiedenis is sentraal vir die TNP se gebruik daarvan. Dit is juis tydens 'n openbare deelnameproses in 2011-2012, toe 'n konsepontwikkelingsplan van die historiese werf voorgelê is, wat etlike onbeantwoorde vrae na vore gekom het (TMNP 2011, 2012b). Hierdie vrae word nie deur die basisverslag van die erfenisimpakstudie van 2011/12 aangespreek nie. Die historiese rekord is deursigtig met leemtes, wanvoorstellings en eensydige invalshoeke deur aanverwante vakdissiplines, soos die argeologie en die argitektuur. Voorts ontbreek dit aan 'n wetenskaplike historiese metode, wat primêre navorsing insluit. Die noodwendige gevolg is dat die erfenisoorsigliggame besluite geneem het wat op gebrekkige historiese oorsig berus. Die leemtes en tekortkominge kan toegeskryf word aan die afwesigheid van 'n deeglik nagevorsde en verifieerbare historiese rekord. Wat tans dien as historiese rekord, gaan mank aan gebreke. Dit is na willekeur uit sekondêre bronne saamgestel en ontbreek aan 'n historiese metode. Die bronne het selde verwysings en teenstrydighede kom voor. Voorts is die historiese komponent van bestaande verslae in geen geval deur historici saamgestel nie, maar wel deur stads-en-streeksbeplanners, argitekte en argeoloë. Daarteenoor getuig verskeie argivale bronne, diagramme van die Kantoor van die Landmeter-generaal, titelaktes en literatuur wat op navorsing berus, dat daar 'n magdom van inligting is

---

1 Die Porter-skool, Reformatory of Jeuginstituut, is in 1880 gestig met 'n nalatenskap van die Prokureur-generaal en filantroop, William Porter. Hy wou 'n jeugrehabilitasieskool vestig in plaas daarvan om jeuggevangenes saam met geharde misdadigers in die tronk op te sluit. Die plaas, Valkenburg, is vir £7,500 gekoop, maar het spoedig te klein vir die Porter-skool geblyk. Tokai is in 1883 vir dieselfde bedrag as 'n instituut vir herstellende geestesgestremde pasiënte aangekoop. 'n Uitruiing tussen die twee persele het in 1889 plaasgevind (Mauve s.j.:13-4), maar 'n nuwe kompleks is op Tokai gebou (NASA, KAB 1889c). Dit is in 1891 betrek (1890c).

wat relevant tot 'n 21ste-eeuse bewaringsbeleid behoort te wees. Daar word voorts 'n onwilligheid by konsultante en kliënte opgemerk om in geld en tyd vir behoorlike navorsing te belê.

## 1.2 Tokai-park

Tokai-park, 798.7014<sup>2</sup> hektaar groot (Boonzaier 2013), word op 1 April 2005 deel van die groter TNP (TMNP 2009:v;Figuur 1 Bylaag A;Diagram 1,1a Bylaag B). Tokai-park is min of meer in die middel binne die groter TNP geleë. Die TNP strek aan weerskante van 'n bergreeks, wat verskeie pieke insluit, vanaf Tafelberg of Hoerikwaggo bokant Kaapstad, tot en met Kaappunt en beslaan sowat 25,000 hektaar. Die area het in 1998 as 'n nasionale park binne die groter Suid-Afrikaanse Nasionale Parkeraad (Sanparke) tot stand gekom (SANParks g.d.:hoofblad). Die TNP is geleë binne die Kaapse Floristiese Ryk, wat die kleinste, maar die rykste van die ses blomstreke ter wêreld is. Hierdie ryk strek vanaf die Wes-Kaap tot in die Oos-Kaap (Van Rooyen, Steyn 1999:17;Trinder-Smith 2006:19). Ongeveer 80% van die sowat 8,200 plantspesies wat in die TNP groei, is fynbostipes. Die meeste van hierdie plante is endemies en kom dus net hier voor. Hiervan is bykans 1,406 bedreigde spesies, 300 rooi data of uiters bedreigd en 29 spesies wat totaal uitgewis is (SANParks s.j.:hoofblad). Die Kaapse Floristiese Ryk, Cape Floral Region Protected Areas, is in Junie 2004 as 'n Wêrelderfenisgebied verklaar (McIntosh 2006:11). Dit verwys egter slegs na die fynbos wat in agt bewaringsgebiede, waarvan die TNP ook gelys word, voorkom (:11-12). Die bewaring van fynbos is in die wese van Tokai-park verskans. Tokai-park word weliswaar as 'n ontspanningsarea beskou, maar die rehabilitasie en instandhouding van bedreigde fynbosplantsoorte staan sentraal as bewaringsdoelwit (TMNP 2009:v,vi).

Die grond het in 2005 uit plantasies en geoeste plantasievakke bestaan. Die sowat 600 hektaar plantasies wat in 2005 nog nie volgroeï was nie, sou tot en met 2025 sporadies deur MTO Bosbou Eiendom Bpk., later Cape Pine, geoes word, maar die groot brand van Maart, 2015 het die oes van plantasies bespoedig (SANParks 2015). Toekomsbeplanning omvat die verskillende landskaptipes wat onder meer van oop fynbossandveld tot skaduryke klowe wissel. Die fisiese en kulturele omgewing word vir beplanningdoel- eïndes in drie areas verdeel, naamlik die Tokai-werf, laer Tokai, ook genoem die Ondertuine, en Hoër Tokai, wat berghange en klowe behels. Binne die TNP is Tokai-park waarskynlik een van die kleinste gedeeltes, maar die belangrikheid van die park vir die hervestiging van fynbos maak dit 'n baie kosbare area. Dit is die enigste bewaringsarea waar die duïnesandveld 'n onafgebroke geheel met verskillende bergformasiefynbostipes vorm en verstedeliking grootliks vrygespring het.

Weens die bykans 120 jaar van bosbouaktiwiteit oor gedeeltes van die ou Tokai-plaas en omliggende kroongrond, is Tokai-park se geleentheid as 'n fynboswêrelderfenisgebied verspeel. Daar is wel areas bokant die boomlyn wat nooit aangeplant was nie. Ook is daar reeds prosesse aan die gang om van die

---

2 Die verwerking van die oppervlakte is deur Chris Boonzaier, senior landmeter, tydens 'n besoek op 6 Maart 2013 aan die Kantoor van die Landmeter-generaal, Kaapstad, gedoen.



hoogbedreigde spesies, soos die heide, *Erica verticillata*, te hervestig (Rebelo 2010:42). Die ligging van Tokai-park binne die uitsonderlike florale ryk belooft 'n blink toekoms vir navorsing vanweë die hervestiging, bewaring en die beskerming van die bedreigde sandfynbossespesies, maar ook vir toerisme weens die park se besondere kulturele erfenis. Tokai is sentraal binne die groter Kaapse Skiereiland geleë.

Tokai-park lê uitgestrek teen die oostelike hellings van die Steenbergreeks, suid van Constantia-kloof. Die sentrale gedeelte van die park lê teen die boonste kranse en laer berghange van Constantiaberg en strek tot by die laagste punt van die vallei, die Keiserrivier, noordwes van Sandvlei (Diagram 4 Bylaag B). Ander TNP-seksies waaraan die Tokai-park grens, is die Houtbaai- en die Silwermyreservate, onderskeidelik wes- en suidwaarts. Tokai-park se grense aan die oostekant word met dié van wynplase en woongebiede gedeel.

In Mei 2011 is die TNP se bewaringsdoelwit vir Tokai verder uitgebrei, toe die Tokai-woning, asook 'n paar oorspronklike ou werfgeboue met hul onderskeie aanbouings ook by Tokai-park ingesluit word volgens 'n langtermynhuurooreenkoms tussen Sanparke (en TNP) en die Provinsiale regering van die Wes-Kaap. Die woning, soos die arboretum, is 'n provinsiale erfenis. Die Tokai-woning huisves tans die hoofkantoor van TNP (DTPW 2011:5). In Junie 2012 is 'n afsonderlike ontwikkelingsplan vir die werf en die aangrensende subwerwe deur Erfenis Wes-Kaap (EWK) en die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronsagentskap (SAEHA) goedgekeur en geëndosseer, nadat dit deur al die stadiums van openbare deelname gegaan het. SAEHA het die raadgewende funksie gehandhaaf, terwyl die EWK die besluitneming behartig het. Die ekologie is van die proses uitgesluit, omdat dit reeds deur die Minister van Omgewingsake en Toerisme goedgekeur is (TMNP 2012b:6). Die historiese ondersteuning vir die goedkeuring word gevind in die Basisverslag van 2011 (2011,2011b). SAEHA het die voorlegging van EWK aanvaar en geëndosseer sonder aandrang op 'n vakkundige of nagevorsde geskiedenisverslag wat op argivale bronne gebaseer is. Artikel 5(7)(f) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne van 1999, Wet 25 van 1999 vereis: “ten volle nagevors, gedokumenteer en aangeteken word.” Die historiese rekord is nie nagevors nie, maar saamgestel uit inligting, foto's en diagramme wat uit sekondêre publikasies en ander verslae verkry is (TMNP 2012).

Die gebrek aan argivale navorsing benadeel oorsig en insig ten opsigte van die identifikasie en datering van geboue, die periodisering en gebruike van strukture, geringskatting van die Kaapse Volksboustyl, waarskynlik die laaste voorbeelde om te restoureer in hierdie area, en die intrinsieke waarde van al die geboue. Voorts word die nalatenskap van feitlik almal wat meegewerk het tot die daarstelling van tasbare en nietasbare erfenis, misken. Die kultuurskeppers se arbeid, soos dié van houtkappers, poshouers, mynwerkers, landbouers, slawe, kontrakarbeiders, Khoi-arbeiders, dwangarbeiders en plantasiewerkers is meesal onbekend en ongedokumenteerd. Nietasbare erfenis soos name van riviere, pieke, die grot, die plaas en legendes is arm aan oortuiging en dikwels lukraak. Omdat die geskiedenis verwaarloos word, benadeel dit die besluitneming oor ontwikkeling: die bekende en jongste verlede, die geskiedenis van

Bosbou en institusionalisering, word oorbeklemtoon, teenoor die weglating van die onbekende en tot nou toe niegerekende verlede. Gevolglik raak die aanduiding van argeologiese plekke feitlik onmoontlik. Natuurbewaring is ook nie altyd in ooreenstemming met die geskiedenis van die fisiese omgewing nie, omdat laasgenoemde nie opgeteken is nie.

Tokai-park se missie, die bewaring van die krities bedreigde Kaapse vlaktesandfynbos, behels in werklikheid 'n voortsetting van die bewaring van die fynbosplantegroei van voor die Britse bosboubeleid. Waar die fynbos egter nou vir oorlewing hervestig en bewaar word, is die houtagtige fynbosstruik voor 1883 bewaar vir die oes van brandhout. Van 1714 tot ongeveer 1806 word die terrein as 'n houtveld gereserveer. Kreupelhout, silwerbome en ander brandhout is hier gekap in siklusse van groei en oes (Sleigh 2004:182). Die plaasgrond, 1792-1883, was omring met regeringsgrond waarop fynbos natuurlik gegroei en as brandhout gekap is. In die beskermde klowe het geelhoutbome en ander inheemse bome voorgekom (NASA, KAB 1883). Maar sedert 1883 is die fynbos gebrand, plantasies aangelê en die fisiese omgewing van heuwels en waterstrome versteur. Erosie het voorgekom en grondverskuiwings kom steeds voor. Die waterafloop het drasties verander. Water- en grondbesoedeling het alledaags geraak, veral na 1890 met die vestiging van verskeie institusionele of korrektiewe instellings. Indringerspesies het 'n wesenlike probleem geword en na elke reënseisoen is daar nuwe opslag. Tokai is 'n vernielde aarde met byna 'n soortgelyke, opgetekende geskiedenis.

Die inwerkingstelling van die fynboshervestigingsprogram sedert die begin van hierdie eeu het die plaaslike gemeenskap verdeel en dit het tot apatie onder inwoners van die Tokai-voorstad teenoor die program gelei. Dit word versterk deur vrese dat daar 'n moontlike Khoi-aanspraak op die grond kan wees. Daar kan baie oorsake gevind word in verskeie opinies oor Tokai-park, maar die daarstelling van 'n geredigeerde geskiedenis kan potensieel baie doen om menings en ingesteldhede ten goede te verander.

Afstammeling van voormalige plaaseienaars toon gereeld belangstelling in Tokai-park. Dit is vir die nagedagtenis van hierdie mense en afstammeling van slawe en arbeiders belangrik dat hul voorsate hul regmatige plek in die geskiedenis van Tokai-park kry. Tans is die enigste gesin wat prominensie geniet, die bekende Joseph Storr Lister, in lewe getroud met Georgina Bain. Hulle het vir drie jaar in die plaashuis gewoon.

Die agtergrond van Tokai-park rig 'n sterk appèl om die geskiedenis van die sosiale, kulturele en fisiese omgewing saam te stel met die oog op 'n erfenisperspektief.

### **1.3 Probleemstelling**

Tokai-Park is 'n instelling van die 21ste eeu met die hoofklem op bewaring van die fisiese omgewing en kulturele erfenis. Die ou landelike omgewing van voor 1652 het van ongereptheid tot ekonomiese ontwikkeling en die daarstelling van 'n kulturele erfenis verander. Die meeste verandering het tussen 1792

en 1910 plaasgevind. Die probleemstelling van die studie lê in die onthulling van die verborge menslike bemoeienis wat die verlede van Tokai-park se ontwikkeling verklaar. Die fisiese en kulturele omgewing se verandering, die mense betrokke en die omstandighede wat die prosesse gedryf het, moet herkonstrueer word. Veranderlike ekonomiese dryfvere het hierdie prosesse vergestalt, wat die omgewing periodiek herskep het. Kan daar 'n balans gevind word om die totale verandering oor tyd regmatig te identifiseer en te bewaar? Anders gestel: is die ontsluiting van die verborge geskiedenis werklik nog relevant vir 'n moderne bewaringstrategie?

## 1.4 Navorsingsdoelstelling

Die doelstelling met hierdie navorsing is om die beperkte feite oor die geskiedenis van Tokai-park aan te vul en uit te brei sodat bestaande mistastings reggestel kan word. Dit behels terselfdertyd 'n kritiese analise van hoofstroompublikasies oor Tokai, wat tot dusver as historiese verwysingsraamwerk dien. Dit is daarom essensieel dat die eindproduk van wetenskaplike navorsing moet getuig. Dit moet ook aan die beginsels en metodiek van geskiedskrywing voldoen. Nadat daar aangetoon is dat die geskiedenis van Tokai veel meer omvattend is as wat tans gereken word, is dit moontlik om erfenishulpbronassessering aan die hand van beleidsdokumente van die EWK en betrokke erfenisspesialiste te evalueer. Dit word voorafgegaan deur 'n meting of evaluering van die aanvaarde ontwikkelingsplan van 2012 vir Tokai-werf en aangrensende persele (TMNP 2012b). Die uitkoms toon dat die vereistes vir die historiese komponent van die EWK se beleidsdokument (Winter, Baumann 2005) nie deur historici opgestel is nie. Die 2012-ontwikkelingsplan se historiese komponent, opgestel in 2011 (TMNP 2011b), is dus nie uit pas met die EWK-beginsels nie, maar dit is 'n arm en eensydige verteenwoordiging van die werklike geskiedenis van die park. Is geskiedenisnavorsing dan enigsins nodig indien die erfenisrekord deur spesialis erfenisargitekke of historiese argeoloë kortliks saamgevat word uit bronne sonder verwysings, of wat nie eens in die openbare domein<sup>3</sup> is nie? Of behoort professionele historici aan te dring op 'n hersiening van die beleidsdokument van die EWK ten opsigte van die historiese komponent? Dit is in die openbare belang dat die uitkoms van erfenisimpaktnavorsing as 'n verifieerbare bron in die openbare domein beskikbaar gestel behoort te word. Verder behoort los notas van kontraknavorsers aangeheg te word sodat verifiëring kan plaasvind. Waar dit nie gebeur nie, raak die navorsingsproses verdag. Tekortkominge en onbeantwoorde vrae behoort tot verdere navorsing te lei.

---

3 Navorsing wat heel waarskynlik met publieke fondse gedoen is, soos die “Archaeological Impact Assessment of the Porter Estate”, Junie 2001, deur die Archaeology Contract Office (SAHRA 2001), kon nie in 2013 by SAEHA se argief, Kaapstad, of in 2015 opgespoor word nie. Los notas van 'n argitek, Stewart Harris, is in 2001 en 2011 gebruik (Aikman, Malan, Winter 2001; TMNP 11b). Hierdie notas is nie in die publieke domein en kon nie geverifieer word nie.

## 1.5 Navorsingsvrae

Die navorsingsvrae wat uit die probleemstelling en navorsingsdoelstelling voortvloei, word in hoofstukke 2 tot 6 beantwoord. Dit fokus op eienaarskap, die gelyktydige ekonomiese benutting van die grond as omliggende staatsgrond en private landbougrond, die kulturele nalatenskap daarvan, die eksploitasie van die grond nadat die regering die alleeneienaar van die groter Tokai-area vanaf 1883 raak en hoe die omvangryke geskiedenis onbenullig raak tydens erfenisimpakassessering. Tokai-park is 'n bekende openbare landmerk en is deur die jare kruis en dwars per voet verken. Dit het bygedra tot die vraagstelling aan die verlede vanweë die sigbare historiese en kulturele merkers.

Hoofstuk 1 fokus op die grondbesitters oor tyd. Gewoonlik word daar na titelhouers van die koloniale era gekyk. Die Nasionale Monumentverklaring van die Tokai-woning van 1961<sup>4</sup> gee 'n kort en bondige, maar onvolledige oorsig van die eienaars van die Tokai-landgoed, 1792-1883. Maar die voorkoloniale era word grootliks uit die geskiedenis geskryf, deur of dit glad nie te noem nie, of net kortweg na die jagterversamelaars en Khoi-herders voor 1652 te verwys (Aikman, Malan, Winter 2001:41). Argeologiese inligting dui aan dat daar vroeë besetters voor die jagterversamelaars in die Constantia-vallei was. Ook is dit moontlik om nadere bepalinge van Khoi-herders se staanplekke tussen 1652 en 1662 te maak, deur na die Khoi se bewegings in die suidelike Skiereiland te kyk. Hulle het op 'n gereelde basis op sekere plekke oorgestaan, volgens die dagregisters van Jan van Riebeeck. Dit sluit nou aan by die verkenning en benoeming van die area en van waar dit plaasgevind het. Die topografie van die terrein en geografiese omgewing het vroeë verkenning gedetermineer. Kolonisering van die sentrale Steenbergvallei word na 1672 net deur die VOC onderneem. Twee plase, Constantia en Swaanswyk, is al grond wat in 1685 en 1688 uitgereik word, terwyl die volgende gronduitgif eers in 1792 op 'n baie klein skaal plaasvind. Die redes hiervoor beklemtoon die sentrale Steenbergarea as 'n natuurlike houtveld wat as brandhout deur die VOC benut en gereguleer is. Hierdie inligting van koloniale gebruik is van wesenlike belang vir die moderne missie en visie van Tokai-park as 'n fynbospark. Hier word gepoog om 'n vollediger beeld oor tyd te skep, sodat misopvattinge, soos 'n koloniale veepos met goeie weiding, reggestel kan word. Dit het wye implikasies vir verskeie aannames, veral oor weiding van die Khoi-veeherders.

Die ekonomiese aanwending van die groter Tokai-grond illustreer besluitneming en kultuurskepping. Hoewel dit voorkom asof die grond voor 1792 grotendeels vir die insameling van hout gebruik is, is sowat 300 morg na 1814 bewerk en ekonomies vir boerdery ontgin. Die grond se aard word vanuit die landbougeskiedenis bepaal, met die mislukking van wynbou as hooforsaak. Ekoloë en landboukundiges weet fynbosgrond is oorwegend arm grond. Die Hollanders het dit ook gewet en hul gebruik van die grond dienooreenkomstig aangepas. Tog toon die besluitneming van die Engelse regering na 1806 dat die

---

4 Die Tokai-woning word as 'n herehuis (Manor) in die 1961-monumentsverklaring beskryf. Die eienaars word gelys, maar die Eksteens word onvolledig gedoen. Ook word die bou van die woning aan Rauch, die eerste grondeienaar, toegeskryf (SAHRA 1961). Rauch het die plaas net vir drie maande besit (NASA, KAB 1792).

Hollandse grondbestuur van weinige waarde was en gedeeltes van houtveld is uitgereik. Dit sou eers verslae van die Grondraad wees wat aantoon dat die sentrale en suidelike Steenbergvallei swak landbougrond en weiding het. Omdat Tokai 'n deurlopende tema van houtreservering tot 1883 suggereer, word daar na etlike vrae rondom die bestuur van landskap deur wetgewing gekyk. Die afwesigheid van gestruktureerde omgewings- en houtbestuur gee juis aanleiding tot die eksploitasie van Tokai. Wat was hierdie gelyktydige prosesse wat hout en die natuurlike omgewing langs 'n landbou-ekonomie moes bewaar? Die Eksteen-landboueienaarskap oorspan 81 jaar. Hoe het die Eksteens oorleef en wat het hulle nagelaat? is maar enkele vrae wat beantwoord word om aan te toon dat hulle die grond ekonomies benut het. Die twee omgewings, kroongrond en landbou-ekonomie, het beide wye implikasies vir besluite wat later oor Tokai geneem sou word. Die erfenisrekord van die Eksteen-eienaarskapperiode word deur die kulturele nalatenskap 'n getuie van 'n ekonomiese bestaan wat geheel en al nie ingereken word in erfenis-impakstudies nie. Dit word verdring met die koloniale ekonomiese besluite vanaf 1883. Hierdeur kry erfenismerkers nie gelykmatige erkenning deur die erfenisagentskappe nie.

Die sosio-kulturele nalatenskap is deur die ekonomiese aktiwiteite geskep en kan nie daarvan losgemaak word nie. 'n Omvangryke kulturele nalatenskap is in 1885 in vergetelheid gedompel toe Georgina Lister (1960:82) die plaashuis herdoop het tot 'n herehuis of Manor House. Voorts is plaaswonings se geskiedenis deur historiese argitektuur gedomineer. Hierdie oorheersing van die strukturele verlede word krities in Hoofstuk 4 bespreek. Die uitwissing van die ekonomiese en kulturele nalatenskap van die landbou-ekonomiese periode deur onder meer die herbenoeming van die plaaswoning en die verkleining van die mense wat die plaas ekonomies ontgin het (Dane 1981:118-9), veroorsaak dat die ontstaandatum van geboue en strukture, asook die ontstaangeskiedenis wat geboue en strukture omring, nooit verder ontgin is nie. Nuwe navorsing dui aan dat die woning as 'n Thibault-nalatenskap bevraagteken moet word. Die werf word opnuut bekyk. Ook word 'n lys van tasbare erfenis aangevul: persele vir verskeie tuinery; die Prinskasteelkanaal, driewwe en paaie, begraafplase, leivoornetwerke, wyn- en brandewynproduksie, visdammetjies, landmerke soos die grot en die uitkykpunt, inheemse bome en fynbos, ou muilpaaie, mura-sies van boswagterwonings, verskillende kwekerye, soorte arbeid en huisvesting vir arbeiders. Behalwe die mistasting van erfenismerkers wat sekere ekonomiese aktiwiteite verteenwoordig, word ook die mense wat die arbeid verrig het, weggelaat. Die legende en spookstorie as nietasbare erfenis word ondersoek en in perspektief geplaas. Dit dien as voorbeelde waar erfenismerkers geskep word op grond van mondelinge oorlewering in die 20ste eeu, maar wat nie na behore aan die verlede getoets is nie.

Die owerheid as ekonomiese rolspeler is reeds sedert die 17de eeu teenwoordig, maar na 1883 word die grond geïndustrialiseer toe dit by die Britse koloniale beleid van imperialisme ingereken is en georganiseerde bosbou gevestig geraak het. In Hoofstuk 5 word die impak van imperialisme op die fisiese omgewing bekyk. Die keuse van Tokai as standplaas vir industrialisasie word ondersoek. Tokai se bosbou-geskiedenis maak dit noodsaaklik om die vakkundige pioniers van bosbou by hernuwing te ondersoek -

by implikasie ook Lister se nalatenskap op Tokai. Hoe is Tokai en die omliggende kroongrond in werklikheid verander om optimale voordeel vir die koloniale regering te verseker? Waar Tokai 'n houtdraende area was, is die fynbos doelmatig verwyder en plantasies aangeplant. Die gevolge van plantasie-aanplantings op die fisiese en kulturele omgewing is verreikend. Die besluitnemers is hier belangrik, want daar is 'n nuwe ekonomiese en sosio-kulturele nalatenskap vir Tokai gevestig. Tokai se hoofarboretum is die eerste of tweede arboretum in die land, moontlik die enigste oorblywende arboretum, alhoewel dit sy funksie as sodanig verloor het. Ook die heel eerste amptelike kwekery van die Britse periode het heeltemal in die vergetelheid verdwyn. Naas 'n paar ander arboretums is daar verskeie ander erfenismerkers uit die bosbouperiode wat verdwyn het en in die historiese rekord uitgewys word. Erfenismerkers word tans beperk tot plantasies en die vestiging daarvan, wat aan die persoon van Lister toegereken word. Die impak van die grondverbruik deur die Kaapse koloniale regering, 1883 tot 1910, is baie meer omvattend as wat tans in sigbare erfenismerkers gereken word. Plantasies en by implikasie dennebome het 'n nuwe erfenismerker geword, ten koste van fynbos, maar belangrik vir die plaaslike inwoners wat die omgewing nie anders ken as bedek met denneplantasies en ander uitheemse bome nie. Die arboretum as simbool van die bosboukunde word nie as sodanig beklemtoon nie.

Om 'n betekenisvolle kultuur- of erfenishulpbronrekord van Tokai-park, gemeet aan die 2012-ontwikkelingsplan van Tokai-werf te begryp, behoort 'n kritiese evaluering van die insette en betrokkenheid van verskeie deelnemers, asook die kwaliteit van die betrokkenheid en hul bydraes, gedoen te word. Dit is egter 'n omvangryke taak en 'n studie op sigself. Daarom word daar in Hoofstuk 6 beredeneer of die verlede van Tokai-park as 'n produk van geskiedenisnavorsing en volgens die historiese metodologie hoegenaamd relevansie vir erfenisimpakassessering het. Navorsing toon aan dat die geskiedenis van Tokai-park veel meer omvattend is as wat tot dusver bekend is. Die navorsing moet dus erfenisimpakstudies en die praktisyns daarvan in die Wes-Kaap betrek. Wat gebeur in die Wes-Kaap met erfenisassessering sodat die geskiedenis nie werklik ter sake skyn of blyk te wees nie? Hoofstuk 6 dien ook as 'n kritiese beskouing van die proses van erfenisimpakassessering deur aspekte van die historiese komponent van die ontwikkelingsplan te evalueer. Die daarstelling van 'n omvattende geskiedenis, maar ook met 'n in diepte analise ten opsigte van spesifieke erfenismerkers, word in die hoofstukke 2 tot 5 van die proefskrif aangebied. 'n Omvattende geskiedenis kan slegs relevansie hê in soverre daar ruimte is binne die beleidstrukture van erfenisoorsigliggame, erfenispraktisyns en die betrokkeheid van professionele historici. Geskiedenis as wetenskap het 'n metodiek wat 'n leidende rol kan speel. Dit gebeur nie in die Wes-Kaap nie: die terrein word deur erfenispraktisyns uit die argitek- en argeologieberoep of toegepaste argeologie en toegepaste argitektuur, oorheers.

Ten einde 'n sinvolle balans tussen die bewaring van die fisiese en kulturele omgewing van die Tokai-werk en kernaktiwiteitsarea te skep, is daar rede vir herbesinning, veral oor die gebruik van die voorwerf en die subwerf tussen die voorwerf en die rivier. Die huidige uitleg van perdekampe, waar belangrike

merkers soos die eerste Bosboukollege en -skool eens was, is onverskoonbaar. Die uitsluiting van die breë publiek in die naam van 'n belang van 'n eksklusiewe groep, perde-eienaars, word betreur. Waar bewaring tans grootliks as 'n middel tot ekotoerisme gesien word, is besluite geneem wat nie die geskiedenis van Tokai uitbeeld nie. Tokai was nooit 'n perdeplaas nie en is ook nie verteenwoordigend van die perde-industrie in Suid-Afrika nie. Die proefskrif verskaf nie die plek om aanbevelings te maak in ooreenstemming met sentimente nie, maar grondige kritiek laat ruimte vir alternatiewe aanbevelings. Die 2015-brand en die gevolglike sluiting van talle individuele parke van TNP, illustreer die sensitiewe aard van Tokai-park. Fynbos moet brand<sup>5</sup>. Dit gaan in die toekoms weer gebeur dat die park gesluit gaan word. Die bewaring van die kulturele nalatenskap is nog nie getoets in die fynbosomgewing wat moet brand nie. Die Uilhuis wat in 1922 gebou is, is totaal vernietig in die 2015-brand. Dit gaan nie herbou of vervang word nie. Enige besluitneming wat die waarde van 'n terrein, erfenismerker of 'n nalatenskap afskaal, dien nie die missie van Tokai-park nie. Is die erfenisoorsigliggame werklik by magte om die kurators tot verantwoording te roep?

## 1.6 Navorsingsmetode

Die metodiek van navorsing spruit voort uit die historiese metode, naamlik om die verlede so akkuraat en objektief as moontlik te rekonstrueer. Om die verlede te herkonstrueer, is die hoofwerkswyse die insameling van stof, die kritiese lees daarvan, analisering en die vertolking daarvan. Die metode is eerder analities as empiries, omdat die probleemstelling vereis dat die geslote verlede in dokumente ontsluit en beskikbaar gemaak moet word in 'n sinvolle samehang van eenheid en betekenis. Trouens, die resultaat, die einddoel van die studie, kan slegs bereik word deur 'n werkswyse waarin onontginde materiaal krities bestudeer word. Die soektog na relevante materiaal, seleksie, ordening en aanbieding in die vorm van argumente wat op bronne berus binne 'n gestruktureerde proefskrif, voltooi die historiese metode.

Die aanbieding van die materiaal word in hoofstukke gedoen en waar nodig, toegelig met tabelle, kaarte, diagramme en foto's in aparte bylae. Teksverduidelikings en tabelle, gemerk Figuur (1-35), verskyn in Bylaag A, wat agter in die proefskrif gebind word. Vanweë die beskrywing van die sigbare omgewing en strukture word die teks ruimskoots met digitale beeldmateriaal verduidelik. Die omvang, 93 diagramme, bemoeilik die opname in die teks self. Daar is vooraf ooreengekom tussen die student en die promotor om die digitale beeldmateriaal op 'n aparte CD byeen te bring. Foto's en diagramme word as Diagram (1-93) in Bylaag B, verwys. Bylaag B is op 'n CD-skyfie oorgeskryf en word op die agterste skutblad ingesluit. Bylaag C verteenwoordig die historiese wetenskaplike name van eksotiese en inheemse spesies wat selektief gebruik is ter ondersteuning van feite waar nodig. Dit volg op Bylaag A. Die historiese plantname word gebruik, aangesien die taksonomie van plante 'n wetenskaplike proses is wat net deur kundi-

---

5 Fynbos is 'n vuuraangepaste plantegroei wat evolusionêre veranderinge ondergaan het wat die plante instaat stel om periodieke brande te oorleef. Indien daar vir lang periodes nie brande is nie, begin sekere soorte kwyn (Van Rensburg s.j.:6).

ges uitgevoer kan word. Dit lê buite hierdie studie.

Die oorkoepelende metode berus op aktiewe navorsing eerder as gevallestudies. Aktiewe navorsing omvat die kritiese lees van argivale en sekondêre bronne. Argivale navorsing word uitgebrei na ander bewaringsinstansies van primêre dokumente soos die Aktekantoor en die Kantoor van die Landmeter-generaal. Die studie van sekondêre dokumente behels 'n bronnestudie van ongepubliseerde verhandelings en proefskrifte, asook gepubliseerde literatuur, verslae en rapporte. Die studie is in wese kwalitatief ten einde bestaande menings en ongegronde aannames, wat teenstrydig is met die inhoud van primêre bronne, die nek in te slaan en te weerlê met verifieerbare feite. Bestaande feite word terselfdertyd aangevul.

Waar daar aanvanklik gereken is dat onderhoudvoering vir die inhoud oor erfenisassessering noodsaaklik is, word van die plan afgesien. Daar word geruime tyd reeds vrae deur die breë publiek en bewaringsbesorgdes van groter Kaapstad en die omgewing gevra oor erfenisimpakassessering van strukture. Dit is veral 'n voorgestelde ontwikkelingsplan van die Melck-skuur wat gemoedere na alle kante laat opvlam het (Ball 2013; Colyn 2015). Vrae oor erfenisbestuur gaan nie objektiewe antwoorde kry nie, veral nie na die onverwagse en skielike afgradering van die Melck-graanskuur in 2015 nie (Colyn). Daar is ook resente dokumente oor erfeniswetgewing, beleid en die toepassing daarvan, wat gereedlik op internet beskikbaar is en geraadpleeg kan word. Navorsing het voorts die oorheersing van die subdissiplines van argitektuur en argeologiese geskiedskrywing in die bestuur van die Wes-Kaapse provinsiale erfenishulpbronorganisasies blootgelê. 'n Analitiese beskouing van bestaande literatuur, koerantberiggewing en dokumentering van erfenisassessering en -agentskappe gee meer afstand. Die oorwegende gevolgtrekking is 'n gebrekkige kennis oor die Wes-Kaap se ryke koloniale verlede. Al mag dit polities onwelkom wees, kan dit nie ontken word nie. Voorts het dit 'n groot toerisme aantrekkingskrag. Sonder begrip van die huidige metodiek vir historiese verslaggewing deur nie-opgeleide historici kan daar nie remediëring voorgestel word nie. Mondelinge vraagstelling sou ander navorsingsvrae openbaar, maar nie noodwendig meer tot die probleemoplossing van die werkstuk bygedra het nie.

Die navorsingsmetode poog om die feite te laat spreek sonder om deur die bril van 'n spesifieke geskiedskrywingskool betekenis daaraan te gee. Die plek van 'n geskiedenis van Tokai word binne die geskiedenis as wetenskap gesien as plaaslike geskiedskrywing. Tokai se geskiedenis is oorwegend plekgebonde, maar ook streeksgebonde, daar Tokai nie net geografies deel van die groter Steenbergvallei vorm nie, maar ook 'n geskiedenis van hout, wynbou en institusies deel. Die ontginning en oopstelling van die area en funksionele gebruik oor verskeie periodes wat aansluiting vind by die geologie, argeologie, die omgewings-, sosio-ekonomiese en kulturele geskiedenis, vereis 'n metodologie wat op navorsingsbeginsels van geskiedenis as wetenskap berus. Hoewel plaaslike geskiedskrywing 'n hoë premie plaas op mondelinge onderhoudvoering (Van Eeden 2014:36), is dit hier ietwat moeilik. Die geskiedenis eindig by 1910, meer as 100 jaar gelede. Daar is wel 'n paar vrae aan Peter Good per e-pos gestel (Good 2011). Hy het in die 1930's op Tokai grootgeword toe sy vader beheerbosbouer was. Die gebrek aan mondelinge getuienis



ten spyt, maak die plekgebonde aard van Tokai dit ideaal vir 'n studie van plaaslike geskiedskrywing.

Aktiewe navorsing vereis die voorafverkenning van die navorsingsmateriaal. Die seleksie van materiaal word deur die navorsingsvrae bepaal. Indien daar geen direkte feite ter staving van argumente in dokumentasie gevind kon word nie, is omstandighedsgetuieis ondersoek om die argument te beskryf en te beredeneer. Die metode is dus nie 'n klakkelose oorskryf uit bronne nie, maar 'n soeke na antwoorde deur die vertolking van materiaal uit primêre en sekondêre bronne.

Om die geskiedenis van Tokai-park as 'n erfenisstudie te ontgin, word gebruik gemaak van argivale bronne en materiaal soos kaarte, sketse en foto's van ander primêre hulpbronne, literatuur wat verhandelings, proefskrifte en vakkundige artikels, asook letterkundige bronne soos reisverhale en moderne sekondêre publikasies insluit. Tans steun erfenisstudies van Tokai-park swaar op publikasies wat op die Kaaps-Hollandse boustyl fokus (TMNP 2011c:20). 'n Latere persoonlike memoir, die werk van Georgina Lister (1960), is ook vir amateurhistorici baie belangrik, maar is nog nie aan historiese kritiek onderwerp nie. 'n Herevaluering van die bestaande geskiedenis is daarom onvermydelik, noodsaaklik, maar ook 'n voortdurende proses van navorsing, want 'n geskiedenis is nooit volledig deurgrond en afgehandel nie.

Probleme wat met die metode van aktiewe navorsing ondervind word, is die omvang van die materiaal om deur te werk, die afbakening van die periode en die skedule vir die afhandeling van hierdie projek weens eksterne druk. Dit is prakties onmoontlik om deur al die aanverwante materiaal te gaan. Tyd bly altyd 'n kwessie. Daar is reeds in November 2010 begin met die spesifieke oplees van die geskiedenis van Tokai en sedert 2011 begin om aktief die onderwerp na te vors. Dit is daarom nodig om die periode te beperk tot die ekonomiese aktiwiteite tussen 1792 en 1910: 1792 verwys na die eerste gronduitreiking en 1910 na die sigbare verandering van die omgewing van pastorale landskap na digte bewoning van korrektiewe institusies en plantasies, met grondfragmentering. Die oorplasing van argiefmateriaal na die Nasionale Argiefbewaarplek, Pretoria vanaf 1910, maak die einddatum ook 'n praktiese afsnypunt.

Navorsing oor kwessies binne die VOC-era is selektief gedoen. Plekname, geografiese benamings en persoonsname, asook kulturele gebruike en houtbestuur is aanlyn in TANAP<sup>6</sup>. nagevors. Hier word spesifiek na die Resolusies van die Politieke Raad, 1651-1795, verwys (TANAPb) Voorts is gebruik gemaak van ongepubliseerde verhandelings en proefskrifte. Die tersaaklike onderwerpe van die VOC-tydperk waarvoor verhandelings en proefskrifte gedoen is, is onder meer die buiteposte, houtvoorsiening, wynbou

---

6 TANAP, "Towards a new age of partnership", is 'n databasis van VOC-dokumente. Dit behels transkripsies van VOC-dokumente wat in 'n elektroniese formaat beskikbaar is. Die projek is deur die Nasionaal Archief, Die Nederlande, geloods. Die Kaapse dokumente is onder redaksie van plaaslike kundiges, prof. J.L. Hattingh (red.), drs. Dan Sleight (historikus), Helena Liebenberg (taalkundige) en ander in die Kaapse Argief gedoen en vroeg in die 21ste eeu afgehandel. Aanlyn: <http://www.tanap.net/vocrecords/>; Resolusies van die Politieke Raad, 1651-1795: [http://tanap.net/content/activities/documents/resolutions\\_Cape\\_of\\_Good\\_Hope/index.htm](http://tanap.net/content/activities/documents/resolutions_Cape_of_Good_Hope/index.htm).

en plaaslike geskiedenis soos dié van Constantia en Valsbaai. Die Van Riebeeck-vereniging se reekse het hier ook handig te pas gekom.

Navorsing na 1795 en na 1900 is in die Nasionale Argief in onderskeidelik Kaapstad en in Pretoria uitgevoer. Omdat die dokumente in groepe oorgeplaas is, huisves die Sentrale Argiefbewaarplek (SAB) in Pretoria dokumente van Bosbou sedert ca 1906. Ten einde die arboretum se geskiedenis na te vors, moes 20ste eeuse argiewe in die Kaapse Tussenbewaarplek geraadpleeg word. Die meeste dokumente is in die Kaapse Argiefbewaarplek (KAB) gevind. 'n Deurlopende groep, die Notariële Protokolgroep, asook Opgaafrolle, is selektief geraadpleeg. Die Eerste Britse-besetting (BO-groep) en die Bataafse Republiek (BR-groep) se inventarisse is taamlik deurgewerk om die gebruik van hout en grond na te vors. Die argiewe van die Kaap de Goede Hoop na 1806 is na gelang van die vraagstelling ondersoek. Slaweregisters (SO), Registers van die Wynproewer (WT), die Koloniale Kantoor, Colonial Office-groep (CO), groepe van die Departement van Openbare Werke (PWD), Landbou en Mynbou (AGR;ACLT), Bosbou (FOR, BB), verskillende soorte grondregisters, soos eiendomsgrond in die Old Cape Freeholds (OCF), erfpaggrondregisters, Cape Quitrents (CQQ) en ewigdurende erfpagregisters, Receiver of Land Revenue (RLR); boedels en sterfkennisse (MOOC), amptelike verslae, of die Blouboekreeks (CCP), asook die fotoversamelings in die KAB is van die meer prominente groepe wat geraadpleeg is.

Die Aktekantoor, die Kantoor van die Landmeter-generaal en die Mowbrayse kaartkantoor van die Departement van Grondsake en Landelike Ontwikkeling (DRDLR-groep), is geraadpleeg. Voorts is die biblioteke, die Nasionale Biblioteek in Kaapstad, National Library of South Africa (NLSA) en die parlamentsbiblioteek, Library of Parliament (LIP) vir amptelike dokumentasie geraadpleeg. Die Darling- en Simonstadse museums is besoek terwyl sommige biblioteke en museums buite Kaapstad elektronies geraadpleeg is, soos MuseumAfrica, die voormalige Africana-museum in Johannesburg (MA), die Graaff-Reinet-museum (GRM) en die Harry Molteno-biblioteek van die Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitinstituut (SANBI). Die Saasveldbiblioteek en -argief van die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, George, is besoek. Die J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit Stellenbosch, het met die bruikleen van verhandelings, proefskrifte en ander literatuur, gehelp, terwyl die tydskrifafdeling van die Ferdinand Postma-biblioteek, Noordwes-Universiteit, ook artikels verskaf het. Artikels is ook aanlyn gesoek en geraadpleeg. Elke hoofstuk bevat die moontlikheid om as 'n afsonderlike studie te registreer, indien die hoeveelheid beskikbare materiaal in aanmerking geneem word. Die plaaslike Tokai-biblioteek en ander munisipale biblioteke het baie beknopte versamelings en waar moontlik, is daarvan gebruik gemaak. Op hierdie wyse is 'n taamlike versameling van sekondêre publikasies deurgewerk. Waar nodig, is naslaanwerk van die biblioteek van die KAB geraadpleeg.

Ander sentra wat vir navorsing besoek is, is die Argief van SAEHA (SAHRA), die biblioteek van SAEHA en les bes Tokai-park en die kantoor van die bestuurder, Tokai-park. 'n Gesprek met die eertydse kurator van Groot Constantia, Matthys van der Merwe, het tot insig bygedra. 'n Telefoniese onderhoud is met

Paul Duckitt van Darling gevoer. 'n Besoek aan Darling-museum kon nie meer inligting verskaf oor die Eksteens wat moontlik in 1851 soontoe uitgewyk het nie.

Die lys van instansies en biblioteke verwys reeds na sekondêre publikasies. Hier word net gefokus op akademies en goed nagevorsde studies en waarby die studie aanklank vind. Gewilde en koffietafelpublikasies waarin Tokai ter sprake is, word nie hier bespreek nie, hoewel dit nodig was om die boeke plekplek in argumente te betrek. Ander publikasies word in die volledige bronnelys genoem.

Die belangrikste werk is ongetwyfeld *Die Buiteposte, VOC-buiteposte onder VOC-bestuur, 1652–1795* (Sleigh, 2004). Dit is 'n samevatting van navorsing vir Sleigh se MA en PhD in geskiedenis, asook bygewerkte inligting. Die boek beslaan 792 bladsye en is van voetnote en 'n deeglik en volledige bronnelys voorsien. Die VOC se beleid van houtbestuur en uitbreiding, soos aangebied deur Appel (1966), word saam met geskiedenis van die buiteposte gelees. Die buitepos, Aan de Steenberg (1676-1685), was moontlik op of naby die latere Tokai geleë en dit word saam met die buitepos, Agter de Steenberg, behandel (Sleigh 2004:171-4). Sleigh (2004) en Appel (1966) se werk vul mekaar aan ten opsigte van houtbestuur. Ook die gepubliseerde MA-verhandeling van A. E. Bekker, *Die geskiedenis van Valsbaai tot 1795*, US, 1980 (Vertaal en uitgegee deur die Simonstadse Historiese Genootskap) sluit by Sleigh en Appel aan. Die Nederlandse Van Dale-handwoordeboek (Kruyskamp, 1961) dien vermelding. Die eerste uitgawe onder die nuwe titel, *Nieuw Woordenboek der Nederlandsche Taal*, het in 1864 verskyn, maar dit skakel met grondslagwoordeboeke sedert 1599. Die Van Dale is nie 'n historiese woordeboek nie, maar het verouderde terme van die seilvaart, skeepsbou, ambagte en uitdrukkings uit die Statebybel wat gebruiklik was, steeds opgeneem. Historiese terme het wel behoue gebly, indien daar 'n rede was. Waar dit gebruiklik was om Afrikaanse woorde op te neem, is dit in die loop van die 20ste eeu gestaak, omdat Afrikaans 'n selfstandige taal geword het (vii-x). Die woord fynbos word byvoorbeeld nie opgeneem nie, want dit is 'n latere Afrikaanse woord. Daarteenoor is kreupelbos en kreupelhout as 'n bos of hout volgens die voorkoms van die hout (:1036), wel opgeneem, want die begrip is inheems aan die Nederlandse taal. Die Plakkaatboekinskrywing van kreupelbos van 1658 (Jeffreys, Naudé 1944: 43), is dus na die Nederlandse gebruik van die 17de eeu. Die 1961-uitgawe, die agste druk, beslaan 2,632 bladsye. Die Van Dale-handwoordeboek is met vrymoedigheid gebruik.

Appel se verhandeling gee 'n goeie oorsig oor die gebruike van timmer- en brandhout in die VOC-era.. Hoofstuk 2 van Appel behandel spesifiek die geskiedenis van houtontginning van die Skiereiland, maar is vaag omtrent die houtpos, “Aan de Steenbergen” en die oes van die silwerhoutbome. Appel verskaf weinig inligting oor Witteboomen, 'n baie belangrike houtpos tot in die 19de eeu. Die plasing van houtontginning in die 17de eeu word deur die geografiese pleknaam, die Steenberge, bepaal. Dit is in hierdie opsig wat Appel (en ander) tekort skiet. Die naamgewing van die Steenberge staan sentraal tot die begrip van die area. Bekker (1980) bepaal hom hoofsaaklik tot die ontdekking en ontginning van Valsbaai, maar gee lig op die oopstelling van die suidelike Skiereiland. Hierby aansluitend is die navorsing van Raven-

Hart (1971;1976) onontbeerlik. Bekker se werk word goed aangevul met 'n publikasie van Tredgold (1995), *Bay between the mountains*.

Van Zyl (1973) se proefskrif oor wynbougeskiedenis, 1795 tot 1860, getuig van deeglike navorsing wat baie lig werp op die bestaanstryd van die wynboer in die periode. Gepubliseerde navorsing oor die slawe deur Shell (1997), Brown (2001) oor kinderarbeid, die ongepubliseerde navorsing oor die vrystelling van slawe deur Liebenberg (1958) en gepubliseerde navorsing van Watson (2000) en Van Bart (2013) oor *Prize Negroes of Prysnegers*<sup>7</sup>, asook ander bronne kon help om plaasarbeid in perspektief te stel. Plaaslike arbeid, maar veral nedersettings van Khoi-afstammelingen in die Steenbergvallei, is nog nie ondersoek nie en behoort ook verder ontgin te word. Die argiefgroep van die Wynbergse landdros is nie ontsluit vir kontrakarbeid nie en is nie vir hierdie proefskrif ontgin nie. Dit behoort op sigself 'n interessante studie op te lewer. Kennisname van die wynbedryf, arbeid, die boer en die ekonomiese benutting van die grond kan alles bydra om 'n historiese realiteit te herskep.

'n Verskeidenheid van bronne werp lig op etlike ander aspekte. Argeologiese artikels oor die Khoiherders in samehang met die joernale van Van Riebeeck (Thom 1952,1954,1958) is gebruik om Khoi-standplase in die suidelike Skiereiland, spesifiek met betrekking tot die Steenbergvallei, te ondersoek. Deur die bewegingspatrone van die Khoi tydens die vyandighede van 1659-61 te ondersoek, is moontlik 'n nadere bepaling gedoen. Bredekamp (1982) en Elphick (1977) is noodsaaklike leesstof van die Khoi-geskiedenis. Die boek van Karel Schoeman, *Seven Khoi lives, Cape biography of the seventeenth century* (Pretoria, 2009 ) blyk 'n handige samevatting van nagevorsde stof te wees. Ander bronne dra by tot die verheldering van die tema. Argeologiese materiaal verwys steeds terug na Goodwin (1952), terwyl Arthur (2008) die jongste argeologiese bevindinge oor standplase en ontdekkings by Prinskasteelberg, Vredenburg, beskryf. Hierdie inligting verskaf moontlik die ontbrekende skakel na die legende van die Tokai-grot en die agtergeblewe “prinses” wat moes vlug en treur, nadat haar man of vader ontvoer is. Die geskiedenis van Hendrik Cloete van Groot Constantia deur G.J. Schutte (2003) gee 'n kykie in die daaglikse lewe van die wynboer gedurende die laat 18de eeu in Constantia-vallei. Dit word aangevul deur Van der Merwe (1987) en Böeseken (1964). Die verhandeling van Leibman (2012), wat meer oor restourasie en argitektuur handel, is geraadpleeg. Lewcock (1963) is onontbeerlik om die historiese verloop van argitektuur te begryp. Dit is aangevul met Walton (1889), Fransen (1981,1993), Dane (1981) en Simons (2000). Fagan (1994) is 'n goeie histories-argitektoniese bron van die groter Constantia-vallei se plase, hoewel die hantering van Tokai ontoereikend is. Dane (1981) moet geverifieer word, hoewel sy van die

---

7 Vertaling na die voorbeeld van H. Giliomee (2007), *Nog altyd hier gewees. Die storie van 'n Stellenbosse gemeenskap*. Tafelberg, Kaapstad, p.36. Prysnegers is sogenaamd bevryde slawe van skepe wat na 1808 nog onwettig probeer het om slawe te verhandel. Hulle is dan in Kaapstad ontskeep, waar hulle veronderstel was om bevry te word. Maar hulle is saam met die slawe laat bly en vir 14 jaar by slawe-eienaars as vakleerlinge ingeboek. Dit was 'n klandistiese handel en daar bestaan min rekords. Tussen 1808 en 1856 is meer as 5,000 ingevoer (Shell 1997:146,148).

min skrywers is wat bronne vir elke hoofstuk lys. Die twee geskiedenisboeke oor die argitektuur, die werk van Trotter (1903) en Fairbridge (1922), lê die grondslag vir historiese argitektuur, maar blyk onvoldoende te wees vir 'n hedendaagse studie van die verlede van Tokai-park.

Die geskiedenis van bosbou kan agtereenvolgens in Appel (1966), Brown (1887), Sim (1907) en Bennett (2013) gevolg word. Vir die doeleinde van die proefskrif is daar op die oorspronklike amptelike verslae en argivale navorsing van die Koloniale era vanaf 1882 gesteun, veral omdat die tendens is om slegs gebruik te maak van die herinneringe van Georgina Lister (1960). Die inhoud van haar vertelling word dan ook aan die amptelike verslae getoets. Die bosbou-ikoon, J. Storr Lister, word met nuwe oë bekyk. Die rol van ander medewerkers word betrek, veral met die ontwikkeling van Tokai as die eerste veronderstelde bosbouproefplaas en die kwekery. Dit betrek ook die fisiese omgewing, wat fynbosveld was en doelbewus vernietig is. Verskeie artikels oor die fisiese omgewingsgeskiedenis van die Kaapse Skiereiland en die bestuur daarvan vind hierby aansluiting. Die werk van Karen Brown (2001) en Van Sittert (2010) word uitgelig, hoewel beide artikels deur ander soortgelyke artikels aangevul is. Die Tokai-publikasie wat voorrang geniet en deur alle navorsers aangehaal word, is die boekie van Mauve (s.j.). Mauve het swaar op Dane (1981) en waarskynlik Lister (1960) gesteun. Desnieteenstaande is die organisasie van haar aanbieding goed gedoen. Die ideaal sou wees om Mauve se boekie te redigeer en te herdruk, want dit bevat reeds 'n nuttige struktuur.

Die fisiese omgewingsgeskiedenis vereis dat daar plek-plek na plantname verwys word. Die name wat gebruik is, is waar moontlik, volksmondname en die wetenskaplike name van die betrokke bron, tensy 'n ander bron dit reeds gewysig het. Alle plant- en diername, inheems en uitheems, is vervolgens in 'n lys saamgevat en deur dr. Ernita van Wyk van SANBI nagesien (Van Wyk 2015a; Bylaag C). Die taksonomie van plante behoort tot die studieterrrein van die botanie. Die name wat dus hier gebruik word, word uit die dokumentasie gelig. So byvoorbeeld word die Karoodoringboom as 'n *Acacia horrida* beskryf, maar die naam het lankal reeds verander. Plantname word doelmatig gebruik, dit wil sê om 'n stelling toe te lig, maar nie om enige plantkundige inligting weer te gee nie. So is sekere bloekombome nie op die oewers van waterstrome aangeplant nie, omdat dit waterabsorberend is. Waar waterabsorberende plante groei midde in die geskil tussen die Porter-bestuur en Bosbou raak, word die boom wel by die naam genoem. Ook indringers, wat vandag reusekwessies is om met die hand uit te wis, word by die naam genoem. Betrokkenheid by 'n Vriendegroep wat uitwissing van indringers doen, gee basiese inligting van die probleem op Tokai. Desondanks word moontlike foute met wetenskaplike plantname as my eie gereken.

Daar is reeds verwys na die onvolledigheid van die historiese komponent in etlike amptelike verslae die afgelopen vyftien jaar. Die verslae dek twee persele, naamlik die Porter Estate of Porter-skool; en Tokai-Park, ingesluit die voormalige Tokai-bosboustasie tot einde Maart, 2005. Albei plekke lê op aangrensende gedeeltes van die ou Tokai-landgoed en omliggende staatsgrond. Alle verslae was opdragverslae.

In nie een geval is 'n historikus aangestel nie, maar dikwels historiese argeoloë van 'n argeologiese kontrakgroep, Archaeological Contract Office (ACO), Universiteit van Kaapstad, of spesialisierferenisargitekte. Die geskiedenis-komponent verteenwoordig weinig oorspronklike navorsing. As voorbeeld dien die “Porter Estate Development Framework. Heritage Assessment: Baseline study”, deur H. Aikman, A. Malan en S. Winter, Junie 2001. Hierdie ongepubliseerde verslag was in opdrag van die Provinsiale Administrasie van die Wes-Kaap, Departement Ekonomiese Sake, Landbou en Toerisme: Hoofdirektoraat, Eien-domsbestuur gedoen. Die verslag vorm deel van 'n beplanningsproses oor drie voorlopige raamwerk- en ongepubliseerde verslae wat in SAEHA se argief te vinde is, naamlik (i) 'n status quo-verslag, Mei 2001; (ii) 'n voorlopige basisverslag (verkorte weergawe) deur Aikman, Malan en Winter, Junie 2001 en (iii) 'n ontwikkelingsraamwerk, konsepraamwerk en verslag, Julie 2001. Al drie variasies is deur die argiteks-firma MLH-argitekte en vennote in samewerking met MCA Stads- en streeksbeplanners en Liebenberg & Stander Ingenieurskonsultante gedoen. Die ACO was ook betrokke, asook 'n erfenisargitek, 'n argeoloog en 'n kenner van erfenispraktyke, maar geen historikus is ingesluit of geraadpleeg nie.

Ander verslae, wat in opdrag van Sanparke oor Tokai voorberei is (TMNP 2006;2006a;2009;2011; 2011a;b;2012;2012a;b), is deurgaans deur ontwikkelingskonsultante, meesal stads- en streeksbeplanners en hul genote, spesialisierferenisargitekte, gedoen. Die verslae oor Tokai, gewoonlik op Engels gelys onder Tokai-Cecilia of Tokai-ontwikkelingsverslae, is almal toeganklik op die webwerf van Sanparke. Die verslae van Porter-grond word in SAEHA se argief geberg. Die tekorte en aannames in hierdie verslae en wat gebruik is vir omgewings- en erfenisimpakassesserings, 2001-2011, was die vernaamste rede om 'n probleemstelling van 'n moontlike proefskrif aan te dui.

## **1.7 Enkele skryfkewessies van belang**

Praktiese probleme wat ondervind is, is die taal van die name van plekke en instansies. Die VOC-name is hoofsaaklik Nederlands of 'n variasie daarvan. Waar 'n VOC-pleknaam net tot die era beperk is, soos De Schuer, is die oorspronklike naam gebruik. Afrikaanse variasies is gebruik waar die plekname vandag steeds gehandhaaf word, bv. Sandvlei, Keiserrivier en dies meer.

Voor 1994 het die meeste name van instansies Engelse en Afrikaanse name gedra. Tans word die name net tot een taal, Engels, beperk. Omdat daar dikwels bronverwysings by betrokke is, word die amptelike naam as bronverwysing gebruik. TNP se bronverwysing is dus die Engelse vertaling, TMNP, want dit is die houerorganisasie van die verslag. Al die verslae word net in een taal uitgegee. Private erfenisorganisasies het deurgaans net een amptelike naam, so ook verskeie omgewingsorganisasies. Ter wille van internetsoektogte is dit m.i. meer juis om die Engelse benaming te gebruik, maar die Afrikaanse vertaling word wel eerste genoem. Die Engelse akroniem TANAP (Towards a New Age of Partnership), as bergplek vir die Resolusies van die Politieke Raad 1652-1795, word gebruik (Kyk vn 6 p.11). Afrikaanse benamings en akronieme vir TNP, EWK en NASA, KAB of SAB (Nasionale Argief van Suid-Afrika,

Kaapse of Sentrale Argiefbewaarplek) word gebruik weens die hoë voorkoms daarvan in die proefskrif.

Mate en gewigte, lengtemate, grondoppervlakte en geldeenrede word gebruik soos wat dit in dokumente gevind word. Riksdalder word afgekort met Rds en gulden met *f*. Driehonderd gulden was gelykstaande aan Rds 100, terwyl Rds 13.333 gelykstaande was aan een Britse pond, ca 1830-1860. Die verhouding pond tot riksdalder word gevind in P.M. Eksteen (senior) se insolvente boedelrekening van 1851 (NASA, KAB 1842b). Teen 1883 word al die bedrae in Britse pond aangedui. Betreffende oppervlakte het die VOC-landmeters Hollandse of Rynlandse morg gebruik, terwyl die latere Engelse landmeters akker of hektaar gebruik. Waar van belang, word ou mate omgeskakel tot verstaanbare eenhede.

Kopiereg blyk steeds 'n probleem te wees. Om die digitale materiaal van MuseumAfrica te gebruik, is kopiereg verleen met koste vir die gebruik daarvan in die proefskrif. Alle digitale materiaal van die KAB het kopiereg. Ten einde dokumentasie te fotografeer, moet navorsers skriftelik by die Hoof van die leeskamer, KAB, aansoek doen. Fotografering van materiaal in die SAB se leeskamer word toegelaat en geen beperking word op die publisering van digitale materiaal geplaas nie. Ten einde die kopiereg van die houereienaar van die foto's en kaarte te beskerm, word die term, Kopiereg, by die Lys van Diagramme aangebring. Die erkenning van kopiereg noodsaak dat die beeldmateriaal reeds in die inhoudslys vermeld word. Navorsers wat die materiaal wil gebruik, word derhalwe aangeraai om die betrokke houereienaar te kontak.

Die datering van een skets en foto's van die Tokai-woning het probleme opgelewer. In 2011 is 'n skets van die Tokai-woning aan Tokai-park oorhandig. Die skets word as ca 1850 gedateer (Tokai ca 1850). Die boonste verdieping van die woning op die skets was toegerus met skuifvensters. Voor die woning is 'n plaveisel van klip en 'n reuse-eikeboom wat vermoedelik dateer uit die era van P.M. Eksteen. Eksteen is of einde 1849 of begin 1850 oorlede (NASA, KAB 1842b). Die Arthur Elliott-foto's is nie gedateer nie (Fransen 1993:9), maar Elliott het sedert ca 1911 vir Dorothea Fairbridge foto's van ou Kaaps-Hollandse wonings afgeneem (De Kock 1976:294). Dit is onseker oor wanneer Elliott sy foto's van Tokai geneem het. Sy tweede foto-uitstalling, wat argitektuur insluit, word in 1913 in Pretoria, Kaapstad en elders gehou. Fransen (1993:9) reken dat daardie uitstalling die beste van sy argitektoniese foto's ingesluit het. Tokai-woning was 'n voorkeurwoning om af te neem en word in die versamelings van Jeffreys, E. Steer, die Ouditeur-generaal, en ander in die KAB gevind. Daar is dus besluit om 'n arbitrêre datum van ca. 1913 vir Elliott se foto's te gebruik. Die foto van die pilare op die terras met die wynkelder in die agtergrond se verwysing is NASA, KAB 1913a. Die Ouditeur-generaal se foto van die woning wat soortgelyk aan die foto van Elliott is, maar die voorkant van die woning vertoon, word dus ook as ca 1913 gedateer en word verwys as NASA, KAB ca 1913. Hierdie datums is arbitrêr, maar in die argumente wat gebruik word, maak dit wel sin. E. Steer se foto's van Tokai-woning verskyn in 'n publikasie van Fairbridge (1922). Steer se foto wat in die KAB bewaar word, word na aanleiding van die publikasie as ca 1922 gedateer en die verwysing is NASA, KAB ca 1922. Die foto is noodwendig voor die publikasiedatum

geneem. Datering van Elliott-foto's deur Fransen (1993) is net so gebruik.

Die Harvard-verwysingmetode is gebruik. Die gebruik van die metode is deur die promotor goedgekeur en nagesien. Die proefskrif toon aan dat die verwysingsmetode suksesvol in Geskiedenis gebruik kan word. Die gebruik van die Harvard-metode kan aanbeveel word, want dit sluit nou aan by tendense wat tans in ander dissiplines gebruik word. Die Harvard-metode is nie onoorbrugbaar wanneer argiefdokumente gebruik word nie.

Die navorsing is vir twee jaar moontlik gemaak met geldelike ondersteuning van onderskeidelik die Noordwes-Universiteit en die Nederduits Gereformeerde Kerk, soos toegeken deur die Beursafdeling van die NWU, asook van my man, dr. Emile van Rooyen.



## Hoofstuk 2: Eienaarskap van die groter Steenbergvallei

### 2.1 Inleiding

Die omliggende landelike omgewing van die groter Steenbergvallei vorm die geografiese gebied waarbinne die Tokai-area later sou ontwikkel. Die historiese betekenis van die oopstelling van die gebied is onmisbaar by die verheldering van die landtekens en -merkers van Tokai. Sodoende word tasbare en nietasbare erfenis uitgelig. Die geskiedenis van die bewegingspatrone van San en Khoi in die area is van wesenlike belang. Daar word van erfenisimpakstudies verwag om rekenskap te gee oor prekoloniale groepe (Winter, Baumann 2005:11), maar argeologiese rekords ontbreek vir die groter Steenbergvallei, behalwe die navorsing van Goodwin (1952:143), ca 1920's. Ten laaste word daar na die oopstelling van die grond gekyk wat later as Tokai-park bekend sou word. Die enkele eenaars word kortliks genoem. Periodies strek die hoofstuk tot ongeveer 1802.

Daar word op die literêre werk van tydgenootlike bronne, en waar nodig, argiefnavorsing, gesteun. Constantia<sup>1</sup> is 'n onderwerp waaroor besoekers aan die Kaap de Goede Hoop, soos Mentzel, Kolb en Valentyn, rapporteer en na die omgewing verwys. Die werk van genoemde skrywers verg egter kritiese lees en moet sover moontlik aan dokumentasie of ander literatuur getoets word. Mentzel (1944) en Valentyn (1971,1973) is reeds aan kritiek deur redakteurs van die Van Riebeeck-vereniging onderwerp. Die enigste twee literêre skrywers wat elk vir ongeveer agt jaar aan die Kaap gewoon het, was O.F. Mentzel, 1732 of 33 tot 1741 en P. Kolb, 1705 tot 1713. Abbé de la Caille het vir twee jaar hier vertoef en Carl Thunberg vir drie jaar. Die predikant, F. Valentyn het soos Bogaert, Valliant, Sparrman en andere net voëlvlugte in die land onderneem. Die historikus, H.J. Mandelbrote, sonder O.F. Mentzel se werk uit as 'n primêre bron en 'n kritiese kommentaar op die werk van sy tydgenote (Mentzel, 1944: xvi, xx, xxv). Valentyn word lank reeds deur deskundiges gereken as 'n oorskrywer uit verskeie ander bronne. Min van sy werk spreek van persoonlike waarneming (Valentyn 1971:x). Groot gedeeltes van sy berigging oor Constantia en die groter Steenbergvallei berus op oorskryfery uit die werk van Peter Kolb, *Caput Bonaei Spei Hodiernum. Das ist Volständige Beschreibung des Africanischen Vorgebürges der Guten Hoffnung*, uitgegee in 1719 in Nurenburg (Valentyn 1971:x,192-6, vn;1973:292). Soms is hele paragrawe uit Kolb oorgeneem, soos met die beskrywing van die Keiserrivier (1971:197, vn 34). Valentyn kan nie geïgnoreer word nie, want sy reisverhaal word as 'n bron in bestaande publikasies gebruik. Die tersaaklike gedeeltes oor die Steenbergvallei is onder meer deur Burman (1962:79) gebruik. Die geredigeerde weergawe van die Van Riebeeck-vereniging is baie bruikbaar, veral omdat die redakteurs reeds die vergelyking met Kolb se werk gedoen het. Kolb is om die rede nie geraadpleeg nie.

---

1 Constantia verwys merendeels na die munisipale afbakening of Van der Stel se plaas. Schutte (2003:xii) verwys na Groot Constantia. Groot Constantia word hier na die beginperiode van Hendrik Cloete, 1778, gebruik.

Erfenisimpakstudies in ooreenstemming met die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999, omvat ook die geskiedenis van die argeologie. 'n Argeologiese verslag oor die Porter-eiendom, “Archaeological impact assessment of the Porter Estate”, voorberei vir die Porter Landskapgroep, Junie 2001 en opgestel deur 'n argeloog van die Argeologiese Kontrakkantoor, Universiteit van Kaapstad, kon nie opgespoor word nie, selfs nie met behulp van interbiblioteeknavrae nie. Die omslag van die verslag is wel in die argief van die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap, SAEHA (SAHRA 2001). Daar is op bewese navorsing oor die groter gebied gesteun. Ten einde die moontlikheid van Khoi-standplase plaaslik te ondersoek, is die bewegingspatrone van die Khoi-herders tydens die vyandelikhede van 1659-1661 uit die Van Riebeeck-joernale ondersoek. Die joernale wat gebruik is, is deur die Van Riebeeck-vereniging in 1952, 1954 en 1958 onder redakteurskap van H.B. Thom uitgegee. Vroeë waarnemingstogte en beskrywings sluit hierby aan. Dit kom hoofsaaklik uit die pen van Raven-Hart (1967). Die vroeë koloniale geskiedenis van die VOC-era word meesterlik deur Sleigh (2004) hanteer. Dit is dan ook 'n gesaghebbende bron by die bestudering van die VOC-era vir die streek.

## **2.2 Prekoloniale landtekens met betrekking tot die Steenbergvallei**

### **2.2.1 Vroeë verkenning van die Steenberge: naamgewing**

Die verkenning van die Skiereiland verder weg van Tafelbaai en naamgewing van plekke hou verband. Die joernaalskrywers van die eerste dagboeke vanaf 1652, soos vervat in die Van Riebeeck-reeks (Thom (red.) 1952;1954;1958), vermeld nie inheemse name vir bergreekse of pieke deur die Kaapse Khoina nie. Wanneer Oedaso op 4 November 1660 versoek dat hy graag in die “skuiling van die Steenberge” onder die beskerming van die Hollanders wil intrek, word die Nederlandse naam, Steenberg, neergeskryf en nie 'n Khoi-naam nie (1958:277,279). Dit skep die indruk dat die Kaapse Khoina nie werklik plekname vir berge gegee het nie, of dat hulle eerder na die gebied van 'n leier of 'n groep verwys het. Hierdie praktyk is ook deur die Hollanders gevolg. Grond is nie aan 'n pleknaam gegee nie, maar die bewoner is verwys, soos die gebied van die Saldanhars of Oedaso se grond; of die Land van die Namaquas. Die taal van die Khoina was vreemd op die oor van die blankes – dit is opvallend dat die eerste tolke soos Harry, Eva en Doman uit die Khoi-geledere gekom het en nie uit die Hollandse taalgroepering nie. Trouens, Elphick (1977:103) redeneer dat die Hollanders nie 'n poging aangewend het om die Khoina se taal te probeer verstaan het nie. Hulle het ook op die tolke gesteun om hul van inligting omtrent die geografie en etnografie te voorsien. Maar dit is nie heeltemal so eenvoudig nie, want teen 1663 of 1664 is die eerste woordelys, die Wreede-woordelys in Amsterdam gedruk. Dit is tussen 1659 en 1663 deur G.F. Wreede aan die Kaap de Goede Hoop opgeteken en saamgestel en na Amsterdam gestuur (Godée-Molsbergen 1916:215).

Van belang vir die studie is die Skiereilandse Khoina, naamlik die Gorachouquas (Tabakdiewe), Goringhaiqua (Kaapmans) en Goringhaikona - die Strandlopers of Watermanne (Sleigh 2004:62). Vanaf Julie

1658 word oorwegend na die stamme op hul Khoi-name verwys (Thom 1954:172,189,295). 'n Vierde groep, die Cochoquas of Saldanhars<sup>2</sup> met hul hoofman Oedaso, het jaarliks van hul gebied suid van die Bergrivier na die Skiereiland agter weiding aangetrek en het ook oorstaanplekke gehad (Thom 1952: 368vn;1954:104). 'n Bewuswording by die Europeërs van die kultuurgoed soos taal en benoeming van begrippe uit die leefwêreld van die Khoina het traag posgevat, maar nie totaal uitgebly nie. Vir die setlaars was hul eie kultuur superieur tot die plaaslike kultuur. Verkenning en benoeming van die omgewing is veral sterk deur verslae van reisigers voor 1652 om die Kaap beïnvloed.

Die benoeming van landtekens aan die Kaap is deur die eerste seevaarders om die Kaap toegeken en opgeteken sonder inagneming van die inheemse plekname. Hierdie praktyk is reeds sedert 1601 deur die Nederlanders voortgesit (Godée-Molsbergen 1916:6). Ou verslae voor 1652 maak geen melding van die Steenbergvallei nie. Wanneer skipbreukelinge of matrose by geleentheid Tafelberg uitgeklim het, is dit gewoonlik opgeteken, soos toe Antonio de Saldanha in 1503 die berg uitgeklim het (Raven-Hart 1967:8). Skepe wat by die Baai van Saldania (Tafelbaai) aangedoen het, het vars water en kos, gewoonlik vis en meesal vee, van die inboorlinge deur ruilhandel bekom om aan boord te neem. Probleme soos skeerbuik en beskadigde skepe het veroorsaak dat daar dikwels langer in Tafelbaai vertoef is, waartydens siekes in tente op die strand versorg is of skipbreukelinge op die strand moes bivakkeer. Hoewel dit die indruk laat dat daar tyd vir verkenning was, blyk daar min gegewens oor die oostekant van Tafelberg, behalwe vir die kap van timmerhout wanneer herstelwerk aan maste gedoen moes word. Raven-Hart (:44) reken die houtveld was in 1608 ongeveer 3 myl vanaf Tafelbaai.

Verkenning voor 1652 het selde plaasgevind, hoofsaaklik weens vrees vir roofdiere en inboorlinge. Die berge was boonop ru en vreesaanjaend, soos beskryf deur Edward Terry in Junie 1616: "This remotest part of Africa is very mountainous, over-run with wild beasts, as lions, tigers, wolves, and many more beasts of prey" (Raven-Hart 1967:82). Hierdie indruk van angsbelewing vir die ruwe en onbekende binneland blyk ook uit sketse en beskrywings na 1652. In 'n skets van Tafelbaai in 1658 deur ene Schouten word Tafelberg grotesk tot die omgewing uitgebeeld (Thom 1954: teenoor 190). Die Steenberge kon vanaf drie plekke verken word: via Houtbaai wat die westekant van die Steenberge vertoon, om Tafelberg aan die oostekant en vanaf Valsbaai. Teen 1652 was dit 'n ruwe en afskrikwekkende binneland.

Hierdie ruwe karakter van die binneland het dan ook die eerste Europeërs na 1652 geïntimideer. Die Steenberge is vir die eerste keer in Augustus 1653 deur die Van Riebeeck-geselskap binnegedring toe die bootsman en kanonnier te voet vanaf Houtbaai na Valsbaai vertrek om die Valsbaai-omgewing te verken. Drie dae later, op 3 Augustus, het slegs die bootsman teruggekeer. Die kanonnier het weens hipotermie omgekom. Hoewel Van Riebeeck 'n soekgeselskap uitgestuur het, word nie weer van die noodlottige insident gelees nie (Thom 1652:167,169). Die ruwe berge, onvriendelike klimaat en wilde diere het verken-

---

2 Daar was twee groepe Cochoquas (Saldanhars) met leiers Ngonnemoa en Oedaso van die Saldanha-omgewing (Thom 1952:305-6).

ners afgeskrik. Wild in die Houtbaai gebied word reeds op 6 Mei 1652 gerapporteer (:37).

Die kortste roete vanaf Houtbaai na Valsbaai is via die Baviaanskloof tussen Vlakkenberg en Constantia-berg (Prinskasteelberg). Maar dan sou die bootsman en kanonnier hul teen die Afromontane bosse van Donkerboskloof en Langboskloof asook steil kranse aan die oostekant van die Steenberge vasgeloop het. In 1714 is na 'n ondersoek onderskeidelik vier en twee klowe bokant Constantia van Simon van der Stel en op Prinskasteelberg genotuleer (TANAPb 1714:1714a). Die roete van die twee verkenner in 1653 moes daarna suid oor die oostelike hange en onder die rotswande van Prinskasteelberg na Valsbaai toe geswenk het. In die winter is die vlakte bedek met moerasse, vleie en waterstrome. In 'n goeie reënseisoen kom syferwater voor. In daardie stadium was daar nog nie hout ontgin nie – die terrein was dus dig begroei met fynbosstruik en volop wild wat waarskynlik buffels ingesluit het. Selfs kommissaris Hendrik Adriaan van Reede verwys in 1685 in sy dagboek na die aard van Van der Stel se grond as vol “landt heijde, moras, doorn en boslandt” (Böeseken 1964:206). Verkenning vanuit Houtbaai is dus deur onherbergsame terrein bemoeilik. Vrees vir die omgewing weg van die Fort het nog vir jare lank voortgeduur, soos toe die soldaat, Louijs Labé, in 1659 alleen langs Leeukop gaan visvang het. 'n Gedeelte van sy kopbeen, sy klere en enkele beendere is twaalf dae later op 12 September 1659 gevind (Thom 1958:130).

Die Steenberge is ook nie vanaf Valsbaai verken nie, moontlik omdat dit so na-aan Tafelbaai was waar skepe in die 1500's vir water en veeverruiling aangedoen het (Becker 1980:4). Die afstand tussen Hangklip (Hanglip) en Kaappunt is ongeveer 25 kilometer (Raven-Hart 1967:81). Raven-Hart en Tredgold (1995: 21-2) reken dat sterk winde skepe teruggehou het. Die bemanning moes vir ure teen die wind stoei. Sleight (2004:295) vergelyk die baai met 'n perdehoef. Die baai-opening wys suid in die rigting van die somermoesonwind. Dit middelgang van Valsbaai is onbeskut teen beide die somer- en winterseisoenwind, maar bied beskutte strande aan die westekant. Die oostekant, begrens met hoë berge, loop deur onder die suidewind. Dit is juis aan die oostekant by Hangklip waar die Portugese seevaarders by die Dolce-, later Lourens-rivier, aangedoen het om vars water in te skeep. Beskrywings deur seevaarders het merendeels op Hangklip en die gevaarlike rotse in daardie omgewing gefokus, soos dié van John Davis in 1615 (Raven-Hart 1967:81). Bekker (1980:10) se slotsom is dat die Portugese seevaarders die kuslyn om Kaappunt as bedrieglik beskou het. Slegs een Portugese skip, die *Bom Despacho*, het in 1630 in Valsbaai geanker om noodsaaklike herstelwerk aan die vaartuig te doen. Maar volgens rekord het geen persoon voet aan wal gesit nie (:7). Die baai sou eers in die vroeë 18 de eeu as 'n geskikte wintershawer ondersoek en bevind word (Sleight 2004:298-301; Bekker 1980:56-9).

Verslae van verkenning van die oostelike Steenberge vanaf Tafelbaai is ook beperk. Ook uit die eerste verslag oor Houtbaai van die Fransman De Beaulieu, voor 1652, word nie melding van die verkenning van die Constantiabergarea gemaak nie. Hoewel Raven-Hart (1967:99) beweer dat De Beaulieu wel die Steenberge beskryf, is dit onseker. Augustin de Beaulieu rapporteer in Maart 1620 dat sy soldate aan die

westekant, dus verby Leeukop, om Tafelberg gestap en die see op twee plekke gesien het – Raven-Hart meen dit was Houtbaai en Valsbaai wat hulle gesien het. Dit is slegs moontlik om Valsbaai vanaf Houtbaai te sien wanneer 'n mens op die bergkruin van die Twaalf Apostels staan. Die feit dat hulle ook die Vlakte as vrugbaar beskryf en die ligging daarvan tussen die westelike en oostelike bergreekse kon waarneem, bevestig dat hulle redelik ver suid op die bergkruin was. Hul beskrywing van die inheemse bome, volgens Raven-Hart moontlik geelhoutbome, was dat dit hoog gegroei en so dik soos appelbome met 'n baie harde hout gelyk het. Hierdie verslag van De Beaulieu se manskappe het hom nuuskierig gemaak en hy onderneem die volgende dag sy eie tog. Sy roete neem hom na agter Tafelberg<sup>3</sup> en hy loop ongeveer 3 “leagues” of 14,5 km in die binneland in verby die invloei van die Liesbeek in die Soutrivier. Anders as sy makkers stap hy dus aan die oostekant van Tafelberg om. Voorts merk hy die oorsprong van die Liesbeek op in die berge tussen Kaappunt en “this Bay”: “This stream has its source in the mountains which lie between the point of the Cape and this Bay and forms the boundary to the West.” Volgens Raven-Hart word hier na die Steenberge verwys, maar dit is moeilik om dit te bevestig, want die Liesbeek begin teen die oostelike hange van Tafelberg. Ek reken “this Bay” was waar hy sy verslag geskryf het – is Tafelbaai. De Beaulieu kon moontlik op grond van sy getuienis - plus die getuienis van sy makkers se verslag van die vorige dag - aflei dat daar nog 'n bergreeks agter Tafelberg was, maar die oorsprong van die stroom se beskrywing suggereer dat hy gedink het dit is een bergreeks. De Beaulieu (Raven-Hart 1967:100) het voorts die wild as oneindig beskryf, naamlik baie soorte soos ape, marmotte (dassies), leeus, rooikatte, jakkalse, ystervarke, volstruise, olifante en ander diere wat hy nie ken nie. Dit verhoog die aanname dat De Beaulieu nie alleen gestap het nie, want die terrein was na alle waarskynlikheid dig bebos, bedrieglik en baie gevaarlik.

Vroeë seevaarders, soos Thomas Roe in 1615 (Twidle 2010:52), het die Skiereiland as 'n argipel of see-eilandgroep beskryf. Roe beskryf die suidekant as “On the southend whereof is the Cape of Good Hope, divided from the Mayne by a deep Bay on the S.E. side.” Jan van Riebeeck (Thom 1954:142,164-5,190) onderskei in 1657 tussen die Bosberge, wat agter Tafelberg gereken is, en die Steenberge. Hy beroep hom op die kaart van die kommissaris van die Raad van Indië, Rijkloff van Goens, se eerste besoek aan die Cabo de Bona de Esperansa, April en Mei 1655, toe laasgenoemde 'n kanaal tussen Tafelbaai en Valsbaai beplan het (Thom 1954:9, vn). Böeseken (1948: Kaart 52) beskou Vlakkenberg as deel van die Bosberge, maar volgens Van Riebeeck (Thom 1954:104vn;142,213,226;1958:90,95) was die Clooffpas of Kloofpas (Constantia-kloof) die skeiding tussen die Bosberge en die Steenberge. Die vertolking van die Tafelbergreeks wat vanaf Tafelbaai tot by ongeveer Vishoek as een bergreeks deur vroeë besoekers voor 1652 gesien is, was dus heeltemal moontlik.

---

3 Die Bosberg of Klassenkop lê agter Tafelberg, maar noord van Constantia-kloof. Die Agtertafel lê tussen die Bosberg en Tafelberg (MapStudio 1995:62; Thom 1954:142).

Tredgold (1995:39) merk op dat die mense van die 17de eeu nog nie bewondering vir die natuurskoonheid van berge gehad het nie, maar dit met vrees beskou het. In die 18de eeu het dr. Samuel Johnson deur die Skotse Hooglande gereis en daarop aangedring dat die blindings van sy koets dig moes hang om die uitsig van die “horrod crags” te verberg. Die skrywer reken na 'n lang seereis wou die mense strand sien en aan land gaan.

### **2.3 Khoi-woorde en woordelyste: gebruikstaal, maar nie plekname nie**

Daar is reeds gewys op die traagheid van die setlaars om Khoik-benamings of te leer ken of te probeer skryf. Heelwat later sou Khoi-woorde deel van die Europeërs se woordeskat word. Die eerste neder-setters het dikwels die Khoi-taal verwarrend en onverstaanbaar gevind (Mentzel 1944:271). As gevolg van die suig- of klikklanke was dit 'n moeilike taal om aan te leer, hoewel enkelinge blykbaar goed daarin geslaag het (Boshoff, Nienaber 1966:25). Dit blyk uit twee Khoi-woordelyste wat voor 1700 die lig gesien het. Die Wreede-woordelys, wat in óf 1663 óf 1664 in Amsterdam gedruk is, word deur die Here XVII in 1664 bevestig, maar die navorser van die Van Linschoten-vereniging in Nederland, dr. E.C. Godée-Molsbergen, kon nie 'n gedrukte kopie opspoor nie en het die handgeskrewe kopie laat herdruk (1916:215). Die bekende skrywer, Peter Kolb, het ook 'n woordelys in sy boek, *De Beschrijving van de Kaap de Goede Hoop* (Amsterdam, 1727), opgeneem, maar die outeur van die woordelys was in werklikheid Jan Willem De Grevenbroek wat in 1705 'n kopie aan Francois Valentyn gegee het (Godée-Molsbergen 1916:225). Hoewel beide woordelyste van belang vir navorsers is om die leef- en denkwêreld van die Khoina beter te verstaan, is weinig inheemse plekname opgeteken. Ook het kartograwe baie selde nedersettings van Khoi-krale of staanplekke aangedui. Omdat Khoi-krale seisoenaal van plek verwissel het weens behoefte aan weiding, is hul gebiede baie selde gekarteer<sup>4</sup> (Glatigny, Maré, Viljoen 2008:1-2). Die seisoenale bewegings het ook die aanleer van die taal deur die Europeërs bemoeilik, want daar was streeksverskille in hul taal. Mettertyd het verskeie woordelyste gevolg, maar dit behoort merendeels aan Khoi-stamme wat buite die Skiereiland gewoon het (Boshoff, Nienaber 1966:26).

'n Klein seleksie van 17de eeuse Nederlandse woorde met betrekking tot die geografie van die Steenberge toon geen verband met Khoi-woorde in die twee opgetekende woordelyste, soos gepubliseer in Godée Molsbergen (1916:215-233), nie.

---

4 Kaartwerk was teen 1700 nog onbevredigend. 'n Bespreking van die moontlike oorsprong van Valentyn se kaart suggereer dat die vroegste kaart in ca 1688 geteken is (Valentyn 1971:21-30). Dit is dus onwaarskynlik dat kaarte voor 1700 Khoi-krale in die groter Houtbaai-, Steenbergvalleie en die Kaapse Vlakte langs die Steenbergvallei sou aandui. Die gebied word wel op Valentyn se kaart as die area van die “Goringaiquas” aangedui (:teenoor 34, Inlaskaart).

## Seleksie van Nederlandse en Khoi-woorde

Nederlands/ Bataafs	Khoi-taal : G.W. Wreede, ca 1659-63	Khoi-taal : J.W. de Greven-broeck, ca 1695. Gepubliseer deur P. Kolb
Scaepen / schaap	Goudie	Gh~oudie
Koeyen	Goies	Gojes
Rivier of / water	K'â / kamma	kamma
Bomen	Bi inquäa	Āy - Büng~uaá
Buffel of stier	Qu'Arahó / t'Aouv	Qu'~Araho
Berg	K'koe	K~hu
Klippen	Yqua	(Steen of rots) Héiqua
Klowe	a'ouv	Āduob
Hout	equa	-

Jan van Riebeeck het die voorbeeld gestel om die Khoi-stamme korrek te probeer benoem (Thom 1954: 189,295). Die Steenberge kon moontlik 'n vertaling van 'n Khoi-woord wees, maar die naamgewing van die Steenberge het in die eerste vyf jaar van die Hollanders se verblyf plaasgevind (:142). Dit is eerder vanuit 'n Hollandse denkpatroon gegee. Die Nederlanders het landtekens en sake in hulle eie taal volgens hul waarneming van die omgewing in die Kaap benoem. Hierdie plekke is in dokumente beskryf. Die lede van die Europese geselskap het nie altyd uit die boonste geleerde lae van die samelewing gekom nie. Hulle het ook uit verskillende Nederlandse dialektgebiede gekom en moes hulle by 'n nuwe omgewing met eiesoortige behoeftes aanpas. Die Nederlands van die 17de eeu het veral sterk op die provinsies van Noord- en Suid-Holland berus. Dit verklaar waarom daar dikwels na die taal as Hollands verwys word. Maar die taal was nóg in inhoud en nóg in naam 'n uniformiteit, maar 'n eenheid in verskeidenheid, soos in alle kultuurtale. Die naam van die taal is daarom Nederlands, want Jan van Riebeeck het reeds 'n klomp wisselvorme na die Kaap gebring (Boshoff, Nienaber 1966:18-19).

Met verloop van tyd het die Hollanders die inheemse taal begin bemeester. Latere ekspedisies, soos die van Hendrik Hop<sup>5</sup>, het dikwels Khoi-name vertaal, soos die Koussie- of Buffelsrivier by Namaqualand. Dit is ook die Groot Sandrivier genoem (Mentzel, 1944:132, 133,137vn180,142 vn190). Navorsing oor plekname in die Khoi-taal het nie agterweë gebly nie, soos blyk uit die publikasie van G.S. Nienaber en P.E. Raper. Die eerste pleknaamwoordeboek, *Toponymica Hottentotica* ( Pretoria), is deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing in 1977 uitgegee.

5 Hendrik Hop het in 1761-1762 na die land van die Namaquas gereis (Mentzel 1944:128-142).

Die Khoina het instinktief sekere areas weens roofdiere en swak weiding asook gevaarlike ligging teen vyandelikhede vermy, maar dit sou hulle nie verhinder het om plekke aan landtekens in herinnering te roep nie (Boshoff, Nienaber 1966:26). Die onderskeie Kaapse Khoi-groepe het deur oorlogvoering en ander teenslae maklik hul vee verloor, verarm en van gebiede verwissel weens die kwesbaarheid van hul herdersekonomie (Elphick 1977:45-6;67-8). Dit was dus moeilik om 'n gelokaliseerde plek te benoem weens die wisseling van krale, maar daar was meer permanente vestings. Claas Jagersberg, naby die Kaap De Goede Hoop-natuurreservaat, is vernoem na Claas Jager, die leier van 'n onbekende Khoi-stam wat in 1754 daar gewoon het (Sleigh 2004:308). Tafelberg se inheemse naam, Hoerikwaggo, word in 1994 in ere herstel. Die eerste optekening van Hoerikwaggo of Hoer'kwaggo kan na majoor Robert Gordon<sup>6</sup> in 1779 teruggetrek word. Hy het die woord, wat seeberg beteken, by die Khoina gehoor en opgeteken (Twidle 2010:5). Daar moet in gedagte gehou word dat Gordon se optekening van die naam meer as 'n eeu na die eerste naamgewing deur Europeërs geskied. Dokumentering van Khoi-plekname is dus wel gedoen, maar selektief. Die Steenberge, Steenbergvallei of Constantiaberg en ander landtekens kan tot hede egter nog nie na Khoi-benaminge teruggevoer word nie.

## **2.4 Prekoloniale geskiedenis van die die Steenbergvallei: die San of Sonqua en die Khoina**

Argeoloë onderskei die Steentydperk en die Ystertydperk se mense aan hul werktuie. Die Ystertydperk se mense was landbouers met vee en hulle het hul in die ooste van die land gevestig, terwyl die mense van die Steentydperk klipwerktuie gehad het en hoofsaaklik veeboerdery bedryf het. Die veeherders in die Wes-Kaap is deur jagterversamelaars of die San voorafgegaan. Argeologiese navorsing toon dat die voorgeslagte van die mense, wat deur die eerste Europeërs in die Kaapse Skiereiland aangetref is, reeds uit die laat Middelsteentydperk dateer (Goodwin 1952:135).

Werktuie uit die Voorstellenbosch- of die Vroeë Steentydperk is volgens die argeoloog, Goodwin (1952: 127-9), by Alphen en in die Constantia-vallei gevind. Die plekke in die vallei is by Kloofpas, 700 vt. / 213.36 meter, Kirstenbosch 450 vt/137.16 meter en Bishops court 350 vt / 106.68 meter bo seevlak geleë. Goodwin argumenteer dat die rykste bron van neerslae om werktuie op te spoor, waarskynlik in die gruis van strome oor die Constantia-vallei, die Wynbergheuwel, die berge tussen Duiwelspiek en die Steenberge te vinde is. Werktuie is deur die strome verstrooi. By Silverhurst is werktuie uit die Vroeë Steentydperk op ongeveer 60 vt. / 18.288 meter tussen die wingerde en landerye gevind.

Middel- en Laatsteentydperkwerktuie is moeilik in die Skiereiland te vind. Weinig werktuie van die Middelsteentydperk is met enkele neerslae by onder meer Lakeside (die westelike oewer van Sandvlei) en by die Zeekoevlei op 'n 25 vt /7.62 meter hoë kuslyn waargeneem. Progressiewe werktuie word daarna

---

6 Twidle (2010:5) haal Robert Gordon in G.S. Nienaber en P.E. Raper (1977), *Toponymica Hottentotica*, uitgegee deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, p.568.



op die vloer van die Vishoekvallei gevind, waarskynlik afkomstig van 'n wye grot op hoër sandduine en laer heuwels. Hierdie grot is vernoem na die amateurargeoloë, Victor Peers en sy seun Bertie, wat in die vroeë 1920's daar navorsing begin doen het. Hierdie neerslae het argeoloë in staat gestel om die verband tussen die werktuie en 'n spesifieke menspesie te maak, naamlik die Vishoekmens (of -skelet). Die Vishoekmens is verwant aan die moderne mens, maar behoort tot 'n uitgestorwe ras. Sekere karakteristieke is verwant aan die San, terwyl ander merkbaar verskil. 'n Klein San-gesig volg op 'n groot breinholte en 'n lae skedel. Laagvorming het 'n aantal grafte van die San en Khoina met 'n hoë voorkop, 'n relatiewe klein breinholte en gesig met die skedelopening na agter, opgelewer (Goodwin 1952:131-5).

Die Steentydperkmense, voorsate van die San en die Khoina, se leefstyl word onder meer uit afvalhope afgelei. Hoewel die een groep eeue later deur Jan van Riebeeck as die Strandlopers weens hul unieke leefstyl benoem is, is hulle fisies en kultureel verwant aan die ander Khoi-groepe wat Van Riebeeck ontmoet het. Dit was min of meer die teorie tot in die middel 1980's toe argeologiese vondse die verwantskap tussen die San en Khoina begin betwyfel het (Arthur 2008:209). Desnieteenstaande het vroeë navorsing waardevolle inligting oor die Steentydperkmense uit afvalhope by grotte in die Wes-Kaap opgelewer. Goodwin (1952:135-6,137,142) beskryf grotte so hoog as 1000 vt / 304.8 meter met neerslae van skulphope. Afvalhope het tekens van dierlike en plantafval bevat. Meer voedsel het 'n groter bevolking beteken, ongeveer 1 persoon per 1.6 km<sup>2</sup> soos blyk uit skuilings en grotte op die kuslyn van die Skiereiland. Die afvalhope is in grasland, tussen sandduine en teen berghange gevind. Maar in byna elke grot in die Kaapse Skiereiland is tekens dat neerslae uit die Laatsteentydperk deur onoplettenheid verniel of vernietig is. Sodoende is 'n moontlike bewyslaag uitgewis. Elphick (1977:44,39) reken dat die Khoina die eerste vreemde groep was wat die Kaapse Skiereiland ingetrek het, maar daar is argeoloë wat reken dat linguistiek, kulturele en fisiese antropologie voldoende getuienis bied om af te lei dat die San en die Khoina verwant is; dat die Khoina as 'n jagtersgroep sy oorsprong in suidelike Afrika het en dat daar gevolglike interaksies tussen die San en die Khoina se onderskeie geskiedenis is (Arthur 2008:209).

Dit sou eers na die ontdekking en identifikasie van herderkrale by Kasteelberg op die Vredenburgse Skiereiland in die middel 1980's wees dat 'n kulturele onderskeid tussen die twee groepe al hoe meer wys. Etnografiese literatuur lei argeoloë tot die besef dat herders in die Wes-Kaap in die prekoloniale era 'n spesifieke pastorale leefstyl in marginale grasland gevolg het. Dit is strydig met die San, wat nie grondeienaarskap of die opgaan van kuddes uitgeleef het nie. 'n Aantal persele in die Vredenburgse Skiereiland wat oor die Swartland uitkyk, is ondersoek en daar word 'n duidelike onderskeid tussen herder- en jagterpersele waargeneem (Arthur 2008:209-10). Herderpersele vertoon meer potskerwe, maalstene, groot volstruiseierdoppe en herderdiere se beendere in teenstelling met die voorkoms van beendere van wilde diere, minder potskerwe, klein volstruis-eierdoppe, skulpskrapers en enkele maalstene by jagters. Twintig jaar na 1986 is argeoloë in staat om met behulp van modelle, gebaseer op sekere soorte en tipes artefakte, tussen jagters en herders te onderskei. Drie verskillende ontruimde gebiede, by Kasteelberg, Boesman-

land en die Seekoevallei (Seacow Valley) illustreer voorts dat herders gebiedsgebonde aan plek en omgewing was. Hierdie siening word in kontras tot Van Riebeeck se waarneming gedoen, naamlik dat herders konstant aan die beweeg was, op soek na weiveld. Ook is dit onwaarskynlik dat binnelandse riviervalleie op die kusvlaktes van die Wes-Kaap noodwendig argeologiese data sou oplewer (Arthur 2008 : 212).

Van Riebeeck het ongetwyfeld die bewegingspatrone van die Khoi-stamme genotuleer. Die Van Riebeeck-waarneming waarna Arthur verwys, kan myns insiens nie summier verwerp word nie. As verskaffers van vee was die bewegingspatrone van die Khoi-herders baie belangrik vir Van Riebeeck en sy geselskap se ekonomiese funksie binne die VOC – so ook vir die beskerming van die setlaars se veekuddes. Glatigny, Maré en Viljoen (2008:301) bevestig dat die nomadiese lewenstyl van die Khoina ook deur reisigers opgeteken is. Willem ten Rhyne, chirurgijn van die VOC, het in 1673 sy reis na Java onderbreek om 'n paar maande saam met die Khoina te spandeer. Hy merk op dat die Khoi-groepe sonder grense of grenslyne van mekaar geskei leef, of “inter se nulli fines”. Ook die Duitse medikus, J.D. Buttner, het in die vroeë 18de eeu gevind dat die Khoina se verhouding tot die grond eerder met betrekking tot gebruik as eienaarskap was. Argeologiese persele wat die belangrikheid van Khoi-krale bevestig, suggereer 'n sentrale kraal of blyplek, maar dat ter wille van weiding rondgetrek is, is ook waar. Van Riebeeck se waarneming is dus nie so verkeerd nie, want die gebruik van standplase rondom die eerste nedersetting deur rondtrekkende Khoi-herders suggereer plekgebonde kamp- of kraalplekke wat sekere tye van die jaar beset was (Thom 1952:292,368-9). Dit suggereer 'n seminomadiese herdersbestaan, soos ook deur Glatigny, Maré en Viljoen (2008:304) gesien.

Dit wil voorkom of Van Riebeeck wel tussen kampplekke en krale onderskei. Tydens seisoenale besoeke het die Khoina 'n kamp opgerig deur die hutte in 'n sirkel te plaas en die vee in die middel te huisves (Thom 1952:369). 'n Kraal was dus 'n struktuur wat met plantmateriaal of klippe opgerig is. Die “Ronde Doorn Bosjen” (1954:71) (Rondebosch) was 'n sirkel doringbome of -struike<sup>7</sup> wat moonlik as 'n kraal deur die Khoina gebruik is. Boshoff en Nienaber (1967:369) onderskei 'n kraal as “... 'n beperkte omheinde ruimte vir beskerming van vee” en Khoi-stat. Die skrywers voer hul afleiding terug na Van Riebeeck. Die vryburgers van die Harmans- en Stevens-kolonies het in Junie 1657 'n verkennigstog van vyftien uur suidwaarts onderneem. Die nag het hulle oorval en hulle is huisvesting deur die Kaapmans aangebied. Die Kaapmans het onmiddellik en “volgens gewoonte” takke gaan haal om 'n borswering as beskerming teen wilde diere om die vryburgers te vorm (Thom 1954:122). Geen terrein was werklik veilig in die 1650's nie. Kolb se siening van 'n kraal, hutte met die skape binne die sirkel en die beeste

7 Op navraag onderskei dr. Tony Rebelo (2016) die *Asparagus*- en *Lycium*-spesies as moontlike plante wat vir krale gebruik kon gewees het. Hoewel etlike plantname van kraal afgelei word, word die name nie in Thinder-Smith (2006) vir hierdie area aangedui nie. Die katdoring (*Asparagus capensis*), basterpendoring (*Putterlickia pyracantha*) en kraalkriedoring (*Lycium afrum*) word deur Rebelo (2016) voorgestel en kom in Thinder-Smith (2006:58,198,236) voor.

buite om die hutte (Glatigny, Maré, Viljoen 2008:306) dateer uit ca 1700's en kan nie op die onherberg-same en onveilige terrein van die 1650's toegepas word nie.

Teen so vroeg as 1497 het die eerste moderne seevaarders San in Tafelbaai opgeteken (Smith, Malherbe e.a. 2004:35). Die San of Sonkwa het van jag en die versameling van plante geleef, soos die uitgraving van knolle (kormusse) van die *Iridaceae* soos watsonias, moraeas en gladiolusse. Ook ander plantmateriaal soos sade, bessies en ander bolle is versamel (Parkington 1992:73-4). Navorsing in die Richtersveld het 70 plantspesies as eetbaar, 40 as medisinaal en 43 vir ander gebruike geklassifiseer. Laasgenoemde groep sluit plante in vir gebruik as matjies en boumateriaal. 'n Verdere veertien spesies is as vuurmaak-hout gebruik. Aan die kus is die vleisdieet met jag op kleiner boksoorte aangevul, terwyl seediërs soos seeleus en walvisse hul bronne vir vet was (Smith, Malherbe e.a. 2004:13). In die lig hiervan kan afgelei word dat die vlakte van die Steenbergvallei 'n goeie spens vir die San was indien daar gereken word dat blombolle volop voorkom. Te oordeel aan De Beaulieu se beskrywing van volop wild (Raven-Hart 1967:100), sou dit ook 'n jagterrein kon bied, maar die roofdiere sou dit 'n gevaarlike area gemaak het. Die eerste voedselproduserende groep mense wat deur die vroeë besoekers aangetref is, is die Khoina. Hulle het van die begin van die Christelike jaartelling of vroeër die terrein beset wat strek van Swakop-mund in die weste tot in die Transkei-gebied, moontlik ook Natal. Die Khoina het ook gejag en voedsel versamel, maar hul stapelvoedsel was melk. Daarom het hulle periodiek kamppekke of oorstaanpekke verwissel om vars weiding vir hul beeste en skape te vind (Wright 1977: 24-5). Van Riebeeck se waarneming van plekgebonde, maar seisoenale standplase, is dus geldig.

Hoewel die Prinskasteelgrot baie kenmerkend uitstaan, is daar geen San-nalatenskap in die vorm van rotstekeninge nie (Diagram 73 Bylaag B). Die grotopening het 'n enorme groot bek en 'n geweldige skuins vloerbedding met rotsblokke. Die grotingang, wat soos 'n saal vertoon, front oos-suidoos en hoewel die ingang deur die berghang beskut is, bied dit baie beperkte skuiling teen wind en weer. Dit is ook bykans onmoontlik om vee daarin te versamel weens die smal en rotslysagtige ingangroete en die klein vloeroppervlakte. Twee ander en baie klein grotte kom ten noorde van die Prinskasteelgrot voor, maar hulle is bykans onbereikbaar. In die naby geleë Muysenberg en Kalkbaaiberge is daar 67 grotte van verskillende groottes, maar slegs een grot met rotskuns, Peer se grot of Skildergat bokant Vishoek (Lundy 1991:67; Mountain 2001:25). Tensy die Prinskasteelgrot argeologies ondersoek word, kan geen verdere afleidings omtrent die grot en of moontlike inwoners gemaak word nie. Tans blyk daar weinig belangstelling te wees om die argeologiese voorkoloniale geskiedenis te ontgin. Algemene stellings, soos die van Aikman, Malan en Winter (2001:41) dat die gebied voorheen deur San en Khoi bewoon en benut is, dra nie werklik by tot 'n akademiese diskoers oor die argeologie van Tokai nie. Dit is niksseggend.

Daar is nog nie bewys van klipgeboorde krale in literatuur oor die Wes-Kaap gevind nie (Arthur 2008: 215), hoewel argeoloë reeds lankal bewus is van 'n verband tussen vrugbare grond en Khoi-krale. Bewerkte grond word as voordelig vir argeologiese aktiwiteite gesien. Om dus meer te wete te kom oor

moontlike Khoi-krale in die groter Steenbergvallei, moet daar op die postkontakperiode van Khoi-bewegings gelet word. Arthur (:216) reken dis die plekke waar Khoi-plaaswerkers gewoon en geleef het. Volgens rekord was daar vyf plaaswerkerhutte in 1883 op Tokai (NASA, KAB 1883b;c). 'n Kaart, wat 'n oorsig oor die plaas ses maande na verkope weergee, dui vyf hutte in die area net noord van die Onder-tuine aan (1883n), min of meer waar die historiese Bloekomlaan vandag geleë is. Latere landbouerekords van die Eksteens sou aantoon dat die veld nie natuurlike weiding oplewer nie en dat die grond arm en onvrugbaar is (NASA, KAB 1842).

## **2.5 Die Skiereilandse Khoina se gebruik van die Steenbergvallei – moontlike standplase**

### **2.5.1 Standplase op die periferie van die Steenberge, 1652 – 1672**

Die inheemse mense was seminomadies binne die Skiereiland en hul bewegings is deur seisoenverandering en mededinging om weidingsbronne met ander stamme aangehelp. 'n Khoi-standplaas op enige stuk grond vorm deel van die kulturele nalatenskap van 'n landskap. Die dagjoernale uit die vroeë VOC-periode en die vertolking deur navorsers bly steeds van die belangrikste hulpmiddels om die standplase te probeer plaas, want ook die eerste kartograwe het gewoonlik die bestaan van Khoi-standplase geïgnoreer (Glatigny, Maré, Viljoen 2008:303). Spesifieke aanduiding van tradisionele Khoi-krale uit Jan van Riebeeck se dagregisters deur navorsers is nie eenvoudig nie. Die dagregisters is gehou vanuit die perspektief van die belange van die VOC met die Fort as sentrale punt. Die eerste joernaal handel grootliks oor die bestaanstryd van die Europeërs (Thom 1952:xxviii; xxxix). Die Europeërs se beskrywing van die inheemse mense is dus enersyds deur hul ekonomiese belang gedrewe, maar andersyds vanuit 'n veiligheids- en oorlewingshoek gesien.

Die drie groepe Khoi binne die groter Skiereiland, naamlik die Goringhaiquas (Kaapmans), Gorachouquas (Tabakdiewe) en die Goringhaiqua (Strandlopers of Watermanne) was onderling verwant. Behalwe die Strandlopers was almal veeherders (Bredenkamp 1982:13). Die San of Sonqua was jagterherders en hulle is gevrees deur die ander stamme (Thom 1652:334). Hulle het met strikke gejaag en vee gesteel. Die Sonqua het egter ook die Europeërs in tye van nood gehelp, soos wat Van Meerhof op sy reis in Januarie 1661 in die berge agter die Paarlberg ondervind het (1958:315). Die Tabakdiewe of Gorachouqua het hoofsaaklik die vlakte tussen berge van die Skiereiland en die Bergrivier beset. Hul naam beteken “manne van Choro”, die naam van hul kaptein. Coree of Koree is later opgevolg deur Dackky of Cuyper (Schoeman 2009:58). Die vierde groep wat ook die Skiereiland vir weiding besoek het, was die Cochoqua of Saldanhars met Oedaso as leier. Dit was 'n groot stam en tydens hul besoek in November 1655, het hulle meer as 1,000 hutte in die omgewing van Tafelbaai opgerig (Thom 1952:368).

Die Kaapmans of Goringhaikqua met Gogoso en sy seun Schacher of Osingkhimma as leiers was die grootste groep (Thom 1954:300). Volgens Schoeman (2009:16) het hulle in 1652 die bergarea vanaf die

Kaapse Skiereiland tot by Kaappunt bewoon, maar daar kan nadere bepalings gedoen word, omdat die Khoi rekening met die veiligheid van 'n standplaas moes hou. Die Kaapmans was ook herders en het seisoenaal agter weiding aangetrek. Hul verblyfplekke was volgens Bredekamp (1982:14) by die Sout-riviermonding, die Constantia- en Houtvallei, Noordhoek en Bosheuwel. Omdat die Constantiavallei op daardie stadium nie bestaan het nie, bemoelik dit die plasing. Was dit agter Wynbergheuwel, in die groter Steenbergvallei of op die Constantia-plaas? Wat die plasing verder bemoelik, is die ongetemde omgewing met digte berg- en valleiplantegroei. Die houtontginning in die valleie waardeur die trekroete van die Khoina vanaf Houtbaai na die voet van Wynbergheuwel geloop het, is na 1662 vir brand- en timmerhout begin ontgin (Appel 1966:53-4). Roofdiere en ander wild was vir ten minste tot 1652 volop en daarna tot 'n mindere mate teenwoordig. Ook sou die digte plantegroei vee- en wildpaadjies veronderstel, indien die terrein rondom Kloofpas in aanmerking geneem sou word. Dit suggereer dat daar moontlik krale was wat seisoenaal gebruik is, want die area bied min natuurlike skuilplekke.

Burman (1962: 77-78) se vertelling oor 'n Khoi-prinses van Constantia bemoelik ook die plasing van haar kraal. Haar burg of kasteel was 'n groot grot in die Constantiaberg, wat Burman betwyfel weens die grootte van die grot. Purcell van Kreupelbos het Burman meegedeel dat die grot inderdaad 'n skag en gange na 'n dieper area het. In die 1920's het die owerhede die skag agter in die grot dig gemaak nadat 'n ontsnapte bandiet daar skuiling gevind het. Burman het nog die toemaak van die grot, nog die Khoi-kraal in Constantia-vallei verder ondersoek, of 'n bronverwysing vir die prinsesanekdoot gegee. Ook is die prinsesstatus in die legende<sup>8</sup> strydig met die stamorganisasie van die Khoi (Wright 1977:55) en betrek daarom nie 'n lokaliseerbare standplaas nie.

Om te probeer vasstel waar die Khoina se krale of standplase in die groter Steenbergvallei was, word die argument van die moontlike afleibare na die moeiliker afleibare aangepak. Die moontlike plasing van die Khoi-kraal met betrekking tot die oostelike Steenberge word dus laaste gedoen, want sekere plasings is makliker as ander. Wright (1977:24) verwys na kampplekke, wat soos reeds bespreek, na seisoenale besoekers verwys (Thom 1952:369). Waar daar jaarliks op bekende plekke oorgestaan en die omliggende area met hul vee beset is, kan deur die bestaan van krale bevestig word, veral in die bebosde klowe in, en tussen Houtbaai en Wynbergheuwel. Die oorstaanplekke of standplase is waarskynlik deur weiding, water en veiligheid bepaal. Al was hul nomadies, was die standplase, heel moontlik omhein met takke, of inheemse doringstruik of moontlik klipkrale op dieselfde plek, soos afgelei uit die Van Riebeeck-joernale. Die takkrale is waarskynlik seisoenaal herstel of oorgedoen. Die standplase was moontlik altyd omring met doringtakke om die mense en hul vee teen wild te beskerm (1954:122). Selfs gesteelde vee is na 'n staanplek met 'n takkraal weggevoer. By so 'n staanplek was daar dikwels meer as een kraal, soos in die nag van 4 Januarie 1659 aan die onderent van Kloofpas deur soldate gerapporteer (Thom 1958:36). Die terrein was baie bepalend vir die aantal krale waarin mens en dier gewoon het. In Februarie 1662 het

---

8 Die legende word breedvoerig in Hoofstuk 3 bespreek.

die Kaapmans en Tabakdiewe in vier krale met 104 hutte, elk met 20 mans, uit vrees vir die Saldanhars binne die inbegrepe sirkel<sup>9</sup> by Bosheuwel krale opgerig. Die krale is met takke beveilig (Thom 1958: 478). Standplase of krale en kampplekke is selde op vroeë kaarte aangedui.

Vroeë kartograwe se belangstelling was eerder in die kuslyn en moontlike hawens vir hout, vars water en veeverruiling as spesifieke nedersettings of verblyfplekke van die inheemse mense. Dit sou dus genotuleer wees waar ruilhandel moontlik was, maar die standplase is nie noodwendig gekarteer nie. Augustin de Beaulieu het in Maart 1620 krale met hutte en veekrale van die Khoina gesien, maar hy reken dat die Khoina moontlik probeer het om hul vee vir die seevaarders in Tafelbaai weg te steek (Raven-Hart 1967: 99). Kartograwe na 1652 was op ruimte en tyd van die Kaapse nedersetting, 'n siening in ooreenstemming met Westerse tradisies van gebiedsgrense, ingestel. Weens die seminomadiese herdersbestaan en soos gesien vanuit die VOC se perspektief, is Khoi-krale of hutte nie aangedui nie (Glatigny, Maré, Viljoen 2008:303,306). Waar hutte wel ingeteken is, is dit op gesette plekke op dieselfde wyse as plase ingeteken, maar dit kon verander weens die bewegingspatrone van die Khoi-groepe (:307). 'n Kaart van Pierre van der Aa<sup>10</sup>, ca 1710 in Glatigny, Maré en Viljoen (:308,312), dui geen krale in die Grootte Zee-koevaly (groter Steenbergvallei) aan nie, maar wel die Kompanjie se weiveld suid van die huidige Silwermyyn (:312). Dit stem ooreen met die gebied van die Kaapmans (Thom 1954:36-7). Teen 1710 was die Kaapmans en die Tabakdiewe reeds verarm en van hul grond vervreem (Schoeman 2009:73).

Navorsers bly dus op die joernale van Van Riebeeck aangewese om die krale of standplase van die Kaapmans te probeer plaas. Een van die leidrade vir staanplekke by die Steenberge is die standplase op die roete aan die westekant om Tafelbaai. Heelwat van hierdie standplase was op 'n manier aangrensend aan die Steenberge. Van Riebeeck en sy geselskap het reeds in 1652 agtergekom dat daar 'n trekroete met standplase aan die westekant om Tafelbaai was (Thom 1952:179-181,324). Dit het om die Gewelberge via Houtbaai, deur Kloofpas tussen die Bosberg en die Steenberge na die onderpunt van die Bosheuwel gegaan vanwaar daar na die Kaapse Vlakte en die Hottentots-Hollandberge deur die herders uitgewyk is (Thom 1954:10). Die roete via Houtbaai is gebruik toe die Strandlopers op 19 Oktober 1653 die vee-wagter, Hendrik Wilders, vermoor en met bykans al die vee van die Hollanders gevlug het. Tydens die vyandelikhede aan die einde van die 1650's word hierdie staanplekke dan ook gereeld deur al die Skiereilandse groepe gebruik, soms net een groep, maar ook soms deurmekaar met ander groepe.

---

9 “Den begrepen cirkel” is die eerste grenslyn wat tussen uitkykpunte, Houd den Bul naby die huidige Kirstenbosch en Kijkuijt naby Tafelbaai, opgerig is. Behalwe die Swartrivier se kurwe naby Tafelbaai, is die grenslyn met ingeboude pale, takkrale, aanplanting van wildeamandels asook ander uitkykpunte tussen Augustus 1659 en Februarie 1660 opgerig (Sleigh 2004:129-131). Jan van Riebeeck het tydens die vredesonderhandelinge van April 1660 daarop aangedring om die area binne die grenslyn as verowerde gebied te beskou (Thom 1958:196).

10 Die kaart kom in 'n Franse atlas, 1713, voor. Gebaseer op die kaart, *Nova et Accurata Tabula Promontorii Bonae Spei* in die KAB, sonder outeur of datum, toon dit sekere afwykings (Valentyn 1971:26-8).

Die vyandelikhede wat in 1659 en 1660 tussen die inheemse mense en die setlaars geheers het, gee insig in die inheemse groepe se bewegings en die plekke waar hulle hul hutte opgeslaan het. Hierdie plekke stem ooreen met oorsaanplekke wat reeds voor die vyandelikhede deur Van Riebeeck en sy geselskap genotuleer is. In Desember 1652 is ses kampe of standplase van sowat 500 mense in totaal van die Saldanhars of Kochoquas by Houtbaai opgemerk. Dit was seisoenale verskuiwing (Thom 1952:122). Houtbaai is teen 1661 steeds as 'n oorsaanarea benut (1958:279). Daar kan dus met taamlieke sekerheid vasgestel word dat die kampplekke reg rondom Tafelberg gestrek het. Dit beteken dat daar veepadjijs was wat jaarliks in die lente weer oopgetrap en moontlik deur wild oopgehou is. Die poging tot 'n bevrydingsoorlog van 1659 is deur die Kaapmans of Goringhaiquas begin deur die boere se osse te steel, "... omdat die VOC se mense die beste grond onder die ploeg gesit het". Die Kaapmans het waar die grond bewerk is, wildeamandels versamel en bolle uitgehaal (Thom 1958:176-7,185,196). Hierdie gebied is binne die eerste inbegrepe sirkel en sorteer eerder onder die latere Rondebosch as Constantia – laasgenoemde is suidwes van Wynberg geleë en dus buite die inbegrepe sirkel van 1660. Khoi-standplase van belang is aan die suidelike kant van die Kompanjie se grond en noord van die latere groter Steenbergvallei, naamlik aan die oorkant van die Liesbeek vanaf die Fort se kant, die voet van Bosheuwel, agter die Bosberge, Kloofpas, Houtvallei, Bergvallei en agter die Steenberge (:438-40).

Onderlinge struwelinge tussen die Saldanhars en die Namaquas in Januarie 1661 (Thom 1958:321), die Saldanhars en die Kaapmans, die Skiereiland se Khoi-groepe teen groepe van die Overberg (:439-41) en pogings om Van Riebeeck te betrek, help ook om meer lig te werp op die bewegingspatrone van die onderskeie Khoi-groepe. Toe Van Riebeeck in November 1661 weier om die nedersetting en sy mense by die Saldanhars te skaar, is die Saldanhars na standplase in die Hout- en Bergvalleie, agter die Bosheuwel, agter Tafelberg en agter die Steenberge verwys. Dit was terselfdertyd Van Riebeeck se plan om die Saldanhars van die ander groepe te isoleer en die ruilhandel met die verskillende groepe te beheer. Dit het die Saldanhars gedwing tot 'n ooreenkoms met die Tabakdiuwe en die Kaapmans, sodat almal van hulle gesamentlik 'n bolwerk teen die Chainouquas, Hessequas en 'n gedeelte van die Kamkumquas kon vorm, maar niemand het weggetrek nie. Die sametrekking van die verskillende Khoi-stamme agter die suidelike grenslyn en in Houtbaai was in 'n betreklik kort periode 'n onderlinge politieke en ekonomiese stryd, maar terselfdertyd 'n poging tot intimidasie van die blanke nedersetting. Dit laat die leser met addisionele insig oor staanplekke tussen Houtbaai en dié aan die onderkant van Kloofpas.

Die beskrywing van die staanplekke skakel moontlike verwarring uit. 'n Korrellasie tussen die Van Riebeeck-plasing en moderne kaarte help om die plekke min of meer te lokaliseer (Kyk Diagram 4 Bylaag B). Agter die Bosberge was 'n oorsaanplek waar daar op 3 Julie 1659 sowat 300 dansende mans waargeneem is (Thom 1958:86). Volgens Van Riebeeck (1954:142) was die Kloofpas die skeiding tussen die Bosberge en die Steenberge. 'n Weiveld daar naby en wat deur die Khoina benut is, was net suid van die Liesbeek (en dus noord van die staanplek). Die gebied strek ooswaarts tussen die Bosberge en die

Bosheuvel en was op die verste uithoeke of rand van die grenslyn geleë (1958:448), dus oorkant die Liesbeek vanaf die Fort se kant gesien. Die Bosberg se agterkant vanaf die Fort was dus verby genoemde weiveld en ongetwyfeld suid van die huidige Klassenskap of Bosberg, dus naby die Kloofpas waar daar reeds 'n standplaas was. Tydens die vredesonderhandelinge, 5 en 6 April 1660, is die Kaapmans toegelaat om agter en verby die Bosheuvel oor te staan (1958:189,195). Na die vredesluiting van April 1660 het die Kaapmans by die stert van die Bosheuvel (Wynberg) oorgestaan, waarskynlik dieselfde plek as op 5 en 6 April, maar teen Desember 1661 het hulle reeds hul hutte verskuif gehad na binne en naby die Kloofpas, in die Houtvallei (1958:448), waarskynlik ook by of naby die staanplek van Julie 1659, agter die Bosberg. Die Kloofpasarea is as besonder wyd in 1658 beskryf (1954:213). Die stert van die Bosheuvel was waarskynlik waar die heuvel afplat, dus aan die vlakte se kant, en naby of weerskante van die Dieprivier. Die Kaapmansstandplase aan die voet van Kloofpas waar die Kaapmans met die gesteelde vee die nag van 4 Januarie 1659 oornag het, het uit twee terreine bestaan en gesamentlik tussen 100 en 120 mans met vee gehuisves (1958:36). Volgens 'n 1906-kaart (DRDLR 1906) vloei drie strome, die Burgersboschkloofrivier, die Dieprivier en Brommersvlei, ineen in Alphen. Dit is aan die noordelike sy van die waterskeiding met die Steenberge en sou dus agter Wynberg wees. Hierdie rug of uitloper vorm die waterskeiding tussen die Bosberg- en die Bosheuweldreinerings aan die noordekant, en die Steenbergdreinerings aan die suidekant. Glen Alpine- en Eagle's Neststroom dreineer suidoos van die waterskeiding en vloei in die Spaanschematrivier, voorheen Keiserrivier<sup>11</sup>, via Soetvlei na Valsbaai (DRDLR 1906; Brown, Magoba 2009:207). Om 'n standplaas in die Steenbergskuilte te plaas, behoort dit dus suid van die waterskeiding te wees, moontlik tussen die huidige Pagasvlei en Sillery (DRDLR 1906; MapStudio 1994/5:77). Pagasvlei dreineer in die Spaanschematrivier wat die dreinerings van die Vlakkenbergstrome na Sandvlei voer.

Volgens 'n beskrywing van November 1661 het die Saldanhars agter of oorkant die Liesbeek oorgestaan in 'n poging om die Kaapmans van Tafelbaai af weg te hou (Thom 1958:438). Maar die Kaapmans het hulle nie laat intimideer nie en het ook agter en verby Wynberg gekamp (1958:436). Die Kaapmans se groep het daardie jaar met 90 tot 100 hutte, elk met 8 tot 10 weerbare man behalwe vroue en kinders agter die Wynbergheuvel gekamp (:439). Uit die groot aantal mense kan afgelei word dat die terrein by Kloofpas kleiner, maar meer standplase toegelaat het teenoor 'n groter, maar oper area aan die voet van die Wynbergheuvel. Die Kaapmans se verskuiwing na Kloofpas en by Kloofpas het hulle naby en tussen die Tabakdiewe of Gorachouquas, wat toe reeds in Houtbaai was, gebring (:448). Uit bogenoemde word die volgende standplase van oos na wes en 'n relatief moderne posisie, 1994/95, afgelei:

---

11 Die rivier wat die Steenbergvallei van die Kaapse Vlakte skei, is die Keiserrivier. Dit word op die Van der Aa-kaart aangedui (Glatigny, Maré, Viljoen 2008:312).



<b>Standplase, ca 1658 - 1662</b>	<b>1994/95-ligging</b>
Die voet of stert van Wynberg, moontlik uitloper na die vlakte en naby water van die Dieprivier	Weerskante van die Dieprivier, grens Constantia en grotendeels Plumstead (MapStudio 1994/5:64)
Oorkant die Liesbeek vanaf die Fort se kant gesien en oos-noordoos van die Bosberg	Bishopscourt (MapStudio 1994/5:63)
Agter Bosberg Dreinerings van Tafelberg vir water	Agter Klassenkop noord en noordoos van parkeerterrein by sirkel rigting Kirstenbosch (MapStudio 1994/5:62)
Kloofpas – moontlik dieselfde as agter Bosberg. Waterbron onseker.	Parkeerterrein by sirkel in Kloofpas: Suid van Klassenkop, restaurantarea, Houtkapperskloof (MapStudio 1994/5:62)
Aan die voet van die Kloofpas	Moontlik Pagasvlei / Sillery (MapStudio 1994/5:62)
Binne Kloofpas. Sytak van Disa-rivier	Suidwes van sirkel: Houtbaaikant teen Vlakkenberg (MapStudio 1994/5:62)
Houtbaai: ses verskillende plekke, weerskante van Disa-rivier en sytakke in 'n 1½ myl strook tussen die houtbosse en die strand (Thom 1952:165)	Area tussen strand en tot by houtboslyn aan weerskante van die Disa-rivier. (MapStudio 1994/5:74-5)

## 2.5.2 Die Steenbergstandplase of krale

Die Steenberge het waarskynlik in Oktober 1652 sy naam vanuit Houtbaai gekry (Thom 1952:65-6). Van Riebeeck en twaalf soldate het op 29 Julie 1653, toe hulle om Tafelberg gestap het, moontlik reeds na die bergreeks as die Steenbergen, voortaan Steenberge, verwys (:165). Tydens die besoek is ondersoek of die houtbosse in Houtbaai ontgin kon word en daar word opmerkings oor die klipperige en rotsagtige terrein gemaak. Hoewel die area buite die grense van die eerste grens val, was dit 'n belangrike deurgangsroete vir die Khoina. Soos hierbo aangetoon, kan 'n lys van standplase al met die roete langs voorgestel word. Om standplase met betrekking tot die oostelike Steenberge aan te toon, is moeiliker, want die Steenberge grens net op sy noordelike grens aan die belangrike Khoi-roete, asook die suidoostelike punt by die latere Muysenburg aan die noordsuidroete. Die benaming van die berg vanuit Houtbaai beteken dat standplase aan die noordwestelike kant van die Steenberge aan die voet van Vlakkenberg in Houtbaai was.

Daar word verskeie kere na standplase by die Steenberge verwys (Thom 1954:365;1958:277,279,281). Die duidelikste Steenbergstandplase is ongetwyfeld agter die Steenberge (Thom 1958:440). Dit was in die vlakte tussen Valsbaai en Noordhoekstrand, maar aan Valsbaai se kant, geleë. Die Kompanjie se beespos en seinpos, Agter 't Steenberge (Sleigh 2004:172), is waarskynlik in 1776 daar aangelê. Teen 1710 was dit steeds 'n weiveld van die Kompanjie (Glatigny, Marais, Viljoen 2008:308,312). Die tweede Khoi-standplaas in die vlakte het as die Bergvallei bekend gestaan. Dit is die huidige Noordhoekvallei (Thom 1958:18 vn1). Beide die twee staanplekke was verder weg van die eerste nedersetting. Om dit van die Gewelberge se kant te bereik, moes die herders en hul vee deur een van drie passe vanuit Houtbaai trek. Hierdie passe is in Augustus 1657 en tussen 8 en 10 Januarie 1658 deur Jan van Riebeeck ondersoek (1954:142). Slegs Kloofpas word vermeld (:213). Die pad via Kloofpas sou die Khoi-groep toelaat om aan die voet van die Steenberge na 't Hoek van de Steenberge, later Muysenburg, te trek. Hoewel daar op die 1795-kaart van die beleg van Muysenburg twee passe tussen Houtbaai en die groter Steenbergvallei aangedui word, is dit baie steil (Brommer 2009:192; Diagram 2 Bylaag B). Die mees logiese roete is via Kloofpas na agter Wynbergheuvel. Van daar het die roete moontlik oor die vlakte na die oostekant van die Zeekoevallei gegaan. Dit word gesuggereer deur Van Goens se idee om die Zeekoevallei as die suidelike punt van die kanaal te beplan ten einde die Khoina uit die gebied te weer (Thom 1954:10). Om by die agter-Steenberge te kom, moes die herders by 't Hoek van de Steenbergen (latere Muysenburg) verby trek (Thom 1958:37).

Daar was dan ook 'n standplaas of -plase by 't Hoek van de Steenbergen. Die punt van die Steenberge by Muysenburg is reeds op 28 April 1652 vanaf die eerste rif, moontlik Windbergrug, waargeneem, maar dit is toe die Klein Tafel genoem (Thom 1952:36). Die roete na die suidelike Skiereiland het verby 't Hoek van die Steenberg gegaan (1958:37). Die standplase is in Desember 1661 deur die Tabakdiewe benut waar hulle op 17 Desember deur die fisikaal besoek is. Die reis vanaf die Fort met 'n pakos was toe 'n dagreis ver (1958:456). Dit suggereer 'n ruwe terrein. Die Tabakdiewe het om en oor die voetheuwels van die Steenberge met hul vee getrek, want op 12 en 13 Desember 1661 het hulle in en by die Kloofpas oorgestaan (1958:448). Die soldate van die Fransman, De Beaulieu, het in Maart 1620 opgemerk dat die inboorlinge selde hoë heuwels bestyg (Raven-Hart 1967:99,100). Wanneer die Khoina hout gaan soek, het hulle in groot groepe geloop en allerhande geluide gemaak en geskreeu om die wilde diere te verjaag (:181). Hierdie verhuising na verskillende standplase om die voetheuwels van die Steenberge na die stert van Wynbergheuvel betwyfel standplase teen die hange van die Steenberge. Dit word ook bevestig deur verspieders van Van Riebeeck tydens die vyandelikhede – daar was geen standplase bo-op, langs of aan die oostekant van die Steenberge nie (Thom 1958:86-8). Jan van Riebeeck se ekspedisies oor die Steenberge het behalwe moontlike deurgange, geen melding gemaak van standplase nie (1954: 226). Voorts het die handelsroetes van die blankes agter vee aan noordwaarts vanaf Tafelbaai gelei (Schoeman 2009: 90).

'n Staanplek wat moeilik geplaas word, is die sogenaamde skuiling van die Steenberge. Die weidingspotensiaal, water, moerasse of vleie, veiligheid teen aanvalle en wilde diere asook blootstelling aan uitermate wind en weer het alles 'n rol gespeel. Volgens Thinder-Smith (2006:32) was die gunstelingveldtipe renosterveld as vestigingsgebied vir skaapherders (die Khoina). Tokai word nie deur Thinder-Smith as renostervelds gereken nie.

In Oktober 1658 het die Kaapmans by die Steenberge en die Kloofpas oorgestaan, maar indien hulle deur die Kochoquas bedreig word, sou hulle verder in Houtbaai intrek (Thom 1954:365). Die standplase by die Steenberge was dus naby aan Kloofpas, want hier word veiligheid en mobiliteit as oorwegings gesien, omdat hulle vinnig moes trek. Dit is moontlik dieselfde standplase as die skuiling waarna daar op 3 of 4 en 6 Oktober 1660 verwys word (1958:277,279). Die ligging was moontlik tussen Kloofpas en die agterkant van Bosheuwel (Wynberg) : “...that we should allow the Goringhaiquas, that is the Kaapmans, to come back and live in their land behind the Bosheuwel in the shelter of the Steenberge, beyond our circumscribed limits, and in the Houtbay and Bergh valleys etc.” (1958:279). Die goeie weiding wat later deur die Kompanjie en die Constantia-boere benut is (NASA, KAB 1803;Naudé 1951:76), was aan die oorkant van die Keiserrivier, tussen Baasharmenskraal en die Zeekoevallei. Die afwesigheid van weiding te Constantia en die suidelike Steenbergvallei word onderskeidelik deur Schutte (2003:212) en Grondraadverslae (NASA, KAB 1821;1821a;1822) bevestig. Hier kan drie staanplekke voorgestel word: aan die voet van Kloofpas wat die Pagasvlei en Sillery-areas (vleie) suggereer. Die tweede moontlikheid is die voormalige Strawberry en wat 'n geringe gedeelte van die oorspronklike Constantia, later Bergvliet, uitgemaak het (DRDLR 1887), maar die area was meer blootgestel as beskutte vleigebied. Dit is 'n droë heuwelronde langs die Spaanschematrivier en stroomaf van Sillery. Die derde moontlikheid is naby die Hoek van die Steenberge, spesifiek die area onder die palmietplante in die omgewing van Soetvlei of tussen Soetvlei en die Oog in Bergvliet – dus naby of by die latere Baasharmenskraalweiding. Dit is dan ook die weiding wat vir die Steenbergvallei se boere in die 18de eeu gereserveer is, omdat die Steenbergvallei nie natuurlike weiding het nie (Naudé 1951:75-81). Ook hierdie area is oop en bied nie werklik 'n natuurlike skuilplek nie. Hierdie weidingsarea is waarskynlik deur die skape van die pos by Aan de Steenbergen benut. Dit is na alle waarskynlikheid in 1678 deur Hüsing en Gerritsz, nuwe vryburgers wat skape kon aanhou en jaarliks die Kompanjie met skape moes betaal, gebruik (Sleigh 2004: 172); asook die agtereenvolgende eienaars van Swaanswyk, die Michielsze (TANAPb 1683) en die Russouws (TANAPc 1699), wat albei skape gehad het. Die skuilte van die Steenberge was aan die Kaapmans en die Saldanhars bekend. Daar was 'n erkende staanplek en naby standhoudende water en weiding, anders sou beide groepe nie daarom meegeding het nie. Die weiding vanaf die Keiserrivier ooswaarts na die Zeekoevallei is in 1700-1712 deur Van der Stel benut (Böeseke, 1964:208-9), moontlik reeds vanaf die laat 1680's, en binne bereik van die skuilplek wat aan die Steenberge gekoppel word. Die skuiling is moontlik eerder 'n versamelwoord vir die onderskeie oorsaanplekke wat deur die rivierlope, bergrûens en topografie van die noordoostelike Steenberge agter Wynbergheuwel moontlik was. Dit was na aan die weiding

tussen Baasharmenskraal en Zeekoevallei en herders kon of oos- of suidwaarts met hul vee na goeie weiding trek. Dit kan ook die rede wees waarom die VOC besluit het om naby die oostelike Steenberge 'n skaappos aan te lê, maar met die verskil: die VOC kon 'n veiliger skuiling behalwe 'n kraal oprig - vandaar die behuising op die latere skaappos (Sleigh 2004:172-3).

## **2.6 Die VOC-periode: Die landtekens Steenbergen, Steenbergvallei, Prinskasteelberg, Vlakkenberg, strome en riviere**

### **2.6.1 Observasie en dokumentering van landtekens**

Nederlandse plekname in die Steenbergvallei dateer uit die periode van naamgewing, ca 1652-1662, toe die area om en naby Tafelbaai verken is. Toe was die herinnering aan die Patria nog vars en dit het nie net op plekname nie, maar ook by die keuse van plant- en diername 'n rol gespeel. Die Steenbergvallei sou spoedig meer aandag kry toe die eerste grens van 1661 uitgebrei word. Van Goens maak die aanbeveling in 1657 dat die grens tot anderkant die voorgestelde kanaal uitgebrei word (Sleigh 2004:131-2;171). In 1671 is Valsbaai en Hottentots-Holland ook opgemeet. Dit sou dien as die formele aanspraak van die VOC op daardie gebied, wat die Steenbergvallei insluit.

Die dokumentering van landtekens deur die Hollanders het amptelik in 1652 begin, maar toon ook insidente van herbenoeming uit die periode voor en na 1652. Godée Molsbergen (1916:119-20) lys etlike plekke van herbenoeming uit argiefstukke waar aardrykskundige name gebruik is, byvoorbeeld die Verse-rivier wat die Amstel en uiteindelik die Liesbeek word, die Baersrivier wat in groot reën in Tafelbaai en Valsbaai uitloop<sup>12</sup>, 'n bergnaam ter ere aan Rijkloff van Goens, iewers agter die Hout- en Bergvalleie, 'n bergreeks, die Schorberge, bykans op die verste punt aan Valsbaai se kant en die Tentrivierken, 'n plek by die Steenberge waar onder meer Van Goens geslaap het (Thom 1958:37,388).

Die vroeë plekname is in die Notules van die Politieke Raad en in grondtransaksies opgeneem. Sodoende raak plekname, wat reeds in die volksmond leef, gedokumenteer. 'n Woord se bestaan en sy fonetiese en semantiese geskiedenis is omtrent altyd ouer as sy min of meer toevallige dokumentering (Boshoff en Nienaber 1966:6). Dieselfde beginsel het vir plekname gegeld. Teen die tyd wat die plekname in amptelike dokumente neerslag vind, was die name reeds 'n geruime tyd by die sprekers ingeburger.

Die Steenbergreeks het waarskynlik sy benaming vanuit Houtbaai gekry, want daardie kant van die Steenberge is eerste deur die ingesetenes in Tafelbaai besoek. In Oktober 1652 is 'n verkenningsbesoek met 'n jag aan Houtbaai gebring. Hoewel die verslag op die groot hoeveelheid hout en hoe om dit op die strand te kry, fokus (Thom 1652:65-6), moes al die omliggende berge ook beskryf gewees het - dit sluit die berge na die suidoostekant, die Houtbaaikant van die huidige Vlakkenberg en Constantiaberg, in.

---

12 Jan van Riebeeck het persoonlik die twee riviere ondersoek en gevind dat beide die Soetrivier (Verse rivier) en die Soutrivier in Tafelbaai uitmond en nie een rivier is nie (Thom 1954:9-10).

Omdat die Hollanders nie onmiddellike belang by die gebied gehad het nie, is dit waarskynlik op aansig benoem: 'n klipperige en rotsagtige bergreeks (:179-181). Die woord 'steen' in Nederlands het verskeie betekenisse, maar die toepaslike betekenis is klip(pe) of rotsagtig (Kruyskamp 1961:1915). Vlakkenberg se oostekant vorm deel van die Steenbergvallei, terwyl Vlakkenberg se noordelike kant deel uitmaak van die Houtbaaiwal (Thom 1954:104). Geografies vorm dit egter deel van die Steenbergreeks (:142).

Die onherbergsaamheid van die Steenberge word deur die spesiale hoë kommissaris, Van Goens, in April en Mei 1655, opgemerk. Van Goens het toe 'n aanbeveling gemaak oor die graaf van 'n kanaal om die skiereiland van die hoofland af te skei (Thom 1954:9 vn 4). Met sy tweede besoek, 16 Maart tot 19 April 1657, en die verdere ondersoek van die beoogde kanaal, spreek hy hom uit oor die berge aan die anderkant van die kloof (Kloofpas, Constantia): die berge is bar en byna onklimbaar (NASA, KAB 1888a:18; Thom 1952:309–10,333 vn;1954:9 vn,9-10). In Van Goens se verslag oor die staptog wat hy in die geselskap van Jan van Riebeeck onderneem, noem hy dat hulle 'n toer deur die “geheele land”, behalwe die gedeelte van die woeste en onbeklimbare gebergte, gedoen het (NASA, KAB 1888a:61). 'n Nederlandse verklarende woordeboek (Kruyskamp 1961:192) se omskrywing van bar is “sonder enige plantegroei, ru, koud of onherbergsaam weens 'n ruwe klimaat”. Van Riebeeck (Thom 1954:226) se persoonlike ondersoek na die bergreeks in Februarie 1658 bevestig ook die rotsagtige aard van die terrein.

Dat die berge van die Skiereiland vreesagtig hoog voorgekom het, is moontlik. Die westelike hange van die Steenberge, naamlik Skoorsteenkop, Constantia-, Noordhoek-, Laer Chapmans- en Chapmanspiek is deurgaans styl tot baie styl. Die kuslyn is plek-plek baie smal en onder die Noordhoekpiek suidwaarts eindig die rotswand van die berge in die naby Noordhoekstrand. Constantiapiek, 928 m, is die derde hoogste piek naas Maclear se baken, 1,086 m en Duiwelspiek, 1,000 m, van die Tafelbergreeks. (Map-Studio 1994: 44,76). Constantiapiek is dikwels met wolke bedek.

Gedokumenteerde verwysing na die bergreeks, Die Steenberge, wat suid van die kloofpas begin, dateer uit Augustus 1657 uit die pen van Jan van Riebeeck (Thom 1954:142). Daar is reeds gewys op die belangrikheid van 'n bestaande Khoi-roete via Houtbaai na die Kaapse Vlakte of Duineveld van voor 1652. Die ontsnapping van die Khoina met vee het die owerhede aan die Kaap genoop om die omgewing agter Tafelberg te verken. Vervolgens is die Steenberge by 'n paar geleenthede verken ongeag die ligging daarvan buite die nedersetting asook die onherbergsaamheid van die terrein.

Tydens Van Goens se tweede besoek is 'n deeglike verkenning na onder meer die vlakte aan die oostekant van die Steenberge gedoen. Die terrein tussen Tafelbaai en Valsbaai is deurkruis. Lede van die geselskap het onder andere die kommandeur en die landmeter, adelborst Pieter Potter, ingesluit. Potter is op sy versoek op 28 Maart 1657 deur Van Goens tot landmeter en kartograaf aangestel (TANAPb 1657). Die omgewing van Valsbaai is op die tweede dag van die tog ondersoek en aantekeninge gemaak: “the neighbourhood was inspected, levels taken and charts made as before.” (Thom 1954:103-4) Hul kamplek is

onbekend, maar dit suggereer 'n goeie uitsig op die oostelike hange van die Steenberge. Vanaf die kamp-plek besoek Van Goens verskeie berge en valleie van Valsbaai, selfs tot sover as die berge van Afrika of die Hottentots-Hollandberge om sodoende die kortste afstand tussen die twee baaie te bereken. Hy het op 26 Maart na Tafelbaai teruggekeer (Thom 1954:104; NASA, KAB 1888a:57-63). Van Goens het deeglik kennis van die Steenberge geneem en verkenningsoopdragte aan die kommandeur met sy vertrek gegee. Dit, tesame met die beveiliging van die nedersetting teen Khoi-veestroping en die afsluiting van hul ont-snaproetes, noop Van Riebeeck se persoonlike tog oor die Steenbergreeks in Februarie 1658. Nadat hy in Houtbaai onder die ope hemel geslaap het, begin hy met dagbreek tot by Kloofpas stap. Van daar volg hy die kruin oor al die pieke van die Steenberge tot by Valsbaai (Thom 1954:226). Hierdie waarnemingstog van die kommandeur verleen status aan die Steenberge, want dit was amptelik, dit is gedokumenteer in Van Riebeeck se dagregister en is daarom betekenisvol vir die naamgewing van die bergreeks. Boonop het die dokumentering van die naamgewing min of meer saamgeval met die naamgewing van 'n hele paar ander plekke. Tussen Februarie en Augustus van 1657 het naas die Steenberge dertien ander plekke hul amptelike name gekry. Die plekke is Die Suikerbroodberg by Houtbaai, Die Houtvallei, De Pas (Con-stantia-kloofnek), Bosheuveld, Koorn-hoop, de Schuyr, die Gewelberge, die Luipaardsberg, die Steen- en Bosberge, Rijpermondeklip by Dasseneiland, Hottentotsholland, Margaseneiland (Malgas-) en Schapeneiland (Godée-Molsbergen 1916:26). Hierdie name het teen 1657 moontlik reeds vir 'n paar jaar in die volksmond geleef.

## **2.6.2 Die Steenbergvallei en Prinskasteelberg (Constantiaberg)**

Geografies strek die Steenbergvallei van die boonste uitlopers van Vlakkenberg, die noordelike berggroep in die Steenberge tot by Muysenburg se piek (Muizenbergpiek) aan die oostekant van die bergreeks. Die noordelike punt is suid van Kloofpas wat vir Van Riebeeck die skeiding met die Bosberge gevorm het (Thom 1954: 142). Die boonste Vlakkenberguitloper, wat die waterskeiding tussen die Bosberge en die Steenbergreeks aandui, word aan die pad tussen die Kaapse Vlakte, vandag Constantia-hoofweg, en Con-stantia-nek uitgeken (DRDLR 1933;Diagram 3,4 Bylaag B). Die oostelike Steenbergvallei se suidelike grens is die Muizenbergpiek. Die hange en laer heuwels van die Steenbergreeks loop dood in die voor-malige Keiserrivier wat mettertyd opgedeel en herbenoem is in die Spaanschematrivier, Soetvlei, die Keiserrivier, Sandvlei en die mond van die Keiserrivier. Die topografie word aan berge en hoër en laer heuwels gekenmerk. Die pieke van noord na suid aan die oostekant heet Vlakkenberg, Constantiaberg (Prinskasteelberg), Skeurberg, Steenbergkoppie, Wolfkop, Hoër Steenbergpiek en Muizenbergpiek (Map-studio 1994/95:76,93-5;NASA, KAB 1885a:6). Ou-Kaapseweg lê tussen Steenbergkoppie en Wolfkop. Tans word die oostelike Steenbergvallei in twee dele verdeel, nl. die noordelike gedeelte, Constantia, wat Constantia-woonbuurt suid van Constantia-hoofweg insluit. Wynplase soos Glen Alpine, Eagle's Nest, Hoë Constantia, Groot Constantia, Klein Constantia, Hoop op Constantia en Buitenverwachting vorm deel van die Constantia-vallei, asook Tokai-woonbuurt. Die suidelike gedeelte, die Steenbergvallei, strek

van die Steenbergwynlandgoed suidwaarts tot by Muizenberg en Sandvlei en sluit in Pollsmoor, Raapekraal (Westlake, Lakeside, Klein Wassenaar), Kirstenhof en 'n gedeelte van Retreat (Mapstudio 1994/95:62-3,76-7,93-5). Steenberg- en Swaanswykwoonbuurt grens aan Tokai-park. Tokai was geografies nooit 'n gedeelte van Constantia-plaas nie (TANAPb 1717;1717a). Constantia-afdelingsraad is in Maart 1935 geproklameer. Bosbou het beswaar aangeteken en is in Augustus 1935 uitgesluit as 'n bosreservaat (DRDLR 1935). Desnieteenstaande is die berg se naam na Constantiaberg verander.

Die huidige naam vir die hoogste kruin in die Steenbergreeks, Constantiaberg, is 'n 20ste eeuse naam wat na die plaasnaam, Constantia, verwys (Du Plessis 1973:86), maar sonder dat daar 'n noemenswaardige of historiese verband tussen die plaas en die berg is. Constantia was die eiendom van Simon van der Stel van 1685 tot 1712. Hierdie oorspronklike plaas van 891 morg, 380 vk. roede en 5 vk. voet, lê uitgestrek teen die voetheuwels van die huidige Vlakkenberg tot en met die suidelike grens van die huidige Buitenverwachtingplaas (noord en noordoos van Tokai-park) en ooswaarts tot en met omtrent die ou Hoofweg na Simonsbaai (Böeseke1964:206; DRDLR 1685). Vlakkenberg lê reg noord van en aangrensend aan Constantiaberg. Die oorspronklike Constantia-plaas raak net bokant Klein Constantia en Buitenverwachting aan die uitlopers van Constantiaberg.

Simon van der Stel se verbintenis tot die groter Steenbergvallei word met botsende menings in die literatuur begroet. Skrywers soos Burman (1979) en Fairbridge (1922:79-82) besing sy lof, maar daar is ook die skeptici wat by Simon van der Stel se eie tydgenote begin en hulle bevraagteken sy monopolistiese grondbesit in die Steenbergvallei (Böeseke 1970:342). Die naamgewing van die berg blyk 'n erkenning vir Simon van der Stel se nalatenskap te wees. Van der Stel se plaas se ligging word in die Resolusies van die Politieke Raad beskryf as teen die Steenberge en langs die Buffelsvallei<sup>13</sup> (TANAPb:1714),. Schutte (2003:xii) skryf die plaas se bekendheid toe aan Van der Stel én sy opvolgers, want Constantia-wyn is eers in 1740 goed genoeg geag om as 'n geskenk te gee – dus na Van der Stel se eienaarskap. Schutte meen dat Hendrik Cloete, eenaar sedert 1778, die plaas beroemd gemaak het. Die plaas was toe reeds 'n fraksie van die oorspronklike plaas. Die naam, Groot Constantia, dateer uit Cloete se tyd. 'n Tydgenootlike skrywer, Valentyn (1971:78, 192), beskryf met lof die voorkoms van Van der Stel se plaas en suggereer tog dat Van der Stel se vernuf die plaas beroemd gemaak het.

Die VOC-naam vir Constantiaberg was Prinskasteelberg. Die naam is in verering van prins Willem van Oranje en hou met die naamgewing van Oraniekloof en die Keiserrivier verband (Thom 1954:104). Dit dateer die naamgewing as ca 1657. Van Goens het op 17 Maart 1657 van die skip, *Orangie*, in Tafelbaai aan wal gestap. Op 23 Maart het Van Goens en Van Riebeeck deur Houtbaai via die Kloofpas na die vlakte tussen Tafelbaai en Valsbaai beweeg vir die verkenning en kartering van die omgewing (Thom

---

13 Die Buffelsvaleij behels die vleigebied in die kom onderkant die samevloeiing met die Vlagstokrivier (Brommer 2009:163-4;NASA,KAB 1800b). Die hoofstroom bokant die vlei is die Buffelsvaleijrivier, voortaan die Buffelsrivier. Die naam is in ca die 19de eeu verander na die Prinskasteelrivier (Archdeacon 1949).

1954:102,104). Omdat die kloof so dig met timmerhout begroei was, is dit na alle waarskynlikheid die geleentheid wat Van Goens gebruik het om die kloof Orangieskloof na Prins Willem van Oranje te benoem. 'n Onmiddellike benoeming sou tot veel hulp van die kartograaf, wat al die plekke moes opmeet en skets, gewees het. Die hoogste piek, Prince Casteel, het heel moontlik toe sy pleknaam ontvang. Dié oorspronklike spelwyse is waarskynlik 'n variasie van die Nederlandse spelling *Prinsenkasteel* wat besitting aandui. In die lig hiervan kon dit dien as 'n erbetoon aan die vorstehuis se stadhouer, Prins Willem van Oranje van die 17de eeu. Hierdie titel het 'n roemryke verlede. Die vorstehuis van Oranje se Willem van Oranje, Die Swyger (1533-1584), word gesien as die grondlegger van die Nederlandse Republiek. Die vorstehuis van Oranje het die titel, stadhouer, aan die Prins van Oranje in die 17de en 18de eeu toegeken (Scannell 1965:906). Die verband tussen Orangieskloof en Prince Casteelberg is onmisbaar.

Die vroegste dokumentêre bewys vir Prince of Prinse Kasteel of Casteel dateer uit 1791 (TANAPb 1791f) en vir Vlakkenberg uit 1809 en 1810, toe daar vir grond aansoek gedoen is (NASA, KAB 1809;1810). Die bergkruine is na gebruik in die volksmond benoem, vergelyk Vlakkenberg. Vlakkenberg is die laer of platter berg (Kruyskamp 1961:2268). Volksmondplekname het vir jare bestaan voordat dit opgeteken is, soos plekname uit die houtkappersgeskiedenis op die 1906-kaart (DRDLR 1906). In 1662 het die burgers buite die inbegrepe sirkel agter Wynbergheuwel begin hout kap en die plek het as sodanig bekend geword (Appel 1966:53-4). Die pleknaam Burgersboschkloof (Alphen) het in 1906 nog bestaan. Die bos daarnaas op dieselfde kaart van 1906 heet Klassenbosch. Die plaas Claassenbosch (ook Claasenbosch, Klasenbos of Klassenbos, later Hohenhort) aan die oostelike hange van Klassenkop was nog altyd 'n raaisel ten opsigte van sy naam, want die plaas is vir die eerste keer in 1693 aan H. ten Damme uitgereik (Fagan 1994:421;Dane 1881:165). Dane omskryf die plaas se ligging as “Aan de Claasenbosch”, dus langs of by die bos. Dit is dus duidelik dat die plaas na die bos vernoem is. Dit suggereer dat die burgers in 1662 en 1663 daar gekap het, want hulle het 'n pad daarheen oopgekap (Appel 1966:54). Van Riebeeck se Bosberg het mettertyd Klassenkop<sup>14</sup> geword (MapStudio 1994/5:62).

Die naamsverandering van die Steenberg se hoogste piek na Constantiabergr dateer uit die laaste dekade van die 19de eeu. Volgens vroeë kaarte van die 20ste eeu is die bergreeks noord van die Prinsenkasteelrivier as die Constantiabergr herbenoem (HRC 1901; 1931), maar in 1884 was die berg steeds Prinsenkasteelberg volgens 'n regeringskaart (NASA, KAB 1884a). Ook 'n vlootkaart, wat terugdateer na 1870 (Archdeacon 1949), bevestig die naam, Prinsenkasteelberg. Dit plaas die verandering van die naam van die bergreeks as tussen ca 1890's en 1900.

---

14 Klassenkop verbind met Claasenbos (Dane 1981:165) waar die burgery na 1662 spontaan begin kap het (Appel 1966:53-4). Die bos en die kop is in November 1663 amptelik ondersoek en die burgery is daarna weggewys. Die kop se ligging is as vlak by die ingang van Kloofpas na Houtbaai beskryf (Appel 1966:54;MapStudio 1994/5:62). Die Klaas van Klasensbos is heel moontlik nie 'n oorspronklike eienaam nie. “Klaas” in Nederlands beteken ook Jan Alleman (Kruyskamp 1961:963), wat bevestig dat dit aanvanklik 'n publieke bos kon wees.



Die feit dat daar so min dokumentêre verwysing na Prince Kasteel as kruinbenaming is, kan toegeskryf word aan die isolasie van die plek. Die hele Steenbergreeks was sedert 1714 'n gedeelte van die Kompanjie se houtveld en ontoeganklik vir die gewone publiek (TANAPb:1714). Trouens, toe hout sedert 1666 in Houtbaai deur die Kompanjie begin ontgin is, is die burgery weggewys. Hulle het in die 1670's hout langs die Weskus ontgin. In die 1690's is die hout suid van die Bosheuvel vir die Kompanjie gereserveer, terwyl burgers net met 'n spesiale permit kreupelhout teen die lang hoogte van die Steenberge kon kap (Appel 1966:56-7; 60-1). Hierdie lang hoogte is aan die noordekant van Vlakkenberg tussen Houtbaai en Kloofpas, want die oostekant is vir die Kompanjie se amptenare gereserveer. Simon van die Stel het vanaf 1700 almal uit die groter Steenbergvallei, asook die vlaktes na Zeekoevallei gehou (Böeseken 1964: 209). Dit dra alles by tot die isolasie van die gebied min of meer suid van die noordelike grens van Van der Stel se grond. Die dokumentering van die bergkruin se naam in 1791 bevestig dus dat almal in die daaglikse handel en wandel die eertydse pleknaam, Prinse of Prince Casteel geken het, maar omdat niemand daar toegelaat is nie, kom die naam selde in dokumente voor. Ander moontlike redes waarom die naam Prince Casteel vir die Steenberge nie gedokumenteer is nie, is dat Pieter Potter, die landmeter, se verslae of kaarte nie in Van Riebeeck se dagboeke opgeneem is nie. Die sentrale gedeelte van die Steenberge was aanvanklik buite die inbegrepe sirkel en moeilik bereikbaar weens die vleie en moerasagtige aard van die terrein, volop wild en ruwe berghange. Dit het ook Van Riebeeck verhinder om skanse bo in die berg op te rig om die Khoi se bewegings te beheer (Thom 1954:226).

Die Prince Casteel kan moontlik ook toegeskryf word aan die moeilik, toeganklike hoë kruin, wat effens laer af op 'n uitkykpunt met twee loodregte kranse voor 'n grot-opening stomp afplat. Die grot-opening is ewekantig met rondings op die boonste hoeke (Diagram 73-4 Bylaag B). Dit vertoon soos 'n kasteel se ingang of poort en die prentjie word voltooi met 'n uitkykpunt op 'n plat vlak 'n entjie laer af. Die grot, Prinskasteelgrot, is, soos die bergkruin se naam, in die eerste helfte van die twintigste eeu deur die koloniale amptenare na Elephant's Eye verander. 'n Kaart van 1901 (HRC:1901) dui nie 'n naam vir die grot of die grot self aan nie. Die eerste kaart wat die grot met sy Engelse naam beskryf, is die 1931-kaart, "Die stad Kaapstad en omstreke" (HRC:1931). Vir sommiges lyk die profiel van die berg soos 'n olifant wat kniel met die grot as sy of haar oog. Dit het 'n nuwe landteken geword waarmee die omgewing se inwoners van die 20ste eeu kan identifiseer, omdat 'n knielende olifant binne die denkwêreld van hul bestaan pas. Daarteenoor val die historiese verband met die Nederlandse titel, Prins Willem van Oranje, Prince Casteel, heeltemal buite die ervaringswêreld van die meeste inwoners van Tokai-woonbuurt. Maar net soos wat die benaming Koninklike Jagklub of Royal Society of Engineers baie bekende Engelse benoemings<sup>15</sup> is, was Prinskasteel of Prinsevlag (Sleigh 2004:275) 'n bekende wyse van naamgewing. Die vergete VOC-naam bly egter steeds 'n verlies vir hierdie omgewing, omdat 'n stuk geskiedenis vernietig

---

15 Name soos Prins Albert, Prins Alfred's Hamlet, Prince Alfred-pas, Prins Edward-eilande is nog voorbeelde van monargale benoemings van die koloniale moondheid, maar in hierdie geval die Britse koninklike familie (Potgieter e.a. 1965:133-4).

is. Dit is juis die onbegrip vir die Nederlandse naamgewing wat tot die gemaklike aanvaarding van die verkeerdlike Prinseskasteelriviernaam gelei het, want die Nederlandse naam kom in al die grondtransaksies van Tokai voor.

Prince Casteel word sedert 1792 deurgaans as 'n landteken gebruik om die ligging van die plaasgedeeltes, wat later as die Tokai-landgoed bekend sou raak, aan te dui. Die beskrywing van twee voltitels van 39 morg in 1792 en 9 morg in 1795 asook die beskrywing van die ewigdurende erfpag van 255 morg in 1814, gebruik die kruinbenaming met betrekking tot die ligging van elke perseel (NASA, KAB 1792; 1795;1814). Die Prinskasteel word telkens met die bergkruin verbind. Dit is dus nie (net) die grot, die uitkykpunt of die rivier nie. Die beskrywing is telkens min of meer “Een stuks land gelegen beoosten de Steenberge onder de zogenaamde Prinskasteel ...” soos wat dit in die transaksie van P. M. Eksteen in 1814 bewoord is (1814). Dit stem ooreen met die bewoording van 1792 “... aan de oostekant van de Steenberge onder de zogenaamde Prince Casteel omtrent de Buffels Craal ...” (1792) en in 1795 “... gelegen in de Kaapse Distrik benoorden de Steenberge en oostent van de zoogenaamde Prince Casteel omtrent de plaats genaamt de Buffels Craal...” (1795). Tokai-landgoed lê onder die kruin oor die voet-huwels van die berg uitgestrek, terwyl die uitkykpunt op die mees suidoostelike hoek van die plato onder Constantiaberg lê (Diagram 4a Bylaag B). Indien die beskrywing na die uitkykpunt sou verwys, sou die plaas meer suid gewees het en dit is omtrent waar Swaanswyk lê. Die woord “zogenaamd” is veelseggend. Hoewel dit die betekenis bevat van kamstig op Afrikaans of “skijn” in Nederlands, beteken dit in beide tale ook “so genoem” (Kruyskamp 2452; Odendal, Gouws 2005:1060). Vir die Nederlanders aan die Kaap was die term nie vreemd nie, so ook nie vir die nasate van Duitsers en Hollanders wat hier gewoon en geleef het nie. Die betekenis wat wel sin maak, is “so genoem”.

Dit wil voorkom of die soortnaamwoord kasteel 'n voorkeurnaam vir 'n berg in die eerste tien jaar na 1652 aan die Kaap was. Daar is twee ander berge wat binne die eerste paar jaar na 1652 die name kasteel kry, naamlik die berg, Riebeeck-kasteelberg naby die dorp, Riebeeck-kasteel en Meerhof-kasteelberg verder noord. Die onderchirurgijn Pieter van Meerhof se beskrywing van die Meerhof-kasteelberg in 1661 is rond, “... leggende op het vaste geberchte gelijk een kasteel ende is heel kenbaer, kan wel 17 a 18 mijlen gesien worden eer men daer aencomt...” (Godée-Molsbergen 1916:51). Die naam is later verander, eers na Kalksgatkop (Godée-Molsbergen:254, ingebinde kaart) en toe na Grey-se-hoogte (Thom 1958:347 vn).

Die rol van Pieter Potter as landmeter en kartograaf dien vermelding. Soos reeds genoem, het hy Van Goens en die kommandeur op hul tog om die voorgestelde kanaalplan te ondersoek, vergesel. Maar om sy opmetings te kon doen, moes Potter die hoë berge uitstap, ook die kruin van die hoogste piek van die Steenberge. Potter moes ook die hoogte van die Prince Casteelkruin chorografies<sup>16</sup> bestudeer (Thom 1954:161). Dit is onseker of Potter werklik die opmeting van die Steenberge gedoen het, maar dit was nie onmoontlik vir hom om die kaarte met landtekens te teken nie. In die lig van die beginsels van choro-

---

16 Chorografie behels die beskrywing van lande of landstreke aan hul uiterlike voorkoms (Kruyskamp 1961: 372).

grafie van 1657 kan aanvaar word dat die Prince Casteelpiek as 'n landteken of landmetersbaken deur Pieter Potter opgemerk en genoteer is, maar Van Riebeeckse dagboeke maak nie daarvan melding nie. Die naamgewer van Prince Casteelpiek was moontlik Van Goens weens ander ampsbenaminge in die gebied, soos Orangie en Keyserrivier.

Die grot se naam, Prince Casteelgrot, is van die bergpiek afgelei (Mentzel 1944:37). Mentzel beskryf die grot as “by die piek”. Tydens Mentzel se besoek aan die grot kon hy nie by die bek van die grot ingaan nie weens die digte plantegroei. Vir hom was die grot 'n natuurfrats en nie mensgemaak nie, soos wat Kolb beweer het. Mentzel het die grootte beraam op sowat 90 voet / 27.433 meter diep en 40 voet / 12.192 meter lank en wyd. Hierdie gegewens kan help om die vertelling van Purcell aan Burman (1962: 77-8) - dat die grot inderdaad 'n diep grot was en dat 'n skag en gange na 'n dieper area toe lei - bevestig of verwerp. Mentzel (1944:37-38) verwerp al Kolb se feite oor die grot, ook dat die Van der Stels dit laat grawe het om vir minerale te soek. Mentzel en die naaste bewoner, Frederik Russouw, toe 60 jaar oud, het baie oor eienaardighede van die Kaap gesels - ook oor die grot. Russouw het egter nooit gemeld dat hy en Kolb saam die grot besoek of dat Kolb 'n klein stukkie van 'n baie swaar klip daar gevind het nie. Valentyn (1971:192-3, vn 14-17) het soos Kolb beweer dat die wit marmerteëltjies saam met die rooi klip-teëltjies van Simon van der Stel se woning uit 'n gat of holte in die Prince Casteel kom, maar voeg by dat dit uit 'n groef kom en nie 'n grot nie. Dit is net argeologiese opgrawings wat hierdie feit kan bevestig of weerlê. 'n Groef sou veel laer wees.

### **2.6.3 Vlakkenberg**

Vlakkenberg vorm die noordelike berg in die Steenbergreeks en lê net suid van Kloofpas of Constantia-nek. Die boonste oostelike hang van Vlakkenberg vorm deel van Tokai-park (Diagram 1a,4a Bylaag B). Die oorspronklike Constantia-plaas van 1685 het oor Vlakkenberg se heuwels tot oorkant die Spaanschematrivier uitgestrek. Die oosgrens van die oorspronklike Bergvlietplaas het die oosgrens van Van der Stel se Constantia gevorm (DRLDR 1685,1887). Vlakkenberg het vier pieke, byna in 'n sterformasie, waarvan die hoogste 597 meter is. Al die pieke val binne die grense van Tokai-park. Vier riviere dreineer die area direk onder die kruin, naamlik die Helseboschkloof-, Grootboschkloof-, Langekloof- en Donkerboschkloofrivier (HRC 1901,1931;Diagram 4a,79-82, Bylaag B). Helseboschkloofnaam het verdwyn. Donkerboschkloof is 'n natuurlike skeiding in die oostelike heuwels tussen Vlakkenberg en Constantia-berg. Hierdie riviere vloei saam in die Grootboschkloofrivier wat uiteindelik via die Spaanschematrivier in die Soetvlei sou dreineer. Tans voer 'n kanaal aan die oostekant van Soetvlei die stroom direk na die Keiserrivier (MapStudio 1994/5:77).

Die inheemse plantegroei van die oostelike hang van Vlakkenberg is van direkte belang vir die rehabilitasie van Tokai-park, omdat dit in 'n 1714-dokument bespreek word. Na Simon van der Stel se afsterwe

is 'n ondersoek na die stand van inheemse houtbosse en kreupelhout<sup>17</sup> in die Steenberge gedoen. Daar word vier klowe met ongeskonde houtbosse bokant Constantia asook 'n bos wamakershout gevind (TANAPb 1714a). Twee-derdes van hierdie bosse was op grond van die Kompanjie (Sleigh 2004:261). Die grootste gedeelte van die klowe direk agter Groot Constantia met bosse is vroeg in die 19de eeu aan die Inspekteur van Landsdomeine en Houtbosse, Hendrik Cloete, 1803-06, en eienaar van Groot Constantia (NASA, KAB 1803:64-5), oorgedra en in 1823 geregistreer (DRLDR 1886). Dit is later as die eienom Grootbosch geregistreer. Op daardie wyse het 'n kosbare gedeelte van die Kompanjie se tradisionele houtveld verlore gegaan. Die grond bokant Grootbosch was in 1883 Kroongrond wat mettertyd as Seksie C van die Tokai-bosboustasie aangeplant is (DRDLR 1906; NASA, KAB 1935).

#### **2.6.4 Spaanschematrivier**

Die Spaanschematrivier was eens die bo-loop van die Keiserrivier. Die Keiserrivier word op die Van der Aa-kaart van ca 1710 (Glatigny, Maré, Viljoen 2008:312) aangedui as die totale lengte van die rivier tussen sy beginpunt (Pagasvlei) tot en met Sandvlei. Die datering van die naamsverandering na Spaanschematrivier is onbekend. Die rivier is om twee redes vir Tokai van belang – eerstens vorm dit die voer-aar van die noordelike bergstrome van die Steenberge na Sandvlei. Die watertoevoer en kwaliteit is in die moderne tyd van wesenlike belang. In die tweede plek is die naam naas Prince Kasteel ook 'n moontlike voorbeeld waar klankverwringing tot die verlies van die oorspronklike betekenis gelei het.

Die rivier se opvangsgebied is die suidekant van die waterskeiding tussen die Steenberge en Wynbergheuwel met Pagasvlei en Sillery as die sponsgebied van die rivier (DRDLR 1906). Die houtpos, Witteboomen, was in hierdie area (NASA, KAB 1806c; Diagram 2,3 Bylaag B). Pagasvlei hou moontlik verband met die naam, Spaanschemat. Paga is na aan die woord pagger of heining (Kruyskamp 1961: 1465), maar nie padda soos Burman (1962:66) beweer nie. Die Nederlands vir 'n padda is pad, padden (meervoud) of kikvors (Kruyskamp 1961:1464).

Burman (1962:66) noem drie teorieë vir die naam, Spaanschemat, naamlik 'n doodgebore Spaanse nedersetting, hoë riete langs die watervoor waarvoor geen bewys gevind is nie en 'die liedjie “Piet Hein” waarin verwys word na die plundering van die Spaanse vloot. Die woord “mat” is Nederlands vir 'n muntstuk, maar die verband tussen die geld en die sloot word nie genoem nie. Spaansriet of *Arundo donax* (Odendal, Gouws 2005:1071) is gebruik in die boubedryf en vir die maak van meubels. Dit is uit

17 Die eerste dokumentering van “kreupelbosch” word in die Resolusies van die Politieke Raad van 4-5 Maart 1670 (TANAPb:1670) gevind. Die gebruik van die woord gaan terug na die verbod op die uithaal van jong bosse en die versameling van brandhout van 3-4 en 11-12 Oktober 1658 (Jeffreys, Naude 1944:41,43). Die verbod word in die Van Riebeeck-joernaal (Thom 1954:346-8;350-1) weergegee, maar sonder die term kreupelhout. Die term kreupelbosse word ook op 19 November 1658 as plantmateriaal naas gras en biesies in die Plakkate gebruik (Jeffreys, Naude 1944:46). Dit is in die moderne tyd met die Afrikaanse woord fynbos vervang. Kyk ook kreupelhout in Kruyskamp (1961:1036).

Java ingevoer (TANAPb 1709;1717c). Dit kon dalk deur die houtwerkers van die Witteboomenhoutpos verbou gewees het. Dit verspreiding sou die stroombedding in die afvloei oorgeneem het – aldus 'n waarneming van Thunberg by Verlorenvlei (1886:280nv). Die spaan kan ook na hout of borswering en mat as 'n tipe heining van riet, biesies of bashout verwys (Kruyskamp 1961:1859,1175) en nie na Spanje nie. Dit suggereer 'n heining. Pagger of heining (:1465) word reeds in Van Riebeeck se tyd gebruik (TANAPb 1657b) en Van Riebeeck se heining is ook 'n pega-pega genoem (Thom 1958:153). Die verskuiwing van klank oor tyd kon moontlik die pagger na paga verander. Paga is nader aan pagger, maar verder van die woord padda. Die woord pagger verbind ook met matten, wat 'n heining van riet, biesies of bashout suggereer. Die naamwoord verwys in so 'n geval na die heiningmateriaal en of heining wat die sponsarea gekenmerk het, moontlik palmiet. Soos wat Prince Kasteel deur niekeners van Nederlands as 'n prinses se kasteel verkeerdelik vertaal word, was Spaanschemat en Pagasvlei dalk ook onderhewig aan betekenisverskuiwing weens uitspraak en die verandering van sprekers oor tyd. Die Spaanschematrivier eindig by Soetvlei (MapStudio 1994:77). Die rivier is reeds in 1760 drooggelê vir wingerdverbouing van Bergvliet. In 1880 was die 5,000 stokke steeds draend (NASA, KAB 1880:8).

'n Gedeeltetjie van Paggasvlei en die Spaanschematrivier is in 1685 by Constantia ingesluit. Na Simon van der Stel se dood is sy plaas van 891 morg, 380 roede en 58 voet in 1716 in drie seksies verdeel (DRDLR 1685,1887). Die gedeelte wat verby die Spaanschematrivier strek, heet Bergvliet - 'n klein bergstroom (Kruyskamp 1961:2275). Vermoedelik is die Spaanschematrivier Bergvliet in Van der Stel se era genoem – vandaar die plaas se naam. 'n Leivoor is later gebou om die Bergvlietplaas van water te voorsien. Brown en Magoba (2009:207) dateer die Spaanschematleivoor as 1880. Dit herlei water vanaf Sillery na Bergvliet en mond uit in die Keiserrivier naby Denedal (MapStudio 1994/5:95,77).

### **2.6.5 Soetvlei**

Dié soetwatervlei behels die ineenvloeiing in die voormalige Keiserrivier, min of meer onderkant die grens van die Constantia-plaas van 1685, van die Buffelsvallei en die bo-Keiser- of Spaanschematrivier (DRDLR 1906). Die vlei was nooit deel van Tokai nie, maar 'n aangrensende erfpag van Bergvliet (NASA, KAB 1795). Die vlei gebied in die Ondertuine word soms as Soetvlei, in plaas van Buffelsvlei of Prinskasteelvlei, na aanleiding van ouer amptelike kaarte, gesien (DRDLR 1963,1970,1983). In die 2009-verslag van TNP word dit korrek as buite Tokai-park aangedui (TMNP 2009:14), maar kaarte 12 en 13, “Tokai future vision” in dieselfde verslag, plaas die Soetvleiarea binne Tokai-park (:28,29). Die oorsigfout het waarskynlik sy oorsprong in foutiewe inligting op die amptelike kaarte van Suid-Afrika, wat deur die Kartografiese Afdeling van die Kantoor van die Landmeter-generaal in Mowbray opgetrek word. Die foutiewe benaming het moontlik met die benaming van die Ondertuine se wingerde na die 1890's begin. Die inenting van Amerikaanse wingerdstokke na afloop van die groot filloksera-pes van die 1880's is sedert die 1890's in die Ondertuine bedryf (NASA, KAB 1896d). Mettertyd is die bedryf deur ander instansies oorgeneem en die Ondertuine is gebruik vir wingerde, wat toe die naam Sweet Valley

Vineyards kry. Hierdie verwysing kom net op enkele kaarte seder 1963 voor en die fout is in 1992 reggestel. Indien slegs een van die kaarte uit hierdie periode gebruik word, kan dit maklik tot so 'n flater aanleiding gee, soos by enkele individue teëgekem. Die regstelling wat sedert 1992 op die amptelike kaarte aangebring is, stem ooreen met die amptelike diagram van Soetvlei in die Kantoor van die Landmeter-generaal (DRDLR 1885). Uit 'n seleksie van sewe amptelike kaarte, 1933, 1942, 1963, 1970, 1983, 1995, 2003 (DRDLR), word Buffelsvlei, later Prinskasteelvlei, op drie kaarte, 1963, 1970 en 1983, as Soetvlei aangedui. Die eerste kaart van 1933 en die laaste twee kaarte, 1995 en 2003, dui Soetvlei aan as aangrensend aan Tokai. Dit is die korrekte ligging volgens die 1883-kaart (NASA, KAB 1883n), die eerste gronduitgif as leengrond of erfpag in 1764 aan Jacob Rholand as aangrensend aan Bergvliet (TANAPb 1764), asook 'n skets en die grondbeskrywing op diagram 2731 van 1885 (DRDLR 1885; Diagram 5 Bylaag B), wat dit as grond tussen Tokai en Bergvliet aandui.

Soetvlei is van belang vir Tokai se geskiedenis ten opsigte van weiding, naamgewing en as dreineringsgebied van die voormalige Buffelsvlei en huidige Prinskasteelkanaal. Laasgenoemde is een van twee historiese kanale wat aan die groter gebied verbind word. Die tweede kanaal is steeds funksioneel, maar sy geskiedenis is vergete. Dit is die kanaal wat deur een van die vorige eienaars van 'n gedeelte van Baasharmenskraal, J.A. Munnik, gegrawe is (NASA, KAB 1837c;1838a). Die kanaal word ook op diagram 2731 van 1885 (DRDLR 1885) aangedui, asook op 'n sketskaart van Melvill (NASA, KAB 1838a). Die Soetvlei is grootliks deur menslike ingryping verander. Hoewel dit voorkom of die Buffelsvlei (Prinskasteelrivier) in die Keiserrivier invloei, is die aansluiting steeds in die noordwestelike hoek van die stukkie van Soetvlei wat oor is (MapStudio 1994/5:77).

Histories is Soetvlei belangrik vir die Tokai-area, want die oewers van Soetvlei aan Baasharmenskraal se kant was 'n gunsteling weidingsarea vir boere van die groter Steenbergvallei (NASA, KAB 1803e). In 1921 is die grond aan die oorkant van die Keiserrivier steeds deur die boere van Constantia as weiding gebruik (1821). Dit is moontlik die area waar Fredrik Russouw en Johanna Rosendaal van Swaanwyk tussen 1688 en 1699 hul 84 koeie, osse en jong verse, 76 kalwers, waarvan 38 van ses maande en die res van 1 en 1/2 jaar, 530 klein en groot skape en 16 perde en vulletjies laat wei het (TANAPc 1699), want hul plaas was maar 25 morg groot (NASA, KAB 1688). 'n Grondverslag van 1821 (1821a) het Swaanwyk se grond as baie swak beskou: "The greatest proportion of the land is very steep being part of the Steenberge. The remainder would not keep two cows all year round." Dit is ondenkbaar dat die weiding oor een eeu so drasties kon verander het – Swaanwyk het nie oor sy eie weiding beskik nie en daarvoor was Soetvlei en Baasharmenskraal goed geleë om in Swaanwyk se behoefte te voorsien, veral omdat daar toe weinig boere in die Constantia-vallei was.

Soetvlei het sy naam te danke aan die aard van die water. Die geoloog, Compton (2004:34-5,95) reken water van die Tafelbergformasie het 'n pH van 4, wat die teenwoordige suur tien maal hoër as reënwater met 'n pH van 5.6, maak. Hierdie water syfer deur al die rots- en grondlae en dit het op die ou einde 'n

groot invloed op die tipe plantegroei wat deur die verskillende klippe en rotssoorte ondersteun word. Bestanddele in die grond ontbreek om die suur te neutraliseer. Maar teen die tyd wat die water in Soetvlei vergader, is dit taamlik gesuiwer deur die palmiet, *Pronium serratum*, (Bezuidenhout 2013). Palmiet word reeds in 1728 gedokumenteer in die rivierbedding van die Buffelsvlei (TANAPb 1728; NASA, KAB 1883n) – vandaar die naam van die vlei – “soet”. Ook in verhouding met die Keiserrivier tussen Soetvlei en Sandvlei, is Soetvlei soet. Stroomaf was die water brak wanneer die mond van Sandvlei oopspool (TANAPb 1728). Met springgety het Sandvlei verby die 13de mylsteen opgestoot. Indien die riviermond toe was tydens springgety, dam die water wat in die vallei afloop, op en dit vernietig alles wat aangeplant is (NASA, KAB 1821a). Baasharmenskraal, wat in die 18de eeu 'n natuurlike weidingsarea van die Kompanjie word (Sleigh 2004:264,340), is aan die oorkant van Soetvlei op die oewer van die Keiserrivier geleë. Die wadrywers het daar uitgespan en osse gereed gekry vir die togte na Tafelbaai of Simonsbaai.

Die herleiding van die Buffelsvleirivier<sup>18</sup> na die Steenbergkoppierivier, voortaan Steenbergsvier, soos aangetoon op die 1795-militêre kaart (Brommer 2009:192), het die presiese samekoms van riviere en spruite vir navorsing deurmekaar gelaat. Die Soetvleigebied het onderkant Bergvliet, waar die Spaanschematrivier en waarskynlik die Grootboschkloofrivier verenig het, begin. Die vermenging met die brakwater van die Keiserrivier het moontlik die suidelike grens van die vlei bepaal. Die kaart van die beleg van Muysenburg, 1795, toon met kleur aan hoe die water verskil: die onderste helfte en Sandvlei het dieselfde donker kleur, terwyl die water van Soetvlei 'n ligter kleur vertoon (Brommer 2009:192). Die Steenbergsvier het in die laer Keiserrivier ingevloei wat weer in Sandvlei gevloei (Brommer 2009:192). Pierre van der Aa se kaart van ca 1710 dui die voedingsaar van Sandvlei aan as slegs een vleiagtige rivier (Glatigny, Maré, Viljoen 2008:312). In 1728 word Baasharmenskraal by (aangrensend tot) Sandvlei gereken (TANAPb 1728). Die Prinskasteelrivier vloei sedert ca 1800 in die Soetvlei wat weer in die Keiserrivier invloei (NASA, KAB 1800b;1883n;DRDLR 1963;2003).

## 2.6.6 Die Keijsermont of Keiserrivier

Die pleknaam in die omgewing wat saam met die naam Prince Casteel geles moet word, is die Keijsermont- (Brommer 2009:192;Diagram 2,3 Bylaag B) of Keiserrivier (DRDLR 1906). Die naamgewing van die Keiserrivier sluit direk aan by die naamgewing van die Prince Casteel en die era van naamgewing in die eerste tien jaar na 1652. Conradie (1934:2) herlei die ontstaanstydperk van die VOC-nedersetting by die Cabo de Esparanza terug na die tweede helfte van die Hollandse Goue Eeu. Die Goue Eeu, ca 1580

---

18 Die herleiding van die Buffelsrivier na die Steenbergsvier kon nie in TANAPb of argiefdokumente opgespoor word nie. Die kaart van die beleg van Muysenburg, 1795 toon aan dat die rivier herlei is (Brommer 2009:192). Die rivier se oorspronklike loop word op die kaart van Brommer (:163-4) en Sluysken (NASA, KAB 1800b) aangedui. Omstandigheidsgetuienis asook 'n verwysing uit 'n adres tydens die beleg, van Muysenburg, Swaarendijk (TANAPb 179b) maak die herleiding meer as net moontlik.

tot 1680, word gereken as die bloeitydperk van die Renaissance in die Nederlande. Hierdie era het die destydse Nederlande op die voorpunt van ontwikkeling geplaas. Die afronding van die gragte rondom Amsterdam was nie net 'n ingenieursprestasie nie, maar ook 'n sprong vooruit in die handel en die kunste. Die gragte van Amsterdam het waarskynlik Van Goens se kanaalidee gevestig en aangehelp.

Daar heers onsekerheid oor die werklike lengte van die rivier, soos hierbo (2.6.5) aangetoon. Volgens Mentzel (1944:29) is die rivier aan die uitlooptant van die vlei en loop dit net as die strandmeer oop is. Die riviernaam, Keijsermont (Brommer 2009:192), dui weer die inloop in Sandvlei aan. Maar volgens die Van der Aa-kaart was die hele rivier bokant Sandvlei die Keiserrivier (Glatigny, Maré, Viljoen 2008: 312). Mentzel (1944:29) haal Peter Kolb aan wat beweer die rivier is vernoem na die man, Johannes Keizer, wat vooroor in die rivier geval en verdrink het. Dit word deur Valentyn (1971:72) in navolging van Kolb beaam. Hoewel Mentzel Kolb gelyk gee, kan dit nie uit historiese bronne bevestig word nie. Die persoon wat wel vooroor in 'n rivier geval en gesterf het, was Andries Janssen van Wezel, 'n veelsydige soldaat. Hy het 'n epileptiese aanval gekry, terwyl hy op 20 Augustus 1655 sy wasgoed in 'n rivier gewas het, ongeveer twee myl vanaf die fort (Thom 1952:338). Die rivier se naam word nie aangedui nie, maar Van Riebeeck het moontlik na óf die Soutrivier óf die Liesbeek verwys. Volgens Valentyn (1971: 72) is die rivier wat na die drenkeling, Johannes Keizer, vernoem is, die Soutrivier wat in Tafelbaai vloei en dat die rivier skynbaar op 'n stadium die Keiserrivier geheet het. Indien wel, suggereer dit dat die voorgestelde kanaal van Van Goens die Keizergracht sou heet. Wanneer Valentyn die Constantia-omgewing bespreek, verwys hy wel na die Keiserrivier wat weens die seesand soms stilstaande is (1971:196, 197vn). Hier is dus 'n verwarring oor die presiese rivier en die man wat verdrink het. Godée-Molsbergen (1916:11vn7) het nagelaat om hierdie feit te verifieer. Maar die sogenaamde insident wat Kolb, Valentyn en Mentzel aanraak, moes kort na 1652 plaasgevind het, omdat die riviere en berge wat reeds in 1652 verken is, almal name gekry het (Godée-Molsbergen 1916:11). Die naam van die sterfling, Keizer, is nog nie deur latere skrywers opgespoor nie. Jan van Riebeeck en die eerste joernaalskrywers van die VOC het pligsgetrou afsterwes gerapporteer – ook name van soldate en matrose wat in Tafelbaai agtergelaat is wanneer hulle te siek was om verder te reis. So word ook die laataand verdrinking van die dapper, maar beskonke korporaal Elias Giers in 1660 in die vol Liesbeekrivier betreur (Thom 1958:248). Tog kom daar nie 'n Johannes Keizer of spellingvariasies vir so 'n persoon en sy sterfte voor in die joernale van Van Riebeeck nie. 'n Soektog op TANAP het, soos in die joernale van Van Riebeeck, geen Kaiser<sup>19</sup> of Keiser of Keizer opgelewer wat so gesterf het nie. Die naamgewing van die Keiserrivier by Valsbaai is dus nie verwant aan 'n drenkeling nie, maar hou verband met benoeming van kulturele of erfenismerkers uit die Patria.

---

19 Aagje Claasz Keizers was die vroedvrou in 1690 en getroud met Rutgert Troost (TANAPb 1690). Dit is die enigste Keizer-variasie wat verwys word.



Die naamgewer(s) van die Prince Casteel, heel moontlik Van Goens, of Van Riebeeck of albei en Potter, moes nog diep onder die indruk gewees het van die kunste en ingenieursprestasies in die Patria of Vaderland. Die prag en vindingrykheid van die Keizergracht om Amsterdam was in daardie stadium reeds 'n kultuurskat. Die Heerengracht het saam met die Prinsengracht en die Keizergracht die “grachtengordel” rondom Amsterdam gevorm. Hierdie kanaalnetwerk, wat in die vroeë 17de eeu gebou is, is vandag wêrelderfenis. Waar die Heerengracht beskou is as die belangrikste kanaal van die 17de eeu waar al die vernaamste regente, burgemeesters en handelaars se huise was, is die Keizergracht die tweede en wydste kanaal (Amsterdam 2003). Dit is daarom te verstane dat straatname in die historiese Kaapstad soos die Keizergracht en die Heerengracht asook vyf van die titels van die Prins van Oranje, naamlik Buren, Nassau, Catzenellenbogen, Oranje en Leerdam, as name vir die vyf punte van die Kasteel in Tafelbaai weerklank sou vind (Scannell 1965:427). Die Keiserrivier het weens gronduitreiking aan weerskante nuwe riviernaam gekry, maar in wese bly dit 'n historiese naam van besondere betekenis.

### **2.6.7 Sandvlei**

Sandvlei se naam kom van die drooggelegde vlei wanneer die mond oopgespoel het. Dit is ook betrek by die gragidee as 'n alternatief tot Zeekoevlei, of moontlik 'n verbinding met Zeekoevlei.

Die Keiserrivier lê nie in lyn met die voorgestelde grag nie. Die redakteurs van Van Riebeeck se joernale (Thom 1954:10 vn 1-4) reken die grag sou anderkant Zeekoevlei deur die duine in die see uitmond. By nadere lees wil dit tog blyk dat Jan van Riebeeck in Februarie 1656 benewens Zeekoevlei, ook die vlei wat in die somer droog en soos 'n soutpan lyk, oorweeg het as 'n moontlike deurgang na die see toe. In die winter was die vlei so vol dat dit 'n drieur lange tog was om om die meer te stap. Van Riebeeck het heel moontlik hier van Sandvlei gepraat. Volgens die kaart van Pierre van der Aa, ca 1710 in Glatigny, Marais en Viljoen (2008:308,312), was die Sandvlei droog in die somer. Sandvlei was dus 'n tipiese strandmeer wat oop en toe spoel, soos blyk uit proefneming met indigo in 1728, stroomop van Sandvlei waar palmiet uitgehaal is. Die projek het skeef geloop weens die brakgeardheid van die grond (TANAPb 1728). Dit is waarskynlik die ondersoek van Van Goens van Maart 1657 (Thom 1954:104) wat Sandvlei en sy voedingsriviere se name geïnspireer het, want teen daardie tyd het die berge en kruine rondom Tafelbaai reeds name gehad (Godée-Molsbergen 1916:26). Sleigh (2004:348) plaas die Sandvlei as die naaste waterbron aan die militêre pos by Muysenburg. Sleigh verwys ook na die afwesigheid van 'n put of 'n waterbron op die militêre pos. Die brakgeardheid van die strandmeer maak dit egter moeilik om te glo dat Sandvlei as 'n varswaterbron, geskik vir menslike gebruik, benut is. Meer as een wapad het die Dieprivier boonop net bokant die invloei in Sandvlei gekruis. Een wapad het selfs deur 'n taamlieke gedeelte van die suidoostelike Sandvlei geloop. Die wapaaie en die herleide Buffelsrivier word op die *Kaart van de Situatie Tussen Baaij Fals en de Groote Wijnbergh, Aan de Kaap de Goede Hoop*, 1795, aangedui (Brommer 2009:192). Die verlegging van die standhoudende Prinskasteelrivier (NASA, KAB 1897a) na die Steenbergsvier, wat ook die water van Kleinbergvliet insluit, sou dus varswater bied

teenoor die soutwater van die laer Keiserrivier. Voorts blyk 'n vergelyking tussen genoemde kaart in Brommer (2009:192) en die Kaart van Sluysken (NASA, KAB 1800b) dat die rivier twee posisies gehad het. Die kaart van Sluysken is in 1800 in Amsterdam gedruk, maar beeld die oorlogsterrein in 1795 uit. Sluysken dui die rivier en die Vlagstoksytak aan waar dit onafgebroke na Soetvlei vloei. Sandvlei was 'n strandmeer en het boonop nie altyd water gehad nie, wat nog van drinkbare water vir vee.

H.O. Eksteen (senior) van Bergvliet het in April 1792 aansoek gedoen om 'n visteelstasie in die Sandvlei te begin. Hy berig dat hy die vlei vir jare noukeurig dopgehou en gesien het dat dit elke winter vol word en die mond oopspoel. Al wat dan oorbly, was onvrugbare sandgrond wat met 'n kors bedek is, want die bodem was nie geskik vir enige verbouing nie. Eksteen wou die waterafloop na die vlei met dyke en skutsluise beheer sodat die vlei deur die jaar 'n konstante watervlak sou hê. Die aansoek is afgewys as gevolg van die wapad en die effek wat dit daarop sou hê (TANAPb 1792b). Die wapad waarna verwys word, het waarskynlik in die droë periode deur Sandvlei geloop (Brommer 2009:192).

## **2.6.8 Prinskasteel- / Constanti bergdreinerings**

### **2.6.8.1 Engelse benoeming**

Die afloopstroomname van die Constanti berg dateer meesal uit die Engelse periode vanaf 1883. Kaarte uit die voorperiode vermeld slegs die Buffelsvalleij op die Van der Graaff en Barbier-kaart van 1788 (Brommer 2009:164; Diagram 3 Bylaag B). Die Buffelsvallei of vlei se naam word in die Engelse periode na die Prinskasteelrivier, dus van die berg waarvandaan dit kom, hernoem. Die naam kom reeds voor op 'n 1870-kaart (Archdeacon 1949). Die ander stroomname is waarskynlik almal deur die hoofkonservator, Westelike bewaringsarea, Sir David Hutchins, benoem, naamlik die Signal-, Flagstaff-, Ash- en Middle-riviere (NASA, KAB 1902b). Die enigste twee ouer name is die Buffelsvlei en die Pondokvallei en -stroom, maar beide het in onbruik verval. Die grootste stroom en waarin al die riviere uiteindelik vloei, is die Prinskasteelrivier. Die opvanggebied van die hoofstroom is 'n sponsarea suid van die hoogste kruin en die stroom dreineer oos. Die eerste stroom onderkant die uitkykpunt is die Asrivier. Volgens Hutchins is dit die eerste rivier na Prinskasteelrivier wat noord vloei. Die Middelvlei se afloop is verder noord en dit vloei in die Flagstaff- of Vlagpostrivier. Hierdie twee strome het gedurende Hutchins se periode water aan die kwekery se dam verskaf. Die volgende rivier is die Vlagstokrivier waarin die dam van die Porterskool gebou is. Die Vlagstokrivier word weer deur die Seinstroom aangevul. Volgens die 1902-kaart (DRDLR 1902) vloei die strome oorkant die gewese Uilhuis ineen. Hierdie stroom, wat weens wateruitlate taamlik verswak word, vorm die noordelike bank van die Tokai-opstal. Dit vloei naby die huidige perdestalgebou in die Prinskasteelrivier, wat daar noord vloei. 'n Honderd meter stroomaf, op die draai van die Prinskasteelrivier ooswaarts, word die rivier gekanaliseer. Die Prinskasteelkanaal vloei deur die vlakte na waar dit uiteindelik in die Soetvlei dreineer. Pondokvlei kry die dreinerings uit die Pondokvallei en dit vloei in 'n kanaal noord van die Ondertuine, wat in die oorspronklike Prinskasteelrivierbedding

aangelê is. Dit word met 'n stroominlaat van Buitenverwachting aangevul. Die water word verder gekanaliseer en vloei onder die Ondertuine in die rivierbedding wat met palmiet gevul is (Map-Studio 1994/5:77).

Daar bestaan weinig rekords oor die afsonderlike stroomname voor die bosbouperiode. Moontlike raakpunte uit die VOC-era kan nie bevestig word nie. Die Vlagpos- en Seinriviere se Nederlands of Afrikaans vertaalde name is problematies indien die oorsprong voor 1883 gesoek word, omdat die inligting in 1672 oor die Kompanjie se seinplan vaag is oor die betrokkenheid van die berge in die suidelike Skiereiland (TANAPb 1672). Sleigh (2004:171) reken dat die Steenberge deel uitgemaak het van 'n vroeë seinstelsel. Die latere seinstelsel het sedert die 1740's van Simonsbaai via Muysenburg seine herlei wat per ruiters na die Kasteel geneem is. Dit is in 1793 opgradeer toe die renbode met seine na Wynberg vervang is. Die Britse administrasie na 1795 het die VOC-seinstelsel as onprakties en outyds beskou en met hul eie stelsel vervang (:283, 341, 346). Dit wil dus blyk dat die pieke van die latere Tokai-area nie by 'n seinstelsel ingesluit was nie, maar Sleigh (:171-2) verwys tog na seinposte van die 17de eeu in die meer-voud met betrekking tot die Steenberge.

Die meeste seinposte in die eerste jare was aan die Tafelbaaikant van die Kaap. In 1671 en die daaropvolgende jaar is Valsbaai en die berge van Valsbaai vir 'n seinstelsel ondersoek. In Augustus 1672 is besluit om 'n vlagseinstelsel te ontwerp om die koms van vyandelike skepe na die Kasteel deur te sein. Die verslag is onvolledig en die name van die bergpieke word weggelaat. In Januarie 1673 is die tuisgemaakte vlag “naar de buijteposte Steenberg, de Taeffelbergh en in de Clooff” oorland gestuur. Dit beteken die seinposte in die afgeleë Steenberge moes beman gewees het, maar daar was nie 'n vaste blyplek agter die Steenberge nie en dit was nie 'n voltydse funksie nie. Die skaappos se naam was Aan de Steenbergh en daar was verblyf waar die skaapoppassers en die mynwerkers tussen 1776 en 1885 gewoon het (Sleigh 2004:73). Sleigh (:171) reken dat net die beespos se wagtters seiners was, maar beide poste het seinvlae gekry. Indien die seiners in byvoorbeeld Pondokvallei gewoon het, was dit nader om Muysenbergpiek uit te klim as van agter die Steenberge. Van Muysenberg se piek is die hele Valsbaai sigbaar. Seiners in Pondokvallei kon moontlik seinterme as name aan landmerke gegee het. Hutchins se intense betrokkenheid by die area is meer oortuigend, so ook die militêre teenwoordigheid in die 1880 en 1890's. Dit betrek die teenwoordigheid van soldate se skietoefeninge op die militêre skietbaan, wat vir 'n tydjie lank op Tokai gedoen is (NASA, KAB 1886c). Tydens skietoefeninge word daar gewoonlik 'n vlag gehys om aan te toon dat bosbouaktiwiteit in daardie area gestaak moes word. Dit gee aan die heuwel, Seinheuwel, sy naam. Op sy beurt gee die heuwel weer die naam aan die stroom, Seinrivier. 'n Skets van die skietbaan, Rifle Range, 1894, dui die rigting van vuur as suidoos na noordwes aan, strekkend van bokant die Porterskool in die rigting van Beverleyrif<sup>20</sup>, die rug waarop die pad tussen Buitenverwachting en Tokai gaan. Die skietaktiwiteit was midde in 'n jong plantasiëarea, net noord van die Vlagposrivier (1896c).

---

<sup>20</sup> Beverleyrif is slegs in een dokument teëgekomp, maar daar kan meer verwysings wees. (NASA, KAB 1896c).

### **2.6.8.2 Rifle Range (Skietbaan)**

Die Rifle Range is 'n stukkie grond van ongeveer 25 morg en 544 vierkante roede wat tussen die Tokai-plaas se noordelike grens van 1814 en die grens met Buitenverwachting lê (NASA, KAB 1896c). Hierdie grond is in 1811 deur Petrus Michiel Eksteen vir vyftien jaar in erfpag bekom saam met 5 morg en 452 vierkante roede (1811;1811a). Die erfpag, wat vandag as die Rifle Range (Skietbaan) bekend staan, is aangrensend aan die ewigdurende erfpag wat in 1814 aan Eksteen uitgegee is en die Tokai-landgoed van suid na noord konsolideer (DRDLR 1813, 1814;Diagram 7,35 Bylaag B). Goedkeuring is in 1844 verkry om die grond in erfpag of leengrond na ewigdurende erfpag (perpetual quitrent) om te skakel (NASA, KAB 1844a), maar dit is nooit gedoen nie. Desnieteenstaande is die grond in 1850 saam met die landgoed as erfpag te koop aangebied (1842b). Sedert 1813 is leengrond nie meer uitgereik nie (Duly 1965 : 361). Met die aankope van die plaas in 1883 het die grond outomaties na die koloniale regering teruggegaan – moontlik omdat die uitreiking van leengrond verval het en daar boonop geen strukture volgens die 1883-kaart van Tokai opgerig is nie (NASA, KAB 1883n;Diagram 8 Bylaag B). Die koop-ooreenkoms verwys nie na die leengrond nie (1883b). Ook die kaart van November 1885, wat grootliks met die 1883-kaart ooreenstem, verwys net na die vrygrond en ewigdurende erfpaggrond van Tokai-landgoed(1885b)<sup>21</sup>. Twee stukke grond tussen Tokai en Buitenverwachting dui twee porsies leengrond aan (DRDLR 1880e). Die grond aan Tokai se kant is in 1907 en 1914 tot Constantiaberg toegevoeg (HRC 1931). Die heropmeting van die Constantia-plaas is in die 1880's in ooreenstemming met die Land Beacon's Consolidation Act, Wet No. 7 van 1865, gedoen. Dit is in 1890 afgehandel. Hoewel die Tokai-landgoed van Jacob en Sebastian Eksteen aanvanklik op die lys was, is dit van die finale lys verwyder (DRDLR 1890), waarskynlik omdat dit nie meer in private besit was nie. Die grondbelastingregisters (RLR-reeks) in die Kaapse Argief eindig ook met die inwerkingstelling van 'n ander gronduitleningstelsel, ewigdurende erfpag, en dui nie aan wanneer die erfpaggrond van die Eksteen-seuns, Jacob en Sebastian, opgesê is nie. Dit het waarskynlik verval toe die regering die Tokai-landgoed in 1883 gekoop het. 'n Navraag van die distrikbosboubeampte oor die grond aan die Landmeter-generaal in 1925 kon geen antwoord verskaf nie, behalwe 'n dokumentverwysing “G.L.1057 gedateer 8 November 1886” (DRDLR 1925;NASA, KAB 1886c). Dit verwys na die skietbaan.

Die Militêre owerhede het sedert 1886 die lang strook grond as 'n skietbaan gebruik – vandaar die naam Rifle Range. Dit was teen die wense van die bosboupersoneel, omdat hulle gevrees het dat die gevangenes wat boompies plant, getref kon word en dat veldbrande sou ontstaan. Die brief van 8 November waarna verwys word, behels korrespondensie oor die wenslikheid al dan nie van toestemming (NASA, KAB 1886c). Die militêre oppergesag het teen 1895 grond elders vir skietoefening bekom, hoewel daar

---

21 Tokai-landgoed se opmeting het tussen 1881 en 1890 gebeur en die 1885-kaart was waarskynlik die amptelike kaart van die opmeting, terwyl die 1883-kaart (NASA, KAB 1883n) De Vasselot se kaart was wat die uitmeet van die kwekerygrond aandui (NASA, KAB 1883l). Die bronkaart wat weg is, word aan Hyslop toegeskryf (NASA, KAB 1883e). De Vasselot se kaart is op die bronkaart gebaseer.

voor 1895 van die terrein gebruik gemaak is. Die grond was aanvanklik Bosbou se eiendom (1896c), maar het op die ou einde na Justisie gegaan. In 1902 was daar reeds 'n tuin genaamd “Rifle Range Garden” wat deel uitgemaak het van die Porter-grond (DRDLR 1902;1902a; Diagram 35,54 Bylaag B).

Hoewel die Kaapse essenhout (*Ekebergia capensis*) inheems is, is dit nie inheems tot hierdie area nie en die Asrivier is dus nie na die esboom vernoem nie. Die kans is goed dat dit na verbrande hout, as, verwys, omdat daar twee punte is wat soortgelyke name dra, naamlik “Voorbrand” aan die suidoostelike punt tussen die plato en die piek en “Blackburn-kloof” tussen die plato en die kruin aan Houtbaai se kant - die suidwestelike hoek van die kruinkoepel.

### **2.6.8.3 Pondokvallei**

Die enigste kaart wat die Pondokvallei aandui, is die 1902-kaart van Fourcade (DRDLR 1902). Die 1885-kaart (NASA, KAB 1885b) dui wel Biempie se kothuis in 'n bos aan waar die Pondokvallei is, maar die vallei word nie benoem nie. Die valleitjie by Biempie se kothuis is deur 'n waterstroom noordwes daarvan gevoed. Die waterstroom kom nie meer voor op die 1902-kaart nie, maar wel 'n dam en sy uitloop, gemerk Pondokvallei. Die dreinerings van die heuwel noordwes en waarop die skietbaan in 1906 aangedui is, vloei in die Pondokvallei (DRDLR 1906), maar die afloop is mettertyd gekanaliseer, waarskynlik voor 1902. Die kaart dui ook 'n kanaal of leivoor op die noordgrens van die skietbaan aan. Die waterafloop is in 'n leivoor afgelei om die tuinery, wat op die skietbaan grond deur superintendent Orpen van die Porter-institusies gevestig is, van water te voorsien (1902). Die waterstroom onderkant die dam vloei in 'n vlei, Pondokvlei met sy eie fontein. Dit word vandag die Prinskasteelvlei (Rebelo 2010:49) genoem. Die 1931-kaart (HRC 1931) vertoon 'n waterreservoir naby die area van die tuinery waar die skietbaan was.

Die dubbele betekenis van vlei en vallei is ook by Pondokvallei / -vlei ter sprake. Die Pondokvallei is 'n kom met 'n standhoudende fontein tussen die waterskeiding met die Vlagposrivier (suid) en Eksteen se leengrond van 1811 aan die noordekant (NASA, KAB 1811,1811a). Die Pondokvallei, wat direk noord van die Tokai-opstal lê, is in die 1814-grondtransaksie as ewigdurende erfpag tot die landgoed toegevoeg (1814;DRDLR 1813). In 1889 is begin met die bou van die jeugrehabilitasiesentrum op die suidelike helling van die vallei en op 3 November 1892 is Pondokvallei en ander gedeeltes aan die Porter-skool afgestaan (NASA, KAB 1889c,e;1892d). Die grondverdeling is aanvanklik net in 'n wettige ooreenkoms tussen die Koloniale Kantoor en die Department van Grond, Myne en Landbou saamgevat (1892d), maar die Porter-grond is later, op 24 Junie 1919, met die Minister van Justisie as trustee, geregistreer (DRDLR 1919a).

Die oorsprong van die Pondokvallei se naam is onseker. Die woord pondok is Maleis-Portugees en beteken hut (Boshoff, Nienaber 1967:513). Die naam van die vallei kom ongetwyfeld van hierdie hut of hutte wat eens in die vallei opgerig was. Dit word betwyfel dat die Engelse 'n naam soos Pondok sou gee,

want op die Melvill-kaart (NASA, KAB 1885b) word Biempie se huis as 'n “cottage” aangedui. Met pleknaamwoorde soos Pondok (DRDLR 1902) en Jakobsleer (1963;2003) aan die westelike helling van die valleitjie kan ons aflei dat die gebied deur die VOC-periode benut kon wees en benoem is. Moontlik is dit die plek waar die skaapoppassers, moontlike seiners en die mynwerkers tussen 1776 en 1885 gewoon het (Sleigh 2004:73). Dit is 'n beskutte valleitjie met water teenoor die eerste 39 morg wat op 'n heuwel tussen twee strome geleë is, maar blootgestel word aan die suidoostewind (MA 1800a, DRDLR 1813). Pondokvallei is ook nader aan die vleie geleë waar die skape heel waarskynlik aan die oorkant by die latere Baasharmenskraal gewei het. Dit sou ook makliker wees om die vee snags in 'n beskutte area te laat oorstaan teen roofdiere en wind. Roofdiere, siekte en diefstal was enkele probleme waarmee skaapboere en die Kompanjie moes rekening hou. Rondom die Buffelsvlei en die lang en nat winters was die terrein nog meer ongunstig. Brandsiekte het algemeen in skaapstalle voorgekom en siek en ongesonde skape is dikwels saam geslag. Dit het die probleem vererger. Die siekte het dan ook gou versprei, omdat geen hok of kraal gevrywaar kon word nie (Böeseken 1966:236). Dit was dus belangrik dat die skape op 'n droër area gehou moes word.

Nadat die skape in ca 1678 of 1682 verwyder is, is die hut nog as huisvesting vir die berg- of mynwerkers gebruik (Sleigh 2004:172). Ook die skaaphok<sup>22</sup> is verwyder toe die buurman, Michielsz, dit in Desember 1683 by die Kompanjie oorneem. Aanvanklik het daar net twee bergwerkers gewoon, maar gedurende die twee jaar voor die sluiting het daar vyf bergwerkers gewoon. Die nuwe skag was by die Witteboomen (Sleigh 2004:174) en aansienlik nader as die skag agter die Steenberge (Raven-Hart 1971:337). Indien die bergwerkers elke dag die heuwel moes uitstap om na die Witteboomenmyn te stap, kon die heuwel moontlik soos Jakob se leer gevoel het. Daar was toe nog nie 'n buitepos met geboue by Witteboomen nie (Sleigh 2004:261). Die soldate by die Steenberge is gedurende 1673 en daarna, kort voor die vestiging van die buitepos, ook as seiners gebruik (:171). Dit verhoog die moontlikheid dat die plekname soos Vlagposrivier, Seinheuwel en -rivier uit dieselfde periode dateer en dat Pondokvallei toe reeds die basiskamp was. Die benoemings skyn egter 'n blote toevalligheid met die Engelse benaming wat Hutchins in 1902 gee, te wees (NASA, KAB 1902b).

Twee bergwerkers wou na Sumatra vertrek en sodoende het hul name behoue gebly. Hulle was Jurgen Reijchard, stellasiëbouer of ondersteiger en adelborst Christian Reijchard, die berghopman of voorman. Ander werkers is Frederik Mathias von Werlinghoff en die bergmeester, Gabriël Muller (TANAPb:1686), wat later alleen agtergebly het (1686a). Indien die voorman, Thomas Creutzig, van die silwermyn agter die Steenberge bygereken word, is die totaal bergwerkers vyf. Dit stem ooreen met die statistiek van 24

---

22 TANAPb (1683a) vermeld die skaaphok by Bommelshock. Sleigh (2004:168-170) meen dis verkeerd en verwys na die veepos Aan de Steenberg. Hy verdedig sy siening met die feit dat die besluit deur onder andere Simon van der Stel onderteken is en dat Van der Stel geweet het hoe ver Bommelshock, een van die eerste drie veeposte, was, nl. Rietvalleij, Bommelshock en Vissershok langs die Dieprivier.

Maart 1685, soos verskaf deur Sleigh (2004:173), vir die aantal bergwerkers wat op die ou skaappos gewoon het. Omdat Muller die bergmeester was, was hy ook betrokke by die silwermyn aan die agterkant van die Steenberge nadat die Witteboomenmyn toegemaak het. Pondokvallei was min of meer halfpad tussen die Witteboomen en Silwermyn. Deur hierdie persone kry Tokai se historiese verlede betekenis. Dit is die eerste Europeërs wie se name behoue gebly het en wat op Aan die Steenberg gewoon het.

Die myners wat onder meer in 1687 by die Silwermyn agter die Steenberg betrokke was, is Thomas Creutzig en die voorman, Gabriël Möller (of Muller). 'n Besoeker aan die myn, Johann Wilhelm Vogel, het 24 en 25 Maart 1687 saam met die mynwerkers in 'n hut, wat 'n entjie van die myn af was, geslaap. Daar was ook 'n afdraande by betrokke (Raven-Hart 1971:337-8). Sleigh (2004:172) beweer dat die vee-wagters by die buitepos Agter de Steenberg in 'n tent gewoon het, omdat hulle hul tent moes verskuif na gelang van die plek waar die vee gewei het. Hierdie buitepos het tot ongeveer 1691 bestaan. Maar volgens Vogel is die hut waarin hulle in 1687 geslaap het, 'n hut wat deur die mynwerkers wat daar gewerk het, gebou. Hierdie hut was waarskynlik dieselfde hut van die ou buitepos Aan de Steenberg. Die afdraande was bergaf van die Steenbergreeks na die Tokai-area. Die statistiek vir Agter de Steenberg strek ook tot 1685 (Sleigh 2004:173) en sluit nie bergwerkers in nie. Ook die laaste inligting oor die buitepos voor die sluiting in 1691 maak nie melding van bergwerkers nie. Die silwermynskagte is steeds sigbaar langs die Ou Kaapse Wegroete. Die naam van die myn leef voort in die huidige naam van die park, Silwermyn.

## **2.6.9 Die Buffelsvalleij of / en Buffelsvleij (Prinskasteelrivier)**

Die gebruik van die kern in die woord Buffelsvalleij toon die aard van die rivier as 'n vlei aan. Die Hollanders aan die Kaap het gedurende die 17de eeu net een woord vir 'n moeras of vlei gehad, naamlik valleij, meervoud valleijen / valeyen. Vlei is volgens die Afrikaanse Etimologieë (Boshoff, Nienaber 1967: 673-4) selde in die 17de eeu gedokumenteer. Die woord valleij is dus ook gebruik vir 'n dal tussen twee rante of berge gedurende die vroeë naamgewingsperiode. Omdat die woord vlei nie bestaan het nie, was 'n vleigebied bloot 'n waterloop met biesies en riete begroei op die vlakte. Die Buffelsvalleij word op kaarte aangetoon (Brommer 2009:164;192). Dit suggereer dat die rivier stroomop waarskynlik die Buffelsrivier geheet het. Dit ontspring in 'n sponsgebied net suid van die hoogste kruin van Prinskasteelberg en stort na benede oor 'n waterval. Dit is 'n betreklike kort rivier, maar voordat dit in die Soetvlei dreineer, vorm dit 'n groot vlei op die vlakte. Volgens die eerste dokumentering wil dit lyk asof die Buffelsvalleij die pleknaam geword het vir die plek onderkant die Prinskasteelberg (Diagram 3 Bylaag B).

### **2.6.9.1 Dokumentering van Buffelsvalleij**

Die Buffelsvalleij of Buffelsvleij, voortaan Buffelsvlei, word in 'n sewentiende en vroeg agtiende eeuse grondtransaksie as oriëntering gebruik, naamlik dié van Simon van der Stel in 1685 vir Constantia (Burman 1979:15) en dié van Nicolaas Oortmans in 1711 (NASA, KAB 1711) vir grond aangrensend aan

Swaanse Weijde, voortaan Swaanswyk. In die grondbeskrywing van die Oortmans-transaksie (1711) word die riviernaam, Buffelsvallei, gebruik om die rigting noord aan te dui ten opsigte van die ligging van die grond wat hy in 1711 aankoop: "...wij een vergunning toestaan en de geeven bij dezelfde seekere stukje Bouersland, geleegeen aan de Steenberge, naast het oud land van Frederik Russouw... strekkende west naar voorgenoemde Steenberg, Suid naar voorgenoemde oude land, oost naar 't voorste land na de groot Zeekoevalleij en noord na de Buffelsvallei ..." (DRDLR 1880d, NASA, KAB 1688;1711) Die grond van Oortmans lê aan die bergkant van Swaanswyk. Oortmans se transaksie bevestig dan ook dat die Buffelrivier se oorspronklike loop aan Swaanswykplaas se noordekant geleë was en nie net die posisie wat dit in 1795 op die militêre kaart (Brommer 2009:192) aan die suidoostekant gehad het nie.

Ook vroeë reisigers maak melding van die Buffelsvlei. Hoewel Valentyn (1971:196;1973:288) Constantia met twee geleenthede, 14 Oktober 1705 op Simon van der Stel se verjaardag en in 1714 as gas van sy skoondogter besoek, word sy beskrywing van die omgewing gedoen, nadat Kolb se boek verskyn het. Valentyn se Constantia-waarnemings toon dan ook sterk ooreenkomste met die van Kolb. Hierdie ooreenkomste en ander kommentaar is in voetnote deur die redakteurs van die Van Riebeeck-vereniging van hul uitgawes in 1971 en 1973 aangebring (Valentyn 1971:192-6). Waar skrywers dus Valentyn lees om Kolb te verhelder, kom die kommentaar van die redakteurs handig te pas by die beskrywing van Constantia en die omgewing.

Valentyn (1973:194 vn18) beskryf drie sake na sy besoeke in 1705 en 1714 aan Constantia, naamlik Oortmans se woning, die Buffelvallei en die plek van Bouman<sup>23</sup>. Bykans 100 jaar later in 1772 som Anders Sparrman (1975:103) die omgewing van Constantia so op: "You will find no more homes on your way home." Die groter Steenbergvallei was vir lank yl bevolk. Volgens Kolb, soos aangehaal in Burman (1979:20-1), het die Kompanjie 'n slaghuis vir afgeleefde vee by Buffelsvlei (-vallei) gehad. Hierdie slaghuis was sigbaar vanuit die boonste verdieping van die huis op Constantia en het behalwe uitsig op Buffelsvallei, ook uitsig gebied op grasvelde, koringlande, tuine, wingerde en verskeie pragtige landelike wonings wat aan die Kaapse burgers behoort. Die uitsig op Buffelsvallei, en vandaar op Tafelbaai, word naas mekaar uitgelig. Op grond van die feit dat Tafelbaai en verskeie wonings onmoontlik sigbaar kon wees vanuit Constantia, verlaat Burman hom dan op Valentyn se beskrywing. Burman reken egter Oortmans se eiendom was die plaas Harmanskraal. Dit veroorsaak net verdere verwarring, omdat Burman uit die oog verloor dat Oortmans sedert 1711 op Swaanswyk was en Simon van der Stel naas Constantia, groot dele van die Zeekoevallei besit het (Böeseke 1964:206-9). Kolb se besoek oorvleuel grotendeels met die Van der Stels se gronduitbreidingsperiode tussen 1699 en 1712. Die enigste ander plaaseienaar in die Steenbergvallei was Johanna Rosendaal, toe getroud met Nicolaas Oortmans, op Swaanswyk (TA-

---

23 Bouman het nie 'n eiendom in die omgewing gehad nie, maar die plaas Leeuwendans naby Stellenbosch en grond in die Tafelvallei (Valentyn 1973:194-5 en vne 19-21; Böeseke (red.) 1970:380). Bouman was 'n vriend van W.A. van der Stel.



NAPb 1901vn 2, TANAPc 1699). Voorts het die area van Harmanskraal of Baasharmenskraal ook binne die grense van Simon van der Stel se grond geval. Van der Stel se grond het vanaf Wynberg tot by die Zeekoevalleij gestrek. Boonop verwar Valentyn (1971:194,78vn157) die plekke waar riete as dekgras gekap is, naamlik die Buffelsvallei en die Rietvallei aan die Dieprivier. Wat die riete betref, was Valentyn moontlik reg, want Sleigh (2004: 158) toon aan dat die dekriet vir die poshuis in Hottentots-Holland op Buffelsvlei gesny is. Hout en dekriet kan histories aan die Buffelsvallei gekoppel word, maar 'n slaghuis en krale vir afgeleefde vee word bevraagteken. Nog Burman nog Valentyn bied werklike oplossings. Brandhout- en rietkappery is wel vanaf Baasharmenskraal gedoen (Sleigh 2004:264). Die Kompanjie se kapwerk vanaf Baasharmenskraal het waarskynlik eers in die 18de eeu gebeur nadat die Van der Stel-grondbesit beëindig is, hoewel die eerste verbod op die kap van riete, timmer- en brandhout in die Kaapse Distrik in 1692 geplaas is (Jeffreys, Naudé 1944:277). Buffelsvlei het waarskynlik die Soetvleiarea (Keiserrivier) ingesluit en die sny van dekriet was orals naby die vleie. Selfs teen 1794, toe die rivier na die Steenbergsvier herlei is, was die modderige bodem van die Buffelsvallei met dik ruigtes begroei (TANAPc 1794c). Die ruigtes word nie beskryf nie, maar dit was moontlik palmiet en of dekriet.

### **2.6.9.2 Naamgewing : Buffelsvallei**

Scholtz (1941) lys nie die buffel in naamgewing nie, waarskynlik omdat dit so algemeen voorkom. Die bepaler van die geografiese eienaamwoord “buffel” in Buffelsvallei suggereer die voorkoms van die soogdiersoort, die Kaapse buffel of *Syncerus caffer*. Die geografiese pleknaamwoord Buffelsvallei moes dus baie vroeg in die Kaap de Goede Hoop se geskiedenis aan die rivier en groot vlei op die latere Tokai-park toegeken gewees het toe daar nog troppe buffels in die area gewei het. Dit word algemeen aanvaar dat die Kaapse buffel volop in die Skiereiland was - ook te oordeel aan die naamgewing van Buffelsbaai in die Kaap de Goede Hooppark. 'n Straatgids van Kaapstad en omstreke lys nege straat- en plekname met buffel as bepaler waarvan baie waarskynlik historiese skakel het (MapStudio 1994/95:155). Aan die oostekant van Tygerberg is daar in 1679 'n stuk landbougrond, Buffelskop, aan Pieter Visagie en Jan Mostaert uitgereik (TANAPb 1679).

Ongeag die volop voorkoms van geografiese plekname in die Wes-Kaap en etimologiese gebruik, betwyfel ekoloë dat buffels hoegenaamd wes van die Hottentots-Hollandsberge voorgekom het. Rebelo (2014) grond sy bewering op die wetenskaplike publikasie, *Historical incidence of the larger mammals in the Northern and Western Cape* (2011) deur C.J. Skead en uitgegee deur die Sentrum vir Afrika-ekologie, Port Elizabeth. Daar word beweer dat die eerste Hollanders nie kennis gedra het van die Afrika-buffel nie. Hulle sou dan die inheemse bees van die Khoïna met 'n buffel verwar het. Daar is egter etlike Hollanders wat ook in Batavia diens gedoen het, soos Van Riebeeck en Rijkloff van Goens, en kennis sou dra van die Indiese waterbuffel naas die Europese huisbuffel, om maar enkele ander soorte buffels te noem. Op grond van die feit dat plekname dikwels vir 'n periode in die volksmond geleef het voordat dit gedokumenteer is, blyk die taalkundige en ekologiese argumente nog lank nie opgelos te wees nie. Maar dit is

ook die gebrek aan dokumentering wat etimoloë in die steek laat (Boshoff, Nienaber 1967:6). Desnieteenstaande is algemeen aanvaar dat migrasiepatrone van grootwild waarskynlik aangehelp is met die uitwissing daarvan en die kultivering van gewasse op habitatareas in die Kaapse Skiereiland.

Omdat wild aanvanklik so volop was en 'n bedreiging vir die mense en hul bestaan ingehou het, is dit uitgeroei. Daar was dan ook plakkate wat die uitroei van sekere roof- en wildsoorte om genoemde redes aangemoedig het (Jeffreys, Naudé 1944:109-110). Boonop is die jag van wild sedert 1655 aan 'n vrywildjagter as pag uitgegee (TANAPb 1655). Maar teen 1678 kon die vrywildjagters nie meer hul kwota haal nie, so drasties het die wild in die Kaapse omgewing uitgedun geraak (TANAPb 1678a). Reisigers, soos Kolb, Mentzel en Valentyn sou verder as die Kaapse Skiereiland moes reis om buffels op te teken. Die gebrekkige inligting oor buffels in die omgewing, gesien in die lig van die skaarsheid van grootwild, word met versigtigheid aan migrasie van wild toegeskryf. Dit plaas die datering van die toegekende naam, Buffelsvallei, in die vroeë 1650's toe die Steenberge sy naam gekry het, maar nog buite die inbegrepe sirkel geval het. Desnieteenstaande het Buffelsvallei as plek bekend geraak, waarskynlik weens dekriet, palmiet en weiding by Baasharmenskraal en word die plek 'n historiese en kulturele merker. Die naam, Buffelsvallei, het ongetwyfeld inslag gevind en word naas die gebruik as 'n landmerk, ook 'n pleknaam in 1714 (TANAPb 1714). Die herleiding van die rivier suidwaarts, soos duidelik op die 1795-kaart aangedui (Brommer 2009:192), moes die vlei se impak op die omgewing drasties beïnvloed het. Die Britse besetting van 1795 het nie voorkennis van die Buffelsvallei gehad nie. Van die vlei en sy impak was daar min oor, veral nadat dit gekanaliseer is. Ook die verdere ontwikkeling van wingerde in die rivierbedding het die landmerk in die volksgeheue verswak (NASA, KAB 1883n). Voorts was daar ander plekname met buffel wat verwarring kon veroorsaak, soos die Macasserduine agter die Buffelsvallei (TANAPb 1757). Die naam, Buffelsvallei, en met betrekking tot Tokai, het moontlik uitgesterf, omdat die geografie van die plek heeltemal verlê is deur die Eksteens se boerdery op Tokai en die kanalisering van die rivier.

### **2.6.9.3 Die invloed van Buffelsvlei op die ontwikkeling van paaie voor 1792**

Ook die geskiedenis van die roetes van die vroeë paaie of weë bevestig die omvang van die groter Buffelsvleigebied. Om by die Hoek van die Steenberge uit te kom, moes W.A. Van der Stel in 1699 met sy geselskap oor die boonste voetheuwels van die Steenberge reis. Hoewel die reis vroeg die oggend van 26 Februarie na Simonsbaai begin, kon hulle Sandvlei eers teen die aand bereik. Die rede vir hul trae gang is aan die klipperige berghange toegeskryf. Die paaie was so moeilik en onbegaanbaar dat die grootste gedeelte per voet afgelê is. Ook die diere was gedaan (TANAPb 1699a). Teen 1699 was Constantia en Swaanswyk gevestigde plase, maar dit was die omvang van die Buffelsvlei wat 'n direkte pad na Sandvlei verhinder het. Hoewel die pad ook teen die hange van Tafelberg tot by Kloofpas gekronkel het (Raven-Hart 1971:192), kon reisigers Constantia, Swaanswyk en die myne net te perd vanaf Kloofpas in 1676 bereik (:191-3). Al die riviere van Vlakkenberg en Prinskasteelberg het uiteindelik in die vleie onderkant

Buffelsvallei gedreineer (DRDLR 1685; 1885;1887a). Van hierdie bergstroompies is standhoudend. Soetvlei is eers in 1764 as erfpaggrond uitgereik en dit was nie 'n losstaande vlei nie, maar die vleiarea onder die palmietbos (DRDLR 1885; TANAPb 1764). Om Buffelsvlei en Pondokvallei te omseil, moes die wapad op die rif bokant Pondokvallei vanaf Constantia loop (Brommer 2009:163-4,192; Diagram 2-4 Bylaag B). Na die ontwikkeling van Simonsbaai se hawe rondom 1742 en die buitepos by Muysenburg, ca 1744, het die wapad vanaf Wynberg aan die oostekant van Baasharmenskraal verbygegaan. In die somer het dit die droë Sandvlei gekruis, indien die strandmeer se mond oopgespoel het. In die winter was die pad onbegaanbaar en moes reisigers steeds die roete onder die berghange van die Steenberge volg. Ondertussen het die Steenbergroete hoe langer dit gebruik was, meer onrybaar geraak en dit het moontlik bygedra tot die direkte pad tussen Wynberg en Muysenburg (Sleigh 2004:302,340). Sandvlei was enorm groot gedurende die reënseisoen. Dit het kol. Robert Gordon in Oktober 1777 'n volle uur met sy perd geneem om rondom die vlei verby die toegespoelde mond tot by Muysenburg te ry. Indien die monding toegespoel en die waterafloop opgedam het, moes reisigers tussen die land en die see op die strand ry om by Muysenburg uit te kom. Die roete was weens dryfsand gevaarlik en die perde moes deels deur die branders loop (Cullinan 1992:10).

Volgens 'n kaart<sup>24</sup> van 1788 (Brommer 2009:163-4) word 'n direkte verbindingswapad tussen die Buffelskraalarea en die Kloofpas-Wynbergpad aangedui, vermoedelik om hout na die Witteboomenhoutpos en De Scuer te vervoer en terselfdertyd toegang na Swaanswyk te gee. Die kaart vorm deel van 'n karteringsprojek van die Kaap (TANAPb 1788a). Van belang is dat die wapad onder die Pondokvallei, maar bokant die Buffelsvlei loop. Die drif deur die Prinskasteelrivier was net onderkant die latere Tokai-woning. Die toegangspad na die Tokai-woning in die 19de eeu (NASA, KAB 1883n) en die latere Porterskool (DRDLR 1902), is op hierdie wapad gemaak. Die woonhuis wat Teubes in die laat 1790's opgerig het, het op hierdie pad gefront (MA 1800a). Die herleiding van die rivier ca 1802 na sy oorspronklike rivierbedding het waarskynlik nie die wapad beïnvloed nie, want die rivier is gekanaliseer. Ook Kleinbergvliet is in die proses terugherlei na sy oorspronklike rivierbedding (NASA, KAB 1812;1814a).

#### **2.6.9.4 Naamgewing: Prinskasteelrivier**

Die verandering van die rivier se naam, Buffelsvlei of Buffelsrivier na die Prinskasteelrivier, word aan die Britse periode toegeskryf toe dit waarskynlik mondelings ingeburger geraak het. Die afwesigheid van die Buffelsvleiarea nadat dit drooggelê is, het heel moontlik tot die inburgering van die Prinskasteelrivier naam bygedra. Die bosbouperiode van 1883 het grootliks tot die dokumentering bygedra. Die naam is deur graaf M. de Vasselot de Regnè gedokumenteer, want dit verskyn op die 1883-kaart deur hom opgetrek (NASA, KAB, 1883n). Hy was 'n Fransman wat in 1880 deur die koloniale regering van die Kaap

---

24 Die militêre kaart van 1795, *Kaart van de Situatie Tussen Baaij Fals en de Grootte Wynbergh, Aan de Kaap de Goede Hoop*, is op hierdie kaart gebaseer wat weer 'n Simon van der Stel-kaart van 1687 as basis het (Brommer 2009:163-5). Die 1795-kaart is die basiskaart van die Britse Administrasie, 1795 tot 1806 (Barrow 1908:223).

aangestel is as die Superintendent van Bosse en Woude ( Lückhoff 1973:24). Tokai is in 1883 deur die hoofingenieur, Departement van Openbare Werke (Voortaan net Openbare Werke), aan De Vasselot uitgewys as 'n plek om 'n kwekery te vestig (NASA, KAB 1883i).

Hoewel daar nie verwysings na die Buffelsrivier of -vlei of -vallei in die aktes van die latere Tokai voorkom nie, is daar wel 'n pleknaambeskrywing wat 'n afwyking toon. Dit kom voor in 'n grondbeskrywing van 1799 in die register van hereregte. Die plaas se beskrywing lees "... in 't Kaapsch distric, beoost's de Steenberge onder & Tegen de Prince Kraal aan de Buffelskraal, benevens zecker stuks lands, deselve plaats van George Hendrik Teubes.. ” (NASA, KAB 1799). Dit was moontlik die aanwending van die Buffelsrivier as waterbron vir Muysenburg, wat die rivier se naamsverandering hier aandui. Die Buffelsvleinaam het weens die rivierkanalisering, ca 1802 verdwyn. Prince Kraal verwys na die rivier: dit was onmoontlik om 'n kraal, meer as een kilometer lank, van die boonste tot die onderste uitgif te hê.

#### **2.6.9.5 Herleiding van die Buffelsrivier na die Steenbergsrivier, ca 1790's**

Om die herleiding van die Buffelsrivier na die Steenbergsrivier te begryp, is dit nodig om die herleiding van die Kleinbergvliet te bevestig. Die Kleinbergvliet is moontlik lank voor 1788, toe die Steenbergvallei gekarteer is (Brommer 2009:162-4,192), na die Steenbergsrivier herlei. Die gebrek aan water op Swaanswyk (NASA, KAB 1821a) suggereer dat die plaas nie waterryk was nie. Die Steenbergsrivier, wat deur 'n fontein en dreinerings van die Steenberge gevoed word, het buite Swaanswyk se grense geval, so ook die Kleinbergvliet. Die Oortmans-gronduitgif toon 'n kanaal of sloot buite die plaas se grenslyne aan ( 1711). Terselfdertyd word die Kleinbergvliet se uitloop in die Keiserrivier nie op die kaart van 1788 ingeteken nie (Brommer 2009:163-4), terwyl die riviertjie 'n rivierbedding tussen twee heuwels het. Die Buffelsrivier word in sy oorspronklike loop op die 1788-kaart aangedui (Brommer 2009:162-4). Ook die gronduitgif aan Rauch (NASA, KAB 1792) dui die Buffelsrivier wat deur Rauch se grond vloei. Maar op die 1795-militêre kaart (Brommer 2009:192) swenk die Buffelsrivier suid en vertoon losstaande van die oorspronklike loop wat steeds ingeteken word. Die rivier is nie in twee verdeel nie – dit suggereer 'n duidelike wegswenk. 'n Keerwal is moontlik net onderkant die drif oppad na Swaanswyk opgewerk (Diagram 3 Bylaag B). Die Buffelsvallei het moontlik in die kanaal of sloot van die Kleinbergvliet, wat vir die doel versterk is, ingevloei om sodoende na die Steenbergsrivier te loop. Laasgenoemde het in die Keiserrivier dreineer wat weer in Sandvlei dreineer het. Die herleiding is na alle waarskynlikheid gedoen om vars water aan die militêre pos by Muysenburg te verskaf. Die kanaal loop daarom nie direk in Sandvlei in nie, maar in die Steenbergsrivier. Sandvlei droog op en die water is brak, terwyl die Steenbergsrivier 'n beperkte opvangsgebied het in vergelyking met die Buffelsrivier. Die Steenbergsrivier kon dus opdroog in 'n strawwe somer. Tydens die beleg van Muysenburg in 1795 is die adres van die Burgermag, wat op Swaanswyk gebivakeer het, as Swaanendijk aangegee (TANAP 1795b). Die adres kon moontlik 'n spel-fout gewees het, maar Swaanswyk is die enigste plaas in daardie area en sou onder almal bekend gewees het. Die dyk verwys na 'n mensgemaakte sloot. Ook was dit nie op Swaanswyk se grond nie. Daar is nie

'n natuurlike stroom vanaf die Swaanswykplaas wat in die Keiserrivier of in Sandvlei uitmond nie (Brommer 2009:163-4,192;NASA, KAB 1688;1711). Die adres, Swaanendijk, was voorts aan die militêre opperbevel van die VOC-mag bekend. Die vernaamste nadeel van die herleiding van die rivier was dat Baasharmenskraal se vlei in die 1790's opgedroog het (TANAPb: 1794c). Die grootste voordeel was die beskikbaarheid van vars water naby die Muysenburgpos. Slegs een wapad het in 1795 die Steenbergsvier gekruis – net voor die inloop in die Keiserrivier. Vars water kon dus bokant die drif geskep gewees het. Voorts kon die breër en sterker stroom ook dien as 'n skans om 'n westelike aanval na Wynberg te bemoeilik. Die beheerpos was net agter die Steenbergsvier op die Swaanswykplaas (Burman 190:26).

Muysenburg is merendeels as 'n laag bemande militêre pos en as 'n seinherleidingpos gebruik, behalwe in tye van 'n krisis wanneer die ruitewag vandaar moes opereer (Sleigh 2004:332,341, 343,346). Die pos het nóg 'n put nóg enige ander waterbron gehad (Sleigh 2004:348). Die pos beleef egter die verbytrek en verskuiwing van verskeie regimente in 1781 en 1782 (:307;332) en die buitepos moes sedert 1781 meer mense van water voorsien as die kernpersoneel wat permanent daar gestasioneer was. Die laaste vreemde regiment was die Württembergse Regiment<sup>25</sup> wat vroeg in 1788 in die Kaap aankom en van die einde van 1789 tot Augustus 1790 by Muysenburg gestasioneer word. Volgens 'n voorwaarde mog die regiment nie geskei word nie en bykans 2,000 man het daar kamp opgeslaan. Die soldate is as hulp met die oprigting van eenvoudige verdedigingswerk aangewend (Sleigh 2004:344,87; TANAPb 1790). Die toeloop van soldate het 'n varswaterbron genoodsaak, aangesien Sandvlei se water dikwels brak is wanneer die mond oopspoel (TANAPb 1728;NASA, KAB 1821a). Dit kan dus die behoefte aan 'n standhoudende en 'n vars waterbron wees wat die herleiding genoodsaak het. Dit suggereer terselfdertyd dat die Keiserrivier se water nie drinkbaar was nie.

Die plaas Swaanswyk was van meet af aan arm aan water, soos ook blyk uit die eienaarskap van Raapekraal, in besonder die Steenbergsvier. Dit sou Swaanswyk aansienlik bevoordeel indien die Kleinbergvliet saam met die Buffelsrivier as 'n varswaterbron vir die Muysenburgpos gebruik is. In hierdie periode, op 16 November 1793 het Raapekraal die leningplaas van Nicolaas Russouw van Swaanswyk geword (NASA, KAB 1793b). In 1802 is die leningsplaas aan sy seun oorgedra, maar in Februarie 1813 is die restant van Raapekraal die leningsplaas van J.D. Vos en in Mei 1818 van J.G. Mocke. Russouw se seun, Nicolaas, het 43 morg en 475 vierkante roede noord van die rivier in lening behou - dit het die Steenbergsvier ingesluit (DRDLR 1880d). Mocke het formeel beswaar by die Grondraad in Maart 1821 aangeteken ten einde die hele plaas in ewigdurende erfpag te verkry. Russouw het op sy beurt beswaar teen Mocke se eis aangeteken en dit gestel dat hy volkome afhanklik van die fontein is. Hy sou ten gronde gaan indien die fontein nie as vrygrond aan hom gegee word nie (NASA, KAB1821). Omdat Russouw in 1793 die grond om die kreupelhout wou hê sodat hy skulpe kon brand (1821b), is agrariese

---

25 Robinson (1998:3) beweer die kamp was by Wynberg.

uitbreiding nie in die vooruitsig gestel nie, waarskynlik omdat die stroom as drinkwater vir Muysenburg bedoel was. Russouw sou die fontein net vir agrariese doeleinde kon benut (1821) as die water nie meer vir die Muysenburgpos nodig was nie, soos wat hy dan ook in die 1821-beswaar teen Mocke se aanspraak aanvoer. Dit suggereer ook dat Swaanswyk na alle waarskynlikheid voordeel uit die Buffelsrivierherleiding, voordat dit terugherlei is, getrek het. Die datum van die terugherleiding is moontlik kort na of voor 1802. Die oorspronklike bedding van die rivier na Soetvlei word op Sluysken se kaart (NASA, KAB 1800b) aangedui, wat die terugherleiding terugdateer na later as 1796, nadat Sluysken die land verlaat en sy verbaal opgestel het (De Kock, Krüger 1986:686-8). Die posisie van die rivier op Sluysken se kaart suggereer dat Sluysken moontlik geweet het die herleiding na die Steenbergsvier was 'n tydelike maatreeël en dat die rivier na die opheffing van Muysenburg as 'n militêre pos tydens die Britse oorname terugherlei moes word. 'n Ondersoek na die versterking van die Muysenburgpos deur lt.kol. H.F. Corbes in September 1803 (NASA, KAB 1803g) maak nie melding van 'n waterbron nie, maar fokus wel op die bou van 'n grag om die pos te beveilig. Die groep, C2744: Gemengde Stukke van Militêre Kommissaris, 1783-1795 in die KAB is deurgegaan. Daar was 'n skriftelike bevel in 1789 vir Muysenburgpos aan Valsbaai, maar dit is volgens 'n voetnoot deur C.J. van der Graaff verlê (NASA, KAB 1789). Daar skyn nie 'n rekord van 'n skriftelike opdrag vir die herleiding van die Buffelsrivier na die Steenbergsvier te wees nie. Sluysken se kaart, wat die rivier sonder die herleiding aandui, suggereer dat die opdrag wel gegee is en dat dit 'n tydelike maatreeël was.

Anders as die Kompanjie het die Britse administrasie hul militêre basis op Wynberg gevestig as 'n strategiese halfweg tussen Kaapstad en Simonsbaai (Robinson 1998:3; Sleigh 2004:348).

Petrus Michiel Eksteen het in 1802 die twee Tokai-plase gekoop en die rivier se oorspronklike loop was belangrik om akkerbou in die rivierbedding nat te lei. Sonder die rivier was waterleiding vir nuwe wingerde of beplande wingerde in De Anneks onmoontlik. Ook moes hy voldoen aan die verpligte verskaffing van water aan sy vader, H.O. Eksteen van Bergvliet, soos vervat in die grondakte van De Anneks, 1795 (TANAPb 1795; NASA, KAB 1795a). Die uitdruklike voorwaarde is dat die helfte van die water wat van die gebergte afkom en oor die land loop, na omtrent die plaas Bergvliet te laat afloop. Buffelsvlei het oor 'n taamlieke groot area in sy eie kom gestrek. Die grondaansoek van Teubes in 1794 bevestig dan ook dat die nege morg in 'n rivierbedding, ideaal vir ontwikkeling, binne 'n kom geleë is (TANAPb 1794c). Toe die rivier weer na sy oorspronklike loop terugherlei is, is 'n kanaal van die draai onder die huidige piekniekterrein verby die palmietbos gegrawe. Ook is leivore aan die bokant van De Anneks gegrawe om die water na Soetvlei te herlei. Bergvliet het verskeie kere van eienaars verwissel (DRDLR 1887), maar die Prinskasteelkanaal was met die verkope van Tokai in 1883 steeds funksioneel (NASA, KAB 1883n; 1885b). Dit het die vloedvlakte se vlei gebied grootliks drooggelê en die vleie is sedert die vroeë 19de eeu in tuinery omskep. Die oorblyfsels van die eens uitgestrek en kenmerkende landteken, die Buffelsvlei, is in die etlike duikslote van Orpenweg, die M42, te sien, maar onder 'n warboel van name en

variasies. Die verskeie duikslote is desnieteenstaande 'n stille getuigenis van 'n vlei wat ten spyte van drastiese menslike ingryping, hardnekkig volhard.

### **2.6.9.6 Naamsverwringing van die Prinskasteelrivier: Prinseskasteelrivier**

Die sogenaamde vroulike grotnaam, Prinseskasteel, is volgens Mauve (s.j.:6) die korrekte naam, maar het weens 'n verwringing Prince Casteel, geword. Mauve skryf die riviernaam dus aan die grotnaam, gebaseer op die legende<sup>26</sup>, toe. Die legende het simpatiseerders aan die einde van die 20ste eeu aangegryp en die naam van die rivier is na Prinsesvlei verander. Riviere of bergstrome dra dikwels die naam van die berg waarvandaan dit kom en die naam van die berg sou hier die riglyn wees. Prinskasteelrivier, soos wat die Engelse regering in die 19de eeu gedoen het (NASA, KAB 1883n), is daarom in ooreenstemming met die naam van die berg. Mauve se aanname lei tot heelwat verwarring. In 1995 is Orpenweg, die M42, herbou, en vyf brughoofde binne ongeveer een kilometer is met variasies van die name Prinskasteel en Prinseskasteel voorsien. Sommige duikslote vir een stroom dra selfs beide name terwyl daar duikslote is wat in wese water deurlaat, maar in die Buffelsvlei dreineer. Van noord na suid sien die duikslote met en sonder name soos volg daar uit:

Duiksloot 1 by die grens met Buitenverwachting is gemerk “Prinskasteelrivier, 1995” met ook 'n nasionale padtekennaambord gemerk Princesskasteel (rivierteiken) of -rivier (Diagram 8a Bylaag B). Die rivier dreineer vanaf die klowe tussen Constantia- en Vlakkenberg oor die aangrensende plaas, Buitenverwachting, asook in 'n ou leivoor (HRC 1931,DRDLR 2003).

Duiksloot 2 by die klipkerk herlei bloot stormwaterafvloei van die skietbaanarea. Hierdie afvloei dreineer in 'n onbeduidende leegte agter die erfenisskoolkerk. Aan die oorkant van die pad is nog 'n vlei waarin daar ook voorheen tuinery was (NASA, KAB 1883n). Op die oewer van die vlei is die historiese ry huisse, Bloekomlaan, wat gebou is om akkommodasie vir konstabels en opsieners verbonde aan die Tokaitronk, wat oorkant die Buffelsvlei geleë was, te verskaf (DRDLR 1902;NASA,KAB 1907a).

Duiksloot 3 is by die laagtepunt van Orpenweg met die inskripsie “1995” op klein en lae brugkante. Dit behoort die hoofstroomnaam, Buffelsvlei of Prinskasteelrivier te wees. Stroomop van die pad was die samevloeiing van die Pondok- en Buffelsvlei, maar dit is tans net die Pondokstroom wat in die duiksloot vloei. Pondokvlei word deur 'n sanderige heuwel van die Buffelsvlei geskei voordat dit sou verenig. Harmanshuis is in 1886 daar gebou (NASA, KAB 1887:5;DRDLR 2003;1887a).

Duiksloot 4 is net suid van Harmanshuis en is waarskynlik gegrawe om te keer dat die oorspoel van die kanaal deur die huis vloei. Dit vloei net in die reënseisoen en dreineer in die nuut gevestigde tuin met

---

26 Peter Good se vader was van 1932 tot 1958 bosbouer op Tokai en hy het daar grootgeword. Good maak die weergawe van die prinsesverhaal af as 'n versinsel en dit ook aan die outeur van die boek waarin hy dit gelees en vir die eerste keer teëgekome het, Bulpin (1970), per brief te kenne gegee (Good 2011).

voorbeelde van bedreigde fynbos (SANParks 2013). Anders as die duidelike aantoon van die Buffelsvlei-tuine stroomop van die Harmanshuis (1883n;DRDLR 1902), word die bewering gemaak dat die sogenaamde Kamfervlei, hernoeming van die tuinery wes van Orpenweg, uit die suidoostelike heuwel van die Porter Estate dreineer (Rebello 2010: 45). Dit word gegrond op 'n kontoer omtrent 'n meter hoog tussen die kanaal en die kamferlaning. Die kamfers is min of meer op die plek van die plaas se ou eikelaning aangeplant (NASA, KAB 1883n;1885b). Twee arboretums is rondom 1900 aan weerskante van die kanaal aangelê (1899f). Daar word ooglopend nie rekening gehou met die leivoer en dam voor 1883 wat bokant die kamferlaning was en die plaastuinery van water voorsien het nie (1883n). Die drooglegging van die Buffelsvallei het moontlik plek vir tuinery verskaf, maar dit het addisionele waterleiding geverg. Daarom is die Vlagstokrivier asook die oorfloei uit die leivore vanuit die Prinskasteelrivier na 'n dam bokant die tuinery herlei (1883n). Op daardie wyse het Tokai die voordeel van die water behou sodat die Prinskasteelrivier steeds kon voldoen aan die voorwaarde van helfte van die waterafloop na Bergvliet toe (TANAPb 1795;NASA, KAB 1795).

Duiksloot 5 herlei die Prinskasteelrivierkanaal. Die rivier word net voor die uitspreiding oor die vloedvlakte herlei. Die naam langs die pad is “Prinskasteelrivier 1995” aan beide kante en dit word op die nasionale padteken herhaal. Hoewel die name almal een stroom met twee name suggereer, dien dit nie die geskiedenis van die vlei gebied nie. Die negering spreek ook uit die duikslotaanduiding van die Kleinbergvliet, omtrent 300 meters suid van die kanaalduiksloot.

Duiksloot 6. Die Kleinbergvliet ontspring in Tokai-park in die mees noordelike uitlopers van Skeurberg wat met 'n heuwelrug van die Prinskasteelrivier geskei word. Dit vloei deur Tokai-park, Swaanswyk-woonbuurt, 'n troswooningskompleks en Tokai-woonbuurt en vloei aan die onderpunt van Soetvlei in die Keiserrivier (DRDLR 1885;2003). Dit was waarskynlik in die 18de eeu na Swaanswyk en Steenbergsvliet herlei. Die name van Kleinbergvliet het soos Bergvliet, heeltemal verdwyn en maak tans plek vir die naam, Prinseskasteelrivier. Die Tokai-woonbuurt is in die tweede helfte van die 20ste eeu op seksies van Baasharmenskraal, Raapekraal en Kleinbergvlietplaas aangelê (DRDLR 1880,1880b; NASA, KAB 1814a,1966). Daar is geen historiese grond vir die huidige rond en bontnaamgewery van die strome nie, behalwe onkunde omtrent die historiese naamgewing.

### **2.6.10 Aan de Buffels Craal of Buffelskraal**

Die ligging van Buffelskraal hou eerder verband met 'n kraal<sup>27</sup>, verbonde aan die houtpos, as in 'n verbinde met die skaappos, Aan de Steenberg, 1676 tot 1682. Die vee-pos se lendelam kraal is in 1683 verkoop én verwyder (TANAPb 1683). 'n Plek sal nie 'n kraal se naam dra as daar nie meer 'n kraal is nie. Die Kompanjie se krale is aan persoonsname en soortnaamwoorde gekoppel, bv. Elsjes Corael, Jan

---

27 Krale is deur vryburgers en die VOC opgerig om vee teen roofdiere en diefstal te beskerm. Inwoners kon byvoorbeeld 'n beloning eis, indien hulle roofdiere van kant maak (Jeffreys, Naude 1944: 109-10).



Biesjes Craal en Baas Harmens Craal en die houtveldposte, Buffelskraal en Raapekraal<sup>28</sup> (Sleigh 2004: 182), Die houtveldposte word in die 18de eeu aan 'n spesifieke doel, houtinsameling, gekoppel. Beide name suggereer dat daar krale was. Die buffel in Buffelsvlei is reeds in 1678 as pleknaam ingeburger (Sleigh 2004:158). Die kraal van die houtpos, Buffelskraal, was moontlik op 'n veilige plek, naby water, sodat die vee van die Kompanjie wat die waens moes trek, beskut was teen roofdiere en diefstal, terwyl die houtkappers en slawe hout gekap of versamel het. Die struktuur met 'n kraal tussen Pondokvlei en Soetvlei op die Van der Graaff-kaart van 1788, het ooglopend hieraan voldoen. Dit lyk soos die strukture op Baasharmenskraal, net kleiner, en is nie 'n militêre verskansing nie (Brommer 2009:163-4,192). Die kraal was dus 'n entjie van die eerste 39 morg, “Aan de Buffelskraal” (NASA, KAB 1792). Buffelskraal is nie as 'n veepos gebruik nie en al die Kompanjie se vee is buitendien in 1791 opgeveil (Sleigh 2004: 185-6;194-5). Die naam, Buffelskraal, het moontlik in gebruik gekom, omdat dit 'n blyplek met 'n kraal was op 'n bekende houtveld aan die Buffelsvlei, vandaar die dokumentering, Aan de Buffelskraal (NASA, KAB 1792), asook Omtrent Buffelskraal (1795), in twee gronduitgifte. In 1850 word die landmerk, Buffelskraal, weer in Tokai se vendusieadvertensie gebruik: “...excellent wine farm called “Tockay” situated near Constantia, in the district of Wynberg, East of the Steenberge, beneath the so called Prince Kasteel at the Buffelskraal and about two hours drive...” (NASA, KAB 1842b) Buffelskraal was 'n bekende landmerk. Dit suggereer ook dat Buffelskraal en Tokai nie uitruilbaar is nie. Teubes se plaas se naam was dus of Teubes se plaas, of Aan de Buffelskraal. Herwig se naamgewing (Tokai) bly vreemd, maar naamgewing was nodig. Die grond wat Teubes in 1794 (TANAPb 1974) en Eksteen in 1804 (NASA, KAB 1804) wou hê, was juis hierdie grond tussen die twee plase, maar vir die VOC in 1794 van belang. Dit was moontlik die strategiese ligging van die hut en kraal vir die houtkappers se verblyf en hul trekvee wat die uitreiking verhinder het, asook 'n moontlike kwekery.

Van al die militêre kaarte wat na 1795 die lig gesien het, is dit slegs dié van kommissaris-generaal A.J. Sluysken wat Teubes aandui, maar nie na Buffelskraal verwys nie. Die Vlagstokrivier en die Buffelsvlei wat na Soetvlei dreineer, word aangedui (NASA, KAB 1800b). Sluysken (1737-1799) neem waar as goewerneur, 1793-1795. Die weerlose toestand van Muysenburg tydens die beleg in 1795 is deur die burgers aan Sluysken toegeskryf (De Kock, Krüger 1986:686-8) en die kaart kom moontlik uit sy Verbaal (verweer) in Den Haag, 1796. Drie blokkies wat landerye of wingerde aandui met drie klein strukture, gemerk Teubes, word wel aangedui. Sluysken se kaart is in 1800 in Amsterdam gedruk. Die drukkersdatum van die kaart suggereer dat die kaart moontlik opgedateer is.

Die historiese waarde van die VOC-militêre kaart ten tyde van die beleg van Muysenburg (Brommer 2009:192), blyk uit die verskeie kopieë wat na die oorlog verskyn het. Die inligting daarop vervat, varieer dus baie. John Barrow (1908:223) publiseer 'n kaart van Lt.kol. Bridges van die Royal Engineers,

---

28 Raap kan die opraap van sade of vrugtebolle van bome wees, of die groentesoort (Kruyskamp 1961:1612). Hier verwys dit moontlik eerder na die inoes van saadbolle van struik vir brandhout of om saad te versamel.

“Military Plan of the Cape Peninsula drawn by order of the Dutch Government and revised and corrected”, in deel twee van sy boek, *Travels into the Interior of Southern Africa*. Hierdie kaart is 'n ooglopende replika van die *Situatie*-kaart van die Kompanjie (Brommer 2009:192), maar met ingevoegde name en plekke. Dit is genommer met 'n ruitverwysing. Daar is egter geen ruimte vir die Teubes-plaas tussen die plase van Russouw en Brink nie. Die Buffelsrivier is ook heeltemal verkeerd – dit word op hierdie kaart noord van Klein-Constantia ingeteken in plaas van noord van Russouw. Uiteraard word Teubes nie genoem nie. 'n Verdere twee kaarte, M1/1381 en M1/2331 (NASA, KAB 1795a) stem grootliks ooreen met die kaart van Lt.kol. Bridges, ook sonder 'n verwysing na Teubes of Buffelskraal.

Die Leupe-versameling se *Kaart van de Situatie Tussen Baaij Fals en de Grootte Wynbergh, Aan de Caap de Goede Hoop*, 1806 (NASA, KAB 1806), stem grootliks ooreen met die VOC-kaart van 1795 in Brommer (2009:192). Die datum van die Leupe-kaart skep die grootste probleem, want die omgewing het tussen 1795 en 1806 nogal baie verander ten opsigte van Buffelskraal, Tokai en die Buffelsvallei en Prins-kasteelrivier. Ook was die opstelling van die kanonne dié van 1795 en nie 1806 nie. Dit word bevraagteken of die Bataafse Republiek presies dieselfde opstelling en plasing van kanonne sou gebruik na die nederlaag wat die VOC in 1795 gely het. P.A. Leupe, 'n vlootoffisier, is in 1863 aangestel om 'n inventaris op te stel vir die kaartversameling in die Nederlandse Nasionale Argiewe (TANAPa).

Die vleigedeelte by die Ondertuine het wel die naam, Buffelsvalleij, behou. In 1788 word die area steeds as Buffelsvalleij op die Van der Graaff-kaart aangedui (Brommer 2009:163). Colyn van Klein-Constantia het in die 1790's grond by Baasharmenskraal gehuur om vee te wei, maar die water het opgedroog en die weiding gekwyn en plek gemaak vir digte ruitges (TANAPb 1794c). Die opdroog is heel moontlik 'n direkte gevolg van die rivierherleiding na die Steenbergsvier (Brommer 2009:192).

## **2.7 Kaart en transportperiode, 1652 tot 1883**

### **2.7.1 Van Overbeke se koopkontrak, 1672, en monopolistiese Kompanjiesgebruik**

Die Steenbergvallei was voor 1652 deel van die groter Kaapse Skiereiland wat onder die omliggende Khoïna as die gebied van die Skiereilandse Khoï, spesifiek die Kaapmans of Goringhaiquas gereken is. Volgens Schoeman (2009:73) was die Kaapmans en Tabakdiewe (Gorachouquas) na die oorlog van 1659/60 so verarm dat hulle uit die gebied getrek en hul noord van die Tygerberge gevestig het. Hulle kon op die ou einde nie staande bly teen Van Riebeeck se losprys om tien stuks vee vir elke skip te lewer in ruil vir veiligheid teen ander stamme nie (Thom 1958:480). Ook was die Skiereilanders nie volkome outonoom nie, maar skatpligtig aan Soeswa van die Chainoqua - soos ook Oedasoa van die Cochoqua. Dit het beteken dat die grond nie outonoom aan die Kaapmans behoort het nie (Bredenkamp 1982:18). Die verarmde Kaapmans was dus al hoe meer vir kos en oorlewing van die Europeërs afhanklik. Tien jaar na Van Riebeeck se vertrek word die grondregkwessie aangespreek in 'n traktaat toe 'n besoekende VOC-

kommissaris en Nederlandse juris, Arnout van Overbeke, hom oor die staatsregtelike posisie van die VOC aan die Kaap uitspreek. Hy het die Khoina as onafhanklik en soewerein volgens die volkereg beskou en dat die terrein van die Kaap nie net as oop vir besetname was nie. Teen 1672 was die ekonomiese en politieke onderwerping van die inheemse bevolking van die Skiereiland 'n voldonge feit. In die lig hiervan het Van Overbeke die Politieke Raad beveel om onmiddellik 'n koopkontrak te finaliseer vir die grondgebied wat reeds onder die VOC in die Kaapse Skiereiland ressorteer het. Met hierdie kontrak het die VOC sy beleid van grondonteiening met die Oos-Indiese eilande en Maleisië op die Kaap en die inheemse mense toegepas.

Die koopkontrak, wat 'n uitbreiding van die 1661-grens behels, is op twee verskillende datums, 19 April 1672 en 3 Mei 1672, met twee leiers of kapteins van die Kaapmans gesluit. Schagger, wat reeds aan die Kompanjie onderdanig was, het eerste geteken, waarna Kuiper gevolg het. Schagger was die seun van Gogosoa van die Goringhaiquas of Kaapmans. Volgens die kontrak verkoop Schagger die Kaapse distrik, wat onder meer Tafel-, Hout- en Saldanhabaai insluit, met alles daarin en daarop sonder enige teenstand. Desgelyks doen Kuiper-hulle afstand van die Hottentots-Hollandgebied, wat strek van die Kaapse kus van Valsbaai tot by Kaappunt. Hoewel die kontrak se teenprestasie kontantvergoeding, vriendskap, weidingsregte waar dit die Europeërs nie sou benadeel nie en beskerming teen ander vyandige Khoistamme bied, was dit eensydig en ongelyk (Bredenkamp 1982:62-4). Soos Bredenkamp tereg opmerk, is dit 'n erkenning van die VOC dat die land nie aan niemand behoort het nie. Die eienaarskap van die Kaapmans of Goringhaiquas is daardeur erken, maar te laat vir hul oorlewing. Of die Kaapmans werklik beseft was dat die verkope van grond behels het, kan net oor bespiegel word. Hulle het sedert 1652 grond- en dramatiese kapitale verlies van hul diere en stamlewe ervaar. Kontraktuele binding deur 'n dokument was totaal buite hul begrip. Ook is die geleentheid van herwinning na 'n tydelike verlies en wat inherent deel van hul oorlewing is, hul finaal ontnem. Die stam het so sy kohesie verloor en almal het verarm.

Die eienaarskap van die Steenberge het in 1672 van die Kaapmans na die VOC oorgegaan. Die teenwoordigheid van die Khoina was toe reeds nie meer 'n kwessie ten opsigte van tradisionele staanplekke, weiding- of waterbronne en die grawe van bolle deur die Kaapmans nie, omdat hulle reeds sedert 1661 uit die Skiereiland begin trek het. Dit was dus maklik vir die Europeërs om fisies in die area in te beweeg en die gebied vir ekonomiese ontginning te benut.

Die Kompanjie se nood aan hout het grootliks tot die reservering van die grondstof in die suidelike Skiereiland gelei en so aan die Kompanjie die opperhand in die area gegee. Voor 1670 was daar reeds onwettige jag en houtversameling in areas buite die inbegrepe sirkel. In Desember 1670 is 'n plakkaat uitgereik waarvolgens ingesetenes verbied word om onder meer oor en verby die Diepe Rivier te jag, of hout, riet of ruigte te haal (Jeffreys, Naudé 1944:115-6). Sodoende het die Kompanjie sy aanspraak op die houtbosse van Vlakkenberg en Prinskasteelberg bevestig. Selfs vryhoutsaers wat probeer het om geelhout in die Kompanjie se bosse by Houtbaai te kap, is beperk tot een geelhoutbos in die Steenberge in die Hout-

baaiarea. Hierdie vergunning was vir hulle alleenlik (TANAPb 1680;Appel 1966:55-6), terwyl die gewone burgery reeds in 1666 uit die area weggevoer is en hout aan die Weskus ontgin het. Die verbod het van krag gebly, want in die 1690's is die hout suid van die Bosheuvel vir die Kompanjie gereserveer, terwyl enkelinge met 'n spesiale permit kreupelhout teen die lang hoogte van die Steenberge, ook aan die Houtbaaikant, kon kap (Appel 1966:56-7;60-1). Soos reeds gesien, is die Buffelsvallei in 1678 vir dekriet deur die Kompanjie benut (Sleigh 2004:158). Die plantmateriaal het van die latere Tokai die eerste ekonomiese ontginde gebied in die Steenbergvallei gemaak. Boumateriaal soos klip, klei, hout en dekriet was beskikbaar en die area is waterryk. Die area se grootste ekonomiese bate vir die Kompanjie was fynbos of brandhout en die nabyheid aan weiding by Soetvlei en Baasharmenskraal.

Die Kompanjie het reeds in 1672 vee agter die Steenberge gehou. Ook is seinvlae in Januarie 1673 na buiteposte by die Steenberg, Tafelberg en in die Kloof gestuur (Sleigh 2004:171). 'n Seinpos aan die oostekant van die Steenbergreeks is nie uitgesluit nie. Hierdie grond is dus nie oorweeg vir private boerdery nie en die skaappos, Aan de Steenbergh, word in 1676 gevestig (Sleigh 2004:172). Behalwe vir die kortstondige weilisensie aan Simon van der Stel, 1700-1708, het die VOC se houvas op die terrein as houtveld tot en met die Britse oornome, 16 September 1795, gegeld. Al is daar 39 morg in 1792 uitgegee, was die res van die Buffelskraal/ Prinskasteelgebied oorwegend VOC-houtveld. Dit is opvallend dat met die beëindiging van die statistiek vir skape in 1682 vir Aan de Steenbergh (Sleigh, 2004: 173), Catrijn Ras grond suid van die Buffelsrivier kry (NASA, KAB 1688). In 1683 versoek Trijn se man, Tijs Michielsz, die ou skaaphok (TANAPb 1683;1683a;Sleigh, 2004:172). Moontlik het hulle die skaappos se skape oorgeneem. Simon van der Stel kry in 1685 grond noord van die Buffelsvallei terwyl die pos nog deur die laaste mynwerkers beset is (Sleigh 2004:172-3). Jose Burman (1962:97) se siening dat Swaanswyk en Constantia dus buurplase was en wat aan mekaar gegrens het, is onjuis, want dit laat die Kompanjie se buitepos heeltemal buite rekening. Burman (1962:96) plaas die veepos van 1673 by Sandvlei. Van der Stel en Ras is die eerste eienaars van grond wat in die Steenbergvallei uitgereik is, maar die eerste ekonomiese aktiwiteit in die groter Steenbergvallei het op die voormalige Buffelskraalarea plaasgevind.

Die Kompanjie se houtveld in die gebied is in 1692 begrens deurdat burgers verbied is om suid van die Bosberge hout te versamel (TANAPb 1692) en in 1693 by herhaling te bevestig (Jeffreys, Naudé 1944: 277-8). Die 1693-bewoording beklemtoon die bewaringsaspek van die houtveld, wat ook Houtbaai insluit. 'n Opsomming van die ongeskonde toestand van die veld kom uit 'n beskrywing van 20 morg wat Frederik Russouw van Swaanswyk in April 1717 by sy eiendom wou voeg. Hierdie veld is bebos met "... eenigh kleijn kreupelhout" en volgens een van die houtvesters of houtvoorsieners Hendrick E.Erhart, het die Kompanjie nog nooit daar laat kap nie en dat dit (die uitgif) ook geen nadeel sal inhou dat sy bure (die Kompanjie) daar sou kap nie, want die veld strek na die strand (Valsbaai) en waar geen ander plase is nie (TANAPb 1717b). Die beskrywing bevestig ook die Kompanjie se posisie op Buffelskraal. Die onbewoonde area is oos en suidoos van Russouw en dit het die latere plaas Raapekraal geword. Reeds in 1714

is vier inheemse bosse bokant Constantia in die klowe van Vlakkenberg ontdek en twee inheemse bosse agter Nicolaas Oortmans in die Steenberge (Appel, 1966: 65-66). Die 1693-plakkaat moes tog 'n invloed op die bewaring van die area gehad het. Dit bevestig ook dat skape nie op Swaanswyk of Raapekraal gewei het nie.

Twee jaglisensies is wel vir die area uitgereik. Op 22 November 1699 kry Nicolaas Oortmans 'n jaglisensie vir twee maande "... omme ten verdoen van zijne huijshoudinge te moogen laten schieten omtrent de Steenberg een vragt hartebeesten, elands of renostorvlesch" (NASA, KAB 1699) en op 1 Februarie 1700 kry Simon van der Stel 'n lewenslange jag- en weilisensie tesame met die voorregte van 'n leningsplaas in die Steenberge (1700). Böeseke (1964:215-6) meen dan dat die oudgoewerneur wel sekere van sy uitgebreide voorregte wat hy tydens Willem Adrean se bewind ontvang het, na laasgenoemde se herroeping en in opdrag van die Here XVII verloor het, maar bly in gebreke om dit te verhelder.

Al W.A. van der Stel se begunstigdes moes hulle grond en ander voorregte in 1708 afstaan (Böeseke, 1964:204). Op 23 Augustus 1708 is die Kaapse regering deur 'n amptelike skrywe, 'n missive van die Here XVII, aangespreek oor optrede teen Simon van der Stel<sup>29</sup> rakende die grond van die Zeekoevallei en die Steenberge. In 1713, na Van der Stel se dood op 14 Junie 1712, word daar gevra of 'n skikking omtrent die twee stukke grond met Van der Stel bereik is. Op die vergadering van 14 Maart word dan geantwoord dat daar wel met die grond van die Steenberge gehandel is, maar nie met die grond by die Zeekoevallei nie. Met ander woorde, die Steenbervalleiwei- en jaglisensie en al die toegewings daaraan verbonde is reeds in 1708 opgehef. Op 23 Augustus 1708 is 'n ooreenkoms met Simon van der Stel aangegaan om lewenslang die grond by Zeekoevallei te besit, omdat daar 'n transportakte van 11 Maart 1799 ter sprake is (TANAPb 1713), terwyl die Steenberggrond bloot 'n weilisensie en leengrond was (NASA, KAB 1700). In 1711 koop Nicolaas Oortmans grond langs Swaanswyk, suid van die Buffelsrivier, in die Steenberge (1711). Hierdie transaksie sou nie moontlik gewees het as die grond nog aan Simon van der Stel behoort het nie. Daar is in 1708 klaar met die Steenberge as besitting van Van der Stel gehandel: die lewenslange leningsreg is ook in 1708 opgeskort.

Die omliggende Constantia-grond in die Steenbergvallei het sedert 23 Augustus 1708 weer deel van die VOC se grond geword. Die groot vraag is egter of Simon van der Stel die grond inderdaad bewerk, bewei en die houtveld benut het. Volgens Mauve (s.j.:9) het Simon van der Stel 4,379 eikebome op Tokai aan-

---

29 Simon van der Stel het op 'n slinkse plan grond van Jan en Coenraad Visscher, Witteboomen, onteien, om dit in 1697 aan Lambert Symons te gee en ses dae later op 30 Des. 1797 by Constantia te voeg. 'n Maand na Willem Adrean se inhuldiging is die Zeekoevallei op 11 Maart 1699 by Constantia gevoeg. Dit het Wynberg ingesluit en in die ooste tot by Valsbaai gestrek. Sy veeherders het by Zeekoevlei in 'n huis gebly. Daar was ook 'n vis- en wynpag saam met Phijffer en 'n spesiale weilisensie, 1700, vir die Steenberge (Böeseke, 1964:208-9; Sleigh 2004:261).

geplant. Hierdie aantal eikebome is egter op Constantia aangeplant<sup>30</sup>. Vir laasgenoemde is daar twee verklarings – die statistiek kom uit 1695 toe die Steenberge en spesifiek die area van Buffelsvlei nog nie aan Simon van der Stel as leenreg uitgereik is nie. En die tweede verklaring spruit voort uit dieselfde verslag van Simon van der Stel aan die Here XVII. Die Here XVII was nie tevrede met Simon van der Stel se vordering aan die Kaap nie en het vir meer besonderhede gevra. Simon van der Stel het toe 'n lys van aanplantings deurgestuur asof dit in die Steenberge aangeplant is. Maar hierdie lys stem presies ooreen met die lys wat die baastuinier opgestel het oor aanplantings op Constantia. Van der Stel het wel op ander poste bome laat plant en die vryburgers was verplig om bome te plant (Böeseken 1964:153,208). Die periode van die Kompanjie se pos Aan de Steenbergh loop ten einde in dieselfde tyd wat die myne toemaak en Van der Stel grond in die Steenberge (Constantia) ontvang waarop hy 'n boerdery moes vestig en 'n huis bou. Intussen is Buffelsvallei gebruik om dekriet te oes. Eikebome is waarskynlik deur die Michielsze en Russouws op Swaanswyk aangeplant. Die Van der Graaff-kaart van 1788 is op die Van der Stel-kaart gebaseer. Daarvolgens word daar duidelike boomaanplantings en boomlanings op Constantia en Bergvliet getoon, maar nie suid van die Buffelsvlei nie (Brommer 2009:163-4,192).

Die tweede helfte van die 18de eeu beleef die era van houtplundering. Die VOC het die waarde van die houtvelde, Buffelskraal en Raapekraal asook die groter Prinskasteelberg besef. Appel (1966:78) maak die gevolgtrekking dat teen 1795 die bosse teen Tafelberg en Constantiaberg (Prinskasteelberg)<sup>31</sup> in die belangrikste timmerhoutbehoefte voorsien het. Dit word betwyfel of die twee houtbosse te Buffelskraal as timmerhoutbronne gesien kan word weens die afwesigheid van diep klowe, hoewel wittebome en kreupeelhout op beide houtvelde geoes is. In 1791 is ongeveer 4,000 vragte brandhout gelewer. Dit het bestaan uit duine- of wortelhout wat by De Vaderlandsche Rietvalleij, Diepe Vallei, Baasharmenskraal en Varkensvalleij uitgegrawe is, asook Buffels- en Raapekraal (Appel,1966:72). Ten spyte van plakkate wat die kap van hout in die Kompanjie se houtbosse verbied het, moes daar voortdurend plakkate uitgevaardig word om die houtvelde te beskerm. Die verbod op die kap van hout in die omgewing van Valsbaai is by herhaling uitgereik (Jeffreys, Naudé 1948:233) en in 1791 word die kap van brandhout heeltemal verbied (Naudé, Venter 1949:52,58,66). Toe die lewering van brandhout aan die Kompanjie in dieselfde jaar op tender uitgeplaas word, word Buffelskraal steeds as 'n houtveld saam met vyf ander plekke gelys (Appel, 1966:72). Die grense van die Kompanjie se houtvelde is in 1791 met pale afgesteek en plankies gemerk “Houtveld” is aangebring (Appel,1966: 73).

---

30 Die baastuinier van Rustenburg se lys van 1685-95 bevat 8,401 bome wat op Constantia aangeplant is. Dit behels 4,379 eikebome, 5 moerbeie-, 154 lemoene-, 126 appel-, 79 suurlemoene-, 100 kweper-, 33 appelkoos-, 63 perske-, 310 amandel-, 66 koejawel-, 50 pruim-, 185 granaat- en 140 peerbome; 329 onsuksesvolle piesangaanplantings; 100 olyfbome, 66 vye-, 26 kastaiing- en 42 okkerneutbome, asook mispel en pippeling. Keurbome is aangeplant, maar dis onseker of dit die inheemse soort is (Böeseken 1964:208).

31 Die Steenberge met geelhoutbosse is in Houtbaai en nie Constantiaberg nie (TANAPb 1680).

Dit is teen die agtergrond van gereserveerde houtveldaktiwiteit wat die eerste grond vir private besit in die omgewing van Buffelskraal in 1792 uitgegee word. Gronduitgifte op die groter Buffelskraal het daarna telkens geskied met inagneming van die Kompanjie se houtbosse. Andreas Rauch se aansoek vir grond in 1791 is na die direkteure van die Kompanjie se houtbosse, Robert Jacob Gordon en Willem Ferdinand Van Reede van Oudtshoorn verwys vir terreininspeksie en goedkeuring, omdat die grond deel gevorm het van die Kompanjie se houtveld. Hul verslag moes ook moontlike konflik van private besit met die houtbosse en moontlike benadeling van die bure insluit (TANAPb 1791e). Rauch se versoek, 39 morg 112 vierkante roede en 72 voet, ten ooste van die Steenberge onder die sogenaamde Prince Casteel aan die Buffelskraal aangrensend aan die Kompanjie se houtvelde, is goedgekeur. Die grond kon sonder enige servituut afgestaan word en sou nie die Kompanjie of die omliggende boere benadeel nie. Die koopsom is op 100 rijksdaalders vasgestel (TANAPb 1791e). Die boere van die Steenberg en Constantia het saam met ander verbruikers weiding vir hul vee by die Zeekoevallei, Hardersvallei, die Diepe Valleij (Diepveij) en Baasharmenskraal gekry. Hierdie vergunning kom juis omdat die Steenbergvallei nie geskikte weiding vir veetroppe gehad het nie (TANAPb 1791f).

## **2.7.2 Private besit: Aan de Buffels Craal, 1792-1800, of Tokai, 1800-1883**

### **2.7.2.1 J.A. Rauch (1731- ?)**

Johannes Andreas Rauch het in 1758 as 'n geweeslotmaker in die Kaap de Goede Hoop aangekom. Hy is op 13 September 1731 in Norva, Estland, gebore. Hy was aanvanklik aan die hoof van die Kompanjie se arsenaal, maar word in 1772 as poshouer van die pos, De Schuer, aangestel. Hy is “baas” genoem weens sy aansien ten opsigte van sy vakmanskap. In 1788 word hy dan ook beloon vir sy ywer en goeie diens gedurende die oorlog van 1784 en word sy rang verhoog tot Opperbaas en Opsier oor die poste De Schuer, Witteboomen, insluitend die hout- en rietveld van die Kompanjie - 'n betiteling wat teen die grein van die Here XVII van 1771 was (Sleigh 2004:100-01). Rauch bestuur De Schuer vir 19 jaar en was in beheer van tussen 75 tot 84 wadrywers en beeswagters asook twee onderbase. Sy ervaring in boerdery, groente- en garsverbouing, die bou van 'n opgaardam en die aanplanting van dennebome het hom in 'n gunstige posisie geplaas om na sy aftrede op Aan die Buffelskraal te boer. As opsier van die houtveld het Rauch deeglike kennis van die groter Buffelskraal gehad (:195). Die 39 morg was net bokant die pad vanaf Brink na Russouw van Swaanswyk (Diagram 6 Bylaag B). Die Buffelsrivier se herleidingsvoor na Muysenburg word nie in sy grondgebied aangedui nie, so ook nie die doordrif of rivierdrif<sup>32</sup> nie. Die koop is gedateer 6 Januarie 1792. Maar onmiddellik, binne drie maande, verkoop hy die grond aan Andreas George Hendrik Teubes, 14 Maart 1792<sup>33</sup> (NASA, KAB 1792). Die verkoopprijs in Rijksdaalders

---

32 'n Doordrif of deurdrif is 'n drif deur 'n stroom voordat brûe gebou is. Dit is 'n kulturele merker en behoort as 'n erfenishulpbron erkenning te geniet. Die area hou die moontlikheid van argeologiese merkers in. Dit help ook om ou weë te bepaal en was moontlik ook areas waar daar uitspanplekke was.

33 Die datum is verkeerdelik as 14 Maart 1791 in plaas van 1792 in die register aangebring (NASA, KAB 1792).

is dieselfde, Rds 100. Dit suggereer dat Rauch geen ontwikkeling op die grond gedoen het nie.

Hoewel die Rauch-vrygrond die era van grondeienaarskap inlui, is dit vooraf gegaan met 'n ses maande huurkontrak van Albertus Jacobus Munnik vir Buffelskraal, gedateer 21 Julie 1791. Die inskrywing verwys spesifiek na “Buffels / de: / Craal geleegen aan die Steenberg” (NASA, KAB 1791c). Ook hierdie inskrywing verklaar nie waar die oorspronklike perseel was nie. Vermoedelik het hy in die struktuur wat op die 1795-kaart aangedui word (kyk Diagram 2 Bylaag B), vee gehuisves wat by Soetvlei, onder die Palmietvlei, gewei het. Munnik sou later 'n deel van Baasharmenskraal bekom. Hy was die boer wat die Soetvlei drooglê toe hy 'n kanaal van die grens met Tokai tot by die samevloeiing met die Spaanschemat-rivier, net voor die brug by die M3, gegrawe het (DRDLR1806;NASA, KAB 1837c;1838;1838a;Diagram 11 Bylaag B).

### **2.7.2.2 Andreas Heinrich George Teubes (ca 1746-1807)**

Teubes koop die onontwikkelde plaas teen dieselfde koopsom, Rds 100, as Rauch. Teubes het in 1769 in die Kaap as soldaat in diens van die VOC aangekom. Hy ontvang burgerskap in 1775 (Schubert, s.j.). Sy naam word vanaf 1769 tot 1771 as 'n wadrywer en karweier in diens van die Kompanjie in die Monsterrollen gelys (NASA, KAB 1760) waarna die opvolgmonsterrol ontbreek. Hy word later as chirurgijn<sup>34</sup> majoor van die Burgermag aangestel (TANAPb 1790a) en het in die Vrije Korps gedien (NASA, KAB 1787). In die Britse of Bataafse periode is daar geen verwysing na hom as 'n medikus nie (Naudé 1949: 91-2). Teubes was 'n geldvoorskietter en agent vir buitelandse handelaars. Hy en sy vennoot, Jan Gotlieb Brink, het ook as gevolgmagtigdes opgetree vir Willem en Jan Willink, kooplui van Amsterdam wat weer namens Guilmore en Kie van Baltimore gehandel het (NASA, KAB 1794a;b;1797b;TANAPc 1814). Teubes was nie 'n opgeleide landbouer nie, maar het die eerste wingerde op braakgrond aangeplant. Teubes het twee huise gebou – eers 'n langhuis, skuins bokant die kruising van die wapad met die Vlagstok-rivier en daarna die plaaswoning. Dit is na die beleg van Muysenburg gebou (NASA, KAB 1800b). Albei wonings front op die wapad vanaf Wynberg (MA 1800a). Hy het ook 'n parshuis vir die sowat 50,000 druiwestokke gebou (MA 1800;NASA, KAB 1800f). Voorts brei by in 1795 die plaas uit met 'n ekstra nege morg, De Anneks, maar dit is nie aangrensend tot die eerste grond nie. Sy eerste aansoek in 1794 vir grond aangrensend aan sy plaas, word weggewys, want die grond was houtveld van die Kompanjie. In die plek daarvan word hy 'n ander stuk grond aangebied – die drooggelegde rivierbedding van die Buffelsvlei wat toe waardeloos vir die Kompanjie was weens die modderige bodem en ruie oewerplantegroei (TANAPb 1794c;1795;NASA, KAB 1795a). In Junie 1797 onderteken Teubes die Eed van Getrouheid aan Brittanje (1797). Hy verkoop die plaas in November 1799 teen 'n aansienlike wins aan Johann Friedrich Herwig vir f 50,000 (gulden) of kooppenningen<sup>35</sup> (TANAP 1799).

---

34 Volgens Kruyskamp (1961:371) is die verouderde betekenis van die woord “heelmeester” en iemand wat net in die praktiese kennis opgelei is.

35 ... of handgeld by die sluit van 'n koopkontrak (Kruyskamp 1961:1013).



Of die koopsom die prys regverdig, word betwyfel. Mense het grond en goedere ver bo die reële waarde gekoop sodat hulle vir drie jaar langer die besit en die voordeel daarvan kon geniet voordat hulle vir wanbetaling geëksekteer sou word. Op sy beurt het hierdie praktyk die gewilligheid van geldskieters of borge gestimuleer (Van der Merwe 1926:86,88). Ook het die Leningsbank sedert 1793 groot somme gedrukte papiergeld uitgereik sonder voldoende teenprestasies. Geld is op hipoteek of verband van roerende en onroerende goedere uitgeleen teen 5% rente waarvan 4% na die regeringskas sou gaan en die res om die bankuitgawes te dek (:90). Die vaste bate van die lener is dus aan die bank verpand totdat die skuld geldig is. Dit het die eksekusies vir 'n tydjie stopgesit, maar terselfdertyd het dit die pryse van vaste goedere geweldig laat toeneem. Die Leningsbank se geld het opgedroog en toe het die praktyk van persoonlike geldvoorskieters gedy. Dikwels was 'n groep mense tegelyk mekaar se krediteure, debiteure en borge en het nie omgee om eiendom teen skrikwekkende bedrae te koop wat nooit voorheen vir 'n bepaalde eiendom betaal sou gewees het nie. Die afskrikmiddel van sekwestrasieboetes het nie krag gehad nie en mense het hul daaraan getroos dat hul vir drie tot vier jaar ongestoord nog rente kan en gaan verdien. Dit is in hierdie omstandighede wat Tokai tussen 1799 en 1802 drie keer van eenaars verwissel het. Maar Herwig was ook 'n besigheidsman.

### **2.7.2.3 Johann Fredrich George Herwig (?-1800) en Caspar Johann Loos (?-1803)**

Herwig het nie sy besigheid as drankhandelaar opgegee toe hy die plaas gekoop het nie (NASA, KAB 1800d). Ook het hy onmiddellike veranderinge aan die Tokai-woning laat maak (MA 1800;1800a). Tydens die sensusopname van Junie 1800 bevind Herwig en sy gesin hul by sy Tafelbaaise adres, Dwarsstraat 14. Daarvolgens het hulle een dogter, twee knegte, sestien slawe, drie slavinne, een seunslaaf, twee osse, agt perde, 72 hoenders, twaalf skape, vier varke, 50,000 wynstokke, 20 lêer wyn en 60 morg eiendomsland waarvan 25 onder wyn en 35 bewerkte grond (NASA, KAB 1800d). Hierdie aantal morg strook nie met die grootte van die plaas, 39 plus 9 morg eiendomsland nie en is twaalf morg te veel. Die oorskatting van die oppervlakte van die eiendom is ook deur P.M. Eksteen in 1810 gedoen (NASA, KAB 1810a).

Herwig se belangrikste bydrae tot die plaas is die veranderinge aan die woning (MA 1800,1800a) en die naamsverandering van die plaas. Die plaas, wat tot nog toe waarskynlik as Teubes se grond “Aan die Buffelskraal” verwys is, word nou Tokai, of die Engelse spelling, Tockay, vermoedelik na die wynstreek in Hongarye. Dit word bykans onmiddellik gedokumenteer in 'n advertensie in *The Cape Town Gazette, and African Advertiser* van 30 Augustus 1800 (NASA, KAB 1800f). Herwig se kennis van wyn en drank wat hy as drankhandelaar gehad het, het hom waarskynlik gelei om die wynplaas na die dorp tussen die wingerde in Hongarye te vernoem. Die rede is voor-die-hand-liggend – die wyn van die Buffelskraalplaas moes meeding met die etiket van die Constantia-wyne wat toe reeds vir meer as honderd jaar internasionaal bekend was. Herwig sterf op 8 Augustus 1800 en sy plaas word deur die burger en geldvoor-

skierter, Caspar Johann Loos, gekoop. Die kooppenning van f 45,050 word in November 1800 aange-teken (1800h). Die laer prys wat Loos betaal, suggereer dat Herwig se bouwerk moontlik nie voltooi was nie.

Gesondheidsprobleme was waarskynlik die hoofrede waarom Loos die plaas in die *Kaapsche Stads Courant, en Africaansche Berigter* van 13, 20 en 27 Februarie 1802, per openbare vendusie op 1 Maart 1802 adverteer. Tokai word geadvertreer as blyplek met twee stukke vrygrond waarvan die tweede stuk, 10 morg onbewerk was, maar uiters geskik vir die aanplanting van druiwestokke. Hy is ook bereid om die koper se koopsom vir twee jaar met rente uit te stel (NASA, KAB 1802). Loos het steeds sy besigheid vanaf die plaas behartig (Rourke 1974:53) en het moontlik die boerdery aan sy slawe toevertrou. Loos se kort periode kenmerk die besoek van twee Engelse plantkundiges, Robert Brown en sy reisgenoot, Peter Good, in Oktober 1801. Beide laat dagboekinskrywings na oor die twee nagte wat hulle op Tokai oornag het (Rourke 1974:50-5). Loos verkoop die plaas aan Pieter (Petrus) Michiel Eksteen, seun van H.O. Eksteen van Bergvliet, vir f 35,400 en die koop word in Junie 1802 geregistreer (NASA, KAB 1802). Waar die vorige drie eienaars uit die Duitse immigrante kom, is die nuwe eienaar en sy gesin boorlinge van die omgewing.

#### **2.7.2.4 Petrus Michiel Eksteen (1776-1849)**

Petrus Michiel het soos sy vrou, Hester, in die omgewing grootgeword. Hul troue word breedvoerig deur Lady Anne Barnard (1999:279-81) bespreek. Eksteen brei die plaas uit deur die grond te konsolideer (NASA, KAB 1811;1811a;1814). Die rivier word ongetwyfeld deur hom terugherlei, die kanaal gevestig en hy vergroot die wingerdboerdery tot die vyfde grootste plaas in die omgewing (1823b). Weens die onvrugbaarheid van die grond probeer hy ook veeboerdery deur die veld te brand, maar met kortstondige sukses (1842). Agterstallige terugbetalings van lenings, uitgebreide bouwerk op die werf en die afskaffing van slawe eis sy tol en Petrus Michiel word in 1849 onder finansiële bestuur geplaas. Hy sterf aan die einde van 1849 of vroeg in 1850. In November 1850 word sy plaas op 'n insolvente vendusie opge-veil (1842b).

#### **2.7.2.5 Sebastian Valentyn (1815-1881) en Pieter Jacob Eksteen (1817-1893)**

Petrus Michiel se twee seuns, Sebastian Valentyn (Bastiaan) en Pieter Jacob (Japie), koop die plaas op 22 November 1850 op hul oorlede vader se insolvente boedelveiling (NASA, KAB 1842b). Die wingerdboerdery word aansienlik verklein en beperk tot die Ondertuine. 'n Meer diverse en gebalanseerde boerdery in verhouding tot die grond word gevestig. Die plaas word tot 'n aantreklike plaas opgebou en 'n infrastruktuur gevestig waaroor die nuwe koper in 1883, die regering, heel ingenome was (NASA, KAB 1883b,c,e).

### **2.7.3 Koloniale regering**

Bastiaan sterf in April 1881 en laat sy weduwee, Isabella, agter. Hulle was kinderloos (NASA, KAB 1881a). Isabella en Japie, ook bejaard en ongetroud, verkoop die plaas op 9 Februarie 1883 aan die koloniale regering (1883b), wat die inrigting vir geestesgestremdes van Robbeneiland op die Skiereiland wou hervestig (1884:19-21). Intussen is Tokai deur die hoofingenieur, Openbare Werkede, uitgewys as 'n plek om 'n kwekery te vestig (1883i) en so begin die bosbougeskiedenis op Tokai. Geneeshere van die Robbeneilandhospitaal bevind die Tokai-omgewing niegeskik as 'n hersteloord. 'n Uitrusting van persele vind plaas tussen die jeugrehabilitasiesentrum, die Porter-skool, wat op die plaas, Valkenburg, geleë was en die voorgestelde inrigting vir geestesgestremdes (1888d). Die oorspronklike Tokai-plaas is mettertyd verdeel tussen die Departemente van Bosbou en Justisie (DRDLR 1919; 1919b). Aangrensende kroongrond is by Bosbou betrek. So word die siklus van houtveld tot houtveld voltrek. Maar waar die Kompanjie in die verlede jaloers oor die inheemse fynbos gewaak het, sou die nuwe eienaar hard werk om fynbos te vernietig en plantasies te vestig. Die agtereenvolgende uitreiking van grond binne die eerste tien jaar vanaf 1792 het 'n voorspelling gegee vir die ekonomiese lewensvatbaarheid van die plaas. Een en negentig jaar nadat die eerste grond deur die VOC-regering aan Rauch uitgereik is, word dit in 1883 weer regeringsgrond. Meer as honderd jaar sou verloop voordat fynbos weer met die grond versoen sou word.

## **2.8 Gevolgtrekking**

Eienaarskap gebonde aan kaart en transport is 'n kulturele gebruik eie aan die Europeërs. Alhoewel die inheemse mense van die Kaap nie die gebruik geken het nie, was die grond nie oop en beskikbaar nie. Die uitbreiding vanaf die Kaap in die Steenberge verby Bosheuvel is deur die Kompanjie gedomineer en uiteindelik gemonopoliseer. Hout was die vernaamste dryfveer. Die baie klam area van die sentrale en noordelike Steenberge, moeilik bereikbare gebied, vyandige inboorlinge, wild en roofdiere het alles meegewerk tot die gestadige uitbreiding. Dit was die behoefte aan hout as brandhout en timmerhout wat die weg gebaan het vir die oopstelling van die suidelike Skiereiland. Dit was dus nie vreemd dat die gewone burgery eerste by Wynbergheuvel vergegaan en hout agter die heuvel versamel het nie. In die proses het hulle belangrike houtbronne oopgekap. Dit is baie vinnig deur die Kompanjie gemonopoliseer.

Die kaart en transport wat die VOC in 1772 bekom het, ongeag die eensydige aard daarvan tesame met die verarming en uitdrywing van die veeherder Khoina, het die oopstelling van die Steenberge aangehelp, maar Van der Stel se grondbesit het onmiddellik die area vir verdere private uitbreiding afgekordon. Die Politieke Raad het die area eerste benut met die vestiging van 'n skaapkraal, maar dit was van korte duur. Tog laat dit 'n pertinente stempel deur naamgewing op die gebied, 'n proses wat reeds deur Jan van Riebeeck in 1657 begin is. Die eerste veepos het egter ook tot foutiewe afleidings aanleiding gegee. Erfenis-spesialiste verbind die naam eerder aan 'n Khoi-kraal as om die ontoereikende weiding van die gebied of die area vir 'n potensieële Khoi-kraal te ondersoek. Voorts word die Engelse vertaling en die versamel-

naam, veepos, ook gesien as 'n pos vir alle soorte vee. Die feit dat die Kompanjie in 1676 'n skaappos by Aan de Steenbergen kon begin, suggereer dat die weivelde in die area nie meer deur die Khoina benut is nie. Dit word voorts bevestig deur die toestemming aan Hüsing en Gerritz, asook Stevens om hul skape in die area te mag wei. Die skaappos het die koloniserings van die area ingewy. Die onttrekking van die Khoina aan die groter area was nie spontaan nie, maar hulle is uitgedruk, 'n proses wat moontlik ongeërg waargeneem is. Voorts het die grondstof, hout, die area baie kosbaar vir die Kompanjie gemaak, veral ten opsigte van die noordelike Steenberge, dus Houtbaaivallei. Die monopolisering van die houtvelde suid van Wynberg en agter die Bosberge het die Steenberge buite bereik van die gewone burgery geplaas. Dit versterk die vermoede dat Tryn Ras se plasing op Swaanswyk nie toevallig is nie, maar dat haar man, Michielsz, 'n skaapwagter op Aan de Steenberg was of / en 'n skaapkonsessie by die Kompanjie gekry het. Vervolgens is hulle toegelaat om op die arm grond en bykans waterlose Swaanswyk te boer.

Simon van der Stel druk sy stempel af op die sentrale en noordelike Steenbergvallei met veral die aanplanting van eikebome, vrugtebome en ander bome. Die Constantia-plaas is aangelê op diep, verweerde granietgrond wat die heuwels kenmerk en is effens meer vrugbaar (Trinder-Smith 2006:24). Desondanks bly die gebied oorwegend die eiendom van die VOC as houtveld wat ook die konsep van bewaring insluit. Veel later verander private besit die landskap en die kulturele nalatenskap, ook gedryf deur politieke en ekonomiese verandering. Hoewel die private grondbesit van Tokai op sowat 286 morg of 245.0162 hektaar (DRDLR 1925) in 1883 gereken is waarvan ongeveer 136 morg (116.5112 hektaar) vir die Porter-instituut afgesny is, was die grondgebied rondom die Tokai-landgoed staatsgrond en veel groter. Die totale oppervlakte is 798.7014 hektaar onafhanklik van die Porter-grond. Dit behoort die omgewing en landskap se premie tot bewaring soveel hoër te maak en die herstel vanaf 'n bosbouïndustrie terug na 'n fynboslandskap 'n ononderhandelbare kwessie.

Vir erfenisassessering bied die groter Steenbergvallei baie moontlikhede. Die gebrek aan 'n historiese dokument wat argeologiese belangstelling in die gebied kan prikkel, is moontlik 'n rede vir die traë erkenning aan erfenismerkers. Deur bloot die grond as 'n historiese terrein vir jagterversamelaars en Khoi-herders uit te wys, is niksseggend. Die oorspronklike standplase van die Khoi vereis 'n naderbepaling. Intussen raak die omgewing al hoe meer verstedelik. Dit is in belang van argeologiese ondersoek na periodes voor die laaste Ystertydperk dat terreine beter ondersoek word. Terselfdertyd behoort plekname en die oorsprong daarvan beter erkenning te geniet.

Alle brughoofde se name op Orpenweg moet dringend hersien word. Dit is verwarrend en histories onjuis. Die ideaal sou wees om die Buffelsvlei te herstel. Dit sou van groot waarde vir die ekologie van die park as 'n bewaringsarea wees. Die Ondertuine moet deel van die bewaringsarea vorm. Kaapse Natuurbehouing, die Provinsiale regering, wat die eienaar van die grond is en alle ander betrokkenes behoort daadwerklik op te tree. Die verandering is die laagtepunt van die vlei: die pad sal oorgebou en moet van 'n hoër brug voorsien word (Persoonlike mededeling: dr Tony Rebelo, SANBI).

Tokai-woonbuurt gaan mank aan die erkenning van landmerke. Soms word die sigbare strukture as so vanselfsprekend ervaar, dat die onsigbare geskiedenis net verdwyn. Dit wil voorkom of die oorwegend Engelssprekende inwoners weinige behoefte het om met die VOC-verlede te skakel. Die indruk word geskep, veral na die erfenisassessering van 2011, dat die Tokai-landgoed en die omliggende kroongrond se geskiedenis eers met die koloniale regering se eienaarskap 'n aanvang geneem het.

Die geskiedenis van die beleg van Muysenburg kry net aandag in soverre die woonbuurt Muizenberg se verbintenis daarmee. Die buurplase Swaanswyk, Raapekraal, Bergvliet en Tokai-park, die bergkruin bokant Muizenberg, Sandvlei asook die voorstad Retreat bied die ideale geleentheid vir etlike verskillende staproetes met 'n militêr-historiese tema. Die betrokkeheid van die Khoïna om die Engelse soldate tot Muysenburg te beperk, beid voorts die geleentheid vir 'n versoenbare aanbieding van die verlede.

Soos met alle navorsing is die navorsing oor naamgewing nie met hierdie hoofstuk afgehandel nie. Boere het vir riviere name gegee. Dit maak dat die navorsing oor die periode voor 1883 se riviernaamgewing, buiten die Prinskasteelrivier en die Engelse name wat deur Hutchins gegee is, nie afgehandel is nie. Dit is juis J.S. Lister, superintendent van plantasies in 1883, se onbekendheid met Tokai se historiese en kulturele merkers wat sy verbintenis met Tokai kritiseer. Alle riviernaam moes saam met ander kulturele en historiese merkers op kaarte van bosreservate aangedui gewees het (De Vasselot 1885:64). As hoofstreekbosbewaarder het Lister dit nagelaat.

## **Hoofstuk 3: Ekonomiese verbruik van die aarde: Tokai-landgoed en omliggende grond, 1792-1883**

### **3.1 Inleiding: Ekonomiese agtergrond**

Die geskiedenis van die ekonomiese ontwikkeling van die grond wat in die 21ste eeu Tokai-park vorm, is aanvanklik grotendeels gedomineer deur die ekonomiese behoeftes van die Kompanjie. Die ekonomie van die Vereenighde Oostindische Compagnie (VOC) was 'n handelsbaseerde ekonomie wat berus het op die beginsel van goedere bekom teen die laagste moontlike uitset. Schutte (2003:18) som dit tereg op as hy reken dat die Kapenaars nie werklik vry was om hul produkte tot hul eie voordeel te bemark nie. Die Kompanjie en sy amptenare het teen 1795 steeds 'n monopolie besit op in- en uitvoerprodukte en was oorwegend in beheer van die bepaling van markpryse. Dit was teen hierdie agtergrond wat Teubes in Maart 1792 die klein en onbewerkte plasie van 33.2124 hektaar ekonomies moes ontgin (NASA, KAB 1792).

Die VOC-periode se ekonomiese las op die burgers het ook die las van die opvolgregerings geword. Die Britse Administrasie, 1795 tot 1803, is aan verhoogde invoere, inflasie, 'n versadigde mark en afname in die handel gekenmerk. Die goewerneur en raad van die Bataafse Republiek, 1803-1806, kon nie die handelsbalans verstewig weens die voortslepende Napoleontiese oorloë nie. 'n Ekonomiese depressie het gevolg wat vererger is toe invoere na 1806 verhoog het om in die behoeftes van 'n Britse garnisoen en hoogbesoldigde Britse amptenare te voorsien (Freund 1982:227,230-1). Een van die kommoditeite wat sedert 1795 met die eerste instroming van Britse troepe onder druk was, is hout.

In die Kaapse Skiereiland is regeringsgrond as bewerkbare ekonomiese eenhede in 1806 uitgegee (Duly 1965:358). Dit sluit in houtveld soos Witteboomen, Baasharmenskraal en Raapekraal (NASA, KAB 1806a;c;d;1841;DRDLR 1880). Dit is gedoen ongeag 'n bevolkingstoename tussen 1797 en 1815, wat die aanvraag na hout drasties verhoog. Shell (1994:440) reken dat die opgawes en statistiek nie betroubaar is nie, want die opnamesisteam was tussen 1795 en 1806 totaal disfunksioneel. Boonop is daar volgens Worden, in Cornell (2005:51), geen opnames van die 1790's vir die Kaapse Distrik plaaslik beskikbaar nie, maar slegs in die Nederlande. Tog is daar statistiek. In 1797 was daar ongeveer 1,000 huise in Kaapstad met 7,000 blankes en 12,000 slawe. In die Kaapse Distrik by die buitehuise is 'n verdere 2,000 slawe opgeteken. Die totale bevolking van die Kaapse Distrik in 1797 is op 18,151 gereken (NASA, KAB 1800). Freund (1982:232) reken die Kaapstadse bevolking het baie stadiger van 15,500 in 1798 tot 15,600 in 1815 gegroei. Die totale bevolking van die Christen-groep is van 22,000 in 1798 tot 37,000 in 1815 opgeteken. Die Christen-groep het vryswartes ingesluit. Die Khoina het van 14,000 tot 17,000 en die slawebevolking van 25,000 tot 30,000 oor dieselfde periode toegeneem. Dit was egter die toename van Britse troepe wat die las op die omgewing merkbaar verhoog, soos deur Barrow (1797:20-1) bevestig: "The addition to the inhabitants of five thousand troops, and a large fleet stationed at the Cape, has increased the demand for fuel to such a degree, that serious apprehensions have been entertained of some

deficiency shortly happening in the supply of this necessary article.” Die vraag na brandhout as 'n energiebron was teen 1902 steeds relevant en een van die vernaamste redes waarom Hutchins (1902:6) aan die einde van die 19de eeu die aanplant van uitheemse bome bepleit: “The position in Cape Town today is that it is cheaper to plough the ground and plant a forest of quick-growing trees than to import coal from over the sea or by a long and expensive land journey.”

## **3.2 Die Kaapse Distrik: vernaamste kommoditeite, wyn en hout**

Die belangrikste landbouprodukt van die Constantia<sup>1</sup>- en Steenbergvallei was die verbouing van druiwe en die maak van wyn. Die Kaapse wynprodusente het in 1813 'n hupstoot met die uitvoer van wyn gekry toe die invoerbelasting op Kaapse wyn in Brittanje drasties verlaag is (Freund 1982:232). Maar teen 1810 was wynbou nog in 'n krisis. Naas wyn het al die boere rondom Tokai ook hout verkoop (NASA, KAB 1810a). Die geskiedenis van timmer- en brandhout dui van meet af aan nypende tekorte, veral omdat inheemse bome so stadig hergroeï (Sleigh 2004:19-28). Na die verkope van De Schuer in 1791, waar hout-insameling van die Kompanjie gekoördineer is, het die Steenberge as houtveld steeds bly voortbestaan. Die pos is op 5 September 1791 verkoop (:182,193), waarna die afgetrede poshouer, Rauch, die 39 morg / 33 hektaar by Aan de Buffelskraal gekoop het.

### **3.2.1 Houtveldbestuur, grondreservering versus gronduitreiking en tekorte aan brandhout**

Die Kompanjie het gedurende die agtiende eeu die Prinskasteelberg, die heuwels en die vlaktes oos van die Keiserrivier vir die enigste bemarkbare grondstof, hout, benut en gemonopoliseer (Appel, 1966:60-1,72). Die kortstondige skaapposperiode van die 17de eeu (Sleigh 2004:171-3) het getoon dat die Buffelsvleigebied nie daarvoor geskik is nie. Juis die trae uitreiking van die grond as landbougrond suggereer dat die Kompanjie die houtwaarde van die grond belangriker geag het. Die houtveld, wat reeds in die laat 17de gereserveerde grond was, was aan die einde van die 18de eeu as Buffelskraal bekend (:182; Appel 1966:78). Selfs na die uitreiking van die 39 Rynlandse morg in 1792 het die verbod op houtinsameling deur die publiek op die groter Buffelskraal gegeld (Naudé, Venter 1949:166). Histories is daar dus twee landbouaktiwiteite, naamlik skaapboerdery en houtvoorsiening, wat kan lig werp op die ekonomiese potensiaal van die grond. Daarvoor moet by dissiplines soos geologie en die omgewingsgeskiedenis geleen word, omdat daar nie voor die hand liggende bronne vir die historiese Buffelskraal bestaan nie.

Die bestuur van die houtveld te Buffelskraal het in 1791 verander nadat verskeie buiteposte van die Kompanjie toegemaak en die houtbestuur herorganiseer is (Sleigh 2004:262). Dit het die houtpos, Witteboomen betrek, vanwaar die bergveld tussen Houtbaai en Constantia bestuur is (TANAPb 1791b).

Witteboomen het ook Baasharmenskraal, van waar riet en hout tot by Zeekoevlei gekap is, bestuur

---

1 Constantia verwys na die munisipale afbakening of Van der Stel se plaas. Schutte (2003:xii) verwys na Groot Constantia as Cloete se plaas. Groot Constantia word hier gebruik na die eiendom van Hendrik Cloete, 1778.

(TANAPb 1791g). Gronduitreiking vanaf 1806 sou die demografie verander. Die houtveldbestuur het na 1806 vir alle praktiese doeleinde opgehou om te bestaan. Bergveld is as onprakties vir landbou beskou en is as kroongrond behou.

### **3.2.1.1 Steenkool as alternatief blyk ontoereikend**

Steenkool is reeds in 1792 ingevoer en ingekoop vir 'n baie beperkte gebruik (TANAPb 1792d). Sleigh (2004:186) vermeld die gebruik van steenkool vir smeedwerk, maar dit word nie gedateer nie. In die Bataafse periode, 1803-1806, is dit vir algemene en militêre doeleinde ingekoop (NASA, KAB 1803d; 1805). Waar daar maar 'n halwe hoed<sup>2</sup> in 1792 ingevoer is, is byvoorbeeld 150 hoeden steenkool in Mei 1803 van die skip *'t Schip Resolutie* aangekoop. Maar daar is reeds in 1801 begin deur na steenkool as 'n alternatief vir brandhout te soek. Op Wynbergheuvel is begin met die sink van 'n gat, 7 meter diep. Dit is gestaak nadat bruinkool of lignietriwwe in die walle van die Elsjeskraalrivier naby Bellville gevind is. Die riwwe het dun en gebroke vleineerslae van resente oorsprong opgelewer wat nie geskik vir ontginning was nie (Forbes 1977:55).

Barrow, in *De Mist* (1920:218–20), maak melding van 'n steenkoolmyn wat naby Kaapstad aktief was, maar desnietstaande was die neiging steeds om vir erts, silwer en kopermyne te soek. Ook Barnard (1999:281,288) vertel hoe hul buurman, Kirstein, vir haar man 'n stuk steenkool gebring het. Na 'n ondersoek in Desember 1800 is bevind dit is bruinkool. Die inkoop van steenkool was die enigste alternatief vir brandhout. Maar invoere van steenkool in die 19de eeu was duur en nie volhoubaar nie. In 1876 is die eerste vinniggroeiende bloekomplantasie by Worcester aangeplant om lokomotiewe van brandhout te voorsien (Lückhoff 1973:25). Vinnig groeiende eksotiese hout sou al hoe meer die antwoord word vir die toenemende brandstofkrisis.

### **3.2.1.2 Geologiese onderbou en die spreiding van timmer- en brandhout**

Hoewel die geskiedenis van houtvoorsiening taamlik volledig deur Appel (1966) in sy MA-verhandeling “Die geskiedenis van houtvoorsiening aan die Kaap de Goede Hoop 1652-1795”, Universiteit van Stellenbosch gedek word en deur Sleigh in *Die Buiteposte* (2004, Kaapstad: Protea) aangevul word, word die Buffelskraal se houtveld nie as sodanig beskryf en behandel nie. Ook die Notules van die Politieke Raad, ca 1714-1795 (TANAPb), lewer beperkte inligting. Buffelskraal was 'n gereserveerde area, maar is terselfdertyd as 'n aktiewe houtveld ekonomies deur die VOC ontgin (Appel 1966:60-1,72; Sleigh 2004:182). Dit was fynbosveld. Naas hout is daar in die 19de eeu ook blomme deur Kleurlinge gepluk en verkoop, hoewel die meeste permitte vir Tafelberg uitgereik is (NASA, KAB 1892a).

---

2 Volgens Kruyskamp (1961:795) is een Amsterdamse hoed gelykstaande aan 38 maat of ongeveer 9.81 hektoliter.



Die geskiedenis van die geologie kan ook help om die agrariese potensiaal van die grond beter te begryp. Dit kan help om te verklaar waarom fynbos, wat aan die een kant die grond as waardeloos in voedingstowwe definieer (Van Rensburg ca.1985:6), die grond ook 'n ruilwaarde gegee het. Slegs sowat 26% of 284 hektaar (DRDLR 1919:45) van ongeveer 1,106 hektaar (DRDLR 1896; 1902) van die Tokai-grond is vir boerdery afgestaan. As 'n bron van brandhout het fynbos of kreupelhout<sup>3</sup> gesorg dat nog die VOC (Appel 1966:72;Sleigh 2004:182), of die Goewerneur en Raad van die Bataafse Republiek (NASA, KAB 1803a:54-63), nog die Britse administrasie (Sim 1907:78) bereid was om die grond as landbougrond uit te gee. Die topografie was bepalend. Die terrein is oorwegend bergagtig en plek-plek moeilik geskik vir landbou of veeteelt. Daar was wel 'n gedeelte, wat deur die kommissaris Van Reede van Oudtshoorn en Gordon uitgesonder is, maar dit was 9 morg in die rivierbedding van die Buffelsvallei (TANAPb 1794c). Die groter Buffelskraalgebied was dus nie landbougrond nie. Die grond is ook nie as weiding benut nie, want die area tussen die vleie op die vlakte is daarvoor benut (Sleigh 2004:264). Die plaas van Petrus Michiel se gesamentlike oppervlakte wat uit eiendomsgrond, leengrond en ewigdurende erfpag bestaan het, was in 1814 sowat 334 morg /284.4 hektaar (DRDLR 1887b;NASA, KAB 1811;11a). Al die omringende kroongrond na 1814, wat tot 1883 onbewerk gelaat is, het meer as 800 hektaar beslaan (DRDLR 1887;1996). Dit was bergveld-, graniet- en duinefynbos. Die geologiese onderbou van Tokai onderskei drie grondformasies, naamlik Kaapse granietrots, Skiereilandse sandsteen en Kaapse kwartêre<sup>4</sup> sand (Rebelo 2010:27).

Tokai-park is geleë in die winterreënstreek en die plantegroei is oorwegend fynbos<sup>5</sup>. Fynbos groei op plekke waar die reënval 250mm en meer is. Die grond waarop fynbos voorkom, is oor die algemeen arm en onvrugbaar (Van Rensburg 1958:6,7), wat kenmerkend is van die geologie van die Tafelberggroep of Tafelbergsandsteen van Prinskasteelberg (Mabbutt 1952:14). Die vroeë houtversamelaars wat fynbos vir brandhout bymekaar gemaak of gekap het, het sedert die 17de eeu 'n onderskeid tussen soorte fynbos gemaak (Jeffreys, Naudé 1944:43). Uiteraard sou sekere areas van die Kompanjie se houtveld te Buffelskraal dus meer gesog gewees het as ander gebiede, soos die Pondokvallei, wat tot in die laat agtiende eeu as houtveld teruggehou is (TANAPb 1794c).

- 
- 3 Vir die duur van die hoofstuk word die term, kreupelbos of kreupelhout, gebruik vir alle tipe fynbosstruik wat as brandhout gekap is. Waar dit na die speldekussing verwys, word dit spesifiek so aangedui. Kreupelbos word so vroeg as 1658 as 'n versamelnaam in die Plakkaatboek genoem wanneer veldbrand verbied word: “...die brand van gras, bies (riete) en kreupelbosse ...” (Jeffreys, Naudé 1944:43).
  - 4 Die kwartêre periode is die jongste periode waarvolgens sandgesteentes in ouderdom ingedeel is (Odendal, Gouws 2005:641).
  - 5 Fynbos is 'n diverse groep plante wat min of meer altyd elemente van Restio's of taai biesieagtige plante, 'n heide-element en die hoër struik, die proteoïede-element bevat (Van Rensburg ca 1985:6).

Die hele basis van Tokai-park is Kaapse granietrots (Rebelo 2010: 27). Die boonste gedeelte van die berg bestaan uit Tafelbergsandsteen wat ou lae graniet en skalie bedek. Die heuwels word gekenmerk aan verweerde graniet en die vlakte aan sand. Die proses van vorming het miljoene jare gelede begin. Die oudste van die rotse is grys sedimentêre neerslae van die Malmesbury-groep wat deur verwerking en oor tyd 'n rooierige kleilaag gevorm het. Hierdie laag, wat ouer as 550 miljoen jaar is, is deur gesmelte magma binnegedring, wat deur gestadige afkoeling growwe of ruwe Kaapse granietrots gevorm het. Die Kaapse Graniet- en Malmesbury-skalie is oordek met kwartsiet van die Tafelberggroep of -sandsteen wat tot sowat 'n 550 meter dik neerslag op plekke vorm. Die kwartsiet is op sy beurt deur verwerking tot 'n wit sanderige grond met van die armste grond in voedingstowwe afgebreek. Laasgenoemde vorm die bepaalde faktor vir planttipes (Trinder-Smith 2006:22-3). Rebelo (2010:27) onderskei die granietrotse bokant Westlake (Raapekraal) en direk onderkant die Prinskasteelgrot op Tokai-park, maar verskeie ander rotse word nou sigbaar namate die plantasies van Tokai-park afgeoes word. Tussen die Prinskasteelrivier en Vlakkenberg kan 'n hele paar rotse, wat heelwaarskynlik van die boonste granietbasis losgekom het, gesien word. Merkwaardig is veral die koepelrots bokant die Moslembegraafplaas in die Slamsevallei. (Diagram 9 Bylaag B). Rebelo (:28) meen die berghange van Constantiaberg is te arm om wild te onderhou. Die berghange is voor plantasiaaanplanting in 1883 nie as landbougrond uitgereik nie (DRDLR 1813;1887a), maar is waarskynlik benut as houtveld en beperkte timmerhout, wat op twee plekke in klowe voorgekom het (TANAPb 1714a).

Anders as Tafelberg het Tokai min klowe met diep en klam toestande om houtagtige plantegroei soos Afromontane bosse te ondersteun. Die beskermde en klam klowe, beskut teen vuur, lewer houtagtige plante of Afromontane Bos. Dit groei dikwels deurmekaar met subtropiese ruigteplantegroei of struik van die fynbosgroep (Trinder-Smith 2006:24). Die waarneming in 1714 van twee kleiner bosse timmerhout iewers teen Prinskasteelberg en vier groot bosse – hoofsaaklik timmer- en wamakershout - teen die oostelike hange van Vlakkenberg net wes van die Constantia-plaas van 1685 (TANAPb 1714b), strook hier met die geologiese en ekologiese observasie van Trinder-Smith. In die laat 1890's is inheemse bome uit twee klowe vir bouwerk te onderskeidelik die Porter-skool en die Tokai-bosboustasie afgekap (NASA, KAB 1901b). Dit bevestig die voorkoms van beperkte Afromontane bosse in Tokai-park.

Die 1714-houtvonds het “wagmakershoutbosschen” of waboomproteas, *Protea nitida* (TANAPb 1714b;SANBI:2008), teen die hange van Vlakkenberg ingesluit. Daar is tans geen sigbare bewys daarvan nie. Die mees noordelike bos, Helsebos en die omliggende grond, is in 1815 deur Hendrik Cloete senior en eienaar van Groot Constantia as ewigdurende erfpag verkry. Die 25 morg of 21.29 hektaar word beskryf as 'n “vrystaande houtbos” (NASA, KAB 1815:64). J.G. Cloete, seun van Hendrik, se berggrond is in 1823 uitgebrei tot 72 morg of 61 hektaar om die plaas, Grootbosch, te vorm. In 1886 strek dit oor tweederdes van die Grootbosch-, Lange- en Donkerboschkloof (DRDLR 1886). Daardie area is vandag wingerde wat op terrasse hoog-op teen die hange van Vlakkenberg aangeplant word (Persoonlike waar-

neming, April 2015). Teen 1714 kon inheemse bome soos die opregte geelhout, *Afrocarpus latifolus*, wat waarskynlik ook aan weerskante van die Prinskasteelrivier gegroei het, reeds afgekap gewees het, want teen daardie tyd was die opstal te Swaanswyk reeds gebou. Die naaste plek aan die opstal waar inheemse bome kon groei, is in die Prinskasteelrivierkloof. Stompe sou sonder enige moeite vanaf die oewers van die rivier gekap en gesleep kon word. Die afgeleë ligging van Swaanswykplaas in 1682 het 'n skuiling genoodsaak. 'n Opstal en buitegeboue op die werf, asook tekens van 'n ontwikkelde plaas is duidelik sigbaar op die landmetersdiagram van 1711 (NASA, KAB 1711). Ook die inventaris van 1699, na Russouw se afsterwe, beskryf 'n woning as "...het land met desselvs opstaande timmeragien, en bougereedtdchap leggende aan de Steenbergh..." (TANAPbc 1699).

Die tweede grondlaag van belang is verweerde graniet. Die diep, verweerde granietgrond wat die heuwels kenmerk, is effens meer vrugbaar, veral in klammer areas waar digter struikagtige fynbosplante voorkom (Trinder-Smith 2006:24). Die wingerde van die Constantia-plase is op hierdie grondlaag aangelê. Rebelo (2010:28) meen dit is ook die grondlaag wat histories groot troppe wild, roofdiere en bobbejane van habitat voorsien het. Dit is die groeiplek van silwerboomwoude en welige rivieroewerplante (Van Rensburg ca1985:16). So lewer 'n gedokumenteerde veldbrand in 1890 aan weerskante van die As-, Middel- en Vlagstokrivieroewers bewys van suikerbosse op dié grondlaag (NASA, KAB 1890a). Ook diefstal van fynboshout in 1889 teen die hoër heuwels langsaan plantasies, suggereer protea- en ander fynbos wat natuurlik daar voorgekom het (NASA, KAB 1890:59).

Sowat 4,022 aangeplante vrugtebome en 4,379 eikebome is in 1695 op Constantia opgeteken, (Böeseken 1964:153), danksy die verweerde granietgrondlaag. Voor Van der Stel se boerdery is die landskap gekenmerk aan heuwels bedek met fynbos, Afromontane bosse in die klowe, vleie en moerasse. Kommissaris Hendrik Adriaan van Reede beskryf die grond in 1685, twee maande na die uitgif aan Simon van der Stel, as "... landt heijde, moras, koorn en boslandt..." (:206). Die grond was dus moerasagtig en oortrek met heide en groter struik of kreupelbos soos proteas, tolletjiesbosse en silwerbome. Dit is egter onseker oor wat Van Reede met "koorn" bedoel. Ook was daardie area volgens Van Reede nog onbewerk en dit kon nie koring wees nie. Volgens Kruyskamp (1961:1041) is die woord "koorn" nie 'n werkende vorm vir "koren" in Nederlands nie (Afrikaans: koring of graan). Dit kan egter verwys na die woord "koornsla" (Kruyskamp 1961:1020) (slaai of opslag) wat verwys na 'n onkruid wat in sanderige landbougrond voorkom, naamlik 'n tipe madeliefie, *Arnosotis minima*. Maar dit was braakland en Van Reede verwys waarskynlik na 'n soortgelyke tipe blommetjie wat aan hom bekend was. Die madeliefiefamilie, die Asteraceae, kom volop voor in die Kaapse Skiereiland (Trinder-Smith 2006:23-4,258-84). Van Reede verwys dus na inheemse blomme naas die heide en ander struik vanuit sy verwysingsraamwerk vir van die blombosse<sup>6</sup>, want die woord "koorn" bestaan nie in Nederlands nie.

---

6 Hier word na verskillende blombosse verwys en nie na blombos per se nie.

Grootwild soos elande, hartebeeste en renosters is in 1699 gedokumenteer (NASA, KAB 1699). Ook Simon van der Stel se jaglisensie vir die Steenberge, suggereer volop groot- en klein wild (NASA, KAB 1700). Die naam, Buffelsvaley, waaraan Buffelskraal sy naam te danke het, suggereer grootwild. Maar sedert 1676 met die vestiging van 'n skaappos, was daar menslike aktiwiteite in die area. Daar kan aanvaar word dat die buffeltroppe, wat in die 1650's tydens naamgewing daar voorgekom het (Godée-Molsbergen 1916:26), reeds migreer het of totaal uitgewis is. Ook die Michielsze sou nie kon tuin maak en druiwe aanplant sedert 1682 op Swaanswyk (Pretorius 1998:22), indien daar nog buffeltroppe was nie. Twee jong olifantjies, wat in 1689 in Houtbaai aangekom en die jong aangeplante boompies begin verniel het, is van kant gemaak (Sleigh 2004:269), terwyl die Kaapse buffel nog met geleentheid in Simon van der Stel se tyd op die Kaapse Vlakte gedokumenteer is (Day, Broekhuysen, Hesse e.a. 1952:70). Grootwild het nie heeltemal uit die gebied padgegee nie, soos wat Oortmans se jaglisensie van 1699 suggereer (NASA, KAB 1699), maar dit het opmerklik skaars geraak, want in 1690 is 'n verbod uitgevaardig teen ongeoorloofde wildjag. Jaglisensies was vir slegs twee maande geldig en tussen 15 Augustus en 15 Desember was die jagseisoen geslote (Jeffreys, Naudé 1944:256-7).

Die derde geologiese grondlaag is die Constantiabergrvlakte, bekend as Kaapse kwartêre sand of sandgrond wat 'n neerslag van die laaste vyf miljoen jaar is. Dit is deur wisseling en vermenging van sandduine en seesandduine gevorm. Die sandduine is uit sedimente van steen en graniet gevorm, terwyl seesandduine 'n mengsel van gebreekte skulp en effe soutagtig is. Uiteraard is hierdie grondlaag baie arm en ondersteun hoofsaaklik 'n spesifieke fynbostipe, die Kaapse vlaktesandfynbos (Rebello 2010:27). Die sandgrond, wat ook die armste kwartsiet is, huisves gewoonlik grassoorte van die Restionaceae en kleiner struik wat hoofsaaklik tot die Ericaceae, Asteraceae en Rosaceae behoort (Trinder-Smith 2006:23-24). Botaniste trek parallele tussen geologiese lae en fynbostipes. Die grond wat in 1811 en 1814 aan Eksteen as onderskeidelik leengrond en ewigdurende erfpag uitgegee is, lê gedeeltelik op hierdie grondlaag (NASA, KAB 1811;1811a;1814). Het Eksteen hom misreken met die grond wat hy in 1813 aangevra het (NASA, KAB 1809a;1813)?

Dit blyk voorts dat 'n groot gedeelte van die park, gemerk as Plaas 1464<sup>7</sup> (DRDLR 1996c) en gekenmerk aan die armste grondlaag van Tokai-park, Kaapse vlaktekwartêresand, nie net deur die VOC gereserveer is nie, maar ook daarna deur die Britse koloniale regering as kroongrond teruggehou is (NASA, KAB 1883a). Daar word reeds in 1795 na hierdie spesifieke duine as 'n vlakte verwys. Tydens die Britse opmars vanaf Muysenburg na Wynberg het een kolon soldate die oggend van 14 September begin om langs die Steenberge te marsjeer. Die kampkommandant van die Steenbergkamp wat op Russouw se grond was, het inderhaas sy stellings na die “vlakte” tussen die grond van Russouw en Teubes verskuif om nie omsingel en afgesny te word van die ander verdedigingstroepe voor Wynbergheuvel nie (Nel 1972:255). Die area is nie om dowe neut 'n vlakte genoem nie. Hierdie area is ook nooit as plaasgrond uitgegee nie.

---

7 Die area behels die grond suid van die Ondertuine tot teenaan Dennedal, Tokai-woonbuurt (DRDLR 1996c).

Hier word verwys na die kroongrond gemerk Plaas 907 in 1883, wat suidoos van die Tokai-landgoed lê en as Gedeelte E by die Tokai-kwekery en plantasie ingereken is (DRDLR 1887b;1996c). Plaas 1464 beslaan 73 hektaar, wat 'n samestelling is van die ou gedeelte van Plaas 907 en 'n klein gedeelte van die Tokai-landgoedtoevoeging van 1814. Die grond, Kaapse vlaktesandfynbos, word grootliks deur ekoloë in ooreenstemming gebring met die spesies fynbos wat gedurende 1917-1919 deur William Purcell op Bergvliet oorkant Soetvlei opgeteken is. Purcell het 600 plantspesies opgeteken (Rebello 2010:28). Voorts word dit betwyfel of hierdie arm grond van die vlaktesandduine van die latere Plaas 1464 enigszins weiding vir beeste of skape kon voorsien, tensy gras<sup>8</sup> aangeplant is. Wat wel sin maak, is die nabyheid van Plaas 1464 aan Soetvlei vir weiding. Duckitt het in 1810 op Baasharmenskraal, teenoor en langs Soetvlei, hooi gemaak (NASA, KAB 1810a). Dit maak die vlakte 'n handige oorstaanplek vir vee weens die nabyheid van water en weiding. Die vlakte was oortrek met fynbos, maar is sedert 1886 stelselmatig met bome aangeplant (NASA, KAB 1887:5). Vakke, waarvan die laastes nog eens denneplantasies dra, is direk langs die Tokai-woonbuurt geleë en 'n gekose stapplek vir honde-eienaars en hul honde. Die fynbos-hervestigingsprogram kry hoofsaaklik weerstand van hierdie groep, asook inwoners van Tokai (Moll 2011;Preston 2011;Full Circle 2008:42).

Die grootste gevaar vir sandduine is die stroping van die plantegroei. Waar dit gebeur het, was die proses onomkeerbaar. Uitwissing van duineplantegroei het die duine weerloos gemaak teen die aanslae van die wind. Teen 1723 was van die duine in die omgewing van die Soutrivier nog sowat 80 voet / 24.38 meter hoog (Sleigh 2004:26). Die oorsaak van die groot seeramp van Junie 1722, toe verskeie skepe in Tafelbaai gesink het, word toegeskryf aan 'n laag sand van kaalgestroopte sandduine wat deur die wind in die baai gewaai is. Dit het die baai vlakker gemaak. Die duine van Plaas 1464 het waarskynlik ook deurgeloopt onder houtplundering, wat dit weer aan winderosie blootgestel het. Dit was dus in boere se eie belang om aangrensende regerings- of kroongrond te beskerm. Waar die plantegroei vernietig is, het die wind die sand in hul akkers ingewaai (Sleigh 2004:26;NASA, KAB 1796a).

Die berge en die sandvlakte het romdom 1800 niks anders as brandhout opgelewer het nie. Dit is dikwels in bondels takbosse ingebind en het uit verskillende soorte kreupelhout en heidebosse soos die *Protea* (en) *phylicas* en ander struikhoutgewasse bestaan<sup>9</sup>. 'n Klein wavrag is in die stad vir 5 tot 7 Riksdalders (Rds) verkoop (NASA, KAB ca 1800). Bergveld is nie as landbougrond uitgegee nie. Dit suggereer dat die bergveld van Vlakkenberg en die Prinskasteelberg sedert 1714 doelbewus deur die onderskeie owerhede teruggehou is. Die besluit is in 1792 en daarna gehandhaaf.

---

8 E. van Wyk van SANBI en skrywer het in November 2014 monsters van veertien grassoorte in hierdie area gepluk vir identifikasie deur SANBI. Slegs een blyk inheems te wees (Kyk Bylaag C: C1 en C3). Die proeflopie verteenwoordig nie 'n wetenskaplike meting van Plaas 1464 se grassoorte nie.

9 Die dokument (NASA, KAB ca 1800) kombineer die name as een plant, maar dit is foutief (Van Wyk 2015a).

### **3.2.1.3 Buffelskraal as houtpos : houtveldbestuurspraktyk**

Teen 1792 was Buffelskraal en die groter Steenberg- en Vlakkenberggebied 'n ou en gevestigde houtveld (Appel, 1966:72). Die pos, De Schuer, was sentraal in die bestuur en beheer van Buffelskraal. Die bestuurspraktyk van die 17de en 18de eeu kan nie aan die hand van modelle van die moderne tyd beskryf word nie, maar dit was georden. Daar was 'n struktuur, besluite is volgens seisoene en siklusse geneem en uitgevoer. Onbeheerde brand het naas die stroping van duinehout, die grootste skade aangerig. Stroping van brandhout het boonop gereeld voorgekom. Die voorsiening van hout het egter teen die tweede helfte van die 18de eeu 'n monopolistiese bedryf geraak wat die ingesetenes uitgesluit het. Die houtmark is geheel en al deur die Kompanjie beheer en die Kompanjie wou nie die politieke besluitneming met die burgers deel nie, uit vrees dat die VOC ekonomies te veel skade sou ly (Sleigh 2004:28). Houtinsameling is vanaf De Schuer georganiseer en vandaar na die nodige diensplekke van die Kompanjie, die goewerneur, hospitaal, bakkerij, slawelosie, militêre standplase en ander raadslede per wa vervoer (Appel 1966:72). Goewerneur C. J. van der Graaff het wel in 1786 'n kommissie benoem wat ondersoek ingestel het na onder meer die Kompanjie se houtbosse, die bestuur daarvan en die kap en verkope van timmerhout (NASA, KAB 1801:69-70). Die ondersoek het op klagtes gevolg wat verwant was aan die griewe van die Kaapse Patriotbeweging van wanbestuur en die gebruik van Kompanjie se tyd, gereedskap en waens by De Schuer waarmee drywers en ander hul skuldig sou maak aan die monopolie op hout en gevolglike selfverryking. Die kommissie se aanbeveling was om die pos De Schuer tot niet te maak sodat burgers 'n eweregte kans kon kry om ook aan die houtmark deel te neem. De Schuer moes die kasteel en die garnisoen van hout voorsien, maar die drywer en die touleier het elk ook 'n sak hout aan die burgers verkoop. Hierdie wanpraktyke was maar een van die redes waarom aanbeveel is om De Schuer tot niet te maak. Die hospitaal, slawelosie en die garnisoen by die seelinie het elk een vrag hout per dag van 1,825 wavgte per jaar gebruik en die bakkerij twee wavgte per dag. Besoekende skepe is met wortelhout uit die Kaapse duine voorsien en etlike amptenare het gratis hout gekry. Die koste sou sowat f 17,350 per jaar beloop indien die Kompanjie die houtvoorsiening aan die burgers uitkontraakteer. Twaalf slawe was nodig om 'n wavg hout te kap en te laai en sowat 60 slawe om die dienslewering van hout effektief te hou. Die alternatief was om self die houtveld te bestuur en te bedryf soos in die eerste tye van die VOC-houtbedryf. Toe is hout deur spanne gekap (Sleigh 2004:28-29). Al sou De Schuer gesluit word, is besluit om die VOC se houtveld net so te hou (TANAPb 1791b). Aan die hoof van die VOC se houtbestuur is twee kommissarisse, Robert Gordon en Willem Ferdinand van Reede van Oudsthoorn, aangestel (:1791e). In 1792 word die magte van die kommissarisse verder uitgebrei met die verkope van houtveld in regverdige en bewerkbare gedeeltes (NASA, KAB 1801:70).

Na 1791 sou die uitgifte van grond in die amp van die kommissaris vir houtsake en regeringsbosse deur die onderskeie opeenvolgende regerings beoefen word. Hendrik Cloete is as die inspekteur van Goewermentsbosse en -grond in 1803 benoem en in 1814 is Charles D'Escury as inspekteur van Grond en Woude

aangestel (NASA, KAB 1803a; Duly 1965:362).

Die geskiedenis van die houtveldbestuur na 1792 te Buffelskraal word nie as sodanig bespreek in die notules van die Politieke Raad nie, maar daar kan aanvaar word dat die aard van 'n houtveld die bestuur daarvan bepaal het. Die verkope van De Schuer in 1791 en die houtbestuurreëlings wat daarop volg, raak op die oog af hoofsaaklik houtposte soos Baasharmenskraal, Witteboomen, Kerstenbosch en 't Paradijs (Appel 1966:73;Sleigh 2004:264-5). Daar is nie van Buffelskraal ontslae geraak nie, hoewel daar binne twee jaar van Raapekraal as houtpos afstand gedoen is toe dit in 1793 as 'n leninsplaas uitgegee is (NASA, KAB 1821a). Daarteenoor is slegs een klein gedeeltetjie van Buffelskraal vervreem, naamlik die 39 morg wat einde 1791 aan Rauch gegee is (:1792a). Die res van die landskap was steeds houtveld, vandaar die bemoeienis en kommer dat die houtveld nie geskend moes word nie tydens die uitreiking van die grond aan Rauch in 1791 en Teubes in 1794 (TANAPb 1791f;1794c). Waar daar in Rauch se geval 'n suggestie van die Kompanjie se houtbosse en veld is, word dit pertinent in die Teubes-aansoek genoem dat sy eerste keuse nie toegestaan word nie, maar wel nege morg in 'n kom sonder “... dat geen het minste nadeel aan 'S Comp:s Houtveld zal kunnen toebrengen by aldien genoemde teubes zig daarby alleen blyve bepaalen zonder in der tijd op 't land daar buiten leggende eenige de minste pretensie te maaken” (TANAPb 1794c). Wat Buffelskraal as 'n houtveld in 1794 uitlig, is juis dat dit na die besoek van die kommissarisse-generaal, Nederburgh en Frijkenius, se opname van die houtsituasie in die Kaap, 1792-93, was (Sleigh 2004:262). Indien dit 'n weiding- of veeplaas van die VOC was, soos wat in die 2 ste eeu gesuggereer word (Thorold 2011c:5;Aikman, Malan, Winter 2001:41), sou dit as sodanig vermeld gewees het. Buffelskraal is nie in 1791 as houtveld opgehef nie.

Die omliggende houtposte kan in twee hoofgroepe saamgevat word: die groep houtposte wat riete en wortelhout gekap het en die houtposte wat toesig moes hou oor timmerhout en die aanplanting van kreupebos- en witteboompitte. Die eerste groep lê tussen Baasharmenskraal en die Zeekoevallei en is die Varkensvallei, Vaderlandsche Rietvallei, Diepe Valleij en Baasharmenskraal (Appel 1966:72;Sleigh 2004:264). Die tweede groep behels die area rondom Tafelberg vanaf 't Paradijs, Kerstenbosch, om die berg na Houtbaai en tot sover as Kampsbaai aan die westekant van Tafelberg. Dit is 'n baie groot area, wat na 1791 vanaf die houtpos, Witteboomen, bestuur is. Aan die hoof was 'n baashoutkapper as poshouer, vyftien houtkappers, vyf “gereconvalesceerdens” of herstellendes, waarskynlik soldate, en twee slawe (Sleigh 2004:264). Die aantal slawe is in 1793 tot twaalf verhoog (TANAPb 1793a). Die houtveld na 1791 stem presies ooreen met die omvang van die houtveld wat tot 1791 vanaf De Schuer bestuur is (1791b). In wese is dit in ooreenstemming met die houtveld van 1714 en sluit die Steenberge in: agter Constantia, langs die Buffelsvalleij (1714). Die 1791-bepaling het ook Raapekraal ingesluit. Buffelskraal en Raapekraal, waar kreupebosse en silwerbome gekap is, het weliswaar saam met die vier wortelhoutposte onder De Schuer voor 1791 geval (Appel 1966:72;Sleigh 2004:264), maar is heel waarskynlik onder die Witteboomenhoutpos vir houtkap ingedeel, voor en na 1791.

Die indeling van die VOC-houtveld is dus volgens die verspreiding en die voorkoms van houtsoorte gedoen. Dit plaas die houtveld Buffelskraal in 'n netelige bestuursposisie, want dit is van die min plekke waar bergveldfynbos, 'n baie klein hoeveelheid timmerhoutbome en vlaktesandfynbos voorgekom het. Terselfdertyd lig dit die unieke posisie van Buffelskraal uit: dit is waarskynlik van die min plekke in die land en die enigste plek in die Skiereiland naas Orangiekloof wat vir meer as 300 jaar aan die geskiedenis van hout gekoppel kan word.

Baasharmenskraal se ligging was belangrik vir die groter Buffelskraal tot ongeveer 1806. Nie alleen was dit die versamelplek van die waterafloop van die berg nie, maar daar is beslis riete of palmiet, duinehout en ander brandhout gekap. In die praktyk was dit as rietkappery en die “*uitroeien*”<sup>10</sup> van duinehout bekend. Die ses houtkappers het in 'n hutjie op Baasharmenskraal gewoon. Baasharmenskraal was die tradisionele uitspanningsplekke van karwywaens wat vanaf Tafelbaai na Muysenburg gereis het (NASA, KAB 1803f). Hoewel die riet- en wortelhoutveld tussen Baasharmenskraal en Zeekoevlei was (Sleigh 2004:264), het dit moontlik Buffelsvlei op die vlakte ingesluit. Die insameling van riet en duinehout het 'n ander tipe arbeid geveer as die kap van kreupel- en silwerbome vir brandhout.

Die houtveld van die Kompanjie is sedert 1791 streng afgebaken met houtbordjies, gemerk Houtveld, en dit is slegs en alleenlik vir die VOC se gebruik gereserveer (Sleigh 2004:29). Al is die vervoer van die hout na 1791 uitgekonnekteer, het die beheer en bestuur polities en uitvoerend by die Kompanjie gelê. Buffelskraal se houtveld en plantegroei na 1791 moet dus vanuit die aktiwiteite van die hoofhoutpos, Witteboomen ondersoek word (Appel 1966:72; Sleigh 2004:262). Die volhoubaarheid van Buffelskraal en Raapekraal blyk egter spoedig in gedrang. Beide was naby aan die duineveld, waar burgers met 'n permit kon hout insamel, asook baie naby aan die Muysenburg militêre pos. Raapekraal is in 1793 as VOC-houtpos vervreem toe dit as leengrond uitgegee word (NASA, KAB 1793b). Kreupelbos (of fynbos) het teen 1821 steeds op die steilste plekke gegroei (1821). Toe Russouw in 1792 aansoek doen om 'n kalkbrandery op Raapekraal te begin, is die versoek toegestaan op grond van die nabyheid van die volop skulpe op Muysenburgstrand en die groot hoeveelheid kreupelhout wat op die hoë en moeilik bekombare plekke van Raapekraal gegroei het. Volgens die ondersoek van 1821 blyk dit dat daar nie kalk gebrand is nie (1821b:3). Raapekraal is moontlik uitgegee omdat die houtveld op die vlakte geplunder is tydens die verblyf van troepe op Muysenburg (Sleigh2004:344). Die kap van hout op hoë en moeilik bekombare plekke sou waarskynlik baie duurder in arbeid, mannekrag en vervoer vir die Kompanjie gewees het as die gebruik daarvan.

Buffelskraal was na aan areas waar duine- of stronk- en wortelhout gekap is. Van die duinehout is as stunting beskryf. Die bosse word kenmerkend skuins gewaai en skeef gedruk deur die suidoostewind. Die wortels van duinehout was toe sowat 2-3 voet / 60 -90 cm lank en sowat twee tot drie duim (5-7.5cm) dik en is gereken as uiters waardevolle brandhout. Duinehout het in belangrikheid toegeneem, nie net as 'n

---

10 “*Uitroeien*” van duinehout behels die uithaal van plante met wortel en tak (Kruyskamp 1961:2131).



kommoditeit wat die Kompanjie aan besoekende skepe verskaf en verhandel het in geval van nie-VOC skepe nie, maar ook as inkomste vir individuele handelaars (Appel 1966:67-8; TANAPb 1791a). Reeds in 1744 is die publiek toegelaat om tussen Baasharmenskraal en Muysenburg duinehout te versamel (Appel 1966:68). Dit is min of meer oorkant die Keisersmond en teenoor Raapekaal. Weens plundery is houtversameling in 1746 tussen Baasharmenskraal en Muysenburg totaal en algeheel verbied en is die gebied onder die direkte toesig van die poshouer van Muysenburg geplaas (Jeffreys, Naudé, Venter 1948:222). Die plantegroei van die kwatêresandduine op Buffelskraal en Raapekraal, wat ooreenstem met dié van Baasharmenskraal, het moontlik ook deurgeloopt. Vir die Kompanjie was duinehout 'n belangrike houtbron en het daarom nie duinesandfynbos vervreem nie.

Daar is reeds gewys op die nadelige invloed van gestroopte duine op die omgewing. Maar die Britse administrasie het, of wou dit nie verstaan nie. In sy klagskrif in 1796 noem Eksteen dit eksplisiet dat die grond weggewaai word en die duine so verniel dat daar nie meer gras kon groei nie (NASA, KAB 1796a). 'n Nota van 'n regeringsamptenaar op die klagskrif bevestig dat dit nie werklik 'n probleem was nie. Tog was die kwatêresandduine en aangrensende gebied te Buffelskraal nie aantreklik vir voornemende boere nie - nog as weiding of akkerbou. Boonop wil dit voorkom of die grond reeds in die 1740's en daarna gereeld blootgestel was aan plundery, soos inderdaad blyk uit 'n plakkaat van 9 Oktober 1792 (Naudé, Venter 1948:166). Die plakkaat gebruik sterk woorde soos moedswillig en roekeloos (gedrag), versteuring en bederf (van die veld) rakende die versameling van brandhout. Die afkondiging van die plakkaat gee eers 'n opsomming van die situasie, naamlik dat die gereserveerde weidingsveld van Constantia, Wynberg en Steenberge se boere reeds geruime tyd geplunder is. Die gedrag van die onwettige stropers is moedswillig en teenstrydig met die bepalinge en skikking rakende voormalige veld van die Kompanjie rondom die vleie. Die uitroei van die plantegroei vir brandhout was so erg dat daar gevrees is dat die veld geheel en al versteur en verniel sou raak, indien die gedrag nie onmiddellik verbeter nie. Hierdie bepalinge suggereer dat al wat oor was, was weiding rondom die vleie en dat die duine waarskynlik net wortelhout oorgehad het. Die bevoorregte groepies boere word egter uitgesonder van die verbod op die kap van riet en hout.

Brandhout wat op die duine en naby die moerasse vergader is, is 'n verdere onderskeiding. Duinehout het laer struik en wortelhout ingesluit. Die kap van riet is ook by laasgenoemde ingereken. Verwydering van riet en ander waterplantegroei word byvoorbeeld saam met ander duinehout so vroeg as 1717 gesien as oorsake vir die versteuring van die duine (Jeffreys, Naudé, Venter 1948:105). Die onderskeid suggereer ook 'n bepaalde planmatigheid rakende die bestuur van brandhout en die gebruike daarvan. Die publiek het dan ook die onderskeid tussen soorte plantegroei en wat vir brandhout gebruik is, geken, want die benamings in die plakkate moes deur almal verstaan geword het. Onderskeid tussen die gebruike van hout het ook die tipe hout bepaal. Naas kreupelhout en wortelhout vir brandhout was daar wamakershout en timmerhout. Waar kreupelhoutbosse afgekap en weer uitgeloopt het, is van “jong kreupelhout” gepraat

(:207).

In die praktyk moes die hergroei van brandhout aangehelp of gestimuleer word. Die siklusse van groei tot oes vir kreupelhout en die witte- of silwerbome word weliswaar in 1791 as tien jaar gereken, maar dit was waarskynlik 'n reël wat na gelang van omstandighede soos droogte en voortydige brand, aangepas is. Vir aanplantings om vanaf inlê tot en met oes binne tien jaar volle wasdom te bereik, moes die boompies sorgvuldig opgepas word en eers saad te skiet voordat dit gekap word. Daarna is die veld gebrand: "...van het zaad, tot die groote opwast dat zij bejide hun nieuwe zaad doen vallen, en dus tot het brand geveld kunnen worden ...” (TANAPb :1791a). Volgens 'n verslag van Desember 1793 is die groei van die brandhoutbosse aangehelp (1794). By sommige plekke is veld waar kreupelhout en wittebome gekap is, wel gelaat. In Julie 1791 word genoem dat nuwe plante oral op 'n houtveld weer opgekom het, want die vereiste was om die silwerbome of kreupelhout nie te vel nie – dit moes eers saad skiet (1791a).

Die sikliese beheer en bestuur van houtbosse is “Regulieren<sup>11</sup> Houtbosschen” genoem. Dit het onder meer ook aanplanting ingesluit. Die aanlê van die houtbosse is deur slawe gedoen (TANAPb 1794). Die werk is egter aan bande gelê weens 'n gebrek aan arbeid en gereedskap soos ploë, êe, pikke, grawe en kruiwaens, soos wat op 't Paradijs gebeur het. Die houtveld by't Paradijs was vir denne- en witteboom-aanplantings geormerk. Die silwerboomplantasies wat wel in die omgewing van 't Paradys gegroei het, is deur private persone teen hoë koste aangeplant (1793a). Wanneer die twee kommissarisse dus aan die Politieke Raad en aan Teubes op 4 November 1794 sê dat hy nie vir die grond tussen die 39 morg en 9 morg mag aansoek doen of daarop aanspraak mag maak nie, het dit gegaan oor die beskerming van 'n houtveld en heel moontlik 'n beplande aanplantingsgebied van die Kompanjie (1794c). In sy aansoek van April 1813 vir juis hierdie grond beskryf Petrus M. Eksteen dit as bewerk en onbewerk - “cultivated and uncultivated” en behorende tot die regering (NASA, KAB 1813). Dit kon dalk ook grondbewerking van Eksteen gewees het. Of dennebome op die groter Buffelskraalhoutveld aangeplant is, word betwyfel, want dan sou Buffelskraal baie pertinent saam met 't Paradijs in 1794 en saam met Baasharmenskraal in 1803 genoem gewees het. Cloete wou nie grond by Baasharmenskraal in 1803 uitreik nie, want hy het gereken daar kon dennebome en mashout<sup>12</sup> in die toekoms aangeplant word. Die grond ter sprake was aan die Sandvleikant van Baasharmenskraal (1803). Daar word nie melding gemaak van denneaanplantings in Baasharmenskraal se titelakte van 1806 nie (1806d).

In die praktyk van houtveldbestuur is die veld ook gebrand. Brand kon gestruktureerd of geïnstigeerd gebeur (TANAPb 1793a). Enkele gevalle van brand rondom Buffelskraal is wel gedokumenteerd, soos die groot brand van Desember 1802 by Witteboomen en elders in die Skiereiland waar daar groot skade aangerig is (NASA, KAB 1803e). Die veeboere het vroeg by die Khoi-herders aangeleer om fynbosveld te

11 “Regulieren” verwys na ordelike en beplande aanplantings (Kruyskamp 1961:1653).

12 Volgens Appel (1966:121vn351) is die mastbome die Nederlandse benaming vir *Pinus silvestris*, 'n Pinusspesie van die Noordelike, Oostelike en Sentraal-Europa en Siberië en dit is vir skeepsbou gebruik.

brand – dit het die groei van nuwe gras aangehelp om vinnige voer vir hul vee te verskaf, maar terselfdertyd fynbosstruik se hergroei benadeel (1888b:113). In 1685 het Van Reede juis opgemerk dat die baie veldbrande die groei van die bosse benadeel, want die hout is hard. Volgens hom was vyf jaar voldoende om die struik kans te gee om te groei. Hier is dus 'n suggestie van veldbrand wat die sade van fynbos laat ontkiem. Maar omdat die brand van gras, bies of kreupelhout aanvanklik roekeloos geskied het, is dit so vroeg as 1658 verbied (Jeffreys, Naudé 1944:46). Teen 1792, onder Sluysken se bestuur, was die brand van houtveld reeds praktyk, nadat volgroeide fynbos gekap is (TANAPb 1793a). Die groei van biesies word deur brand gestimuleer (Levyns 1952:52). Plante soos biesroei wat in vlegwerk, asook in die mure van huise gebruik is, het net opgekom nadat die veld gebrand is. Indien die veld vir 'n geruime tyd nie gebrand het nie, het die sade nie ontkiem en kon nie groei nie (Levyns 1952:51-2; Jeffreys, Naudé 1944:290;329). Palmiet is ook met wortel en tak uitgehaal. Die boonste blare of gedeeltes het binne twee weke uitgedroog om as brandhout te dien. Dit het goed gebrand, maar die stronk het nie uitgebrand nie. Dit was egter 'n tydsame proses om die plante uit te haal. Die wortels het diep gegroei en was taamlik uitgesprei. Vier Britse soldate in diens van lady Anne Barnard kon in April 1800 kwalik 20 jaart (18.3 meter) per dag skoonmaak (Barnard 1999:108,139).

Daar is ook gebrand om houtskool te maak. Houtskool was 'n belangrike kommoditeit. Dit is gebruik deur smede, vir die maak van stene, die kalkbrandery en dies meer. Die algemene maak van houtskool deur die ingesetenis is reeds in 1774 verbied, hoewel die praktyk bly voortbestaan het (Sleigh 2004:27), maar slegs met 'n spesiale lisensie. In September 1792 word die kontrak per spesiale lisensies steeds uitgereik (Naudé, Venter 1949:67-70). Deur riet, wortels en kreupelbosse of fynbosveld aan die brand te steek, het die ingesetenes houtskool verkry (TANAPb 1791b). Die uitreik van kontrakte is gesien as 'n manier om die praktyk te reguleer, maar terselfdertyd die veld te beskerm. Die uitreiking van die houtveld, Raapekraal, as leengrond aan Russouw wat gebrande kalk moes lewer (NASA, KAB 1821a:11), kon ook meewerk om ongemaagtigde plundering te beperk.

Die konsep van voorbrand is deur Hendrik Cloete tydens sy inspekteurskap beoefen en was waarskynlik toe reeds 'n erkende praktyk. Hy wou brandakkers rondom die goewerment se houtbosse maak ter voorkoming van brand. Hy het dit as noodsaaklik geag dat die jong boomaanplantings voor die aanbreek van die somerseisoen op daardie manier beveilig moes word (NASA, KAB 1805c). Die onmiddellike houtveld rondom Witteboomen, wat as timmer- en 'n brandhoutveld gereken is, het op 23 en 24 Desember 1802 deurgeloopt onder 'n hewige brand. Witteboomen is deur Cloete as die “aller geschickste” houtpos beskou (1803e).

Dit was ook praktyk van die slawe om die veld “gedurig” aan die brand te steek om sodoende nie so ver hoof hout te soek nie, want die hout was daardeur ligter om te dra. Die hout was ook meer brandbaar teenoor groenhout wat nie maklik gebrand het nie en omdat die slaaf vir homself of vir sy meester meer geld kon verdien deur meer hout te kon dra om te verkoop (NASA, KAB 1803a). Groenhout het

waarskynlik ook baie meer gerook en nie skoon gebrand nie. Volgens Lady Anne Barnard (1994:202) het die slawe die berg of groot gedeeltes veld aan die brand gesteeke sowat tien tot twaalf myl uit die Kaap, sodat hulle die hout in 'n behoorlike toestand kon kry om die volgende jaar deur hulle gekap en gedra te kon word. Indien sy van Engelse myl praat, dan kon dit maklik in hierdie area gewees het. Tokai was twee uur 20 minute se reis te perd uit Tafelbaai teen 1810. (NASA, KAB 1810a). Die nag van Sondag, 24 Maart 1799 het daar drie vure op die laer liggende heuwels van die uitgebreide bergreeks, waarskynlik agter Tafelberg, Vlakkenberg of die Steenberge, voorgekom. Hierdie vure is vanaf hul woning te Paradys waargeneem en hout wat aan die regering behoort het – dus op goewermentsgrond. Brande was nie in die regering se belang nie. Volgens Barnard (1998:84) was die brand van vure 'n bekende gesig in die herfs en net voor die winterreëns met mening begin val het. Boere het nie mekaar weggegee nie. Die publiek het blykbaar gereken dit is in almal se belang dat die laer groeiende hout brand – gedrag wat deur Barnard as kortsigtig gestempel is.

Die dokumentering van twee brande, veertien jaar uit mekaar, suggereer sikliese brandseisoene. Tydens die brand van die veld het die vuur waarskynlik dikwels buite beheer geraak, soos in 1802 en 1816.

'n Onbeheerde en hewige brand het op 23 en 24 Desember 1802 die houtveld om Witteboomen vernietig (NASA, KAB 1803e). Op 24 Februarie 1816 het 'n onbeheerde bergvuur op Vlakkenberg die bosse timmerhout op grond aangrensend aan Constantia van Hendrik Cloete vernietig. Hendrik Cloete het reeds onderhandel om die grond per ewigdurende erfpag te koop. Die waarde van die bosse se timmerhout was Rds 1,500 en het die ewigdurende erfpagfooi bepaal. Cloete het die grond gekry, maar hy is ook deur die Britse regering vergoed vir sy verlies aan timmerhout (1816:17). Hierdie bosse was sedert 1714 deel van die oorspronklike Kompanjie se houtveld (TANAPb 1714a). Die verkoping van die inheemse bosse, saam met die ander klowe en bosse in 1823 (DRDLR 1886), is 'n verlies vir Tokai-park. Die klowe is tans private grond waar wingerde hoogop in die klowe aangeplant is. Dit is onwaarskynlik dat hierdie bosse ooit weer toegelaat gaan word om tot hul volle glorie te gedy. Die impak van die besproeiing van die hoë wingerde op die water van die vallei en die natuurlike afvloei van reënwater word allerweë verswyg. Op die voorblad van die *Constantiaberg Bulletin* van Donderdag, 24 Julie 2014, word dit betreur dat bogrond weggespoel word. Dit word deur die bestuurder van Buitenverwachting toegeskryf aan die verwydering van die plantasies teen die hange van Vlakkenberg. Sedert die oes van die bome vloei daar baie meer water deur Buitenverwachting (Watkins 2014). Die bergveld was tradisionele fynbosveld en dit vorm inderdaad deel van Tokai-park, maar daar word ook 'n onwilligheid by die gemeenskap opgemerk om betrokke te raak by projekte soos indringerverwydering en die hervestiging van bergfynbos en Afromontane bosse in die klowe, wat waterafloop natuurlik beheer.

### 3.2.1.4 Voorkeurtipes fynbos as brandhout te Buffelskraal

Kreupelbos was die versamelnaam vir fynbos. Kreupelbos word so vroeg as 1658 in die Plakkaatboek genoem wanneer veldbrand verbied word: "...die brand van gras, bies (riete) en kreupelbosse ...” (Jeffreys, Naudé 1944:43). Die plakkaat verwys na die plante wat omtrent orals voorgekom het en baie gewild was as brandhout. Die woord “kreupelbosse” in die plakkaat word in die meervoud gebruik en daar kan aanvaar word dat dit as 'n versamelnaam van verskeie soortgelyke struik in die volksmond gebruik is. Die bosse is met wortel en tak vir vuurmaak gebruik (Thunberg 1986:160). Ander soorte kreupelhout of “brushwood” is plante soos die waboomprotea of suikerbos, *Protea nitida*, die bruinbaard-suikerbos, *Protea speciosa*, die vleistompie of *Mimetes hirtus*, die suikerbos *Protea repens* en die silwerboom (SANBI 2008). Die verskillende speldekussings en tolletjiesbosse sou ook as kreupelbosse deurgaan. Vandag word die naam, kreupelbos, spesifiek aan die speldekussingbos, *Leucospermum conocar-podendron*, toegeken (Tinder-Smith 2006:122). Die eerste gebruik van die term, kreupelbos is misleidend vir moderne navorsers. Dit is ook opvallend dat die silwerboom of witteboom nie voor 1686 in die Resolusies van die Politieke Raad genoem word nie, waarskynlik omdat dit by kreupelbos ingereken is. Die area noord van Constantia word in 1686 as die Witteboomen gedokumenteer (TANAPb 1686). Dit beteken die naam was lank reeds in gebruik. Ekologiese navorsers is dit eens dat die silwerboom van vroeg af vanaf Tafelbaai en elders in die Skiereiland voorgekom het (SANBI 2008).

Die ander fynbosstruik of boom wat in 1791 met Buffelskraal verbind word, is die silwerboom of witteboom, *Leucadendrom argenteum* (Appel, 1966:72;Sleigh 2004:196). In die moderne era kom silwerbome wel voor op Tokai, maar in baie lae getalle. Daar was 'n kort laning van volwasse silwerhoutbome tussen die sportveld en die terrein van die produktemark op die oewer van die Pondokspruit, Porter-skool. Die laaste boom het rondom 2010 gevrek. Die bekende silwerboom langs die fietspad by die draai in Vak agt (NASA, KAB 1935) waar die jeeppad na Vlakkenberg afdraai, het onlangs gevrek, maar 'n paar meter laer groei nog 'n manlike boom (Diagram 10 Bylaag B)<sup>13</sup>. Die plek stem min of meer ooreen met die noordwestelike grens van die bos silwerbome wat in 1883 deur graaf De Vasselot de Regné op sy kaart van Tokai ingeteken is. De Vasselot lig inheemse bome in die algemeen, maar die silwerbome in besonder uit in sy verslag van 1883 (NASA, KAB 1883;n). Of die silwerbome aangeplant is op Buffelskraal, bly 'n ope vraag, want daar is nie konsensus onder plantkundiges oor die oorsprong van die silwerboom nie. Die suidelike heuwels van die Steenbergvallei word nie as 'n plek van oorsprong beskou nie, hoewel ene Krauss die mening huldig dat dit tot sover suid as Muysenburg voorgekom het. Sy siening word egter afgemaak as 'n oordrywing. Die silwerbome wat op Raapekraal en Buffelskraal gekap is, moes volgens SANBI (2008) aangeplant gewees het.

---

13 Die silwerboom, die laaste boom wat natuurlik opgekom het, asook verskeie aanplantings is in die 2015-brand vernietig. Persoonlike mededeling, bestuurder, Tokai-park, Vrydag, 24 April 2015.

Hoewel Schumacher (1951:44-5) se sketse van die Steenberge in die 1780's ongetwyfeld silwerbome en ander donkerder bome uitbeeld, is sy sketse misleidend ten opsigte van die plek van voorkoms. Die bome word rondom 'n groot dubbelverdiepingwoning vanuit 'n noordelike en suidelike perspektief uitgebeeld. Dit is eerder Groot Constantia. Schumacher se topografiese tekeninge word as “akkuraat maar ietwat naïef” in die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, deel IV, aangehaal (Beyers 1981:579). 'n Beter aanduiding is die skets van Lady Emma Hamilton, wat die Tokai-woning, ca 1800 uitbeeld. Verskillende tipes bosse en bome, waar die ligter grys getinte blare ongetwyfeld silwerbome suggereer, omring die woning (MA 1800a). 'n Klein plantasie dun en regop bome op moontlik Baasharmenskraal is ook sigbaar.

Silwerbome se saad is versamel en gestrooi, of plantjies is op die Witteboomenhoutpos gekweek. Dit is ook gelaat om natuurlik voort te plant (TANAPb 1793a; NASA, KAB 1803f). Die silwerboompitte word in die vroulike keëls gevorm en wanneer dit ryp is, deur die wind versprei. Elke saadjie of pit het 'n fyn draadje met 'n klein veertjieagtige droë waaiertjie. Bolus (1936:85) stel dit so: “It is one of the most delightful sights in the world to watch these charming creations floating in the air, as the breeze wafts them down and away from the mother-plant.” Die natuurlike voortplanting gebeur oor die algemeen in die herfs, sodat die winterreëns die eerste klammigheid verskaf om die plantjies in die grond te vestig. Dit skyn 'n onmoontlikheid te wees vir die silwerboomveertjies om teen die suidoostewind, wat gereeld die vallei teister, vanaf Witteboomen in te waai. Silwerbome het heel waarskynlik natuurlik op Buffelskraal en Raapekraal voorgekom.

In Desember 1793 moes die kommissaris, Gordon en Van Reede van Oudtshoorn, rekenskap gee oor die aanplantings van kreupelhout by Houtbaai en die silwerboompitte te 't Paradijs vanaf Witteboomenpos. Twee houtkappers van Houtbaai en onder toesig van die baashoutkapper van Witteboomen het 'n paar mudsakke kreupelboompitte in die groter omgewing van die Houtbaaipos gesaai en baie daarvan het opgekom en gegroei. Die Houtbaai se houtveld word geposisioneer as van agter Groot Constantia in die rigting van Houtbaai, dus Vlakkenberg. Ander aanduidings is die lang hoogte, of te wel die noordelike kant van Vlakkenberg. Die omvang van die houtveld was skynbaar baie groot in verhouding tot die enkele personeellede (TANAPb 1793a). Daar word geen melding van Buffelskraal gemaak nie. Die redes is waarskynlik omdat die hoë bergveld reeds deel van die groter Witteboomen-Houtbaaihoutveld was en dat silwerbome natuurlik op Buffelskraal voorgekom het.

### **3.2.1.5 Witteboomenhoutpos**

Hendrik Nieman is in Julie 1792 aangestel as poshouer (Appel 1966:140). Die houtposte 't Paradijs en Witteboomen moes die timmerhoutbestuur oorneem met 'n baie beperkte personeel en ook die brandhout bestuur (Sleigh 2004:28-9). Teen 1791 was die houtveld van die Kompanjie kaal gekap en kreupelhout of goudhout en silwer- of witteboomsade moes aangeplant word, maar teen Desember 1793 is slegs kreupelhoutsade teen die hange van die berge by Houtbaai gesaai (TANAPb 1793a). Slegs die aanry van die

hout word na 1791 uitgekonneer (NASA, KAB 1791d:141;Sleigh, 2004:195). Die besuiniging het ook Buffelskraal geraak. Op Witteboomen was vyftien houtkappers wat eerstens aandag aan die plant van sade moes gee, maar volgens die inspekteur van Landsdomeine en Houtbosse van 1803, Hendrik Cloete, wil dit lyk of witteboompitte eers as boompies op die houtpos Witteboomen gekweek is en die plantjies daarna elders uitgeplant is. Die Bataafse Republiek het opsluit Witteboomen aangehou vir die kweek van bosse en houtgewasse (NASA, KAB 1803f).

Hoewel dit gestel word dat De Schuer verantwoordelik was vir die kap van hout op Buffelskraal (Sleigh 2004:182), kon die kapwerk reeds van Witteboomen gedoen gewees het. Dit word afgelei van die verskillende tipe houtinsamelings, naamlik duinewortels en riete uitgrawe en uitkap naas die kap van groot struik of volgroeide silwerhoutbome. Die verdeling sou dan ook geografies verloop, min of meer parallel met die bergreeks: die patrolling en / of kap van timmerhout en bergfynbos van die hoër Steenberge, die versameling van brandhout op die heuwels en die uithaal van wortelhout op die vlakte en aan die oorkant by Baasharmenskraal. Die kap teen die Steenberge verklaar dan ook die hoeveelheid paaie wat van die heuwels af na die boonste rif van die Steenberge toe gaan en soos op die Van der Graaff- en Barbierkaart aangedui (Brommer 2009:163; kyk Diagram 3 Bylaag B). Die take van die houtvesters in 1714 oor die houtveld agter Constantia en op die Steenberge is op 'n soortgelyke wyse vanaf Witteboomen bestuur (TANAPb 1714). Die houtveld strek min of meer oor die bergreeks vanaf Vlakkenberg tot by Steenbergkoppie, min of meer Plaas 907, wat op die kaart van Fourcade, 1896, aangedui word (DRDLR 1896). Dit stem omtrent ooreen met die oostelike sy van die ou houtveld wat reeds in 1714 tot 1806 vanaf Witteboomen bestuur is. Die westelike gedeelte het die Houtbaaikant behels (1996g). Die verskil in tipes hout het die verdeling genoodsaak, want die bergkant se fynbos het ook harde of timmerhout in die klowe gehad wat teen skelmkappery beskerm moes word. Daar was wel en ongetwyfeld 'n vorm van houtbestuur ten opsigte van brandhoutsoorte. Dit behels 'n duidelike onderskeid tussen berghout ingesluit bergfynbos teenoor vlakte- of duinesandfynbos.

Die ontwikkeling van die houtveld vanaf Witteboomen is vir Buffelskraal van belang om twee redes, naamlik die insluiting van die bergveld bokant Buffelskraal en tweedens as aanduiding van die vroegste gedokumenteerde plantegroei vir daardie gebied wat vandag deel uitmaak van Tokai-park. Die houtveld van die houtkapperspos in 1792 was die gedeelte teen Tafelberg en die Steenberge suid van Wynberg, Houtbaai, die heuwels agter Wynberg, Vlakkenberg, Constantiaberg en die Steenberge tot en met 't Hoek van de Steenberg bokant Muysenburg. Hierdie houtveld se ligging het dus hoofsaaklik oor berge en hoë berghange gestrek en het timmerhout en brandhout ingesluit. Vir Buffelskraal sou dit Bo-Buffelskraal wees. Sleigh (2004:260-2) bespreek die pos as sodanig en die onmiddellike houtveld, maar verwys nie na die uitgestrektheid van die houtveld nie. Op sy beurt reken Appel (1966:62) dat teen 1699 die vernaamste bosse van die suidelike Skiereiland reeds ontdek en ontgin was, maar plaas die Steenberge foutiewelik as die huidige Constantiaberg. Die Steenbergreeks het sy naam vanuit Houtbaai gekry. Jan van Riebeeck

(Thom 1954:142) het ook die Steenberge vanuit Houtbaai benader elke keer wat hy die bergreeks ondersoek het. Die eerste verkenning van 'n bootsman en kanonnier het in Augustus 1653 vanuit Houtbaai plaasgevind (1952:167,169). Die Steenberge waarna Appel (1966:55) verwys, “steen-berghklooven” waar daar in 1665 gekap is, is die berghange van onderskeidelik Vlakkenberg en Constantiaberg aan Houtbaai se kant. Dit word ook bevestig deur die verslag van houtbosse van November 1663, wat die houtveld tussen die Bosberg en die suidelike punt van die Wynbergheuvel ondersoek, asook die aanvang van kapwerk in die Houtbaaiarea in 1666 (:54-6).

Teen die middel van die 18de eeu was die Witteboomenpos naas 't Paradijs die belangrikste houtpos (Appel 1966:68). Houtkappers van die Kompanjie het reeds in 1743 op die Witteboomenpos gewoon en ook teen die Constantia- “gebergte” gekap (:71). Dit wil dus voorkom of daar 'n erkende skeiding was tussen die bergveld van Buffelskraal, naamlik Bo-Buffelskraal en benede-Buffelskraal, wat die duineveld sou aandui. Die benede gedeelte van Buffelskraal sou dan eerder onder Baasharmenskraal se kappers geval en direk van De Schuer bestuur gewees het. Die teenwoordigheid en verblyf van vier tot ses houtkappers wat teen 1803 by Baasharmenskraal opgeteken is, is waarskynlik getuigenis van die verblyf van die houtkappers vanuit die VOC-periode (NASA, KAB 1803f). Die bestuur van die houtveld te Buffelskraal blyk dan inderdaad twee areas te wees.

Die pos Witteboomen was ongeveer 2 uur se ry te perd vanaf die Kasteel, dit was agter Tafelberg en teen die Constantiagebergte of Vlakkenberg (Appel 1966:68; Diagram 2,3 Bylaag B). Sleight (2004:260) reken dit is die grond waarop die Visserbroers gewoon het en wat in 1697 op die naam van Simon van der Stel geregistreer is (Böeseken, 1964:206). Daarvolgens sou die pos Witteboomen 67 morg en 67 vk roede groot / 57 hektaar wees - die grootte van die plaas - en geleë in die noordweste aangrensend aan Houtbaai en suidwes aan Constantia. Daar het geen houtontginning plaasgevind tydens Simon van der Stel se tyd nie (Sleight 2004:261). William Duckitt se grondbrief, 15 Augustus 1806, beskryf die grond as 238 morg en 125 vierkante roede / 203 hektaar groot. Die Nederlandse beskrywing van 1806 dui die plaas aan as weswaarts na die Constantiaberge (hier Vlakkenberg), noordwaarts na die plekke van die weduwee Van Helsdingen (ook Witteboomen) en Van Reenen (ook Witteboomen), suidwaarts na 'n gedeelte van Constantia en goewermentsgrond en ooswaarts na die vlakte (NASA, KAB 1806c). Die plaas wat wel ook noord van, maar aangrensend aan Constantia lê, is die plaas Hooge Constantia, vandag High Constantia. Burman (1979:114) beskou weer hierdie plaas as die ou buitepos. Witteboomenpos was nie een van die poste wat in 1800 deur Duckitt versoek is nie (NASA, KAB 1801a). Duckitt het later Nuweland besit en in 1806 het die Britse regering dit vir die twee plase, Witteboomen en Baasharmenskraal, verruil (1806b). Die grondverruiling is op 10 Junie 1806 voor die notaris, J.B. Hoffman, bekragtig. Daar word ook verwys na die leenplaas wat Duckitt reeds in die omgewing van St. Helenabaai verkry het. Duckitt



het die plaas, Witteboomen op 21 Mei 1813 aan Jacob van Reenen<sup>14</sup>, die seun van Sebastian van Reenen, verruil (NASA, KAB 1806f). Die Engelse beskrywing van Duckitt se plaas en wat nie deur genoemde skrywers aangehaal word nie, blyk die akkuraatste te wees vir die ligging van die pos. Die buitepos of plaas Witteboomen was die hoofkwartier van die Britse Generale Staf, 1795-1803, tydens die eerste Britse besetting. Die plaas is geleë in die Distrik (Kaapse Distrik) oos van die Constantia-heuwels (meervoud) en aan die voet van genoemde heuwels leggende noord na Van Helsdingen en Van Reenen, wes na die Constantia-heuwels, suid na gedeeltes van Constantia-plaas en goewermentsgrond en oos na die vlakke of “waste plain” (NASA, KAB 1806c). 'n Afbeelding van die kaart, ca 1794, verskyn in Brommer (2009:198), maar daarvolgens was die plaas 133 morg groot. Die plaas wat Simon van der Stel in 1697 registreer, is die plaas Witteboomen waarna Bøeseken verwys en nie die buitepos nie. Dit is wel so dat die houtpos se perseel omring was met regeringsgrond wat ook met kreupelhout en proteas aangeplant was. In 1813 is nog sowat 88 morg aan drie verskillende persone uitgereik (NASA, KAB 1813a). Dit is die aangrensende regeringsgrond waarna in Duckitt se Engelse grondbrief verwys word.

Cloete, houtinspekteur, 1803-06, het Witteboomenhoutpos as die beste plek beskou om hout en bosse te kweek. Die laer ligging van die buitepos se opstal en buitegeboue was aan die oostekant van die grond aan die voet van die heuwels (NASA, KAB 1803f). Dit klink of dit na aan die beskrywing is van die sparrebos van 1663 - ongeveer dieselfde area waar fisikaal Lacus en baastimmerman Pieter Cruythoff in 1663 die sparrebos<sup>15</sup> beskryf (Appel 1966:54). Die plantegroei in die omgewing van die Witteboomenhoutpos stem grootliks ooreen met die bergveldfynbos en is nader aan die plantegroei van die Steenberge se noordelike en oostelike hange. Witteboomen was veel nader geleë aan Buffelskraal as De Schuer en per sandwapad verbind (Brommer 2009:192).

### **3.2.1.6 Plundering van houtveld, laat 18de eeu, in die omgewing van Buffelskraal**

Buffelskraal se ligging naby plekke soos Baasharmenskraal, Sandvlei en Muysenburg het tot die houtveld se nadeel gestrek. 'n Reeks van gebeure in die laat 18de eeu veroorsaak 'n bevolkingsametrekking op Muysenburg wat die verbruik van hout verhoog. Ten spyte van die feit dat daar nie 'n dokumentêre rekord na 1791 vir Buffelskraal se houtveldgebruik deur die Kompanjie bestaan nie, is daar tog historiese

---

14 In 1821 verkoop Jacob die grootste deel van Witteboomen wat aan Groot Constantia gegrens het, aan sy broer Sebastian Valentyn en hierdie gedeelte is deur Sebastian Hooge Constantia genoem. Sebastian het die plaas tot in 1850 besit toe sy seuns, Sebastian Valentyn en Rudolph Cloete van Reenen, op 11 November die gesamentlike eienaars geword het (Van Zyl 1973:82). In 1822 word daar vier Witteboomen onderskei. Die vier eienaars van 1822 was: (i) die weduwee Van Helsdingen, (ii) Petrus W. Van Qunten, Jacob van Reenen, (iii) Sebastian se seun se eiendom en (iv) Hooge Constantia van Sebastian van Reenen (NASA, KAB 1823b).

15 Die spar is die Nederlandse benaming van die *Picea abies*, inheems aan die Noord- en Middel-Europa. Die hout is in die boubedryf en skeepsbou gebruik (Appel 1966:121vn351). Die sparrenbos is so genoem na aanleiding van die voorkoms van baie kleiner maar regop boompies wat daar gegroei het (:54).

omgewingsimpakgebeure wat gelys kan word. Hierdie gebeure skep 'n baie hoë waarskynlikheid van onoordeelkundige houtverbruik en plundering. Insidente wat uitstaan, is die toestroming van vreemde regimente sedert 1779 in die Kaapse Distrik wat die aanvraag na hout verhoog het, die manskappe van die leërkamp by Muysenburg en die Britse besetting van 1795. Andreas Teubes se grond ten noorde van die Prinskasteelrivier het waarskynlik ook gedien as kampplek vir die burgermagte. Teubes was chirurgijn of mediese ordonnans van die Vrije Corps (NASA, KAB 1787; TANAPb 1790a). Of hy tydens die burgerruitermag se veldkamp op Swaanswyk op sy plaas was, is onseker. Die militêre kaart van 1795 dui nie 'n struktuur op sy grond aan nie (Brommer 2009:192), maar wel Sluysken se kaart (NASA, KAB 1800b).

Toestroming van troepdraende skepe en regimente wat aan die Kaap gestasioneer was, het 'n ekstra las op die Kompanjie se voorsieningsmandjie geplaas. Die Kaap de Goede Hoop het sedert 1779 die invloed en verblyf van verskeie regimente gesien, soos die Franse Regiment Austrasia, 1779 tot 1783; 'n bataljon 600 - 850 man sterk van die Franse Regiment Pondichery, 1782 tot 1784; 'n afdeling van die Franse Koninklike Artillerie, 1779 tot 1784 en die Regiment Luxemburg, 1782 tot 1783. Die Regiment De Meuron het vanaf 1783 tot 1795 met wisselende getalle in die barakke in Tafelbaai gewoon: 53 offisiere en 2,277 soldate het in die periode in en buite Tafelbaai gewoon en na plekke in die Ooste vertrek. Die Switserse Regiment Waldner het in 1783 slegs vir 'n paar maande aan die Kaap gewoon (Gerard 1953:8-13). Die grootste en duurste regiment, 2,000 man sterk, is die Württemberg Kaapse Regiment, wat tussen 1788 en 1791 aan die Kaap was en 'n enorme las op die staatsrekening geplaas het (Sleigh 2004:87). Volgens ooreenkoms met die Württembergse regiment moes al die lede in een kamp geplaas word. Die kamp was van Desember 1789 tot 1891 te Muysenburg teenaan Raapekraal (:344).

Die teenwoordigheid van so 'n groot regiment vir bykans twee jaar by Muysenburg moes 'n geweldige impak op die natuurlike hulpbronne van die omgewing gehad het. Die militêre kaart van 1795 toon aan dat die Prinskasteelrivier na die Steenbergsvier herlei is in vergelyking met 'n streekskaart van 1787 (Brommer 2009:163-4,192). Sodoende kon vars water aan die militêre pos verseker word. Hoewel die Kompanjie die benodighede vir die Württembergse regiment voorsien het (TANAPb 1791c), sou die Kompanjie geld gespaar het as hulle die soldate, wat almal besig gehou moes word, toegelaat het om self in hul houtvoorraad te voorsien. Dit kon 'n moontlike rede wees waarom Raapekraal na 1791 nie meer hout kon voorsien nie, want die laer grond teenaan Sandvlei was waarskynlik ook een van die kaalgestroopte gedeeltes waarna in Desember 1793 verwys word (TANAPb 1793a). Die groter Buffelskraal was toe steeds deur die vleie en twee riviere van Muysenburg geskei, moontlik net te ver om hout op die hoër en moeiliker bereikbare heuwels te versamel, maar naby genoeg om vir wortelhout in die laer duingagtige heuwels te grawe. Die teenwoordigheid van 'n eienaar op die 39 morg sou nie eintlik as 'n afskrikmiddel dien nie. In Augustus 1791 is 4,000 vragte brandhout alleen aan die Tafelvallei gelewer. Die huurtroep wat in die militêre kaserne Tafelbaai ingekwartier was, is ook deur die lewering van brandhout bevoordeel (Sleigh 2004:196,183).

Raapekraal was moontlik in daardie stadium meer werd as erfpaginkomste as om die plantegroei van die duineveld te herstel en die mannekrag en slawearbeid te gebruik om die area te beplant, of om kreupel-hout wat bo-op die Steenberge gegroei het, te kap en met moeite en onkoste te haal (NASA, KAB 1821b). Die toestand van die Raapekraalhoutveld na die vertrek van die Württembergse regiment het waarskynlik die opskorting van die houtpos verhaas.

### **3.2.1.7 Die besetting van Muysenburg en sametrekking van troepe, laer Steenbergvallei**

Die inval van 1795 van die Britse troepe by Muysenburg was na alle waarskynlikheid die hoogtepunt van oorverbruik van die area se hout- en waterhulpbronne. Muysenburg is deur die Britse magte beset en daar was twee veldkampe van die verdedigingsmagte - een op Russouw se plaas en 'n tweede kamp by Wynberg. In besonder het die houtveld tussen Baasharmenskraal en Muysenburg 'n hoë intensiteit van houtverbruik beleef, want dit was in die winter en vroeë lente, Junie tot September. Die naaste hout aan die basis was wortelhout van die kwartêre sandduine rondom Sandvlei en struikgewasse van Raapekraal en die berge bokant Muysenburg. Waar wortelhout verwyder is, word die duine weerloos gelaat teen die aanslae van die wind. Die gevolg was die vernietiging van die natuurlike weiding vir diere, maar wat met drastiese stappe stopgesit kon word (NASA, KAB 1796b). Die omgewing is tydens die beleg van Muysenburg en onmiddellik daarna totaal oorbenut, want behalwe brandhout wat versamel is, is hout gebruik vir die oprigting van skuilings en skuilings vir die perde van die burgerruiterij. Hout en ander plantmateriaal, soos restio's - taai biesagtige plante of fynbosriet – is deur die burgerruiterij of burgermilitia gebruik om skerms teen die winterreën en koue te bou (Nel 1972:228,241; Van Rensburg ca 1985:7). Die burgers het nie tente gekry nie, maar moes hul eie skerms bou. Dit suggereer dat hout, wat vir timmerdoeleindes gereserveer was, moontlik ook afgekap en gebruik is.

By die bestudering van die *Kaart van de Situatie Tussen Baaij Fals en de Grootte Wijnbergh Aan de Kaap de Goede Hoop* (Diagram 2 Bylaag B; Brommer 2009:192; Burman 1990:26; Nel 1772:232), is die aantal kolletjies op die kaart opvallend vanaf Swaanswyk (Zwaansweijde) noordwaarts in die Steenbergvallei. Dit dui die kampplekke, moontlik eenvoudige houtskuilings in die reënseisoen, aan van die burgerruiterij. Hoewel die burgers in klein groepies van drie of vier oor die hele vallei gekamp het, het burgerenhede mekaar gereeld afgelos, sodat die perde kon rus (Nel 1972:218). Die burgery was aan hulleself oorgelaat om te sien kom klaar, want daar is niks gedoen om die poste by Wynberg of Swaanswyk in gereedheid te bring nie: ook geen loopgrawe is gegrawe nie. Gedurende die verloop van een maand is daar nóg by Wynberg, nóg op die terrein waaroor die vyand moes beweeg nóg by die kamp te Swaanswyk enige verskansings, redoute of batterye aangebring. Wynberg het “soos 'n doolhof” gelyk met 'n paar hutte en tente, wat vir lede van die nasionale bataljon opgeslaan is (:241). Kommissaris Sluysken en kolonel Jacob Gordon het vir langer as 'n maand geen besoeke aan hierdie twee poste gebring nie. Gordon was een van die kommissarisse van houtbosse. Die nasionale bataljon se surpluslede het sowat twee myl verder

weg in die gerief van 'n tentkamp agter die Wynbergkamp gewoon (:237). Die Wynbergkamp was op Fokke Hendriks Lochner se plaas aan die suidekant van Wynberg, sodat dit 'n uitsig op Sandvlei kon hê en terselfdertyd kon dien as 'n voorpos (:232).

Steenbergkamp se hookwartier was op Russouw se plaas, Swaanswyk, waar die infanterie en die artillerie van 55 man 'n beskeie klein huisie tot skuiling gehad het (Nel 1972:241). Die kamp is daarheen verskuif, nadat Muysenburg as militêre pos aan die Engelse magte afgestaan is. Tydens die Britse aanval op Muysenburg, 7 Augustus 1795, het enkele lede van die nasionale bataljon en die burgery in die Steenbergvallei teruggeval, versprei en sporadies die Engelse teruggedryf, wat probeer het om die Hollanders in die vallei op te volg. Die Engelse was verplig om na Muysenburg terug te val (:230-1). Op 8 Augustus het Sluysken aan kaptein Kibourgh die opdrag gegee om saam met die burgerafdelings van Myburgh en Cloete op Russouw se plaas pos op te neem (:235). Hierdie pos het tot die oggend van 14 September diens gedoen.

Die Pandoere het in die magasyn van die Steenbergpos gebly, terwyl die burgers vir hulle hutte in die veld van takbosse moes maak, omdat daar geen tente tot hulle beskikking was nie (Nel 1972:241). Die ligging van die skuilings op die militêre kaart van 1795 kom voor aan weerskante van die Prinskasteelriviersloot op Raapekraal, rondom Russouw se opstal op Swaanswyk (Zwaansweijde) en langs die boloop van die Prinskasteelrivier op Buffelskraal. Twee ander posisies op Buffelskraal word ook aangedui: eerstens op die bopunt van die vlakte tussen die Prinskasteelriviersloot en die werklike Prinskasteelrivierloop (die huidige piekniekterrein) en rondom Pondokvlei onder die Pondokvallei, ongeveer waar die struktuur op die 1795-kaart (Brommer 2009:192) aangebring is. Posisie van skuilings word ook aangedui op Bergvliet, langs die Grootboschrivier, rondom Witteboomen en by Franken se plaas noordwes van Witteboomen, maar hierdie burgerruiterij was waarskynlik by die Wynbergkamp betrokke (:255-6).

Sedert Junie 1795 (NASA, KAB 1796a), toe verdedigingstroepe en aanvalstroepe op verskillende stadia deur die omgewing getrek en gekamp het, het die getal verbruikers van brandhout drasties toegeneem. Behalwe die toename van Britse troepe in Simonsbaai, het die sametrekking van soldate op verskeie plekke brandhout benodig. Op die middag van 10 Junie is 'n Engelse eskader van agt skepe in Valsbaai gewaar. Die volgende dag het die skepe in Simonsbaai geanker (Nel 1972:201). Sluysken het onmiddellik die burgers van die Kaap ontbied (:202). Agt-en-veertig berede soldate is na Muysenburg gestuur en 30 artilleriste moes vanaf Simonsbaai na Muysenburg verskuif om die twee veldstukke, wat aan die voet van die Steenberge geplaas moes word, te beman. Die posisie van veldstukke is so gerig dat dit 'n deurtog via die vleie deur Steenbergvallei moes verhinder. Hierdie twee veldstukke was op die noordoostelike punt van Raapekraal, of moontlik die latere Kleinbergvlietplaas langs die pad tussen Muysenburg en Bergvliet. Die plek was regoor Baasharmenskraal, tussen Russouw se opstal en Baasharmenskraal (:232). Vóór hierdie veldstukke was daar drie poste van Hollandse troepe wat die vyand moes stuit. Die eerste posisie vir ruitery was die voorpos langs Sandvlei na aan Muysenburg. 'n Entjie verder, vanaf die voorpos naby die invloei van die Keiserrivier, die Keisermond, en aan die westekant van die wintersandpad, net

voor die pad vurk, was daar ook 'n posisie vir lede van die Hollandse troepe. 'n Derde posisie was tussen die Russouw-opstal en die Prinskasteelriviersloot. Dit is waarskynlik waar die Steenbergpos was (:235).

Die posisie van die suidelike Steenbergvallei is in 'n direkte besettingslyn aan die westekant vanaf Muysenburg, rigting Constantia. Daar was in 1795 weinig ingesetenes op slegs 'n paar plase, met stukke oop grond of houtveld van die Kompanjie tussenin. Die Russouws was op Swaanswyk en Russouw het ook Raapekraal gehuur. Noord van Russouw was die klein plase van Teubes, Aan de Buffelskraal, dan volg die Brinks op Buitenverwachting, die Colyns van Klein-Constantia, Cloetes op Constantia en die houtpos by Witteboomen. Daar het drie paaie uit die Steenbergvallei na Wynberg geloop: die ou sandpad via die Brinks en die Constantia-plase, waar dit aansluit by die Houtbaaipad en verby Witteboomenhoutpos na die onderpunt van Wynberg loop; 'n meer direkte verbinding tussen Russouw, oor die Buffelsvlei en net noord van Bergvliet na Wynberg as 'n tweede pad en die derde pad is die direkte pad van die droë seisoen tussen Muysenburg en Bergvliet oor die vlakte en oos van Baasharmenskraal. Die Buffelsvlei was op daardie stadium aansienlik kleiner, omdat die Prinskasteelrivier na Sandvlei via Swaanswyk en Raapekraal herlei is (Brommer 2009:192).

Ook die beweging van die troepe het die veld verniel en die water besoedel. Die Britse inval van 14 September 1795 het in drie kolonne beweeg: die grootste gedeelte van die tussen 4,000 en 5,000 soldate het via Sandvlei oor die Vlakte in twee kolonne beweeg – hierdie beweging was oos van die vleie en nie deur die Steenbergvallei nie (Nel 1972:254). Dit is slegs die kleiner kolon, ongeveer 800 mariniers, wat die Keiserrivier gekruis en deur die Steenbergvallei beweeg het. Volgens Cullinan (1992:182) was daar slegs twee kolonne. Slegs een kolon, die Engelse mariniers, het deur die Keyserrivier gegaan en deur Steenbergvallei getrek (Nel 1972:254). Die Steenbergkommando het tussen agt en nege voormiddag die wyk geneem na Wynberg, omdat hulle nie deur die Engelse mariniers van Wynberg en hul kamerade afgesny wou wees nie. Dit is onseker watter pad die mariniers toe deur die Steenbergvallei geneem het. Dit is bekend dat 'n aantal soldate Constantia se wyn geplunder het en die huis beskadig het, maar dit het gebeur tydens die terugtog na Muysenburg en Simonsbaai, nadat Tafelbaai beset en die VOC-regering ontsetel is (:261).

Deur so na as moontlik aan die hoër kant van die heuwels te beweeg, sou die Houtbaaifort, wat ook deur Kaapse magte beman is, suksesvol deur die Engelse afgesny gewees het. Maar die nasionale bataljon het nagelaat om die troepe by Houtbaai enigsins oor die inval in te lig (Nel 1972:257). Dit wil voorkom of die afsnyding van die troepe van die Steenberge en Houtbaai tesame met 'n aanval op Wynberg-rugkant die boonste of hoë pad sou begunstig. Dit was egter 'n ompad oor die bopunt van die heuwels. Die twee paaie oor die laer gedeelte van die Buffelskraalgebied na Bergvliet sou die Britse kolonne herenig nadat die Steenbergse mag uitgekakel is en om dan as 'n eenheid Wynberg van agteraf of die westekant aan te val. Kibourgh moes dus met die direkste en vinnigste pad teruggeval het tot op Wynberg om daardie pos gesamentlik te verdedig. Die Steenbergkamp se mag het uit 80 man van die nasionale bataljon en drie

kanonne, twee kompanies ruitery en 'n aantal Pandoere bestaan. Kibourgh het later gesê dat hy nie die vyand by Bergvliet gewaar het nie en toe tot by Wynberg teruggetrek het (:255).

Hoewel Kibourgh met groot gesukkel sy kanonne sonder trekkdiere deur die veld moes sleep, het hy Wynberg bereik voordat die Engelse troepe hom kon afsny. Kibourgh se kommando het met die direkte pad tussen Russouw en Bergvliet na Wynberg teruggeval, want sy kompanies ruitery, aangevoer deur Du Plessis en Eksteen, en sommige Pandoere, het op Bergvliet agtergebly (Nel 1972:255,257). Anders as wat Aikman, Malan en Winter (2001:42) dit stel: “The land was fought over when the British invaded in 1795. The troops were strategically located close by.”, het daar nie 'n geveg of skermutseling op die Buffelskraalhoutveld plaasgevind nie. Die Engelse troepe het weliswaar ook wes van die Sandvlei gekamp – gemerk “f” op die militêre kaart van 1795 (Brommer 2009:192) - maar dit was 'n kortstondige kamp. Hierdie kamp was boonop op Raapekraal, terwyl Buffelskraal verder weg en aan die anderkant van die Steenbergpos was.

Skermutselings het sporadies gevolg. Die Britse magte is reeds op 8 Augustus 1795 vir die eerste keer deur die voorpos burgerruitery in die Slag van Sandvlei teruggedryf en boonop deur die Pandoere vanuit die berge uitmekaar geskiet. Skermutselings soos op 21 Augustus, waartydens 'n burger se perd en twee Engelse doodgeskiet is, het gevolg nadat Engelse soldate deur Sandvlei probeer trek het (Nel 1972:243). Op 1 September volg 'n gesamentlike aanval deur die Pandoere en ruitery (:247), wat die Britte so haastig moes laat terugval dat hul wapens en besittings laat lê is. Dit is later onder lede van die Pandoere verdeel (:248). Hoewel die Engelse soldate bykans alles agtergelaat het tydens die skermutseling van 1 September, kon hulle met behulp van soldate van die Muysenburgpos die burgers teruggedryf. Die burgers het op hul beurt krygsgevangenes, menigte gewere en ander goedere buit gemaak. Hierdie skermutselinge het naby Sandvlei en dus op Raapekraal plaasgevind. Die hewigste konflik was oos van Bergvliet op die vlakte toe die Engelse hul finale opmars begin het.

Kibourgh en sy manne het die oggend van 14 September beraad gehou en besluit om op die grond tussen Teubes en Russouw pos te neem. Dit is die enigste verwysing na Teubes se grond. Willem Wium, een van die manne, het verkenning van die Engelse opmars gaan doen waar hulle om die hoek van die Steenberg gewaar is en bevind dat die mag nie die geskatte 300 man sterk was nie, maar ongeveer 800 man. Ook het hulle twee veldkanonne saamgevoer. Die burgerruiters sou hulle nie kon stuit nie en gevolglik het Kibourgh en sy mag deurgetrek na Bergvliet en hulle het vandaar na Wynberg toe teruggeval. Daarna het konflik tussen die Britte en die burgerruitery, wat op Bergvliet agtergebly het, oos van Bergvliet uitgebreek (Nel 1972:255-6). Hiertydens het die burgerkompanies van lt. Daniël du Plessis van Swellendam en kaptein H.O. Eksteen die Britse soldate onder hewige vuur op die vlakte naby die pos van die Wynbergkamp geplaas. Die burgerruitery het egter geen versterkings gekry nie en moes na 'n uur terugval. Die gevegsterrein se bepaling was in die omgewing van die Wynbergpos, want die burger, C.F. Rautenbach, wat daar aan diens was, het sy pos verlaat en Du Plessis het ingestaan.

Die adres van 'n paar artilleriste en 'n aantal lede van die burgermag wat naby Russouw se plek gekampeer het, was Swaanendijk en dien vermelding (TANAPb 1795b). Soos reeds genoem, was die skuilings van die burgery en ander Hollandse troepe versprei oor onder meer Russouw se plaas, ook weerskante van die Prinskasteelriviersloot wat suid van Teubes se grond na die Steenbergsvier herlei is. Tussen die Russouw-opstal en die Prinskasteelriviersloot was die derde posisie van die Hollandse korps wat uit 80 man van die Nasionale Bataljon, twee kompanies burgerruiterij en Pandoere bestaan het (Nel 1972:232, 255). Hul posisie langs die Steenberge op 12 Augustus 1795 was volgens die adres bo-aan 'n brief, onderteken deur Von Hughel, H. Cloete jr. en I.J. Tesselaar in sake 'n boodskap van generaal Craig aan kommissaris Sluysken: *Swaanendijk* (TANAPb 1795b). Cloete het op daardie stadium reeds vir sy vader (Hendrik de Oude) op Constantia geboer (Schutte 2003:106vn32) en moes geweet het die plaas se naam is Z(S)waanseweijde of Swaanswyk. Het Cloete hier probeer om die presiese plek van die kamp aan te dui? Die naam verwys dan na die dyk of keerwalle van die herleide Prinskasteelriviersloot en wat 'n landmerk was wat Cloete en die lede van die Politieke Raad geken het. Dit bevestig onteenseglik die herleiding van die Prinskasteelrivier met die verdere implikasie dat dit 'n mensgemaakte sloot of dyk was. Naas die teorie dat die sugslot die militêre pos van water voorsien het, was die dyk dalk veel ouer. Dit het moontlik ook leiwatervoorziening aan die inwoners van Swaanswyk voorsien. Oortmans se gronduitgif van 1711 toon 'n sugslot of mensgemaakte sloot of grag aan wat nie op die 1688-uitgif van Michielsz is nie (NASA, KAB 1711;1688). Genoemde diagramme behoort saamgelees te word met die diagram van die Kantoor van die Landmeter-generaal, 522/1880 (DRDLR 1880d). Dit suggereer dat die Kleinbergvliet reeds vir jare na die Steenbergsvier herlei is. 'n Vergelyking van die Van der Graaff-kaart van 1788 voor die beleg van Muysenburg met die 1795-kaart (Diagramme 2,3 Bylaag B) suggereer dat die Prinskasteelrivier (Buffelsrivier) na 1788 na die Steenbergsvier herlei is. Daar is moontlik van dieselfde kanaal gebruik gemaak wat op die 1711-diagram ingeteken is. Die kanaal het in die Steenbergsvier net voor die invloei in Sandvlei ingeloop. Die 1795-oorlogskaart, wat besonder gedetailleer is, dui ook die keerwal in die Prinskasteelrivier aan naby die drif vanwaar die sugslot na die Steenbergsvier herlei is, want Rauch se gronduitgif maak nie melding van enige waterregte uit die rivier nie (NASA, KAB 1792). Die dyk waarna Cloete in sy briefwisseling verwys, het dus reeds vir 'n tydjie bestaan en was 'n bekende landmerk. Die verbindingsloot wat onder die drif aangetoon word, is dan na 1788 gebou of gegrawe en dit kon dan inderdaad wees om 'n groter waterafloop vir die inwoners van die militêre pos te Muysenburg te verseker. Muysenburg het sedert 1744 as 'n militêre pos en 'n halfweghuis tussen Tafelbaai en Simonsbaai gefunksioneer (Sleigh 2004:340).

Met die beleg van Muysenburg was daar 'n magasyn by die kampplek te Swaanendijk, want dit is te betwyfel dat die magasyn te na aan die opstal sou wees. Die magasyn was waarskynlik ingegrawe en met 'n dak van dekriet (restio's) of strooi bedek om die kruit droog te hou – vandaar die slaapplek vir die Pandoere (Nel 1972:141) Die Pandoere is uit vryswartes en Khoina saamgestel. Hulle het die laagste rangorde beklee en terselfdertyd die gevaarlikste taak gekry – om die magasyn op te pas.

Die aantal mense rondom Muysenburg, wat in die winter en vroeë lente in die reënseisoen tot 14 September brandhout benodig het, was tussen 2,500 en 3,000 mense. Die sterkte van die verdedigingsmag by Muysenburg is onseker. Cullinan (1992:179) reken daar was meer as 470 man, saamgestel uit ongeveer 200 infanteriste, 120 artilleriste, twee kampe van burgerruiterij en 150 Pandoere onder aanvoering van Lt.-kol. De Lille, die onderbevelhebber van die Kaapse verdedigingsmag. Sleigh (2004:347) gee die getal Kaapse soldate by Muysenburg aan as 258 man sonder die artilleriste en die burgermag. 'n Memorandum van 25 September 1789 oor die verdediging van die Kaap de Goede Hoop het die 668 weerbare manne en die garnisoen in die Kaapse Distrik soos volg saamgestel: Een kompanie te voet ingesluit diensdoende offisiere, onderoffisiere en skuts. Die tweede kompanie van 250 man is saamgestel uit burgerruiterij en offisiere. Die ingenieurskorps was sowat 100 man, uitgesonder bygehuurde staf (NASA, KAB 1789a). Nel (1972:250-1) se opgawe vir 1795 is waarskynlik meer korrek. Die totale verdedigingsmag aan die begin van September 1795 was sowat 900 lede met 1,140 burgers, 577 infanteriste, 400 artilleriste, 57 soldate van die Meuronse en Württembergse regimente, 80 addisionele Khoina, en 150 Pandoere. Die aantal manne wat in die omgewing van die houtveld rondom Buffelskraal, Baasharmenskraal en Raapekraal op 'n gegewe tydstip gekamp het, skuilings opgerig en wat elke dag vuur gemaak het – nie net vir kos nie, maar teen die winterkoue, of om hulle en hul klere droog te maak, kan so opgesom word:

- Hollandse troepe van 13 Junie tot 7 Augustus te Muysenburg: 991 man per week oor vyf weke.
- Hollandse troepe van 7 Augustus tot 13 September te Swaanswyk: meer as 400 man oor vyf weke.
- Britse troepe van 8 Augustus tot 13 September te Muysenburg: aanvanklik 1,600 wat na 'n week verminder tot 600, maar van 27 Augustus toeneem en 1,900 op 4 September bereik (Sien Figuur 4 en 5 Bylaag A). Hiervan het meer as 1,200 man, enkele gesleepte kanonne, asook meer as 400 perde op 13 September oor die vlakte van Buffelskraal beweeg. Die impak daarvan op die sensitiewe sandduine is nie bekend nie, maar dit het waarskynlik jare geneem om te herstel.

Die houtpos by Buffelskraal, veral benede-Buffelskraal, het moontlik geleidelik uit die boeke van die onderskeie regerings gegly. Daar kan verskeie redes wees. Die houtveld het in 1795 bloot net uitgeput geraak weens die sporadiese instroming van soldate in die omgewing sedert 1794. Krygsaktiwiteite by Muysenburg het heelwat perde en vee ingebring. Gedurende Junie en Julie 1794 het 'n groot afdeling burgerruiterij op die pos te Muysenburg waggehou. Sleigh (2004:347-8) lys die goedere wat deur die Magasyn in Tafelbaai voorsien is. Daaruit kon afgelei word dat dit 'n groot getal mense was. Hulle het onder meer 1,300 mud koring vir die burgers en 1,300 mud gars vir hulle perde uit die Kaapse magasyn ontvang. Wavragte gars en hooi is in April 1795 na verskeie poste op die Valsbaaise kus gestuur, toe 100 voetsoldate en 50 kanonniere daar gekamp het teen 'n moontlike inval van Frankryk. Einde Junie 1795 trek die Kaapse verdedigingslinie saam by Muysenburg, 258 man sterk. Daar is 'n paar hutte opgerig,



grondskanse opgewerp en 'n palissade van hout gemaak. Trekvee van twee spanne van 16 osse, vier spanne van 12 en agt spanne van tien osse elk, is aangevra. Die burgerkommando en artilleriste het by die linie aangesluit. Voorrade is daaglik uit die Kaap afgelewer, maar twee slawe moes water aandra en twee slawe moes vir brandhout sorg. Daarna, op 7 Augustus het generaal Craig met ongeveer 1,500 soldate in die Muysenburg se kamp ingetrek nadat die verdedigingsmag dit verlaat het. Craig en sy soldate het tot 2 September daar kampeer voordat die opmars na Wynberg hervat is (Cullinan 1992:179, 182). Die toestroming van meer as 4,000 Britse soldate en hul kampopset in die reënseisoen het die impak op die omgewing vererger, in besonder op die energiebron, hout. Houtverkopers het waarskynlik goeie winste behaal, maar vir die planteryk was dit vernietigend. Hoewel Buffelskraal nie op die hoofroete na Wynberg gelê het nie, was die pos se ligging skuinsoor Baasharmenskraal en binne bereik van Raapekraal.

'n Volgende rede waarom Buffelskraal moontlik as houtveld uit die boeke kon verdwyn het, is die bereikbaarheid tussen Witteboomenhoutpos en Buffelskraal self. Hoewel die twee plekke 'n paar kilometer van mekaar geleë is, was die twee plekke nie aangrensend nie. Die Constantia-plase was tussen die twee houtposte. Boonop het die boere van Wynberg, Rondebosch, die Steenbergvallei en die Constantia-plase die reg gehad om ook stronkhout uit die duine tussen Baasharmenskraal en Muysenburg te vergader (Naudé, Venter 1949:166) – 'n area wat hulle in alle waarskynlik gedeel het met die bemande militêre pos by Muysenburg (Sleigh 2004:347-8). In daardie tyd, 1794, was die twee houtkommissarisse nog besorg oor die houtveld tussen Buffelskraal en De Anneks (TANAPb 1795a). Alle aanduidings is dat Teubes in 1794 gedurende die VOC-periode nie op die plaas gewoon het nie, maar in Kaapstad, op die hoek van Kortemarkstraat en die Markplein (Naudé, Venter 1949:213-4). Dit het die groter Buffelskraal weerloos teen houtplundering gelaat.

### **3.2.2 Britse houtveldbestuur, 1795-1803: periode van onkunde en uitgestelde optrede**

Britse houtbestuur na 1795 het stadig in beweging gekom. Volgens Sim (1907:78) is die beleid eerder gekenmerk aan die afwesigheid van houtbestuur as die beheer daarvan. Die Britse administrasie het in Januarie 1796 per plakkaat afgekondig dat die ou VOC-grond en geboue nou die eiendom van die Britse Ryk was (Naudé 1950:18). W. Somerville is as die kommissaris van geboue en grond aangewys. Hy het verskeie posisies tegelykertyd bekleed, naamlik as die mediese dokter van die garnisoen, vertaler vir Sir George Yonge, sekretaris van die appèlhof en assistentkommissaris van Graaff-Reinet (Barnard 1999:78 vn17). In 1798 is die kap van timmer- en brandhout te Kerstenbosch en 't Paradijs verbied. Die verbod, wat onder meer verwys na die onwettige afkap van jong boompies, word ook geldig gemaak vir alle regeringsbosse in die omgewing van Kaapstad en distrik (Naudé 1950:155-6). Dit sluit die Steenberge, van Vlakkenberg tot bokant Russouw se grond, in. Daar was egter nie meer toesig oor die houtposte nie, want die Britse administrasie het onmiddellik die belangrikste houtpos, Witteboomen, as akkommodasie vir

regeringslui en militêre offisiere opgeëis (Barnard 1998:157vn23). Hoewel 't Paradijs nie onmiddellik ontruim is nie, het dit vir 'n tyd lank leeg gestaan voordat die sekretaris, Andrew Barnard en sy vrou, dit in 1797 betrek het (Sleigh 2004:260). Sonder toesig, wat vanaf Witteboomen bestuur is, het die totale houtveld blootgestel geraak aan onbeheerde houtversameling.

Ten spyte van die 1798-verbod, wat op die plundering van die houtveld gevolg het, was die Britse administrasie bereid om al die houtposte rondom Kaapstad aan Duckitt, ingevoerde landboukundige, te gee. William Duckitt van Esher, Surrey en sy span kundiges, medelandbouers, is ingevoer “...to improving the agriculture of that colony by the use of his experience and information in husbandry.” Die doel van die plan was om die plaaslike boere te help om met praktiese, maar meer wetenskaplike advies, beter te boer en landbou na 'n hoër vlak te neem (Nobbs 1942:71). In Oktober 1800 is Duckitt op besoek na 'n paar meer suksesvolle boere geneem. Ten einde 'n standplaas of standplase vir hom en sy span uit te soek, is hy ook na al die voorheen gereserveerde houtposte, soos vervat in die bepaling van 1791, geneem (Nobbs 1942:78-87;Sleigh 2004:196-7;Appel 1966:72). Die gevolg was 'n aansoek vir eiendomsuitgif van sewe poste, naamlik Kerstenbosch, Oranjekloof (Orangieskloof, Houtbaai), Jakkalsvallei, Baasharmenskraal, gedeeltes van Hardersvallei, Vaderlandsrietvallei en Paardeneiland (NASA, KAB 1801a). Barnard het Duckitt se versoek aan die Burgersenaat voorgelê, wat dit op grond van die vredesverdrag afgekeur het. Die Burgersenaat het die Britse regering daarop gewys dat die uitgif van soveel grond aan een persoon die gevaar skep van grondspekulasie en selfverryking. Voorts is dit strydig met Artikel 8 van die Vredesverdrag, waarvolgens alle grond en plekke, wat aan die VOC-regering behoort het, die waarborg of verband vir die papiergeld in omloop is (NASA, KAB 1801b). Artikel 8 bepaal: “Zyne Groot Britannische Majesteit zal, tot voorkoming van de totale Ruine der ingezetenen, de Waarde van het papiere Geld doen standgrypen.” (Nel 1972: 280-1) Die Engelse het die bepaling gesekondeer, maar ook 'n spesiale antwoord tot Artikel 8 bygevoeg, waarmee die Britse regering onder meer verklaar : “We therefore consent that the Lands and Houses the property of the Dutch East India Company in this settlement shall continue the security of that part of the money which is not already secured by Mortgages upon the Estates of Individuals by its having been lent to them.” (:281) Die Burgersenaat se teregwyding moes die gewenste effek rakende regeringseiendomme gehad het.

Die regering was verplig om aan Duckitt grond vir navorsing te gee. Duckitt is vervolgens op Klappmuts gevestig, waar hy met graanaanplanting proefnemings gedoen het (Sleigh 2004:211). Die nypende tekort aan brandhout, tesame met klagtes van die boere van die Steenbergvallei oor die skending van hul gereserveerde houtveld, het die klem op die brandhoutprobleem geplaas (Barnard 1998:84;NASA, KAB 1796a;1801;Naudé 1950:223-7). Dat die Britse administrasie die erns van die probleem besef het, blyk uit maatreëls van Junie 1801, hoewel dit wysigings aan sekere voorwaardes omtrent regeringsbosse wat opgehef of verslap is, behels. Dit het betrekking gehad op die werksaamhede van die kappers, lisensies en dies meer (Naudé 1950:246-7). Reëlins en regulasies aangaande houtbestuur van 1786 en 1792, dus

VOC-beleid, is steeds onderskryf en as baie bruikbaar gereken (NASA, KAB 1801). Drie kommissarisse word dan benoem – die Kaapse en Stellenboschse distrikte kry saam een kommissaris. Die kommissarisse moes gesag uitoefen oor die kap en verkoop, kontraktering, kappers en verkopers in die houtbedryf. Behoorlike opnames moes gedoen word en gereelde inspeksies uitgevoer word. 'n Lang lys van voorwaardes word ook gestel.

Indien dit nie die uitgesproke kommer was oor die uitputting en vernieling van die houtvelde te ondermeer Grootvadersbosch, Grootbrakrivier en Plettenbergbaai asook die lewering van brondhout aan skepe nie, sou die beheer en bestuuraspekte nie aandag geniet het nie (NASA, KAB 1801). Ook het die optrede in die persoon van Somerville probleme tot 'n spits gedryf. Die toestaan van 'n kontrak van al die regeeringshout in 1800 aan Walker & Robinson deur Sir George Yonge op aanbeveling van Somerville het erge reperkussies vir die houtkappers ingehou. Houtkappers en -karweiers het hout Kaap toe gebring en vir lewensmiddele verruil, maar na die kontrak sou hulle heeltemal verarm. Walker & Robinson was dieselfde firma wat ook ander regeeringskontrakte gekry het, soos die druk van die eerste staatskoerant (Barnard 1999:248-9). Die nuwe maatreëls was 'n opdrag van uit die Koloniale Kantoor in Engeland na aanleiding van Lady Anne Barnard se briefwisseling met Henry Dundas. In Februarie 1801 is George Yonge, wat die monopolie aan Walker & Robinson toegesê het, herroep (:289).

Sommige van die 1801-maatreëls, soos die merk van bome deur poshouders voordat dit gevel word, was so moeilik om prakties uit te voer dat die regering 'n kennisgewing in Junie 1801 uitgereik het waarin hierdie en ander maatreëls, soos die betalings van heffings deur aansoekers om kaplisensies, teruggetrek is. Die Britse administrasie het die omvang van die kap van timmer- en brandhoutkwessies besef, dit probeer aanspreek, maar die uitvoerbaarheid van hul beleid het van meet af aan probleme geskep (NASA, KAB 1801a). In hierdie tyd het daar baie veldbrande rondom Kaapstad voorgekom (Barnard 1998:84). Die houtvelde van die regering het 'n bron van kommer geword en daar is probeer om bome te plant, maar hoofsaaklik rondom 't Paradijs. Dit word in 1803 deur Willem Ferdinand van Reede van Oudsthoorn aan die Bataafse goewerneur en raad bevestig. Die sukses met die aanplanting het ook tot die kweek van boompies aanleiding gegee, maar dat daar nog veel grond was wat aangeplant moes word (NASA, KAB 1803b).

Die besetting van die woonkwartiere te Witteboomenpos deur die Engelse in 1795 was 'n aanduiding vir Jan en alleman dat die grense van die Kompanjie se houtveld onbeskerm gelaat is. Na September 1795 was daar niemand om toesig te hou oor die kwartêresandduine van die laer Buffelskraal nie: Witteboomenpos het die woning van die Britse generalestaf geword (NASA, KAB 1806d). Hoewel die ou VOC-grond steeds regeeringsgrond na die oorname gebly het (Nel 1972:280), was die beskerming van die houtveld van 1714 daarmee heen, want daar was nie meer 'n bemande pos wat beheer oor die gebied uitgeoefen het nie. Die Britse administrasie het eers in 1801 'n beleid daargestel wat die beleid van 1792 ondervang en uitgebrei het (NASA, KAB 1801a). Stappe geneem in 1801 was te laat en Buffelskraal is moont-

lik deur boere geplunder wat nie hul eie houtveld wou gebruik nie, of hul eie hout gekap en verkoop het as 'n ekstra inkomste (Barnard 1999:84). Bo-Bufferkraal sou eers weer onder die Bataafse bewind herstel word as 'n gedeelte van die groter Steenberg houtveld. Bufferkraal het tussen 1795 en 1802 vier verskillende eienaars gehad: Teubes, Herwig, Loos en Eksteen. Boere sou hul bure se grond respekteer, maar sou hulle dieselfde respek beoefen het vir 'n regeringshoutveld sonder toesig? Volgens Lady Anne Barnard (:84) het boere mekaar nie weggegee nie.

### **3.2.3 Die Bataafse houtveldpraktyk: periode van regstelling van korte duur, 1803-06**

Die Bataafse periode van 1803 tot 1806 het 'n kortstondige herstel van regeringshoutposte beloof.

Voor 1795 het die werkers op Witteboomen onder meer dakkappe, gordings<sup>16</sup> en sparre voorsien (Sleigh, 2004:262). Tussen 1795 en 1803 het daar waarskynlik geen houtaktiwiteite plaasgevind nie, behalwe moontlike brandhoutinsameling. Nadat Witteboomen in 1803 weer as houtpos ingestel word, word daar weer houtvoorwerpe gemaak en gelewer, onder meer 130 lang waens en ander wabenodighede (NASA, KAB 1805e). Die hout moes uit die groter houtveld gekom het wat Houtbaai en die Steenberge insluit. Tussen 1803 en 1804 is daar 2,216 vragte brandhout vanaf Witteboomen na Kaapstad vervoer. In Februarie en Maart 1805 is 172 vragte brandhout gelewer. Die totale brandhout in pond is 3,582,000 lb. of 1,624,767.9 kilogram.

Die Bufferkraal houtveld was toe moontlik reeds bekend as Tokai<sup>17</sup> van Eksteen, hoewel hy maar twee stukkie grond, omring met regeringsgrond, besit het (NASA, KAB 1802a). Bufferkraal houtveld word in hierdie periode gekenmerk aan gronduitbreidingsversoeke van Tokai se nuwe eenaar. Petrus Michiel Eksteen was met die dogter van die houtinspekteur, Hendrik Cloete (senior) getroud. Sou hierdie verbinde die toekoms van die houtveld op die spel plaas? Hoewel Eksteen se grondaansoeke suggereer dat die benede-Bufferkraal nie meer 'n aktiewe regeringshoutveld was nie, is dit nie ingesluit by die houtveld wat Cloete opgegee het om verkoop te word nie (NASA, KAB 1803f). Dit was dus steeds gereserveerde grond wat in alle waarskynlikheid vanaf Baasharmenskraal bestuur is.

Die Bataafse regering het sy huiswerk oor die stand van brandhout in die Kaapse Skiereiland gedoen en was duidelik besorgd oor die tekort aan brandhout en die plundering van goewermentsbosse. Hout was naas brood die tweede grootste behoefte vir inwoners aan die Kaap. Hout is as 'n potensiële inkomste vir die groeiende bevolking van Kaapstad gesien, maar dit was 'n verwaarloosde bron van inkomste. De Mist skryf die swak houttoestand toe aan “duisende” slawe, wat per dag uitgestuur is om hout te gaan vergader. Beskikbare hout was so ver van Kaapstad verwyder, dat die slawe hul eerder tot die goewerments-

---

16 Dwarshout in boukunde; ook in skeepsboukunde gebruik (Kruyskamp 1961:695).

17 Herwig, die tweede eenaar, het die plaas se naam na Tokai verander. Die Engelse spelling, Tockay, word deurgaans deur die Engelse administrasie in dokumente en briewe gehandhaaf (NASA, KAB 1800f).

bosse naby Kaapstad gewend en die bosse verniel of aan die brand gestee het. De Mist se aanbeveling was die onmiddellike aanplanting van hout, maar hy het dit ook as 'n langtermynprojek gesien. Hy het ook die VOC-regering blameer, wat volgens hom nie genoeg hout aangeplant het nie. Boomaanplanting kon net as regeringsbeleid slaag, want waar dit aan die burgers oorgelaat is, het hulle dikwels die jong boompies voor volle wasdom weens 'n tekort aan geld verkoop. Daarteenoor kon die regering die nodige dissipline aan die dag lê om die houtbosse tot volle wasdom te beskerm. Dit sou ook die invoer van hout, wat met hoë koste gedoen is, uit Plettenbergbaai en Java vervang. Daarom word Hendrik Cloete (senior) van Constantia, as inspekteur van die “Land's Domeinen en Bossen tussen de Tafelbaaij en de Baaij Fals” aangestel. Hy sou 'n opsigter en spanne werkers tot sy beskikking hê en moes direk met houtpoting<sup>18</sup> rondom Kaapstad begin (Van der Merwe 1926:294-6). Cloete se benoeming op 11 Augustus 1803 is ook as 'n regulasie afgekondig, wat die gesag van sy amp bevestig (Naudé 1951:58).

Hendrik Cloete Senior is juis benoem, omdat hy in die omgewing van die Kaapse houtveld gewoon en die omgewing en sy mense goed geken het (NASA, KAB 1803a). Sy taak was baie omvattend. Een van sy eerste opdragte was 'n bestekopname van regeringsposte. Die moontlike ontkoppeling of vervreemding van nuwindsdraende regeringsposte met die oog op verkoping, verhuring of in erfpag of in lening uitgee moes tot die beste voordeel van die regering ondersoek word. Voorts sou enige vorm van gronduitgifte aan individue met die voorwaarde van bepoting van houtgewasse geskied. Cloete se eerste taak was die opruiming van Witteboomen na 'n hewige brand. Alle droogbare en verkoopbare hout moes versamel word sodat die jong plantjies nie beskadig kon word nie en kon gedy. Daarvoor het Cloete 30 Khoi-militia wat by Rietvalleij gestasioneer was, vir drie weke tot sy diens gehad, asook enkele ander militêre personeel (NASA, KAB 1803b,c).

Tydens Cloete se voorlegging op 7 Julie 1803 oor die goewerment se poste en houtveld raak die insluiting van Buffelskraal by enige houtveld vaag. Al die poste word bespreek, maar sonder enige verwysing na Buffelskraal of die Steenberge. Volgens die vorige bedeling het die bergfynbosveld, sowel as die vlakkefynbos van Buffelskraal, na alle waarskynlikheid onder Witteboomen geval. Die veronderstelling is dat Witteboomen se historiese verbintenis met die Buffelskraalhoutveld gehandhaaf sou word. Cloete was daarmee bekend, want hy het in die omgewing geboer. Die houtposte naby die Steenbergvallei word deur Cloete gelys as Witteboomen, Orangieskloof, Baasharmenskraal en Muysenburg. Baasharmenskraal word juis uitgelig weens sy waarde as weiveld vir die omliggende boere, omdat die Steenbergvallei nie weiding bied nie. Dit sou te veel mense benadeel indien daardie pos vervreem word. Terselfdertyd herbevestig Cloete Baasharmenskraal as die sentrum van wortelhout- en rietuitgraving. Hy verwys na die werkers wat daar woon om riet te kap en duinehout uit te grawe (NASA, KAB 1803f). Die beskrywing laat die moontlikheid dat die kwatêresandduine van die groter en laer Buffelskraalarea te

---

18 Die Van Dale-woordeboek (Kruyskamp 1961:1558) omskryf die poot van hout as alle vorme van voortplanting, naamlik deur saad, die inlê van lote en die aanplanting van jong saailinge.

same met die vleie ingereken is by rietkap en die kap van Kaapse duinesandfynbos, asook die grawe van wortelhout. Cloete is wel met weiding by Baasharmenskraal bevoordeel, maar as boer was hy deeglik bewus van die tekort aan weiding.

### **3.2.3.1 Grondaansoeke en -uitgifte kompromitteer ou VOC-houtveld**

Het Cloete doelbewus nie 'n uitspraak oor die Buffelskraalgedeelte van Witteboomen gemaak nie, of was daar reeds vervreemding van die grond? Petrus Michiel Eksteen bring in Cloete se dienstydperk twee aansoeke vir grond. Die eerste aansoek van 19 Oktober 1803 het die grond tussen die twee stukke, die eerste 39 morg en De Anneks, behels (NASA, KAB 1803h). Dit is dieselfde grond wat Gordon en Van Reede van Oudtshoorn vir Teubes in 1794 geweier het. Hoewel die Goewerneur en Raad die versoek goedgesind was, word dit vir finale oorweging na die Inspekteur van Landsdomeine en Bosse verwys. Hiervan het waarskynlik niks tereg gekom nie. Volgens 'n kantaantekening is die kwessie na “Bylaag 6”, sonder datum, verwys. Hierdie bylaag kon nie opgespoor word in die argiefgroep, Bylae tot die Bataafse Republiek (BR)<sup>19</sup>, nie. Die transportakte van 2 Junie 1851, waarvolgens die grond van Petrus Michiel Eksteen na Sebastian Valentyn Eksteen en Jacob Pieter Eksteen oorgedra word, sluit nie grond in of enige transaksie wat na 1803 verwys nie (DRDLR 1851). In 1804 verwerp Cloete nog 'n grondaansoek van P.M. Eksteen en H.O. Eksteen – eerstens weens sy persoonlike, nabye verwantskap met Petrus Michiel en tweedens omdat H.O. Eksteen geld aan Cloete verskuldig was (NASA, KAB 1804). Daar kan aanvaar word dat Cloete die 1803-aansoek waarskynlik teengestaan het, hoewel dit deur die Goewerneur en Raad goedgekeur is. Tydens die hantering van die versoek was daar geen verwysing na Buffelskraal of Tokai as 'n tradisionele houtveld wat deel van die Witteboomenhoutpos was nie. Cloete was moontlik gebind deur beleid. Grond mag nie buite Kaapstad uitgegee word wat in 'n area lê waar die regering reeds begin het met die kweek, inlê of saai van jong boompies nie. Verder sou grond as weiding en uitspanplase aan die nabygeleë eenaars uitgegee word. Grond, omliggend van bewerkte en toegeruste plase en met woonhuise, sou aan die eenaars op voorwaarde aangebied word. Dit behels die bepaling van die koopsom in verhouding met die markwaarde van verder weg geleë grond by publieke veilings en dat die kopers binne die eerste jaar hul eiendomsgrond met ingespitte klip of hout sou omhein vir weiding of bewerking. Voorts is daar ook gepoog om grond voor die winter- en reënseisoen te laat beset en te bewerk sodat die grond nie weer vir 'n jaar onbewerk sou lê nie (NASA, KAB 1805a). Op die oog af sou daar gereken word dat Eksteen se 1803-versoek toegestaan moes word. Die weiering daarvan laat die moontlikheid van houtveldaktiwiteite.

Gronduitgifte is deur grenslynkwessies bemoelik. Daar was onsekerheid oor die grenslyne tussen regeerings- en private grond. Vervolgens is die gebied vanaf die Rietvallei, noord van Tafelbaai, tot by Muijsenburg, die Steenberge, die Constantiagergterg (Vlakkenberg) en tussen Tafelberg en Duiwelsberg by

---

19 Die bylae wat ondersoek is, is BR284, September 1803 en bylae BR 285-290 vir Oktober 1803. BR290 handel oor grond, maar ook daarin is nie 'n verwysing nie.

Kaapstad vir heropmeting in 1804 ter syde gestel. Die landmeter, Jan Willem Wernich, het opdrag gekry om die hele gebied se grond, regeringsgrond en private grond, op te meet, te karteer en 'n register saam te stel (NASA, KAB 1804). Die uitgif van grond was vir die goewerneur en raad 'n ekonomiese kwessie wat veral aan houtgewasse gekoppel was (Van der Merwe 1926:141-2). Die grenslynkwessie is ook moeilik deur stroke niemandsland tussen eiendomme of tussen regeringsgrond en eiendomme. Dit het as sogenaamde “waste land” of niemandsland bekend gestaan (Barrow 1968: 379-380). Buffelskraalhoutveld was noord, oos en suid omring met moontlike stroke niemandsland. Aan die noordekant, tussen die Buffelskraalhoutveld en Constantia van 1685, was twee stukke van ongeveer 25 en 6 morg. Dit is in 1811 aan Eksteen as erfpag uitgereik (NASA, KAB1811;a). Vyf-en-dertig morg / 30 hektaar tussen Baasharmenskraal, Buffelskraal en Raapekraal is in dieselfde jaar aan W. Fiford en N. Donough gegee (1811b). Ryk Cloete, toe die eienaar van Buitenverwachting, het 57 morg / 49 hektaar aan die bergkant van Buitenverwachting ontvang (1811c). Kleinbergvliet, grond tussen Plaas 907 en Raapekraal, is in 'n grondaansoek van 1812 beskryf as niemandsland (1812;1814a). Dit lê suid van die Buffelskraalvlakte en is in 1814 aan Carr uitgereik. Die stroke niemandslandgrond rondom Buffelskraal was ongetwyfeld gedeeltes van die Buffelskraal-Raapekraalhoutveld. Dit kon op twee moontlike wyses benut gewees het – as weiding van regeringsvee ten opsigte van die grond van Carr, Fiford en Donough se grond teenaan die Soetvlei of die Keiserrivier, of dit was in 'n stadium areas waar wortel- en duinehout versamel is. Al die stukke is binne die onmiddellike bereik van Baasharmenskraal. Na Cloete se verslag oor regeringsposte was die niemandslandstroke waarskynlik gunstige oorwegings vir gronduitgifte.

Die kortstondige bestaan van die Bataafse periode het voorkom dat grondeise afgehandel word of dat die vasstelling van grense tussen regeringsgrond en private grond in die Steenbergvallei afgehandel kon word. Die aansoeke het in 'n uitgerekte proses verval – enersyds weens 'n gebrek aan 'n nasionale register van staatsgrond, en andersyds oor die inspekteur se betrokkenheid by individue, soos sy nabye verwantskap aan P.M. Eksteen en 'n skuldbrief tussen hom en H.O. Eksteen (NASA, KAB 1804). Hiervolgens moes hy hom van die proses verskoon. Boonop kon die landmeter nie by al sy take uitkom nie (1805b). Uitstaande grondeise, onder meer ook van die inspekteur, is na 'n spesiale komitee verwys, maar kon nie afgehandel word voor die Britse oorname in 1806 nie.

Die onderhandelinge oor die oorgawe van die Kaap na die beslissing by Blouberg word op 18 Januarie 1806 naby Somerset-Wes deur generaals Janssens en Beresford, onderskeidelik die verteenwoordigers van Bataafse Republiek en Brittanje, onderteken (Krynauw 1999:162). Die laaste rekeningstate van Hendrik Cloete is aan die Britse regering vir betaling gelewer. Tydens dieselfde geleentheid is 'n opsomming oor die stand van regeringsbosse en poshuise gegee (NASA, KAB 1806). Die nuwe regering het dus kennis gedra van die houtsituasie en die werksaamhede op die houtposte. Maar die gebrekkige bestuur oor houtbeheer en gronduitreiking deur die vorige Britse regering het moontlik weer 'n verslapping van dissipline beteken. Onder hierdie omstandighede was daar weinig beheer en toesig om boere te

verhinder om op grond waarvoor aansoek gedoen is, te begin boer, of om slawe en ander te belet om hout op ongeoorloofde plekke te versamel.

Hoewel inspekteur Cloete die belangrikheid van enkele houtposte beklemtoon en begin het met die aanplanting van bome, eindig die Bataafse periode voordat enige grense te boek neergelê is. Dit beteken dat die houtvelde, verbind aan die Witteboomenpos, sonder meer onbeskryf gelaat word. Teen 1841 was die kroongrond rondom plase - spesifiek in die Kaapse Distrik - nog nie in 'n register aangeteken nie: “The extend of the waste land remaining or what portion of it may be available for settlement are unknown; no survey/: with the exception stated or inspection having been made to ascertain these particulars.” Klein stukkie grond is tydig en ontydig verkoop na gelang van die aanvraag daarvoor (NASA, KAB 1841). In die lig hiervan kan aanvaar word dat Benede-Buffelskraal as houtveld voortgeleef het, maar dat dit nie as sodanig deur enige van die drie owerhede sedert 1795 bestuur is nie.

### **3.2.4 Britse grondbeleid na 1806: einde van beskermde houtveldbestuur**

Na 1806 word die Britse beheer en bestuur aan die Kaap gekenmerk aan konsolidasie van gesag op verskeie terreine. Die ekonomiese, sosiale en administratiewe probleme van die onderskeie regerings sedert 1795 was steeds teenwoordig. Maar omdat die Britse owerheid onseker was of die Kaap 'n Britse kolonie sou bly, het daar nie daadwerklike optrede gevolg oor ekonomiese vraagstukke nie (Freund 1982:229-30). Beleidsvraagstukke, soos die kwessie van regeringsgrond, asook houtkwessies, het wel onmiddellik aandag gekry, maar timmerhoutkwessies was belangriker (NASA, KAB 1806). Die hoof-doelwit was om al die bosse van die Kaapkolonie kroongrond te maak (Sim 1907:78). Die Britse regering het die bedeling van staatsgrond, bosbeheer en besit soos wat hy dit van die vorige bedelings sedert 1795 oorgeërf het, voortgesit. In 1862 is al die VOC-plakkate as 'n addendum tot die “Statute of Law of the Cape of Good Hope” gepubliseer. Uit die 1,200 wette was daar 100 wat min of meer op bosbouaangeleenthede betrekking het (:76). Maar volgens Sim (:76,78) het die bosboubestuurprobleem uit 'n gebrek aan wetgewing in die VOC-periode voortgespruit.

Die bos- of houtbeheer was aanvanklik nou gekoppel aan die grondbeleid. Goewerneur Cradock het die ontwikkeling van grond as 'n landbouekonomie beskou en wou die uitreiking van grond tot die beste voordeel van die staat doen. Erfpags moes geskrap word ten gunste van ewigdurende erfpag (Duly 1965: 360). Intussen het die regering binne 'n maand die hoofhoutposte, Witteboomen en Baasharmenskraal, vir Nuweland, eiendom van Duckitt, verruil (NASA, KAB 1806b;c;d). Duckitt, die landboukundige, is daardeur bevoordeel, maar dit was ten koste van houtveldreservering en houtveldbestuur. Vir Tokai sou dit beteken dat die omliggende grond uiteindelik kroongrond sou word, maar dat die privatisering van Baasharmenskraal ernstige weidingsimplikasies vir Eksteen en die ander boere sou inhou.

Cradock se nuwe grondbedeling het voorsiening gemaak vir 'n kommissaris, wat aan die hoof van regeringsgrond, na 1814 kroongrond, gestaan het en terselfdertyd in beheer van hout was. Sy vernaamste taak



was die bestuur van die uitreiking van grond. Aanvanklik wou goewerneur Lord Caledon (1807-1811) die gebruik van alle vorme van leningsgrond van die Hollanders ophef en was daarom nie gretig om gronduitgifte in enige vorm toe te staan nie. Die regering wou ten alle koste die reg behou tot die beheer van grond om die meeste moontlike inkomste uit grond te verseker - die leningsbedrag moes dus in ooreenstemming met die agrariese waarde van die grond wees. Die Britte was egter gebonde aan 'n internasionale ooreenkoms en hul posisie was nie permanent aan die Kaap om goedsmoeds die administrasie te veel te wysig nie. Goewerneur Cradock, Caledon se opvolger, wou egter van die Kaap 'n permanente kolonie maak en het in die geheim 'n grondbeleid opgestel. Hy het hom ook beywer om die Afrikaanssprekende boere ("Dutch" -) se vertroue met sy grondbeleid te wen. Daarom het hy in 1813 ewigdurende erfpag of "perpetual quitrent" ingestel. Hierdie stelsel was byna gelykstaande aan volle eienaarskap. In ruil vir bykans volle eienaarskap het die boer 'n respektabele en verantwoordelike grondeienaar geword. Die voorwaardes was dat ongeag die grootte van die grond, die jaarlikse huurgeld nie Rds 250 (ongeveer £15) oorskry nie, maar dat boere die grond binne drie jaar moes bewerk. Alle ewigdurende erfpag sou voorafgegaan word deur 'n behoorlike opmeting, kartering en 'n titelakte. Geen leningsplaas kon meer uitgereik word nie en houers van leningsplase is aangemoedig om hul plase na ewigdurende erfpag om te skakel (Duly 1965:359-61).

'n Plaaslike grondkommissie, bestaande uit die landdros en heemraadslede en in noue samewerking met 'n ingesweerde landmeter, moes elke aansoek se perseel persoonlik besoek, assesseer en die leningsbedrag per jaar vasstel. Duly (1965:361) reken dit is net die ingesweerde landmeter wat 'n nuwe vereiste was. Die goewerneur het nagelaat om oneffektiewe amptenary aan te spreek, maar het die oplossing in 'n ingevoerde amptenaar met verskeie vaardighede soos landmeetkunde, administrasie en die verengelsing van die boere gesien. Vervolgens is 'n amptenaar uit Londen na die Kaap gestuur (:362). Charles D'Escury<sup>20</sup>, die nuwe inspekteur van Regeringsgrond en Geboue, maar later gewysig as Inspekteur van Bosse en Grond, het sy eie kop gevolg, sy administrasie verwaarloos en grondaansoeke laat ophoop. Duly (:363-6) gee 'n uiteensetting van D'Escury se gebrek aan samewerking en hoe dit die Britse grondbeleid aan die Kaap laat misluk het. Die gronduitgifte rondom Kaapstad was in 'n groot gemors. Vanaf 1813 tot 1828 het die Kaapse regering 1,337 titelaktes groter as 250 morg en 720 titels minder as 250 morg goedgekeur, 'n jaarlikse gemiddeld van minder as 130. Die aansoeke om grond was in 1813 ten minste 3,000 en teen 1824 meer as 5,000. Meer as 2,900 versoeke is vanuit die distrikte aangestuur na Kaapstad, maar geen van hierdie distrikte se verslae is teruggestuur nie. Sommige aansoekers het in twintig jaar, nadat hulle die geld vir die opmeting en verslag betaal het, geen taal of tyding van hul aansoeke gehoor nie. D'Escury is in 1827 geforseer om sy posisie neer te lê na die bekendmaking van 'n verdoemende verslag deur 'n kommissie van ondersoek. In 1829 is die Kaapse Grondraad of die Cape Land Board ingestel (:367).

---

20 Baron von Collet D'Escury was 'n Hollander wat in 1795 saam met prins Willem van Oranje na Engeland gereis het. In 1799 het D'Escury 'n Britse onderdaan geword. Deur kontakte is hy uitgewys en aangestel in die posisie in 1814 sonder dat hy enige noemenswaardige bewys van staatsadministrasie gelewer het (Duly 1965:362).

Eers toe het al die nalatighede van D'Escury se werk aan die lig gekom. Cradock se grondhervormingsplan het skandelik misluk. Die inspekteur se pos is in 1832 vervang met die pos van die koloniale landmeter-generaal (:370).

Die belangrikste gevolg van hierdie aanstelling was die skeiding van magte tussen regeringsbosse en grondsake. Die landmeter-generaal se kantoor sou voortaan direk met die grondtransaksies werk. Eers in 1865 is die Lands' Beacon Act, Wet no. 7 van 1865 aanvaar (Sim 1907:65). Daarvolgens moes al die plase heropgemeet en registers op datum gebring word – 'n taak wat eers teen 1890 in die groter Steenbergvallei afgehandel is (DRDLR 1890). Teen 1865 was verskeie gedeeltes van die oorspronklike 1714-houtveld reeds in private besit. Die boere het heelwaarskynlik ook geweet dat daar nie behoorlik rekord gehou word van kroongrond nie – veral as daar nie Afromontane bosse gegroei het waaruit die regering finansiëel kon voordeel trek nie. Boonop het inheemse hout stadig gegroei. Houtbestuur is in terme van ekonomiese benutting van timmerhoutbosse beskou. Dit het gemaak dat die regering se fokus van die begin af op die (inheemse) bosse van die Suid- en Oos-Kaap was. In 1812 het kaptein Jones 'n verslag oor die houtsituasie in die Suid-Kaap uitgebring, maar geen wetgewing het daarop gevolg nie. Twee kommissies van 1865 asook 1872, se bevindinge het op bosregulasies in 1875 vir die sentrale houtarea, die Suid-Kaap, uitgeloop ( Sim 1907:78). Die regering se gesag was net beperk tot inheemse bosse, wat by die dag besig was om leeg gekap te word.

In 1814, toe D 'Escury aangestel is, het Petrus Michiel Eksteen sy grond gekonsolideer met die registrasie van 255 morg ewigdurende erfpag. Dit het die grond, wat in 1794 vir Teubes geweier en in 1803 nie aan Eksteen afgestaan is nie, ingesluit (DRDLR 1813; NASA, KAB 1814). Die grond, wat onder meer Pondokvallei en Buffelsvlei insluit, was ongetwyfeld houtveldgrond van besondere kwaliteit. Die struktuur wat op die 1795-militêre kaart aangetoon word, was ook op die grond (Brommer 2009:192). Dit was moontlik die hart van die Buffelskraal, of die enkelstaande pondok met 'n kampie of kraampie wat suidoos front, wat as Buffelskraal bekend was. Uit die skamele inligting was die struktuur moontlik die oorsaakplek vir houtwerkers en / of boswagters.

Op 1 Maart 1815 het die goewerneur 'n proklamasie oor die versameling van hout op aangewese openbare plekke en die verbod op die brand van veld uitgevaardig. Hierdie proklamasie was in wese 'n heruitreiking van die 1743-plakkaat. Daar was in daardie stadium, 1815, erge bergbrande en dit is toegeskryf aan onwettige houtversameling waar die hout wat onder die bome of struike lê, aan die brand gestee is. Dit moes die lewendige plante uitdroog om droë hout vinnig beskikbaar te maak: “Setting fire to the underwood upon the waste of public land, with the view of obtaining such wood in a dry state with less trouble to themselves...” Hier word die sondebokke as slawe en Oosterlinge uitgewys. Die bring van enige hout wat verbrand is deur vryswartes, Oosterlinge, Khoina en slawe na die stad of die verkope van sodanige hout op enige plek is ook met hierdie proklamasie verbied (NASA, KAB 1815b). Dit wil dus voorkom of die Britse regering teen 1815 besef het dat die groter openbare houtveld besig was om dramaties te krimp

en moontlik kon verdwyn. Teen 1815 was al die grond rondom Tokai, behalwe in die ooste waar Baas-harmenskraal aan Duckitt gegee is, asook die uitverhuring van Raapekraal, regeringsgrond en houtveld. Hierdie proklamasie van 1815 het enige verdere uitbreiding teen Tokai verhinder. Dit het nietemin ook die geleentheid geskep tot ergenis, indien houtplundering en brandstigting sou gebeur, waarop Eksteen in 1842 in 'n memorandum aan die Koloniale regering gesinspeel het (1842). Die nadeligste effek van die verkope van tradisionele houtveldgrond is die bewaringsaspek wat so verlore geraak het. Waar Buffelskraal en Raapekraal voor 1792 bekend was as 'n versamelpunt vir silwerboomhout (Sleigh 2004:182; Appel 1966:72), word daar deur sommige ekoloë betwyfel dat die silwerboom ooit sover suid voorgekom het. Hoewel ene Kraus reken dat die silwerbome inderdaad so ver suid as Muysenburg voorgekom het, word dit as 'n moontlike oordrywing afgemaak (SANBI 2008).

Vir alle praktiese doeleindes was die plakkate van die VOC steeds geldig, maar die Koloniale regering moes stelselmatig die wette wysig weens voortgesette houtplundering. Twee ordonnansies, Ordonnansie 5 van 1836 (Foster, Tennant, Jackson 1887:192-4) en Ordonnansie 28 van 1846 (Jackson, Tennant 1906:413-7), was pogings om die Kaapse Vlakte en Duine se gebruik by hernuwing met wetgewing vas te vat. Weiding kon net met lisensies geskied, maar houtplundering en onwettige rietkappery het na 1836 steeds voortgegaan. Die bou van 'n harde pad deur die duine het die probleme van gestroopte duine - met die gevolglike waaisandprobleem - op die spits gedryf en Ordonnansie 5 is in 1846 met Ordonnansie 28 herroep. Enige versameling van duineplantegroei is verbied. Swaar boetes, wat wissel van £5 en hoër tot tronkstraf en wat harde arbeid insluit, is in Ordonnansie 5 van 1846<sup>21</sup> vervat. Ook eienaars of huurders van grond in die Duine of Kaapse Vlakte se vryhede ten opsigte van die plantegroei is ingeperk. Montagu het na die bou van die pad in 1845 vygies of *Mesembryanthemum* op die duine teen die reusekoste van tussen £1,600 tot £1,700 aangeplant (Lister 1957:13). Lister se opmerking moet saam met Brown (1887:49) gelees word om die vygieoplossing in perspektief te sien: "From what has been stated, it appears that in the earlier portion of this century (19 de eeu), and in times proceeding, so far as is known, little or no supervision over the crown forests of the Colony was exercised by the Government." Brown vervolg dan met sy verduideliking dat daar sedert 1820 geen inkomste uit die verhuring van kroongrond gemaak is nie. Brown loof Montagu, koloniale sekretaris, wat twintig jaar later pogings aanwend om met plantasies die waaisand van die Kaapse Vlakte, tussen Tafelbaai en die Hottentots-Hollandberge, te herwin. Die aanplanting van vygies was dus geen geringe onderneming nie. Voorts reken Sim (1907:65), dat Ordonnansie 28 van 1846 (ook in Montagu se tyd) en in kombinasie met wetgewing teen ongeoorloofde vure, Wet nr. 18 van 1859, die Forest and Herbage Preservation Act, heel bruikbaar was. Sim (:35) skryf die latere besluitneming oor die aanplanting van uitheemse hout in bosboupraktyk toe aan gebrekkige kennis oor die inheemse hout en VOC-bosse van die Wes-Kaap. Daar kan aanvaar word dat daar geen formele

---

21 Die naam van Ordonnansie 5 van 1846 is: "... for preventing the Mischiefs arising from the cutting, rooting up, and destroying of Trees, Shrubs and Bushes growing on the Cape Flats and Downs" (Jackson, Tennant 1906:413-7).

beskerming of houtveldbestuur tussen 1806 en 1883 op Tokai, of die groter Steenberge, plaasgevind het nie. Die plaas, Kleinplaas, is in 1815 bo-op Silwermyn uitgereik (DRDLR 1815). Aanplanting van hout is wel in 1876 aangemoedig met die aanvaarding van Wet Nr. 4 van 1876, wat afdelingsrade en munisipaliteite aangemoedig het om bome te plant. Die helfte van die onkoste, tot 'n bedrag van £250, kon van die regering terugverhaal word (Sim 1907:82-4). Dit sou eers die Bosbouwet van 1888, Wet Nr. 28 van 1888, wees, wat kroongrond en kroonbosse definieer (:65). Teen daardie tyd was Tokai reeds 'n kwekery en plantasie.

Die Kaapse Skiereiland was teen die middel van die 19 de eeu 'n boerderygemeenskap waarin al die ingesetenes vir hul eie oorlewing in 'n bestaanstryd gewikkeld was. Boerdery se verdringing van fynbos was spontaan en het onverhinderd voortgegaan. Slegs in enkele gevalle, soos tussen Sandvlei en Zee-koevlei teen die kus, is duineplantegroei as kroongrond beskou (NASA, KAB 1821). Of dit werklik as sodanig bewaar is, word betwyfel in die lig van Ordonnansie 28 van 1846. In Januarie 1883 is die areas op die Kaapse Vlakte, wat deur Lister met akasias aangeplant is, as kroongrond verklaar (1883a). Die plaas, Tockay-Estate of Tokai-landgoed, is op 21 Februarie 1883 namens die koloniale regering deur die hoofinspekteur van Openbare Werke, W.M. Griers, in 'n private transaksie aangekoop. Daarvoor is £8,223/10/7 uit die departement se begroting geneem. Die doel van die aankope was vir die daarstelling van 'n inrigting vir geestesgestremde persone (NASA, KAB 1883g). Die belang van die omliggende kroongrond sou eers betekenis kry met die uitreiking van toestemming aan De Vasselot om daar 'n kwekery te begin (NASA, KAB 1883l).

In die tyd van Sebastian (Bastiaan) en Jacob Pieter (Japie) Eksteen is daar na die plaas as die Prinskasteel verwys. Hierdie verwysing blyk ook uit 'n kaart van seeluitenant Archdeacon (:1949) wat in 1869 opgetrek en vir die eerste keer in 1870 gepubliseer is. Die tweede verwysing kom uit korrespondensielêers van die Departement van Openbare Werke in 1883 rakende 'n diagram van die plaas: “*I have the honour to forward herewith a copy of the diagram of the farm Prins Kasteel*” now known as “Tokai.” (NASA, KAB 1883i) Die Engelse amptenary het die berg by sy ou naam, Prinskasteelberg, geken. Die kroongrond rondom Tokai is benewens die plaas ook Prinskasteel genoem.

Die verdere verloop en bestuur van bosbou word in Hoofstuk vier bespreek.

### **3.3 Ekonomiese benutting van Tokai: Die landbouperiode tot 1883**

Gedurende die Bataafse periode van 1803 tot 1806 was wynbou die hooflandbouaktiwiteit in die Kaapse Distrik. Die Kaapse Distrik, met 17,510,074 wingerdstokke, het die tweede meeste wyn geproduseer, naas Stellenbosch met 2,007,433 wingerdstokke. Van der Merwe (1926:298) kry sy inligting uit opgaaflyste, maar waarsku terselfdertyd dat opgaaflyste met voorbehoud geraadpleeg moet word, omdat boere volgens hul opgaaf belasting moes betaal en versigtig met die werklike aantal wingerdstokke omgegaan het. Wingerdboerdery het vir die volgende eeu die vernaamste ekonomiese aktiwiteit gebly. Benewens

die boer se hooflandboubedryf, moes hy vier basiese graansoorte vir sy diere en eiegebruik produseer, naamlik koring, hawer, gars en rog. Opgaafrolle het hierdie inligting verskaf, so ook die vraelyste van die Grondraad, byvoorbeeld die Grondraad se ondersoek in 1821 van Raapekraal (NASA, KAB 1821b). Wynverkope is met die verkope van hout aangevul. Die sensus van Petrus Michiel se boerdery vir 1810 is in Januarie en Desember opgeteken (1810a). Dit toon aan dat wynverbouing en die verkope van hout die bron van inkomste is. Dieselfde sensus toon aan dat hout ook op die buurplase Bergvliet, Baasharmenskraal, Raapekraal en Swaanswyk versamel en verkoop is. Behalwe Raapekraal, wat net hout verhandel het, was die hoofbron van inkomste wyn. Petrus Michiel se ekonomiese aktiwiteite was in ooreenstemming met die ander boere van die omgewing. Hy het bowenal Tokai met wingerde in dieselfde vallei, waar die toenmalige bekende Constantia-plase gevestigde wynplase was, gekoop.

### **3.3.1 Landboukundige waarde van die grond: suidelike Steenbergvallei in die algemeen en die Tokai-landgoed in die besonder**

Uit die rekords van die Grondraad kan sekere afleidings van die vrugbaarheid van die grond op die buurplase, Raapekraal en Swaanswyk, gemaak word. Swaanswyk is net suid van Tokai en Raapekraal net suid van Swaanswyk. Dit is oorwegend onvrugbaar (NASA, KAB 1821a;b). Waar akkerbou bedryf is, is die grond met mis verryk (TANAPb:1792;Van Zyl 1973:29). Op Groot Constantia het Cloete die bemesting as deel van sy landboupraktyk en begroting ingereken (Schutte 2003:16,212). Raapekraal en Tokai was in die 18de eeu houtveld van die VOC waar silwerbome en kreupelbos voorgekom het en gereeld gekap is (Appel 1966:72).

Tokai se grond is reeds in die 1830's as minderwaardig vir landbou beskryf. Die ekonomiese benutting van Tokai-landgoed is in die 1830's vir 'n ondersoek deur die Grondraad aanbeveel (NASA, KAB 1833). Dit blyk dat daar nie 'n formele verslag geskryf is nie, waarskynlik omdat Eksteen nie oor die fondse beskik het om die landmeter en ander ondersoekbeamptes te betaal nie. Die Grondraad het 'n aanbeveling gedoen, naamlik dat die ewigdurende erfpag van £15 tot £8/10 verlaag word weens die minderwaardige aard van die grond. Die aanbeveling is nie opgevolg nie (NASA, KAB 1836;1842). Die Kantoor van Grondsake was wel deeglik bewus van die ongunstige aard van die suidelike gedeelte van die groter Steenbergvallei as landbougebied, want 'n verslag is reeds in 1821 uitgebring toe die suidelike plase ondersoek is. Dit volg op 'n aansoek van G.J. Mocke van Raapekraal (1821). Raapekraal is die naaste plaas aan Tokai met 'n taamlike rekord van die Grondraad. Mocke wou sy leenplaas na ewigdurende erfpag omskakel. Besware van die eienaars van buurplase, Daniël Russouw van Swaanswyk, Matthew Donough en William Fiford, mede-eienaars van 'n anneks van Baasharmenskraal, asook voornemende kopers in die omgewing, is in September 1816 saam met Mocke se versoek ingedien. Hoewel 'n gedeelte van die verslag oor Mocke se versoek verlore geraak het, word daar heelwat oor die aard van en die drakrag van die grond gesê. Analises van die buurplase, wat ook in breë trekke met betrekking tot die beswaar ondersoek is, gee soortgelyke inligting, maar ook daardie dokumentasie is onvolledig. Die Grondraad se bevindinge

van 25 Maart 1821 vir Raapekraal en Swaanswyk (1821a;b), en die notas van 'n amptenaar op Eksteen se 1836-memorandum (1836b), toon een belangrike ooreenkoms: al drie plase se landbougrond word as minderwaardig gereken. Twee gemeenskaplike weidingsareas word ook in die verslag genoem: teenoor Raapekraal is 'n meent waar boere van die omgewing met die nodige weidingslisensies hul vee kon laat wei, asook agter die Steenberge, maar in die gebiedsgrens van Simonstad (NASA, KAB 1821b).

Die oorspronklike Raapekraal het oor 'n wye gebied gestrek en die geologie omvat 'n variasie van verskeie grondsoorte – van hoë berghange tot vleie en moerasse langs Sandvlei. Die Grondraad-onderzoek van 1821 dui die plaas aangrensend aan teen Zeekoevallei, die Vlake en grond agter die Steenberge (NASA, KAB 1821). Die omvang van die plaas is in 1821 op 1,491.5 morg / 1,270.2 hektaar bereken, waarvan slegs 3 morg of 2.6 hektaar geskik geag is vir agrariese verbouing. Vir die groentetuin, wat op die enigste vrugbare grond van ongeveer twee morg verbou is, is ruim van perdemis gebruik gemaak. Die aard van die orige grond is as baie suur beskou en kon net gebruik word indien daar vuur was. Daar was volop kreupelhout op die Steenberge bokant Raapekraal en agter Russouw se plaas. Tussen die opstal en die Keiserrivier, die huidige Westlake en 'n gedeelte van Pollsmoor, is die gras gedurende die wintermaande geskik vir weiding. Die drakrag van die plaas kon slegs tussen 20 tot 24 osse per jaar onderhou. Die enigste standhoudende fontein wat die Steenbergsrivier voed, is binne grond van 43 morg 475 vk. Roede / 36.8 hektaar wat op 5 Oktober 1813 aan Daniël Russouw as 'n leningsplaas gegee is. Volgens die verslag van die Grondraad van 1821 was die grootste gedeelte van Russouw se grond, wat oorspronklik deel van Raapekraal was, baie steil bergagtige hange, want dit behels 'n gedeelte van die Steenbergreeks. Die laer grond kon nie twee koeie per jaar hou nie, maar die genoemde fontein was die lewensaar van Russouw se boerdery op sy vrygrond. Die enigste gewasse wat aangeplant kon word, is suikerbosse. Daar het geen timmerhout op die plaas gegroei nie, net “brush wood<sup>22</sup>” (1821b;DRDLR 1880d).

Swaanswyk se boerdery is in 1685 deur kommissaris Hendrik Adriaan van Reede tot Drakenstein getakseer tydens sy reis in die omgewing. Hy gee die grootte van plase aan as 12 Rynlandse morg /10.22 hektaar (Pretorius 1998:22). Maar dit was voordat Michielsz 'n grondbrief ontvang het. Volgens die grondbrief vir Zwaansweijd van 23 Februarie 1688, was die plaas 25 Rynlandse morg of 21.29 hektaar. Die grondbrief bevestig wel dat 'n stukkie grond van 25 morg in 1682 deur Simon van der Stel aan Catharina Ustings op haar versoek gegee is, maar sy het nie 'n “verbruikersverband” of 'n grondbrief gekry nie (NASA, KAB 1688). Oortmans se grondbrief in 1711 vermeld twee stukkie grond, elk 16 Rynlandse morg of 13.6256 hektaar (1711) wat tot die eerste 25 morg van die 1688-grondbrief toegevoeg word – dus 57 morg. Die heropmeting in 1880 in ooreenstemming met Wet nr. 7 van 1865, die *Land Beacons Act*,

22 Laasgenoemde was waarskynlik struik soos kreupelhout, proteas en ander struikgewasse. Ook die glas- of wasbessie, 'n beskermde plant sedert 1778 (Naudé, Venter 1949:99), het in massas daar gegroei. 'n Beskrywing van ca 1800 van die area naby die voet van die Muysenberge of die Steenberge noem twee spesies van die wasplant, *Myrica cefera*, wat in groter getalle daar voorgekom het. Die was van die glasbessie is as kerswas voorberei (NASA, KAB ca.1800). Volgens Van Wyk (2015a) is die wasbessienaam onbekend. Kyk Bylaag C.

bepaal die gesamentlike eiendomsgrond van Ras en Oortmans as 62 morg en 445 vk. roede (DRDLR 1880g). Ras se teenwoordigheid op die grond oorvleuel gedeeltelik met die skaapposperiode en laat die vraag ontstaan of die area werklik geskik was vir skaapboerdery. Op die oog af wil dit so voorkom, maar daar is teenargumente.

Volgens Cairns (1979) was Catharina Ustings, of Trijn Ras na haar eerste man, in 1682 reeds vir twee jaar met haar vierde man, Mathijs Michielsz, ook haar “voorman”, getroud. Cairns gebruik moderne pleknamme, wat die historiese gegewens verbloem. Michielsz en Ras het reeds sedert 1677 in die “Tokai-vallei” op die plaas “Steenberg” as plakkers gewoon. Maar in 1677 was die skaappos, Aan de Steenberg, reeds gevestig (Sleigh 2004:172). Die Steenbergplaas het eers in 1813 sy naam gekry en dit was langs die oorspronklike Swaanswyk aan die suidekant geleë (DRDLR 1880d). Cairns berus haar aanname oor die plakkers op 'n opgaaf van 1692, waarin die Michielsze beweer dat hulle reeds vyftien jaar op die grond (Swaanswyk) woon. Maar in 1677 was Trijn nog getroud met Cornelissen, wat in Maart 1678 sterf (Robertson 2014). Ook was daar nie plakkers in die area nie, want Tokai, of Aan de Steenberg, was 'n buitepos. Die statistiek van die inwoners tussen 1676 en 1685 op die buitepos is jaarliks opgegee (Sleigh 2004:173), tensy Michielsz as 'n skaapwagter een van die inwoners was. Volgens Van Reede was daar 'n aktiewe boerdery in 1685 op Swaanswyk (Pretorius 1998:22). Van Reede noteer 8,000 wingerdstokke, koring, rog en gars, 600 skape en 140 stuks ander vee. Benewens Trijn, haar man, Thijs, en 'n totaal van ses oorlewende kinders uit haar onderskeie huwelike, word ook sewe slawe en 'n slavin aangetref (Pretorius 1998:21-2). Indien die skaappos van die VOC, asook Michielsz se kudde in aanmerking geneem word, skyn dit strydig te wees met die weidingspotensiaal van die area, soos wat uit die 1821-Grondraadverslag van Raapekraal en Swaanswyk blyk, asook die vergunning vir die groter Steenbergvallei se boere om hul vee aan die oorkant by die vleie te laat wei (Naudé 1951:76).

Daar word tussen 1676 en 1699 vier skaapkuddes vir die area gedokumenteer: die skaappos, Aan de Steenberg, wat net tussen 1676 en 1677 skape, maar herders tot 1682 notuleer (Sleigh 2004:173), die skaapkudde van Michielsz, wat, bloot toevallig, van 1682 af daar boer en in 1683 die ou lendelamme skaapstal van die buitepos koop (TANAPb 1683), die kudde van Henning Hüsing en Gerritsz, wat sedert 1678 in die area naby Sandvlei en die verste punt van die Steenberge hou (Sleigh 2004:172), en Russouw, wat aan die einde van die 17de eeu 'n groot kudde skape op Swaanswyk gehad het (TANAPc 1699). Die beste weiding was tussen die vleie, rofweg tussen Baasharmenskraal en Zeekoevlei en hierdie weiveld is later vir die boere van Wynberg, Constantia en die Steenbergvallei gereserveer (Naudé 1951:76). Sleigh (2004:338) reken die skraal weiding wes van die Steenberge het 'n nomadiese leefwyse nodig gemaak. Indien Hüsing en Gerritsz se nomadiese trekpatroon gevolg word, was dit ook aan die oostekant van die Steenberge die geval.

Wat vermoedelik kon gebeur het, is dat die skaapkraal van die VOC in 'n beskermde area op die hoër heuwels was, vermoedelik in Pondokvallei, maar dat die skape langs die vleie of oorkant die vleie

(Soetvlei, vlei by Baasharmenskraal) gevreet het. Hüsing en Gerritsz (Sleigh 2004:172) het in 1678, met die verstryking van hul dienskontrakte, vryburgers geword en toestemming gekry om in die uiterste hoek van die Steenberge skape te mag aanhou. Die Kompanjie het gereken dat daardie area te ver was om enige nut vir die VOC in te hou. Nog in dieselfde jaar, 1678 het genoemde Hüsing, Gerritsz en S. Stevens verlof gekry om hul vee agter die Steenberge te laat wei (Sleigh 2004:296). Hoekom? Want hulle kudde(s) het heel moontlik met die kudde van Aan de Steenbergh om weiding meegeding en hulle moes padgee, of die veld was kaalgevreet. In die volgende jaar het Hüsing sy skape met die goedkeuring van die Politieke Raad verby die Eersterivier oppad na Hottentots-Hollands laat wei (TANAPb 1679). Hy het heeltemal uit die area padgegee. Dus was die area oop vir die kudde van die VOC, wat in 1679 drie herders, een herder meer as normaalweg, opgee (Sleigh 2004:172). Statistiek vir skaapherders op Aan de Steenbergh eindig in 1682 (Sleigh 2004:172), die jaar wat Trijn Ras die reg by Simon van der Stel ontvang om op Swaanswyk te boer. Het Michielsz die skaapkudde van die VOC met voorwaardes oorgeeneem? Toe hy in 1683 die skaapstalling oorneem, was dit in 'n erg verwaarloosde en vervalde toestand (Sleigh 2004:172-3) – moontlik in onbruik. Teen 1683 was die enigste skaapkudde in die omgewing die van Tijs Michielsz. Maar sy plasie was te klein om 600 skape en ander vee aan te hou. In 1685 betree Van der Stel die vallei. Die Michielsz het in 1695 die plaas aan Frederik Russouw verkoop en die omgewing verlaat (Dane 1981:16). Het die Michielsz se kudde in konflik met vee van Simon van der Stel gekom? Laasgenoemde het sy boerdery sedert 1685 op Constantia gevestig en sou ook sy vee elders moes laat wei. Dit is ook in ongeveer dieselfde tyd, 1693, wat Simon van der Stel die Visserbroers van Witteboomen laat verwyder het (Sleigh 2004:260-1). Russouw is in 1699 oorlede (TANAPc 1699). In 1700 kry Simon van der Stel onbepaalde weidingsregte in die Steenbergvallei (NASA, KAB 1700), maar Russouw se weduwee moes haar skape iewers laat wei. Dit is duidelik dat die suidelike Steenbergvallei, waar die VOC-skaappos was, nie al die verskillende kuddes tussen 1676 en 1885 van weiding kon voorsien nie. Miskien was die Grondraad se bevindinge oor die ongeskiktheid van die grond vir weiding baie meer akkuraat as gereken word. Ook korreleer dit met 'n kommentaar op die diagram op Oortmans se titelakte van 1711: “onbekwaam landbouland” (NASA, KAB 1711).

'n Moontlike alternatiewe verklaring vir die aantal skaapherders en die afwesigheid van skape, is dat Hüsing en Gerritsz, asook Stevens, op die skaappos, Aan de Steenbergh, gebly het. Dit was 'n verafgeleë en onbewoonde terrein. Indien die VOC die skape op voorwaarde aan die vryburgers uitgegee het, kan dit moontlik verklaar waarom daar nie statistiek vir die skape vanaf 1677 is nie – die skape was nie langer die eiendom van die VOC nie. Meer as 100 jaar later verklaar die VOC-beleid in 1791 dat daar slegs beeste van die Constantia-boere by Baasharmenskraal mag wei – geen skape of bokke nie. Dit word verbied (Sleigh 2004:265). Simon van der Stel het voorts in die 1680's besluit om skaapkrale in die noordelike Skiereiland op te rig en al die skape daar te hervestig, weens siektes wat direk met klam toestande verband hou. In 1682 is twee soldate en skape by Elsjes Corael geplaas en drie jaar later was daar reeds 995 skape (Sleigh 2004: 170). Clapmuts is die volgende jaar aangelê en 'n skaaphok vir 1,000 aanteel-



oie is in die somer van 1683 daar opgerig (Sleigh 2004:165, 198-9). Die groter Steenbergvallei was histories grotendeels ongeskik vir vee. Dit suggereer dat die Khoi-herders se standplase wel tussen die vleie na Zeekoevallei se kant toe was, maar nie op die hange van die Steenberge nie.

Betreffende die plantegroei, word ook Swaanswyk se plantegroei as kreupelbos aangegee. Teen 1717 was die omliggende grond oordek met kreupelhoutbosse (TANAPb 1717b). Die houtvester, Hendrik Ernst Erhart, bevestig in 1717 tydens 'n verdere grondaansoek van Frederik Russouw, dat die Kompanjie nooit daar laat kap het nie. Dit op sigself bevestig dat die omliggende grond houtveld van die Kompanjie was en dat die grond nie as weiding vir skape deur die VOC-pos of die ander inwoners van Swaanswyk gebrand is, soos wat die vryburgers by die Khoi-veeherders leer doen het nie (Jeffreys, Naudé 1944:46; TANAPb 1680). Die weiveld was elders.

Sleigh (2004:172-3) kon nie 'n verklaring vind waarom die skaappos van die VOC in 1682 opgehou het om te bestaan nie. Die daaropvolgende gebruik van die veld as houtveld gedurende die 18de eeu en daarna suggereer dat hout meer ekonomies as skaapboerdery op daardie spesifieke stuk grond was. Baasharmenskraal was in 1728 sowat vier en 'n half uur te perd vanaf Tafelbaai (TANAPb 1728). Buffelskraal was tussen twee plase en skiuns teenoor 'n regeringspos, Baasharmenskraal en sedert die 1740's baie naby aan Muysenburg en Witteboomen. Hout neem baie langer om tot wasdom te groei as die vetmaak van skape vir die mark. Die VOC was 'n besigheid: Buffelskraal se mees ekonomiese voordeel het voorrang geniet.

### **3.3.2 Die belangrikheid van Baasharmenskraal en Soetvlei vir Tokai se veekuddes**

Petrus Michiel het aanvanklik trekvee vir sy eie vervoer en vir transportry aangehou (NASA, KAB 1806a), maar in later jare vee gevoer om aan sy seun, Hermanus Arnoldus se slaghuis te lewer (NASA, KAB 1840;1848;1849). Ook het hy sy seun Japie gehelp om op sy voete te kom. Hermanus se slaghuis in Wynberg het aan Eksteen (senior) 'n afsetplek gegee. Die vetvoer van slagvee op Tokai is later heeltemal aan Japie toevertrou (1842b). Weiding was egter 'n probleem vir boere van die vallei (Naudé 1951: 76), maar Tokai was baie naby aan Soetvlei, wat die afloopgebied van die Buffelsvlei onderkant die palmiete is (Brommer 2009:192,163; NASA, KAB 1883n). Tokai het egter nie die voordeel van die afloop van die Soetvleiwat gehad nie.

Die minderwaardige grond van Tokai is moontlik ook aan die bergwater toe te skryf. Geoloë reken die water van die Tafelbergformasie het 'n pH van 4, wat die teenwoordige suur tien maal hoër as reënwater met 'n pH van 5,6 maak. Hierdie water syfer deur al die rots- en grondlae en dit het op die ou einde 'n groot invloed op die tipe plantegroei wat deur die verskillende klippe en rotsoorte ondersteun word. Die bergwater van Tafelberg, ook Constantiaberg, is so suur, omdat die regte bestanddele nie in die grond voorkom om die suur te neutraliseer nie (Compton 2004:34-5,95). Maar teen die tyd wat die water in

Soetvlei vergader, is dit taamluk deur die palmiet, *Pronium serratum*, gesuiwer (Bezuidenhout 2013). Die palmiete het nog altyd in die rivierbedding voorgekom (TANAPb 1728;NASA, KAB 1883n). Die water direk onderkant die palmiete was waarskynlik soet in verhouding met die water van die Buffelsvlei bokant die palmiete en die brakwater by die Keisermond, die inloop in Sandvlei (TANAPb, 1728; Brommer 2009:192). Vir Eksteen sou dit beteken dat hy aan die gesuiwerde kant van die water moes weiding bekom, sodat hy goeie weiding vir sy vee kon kry. In 1803 het De Anneks van Eksteen nie aan Soetvlei gegrens nie. Dit het eers met die 1814-uitbreiding moontlik geraak. Soetvlei was deel van Baasharmenskraal, soos blyk uit die titelakte van 1806. Streng gesproke was Soetvlei in die groter Buffelsvleiarea waar dit met die noordwestelike strome verenig en as die Keisermond na Sandvlei vloei (Brommer 2009: 163). Die 17 morg grond wat Elizabeth Scholtz, Eksteen se moeder, 'n paar maande na Duckitt se oordrag van hom koop, word van Baasharmenskraal se oppervlakte afgetrek (NASA, KAB 1806d;e). Dit is waarskynlik 'n uitbreiding op die ou anneks wat die eienaars van Bergvliet sedert 1764 as leengrond gehad het (TANAPb 1764). Soetvlei, erf 3260 Constantia, is sedert 1830 'n aparte plaas van 69 morg en 570 vk. roede, met verskeie amendamente van aangrensende grond. Dit is op 28 November 1865 aan W.F. Hertzog as leengrond uitgegee (DRDLR 1885). Die uitgif van die grond in 1830 as 'n aparte plaas het die weiding van die Constantia-boere 'n verdere nekslag toegedien, want Baasharmenskraal se weiding was reeds in 1806 vir hulle verlore. Hulle het wel weiding, met lisensies, verder suid en regoor Raapekraal verkry (NASA1821a).

Baasharmenskraal (TANAPb 1728:38-50) was teen 1728 ruim vier uur vanaf Tafelbaai en die vleiarea deurtrek met palmiet. Tussen Baasharmenskraal en Buffelskraal het verskeie vleie stroomaf gevorm wat die area baie nat, koud en blootgestel aan die ysige wind wat oor Valsbaai landinwaarts waai, gemaak het. 'n Proefneming in 1727 om indigoplante in een van die vleie by Baasharmenskraal te plant in 'n area waar die palmiet spesifiek daarvoor verwyder is, het misluk. Die ondersoeker verwys na brakwater, wat die groei verhinder het. Daarmee kan aanvaar word dat die see ver in Sandvlei opgestoot het as die mond oop was. Die De Vasselot-kaart van 1883 (NASA, KAB 1883a) bevestig die vlei gebied stroomaf van die Eksteens se wingerd as 'n palmietvlei. Eksteen se palmietvlei<sup>23</sup> is stroomop van Soetvlei. Die verste oostelike vlei gebied van die Prinskasteelrivier is huidig bedek met palmiet en vorm deel van die groter vlei land gebied van Tokai, hoewel dit tans verkeerdelik Soetvlei benoem word (Rebelo 2010:47;DRDLR 1885).

Petrus Michiel se grondaansoek van Oktober 1803 waarna reeds verwys is, het nie gerealiseer nie. Dit moet egter ook saam met die tydsomstandighede en regeringsbeleid gelees word (NASA, KAB 1803h). 'n Regulasie waarvolgens geen uitspanningsplek of weidingsplek se water deur 'n eenaar teruggehou mag

---

23 Palmiet (Xama 2011) kan 'n ondeurdringbare massa plante in 'n waterbedding vorm. Dit word gewoonlik in vleie, moerasse, riviere en op rivieroewers in digte plantmassa aangetref. Die plante word ongeveer twee meter hoog en het blare met vlymskerp tandagtige rande.

word nie, is op 7 Julie 1803 uitgevaardig (Naudé 1951:44-45). Baasharmenskraal was 'n weidings- en uitspanningsplek van die VOC se transportosse tot 1791 (Sleigh 2004:264), en die strome van Vlakkenberg en die Prinskasteelberg het in Soetvlei en die Keiserrivier in die vleie by Baasharmenskraal gevloei. Maar tydens die laaste jare van die VOC-periode was die Prinskasteelrivier in 'n sloot na die Steenberg-rivier herlei (TANAPb 1795b; Brommer 2009:192). Ook was daar 'n voorwaarde aan die uitreiking van De Anneks, naamlik dat die afloop van die helfte van die bergwater na Bergvliet toe deurgelaat moes word (NASA, KAB 1795a). Dit is by implikasie Soetvlei, want Bergvliet is aan die oorkant, noord en noordoos, van Soetvlei geleë (DRDLR 1887). Dit het beteken dat Eksteen in 1803 moes toesien dat die Prinskasteelrivier se water na Soetvlei toe afloop.

Petrus Michiel moes ook gehoor gee aan die voorwaarde in die grondbrief van 1795 (NASA, KAB 1795a). Die waterordonnansie van 7 Julie 1803 bepaal dan ook dat geen water van waterleiding of damme vir die eienaar se alleenreg gehou mag word nie; dat die water tot almal se voordeel en gerief skoon gehou moes word en dat enige wangedrag die weidingsplek se vergunning opskort. Die uitspanningsplek kon dus per erfpag of lening aan iemand toegestaan gewees het. Baasharmenskraal was in September 1803 steeds 'n regeringspos, maar die weiding is beperk tot die gebruik van die eenaars van hofstede (boerderye) om en by die Steenberge, Constantia en Wynberg (Naudé 1951:75-81). Die bepaling is op 29 September 1803 by herhaling bekragtig en verwys terug na plakkate en ordonnansies van 6 September 1767, 29 Junie 1787, 5 Desember 1791 en 24 November 1794. Dit wil dus tog voorkom of 1803 die bepalende datum was vir die vestiging van die kanaal, indien die aansoek van Eksteen van 1803 in berekening gebring word, asook die waterbepaling van 1803. Dit raak ook die aanlê van wingerde in die rivierbedding, wat tydens die verlegging na die Steenbergsrivier, aansienlik droër was. Eksteen se mislukte grondaansoek van 1803 het beteken dat hy, soos die ander boere, jaarliks 'n weidingslisensie moes uitneem.

Die jaarlikse weilisensie het Rds 10 gekos en die boere kon ook hul vee laat wei by die ander voormalige poste, Varkens Valleij, Vaderlands Riet Valleij, Harders Valleij en Diepe Valleij, maar geen skape of bokke is daar toegelaat nie. 'n Plakkaat is dan ook in Desember 1791 daarvoor uitgereik (Naudé, Venter 1949:67-7; (TANAPb 1791g). Hierdie reëling was egter teenstrydig met die boerderypraktyk van Hendrik Oostwald Eksteen, woonagtig te Bergvliet. Bergvliet lê noord-noordoos van Baasharmenskraal. H.O. Eksteen het geruime tyd, “zeedert lange jare”, die vergunning gehad om sy kudde skape en bokke, 300 – 400 diere, in die weiveld tussen sy plaas Bergvliet en die Diepe Valleij langs die Harder Valleij en Vlaminkenvalleij te laat wei – 'n vergunning waarvan die baas van De Schuer, Andreas Rauch, kennis gedra het. Die groot trop skape en bokke is deur Eksteen benodig om vleis vir die groot aantal slawe en sy groot gesin te verskaf. Dit was ook onontbeerlik vir die wyngaard en akkerbou, aangesien die vee se mis daarvoor versamel is: “...als zijnde een der aller onontbeerlijke voedzel, zoo van't Huijsgezin als landerijen.” Saans is die vee teruggeneem na Bergvliet. Eksteen het versoek dat die vergunning gehandhaaf moes word.

Rauch het Eksteen se afbakening van die gebied skriftelik bevestig en ook genoem dat Eksteen se vee nie so ver as Zeekoevleij gewei het nie. Die politieke raad het daarop Eksteen se vergunning gehandhaaf, maar met die voorwaarde dat sy vee nie die weiding wat aan die karweiers afgestaan is, mag benadeel nie (TANAPb 1792). Daar was dus reeds in 1792 konflik oor weidingsplekke en die tipe diere wat toegelaat of verbied is. Ook sou dit voornemende huurders soos Petrus Michiel uitskakel. Dus was Soetvlei, of grond teen Soetvlei, vir Eksteen baie belangrik.

Die Eksteens van Tokai en Bergvliet het dan ook in 1804 heftig beswaar gemaak teen 'n aansoek van 'n derde party om grond tussen die twee plase te huur (NASA, KAB 1804). 'n Gedeelte van Soetvlei was sedert 1764 leengrond van Bergvliet (1838a; TANAPb 1764). Die rekognisiefooi is net tot op 4 Desember 1786 betaal. Dit is onseker wat daarna gebeur het, maar op 4 April 1814 is dit aan H.O. Eksteen se weduwee, Elizabeth Scholtz, vergun (NASA, KAB1838a). Die erfpag word dan tot en met 7 September 1830 vir 'n onbekende periode aan Petrus Michiel oorgedra, waarna dit aan Johannes Paulus Eksteen vergun is (NASA, KAB1830). Elizabeth Scholtz het ook sowat 17 morg van Duckitt se grond in 1807 gekoop (NASA, KAB 1806e). Op hierdie wyse het Petrus Michiel heelwaarskynlik weiding vir sy trekvee bekom, deur van sy familieverbintnisse gebruik te maak, asook sy eie leningsreg. Maar in 1837 word die bordjies verhang met die bankrotskap van sy moeder en so het Eksteen sy laaste toegang tot Soetvlei verloor (NASA, KAB 1837a). Boonop bekom Munnik in dieselfde jaar grond in die Soetvleiaera (NASA, KAB1837) wat die area verder ontoeganklik vir Petrus Michiel gemaak het.

Eksteen (senior) se vee het, volgens die opgaafrol van Desember 1810, hom ook op die gemeenskaplike weidingsplekke vir Constantia-boere aangewese gemaak (NASA, KAB 1810;Naude, Venter 1949:75-8). In 1812 het Hendrik Cloete senior 500 skape en 100 osse gehad en die tekort aan weiding was 'n probleem (Van der Merwe 1987). Die tekort aan weiding was ook vir sy vader, Hendrik de Oude, 'n groot bron van kommer (Schutte 2003:212). Dit het ook die bymekaarmaak van mis vir bemesting bemoeilik. Die aanhou van vee was 'n noodsaaklikheid vir wingerde se bemesting, of wynboere moes die mis aankoop. Eksteen se klagtes oor die onvrugbaarheid van die grond het hom genoop om veeboerdery op te neem. As oplossing vir sy weidingsprobleme is fynbos gebrand (NASA, KAB 1842). Volgens Barnard (1998:84) het boere mekaar nie weggegee nie. Ook was dit gerieflik om die brand van houtveld op kroongrond aan 'n derdeparty toe te skryf, want daar het nie vervolgings plaasgevind nie. Die eerste wetgewing teen die ongemagtigde brand van kroongrond is in 1859 aangeneem (Sim 1907:35). Die verlies van Baasharmenskraal en die uitreiking van die leenplaas, Soetvlei, was 'n gevoelige slag vir Petrus Michiel.

Tokai was egter nie heeltemal van Soetvlei afgesny nie – aan die oorkant van die Ondertuine was daar 'n klein stukkie grond wat aan Soetvlei gegrens het (DRDLR 1885;Diagram 5 Bylaag B). Saam met die veld wat gebrand is, het dit moontlik voldoende weiding vir die noodsaaklike trekdier soos osse en vleisskape verskaf. Die weduwee van Sebastian en haar mede-eienaar, Japie, het in 1883 net twintig osse, agt

koeie, waarvan drie melkkoeie, drie perde, vyf merries, 'n groot aantal vet varke, pluimvee en 200 bokke gehad (NLSA 1883a). Hierdie vee is op 'n openbare vendusie op Vrydag, 9 Maart verkoop. Daar word geen melding van skape gemaak nie. Kort na die oornam van die plaas op 9 Februarie 1883 deur die koloniale regering, het 'n Duitser se kudde onbekende diere op Tokai gewei (NASA, KAB 1883b; 1883f). In daardie stadium is die weduwee Eksteen en Japie toegelaat om in die huis te woon, maar die boerdery was reeds aan die kontrakteur, ene Hyslop, oorhandig. Sy is op 21 Februarie 1883 deur die hoofklerk van die Departement van Openbare Werke versoek om toe te sien dat die Duitser homself en sy vee moet verwyder en dat daar nie ander “plakkers” op die plaas toegelaat moes word nie (1883f). Volgens die huurooreenkoms was die plaas in 'n baie goeie toestand en die hoofklerk wou dit graag so behou (1883d). Die weiveld wat deur die Duitser se vee gebruik is, word nie genoem nie, maar dit was heel moontlik die grond wat Petrus Michiel (senior) laat brand het en so weiveld geskep het. Dit was oorspronklik 'n dig begroeide fynbosgebied (NASA, KAB 1809a), maar wat deur gereelde veldbrand in 'n weiveld omskep is. Die leengrond stem min of meer ooreen met die gedeelte wat in die 1880's bekend geraak het as die skietbaan of die Rifle Range: dit was grond wat in 1886 deur die weermag vir skietoefeninge gehuur is (DRDLR 1925).

Met die verkoping van die plaas in Maart 1883 aan die regering het die leengrond outomaties na die koloniale regering teruggegaan. Dit het nooit 'n gedeelte van die Tokai-landgoed in 'n grondbrief gevorm nie. Tokai-landgoed of *Tockay Estate* (Engels) het uit die twee gedeeltes eiendomsgrond en een gedeelte ewigdurende erfpaggrond bestaan. Die skietbaan is daarna direk deur die Koloniale regering bestuur: “Regarding the rifle range – I have to inform you that permission was granted to the Imperial Authorities in November 1886 to use this land as a range for field practice subject to the right of resumption by the Colonial Government when required” (DRDLR 1925). Ook die De Vasselot-kaart van 1883 toon die grond noord van die noordelike grens van die plaas aan as kroongrond, maar sonder om dit as erfpaggrond aan te dui (NASA, KAB1883n). Die heropmeting van die plaas van die omgewing in ooreenstemming met die Land's Beacon Act, Wet 7 van 1865, het tussen 1880 en 1890 plaasgevind (DRDLR 1890). Daar kan met redelike sekerheid aanvaar word dat die De Vasselot-kaart sou ooreenstem met bevindinge van die Kantoor van die Landmetergeneraal. Ook is Tokai opgemeet, maar nadat die regering reeds die plaas gekoop het. Omdat daar toe nog geen bosboubedryf was nie, kan die grond wat bewerk is, as taamlik akkuraat beskou word. Die De Vasselot-kaart was waarskynlik ook in ooreenstemming met die diagram, “... van die plaas "Prins Kasteel"”, toe bekend as Tokai...”, wat vir die Departement van Openbare Werke opgestel is toe hulle die oes van die druiwe en groente op tender uitgeplaas het (NASA, KAB 1883d; NLSA 1883). Hierdie diagram, wat deur die Kantoor van die Landmeter-generaal opgetrek is, is op 17 Februarie 1883 aan Hyslop oorhandig. Peter S. Hyslop het die kartering van die plaas gedoen (NASA, KAB 1883d;e;f). Die kaart van die landmeter, Edward H.S. Melvill van November 1885, toon reeds verandering ten opsigte van paaie op die plaas aan en sluit ook die leengrond uit (1885b;DRDLR 1887b). Melvill se kaart is op Hyslop se kaart gebaseer. Hierdie grond is uiteindelik by die Porter-eiendom

ingereken (DRDLR 1902; Diagram 3-4;54 Bylaag B).

Die ligging van die leengrond of erfpag van Petrus Michiel word beskryf as ten noorde van sy plaas, Tokai (NASA, KAB1811;1811a). Die 1898-voorraadkaart van aanplantings op Tokai dui die presiese posisie van die skietbaan aan en dit stem ooreen met die huidige Rifle Range, asook grootliks met die grondbeskrywing van 1811 (1898). Dit het nie aan enige van die twee stukkie voltitel van onderskeidelik 1792 en 1795 gegrens nie. Die leengrond was op 'n strook regeringsgrond, aangrensend aan die suidelike gedeelte van die oorspronklike uitgif van 1685 aan Simon van der Stel. Die plaas, Buitenverwachting, is later op die suidelike gedeelte van Constantia aangelê (DRDLR 1880f). In sy aansoek in 1809 beskryf Eksteen die grond soos volg: dit is geleë naby sy plek Tokai by die Steenberge. Die grond se natuur is “...woest en onbebouwd is blywen leggen doch door ontginning tot zeer nuttige eindens voor al tot 't aanplanten en aanleggen van houd (hout) gewassen zoude kunnen worden dienstbaar gemaakte” (NASA, KAB 1809b). Hierdie grond was ongetwyfeld onder natuurlike plantegroei en het deel uitmaak van die Buffelskraalhoutveld. Daarom was die 1811-leengrond nie 'n totaal nuttelose stuk grond nie. Eksteen verduidelik reeds in sy aansoek hoe hy die grond wou benut, naamlik deur gewasse te plant wat brandhout sou lewer. Dit suggereer dat die boere bekend was met metodes om inheemse houtgewasse as brandhoutplante te plant. Dit het boere in staat gestel om hout naas wyn te verkoop. Die gebrek aan natuurlike weiding op plase in die groter Steenbergvallei het veeboerdery van nature beperk. Die natuurlikste kommoditeit was en is inheemse kreupelbos of fynbosbrandhout, want dit het natuurlik daar voorgekom. Ook was die grond nie bederf met akkerbou of grasbrand nie, want dit was sedert 1714 amptelik regeringshoutveld. Die burgers is boonop in die laat 1692 vir houtinsameling beperk tot die langhoogte in die Houtbaaiarea, wat daarop sinspeel dat hulle nie in die Buffelsvleigebied, anderkant Simon van der Stel se grond, kon kap nie. Waar kreupelhout teen die lang hoogte gekap is, moes dit so gedoen gewees het dat dit weer kon groei (Jeffreys, Naudé, Venter 1944:277). Waar 'n boer sy veld se hout in die 19de eeu gekap en verkoop het, het die boere oor oorgelewerde kennis beskik om die grond weer te “bepoot”, of saad te strooi wat voor kap geoes is of gekweekte plantjies van inheemse struik te plant. Plantjies is onder meer tussen 1803 en 1806 op Witteboomen gekweek (NASA, KAB 1803f). Houtlewering in 1810 was nie verniet die tweede bron van inkomste naas wynbou op die plase van die omgewing nie (NASA, KAB 1810a).

### **3.3.3 Houtverkope, Tokai-landgoed**

Eksteen het in 1833 die grootste gedeelte van die ewigdurende erfpaggrond te Tokai as bergveld beskryf en gereken dit is vir akkerbou volkome nutteloos (NASA, KAB 1833). Die westegrensllyn tussen Eksteen se grond en die kroongrond was 'n klein entjie bokant die woning. Eksteen se grond het nie die hoër en steiler heuwels van Constantiaberg ingesluit nie (DRDLR 1887b). In 1842 bekla Eksteen weer sy lot oor die nuttelose aard van die grond vir landbou (NASA, KAB 1842). Die beskrywing wat Eksteen dan van die bergveld gee, “houtagtig” en “struikagtig”, sou kon ooreenstem met die geologiese beskrywing van

die grond as suur en uitgeloog (Van Rensburg ca 1985:15-6). Die plantegroei kon dus heide, kanette, suikerbosse, tolbosse, speldekussings en silwerbome gewees het. Die westelike hang van Pondokvallei is grootliks 'n droë helling en beslaan 'n taamlike stukkie bergveld. Daarteenoor is die laer heuwels van die ander plase reg noord van Pondokvallei almal onder wingerde (Kaapstad 1931). Eksteen rapporteer in sy 1842-betooag dat die hout en struik aan die brand gestee en vernietig is (NASA, KAB 1842). Eksteen voel dat hy die grond slegs en alleenlik as weiveld kan aanwend. Dit is reeds in 1680 gedokumenteer dat boere fynbosveld aan die brand gestee het om weiding te stimuleer (TANAPb 1680). In die 19de eeu dokumenteer Brown, die regeringsbotanis, dat die praktyk steeds beoefen is (Brown 1887:111). Eksteen motiveer dus sy oorslaan na veeboerdery met twee redes: swak landbougrond en veld wat herhaaldelik gebrand het. Eksteen se argument oor weiding is dan ook teenstrydig met die Grondraad se bevinding rakende die natuurlike weiding op Russouw se leningsplaas, Steenberg. Laasgenoemde se steil hellings sou nie twee koeie jaaruit kon onderhou nie.

Tradisionele houtveld of fynbos wat nie as leengrond uitgegee is nie, is onderwerp aan volgehoue brand asook die plundering van hout in die duineveld op regeringsgrond, wat nie verkoop is nie (NASA, KAB 1815b). Die verlies aan regeringshoutveld het egter ook vir boere die geleentheid geskep om hout te plant en het ook op so 'n wyse by die ekonomie betrokke geraak. F. Kirsten het reeds in 1800 een van sy plase alleenlik met bome aangeplant en so 'n goeie bestaan uit die lewering van brandhout gemaak. Hy het onder meer eike-, denne- en kastaiingbome aangeplant op 'n tweede plaas naby Wynberg (Nobbs 1942: 87). Ook ander boere het die voorbeeld gevolg. Die 1810-opgaaf toon die belangrikheid van houtverkoop as 'n inkomste vir die boere rondom die ou Buffelskraal / Raapekraalhoutvelde (NASA, KAB, 1810a). Teen 1849 het Petrus Michiel steeds elke maand hout gelever (1842b). In November 1849 het hy selfs sparre vir Rds100 gelever. Dit suggereer dat hy moontlik sparbome<sup>24</sup> of *Picea abies* aangeplant het (Appel 1966:121 vn351). Selfs tydens die skielike verkope van die plaas in Februarie 1883 is nog hout verkoop. Ongeveer agt vragte brandhout het gereed gelê om deur Japie Eksteen weg te ry en verkoop te word (NASA, KAB 1883e). Die laaste eienaars is toegelaat om dit te verkoop. Die skaarste aan brandhout in die Kaapse Skiereiland het 'n geleentheid vir 'n ekstra inkomste vir boere gebly. Die foto van huisnr 1, 1902, vertoon ouer dennebome bokant die opstal (Diagram 38 Bylaag B).

Hout was 'n agterdeur in nood en het kontant in die hand gewerk. Om brandhout te lewer, moes leweransiers registreer (NASA, KAB 1822c). Belasting is per vrag betaal. Ook moes lisensies vir waens uitgeeneem word. Hierdie afleiding word gemaak uit die betrokke register in die Kaapse argief, maar geen verdere besonderhede word oor die belastings van leweransiers gegee nie. Petrus Michiel het in 1849 Rds 942 uit die lewering van 44 vragte brandhout gemaak en Rds 100 uit die lewering van 'n bestelling sparre (1842b). Een vrag hout het ongeveer Rds 23 ingebring. Die gesamentlike lewering van hout het

---

24 Kruyskamp (1961:1862) sê dit verwys na verskillende soorte naaldbome. Die gewone spar is *Picea excelsa*. Daar word o.a. verwys na die silwerspar (*Abies alba* en *Picea*).

dus sowat £70/15 ingebring. Hierteenoor het die 18 lêer wyn wat Petrus Michiel in dieselfde jaar teen £5 elk verkoop het, potensieel £90 ingebring. Maar daarvan moes hy £2 aftrek om die ryloon te betaal. Gesamentlik word sy wynlewering in 1849 op 20 lêer wyn gestel. Teen £5 per lêer sou die wyn vir hom 'n inkomste van £100 bied teenoor die sowat sowat £70/15 vir houtlewering. Die insetkoste van hout was waarskynlik aansienlik laer as vir wynmaak. Indien die skietbaan se grond die area van hout en struik was wat Eksteen toegelaat het om te brand, is die hout ontgin op ander gedeeltes van die plaas en dalk moontlik buite die grense van die landgoed (1840;1842;1842b). Die silwerhoutbos wat op die 1883-kaart aangetoon word, was grotendeels op die plaas. Die boonste gedeelte was op kroongrond (1883n). Daar word nie genoem dat die hout buite die grense van die landgoed gekap is nie. Dit was egter teen die wet om hout op sogenaamde “waste land” of grondstroke tussen eiendomme te vergader, tensy die houtkapper 'n permit gehad het (1815b;1841). Die register vir houtpermitte kon nog nie opgespoor word nie, maar 'n regeringsverslag in 1836 toon die bedrag vir uitgereikte permitte as £134/9/9 en sewe-agste pennies aan. Hierdie permitte het vir hout- en rietkap gegeld. Die Eksteens het waarskynlik almal permitte gehad. Dit kan ook wees dat almal in die omgewing geweet het dat die Eksteens op die regeringsgrond rondom die plaas hout vergader het. Hoe dit ook al sy, vir die Eksteens was die lewering van hout 'n agterdeur in nood.

Die lewering van hout het kontant in die hand gewerk waarmee noodsaaklike lewensmiddele aangekoop kon word, soos wel aangetoon kan word in 1849 (NASA, KAB 1842c). 'n Duidelike ooreenkoms tussen die lewering van hout en die aankope van kos en goedere vir die huis en die arbeiders is opvallend. Die kos van die arbeiders was brood, rys, afval, suiker, kerse, tee, kopvis en seep. Dit wil voorkom of van die kos uit die huis gemaak is. Die huis se koslys het ingesluit brood, vis, rys, sout, suiker, vleis, kerse en tee. 'n Vergelyking tussen die inkomste ontvang uit hout gelewer en uitgawes vir die huisgaard toon aan dat die hout sowat Rds 942 ingebring het teenoor die kosuitgawes van Rds 973.

#### **Lewering van hout en kosaankope, Januarie tot November 1849**

<b>Maand</b>	<b>Inkomste uit hout gelewer</b>	<b>Uitgawes kos e.a. vir die huis</b>
Januarie	Rds 66/2/4	Rds 67/1/2
Februarie	Rds 92/5/2	Rds 92
Maart	Rds 116/4/2	Rds 101/2/4
April	Rds 83/2/6	Rds 82/1/2
Mei	Rds 71/5	Rds 84/1/2
Junie	Rds 116/5	Rds 94/1/2
Julie	Rds 65/2	Rds 80/6/4



Augustus	Rds 90/2	Rds 105
September	Rds 80	Rds 92/4
Oktober	Rds 75	Rds 90/1/2
November	Rds 87	Rds 85/4
Totaal	Rds 942...	Rds 973...

(NASA, KAB 1842b)

### 3.4 Druiveverbouing en wynbereiding

Hoewel Eksteen (senior) nie die eerste wingerde op Tokai aangeplant het nie, het hy die grondslag vir Tokai van die 19de eeu gelê. Eksteen se ekonomiese bestaanstryd versinnebeeld wynboere van die 19de eeu. Van Zyl (1973) se navorsing oor die ekonomiese periode en kwessies wat die wynboere mee te kampe gehad het, kan aan die hand van dokumentasie na die boerdery van Eksteen (senior) deurgetrek word.

#### 3.4.1 Profiel van Petrus Michiel Eksteen

Tot op hede word Petrus Michiel Eksteen as 'n windbol en 'n deurbringer in literatuur bestempel (Mauve s.j.:7), hoofsaaklik na die vertolking van sy insolvente boedellêer deur Dane (1981:118) en sy persoon as 'n houder van drinkpartye (Lister 1960:83;Fairbridge 1922:87). Tog het hy daarin geslaag om die plaas van 38 morg tot oor die 300 morg uit te brei, die wingerboerdery uit te brei (NASA, KAB 1822a;1823b) en die woonhuis en buitegeboue aansienlik te verander (1842b). Dit is in belang van sy eie nalatenskap, asook die nalatenskap van die Eksteen-afstammeling van Tokai, dat daar meer oor hom as mens gerapporteer word.

Petrus Michiel Eksteen was van jongs af 'n ondernemende persoon. In 1791 koop die vyftienjarige seun, Pieter Eksteen, tien trekosse op De Schuer se uitverkopingsvendusie (NASA, KAB 1791e; Heese, Lombard 1989). Tydens die 1795-verdediging van die Kaap teen die Britse inval is die negentienjarige Pieter wagmeester van die eerste kompanie van die burgerruiterij, *'t Rooode Pandaart*, (NASA, KAB 1787). Op 27 Mei 1800 woon Petrus Michiel steeds aan huis van sy ouers te Bergvliet, maar tree die einde van die jaar, op 28 Desember 1800, in die huwelik met Hester Anna Cloete, kleindogter van Hendrik de Oude en dogter van Hendrik Cloete (senior), eienaar van Groot Constantia (NASA, KAB 1800d;Heese, Lombard 1989). Die adres van die pasgetroude egpaar is onbekend, maar hulle betrek Tokai in 1802, nadat Petrus Michiel die plaas op 1 Maart 1802 op 'n openbare vendusie aankoop (NASA, KAB1802a). Die volgende jaar doen hy onsuksesvol aansoek om die strook grond tussen sy twee plase, Buffelskraal en De Anneks te Tokai, te koop (1803h). In Junie 1804 verskyn sy naam saam met H.O. Eksteen op 'n lys van name van grondaansoekers, maar die aansoek is nooit gefinaliseer in die Bataafse periode nie (1804;1805). Hy word 'n militaris in Desember 1805, toe 29 jaar oud. As inkomende kadet word hy na 'n tweede luitenant

in die negende bataljon Bataafse Jaegers van die vyfde bataljon van Waldeck bevorder en is sy salaris deur die rekeningkamer betaal (1805f). Petrus Michiel het dus die offisiërskursus, wat deur Jannsens in 1804 ingestel is, bygewoon. Kursusgangers het as kadette begin en daarna tot dragonder, korporaal en wagmeester gevorder (Krynauw 1999:25). Petrus Michiel se rang tydens die 1795-oorlog was die van wagmeester. Sy bevordering na tweede luitenant in 1804 is na alle waarskynlikheid bo verdenking en los van enige moontlike verbintenis met sy skoonvader, Hendrik Cloete (senior), die inspekteur van landsgrond en -bosse. Dit beteken dat hy moontlik deelyds geboer, maar wel transport gery het (NASA, KAB 1806). Hy was nie die oudste kind van H.O. Eksteen nie en moes dus van vroeg af vir hom 'n nering kry. Vandaar die aankoop van sy eerste osse in 1791 (NASA, KAB 1791e). Sy vader se uitgestrekte weidingsregte het hom moontlik ook bevoordeel (TANAPb 1792).

Na die Britse oorname in 1806 verskyn Petrus Michiel se naam op die rekeningstaat van Hendrik Cloete aan die Britse regering vir dienste gelewer gedurende Cloete se termyn as inspekteur van landsgrond en -bosse van die Bataafse regering. Petrus Michiel was daarvolgens geregtig op Rds 430 as ryloon vir die transport van sparre en kalk na Wynberg tydens die Bataafse bewind (NASA, KAB 1806).

Tydens die opgaaf van Januarie 1810 verskaf hy behuising aan die bottelier en moontlik wynmaker<sup>25</sup>, Johan Philip Weeber (NASA, KAB 1810a; TANAPb 1793). Eksteen maak 'n bestaan uit die verkope van wyn en hout en moontlik het hy ook met vee gespekuleer. In die loop van 1810 verkoop hy 4 perde, 44 osse en 58 aanteelkalwers, volgens 'n vergelyking tussen die Januarie- en die Desemberopgaaf van die 1810-sensus (NASA, KAB1810a). Die teenwoordigheid van Weeber op sy plaas suggereer dat Eksteen hulp met die bestuur van die wynkelder en / of wynmaak benodig het. Tyd sou leer dat hy moontlik nie 'n wynboer uit eerste keuse was nie en dat die plaas nie geskik was vir wynverbouing nie. Boonop was die twee stukke grond, Buffelskraal en De Anneks, van mekaar geskei en dit sou sy boerdery bemoeilik het.

Ten einde die plaas te ontwikkel, het Eksteen verskeie lenings aangegaan. Die wynopbrengs was teleurstellend en hy het in gebreke gebly om die lenings terug te betaal (NASA, KAB 1842;1842b). Ook raak sy betaling van die jaarlikse ewigdurende erfpag agterstallig (1814;1836). Eksteen moes staande bly te midde van 'n reeks terugslae. Sy vrou, Hester, sterf in Oktober, 1836, kort nadat Eksteen in Augustus sy kompensasiëgeld ontvang en sy slawe waarskynlik en masse die plaas verlaat (1836a;b;1837). As vader wou hy duidelik sy seuns help om op die been te kom, soos met 'n £1,000 lening aan Hermanus Arnoldus, £710 se slagvee aan sy seun Jacob Pieter en die verhuring van 'n gedeelte van die wyngaard aan Sebastian teen 'n skrale Rds 400 of £30 per jaar. Petrus Michiel se persoonlike aanspreeklikheid is nie aan ons bekend nie, maar hy het staande gebly tot aan die einde van sy lewe. In baie moeilike tye verpand hy die plaas op 'n bykans berekende wyse met lenings wat lenings moes aflos, maar sonder sukses. Sy laaste rekeningstate toon aan dat sy uitgawes sy inkomste oorskry het. Hy sterf aan die einde van 1849, 'n jaar voordat die plaas op 'n openbare veiling deur sy twee seuns, Bastiaan en Japie, gekoop word (1842b).

---

<sup>25</sup> Bottelier: “bediende die het opzicht had over de wijnkelder en de wijnronddiende” (Kruyskamp 1961:318).

### 3.4.2 Die grondlegging van die Tokai-landgoed as landboueenheid

Hoewel die Tokai-plaas in 1810 nie groot in oppervlakte was nie, was dit die beste moontlike grond vir bewerking, blykens verslae van 1791 en 1794 voor die Politieke Raad (TANAPb 1791f;1794c). Baas Rauch, die poshouer van De Schuer, het die 1791-uitgif uitgesoek, maar die grond is deur die Politieke Raad goedgekeur, terwyl die 1795-uitgif deur albei kommissarisse van houtbosse in 1794 gewaardeer is. Eksteen bekom ook 31 morg leengrond in 1811 (NASA, KAB 1811;1811a), maar hierdie grond is nie aangrensend aan enige van die twee eiendomsgedeeltes nie (DRDLR 1880f; NASA, KAB1883a). Soos reeds aangedui, was dit dig begroei met kreupelbos. In April 1813 doen hy weer 'n keer aansoek vir die grond tussen sy twee eiendomsplase en die twee stukkie leengrond van 1811 aan die noordekant (NASA, KAB 1813). Hierdie aansoek moes dus al die grond aaneenskakel, sodat daar nie 'n geleentheid kon ontstaan vir 'n vreemdeling om dit te bekom en uiteraard sy posisie en beweeglikheid te bemoeilik nie. Die grond sou dus uit eiendom, erfpag en ewigdurende erfpag saamgestel word – vandaar die naam, Tokai-landgoed of Tockay Estate. Maar ten minste sou dit sy beweeglikheid tussen verskillende seksies vergemaklik. Hy beskryf die grond in sy 1813-aansoek, as “...adjacent to his place Tokay at the Steenberg is some cultivated and uncultivated land belonging to Government.” (1813) Dit is die area wat Pondokvallei en -vlei oorspan, waterafloop noord van Pondokvallei in die Buffelsvlei in, asook die Buffelsvlei en al die waterafloop wat in die Prinskasteelrivier deur De Anneks vloei en in Soetvlei dreineer (DRDLR 1813; NASA 1885b). Al hierdie vleie het saam een groot vlei, Buffelsvlei, in 'n kom gevorm. Die kom, 'n verwysing uit 1795, suggereer die laagliggende rivierbedding, Buffelsvallei of -vlei. Buffelsvallei of -vlei word ook in die grondbriewe van onderskeidelik Simon van der Stel, 1685 en Nicolaas Oortmans, 1711, verwys (NASA, KAB 1685;1711;TANAPb 1795). Hierdie aansoek van 1813 was suksesvol en Petrus Michiel voeg 'n verdere 255 morg ewigdurende erfpag by sy bestaande eiendoms- en erfpaggrond (NASA, KAB 1814). Tokai word dan 'n volwaardige landgoed, maar met beperkte ontwikkeling. In Eksteen se aansoek word daar nie gesê wie die grond tussen die twee eiendomme bewerk het en wat daar aangeplant is nie (1813). Die VOC-houtwerkers het tot in 1795 ongetwyfeld 'n houtveldaktiwiteit daar bedryf – vandaar die weiering aan Teubes om daardie grond te bekom (TANAPb 1794c;1795). Soos reeds verduidelik, was daar 'n struktuur met 'n aangrensende kraal aan die onderpunt van Pondokvallei, naby die fontein (Brommer 2009:192). Dit was moontlik die kraal bokant die Buffelsvlei, Buffelskraal, wat aan die houtpos sy identiteit gegee het.

Daar kan dan met redelike sekerheid aanvaar word dat Eksteen die regeringsgrond tussen sy eiendomme sedert 1803 gebruik het. Cloete laat na in sy 1803-opsomming van die houtveld om Buffelskraal per se uit te lig (NASA, KAB 1803f). Die Goewerneur en Raad van 1803 was baie ten gunste van Eksteen se aansoek toe hy net vir die strook tussen die twee plase aansoek gedoen het, maar die grootste struikelblok vir enige registrasie in die Bataafse periode was die afwesigheid van 'n karteringsregister van staatsgrond (1803h;1804). Om van die opstal na De Anneks te beweeg, moes Eksteen oor hierdie grond perdry, loop

of vee aanjaag en die kanaal grawe. Dit was in daardie tyd reeds praktyk dat boere grond beset of bewerk het na die formele aansoek en voor registrasie (Duly 1965:364). Alle opmeetwerk en grondtransaksies is tydens die oorname van die Britse regering verder vertraag. Ook die daaropvolgende onsekerheid oor die permanensie van die Kaap as 'n Britse kolonie het die administrasie verhinder om rigting te kry (:359). Eers teen 1813 kom die opmeting van oop stukke grond in die Steenbergvallei aan die beurt. Die opmeting van Eksteen se aansoek, 15 April 1813, is kort daarna op 24 Julie goedgekeur en op 4 April die volgende jaar as ewigdurende erfpag geregistreer (DRDLR 1813;NASA, KAB 1814).

### **3.4.2.1 Wingerdverbouing: grondslaglegging op Tokai**

Die eerste wingerde op Aan de Buffelskraal is aan weerskante van die koppie, waarop die woning gebou is, aangelê. Die woning het noord gefront en die wynkelder is wes van die woning gebou. Daar was ook 'n sogenaamde lang huis diagonaal tot die woning naby die wapad. Die Wynberg-wapad het noord na suid verby die lang huis geloop (MA 1800;a; Brommer 2009:192;DRDLR 1913). 'n Vergelyking tussen die koopsom wat Herwig en Loos (Figuur 3 Bylaag A) teenoor Teubes betaal het, suggereer dat Teubes die eerste wingerde aangeplant en al die geboue laat oprig het. Van hierdie geboue het net die woonhuis behoue gebly.

Buffelskraal se druiwe was reeds besig om ryp te word, gereed vir die oes in 1800, toe Herwig die plaas in Novembermaand van 1799 gekoop het (NASA, KAB 1799). Sy eerste wyn moes dus tussen Januarie tot Maart gemaak gewees het. As wynhandelaar het hy hom terselfdertyd steeds op die koop en verkoop van wyn toegespits. Daar was 50,000 wynstokke op 25 morg op sy plaas van 39 morg aangeplant. Die opgaaf maak ook melding van 20 lêer<sup>26</sup> wyn (1800d). Dit kon moontlik Buffelskraal se wyn gewees het. Teubes het waarskynlik Groendruiwe, die gewildste, veiligste en bekendste druifsoort, aangeplant (Van Zyl 1973:26). Hy het Buffelskraal vir Rds 100 of f300 van Rauch gekoop en dit vir f50,000 of Rds 16,667 aan Herwig verkoop (NASA, KAB 1792;1799). Casper Loos het die plaas vir f45,050 of Rds 15,016 op 'n openbare vendusie in 1800 gekoop (NASA, KAB 1800h). Die daling in die prys kan toegeskryf word aan veranderinge wat Herwig aan die woonhuis aangebring het. Die veranderinge blyk uit twee sketse wat tussen ca 1799 en 1800 van Tokai gemaak is (MA 1800;1800a). Dit was moontlik nie voltooi tydens sy skielike afsterwe nie (NASA, KAB 1800e). Twee jaar later koop Eksteen die plaas teen 'n nog laer prys van f35,400 of Rds 12,800 (1802a). Die volgehoue prysdaling kan aan moontlike dalings in die wynpryse, swak oeste en dergelike oorsake toegeskryf word.

Tokai is as 'n wingerdplaas met die oog op wynverbouing begin (MA 1800;1800a) en die agtereenvolgende eienaars het daarmee volstaan. Daar is ook geen aanduiding van veeboerdery in die eerste jare van die plaas se bestaan nie. Toe die plaas in 1802 weer onder die hamer kom, is dit met wingerde en wyn geadverteer, terwyl De Anneks as onbewerk geadverteer is, maar "... very well adopted for the planting of

---

26 Een lêer wyn of brandewyn is 152 gellings of 575.38 liter.

vines” (NASA, KAB 1802). Die meeste wynboere het in daardie tyd in laagliggende grond langs riviere aangeplant, omdat druiwe daar meer egalig ryp geword het (Van Zyl 1973:27-8). Die grond wat Eksteen in 1802 koop, het 'n woonhuis, die hartbeeshuis of die sogenaamde langhuis en 'n wynkelder gehad (NASA, KAB 1802a; MA1800;1800a). Die langhuis op die Hamilton-afdruk (MA 1800a) is na alle waarskynlik as slawekwartier gebruik, aangesien die advertensie ook na slawe as onder meer “cellar boys, coachmen and gardeners” verwys. Die kelder is met wynboutoerusting en al verkoop. Die indruk word geskep dat Loos nie verdere uitbreiding op die plaas gedoen het nie – ook dat hy nie self geboer het nie, maar dat sy slawe in beheer van die boerdery was (NASA, KAB 1800f).

Dat daar Groendruiwe en Steendruiwe op Tokai aangeplant is, word met die lewering van Petrus Michiel se druiwe vroeg in die negentiende eeu bevestig (NASA, KAB 1811d;1814b). Hierin het die vorige eienaars van die plaas die voorbeeld van wynboere uit die Kompanjies tydperk gevolg, naamlik om voorkeur aan Groendruiwe te gee (Van Zyl 1973:26). Teen 1795 was 93.2% van die aanplantings Groendruiwe. Ander stokke wat deur wynboere aangeplant is, was Muskadel met 2.4%, 1.2% Hanepoot en Pontak, 0.8% Steen en ander, sowat 0.7%. Groendruiwe se gewildheid het uit die stok se goeie drakrag, asook goeie weerstand teen swartroes, wat toe die bekendste wingerdsiekte was, voortgespruit. Rooi en wit Groendruiwe is in die meeste gevalle deurmekaar aangeplant. Groendruif se gewildheid maak dit onwaarskynlik dat Herwig, die eienaar wat die naam na Tokai verander het, Hongaarse druiwe kon aanplant, want die plaas was maar net vir sowat nege maande sy eiendom. Herwig het die grond in November 1799 met wingerde aangekoop (NASA, KAB 1799;1800d). Na sy afsterwe word die plaas met wyn van “superieure” kwaliteit geadverteer (:1800f). Die Hongaarse wyndorp, Tokaij, waarna die plaas Tokai vernoem is, se druiwesoorde is Furmint (60%) , Hárslevelú (30%) en Geel Muscat of Muscat lunel (Tokaji.net 2014). Herwig se ontydige afsterwe het hom moontlik verhoed om sy droom van Hongaarse druiwe as teenvoeter vir die Constantia-wyne te plant. Volgens die wynmaakmetode in Hongarye is die druiwekorrels droog en verrot gepluk. Die korrels is vermeng met Furmint as die belangrikste bestanddeel (Tokaji.net 2014). Hierdie metode, naamlik om ryp en inmeekaargetrekte druiwekorrels te pluk, is ook op die Constantia-plase gevolg, maar daar is beslis nie Furmint toegevoeg nie. Die druiwe moes reeds so oorryp wees sodat die helfte van die korreltjies rosintjies was (Van Zyl 1973:85).

### **3.4.2.2 Daarstelling van infrastruktuur**

Eksteen het benewens die koopsom van f35,400 of Rds12,800 (NASA, KAB 1802a), ook kapitaal nodig gehad om buitegeboue aan te bou, om moontlik sy wingerde uit te brei en om die nege morg van De Anneks te ontwikkel. Ook moes Eksteen die rivier kanaliseer, sodat die plase suid van De Anneks die helfte van al die bergafloop se water kon kry. Daar was twee wetlike verpligtinge by betrokke, die voorwaarde van die 1795-grondbrief en die verpligting van skoon water na die Soetvallei en openbare suipplekke van 1803 (1795a;Naude 1951:44-5). Volgens die 1803-plakkaat moes alle openbare uitspanningsplekke se water vry lopend en nie opgedam wees nie en dit moes skoon wees vir mens en dier se gebruik. Die

Prinskasteelrivier was tot na die besetting van 1795 nog herlei na die Steenbergsvier. Die rivier was teen 1802 steeds nie terugherlei na sy bedding nie, want De Anneks is as ideale wingerdgrond te koop aangebied (NASA, KAB 1802). Die bedding was dus droog en moontlik gedeeltelik voorberei, of die wortelhout van die riete en palmiet is moontlik reeds as brandhout versamel.

Om die kanaal te bou, was duur. Eksteen moes waarskynlik van die diens van 'n landmeter gebruik maak het. Die kanaal is op 'n kontoerlyn gebou, wat die water uit die rivierbedding en die groter vlei-gebied uithou, maar terselfdertyd stormwater na die Soetvleiarea, noord en suid van die Ondertuine, moes voer. Ook moes Eksteen oor 'n hele aantal slawe beskik het om die kanaal te grawe. In 1810 word 22 manlike slawe en 3 vroulike slawe in sy opgaaf gelys (NASA, KAB 1810a). Die feit dat die grenslyn van 1883 volgens die 1883-kaart die kanaal net-net binne die Tokai-landgoed se grenslyn van 1814 aandui, laat die suggestie ontstaan dat die kanaal ten minste vir 'n kort gedeelte die grenslyn was. Indien die kanaal buite die grenslyn was, sou met redelike sekerheid aanvaar kon word dat of die Bataafse regering, 1803-1806, of die Britse regering na 1806, die skepper en eienaar van die kanaal was. Die feit dat die kanaal egter binne die grenslyn is, suggereer dat die skepper of bouer en eienaar Petrus Michiel was. Petrus Michiel se aansoek van 1803 vir die grond tussen sy twee plase, die gedeeltelike ontwikkeling van die grond volgens die 1813-aansoek van Eksteen en die grenslyn parallel met die kanaal op die 1883-kaart, versterk die aanname dat Petrus Michiel die kanaal laat bou het (1803h;1813;1883n), maar voordat die grond tussen die twee plase aan hom toegeken is. Die kanaal is gebou voordat die plaas opgemeet is, want Petrus Michiel sou nie die wingerde in die rivierbedding kon aanlê alvorens die water nie weggelei is nie. Die wegswenk van die kanaal suggereer dat Eksteen die water so ver as moontlik moes weglei om wintervloedwater uit die rivierbedding, waar sy nuwe wingerde was, te hou (Diagram 5,11,33-4, Bylaag B). Die 1883-kaart dui wingerde aan tot na aan die laagtepunt, waar die Palmietvlei 'n eenheid met die Soetvlei vorm. Die landmetersdiagram van 1885 vir Hertzog, skets 'n onmiskenbare vleiland op die plaas Soetvlei. Dit dui ook die kanaal aan wat deur Munnik in 1837 gegrawe is (DRDLR 1885;NASA, KAB 1837b;1838). Eksteen het ooglopend die kanaal net verby sy lande in die Ondertuin gegrawe. Die kanaal het meer as een uitloop in 'n suidelike rigting van waar dit sy pad oopgespoel het om die winterafloop van die vallei, aangedui op die 1838-diagram (NASA, KAB 1838; Diagram 5) te vorm.

Die herleiding van die rivier in 'n kanaal was 'n duur proses, vergeleke met die begroting vir 'n grag, wat in 1803 vir die opknapping van die militêre pos by Muysenburg in die vooruitsig gestel is (NASA, KAB 1803g). Die beraamde koste van 'n grag van sewe tot nege voet diep, maar wat deur klip gekap moes word, was sowat f10,500 of Rds 3,500. Dit sou 70 tot 80 dae vir 200 arbeiders nodig wees. Daarvoor moes hulle toegerus wees met 40 kruitwaens, 80 pikke, 50 skopgrawe, 20 ysterkoevoets, 20 stampers, vier ysterstokers en waens om die grond weg te ry. Hierteenoor blyk die grawe van die kanaal te Tokai taamlik eenvoudig – die kanaal moes op die regte hoogte bo seevlak in sanderige grond gegrawe word, sodat die water steeds afdraande loop. Die surplus sand kon dien as 'n ekstra wal. Maar dit het gereedskap,

handarbeid en kos en kleding van die slawe behels. Op die keper beskou was die bou van die kanaal moontlik juis die faktor wat enersyds die waarde van die plaas verhoog het, maar andersyds Eksteen die geleentheid ontnem het om kapitaal op te bou. Eksteen se addisionele beroepe as soldaat en karweier tydens die Bataafse bewind, kry in die lig hiervan beter begrip. Die kanaal is waarskynlik gegrawe voordat die plaas opgemeet is en in ag genome die wetgewing oor waterafloop, dus tussen 1803 en 1813. Die plaas is op 24 Julie 1813 deur J. Melvill vir Eksteen opgemeet (DRDLR 1813; Diagram 7 Bylaag B).

Eksteen moes uit braakland nuwe wingerde aanlê (NASA, KAB 1823b). In 1810 het hy 97 osse gehad (1810a). Daar kan met redelike sekerheid afgelei word dat die eerste bankwissel van die Leningsbank, 25 September 1812, van f2,100 (gulden) of Rds 700, aangewend is om bedryfskoste te delg (1842b). In 1815 gee hy 86,000 wingerdstokke op sy opgaaf aan (1815a). In sy opgaaf van 1819 vermeerder dit tot 125,000 wingerdstokke (1819), en in 1825 tot 130,000 wingerdstokke (1825). Die aantal wingerdstokke het sedert 1802 meer as twee maal verdubbel. Indien Herwig se 50,000 stokke op ongeveer 25 morg as 'n meetstok gebruik word (1800d), dan is 'n verdere 38 morg onder wingerd aangelê. De Anneks was net nege morg groot - dus moes Eksteen ongeveer 27 morg meer van die plaasgrond aan die bokant van die latere Orpenweg onder wingerde aangeplant het. Eksteen het onderneem om die erfpaggrond as houtveld te benut (1809). Die stuk regeringsgrond tussen die drie eenhede is eers in 1814 bekom. Behalwe die oorspronklike wingerde rondom die woning, is die 27 morg waarskynlik in die noordekant van die plaas daarvoor benut. Bastiaan en Japie het aan die einde van hul boerdery slegs 50,000 stokke oorgehou. Dit wingerde was in die Ondertuine (NLSA 1883). Die ekstra aanplantings van hul vader is mettertyd mee weggedoen.

Navorsing toon dat Eksteen heel moontlik verantwoordelik was vir die verandering van die woning se front (Kyk Hoofstuk 4). Dit is na alle waarskynlikheid van noord na oos verander (MA 1800,1800a; NASA, KAB 1895d). Die frontaansig van die woning, die stoep, sylingse trappe en enorme gewel, is in die eerste twintig jaar van P.M. Eksteen se eienaarskap onderneem. Argumente ter staving hiervan word ook in die volgende hoofstuk behandel. Die geboue aan weerskante van die vooraansig, die slawekwartier en die stalkompleks, is ook deur Eksteen opgerig. Die stalkompleks word in 1840 saam met die jongenshuis verseker. Die jongenshuis was noord van die woning en van dieselfde boumateriaal as die stalkompleks (NASA, KAB 1842b;1913). Die netwerk van leivore rondom die woning is waarskynlik deur hom beplan (1883n). Alles in ag genome het hy die infrastruktuur op die landgoed uitgebrei en gevestig. Daar is ook 'n pad van die werf na die Ondertuine aangelê en 'n laning is met eikebome aangeplant. Ook die wapad na Wynberg is met eikebome aangeplant. Tuinry is wes en noord van die Ondertuine en in die vleiarea by die samevloeiing van die noordelike spruite bokant dit woning aangelê. In P.M. Eksteen se tyd is daar ook ander gewasse op die plaas verbou, soos aartappels (1842b).

'n Tweede wynekelder is later aan die suidekant van die woning opgerig. Die datum is onbekend. Die kruin van Eksteen se wynproduksie was in die vroeë 1820's (NASA, KAB 1823). Die eerste kelder was

toe net oor die twintig jaar oud. Eksteen het sy aantal wingerdstokke tussen 1802 en 1822 meer as verdubbel (1823b). Sou hy twee kelders tegelyk gebruik het? Volgens die inventaris uit sy boedelrekening was daar net een kelder. Die suidelike kelder, wat gedeeltelik op foto's van die woning sigbaar is, lyk of dit nog volgens die Volksboukuns gebou is. Dit is ook nie ingesink nie. Twee handleidings van 1846 deur Gird, asook Jarvis en Juritz, maak albei melding van wynkelders wat op die grond gebou en nie ingesink is nie. Hulle aanbeveling is juis dat kelders ingesink moes word (Van Zyl 1973:120). Hoewel foto's van Tokai se wynkelder metaalvensterrame aandui, is dit misleidend ten opsigte van die ouderdom van die gebou (MA ca 1885;NASA, KAB 1913). Die mure vertoon breed, soos in die Volksboustyl, en daar was waarskynlik nie vensterrame en ruite in nie. Die vensterlose holtes het as luggate gedien. Eksteen se finansiële posisie vanaf 1842 het dit net nie moontlik gemaak om enige groot kapitale uitleg na 1842 te maak nie (1842b).

### **3.4.3 Metode van wynmaak aan die Kaap**

Skrywers en navorsers het probeer om die opbrengs uit die aantal wingerdstokke te bepaal. Jooste (1973:24) haal John Barrow aan wat beweer dat die opbrengs van 1,000 wingerdstokke tussen 1797 en 1803 een lêer wyn kon lewer. Jooste sien dit as 'n oorskatting. Indien die gegewens van die 1822-sensus as 'n riglyn gebruik word, het Bergvliet, wat gewone Kaapse wyn geproduseer het, se 150,000 stokke 100 lêer wyn en 5 lêer brandewyn opgelewer: dus ongeveer 1 lêer tot 1,500 stokke. De Hoop op Constantia, wat Constantia-wyn geproduseer het, se opbrengs was 78 lêer wyn en 2 lêer brandwyn uit 145,000 stokke. Eksteen se 130,000 stokke sou 'n verwagte 115 lêer wyn en 3 lêer brandwyn oplewer – dus bykans 2,000 stokke per lêer wyn (NASA, KAB 1823b). Breedweg illustreer bogenoemde vergelyking hoe swak Tokai se opbrengs was in vergelyking met twee van die buurplase. Barrow se syfers is inderdaad 'n oorskatting vir die wynboere van die Kaapse Distrik.

Goewerneurs het deurentyd probeer om boere te oortuig om die kwaliteit van hul wyn te verbeter deur meer aandag aan die bereidingsmetode te gee (Van Zyl 1973:112-3). Goewerneur Cradock het reeds in Februarie 1812 aanbevelings gepubliseer wat die pars- en gistingsprosesse aangespreek het. 'n Korter gistingsperiode en die gebruik van wynperse is onder meer bo die trapmetode aanbeveel. Geen suurdeeg (Ryngis) moes gebruik word om die gistingsproses te verhaas nie. Gevolglik is nie al die suiker in alkohol omgesit nie. Vanweë die gistingsperiode wat te kort in tyd geduur het, was die wyn te dun en suur. Die mos is ook in vate getap waarin kalk gegooi is met die doel om oormatige vaste suur te verwyder. Ook is swaël bygevoeg om die wyn te suiwer. Die gevolg hiervan was dat daar dikwels 'n neerslag in die Kaapse wyn was (Jooste 1973:32-3). Cradock was wel terdeë bewus daarvan dat wynboere nie oor die kapitaal beskik het om in genoegsame vate en opbergruimte te voorsien nie.

Die Kaapse boere het min of meer almal dieselfde metode gevolg, uitgesonder Colyn en Cloete. Die geplukte druiwe is in 'n vat met gate op die sye en bodem geplaas. Hierdie vat is weer op dwarshoute in 'n



tweede groter vat geplaas. Die buitenste houer het 'n swik met 'n kraan gehad en onder die kraan was 'n balie. Sodra die binnehouer volgemaak is met duiwe, het drie of vier slawe hul voete gewas en daarin geklim. Dan is begin met die trapwerk. Die slawe het hulself gebalanseer aan 'n tou of toue wat van die dakbalke ahang. Die sap wat uitgetrap is, het in die buitenste groot balie ingevloei en daarvandaan deur die swik in die balie. Sodra die balie vol was, is die wyn in groot vate oorgegooi waar dit toegelaat is om te gis. Stingels en doppe is mettertyd uitgeskep en op 'n growwe rottangsif of op 'n gevlegte mat van 'n bed uitgesprei. Die slawe het dit dan met hul hande deur die sif of mat gevryf totdat al die doppe deur die sif gegaan het. Die stingels wat agterbly, is weggegooi. Indien dit in die wyn sou beland, het dit die wyn 'n frank smaak gegee. Die fyngevryfde doppe is ook in vate op kuipe gegooi om te gis. 'n Dag daarna het dit gewoonlik begin te gis. Tydens hierdie proses het die growwe dele afgesak en die mos het langsaam hand helder geword. Na 'n paar dae is dit afgetap. 'n Gevlegte mandjie is voor die vat se swik geplaas in 'n poging om die wyn te filtreer. Die afsaksels wat vervolgens in die gisvate agtergebly het, is in 'n vierkantige houer met gate in sy bodem en kante gesit. Die houer het op hout in 'n groter vat gerus en die groter vat het ook 'n kraan gehad. Aan die bokant van die houer was 'n skroef van hout of metaal vasgeheg. Dit is gebruik om al die sap uit die doppe en afsaksel te pers. Die uitgepersde moer en doppe is gebruik om brandewyn mee te stook (Jooste 1973:32-3).

Teenoor die algemene Kaapse metode is daar met baie meer sorg op die Constantia-plase van Cloete en Colyn te werk gegaan. Die korrels is byvoorbeeld van die stingels afgepluk en eers heeltemal skoon-gemaak van sand en insekte. Daarna is die pitte verwyder voordat die korrels in die parskuip gegooi is. Daar is ook net duiwe wat al goed ryp was, gebruik. Die duiwe het so lank aan die stokke gebly dat die korrels later begin krimp het. Dit het veroorsaak dat die suikergehalte hoog was (Van Zyl 1973:64; Jooste 1973:34).

Die bekende Constantia-wyne was Rooi- en Witmuskadel, Rooi Pontak, Wit Fontignac en Steen. Dit was deurgaans natuurlike soetwyne en nie gefortifiseer nie. Aanvanklik was daar net twee Constantia-plase wat die hoogaangeskrewe wyn gemaak het, naamlik Constantia en De Hoop op Constantia. Die Constantia van Hendrik de Oude is in 1823 in twee verdeel, vyf jaar na die afsterwe van Hendrik senior op 29 September 1818. Volgens Van Zyl (1973:74-5) het die amptelike Groot Constantia so tot stand gekom, naamlik om dit te onderskei van die deel wat Klein Constantia genoem is. Jacob Pieter Cloete was sedert 1824 die eienaar van Groot Constantia. Op Klein Constantia, wat in 1840 van die Cloetes vervreem is toe dit deur Abraham Lambertus Brunt gekoop is, is geen wyn geproduseer nie.

De Hoop op Constantia was vir die grootste gedeelte tot 1857 in die Colyns se besit. Johannes Nicolaas Colyn is kort na die Eerste Britse Besetting oorlede en op 1 Maart 1799 word die plaas die eiendom van Lambertus Johannes. Hy sterf in 1821. Vanaf 1819 het Johannes Nicolaas Colyn, sy oudste seun, die bestuur van De Hoop op Constantia waargeneem - eers vir sy siek vader tot 1821 en toe vir sy siek moeder tot 1839. In 1840 het hy die plaas gekoop. Op 6 Julie 1857 vervreem die plaas van die Colyns toe dit op

'n openbaring veiling aan John Robert Thomson verkoop is. Tussen 1876 tot 1880 was C.P. Smuts die eienaar (Van Zyl 1973:77-8, 82).

Vir beide van hierdie twee plase, De Hoop op Constantia en Constantia self, is rekords gehou (Van Zyl 1973:74-5,82-3). Die dagboek van Constantia, later Groot Constantia, het die bereiding van die wyn deur Jacob Cloete gedagteken. Hierdie dagboek was in besit van mejuffrou E. Cloete en is in 1950 saam met los dokumente aan die Kaapse Argiefbewaarplek (KAB) gegee. Die dagboek is wel deur C. Louis Leipoldt geraadpleeg toe hy in 1948 die manuskrip, “300 Years of Cape Wine,” geskryf het. Dit is bygewerk en versorg deur W.E.G. Louw en in 1952 gepubliseer. Van Zyl (1973:75) merk tereg op dat die Cloete-dokumente verlore geraak het. Daar is wel 'n argief, die Cloete-versameling, A457 in die KAB. Dit blyk inderdaad dat die dagboek saam met 'n groot aantal dokumente uit hierdie versameling verlore geraak het. Dit word ook deur Matthys van der Merwe (2014), eens kurator van en navorser oor Groot Constantia, beaam in 'n persoonlike gesprek, Vrydag 21 Februarie 2014. Van Zyl (1973:84) onderskei 'n ander belangrike bron waarin die wingerd- en wynboumetodes van Constantia opgeteken is, naamlik 'n referaat deur 'n Duitse plantkundige, dr. Ferdinand Kraus. Kraus het Constantia vanaf 1838 tot 1841 besoek en 'n referaat in 1842 by die sesde byeenkoms van die Duitse Landbou en Wynbouvereniging gelewer. Uiteraard het Van Zyl hierdie bron geraadpleeg. De Hoop op Constantia se wynbougeskiedenis is tussen 1802 en 1821 deur Lambertus Johannes Colyn bygehou. Daarna is net sporadies aantekeninge gemaak. 'n Taamlik volledige rekord word vir die jare 1813 tot 1823 gegee (:82-3).

Van Zyl (1973:84) sluit die plaas Hooge Constantia in by die bekende twee Constantia-plase van die Cloetes en Colyns. Hooge Constantia se wyn was in dieselfde prysklas as die wyn van Cloete en Colyn en Van Zyl reken dat die drie plase min of meer dieselfde metodes gebruik het. Hooge Constantia was 'n gedeelte van die plaas Witteboomen aangrensend aan die noordekant van Groot Constantia. Witteboomen is in 1806 aan William Duckitt toegeken. In 1813 het die eiendom oorgegaan na Jacob van Reenen, seun van Sebastian Valentyn. In 1821 verkoop Jacob die grootste gedeelte, wat aan Groot Constantia grens, aan sy broer Sebastian Valentyn en hierdie gedeelte is deur Sebastian Hooge Constantia genoem. Sebastian het die plaas tot 1850 besit toe sy seuns, Sebastian Valentyn en Rudolph Cloete van Reenen, die gesamentlike eienaars geword het (Van Zyl 1973:82).

Petrus Michiel Eksteen se wynmaakmetodes het waarskynlik tussen hierdie twee pole, die Kaapse metode en die duurder wyne van Constantia, gelê. Sy verbintenis met Bergvliet het hom vertrouwd gemaak met die tradisionele wynmaakmetodes van die Kaapse wynboere en trouens waarin hyself grootgeword het. Weens sy huweliksverbintenis met die Cloetes van Groot Constantia was hy moontlik ook geïnspireerd om met tradisies te breek en te probeer om sy wynmaakmetodes te verbeter, wyn te verouder en om op kwaliteitwyn in die algemeen te fokus. Bergvliet se wyn word nie deur Jooste (1973:34) of Van Zyl (1973:64) uitgesonder of by die Constantia-wyne ingesluit nie. Die grondslag van Petrus Michiel se wynmaakproses is op Bergvliet gelê. Dit is moontlik waarom die bottelier, Weeber, in 1810 op sy opgaaf

verskyn (NASA, KAB 1810a). Weeber het hom in die parshuis gehelp, moontlik om Eksteen se wynmaakproses te verbeter.

Eksteen was voorts blootgestel aan dieselfde weersomstandighede en moontlik peste as die Constantia-plase, veral ten opsigte van die hoogliggende wingerde van Tokai. Maar die Cloetes en die Colyns was kapitaalkragtig en kon voldoende arbeiders aanhou, goed toegegerusde kelders oprig en genoeg vatmateriaal aankoop om hul wyne genoegsaam te verouder. Beide plase het ook reeds vroeg in die 19de eeu oor wynperse beskik – iets wat vir die meeste boere nog nie beskore was nie (Van Zyl 1973:105-6).

Die Constantia-boere, Colyn en Cloete, het veel later, in Maart en April, begin pluk as die ander boere (Van Zyl 1973:85). Die druiwe moes oorryp wees en die helfte reeds rosyntjies. Teen daardie tyd was die vate vir uitvoerwyn reeds nougeset voorberei deur dit drie keer in 24 dae skoon te maak (Jooste 1973:34-5). Die vate is met kookwater uitgespoel, nadat dit vir dae met varswater gestaan het. Daarna is dit drooggemaak en swael daarin gebrand ten einde alle skadelike bakterie daarin te vernietig. Dan moes 'n wynkarakter in die vate geskep word. Daarvoor is die vate vir 'n paar dae met dopbier daarin laat staan. Die proses is gelykstaande aan die Franse aftreksel “piquette” – 'n waterige aftreksel van ongegistete doppe wat na gisting ongeveer 5 % per volume alkohol bevat. Die dopbier kon ook gewone bier, gebrou uit graan, wees. Reën oor parstyd het ekstra sorg geveer om te voorkom dat mikro-organismes ontwikkel. Daarvoor moes eers 'n bietjie mos, 7 tot 8 emmers per lêer, in 'n skoon lêervat met 'n halwe brandende swaelpit gesuiwer word voordat die res van die mos daarin gegooi is (Van Zyl 1973:86-7).

Op Groot Constantia is die oorryp druiwe, sommige reeds rosyntjies, hoogmiddag gesny, nadat die dou verdamp het. Slegte korrels en korrels wat nie half droog was nie, is uitgesny. Om die stingels van die korrels los te maak, is die druiwe eers liggies in 'n kuip laat trap. Daarna is die druiwe met die hand deur 'n sif gedruk om die korrels van die stingels te skei. Die korrels is dan in 'n trapbalie, waarvan die bodem vol gaatjies was, gegooi en deeglik getrap. Hoewel Hendrik Cloete (senior) en later sy seun, Jacob Cloete, die doppe van die sap geskei het, het hulle dit weer bymekaar gegooi, anders as Colyn wat die doppe in 'n wynpars gesit het ten einde dit sag te maak om die sap te onttrek (Van Zyl 1973:86-7). Die sap is daarna in kuipe geplaas waar dit twee tot 10 dae lank gegis het. Sodra die gistingsproses bedaar het - in geval van beide 'n normale of reënerige parstyd - is die mos na skoon lêervate oorgetap, waar dit vir 8 tot 12 dae gelaat is. Dit was nou jong wyn. Met die oog op nog 'n suiweringsproses is die wyn op die 1ste Mei en die 1ste Augustus weer oorgetap en afhangend van die soort druiw, 'n spesifieke metode gevolg. Die dag voordat die oortapping plaasgevind het, is die vate weer geswael. In effek het die Cloetes en Colyns probeer om die gebruik van swael te beperk en onnodige oortappery te voorkom ten einde nie geur en kleur te verloor nie. Swael het die wyn laat verblyk. Hoewel Colyn se metodes hier en daar van Cloete s'n verskil, het albei sukses met hul metodes behaal. Colyn het onder meer sy Muskadelwyn se kleur met 'n byvoeging in November van kleurwyn aangehelp. Dit is verkry deur die rypste rooi Muskadel- en Pontakdruiwe in gelyke verhouding gesamentlik te trap en te vermeng (1973:88).

Jacob Cloete het ook sy wyn met die grootste omsigtigheid en die uiterste stiptelikheid berei, vanweë die warm Afrika-klimaat wat tesame met die hoë suikergehalte van die druiwe gisting baie vinnig aangehelp het. Nadat Cloete sy druiwe laat trap het, is die sap en die pagedrukte korrels gesamentlik in een vat gegooi. Vir die volgende twee tot drie dae is die mengsel daaglik deeglik met 'n breë spaan geroer totdat gisting begin het. Die mengsel van mos en doppe het afhangend van die weersomstandighede binne 2 tot 10 dae begin gis. Die roerproses was nou afgehandel en na 10 dae is die mos van die doppe geskei. Die mos is dan in 'n goed gewasde, uitgedroogte en geswaelde vat getap. Binne 'n verdere 8 tot 10 dae en nadat die stormagtige gisting bedaar het, is die mos in ander skoon en geswaelde vate oorgetap. Om verdere gisting te voorkom, het Cloete ses tot agt gellings wyn in 'n vat gegooi, dit goed toegeprop en gerol en geskud totdat alle swaelsurreuke verdwyn het. Eers dan is die vat verder met wyn volgemaak. Al die vate is op hierdie wyse behandel. Hulle is elke dag ondersoek om te sien of daar nie dalk weer gisting begin het nie. Indien gisting opgemerk is, is die wyn weer in goed vooraf voorbereide vate oorgetap. Om die wyn van sy troebelheid te suiwer en helder te hou, is dit na ses weke na die eerste oortapping in skoon geswaelde vate oorgetap. Hierdie metode is in die eerste jaar van veroudering elke drie maande herhaal. Constantia-soetwyn is eers op twee jaar oud verkoop, maar dit het nooit langer as ses jaar gelê nie, omdat dit dan taai en dik geword het. Beide Cloete en Colyn het 'n vaatjie “vuilwyn” byderhand gehad waarmee vate aangevul is. Verdamping uit die houtvate het gereeld plaasgevind. Ook die opvulwyn se vat is gereeld met swael gebrand (Van Zyl 1973:89-90).

#### **3.4.4 Wingerdverbouing op Tokai deur Petrus Michiel Eksteen, 1802 tot ca 1842**

In die lig van die nabyheid van beide die plase van Colyn en Cloete aan Tokai, is dit nie onbillik om te verwag dat Eksteen deeglik bewus was van spesiale bereidingsmetodes wat die kwaliteit van wyn verbeter het nie. Tog sou die ligging van die Tokai-wingerde op die heuwels en in die vleiland nie die gehalte wyn van Colyn en Cloete kon naboots nie, want Vlakkenberg is soveel laer as Constantiaberg en dit verseker langer daglig vir De Hoop op Constantia en Groot Constantia. Ook is die vleie van Tokai weer 'n klammer area en is daarom meer geneig tot peste. Die Constantia-wyne se goeie gehalte word toegeskryf aan gunstige klimatologiese faktore soos ligging naby die see, rypvry, droë somers en 'n gematigde see-klimaat wat wyn se geur en kleur verhoog. Die hoë ligging van die Constantia-wingerde het dit meer aan die seeklimaat blootgestel. Die grond bestaan uit 'n mengsel van graniet en Tafelbergsandsteen. Dit is diep grond, dit dreineer goed en lewer normaalweg wyn van 'n hoër gehalte as ligte sand of swaar kleigrond (Van Zyl 1973:104). Hierdie verskille in ligging met betrekking tot die wingerde was waarskynlik die belangrikste redes waarom Petrus Michiel Eksteen se wynboerdery mank gegaan het aan gebreke en waarom sy seun, Sebastian, die boonste wingerde tot niet gemaak en net die wingerd in die drooggelegde rivierbedding van De Anneks behou het (NASA, KAB 1883n). 'n Samevatting van die lewering van Petrus Michiel se wyn aan die wynproewer volgens die rekords van die argief van die wynproewer of Wine Taster, die WT-groep in die KAB van ongeveer 1812-1826, kan wel afgelei word dat Tokai se wynpro-

duksie baie wisselvallig was en heel moontlik nie in dieselfde klas as Colyn en Cloete se wyne was nie. Die samestelling is vervat in Figuur 8 Bylaag A, “Wynproduksie Petrus Michiel Eksteen, 1812 – 1826, 1823-sensus en vir 1849”. Die wynproduksierekords word in dieselfde tabel verder uitgebrei om die oestydperk vas te stel, asook 'n beraamde oesskatting per jaar te kry.

Petrus Michiel het wel ook druiwe gedurende Maart en April geoes (Figuur 8 Bylaag A). Dit was egter nie soetwyn nie, maar merendeels Groenwyn, 'n droëwyn uit Groendruive gemaak (Van Zyl 1973:64). Die droëwyn tussen 1795 tot 1860 was nie 'n natuurlike droëwyn nie, maar almal wyne wat gefortifiseer is. Kaapse Madeira, wat van Groendruif gemaak is, was verreweg die algemeenste droëwyn en is deur die koloniste gedrink. Eksteen het inderdaad wyn aan handelaars in Wynberg, Muysenburg en Simonsbaai, wat handelslisensies net vir die omgewing gehad het, verkoop (Willis s.j.). In Januarie 1821 het hy 3 lêer elf maande oue Groenwyn aan F. Wocke, 'n plaaslike handelaar, gelewer. Dit is die enigste aange-tekende lewering vir 1821 (NASA, KAB 1819b). In 1822 het Eksteen nege lêer Groenwyn aan Wocke uit 'n totaal van 27 lêer, wat in die register aangeteken is, gelewer. Plaaslik was Tokai-wyn dus nie onbekend nie, maar nie volop nie. In 1849 het Simon Peck, die herbergier van Muysenburg, ses lêer Groenwyn by Eksteen uit 'n totale produksie van 20 lêer vir daardie wyne gekoop (1842b). Indien Eksteen se wyn werklik van hoogstaande gehalte was, sou hy dit aan handelaars, wat wyn uitgevoer het, in Kaapstad gelewer het.

Die hoogste opgetekende aantal lêers in Eksteen se rekord by die wynproewer was tussen 1823 en 1826. Agtereenvolgens lewer hy in 1823 sowat 63 en 'n agste lêer, toe 82 en 'n agste lêer, daarna 37 en 'n agste en in 1826 slegs 44 en drie-agste lêer (NASA, KAB 1823). Tussen 1818 en 1821 is slegte jare waarin hy enkelgetal lêers gelewer het (1816a;1819a;b).

Die twee navorsers oor die Kaapse wynbedryf tussen 1753 en 1860, Jooste (1973) en Van Zyl (1973), se onderskeid tussen die bereiding van Kaapse wyn en Constantia-wyne bly net 'n riglyn om te probeer vasstel waar Eksteen hom ten opsigte van wynverbouing geposisioneer het. Petrus Michiel is hier 'n treffende voorbeeld van 'n boer wat in die een tradisie grootgeword het, maar moontlik probeer het om sy metode te vernuwe. In 1826 word hy op die streekskomitee, wat die hele kwessie van wynmaak tot wynuitvoer in opdrag van goewerneur Somerset moes ondersoek, verkies (Van Zyl 1973:134). Hy sou nie deel van die komitee gewees het indien hy nog die ou tradisionele metodes aangehang het nie. Ook het hy hom van byvoorbeeld Bergvliet se wynlewering onderskei deur eerstens nie jong wyne te verkoop nie. Daar kan met redelike sekerheid aangeneem word dat sy vader en later sy broer, H.O. Eksteen, die ou tradisie van jongwynverkope op Bergvliet gevolg het, terwyl Petrus Michiel reeds in 1814 begin het om daarvan weg te beweeg. In die loop van 1814 lewer sy broer, Hendrik Oosterwald 76 lêer Groendruifwyn wat wissel tussen vier, vyf en ses maande oud. Enkele lêers was nege maande oud (NASA, KAB 1814b). In 1813 lewer Petrus Michiel nog 'n agste lêer vier maande oue Groenwyn aan Jacob van Reenen, maar hy het toe reeds begin om sy wyn te verouder. Op 30 Januarie 1813 lewer hy reeds net oor die elf lêer

Groendruifwyn wat tussen 10 en 11 maande oud wissel (1811d). Reeds in 1816 is Petrus Michiel in staat om twee jaar oue Groendruifwyn te lewer (1816a). Vanaf 1817 lewer sy broer, H.O., ook twee jaar oue Groendruifwyn – net aansienlik meer volgens dieselfde register. Volgens die opgaaf van 1815, die naaste opgaaf aan die 1813-1814 periode onder bespreking, het Bergvliet reeds oor 170,000 aangeplante stokke teenoor die 86,000 van Tokai beskik (Todeschini, Blanckenberg 2007:9-11).

Hoewel Petrus Michiel goed genoeg beskou is om in 1826 op 'n ondersoekkomitee van goewerneur Somerset te dien (Van Zyl 1973:134), word dit betwyfel of hy die mas kon opkom om werklik bo die gemiddelde wynboer uit te styg (NASA, KAB 1822a;1823b). Hy het ongetwyfeld met die tradisionele metodes van wynmaak gebreek, maar is belemmer om werklik toonaangewend te wees, hoofsaaklik weens sy gebrek aan kapitaal. In daardie opsig was hy soos vele ander wynboere gedoem tot insolvensie. 'n Kantlynopmerking van 'n regeringsamptenaar op 'n memorandum van Petrus Michiel Eksteen in 1830, werp lig op enersyds die stryd van die wynboere om kop bo water te hou en andersyds die onsimpatieke houding van die Engelse amptenary teenoor (Afrikaner) boere met groot gesinne: “In what has been said in a former memorial ... that memorialist is the father of a numerous family; that he has been extremely unfortunate; that without speaking of former times he had lost during the last ten years upraids of eighteen slaves(,) most of whom were highly valuable; that in consequence of repeated disasters memorialist find himself almost unable to provide for his family in a decent manner.” (1831)

### **3.4.5 Uitgawes aan belasting, lisensies en vervoer**

Die Britse administrasie se grondreëlins het met verhoogde belasting ingetree. In 1813 het Cradock die ewigdurende erfpagstelsel ingestel wat veroorsaak het dat die uitgee van eiendomsgrond in onbruik geraak het. Grond wat deur voornemende wynboere vanaf 1813 versoek is, was dus reeds belas met 'n jaarlikse kapitale uitgawe, want alle kroongronduitgifte was ewigdurende erfpag wat 'n volgehoue jaarlikse koste behels het (Duly 1965:360).

Belastings en heffings moes elke keer betaal word wanneer die boere wyn in Kaapstad lewer. Dit het in die 1820's gesamentlik Rds.8 en 5 skellinge of 13 sjielings per lêer bedra en is saamgestel uit verskillende belastings en heffings: vatgeld van Rds 3 per lêer, die wynproewersfooi van Rds 2 en 'n fooi van 2 skelling per lêer wat in 1812 ingestel is vir die lewering van produkte op die Kaapse mark agter die Kasteel. Die twee skellings het aan die opsigter van die mark gegaan en was ook die registrasiefooi. Voorts moes die boer 'n verdere 1% van sy wins op die mark aan die regering betaal. Hierdie fooi het op ongeveer Rds 1 per lêer neergekom. Bo en behalwe die finansiële las op die wynboer, het dit ook die uitvoer van die wyn duurder gemaak. In 1818 is 'n bykomende belasting van Rds 1 gehef vir die meetgeld van wyn, brandewyn en asyn. Die wynboere het vanaf 1819 ook direk bygedra vir die finansiering van 'n kaai-meester wat in dieselfde jaar aangestel is. Hy het onder meer die verskeping van koloniale produkte bestuur. Hierdie departement se lone aan die laaimeester en die klerke het elke wynboer Rds 1 per pyp wyn

of Rds 1 en 3 skelling per lêer gekos. Al hierdie kostes het bygedra tot die boer se verpligte uitgawes (Van Zyl 1973:324-6).

Indien Eksteen sy wyn aan die plaaslike handelaars van die suidelike Skiereiland kon verkoop, sou dit hom baat in tyd en moeite. Belastinggewys moes hy steeds tolgeld, markgeld, vatgeld en die wynproewersfooi in Kaapstad betaal. Hoewel die Wynproewersdepartement in 1826 afgeskaf is, kon boere eers na 1 September 1832 wyn direk aan handelaars in Simonsbaai lewer (Van Zyl 1973:193,178). Matrose en soldate kon nie noodwendig die beste wyn bekostig nie. Dit sou dus 'n uitkoms vir 'n boer wees om minder goeie wyn of tien maande oue wyn aan 'n handelaar, wat ook 'n wynhuis in Simonsbaai of Wynberg met onderskeidelik matrose of soldate as klandisie het, te lewer. In 1820 is nog 'n handelaar, Arendse Raven naas Wocke vir Simonsbaai, Muysenburg en Wynberg toegelaat. Uit die drie lisensieareas van 1819/1820, wat naas die Simonsbaaikombinasie ook Rondebosch en Soutrivier as een area en Stellenbosch as 'n derde area behels, het die Simonsbaaikombinasie die beste opbrengs gelewer (Willis s.j.).

Die vraag na alkoholiese drank in die plaaslike omgewing was bekend aan boere, maar regeringsbeheer het hulle verhinder om direk aan die publiek vanaf hul plase te verkoop. Eksteen sou dus aanvanklik nie direk aan die publiek wyn kon verkoop nie, want wynboere is net toegelaat om hul eie produkte by die lêer (152 gelling) in Kaapstad te verkoop. Die pagstelsel is eers op 1 Januarie 1828 afgeskaf en met 'n lisensiestelsel vervang (Van Zyl 1973:180). Na die uniforme lisensiestelsel kon boere, onderhewig aan sekere beperkings, wyn direk aan handelaars of ander lisensiehouers op hul plase verkoop (:194-5;199), soos wat Eksteen in 1849 doen toe hy ook aan die handelaar, Peck en aan twee private persone, R. Cloete en S.V. Cloete, wyn per lêer uit sy kelder verkoop (NASA, KAB 1842b). Die meeste wyn en brandewyn is na 1828 aan wynkopers en kleinhandelaars verkoop, maar die wynboere het ook die reg gehad om met 'n spesiale lisensie aan stedelinge en die bemannings van besoekende skepe, niewynboere in die binne-land, op dorpsmarkte aan dorpenaars, wynkopers en kleinhandelaars in die landelike gebiede en die latere verstokingsmaatskappye in die Paarl en in Stellenbosch, te verkoop. Van Zyl (1973:241-2) reken die ver- naamste kopers was nie-blankes, gevolg deur soldate en matrose. Drank was reeds 'n sosiale euwel.

Ander bedryfkostes van wynboere wat deur Van Zyl (1973:514) gelys word, is vervoer en arbeid. Wynboere moes ook al die vervoerkoste, slytasie op die waens en herhaalde ritte verdiskonteer. By gebrek aan 'n eie wa, is van kontrakteurs gebruik te maak. 'n Wa kon net een lêer wyn of brandewyn per slag vervoer. Eksteen het dan ook meer as een wa gehad (NASA, KAB1842b). In 1816 het hy vir twaalf dae elke dag een reis na Kaapstad onderneem om wyn af te lewer. Die enigste dag wat hy moontlik twee waens na Kaapstad gestuur het, was op die vierde Januarie toe hy twee lêers wyn, tien maande oue Groendruifwyn, aan H. Matthfield gelewer het (1816a). Eksteen het waarskynlik ook transport vir ander boere gery. In 1810 het hy 97 osse gehad (1810a).

### 3.4.6 Apatie onder wynboere teen verbetering van wyngelalte weens geldtekort

Petrus Michiel was deeglik bewus van handelaars en die regering se kommentaar op die lae gelalte van wyn, want hy het in 1826 sitting op die komitee van goewerneur Somerset gehad. Die komitee van sestig lede, wat uit boere, wynvervaardigers en handelaars bestaan het, het 'n publikasie, waarin aanbevelings tot beter wingerd- en wynbereidingsmetodes vervat is, saamgestel. Dit is in Engels en Nederlands gedruk en versprei (Van Zyl 1973:133;140-2). Die sentrale komitee het ook 'n vraelys met 60 vrae opgestel vir verspreiding onder vooraanstaande wynboere. Net 'n paar boere het positief gereageer, soos Hendrik Cloete van die plaas Elkenburg in die Kaapse Distrik. Die uitkoms is 'n teleurstelling vir die Kaapse Distrik, want dieselfde boere wat op die sentrale komitee sitting gehad het, het die subkomitee van die Kaapse Distrik gevorm (:134). Die verwagting is onder meer dat die sestig vrae juis 'n refleksie sou wees van hul behoeftes, node en gebreke. Hierdie apatie onder boere suggereer veel van die algemene gemoedstoestand oor die toekoms van die wynindustrie in daardie jare. Van Zyl (:143) skryf die swak ondersteuning van die wynboere toe aan 'n gebrek aan fondse. Hoewel daar af en toe wynmaakkompetisies uitgeskryf is ten einde wynbereiding te verbeter, is dit ook swak ondersteun. Hierdie kompetisies het net die belangstelling van vooraanstaande boere getrek (:149-161). Petrus Michiel het byvoorbeeld nie daaraan deelgeneem nie, maar as komiteelid, moes hy deeglik kennis oor die tekortkominge in wynproduksie geneem het. Hy het nie die kapitaal gehad om die kwaliteit van sy wynproduksie te verbeter nie. Teen die tyd dat goeie handleidings in die 1840's verskyn het, het Eksteen reeds die wyngaard aan sy seuns oorhandig.

'n Handleiding van dr. H.H. Gird, 'n mediese dokter met 'n wynplaas by Paardeberg, asook 'n handleiding van H.C. Jarvis en C.F. Juritz, word beide in 1846 gepubliseer. Gird noem dan dat die Kaapse boere nie ingesinkte kelders soos die Franse gehad het nie en reken die Kaapse boere eerder 'n suiwerder en sterker brandewyn moes byvoeg as hul eie brandewyn wat onder proefsterkte was. Die belangrikheid van koeler gistingstoestande is ook deur Jarvis en Juritz beaam. Hulle het die lugtigheid van hoër dakke, luggate en effe ingesinkte kelders voorgestel, uitsluitlik vir veroudering. Geen parswerk of die droog van ander vrugte moes in die wynkelder gedoen gewees het nie. Die feit dat Jarvis en Juritz steeds die weglating van stokkies en blare in 1846 bepleit, toon aan hoe moeilik die Kaapse wynboere van gevestigde metodes kon afsien. Van Zyl (1973:119-25) reken hierdie twee verslae as van die belangrikste deurbrake om boere voor te lig oor die bereiding van beter wyn tydens die 19de eeu. Die regering het ook navorsing oor brandewynproduksie met 'n lening aan M.J. Mulder gesubsidieer. Die eindresultaat is as 'n bylaag by die werk van Jarvis en Juritz, "Eenig wenken over de verbetering van Kaapsche wijn" aangeheg (:469). Eksteen se seuns sou ongetwyfeld ook oor kopieë beskik het. Dit is juis die aanbevelings van Jarvis en Juritz wat kan help met die vasstelling van die bou van die tweede kelder. Die kelder aan die suidekant is koeler, maar is weens die klipperige aard van die heuwel nie ingesink nie. Die vensters op ongelyke vlak volgens ou foto's, suggereer dat dit eens luggate was (MA 1885). Die vensters het metaalrame, wat 'n verdere suggestie is dat die rame na die Engelse oornam van die plaas, 1883, ingesit is. Die kelder is na alle



waarskynlik in die tyd van die seuns se eienaarskap gebou, dus na 1850.

### 3.4.7 Peste en plaë in die wingerde

Die plase van die groter Constantia-vallei is aan dieselfde weersomstandighede onderhewig. Daar kan dus verbande getrek word tussen rekords van Groot Constantia en De Hoop op Constantia van Colyn. In die tydperk van 1808 tot 1825 het die wynoeste op die Constantia-plase verskeie kere misluk. Dit is veral aan heuningdou, roes, ontydige reëns en die suidoostewind toegeskryf. In 1808 het 'n baie sterk suidoostewind die wynoeste op De Hoop op Constantia so verniel, sodat Colyn net sowat een vyfde van sy oes kon kry. Ook Groot Constantia beleef moeilike oesjare tussen 1813 en 1819 waar hy net soos Colyn in gebreke bly om sy volle kwota aan die regering te lewer (Van Zyl 1973:427-9). Indien 'n suidoostewind oor Constantia sou waai, waai dit ongetwyfeld ook oor Tokai. Dieselfde geld vir ontydige reën en ander ongunstige klimaatstoestande. Tokai se lewering van wyn aan die Wynproewer, 1812 tot 1825, toon geweldige skommeling. 'n Uittreksel uit sy totale aantal gelewerde lêers per jaar tussen 1812 en 1825 (Figuur 8 Bylaag A) toon die wisselvallige aard van die boerdery.

#### Wisselvallige wynoeste, 1812-1815

1812	1813	1814	1815	1816	1817	1818	1819	1820	1821	1822	1823	1824	1825
7½	18½	6¾	27	32½	6	6½	5	5	27	44	71½	61¼	44¾

(Figuur 8 Bylaag A)

Die aantal druiwestokke oor die periode het wel gevarieer. Omdat die aantal stokke net met sensusopnames in onderskeidelik 1815, 1819 en 1823 gedokumenteer is, is dit moeilik om 'n verband tussen die aantal druiwestokke en die gelewerde wyn te trek (Kyk Figuur 9 Bylaag A).

#### Toename in wingerdstokke, 1802-1822

1802: ± 60,000	1815: 86,000	1819: 125,000	1822: 130,000
----------------	--------------	---------------	---------------

(NASA, KAB 1815a;1819;1823b)

Klaarblyklike misoeste kan uit die lae aantal lêer gelewer afgelei word. Rekords van P.M. Eksteen se wynlewering tussen 1812 en 1820 dui ses jaar van ernstige verlies aan inkomste aan. Oor dieselfde periode het slegs drie uit nege ooste taamlike sukses getoon. Dit wil dus voorkom of die oeste van die eerste twee dekades om verskeie ongunstige redes nie die verwagte produksie gelewer het nie.

Naas ongunstige klimaatstoestande is wingerde ook deur peste geteister. Klam toestande maak wingerde vatbaar vir swartroes, 'n swam wat in klam en warm toestande gedy, veral aan die Muskadel- en Hane-pootdruifsoorte. Steendruife was weer minder vatbaar vir swartroes (Van Zyl 1973:36,38). Swartroes of

Antraknose is 'n swamsiekte, wat al die groen dele van die wingerplant aantast, veral in klam toestande, hoë humiditeit en reën in die somermaande. Aanvanklik verskyn lig en rooi vlekke op die blare wat later bruin en swart word. Die blare krul op, gate vorm en blare en trosse val af waarna die lote sterf. Dit het tussen 1795 en 1860 in 'n mindere mate, maar gereeld in wingerde voorgekom. Eksteen se wingerde het ook onder swartroes deurgeloop. In 1820 kon hy slegs 3 lêer Groenwyn en 2 lêer Brandewyn verkoop (NASA, KAB 1819a;b). Die swak oesjaar is aan swartroes toegeskryf, die gevolg van ongewone swaar reëns in November en Desember, 1819, naby Kaapstad. Dit het in die wingerde van Dirk Gysbert van Breda op die landgoed Oranjezicht en op Langevliet van T.M. Eksteen in die Rondeboschgebied voorgekom. Omdat swartroes nie normaalweg baie skade aangerig het nie, is daar nie ernstige pogings aangewend om dit te bestry nie (Van Zyl 1973:36-8).

Ander peste en plaë wat seisoenaal aandag geverg het, is Kalanders<sup>27</sup> of *Phlyctimus callosus*. Dit was 'n bekende probleem op al die Constantia-plase en indien daar nie betyds voorsorg getref is nie, is die jong lote en alle grond materiaal van die wingerdstokke afgevrete (Van Zyl 1973:32). In die lentemaande het ruspes of broekmannetjies en krompokkels of langhoringsprinkaan in sy jonger stadium hul verskyning gemaak (:33-5). Rolletjies wingerblaar is byvoorbeeld op De Hoop op Constantia in die grond gestek om die twee peste te lok om daarin te kruip. Dit is al om die 7 of 8 dae verwyder en gebrand en met nuwe opgerolde blare vervang. Krompokkels is egter met die hand gevang. Tussen 1795 en 1860 het boere nog nie chemiese metodes gebruik nie.

Hoewel witroes en filloksera of druifluis<sup>28</sup> na Eksteen (senior) se leeftyd uitbreek het, het dit na alle waarskynlikheid 'n invloed op die wingerdbou van Bastiaan en Japie uitgeoefen. Die plaas, Tokai, is nie betrek by die regeringsondersoek van 1880 nie, wat suggereer dat die wingerde gevrywaar van druifluis was (NASA, KAB 1880, 1880a). Die swamsiekte wat die Kaapse wingerde die swaarste getref het, was witroes<sup>29</sup>, *Oidium tuckeri*, ook 'n Amerikaanse siekte wat via Europa na die Kaap gekom het. Dit verrig groot skade aan die trosse (Van Zyl 1973:39-40). Die uitbreek van witroes (*Oidium tuckeri*) in 1859 het die regering genoop om op vertoë van die landbouorganisasie, Kaap de Goede Hoop Landbouvereniging

---

27 Kalanders begin sy wurm- en larwestadium in die grond, waar dit sonder noemenswaardige skade leef. Vroeg in die lente ontstaan die papie en gedurende Oktober en November kruip die kewers uit die grond uit om al die groen dele van die wingerdstok te vreet (Van Zyl 1973:32).

28 *Phylloxera vastatrix* is 'n piepklein insek van die plantluisfamilie, *Phylloxeridae*, wat normaalweg die wingerdstok se wortels en blare aanval, maar aan die Kaap het dit net die wortels beset en beskadig. Daarna het die plant geleidelik agteruitgegaan, dikwels oor verloop van meer as een seisoen. Die siekte het in 1861 van die V.S.A. na Europa migreer en vandaar na die Kaapkolonie gekom (Van Zyl 1984:28-9,31).

29 Witroes is 'n swam wat aan die oppervlakte van die wingerdstok se groen dele groei. Dit ontwikkel weens hoë humiditeit wat in die lente en somermaande volg. Die swam dring nie die wingerdstok binne nie. Dit vorm 'n meelagtige skimmel wat later 'n wolkerige voorkoms kry. Dit versprei maklik, veral met versteuring (Van Zyl 1973:40-42).

(Cape of Good Hope Agricultural Society), te reageer. James McGibbon, superintendent van die Botaniese tuine in Kaapstad, is betrek en hy het witroes op plase geïdentifiseer. Die enigste suksesvolle behandeling was swaelbestuwing, maar daar was te min swael aan die Kaap om al die wynboere te voorsien. Distrikkomitees is benoem om wingerde te inspekteer en vraelyste is uitgestuur. Die regering het ook 'n beloning van £500 uitgelooft vir die persoon wat met 'n suksesvolle teenmiddel vorendag kon kom. Die eindresultaat van die volledige ondersoek is gepubliseer in 'n amptelike verslag wat aan die parlement voorgehou is. Ten spyte van die regering se volgehoue bemoeienis, is sommige boere se oeste totaal vernietig (Van Zyl 1973:44-57). Dit was moontlik die voorkoms van witroes, wat Bastiaan en Japie gedwing het om hul wingerd tot die Ondertuine te beperk en die akkerbou te diversifiseer.

Die effek van die navorsing, wat op die ondersoek na die voorkoms van *Phylloxera vastatrix* gevolg het, het wel Tokai betrek. Die voorkoms van die druifluis in 1886 in Mowbray het die regering tot drastiese maatreëls genoop. Kwarantyn is ingestel en gebiede afgebaken in pogings om die insek se voorkoms te lokaliseer. Ook is 'n verbod op die invoere van druiwe, plantmateriaal en wortels en knolle met wetgewing ingestel. In 1888 word die regering verplig om weerstandbiedende saad van Amerikaanse stokke, *Vitis rapia* en *Vitis ruperti* in te voer en te kweek. Hierdie saad is op die staatsplase, Tokai en Groot Constantia gekweek. Die proses was egter te klein en daar is besluit om die wortelstokke self in te voer en plaaslike stokke daarop in te ent. Slegs enkele van die Amerikaanse wingerdstokke was weerstandbiedend. Hierdie inentingsproses op Amerikaanse onderstokke is sedert September 1896 op Tokai uitgevoer toe 2,700 *Rupestris*-stokke ontvang is. Die projek was onder toesig van die bestuurder van die regering se wynplaas te Groot Constantia, terwyl die wingerde in die Ondertuine aangelê is (NASA, KAB 1896d). Dit is hoogs onwaarskynlik dat wingerde in 'n area, wat besmet was, aangelê sou word. Die Ondertuine se wingerde was ongetwyfeld skoon. In die getuienis van Jacob Cloete voor die kommissie van 1880, wat ondersoek na filloksera en ander druiwesiektes en peste gedoen het, is die omliggende plase in die Kaapse Distrik ondersoek, maar nie Tokai nie. Ook is bevind dat die plantluis nie vleigrond verkies nie (1880a). Die gesonde stokke, wat vanaf 1896 op Groot Constantia, Tokai en deur C.D. Rudd van Fernwood gekweek is, is per openbare veiling aan belangstellende boere verkoop (1899c).

### **3.4.8 Verarming binne die Kaapse wynboubedryf**

Wanneer Petrus Michiel in 1830 sy slaaf Joemat in 'n memorandum aan die goewerneur terugvra, motiveer hy sy saak deur sy haglike finansiële posisie te opper, asook sy groot gesin se versorging waarin hy met moeite voorsien (NASA, KAB 1831). Hierdie tekens van verarming was ook by ander wynboere sigbaar. Wynboere het swaar gekry, veral na 1825 met die afskaffing van spesiale invoertariewe deur Brittanje, wat Kaapse wynuitvoer bevoordeel het. Daar was ook ander redes. Die somtotaal van al die plaaslike belastings op wynboere is deur die wynhandelaars in 1825 voorgehou as die rede vir die verarming van die wynboere. Die wynboere was naas die belastings ook uitgelewer aan die wynhandelaars se lae pryse. Die wynhandelaars self het baie geld in die wynhandel belê en het gevoel uitvoere word deur

die belastings en heffings gestrem. Vir hul eie oorlewing het hulle in 1825 'n beroep op die Kaapse regering gedoen om van hierdie heffings af te skaf om die boere aan te moedig om eerder beter wyn te lewer (Van Zyl 1973:324-5). Die regering was self in 'n ekonomiese depressie vasgevang en kon nie onmiddellik al die belastings afskaf nie. Om die wynuitvoerders te bevoordeel, is die Wynproewersdepartement in Julie 1826 afgeskaf (:327-8). Waar die wynhandelaars gevoel het dat die Kaapse produksie so laag as moontlik gehou moes word, het Somerset gereken dat die wynboere nie genoeg moeite doen om hul produkte te verbeter nie. Dit was ook die mening in Engeland. Die verwagting sou dus wees dat die Kaapse wynboere op die verbetering van die kwaliteit van hul wyn sou konsentreer. Na etlike vertoë aan die Kaap en in Engeland word Wet No. 30 van 1831, “*an Act to equalize the Duties of Wine*” op 5 Oktober 1831 in Brittanje aanvaar, waarvolgens Kaapse wyn se invoer op 2s/9d sou beloop en alle ander wyninvoere sou 5s/ 6d bedra. Die volgende twee dekades word dan ook gekenmerk deur onsekere uitvoere na Brittanje en ongunstige ekonomiese omstandighede vir die Kaapse wynboere, want Brittanje het ook ander wyninvoerverpligtinge gehad (:339-41).

Waar 'n oesjaar belowend was, moes daar skuld afbetaal word. Tussen 1822 en 1827 het Eksteen elf slawe met verbandlenings aangekoop. Die totale koste was Rds 54,000. Een verbandlening is in 1827 terugbetaal, maar die oorgrote bedrag is einde 1829 gekanselleer (NASA, KAB 1835; Figuur 17 Bylaag A). Die oesjaar van 1829 was waarskynlik 'n goeie oesjaar, maar daar het na die terugbetaling van die verbandlenings op slawe nie fondse oorgebly om sy agterstallige ewigdurende erfpag te vereffen nie (1814).

Ongeag die regering se pogings om eerder kwaliteit wyn as die hoeveelheid wyn te bekemtoon, het die wynbousektor stelselmatig sy voorste landbouposisie verloor. Die sukkelende ekonomiese bestaan van wynboere was die hoofrede en teen die einde van die twintigerjare is die graanboere as meer welwend as wynboere beskou. Hoewel die dertigerjare 'n oplewing in welvaart teweeg bring weens beter wynpryse na 1835, kon dit nie welvaart verseker nie. Teen 1860 was die welsektor die vernaamste sektor in die landboubedryf en het wynbou die derde posisie naas graanbou ingeneem (Van Zyl 1973:529-32). Van Zyl (:171) kom tot die gevolgtrekking dat die wynhandelaars deel van die probleem was, omdat hulle nie bereid was om meer te betaal vir goeie wyn nie. Teen 1860 was die oorwoë mening dat die wynhandelaars steeds deur die bank dieselfde prys aan boere betaal het en daarom het die wyn nie verbeter nie: “Dit is te begryplik dat die meeste wynboere onder hierdie omstandighede nie meer geld, tyd en moeite sou bestee het om hulle wyn se gehalte te verbeter nie.”

Eksteen se uitbreiding van sy wingerde bereik in ca 1823 'n hoogtepunt met 130,000 stokke, die derde meeste in die groter Steenbergvallei naas Bergvliet met 150,000 en De Hoop op Constantia met 145,000 stokke (NASA, KAB 1823b). Volgens die sensus onder wynboere van die Kaapse Distrik was sy verwagte opbrengs vir 1823 sowat 115 lêer wyn en 'n paar lêer brandewyn. Gevestigde plase, soos Bergvliet met 100, en De Hoop op Constantia, met 78 lêer wyn, was moontlik meer realisties. Die geregistreerde lewe-

ring van wyn vir Tokai korrespondeer nie met die 115 lêer nie. Terselfdertyd word met versigtigheid genoem dat die argief van die Wynproewer nie noodwendig volledig behoue gebly het nie. Volgens die rekords van die wynproewer (1822b; 1823a) het hy respektiewelik 27 en 63 en 'n agste lêer in 1822 en 1823 gelewer. Die opgetekende aantal lêers wat gelewer is, suggereer dat die 115 getal 'n potensiële opbrengs was. Meer stokke het dan ook groter geleentheid geskep vir peste of plaë. Eksteen se uitgebreide wingerde toon dat hy wou voordeel skep uit die voorkeurtariewe van Brittanje, en dat hy heel waarskynlik nie geglo het dat dit opgehef sou word nie. Invoere tussen 1839 en 1840 beleef 'n 35% afname in Brittanje. Toe die belasting op invoere uit die Kaap in 1842 verhoog, het die Kaapse wynuitvoer tot en met 1853 'n afname van 80% beleef (Van Zyl 1973:356-7). Eksteen en ander boere, waarvan die vernaamse landbouproduksie wingerdbou was en wat boonop nie oor voldoende of goeie grond vir alternatiewe boerdery beskik het nie, het swaar gekry. Eksteen se beste oesjaar tot 1825 was in 1823 met 71 lêer, waarna sy oes in die volgende twee jaar afneem: 61 lêer in 1824 en 44 lêer in 1825. Sy skrywes aan die regering, 1831-1842, is 'n toonbeeld van sosio-ekonomiese agteruitgang. Dit word aan onvrugbare grond en 'n oorskatting van die ewigdurende erfpag in verhouding tot die grondgehalte toegeskryf. Die gevolge was armoede weens die gebrek aan fondse vir die versorging van sy gesin (NASA, KAB 1831;1836; 1842). Die somtotaal van verbande op wynplase in 1825 was sowat Rds 3,155,282 (Van Zyl 1973:314). Indien gesinskessies soos hulp aan kinders bygevoeg word, sou die weerloosheid van so 'n boer dramaties verhoog. Petrus Michiel het inderdaad verskeie verbande teen die plaas gehad – sy finansiële posisie was so benard dat hy nie oor die vermoë beskik het om uit sy finansiële verknorsing te kom nie. 'n Opsomming van verbande, hipoteke en skuldbriewe en eise op 12 Maart 1849, opgestel deur die Registrateur van Aktes en opgeneem in sy insolvente rekeninglêer in die KAB verduidelik die benardheid van sy situasie (NASA, KAB 1842b).

### **3.4.8.1 Agterstallige ewigdurende erfpagbetaling**

Eksteen het in 1814 'n deposito van Rds 50 van die jaarlikse fooi van Rds 200 of £15 betaal, toe hy die ewigdurende erfpag bekom het. Laasgenoemde bedrag het tot aan die einde van 1883 konstant gebly toe die plaas deur Japie en die weduwee van Bastiaan verkoop is (NASA, KAB 1814). Eksteen (senior) het vanaf 1823 begin om sy jaarlikse ewigdurende erfpag na te laat. Selfs al het hy agterstallige fooie betaal, was hy dikwels nie in staat om die agterstallige bedrag te vereffen nie, soos blyk uit die onderstaande samevatting:

#### **Onreëlmatige betalings van Petrus Michiel Eksteen**

<b>Datum van betaling</b>	<b>Periode van betaling</b>	<b>Opbetaalde jaar</b>	<b>Bedrag betaal</b>	<b>Periode agterstallig</b>	<b>Bedrag uitstaande</b>
3 Feb. 1823	2 jaar	1822	Rds 400	Een jaar	Rds 200

14 Aug. 1827	2 jaar	1824	£30	Vyf jaar	£75
Julie 1831	5 jaar	1829	£75	Twee jaar	£30
Julie 1842	12 jaar	1841	£180	Een jaar	£15
Maart 1845	2 jaar	1843	£30	Twee jaar	£30
Julie 1847	2 jaar	1845	£30	Twee jaar	£30
Junie 1851	5 jaar	1846-1850	£75	Een jaar	£15

(NASA, KAB 1814)

Die eenmalige terugbetaling in 1841 kan te danke wees aan 'n goeie oesjaar. Statistiek toon inderdaad aan dat 1841 'n besondere goeie oesjaar was, maar dit spreek vir die gehele Kaapse wynproduksie (Ross 1993:135). Die eenmalige betaling in 1851 volg nadat die insolvente boedel verkoop is en die gelde waarskynlik deur die Weesheer se kantoor vereffen is.

### **3.4.8.2 Oopenhoping van lenings en skuld: P.M. Eksteen (senior)**

Eksteen het sy eerste lening in die vorm van 'n bankwissel van f2,100 (gulden) of Rds 700 van die Leningsbank op 25 September 1812 geregistreer, maar het nie oor die vermoë beskik om hierdie lening terug te betaal nie. Op 18 Julie 1817 is 'n hipoteekakte of 'n verband ten gunste van lord Charles Henry Somerset in ruil vir f15,000 of ongeveer Rds 5,000 uitgereik. Die rente sou 6% bedra en die verband moes oor twee jaar afbetaal word. As sekuriteit is die plaas Tokai geregistreer. Ook hierdie verband kon nie in 1819 afbetaal word nie en is op 3 Februarie 1820 aan die Leningsbank seeder. Op 1 Februarie 1828 het hy 'n skuldbrief ten gunste van Adriaan Christiaan Deneys van f9,000 of £225 sterling geteken (Rds 3,000). Dus teen 1836 is die Tokai-landgoed reeds 'n paar keer verpand - die totale bedrag, sonder agterstallige rente op amptelike verbande, het Rds 8,700 beloop. Dan was daar ook private lenings, naamlik op 1 Julie 1823 'n bedrag van Rds 1,000; op 10 Augustus 1827 vir 'n bedrag van Rds 666; op 9 November 1827 van Rds 1,666/5/2; op 15 Oktober 1829 'n bedrag van Rds 1,666 en op 5 Februarie 1833 Rds 1,500. Hierdie verbande se terugbetaling het ook agterstallig geraak en het saam met opgeloopte rente Rds 15,272/7/1 of £1,145/9/4 op 30 Oktober 1836 bedra. Op 3 Januarie 1849 is die Tokai-eiendom en omliggende leengrond op £2,000 gewaardeer. Volgens Insolvente Skedule B het die verband of skuld teen die Tokai-plaasgrond die waardasie met £75 oorskry (NASA, KAB 1842b).

Die bates, soos bereken op 30 Oktober 1836, sluit die hofstede, goedere, kompensasië-uitbetaling van slawegeld en enkele ander bedrae in. Volgens die Brand en Lewensversekeringsmaatskappy se sertifikaat van 4 Maart 1840 is die woonhuis gewaardeer vir £800, die stalgebou bestaande uit die waenhuis, die stal en twee kamers vir £180 en £45 vir die jongenshuis. Die totale waardasie is £1,050. Hieruit kan afgelei word dat die boerdery as sodanig aansienlik gering geag is, indien die versekering van die geboue in verhouding tot die totale waardasie van die plaas van £2,000 in berekening gebring word. Die landboubates

sluit implemente of werktuie, plaasdiere vir vervoerdoeleindes en waens in (NASA, KAB 1842b; Van Zyl 1973:539). Voor die vrystelling van slawe, 1 Desember 1834, is slawe ook ingereken. In Van Zyl (:533) se bespreking oor die rendabiliteit of die nominale groei op kapitaal in die wynopbrengs, 1795 tot 1860, is die verwagte rente-opbrengs van 4% of 6% bereken deur al die kapitale bates se geldwaarde saam te voeg en dan die persentasie daarop te bereken. Dit het die groei op 'n boer se bates oor een jaar weergewee.

Maar lenings of verbande is teen 6% rente per jaar uitgereik (Van Zyl 1973:533,535). Om die lonende aard van sy wynboerdery uit te werk, is die renteopbrengs afgetrek van die effektiewe verdienste van sy wyn en brandewyn. Indien daar steeds geld oorgebly het, was die wynboer se bedryf lonend, terwyl 'n tekort teen die wyn en brandewynverkope, 'n nielonend bedryf was. Die somtotaal van 'n boer se uitgawes, uitgesluit rente op kapitaal, is ook oor een jaar bereken. Boere moes in die orde van Rds 80 tot Rds 100 meer per lêer vir hul wyn ontvang om te vergoed vir die skerp prystygings in uitgawes na 1806. Tussen 1813 en 1820 was die gemiddelde prys Rds 117 per lêer en dit is as lonend beskou, maar vanaf 1821 was die gemiddelde prys van Rds 70 per lêer wyn nielonend en in 1824 onder 50% van die reële waarde van Rds 50 per lêer. Hierdie prys van onder Rds 50 per lêer het die volgende jaar neerslag in 'n petisie van boere van die Paarl- en Drakenstein-distrikte aan die Kaapse regering gevind. Die prys kon nie opmaak vir die styging in arbeidskoste, rente op hul kapitaal, slytasie op waens, verlies aan osse en dies meer nie. Om die effektiewe verdienste per jaar te bereken, is die somtotaal van die uitgawes afgetrek van die somtotaal verdienste uit wyn- en brandewynverkope.

### **3.4.8.3 Hipotese, welvaartsposisie van Petrus Michiel Eksteen (senior)**

Van Zyl (1973) gee interessante modelle om die welvaart van boere in sy navorsingperiode te bereken. Hier word swaar op sy modelle gesteun, vanweë die betroubaarheid van sy navorsing. Juis omdat daar maandelikse opgawes van inkomste en uitgawes vir elf maande deur Eksteen (senior) bygehou is, is 'n eenvoudige vorm van 'n welvaartsmodel vir Eksteen moontlik. Daarvolgens het sy uitgawes sy inkomste oorskry. Hierdie rekening strek van Januarie tot November, dus oor elf maande en nie 'n volle jaar nie. Inligting in daardie staat is weer versamel uit 'n boekie met 'n swart omslag waarin die uitgawes opgeteken is. Die handskrif stem ooreen met die van Petrus Michiel Eksteen. Ook houtlewering en die lewering van slagskaap word daarin opgeteken. Benewens die boekie is daar ook verskeie velle papier waarop rekord gehou is. Hierdie bedrae se somtotaal verskil van die somtotaal in die staat van inkomste en uitgawe, "Ontvangste en uitgawes op de Plaats Tokay voor rekening van den insolvente boedel van P.M. Eksteen Senior" 1849, Januarie tot November. Dit wil voorkom of daar 'n item van ongeveer Rds 48 ontbreek op die totale inkomste van Rds 3,232/5 (NASA, KAB 1842b). Die werklike somtotaal skyn Rds 3,280/5 te wees. Omdat hierdie staat nie deur Petrus Michiel onderteken is soos met al die ander state van 1849 in die boedellêer nie, kan aanvaar word dat hy in hierdie dae, dus Desember 1849 of vroeg in 1850 oorlede is. Hierdie afleiding word gemaak uit die vreemdheid van die situasie om so 'n staat vir elf maande en nie vir 'n volle jaar nie, op te stel. Sy sterfdatum is onbekend.

Ten einde 'n welvaartstaat in die 19 de eeuse perspektief op te stel, word dit naas 'n staat van 'n berekening deur Van Zyl (1973:534,541-3; Figuur 11, 12 Bylaag A) geplaas. Die waardasie van Tokai kom uit “Insolvente Skedulenr.1” van 5 Januarie 1849. Daarvolgens is die tekort op die balansstaat £2,692/1/6 (NASA, KAB 1842b). Dus weet ons reeds dat hierdie boerdery nielonend is en dat die boer bankrot verklaar is. Maar die belang van die oefening is om aan te toon dat die boerderyuitgawes die inkomste uit wynbou oorskry. Eksteen het reeds in 1842 druiweverbouing met ander landbou-aktiwiteite aangevul toe hy gebrande veld as weiding begin aanwend het (1842). Daar kan ook gesê word dat ten spyte van ander boerdery-aktiwiteite, die boerdery teen 'n verlies bedryf is. Die wynboer het ook reeds 'n gedeelte van die wyngaard aan sy seun vir Rds 400 per jaar, sowat £30, verhuur (1842b). Omdat wynpryse nie vasgestel was nie (Van Zyl 1973:526), kon die welvaartspeil van die wynboere net gemeet word aan dit wat hulle oorgehou het, nadat al hul uitgawes van die inkomste afgetrek is. Die omskakelingsyfer wat gebruik word, is £1 gelykstaande aan Rds13.333. Volgens Van Zyl se gekopieerde model het Eksteen teen 'n verlies van Rds 3,130 of £234 geboer (Kyky Figuur 11-2,Bylaag A1).

Mauve (s.j.:7) en ander skrywers skryf graag ook Eksteen (senior) se spandabelrigheid. Daar bestaan weinig bewyse om aan te toon wat Petrus Michiel met sy kontant gedoen het, behalwe die sigbare ontwikkeling van Tokai tussen 1802 en sy sterfdatum. Kompensasie van sy slawe het £1,940/14/3  $\frac{3}{4}$  beloop, maar na aftrekkings £1,591/9 opgelewer (NASA, KAB 1836a;1842b). Ook ontvang hy sy oorlede vrou se erfposisie van moederskant aan hom en sy kinders, £1,196/19/1, geld wat hy tussen haar erflating en sterwe toegeëien het, waarskynlik weens sy huweliksreg. Enkele ander bates, soos die los goedere, was £771/2 en 'n private verband van £285/12/6, wat op 15 Mei 1833 ten gunste van hom deur die weduwee Cloete uitgeneem is. Enkele ander bedrae vul die balanstaat aan en bepaal die totale waarde op £5,900/16/1. Hester Anna Cloete het op 30 Oktober 1836 gesterf. Die plaas se waarde is toe reeds op £2,000 beraam. Tussen 1836 en 1849, toe die insolvente boedelrekening van Petrus Michiel gedoen is, was die waarde steeds £2,000 (NASA, KAB 1842b). Daar is dus geen waardevermeerdering in die vorm van rente op kapitale belegging verreken of geboue aangebou nie.

Ook die versekeringsertifikaat, gedateer 4 Maart 1840, beraam die totale waarde van die opstal op £1,050. Indien die losgoed en lewende hawe van 1836 van £771/12 in berekening gebring word teen die waarde van die plaas en die buitegeboue (£2,000 - £1,050 - £771), was die wynboubedryf maar sowat £179 werd (NASA, KAB 1842b). Volgens Boer B se inkomste uit wynlewering vir 1839 was die wynprys Rds 50 of ongeveer £3/15 per lêer wyn (Van Zyl 1973:541-3). Die 1836-verspreidingsrekening van Eksteen en sy oorlede vrou dui nie die inkomste uit wyn aan nie (NASA, KAB 1842b). Teen £3/15 moes Eksteen ongeveer 47.7 lêer wyn verkoop het om sy sy balanstaat te laat kloep. Dit verhaal egter nie die arbeidskoste, vervoer, belasting, erfpagfooie op die 31 morg en die 155 morg, rente op skuldbriewe, kos vir die huishouding en vir die arbeiders nie. Die balanstaat se somtotaal in 1836 word op £5,900/16/1 vasgestel waar die bates en die laste mekaar uitbalanseer, danksy die slawekompensasiebedrag. Die erfposisie van



die kinders word wel as 'n las verreken. Eksteen (senior) het dit teen 1836 reeds uitgegee. In 1849 is die somtotaal van die insolvente boedel £5,963/19, waar die plaas se waarde na dertien jaar steeds dieselfde waarde van £2,000 het, terwyl die losgoed en lewende hawe se waarde van £771 tot £329/2/6 afgeneem het. Die toevoeging van lewende hawe sou eers na 1836 gebeur, want die briefwisseling oor die swak kwaliteit van die grond begin in Mei, 1836. In 1842 maak Eksteen melding dat hy die grond vir weiding gebruik (1836;1842). Uitstaande skuld teen hom het £942/15 op sy insolvente boedelrekening bedra, terwyl daar 'n tekort van £2,692/1/6 op die balans van £5,963/19 is. Die gesamentlike kapitale bedrag in kontant in 1836 het ongeveer £2,788 plus ander bedrae gesamentlik £339, dus £3,127 bedra. 'n Gemiddelde lewering van 45 wynlêers teen 'n gemiddeld van £5 oor dertien jaar sou £2,925 oplewer. Sy netto uitgawes vir elf maande in 1849 bedra Rds 3,232 of ongeveer £242 vir elf maande en £264 vir twaalf maande. Oor dertien jaar sou dit £3,432 bedra. Dit dui op 'n tekort van £507. Indien hy sy skuld afgelos het, was daar nie geld vir bedryfskapitaal nie. Die slotsom is dat die wynbedryf in die Kaapkolonie vir boere, wat met lenings en skuld begin boer het, ramspoedig was. Kaapse wyn het van 1840 tot en met 1853 'n afname van 80 % beleef (Van Zyl 1973:360-2). Behalwe vir 1841, 1843 en 1853, het wyn 67% van die totale uitvoerhandel van die Kaapkolonie uitgemaak. Dit wil voorkom of Tokai se wynverbouing sedert 1836 reeds 'n afname toon. Daar was nie meer arbeiders nie en sy seuns moes help om die druiwe te pluk (NASA, KAB 1837). Die geraamde aantal lêers wat in die hipotese hierbo op sowat 45 per jaar oor dertien jaar gelewer is, is dus 'n oorskatting.

Die plaas het in sigbare waarde toegeneem. Indien die gronduitbreiding, die kanaal, paaie, wingerde, tuine en leivore in aanmerking geneem word, moes die plaas se waarde aansienlik toegeneem het. Deur al die bedrae na Riksdalder terug te verwerk, sou die koop / verkoopprysgeskiedenis so lyk: die 39 morg alleen het Eksteen in 1802 sowat Rds12,800 gekos (NASA, KAB 1802a). Die waardasie van die grond in 1836 en 1849 is Rds 26,666. Na gronduitbreiding en die ontwikkeling van die plaas koop die seuns dit in 1850 vir Rds 25,733 (1842b). In 1883 koop die regering dit vir £7,500 of Rds 99,998 (1883b). In die eerste fase van ontwikkeling, tussen 1802 en 1836-1849, het die oorspronklike koopsom verdubbel. Tussen 1850 en 1883 het die koopsom bykans viervoudig toegeneem. Die meeste ontwikkeling is waarskynlik gedurende die eerste vyftig jaar op die plaas gedoen. Teen 1883 was die plaas in 'n goeie toestand waarvoor die amptenare van die Departement van Openbare Werke heilig probeer waak het (1883b;c;f).

### **3.4.9 Sosio-ekonomiese impak van Eksteen (senior) se welvaartsposisie op sy gesin**

Daar is reeds gewys op die tekort aan fondse om vir sy gesin behoorlik te versorg (NASA, KAB 1831). Daar kan geredeneer word dat Petrus Michiel sy groot gesin as verskoning voorgedou het. Dit was nie vreemd nie, maar tekenend van die ekonomiese omstandighede en die finansiële knypvang waarin wynboere hulle bevind het. Hendrik Cloete de oude het oor die kostes op sy plaas en die effek op sy slawe en

sy lewe gekla: “My lewe word dan heel duister en sonder uitweg, vanweë die drukkende omstandighede.” (Schutte 2003:84) Teen 1829 het die Paarlse boere dit onomwonde aan die regering gestel, dat die meeste boere uiters spaarsamig te werk moes gaan om vir hul families te voorsien sonder om hul goedere te verkoop of geld te leen (Van Zyl 1973:538). In 1816 het Cloete geen oes gehad nie (:430). 'n Swak oesjaar, soos 1816 te Groot Constantia, is ook op Tokai ondervind toe Eksteen net 6 en drieagste lêer Groendruifwyn en een lêer Steenwyn kon lewer (NASA, KAB 1814; 1816). Na 1820 het die wynpryse drasties gedaal en het boere begin om agterstallig te raak ten opsigte van distrikbelasting en erfpag (Van Zyl 1973: 527-9). Eksteen kon wel 1820 se ewigdurende erfpag betaal, maar nie 1821 of 1822 s'n nie (NASA, KAB 1814a). In 1826 kon die wynprys van Rds 30 per lêer wyn kwalik die vervoerkoste mark toe regverdig (Van Zyl 1973:527-9). Die Kamer van Koophandel waarsku in 1828 dat die meeste wynboere swaar verbande op hul plase het en dat die prys wat die wynboere vir hul wyn behaal het, kwalik in noodsaaklike lewensmiddele kon voorsien, nadat die bedryfkoste van die wynbedryf in berekening gebring is. Ook koerante het in 1831 berig oor die algemene verarming van die wynboere en die weinige waarde van die grond van gewone wynboere. Die wynboere was op 'n trajek van stygende koste vir landboubenodighede en toerusting sedert 1803 en onder sulke omstandighede was dit feitlik onmoontlik om kapitaal byeen te bring. Petrus Michiel het kapitaal uit lenings en verbande byeengebring om sy wynboerdery op Tokai uit te brei, maar hy kon nie genoeg kapitaal genereer om die wynbedryf te finansier nie. Van spaargeld was daar nie sprake nie en daar was dus geen neseier vir swak oesjare nie. Dit blyk dan ook uit sy brief aan die Goewerneur waarin hy pleit vir afslag op die boete van Joemat (NASA, KAB 1831). Die regering se amptenary het weinig simpatie vir die finansiële dilemma van die wynboere getoon. Op sy beurt het dit weer tot wantroue onder die boere gelei vir enige inisiatief wat deur die regering aan die dag gelê is. Uit die regering se reaksie op Eksteen se memorandum oor sy slaaf Jamoet, blyk dit dat Eksteen toe reeds herhaaldelik sy finansiële posisie onder die regering se aandag gebring het. Soortgelyke pleidooie het voortgeduur tot 1842, toe die regering nagelaat het om 'n aanbeveling van die Grondraad in sake 'n verlaging van sy erfpagfooi opgevolg en geïmplementeer het (1833;1842a) . Boere moes onder hierdie omstandighede probeer om vir hulle seuns ook 'n toekoms te verseker.

Eksteen (senior) het dit oënskynlik moeilik gevind om al sy kinders in gelyke maat te help. Ook het hy sy kinders se erfposies van hul moeder vir homself toegeëien (NASA, KAB 1842b). Maar in der waarheid was die geld waarskynlik lankal reeds op die boerdery uitgegee. Toe hy in 1842 geld teen die versekering van die eiendomme wou leen, het die kinders 'n stokkie voor sy planne gesteek en hom verhinder (1842b). In 1844 het hy 'n laaste poging aangewend om die waarde van die plaas te verhoog deur aansoek te doen om die erfpaggrond na ewigdurende erfpag om te skakel (1844). Dit is goedgekeur, maar hy was in gebreke om 'n landmeter aan te stel. Op 10 Desember 1844 neem hy 'n verdere verband op en gee die plaas as waarborg. 'n Prokurasieverpligting lei tot 'n verdere hipoteek in 1847 om sy seun, Hermanus Arnoldus, uit sy verknorsing te probeer kry (1842b). Teen daardie tyd kon Eksteen (senior) geen van sy lenings meer terugbetaal nie.

Eksteen (senior) word ook as 'n skuldeiser in sy seun Hermanus se insolvensierekening genoem. Hermanus se insolvente rekening van Januarie 1849 toon 'n tekort van £1,808/10 aan. Hermanus het 'n slaghuis in Wynberg gehad en werk aan hul broer, Petrus Michiel (junior), verskaf (NASA, KAB 1840a). Eksteen (senior) het belang by Hermanus se slaghuis gehad – dit was vir hom 'n afsetgebied van vee wat hy of ingekoop en vetgevoer het, of moontlik deur die Duckitts bekom het. Die veeboerdery was Jacob Pieter, die tweede jongste seun, se bedryf op die plaas. Volgens die rekening van ontvangste en uitbetalings van 1849 is daar 'n onderskrif wat aantoon dat Petrus Michiel Rds 710 of £53/10 vir slagskape vir Japie betaal het (NASA, KAB 1842b; Duckitt 2014). Ook is daar geldtransaksies tussen die vader en die seuns, soos blyk uit die opsomming van die Registrateur van Aktes in Petrus Michiel (senior) se insolvente boedellêer (NASA, KAB 1842b). Op 30 April 1842 staan Petrus Michiel in as borg van £1,000 vir Hermanus en op 28 Februarie 1846 as borg van £225 vir Petrus Michiel junior. Op 18 Desember 1848 leen hy £500 by sy oudste seun, Hendrik Oosterwald. Ten tyde van die voltooiing van die lys van debiteure word daar £942/15 agter die naam van Hermanus Arnoldus geskryf (1840; 1842b). Die koopsom, £1,930, wat die die twee seuns, Bastiaan en Japie, op 22 November vir die plaas betaal, was boonop onder die markwaarde van die plaas. Die Eksteens was nie uniek in hul stryd om ekonomiese voortbestaan nie. Ten spyte van alles het die plaas in die besit van die Eksteens gebly. Op daardie manier het die ondernemingsgees van Eksteen (senior) voortgeleef. Ook hierdie nietasbare erfenis behoort erkenning te geniet.

Die plaas was te klein vir verdere onderverdeling. Dit is tog vreemd dat die ouer seuns nie daarin belanggestel het om 'n gedeelte op Tokai te boer nie, maar wel twee van die latere seuns. In die laat 1840's het Sebastian Valentyn, gebore 1815, reeds 'n gedeelte van die wyngaard bestuur waarvoor hy sy vader Rds 400 huurgeld betaal het (NASA, KAB 1881; 1842b). Bastiaan was toe 34 jaar oud. Ook Jacob Pieter of Japie, is gehelp. Eksteen (senior) het vir Japie slagskape van Rds 710 of £53 pond oor elf maande ingekoop. Teen 1883 het Japie steeds die vee en die tuinery behartig (1883b), terwyl Bastiaan tot en met sy dood in 1881 die wynverbouing behartig het (1881). Nadat Petrus Michiel (junior) se insolvente boedel afgehandel is, het hy hom in Darling op die plaas van sy swaer, William Duckitt junior, gaan vestig. Petrus Michiel is op 27 November 1881 op 74 jaar ouderdom te Klavervallei oorlede. Hy het net kontant nagelaat en het nooit getrou nie (1846; 1881a). Daarteenoor het die weduwee van Bastiaan, Johanna Isabella Christina Dreyer (1905) en Jacob Pieter (1893) beide boedels van meer as £2,000 elk nagelaat. Petrus Michiel senior se nalatenskap aan sy kinders kon miskien nie vir almal in gelyke maat in geld gemeet word nie, maar in waagmoed en bereidheid om te help, het dit nie ontbreek nie.

### **3.4.10 Diverse uitbreiding van die boerdery op Tokai**

Die vee wat in Eksteen se opgaaf van 1810 voorkom, het hy moontlik reeds besit (NASA, KAB 1810; 1810a). Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat hy transport gery het (1806). Eksteen blyk die eerste eienaar te wees wat vee op Tokai besit het. Sy verbintenis met Bergvliet het waarskynlik vir hom

weiding by Soetvlei gewaarborg. Hy kon ook met vee gespekuleer het, want 'n vergelyking tussen die twee opgawes van Januarie en Desember, 1810, toon 'n vermindering van 44 osse en 58 aanteelkalwers (NASA, KAB 1810a).

Tog is daar in 1849 'n paar skape aangehou, vet gevoer en geslag vir die vleismark (NASA, KAB 1849c), ongeag die ongunstige verslae oor weiding. Dit word egter nie direk genoem of dit Petrus Michiel se eie skape was of ingekoopte skape nie, want sy dogter Anna Catharina was met William Duckitt, die landbouer se seun William getroud en het op 'n skaapplaas by Darling gewoon (1881). William Duckitt, Anna se man, het ook die inventaris van die Tokai-woning opgestel (1849) en die Duckitts was dus nou gemeid met die boerdery op Tokai. Die inkomste uit skape verhaal vir 1849 het Rds 708/16/12 opgelewer.

#### **Inkomste uit slagskape van P.M. Eksteen sr., 1849**

<b>Maand : 1849</b>	<b>Aantal skape geslag en verkoop</b>	<b>Prys per skaap (Riksdalders)</b>	<b>Prys behaal (Riksdalders)</b>
Januarie	12	-	59
Februarie	12	-	59
Maart	12	-	56
April	13	5/5/2	68/5/2
Mei	13	6 of 4	70
Junie	13	4 – 5/5/2	60/2/4
Julie	14	5/4 tot 4	69/4
Augustus	13	5/2	7
September	12	5/2/4	64
Oktober	12	5/2/4	64/5/2
November	15	5/6	69
Totale inkomste	141		708/16/12

(NASA, KAB 1842b)

Op navraag of die skape moontlik van die plaas by Darling afkomstig was, het Paul Duckitt, navorser van die Duckitt-familiegeskiedenis, dit soos volg beantwoord: “William (senior) het die merinoskape wat op pad Australië toe was, 'geleen' en hulle nageslag geteel. As Petrus Michiel skape aangehou het, dan was dit so.” (Duckitt 2014) William Duckitt (junior) was waarskynlik meer betrokke by sy skoonvader se

boerdery, al het hy op die plaas Klavervlei geboer. William Duckitt (junior) se naam verskyn in 1826 saam met die van Petrus Michiel en ander boere van die Kaapse Distrik op die komitee van goewerneur Somerset om wynbou te ondersoek (Van Zyl 1973:134). Maar William (senior) sterf in 1825 (Duckitt 2014) en William (junior) moes toe waarskynlik na Klavervlei toe gaan om die boerdery oor te neem. William senior en sy vrou het reeds in 1813 Klavervlei toe getrek toe Jacob van Reenen die nuwe eienaar van die plaas, Witteboomen, geword het (NASA, KAB 1812a).

Na 1849 word daar nie weer 'n rekord vir skape gevind nie, maar wel vir bokke. Petrus Michiel sterf ca Desember 1849 (NASA, KAB 1842b). Maar Petrus Michiel het vroeg in die negentiende eeu bokke aangehou. Die 1822-opgaaf (:1822a) toon twintig bokke. Die meerderheid slawe was Moslems. Sy vader, H.O. Eksteen, het skape en bokke as voedsel vir die huis en die slawe aangehou (TANAPb 1792). Sleight (2004:31) reken ook dat bokke moontlik as vleiskos vir die slawe deur die Kompanjie aangehou is. Petrus Michiel het moontlik sy wyn met bokbloed berei<sup>30</sup> en bokke sou hom ook instaat gestel het om goedkoop vleis vir sy slawe beskikbaar te hê. Die aanhou van bokke het egter die veld beskadig. Bokke en skape is vanaf 1792 op die houtposte verbied (TANAPb 1791g), omdat die diere die veld totaal geruïneer het. In die 1820's het Eksteen het dan ook 5,000 pond hooi en 10 mud aangeplante hawer op sy opgaaf aangedui.

Wat wel opval, is die groot hoeveelheid osse. Eksteen het reeds gedurende die Bataafse era transport gery (NASA, KAB 1806). Volgens sy opgawes tussen 1810 en 1825 kon hy ongetwyfeld tot ten minste die 1830's transport gery het (1810a;1822a;1825). Osse kon ook met die braak van grond vir nuwe wingerde, asook die maak van die kanaal, ingespan gewees het. 'n Opsomming van die lewende hawe wat op die plaas aangehou is, word in Figuur 7 (Bylaag A) saamgevat.

Die kwessie oor weiding vir die vee kan moontlik verklaar word in die nabyheid van die plaas aan Soetvlei en die Duckitt-gesin<sup>31</sup> van Baasharmenskraal. William Duckitt het in 1806 op Witteboomen saam met sy vrou en twee seuns gaan woon, vanwaar hy ook op Baasharmenskraal boer. Die plaas Witteboomen is 238 morg en 125 vierkante roede groot (:1806c), maar volgens die opgaaf van 1810 hou hy slegs 13 trekdier en twee koeie op Witteboomen aan. Terselfdertyd word vier inwonende Engelse gelys, onder andere die twee Crowcher-broers, Thomas en Edward, wat saam met hom en sy gesin as lede van die

---

30 Skaap- of bokbloed is as 'n breimiddel bygevoeg om die troebelheid van wyn tot 'n digte suspensie op die bodem van die vatte laat afsak. Die brei van wyn met bloed het die geur verhoog en die proses aangehelp om gouer te verouder (Van Zyl 1973:72).

31 William Duckitt (junior) is met Anna Catharina, tweede kind van Petrus Michiel en Hester Cloete, getroud. William en Anna het op Pampoenvlei, 'n gedeelte van Klavervlei, 'n wynbouplaas gehad. William het tussen 1820 en 1846 die wynplaas bestuur, waarna hy die wyngaard tot niet gemaak het. Albei plase is sedert 1825 deur hom bestuur (Heese, Lombard 1989; Duckitt, P. (red) 2000. "The Duckitt Family Reunion, 1800-2000", p.7. Met toestemming van die skrywer en Darling-museum).

landbou-emigrante gereis het (Nobbs 1942:74). Ook word agtien mansslawe, vier slavinne, 'n Khoi-man en sy vrou gelys (NASA, KAB 1810a). Hierdie mense was almal werknemers. Waar het al hierdie mense gewerk? Die landbouaktiwiteit word aangegee as hout en hooi. Daar was baie hout op Witteboomen wat seer sekerlik vir die mark voorberei is. Dit was immers die hoofhoutpos in die Bataafse bewind (1803f). Die hooi is ongetwyfeld op Baasharmenskraal gesny. Baasharmenskraal en omstreke was in 1806 steeds die aangewese weidingsplek vir vee van die eienaars van Muysenburg, Constantia, die Steenberg, Witteboomen en Wynberg, asook verbygaande vragwaens volgens die gepubliseerde bepalings van 2 Desember 1791. Volgens Paul Duckitt (2014) en na die vertelling van sy vader het William Duckitt (senior) vee op Baasharmenskraal aangehou. Daar word vermoed (deur my) dat Eksteen (senior) hooi by William Duckitt aangekoop het en / of moontlik ook daar weiding vir sy vee gehuur het en dat die verhouding tussen die twee gesinne op so 'n wyse sy grondslag gekry het. Die oorblywende grond van Duckitt, sowat 68 morg, is deur Duckitt vir veeboerdery benut, waarskynlik tot in die laat dertigerjare toe Munnik 'n gedeelte die grond oorgeneem het (NASA, KAB 1838a).

Volgens Duckitt (2014) moes daar 'n struktuur op Baasharmenskraal gewees het, want daar het skynbaar 'n veewagter of 'n oppasser gewoon. In die denneplantasie teen Tokai-woonbuurt en naby Munnik se kanaal lê klippe van 'n ou struktuur – 'n twee- of drieviertrek huisie. Hierdie struktuur kan moontlik uit daardie periode dateer. Dit word op die 1931-kaart van die Kaapstadse munisipaliteit as die woning van 'n boswerker of bosbouer aangedui (HRC 1931). Dit kom nie voor op die 1901-kaart (HRC 1901) nie. 'n Struktuur word wel op 'n diagram, gedateer 1837-1838, en opgestel deur die Kantoor van die Landmeter-generaal, aangedui as Munnik se woning (NASA, KAB 1838;1838a). Duckitt se oppasser kon ook in die ou houtkappershut op Baasharmenskraal gewoon het. Die titel van die 1838-skets lui “Baasharmenskraal, to Duckitt 15 Aug. 1806. Freehold of Mr. J.A. Munnik” (Diagram11 Bylaag B). Munnik se grond het Petrus Michiel nadelig geraak, want die strook goewermentsgrond as publieke weiding was aan die oorkant. Munnik het die waterafloop vanaf Soetvlei na die Keiserrivier gekanaliseer, wat toeganklikheid vir die boere van die omgewing bemoeilik het (1837b;1838a). In die proses is Soetvlei drooggelê. Die Prinskasteelkanaal, gemerk “Water course to the valley in winter” op dieselfde diagram, is 'n watersloot aan die suidekant van die Soetvlei. Dit swenk suid, vanwaar dit “Munnik se kanaal” word (NASA, KAB 1838a;DRDLR 1885). Hierdie area is vandag die Soetvleigroengordel, want dit was Hertzog se grond, genaamd Zweet Valley of Soetvlei (DRDLR 1885). Dit word huidig die “Keiserrivier” genoem.

Weens Duckitt se grond by Baasharmenskraal het die Duckitt-gesin nie alle bande met die Steenbergvallei verbreek nie. Paul Duckitt (2014) bevestig dat William (senior) baie Kaapstad toe vir sakebelange, regeeringsverpligtinge en sy gesin se vriendskapbande met die Van Reenens, gereis het. Duckitt (senior) en sy vennoot, kaptein John Pigott Watney, het 'n winkel, wat landbougoedere verkoop het, in Pleinstraat gehad. Die grond by Baasharmenskraal, waar Duckitt vee aangehou en hooi gemaak het, was 'n addisionele belang waarna ook omgesien moes word.

Ander gewasse is naas wingerde op Tokai aangeplant. Aartappellande kom voor tussen 1849 en 1883 en daar kan aanvaar word dat dit gereeld op die plaas aangeplant is. In 1849 het die aartappeloes Rds 248 opgelewer. Die prys het van Rds 10 tot Rds 6 per mud tussen die herfs en November gewissel. Drie oes- te is per jaar gelewer. Aartappels hou van suurgrond (Gouws, De Klerk 2000:3) en aard dus goed op To- kai. In 1883 het die aartappelland 60 vierkante roede / 6 hektaar beslaan (NLSA 1883). Die eerste eie- naars van Buffelskraal het waarskynlik nie die potensiaal van aartappels ingesien nie, maar by wynbou gehou. Teen 1795 was Tokai omring met plase wat wyn geproduseer het en dit was 'n vanselfsprekende keuse. Aartappels het egter ook 'n ander funksie in die boerderyketting vervul. Hoewel houtplundering gedurende die beleg van 1795 plaasgevind het, moes die grond steeds gebrand en ontbos word waarna dit moontlik gealkaliseer is met die aanplanting van aartappels voordat dit met druiwestokke aangeplant kon word (NASA, KAB 1884b:19). Dit is onseker of die metode wel deur die vroeë boere gebruik is, omdat hulle 'n hoë premie op bemesting met beesmis en perdemis geplaas het (Van Zyl 1973:29). Die aanplan- tingsmetode van aartappels word egter deur die Superintendent van Bosbou in sy jaarverslag van 1883, wat aan die parlement voorgehou is, as 'n alledaagse metode beskryf (NASA, KAB 1884b:19-21). Die waarnemende bosbouveldwagter, W.C. Harman, het in 1883 die grond waar die eerste kwekery aangelê is, so voorberei: "...the soil is loamy, mixed with decomposed granite. The surface was at once trenched and drained, and, in order to pulverise and sweeten the soil, the usual plan was adopted of cropping it with potatoes." (1884b:19) Boere is egter ook in 1880 aanbeveel om nie aartappels naby wingerde te plant nie (1880:154), omdat aartappelsiektes besmetlik vir die grond kon wees. Dit hou moontlik verband met die voorkoms van filloksera.

### 3.4.11 Wynbou op Tokai tussen 1860 en 1883

Dit is onseker hoe gou Bastiaan die ligging van die wingerde verander het. Indien hy dit behou het soos wat die laaste rekord uit 1823 blyk (NASA, KAB 1823c), het Tokai na alle waarskynlikheid onder witroes deurgeloop. Tussen 1861 en 1881 het hy die samestelling van die wingerd verander na 50% elk Steen- en Groendruif (NLSA 1883). Die lewering van die onderskeie wynsoorte vir 1881 van die Kaapse Distrik toon dat die druiwestokke van Genant, Steen, Muskadel en Hanepoot bo Groendruif verkies is. Iets moes dus gebeur het wat Bastiaan genoop het om sy wingerd se samestelling te verander.

#### Lewering van wynsoorte in die Kaapse Distrik, 1881

Genant	Steen	Muskadel	Hanepoot	Groen	French	Pontac	Totaal
589,000	521,500	492,250	453,250	392,000	137,300	71,000	2,656,300

(NLSA 1883)

In 1859 het die Kaap een van sy swaarste droogtes, wat eers in Oktober gebreek is, beleef. Dit is met swaar reënbuie opgevol. Die temperatuur het laag gebly en dit was buitengewoon vogtig. Daar was

weinig wind en snags het dit kwaai gedou. Dit was uiters gunstige weersomstandighede vir die uitbreek van die swamsiekte, witroes en meeldou (*Oidium tuckeri*). Dit is in Desember 1859 in die meeste wingerde deur die eienaars opgemerk, veral onder Muskadel, Hanepoot, Fortignac, Kristal en Lacrima Christa, maar Groendruive is nie juis aangeval nie. Die swam was toe nog onbekend en suksesvolle behandeling en die bekamping daarvan het uitgebly. Dit is met swael behandel, maar dit kon nie verhoed dat sowat 'n kwart van die Kaap se wingerde in 1860/1861 vernietig is nie (Van Zyl 1973:39,42,44,60-2). Teoreties kon ongeveer 25% van Sebastian se Muskadel en Hanepoot onder die swamsiekte deurgeloopt het.

In 1880 het Cloete 'n lys van plaasname gegee waar die fillokseraplantluis Hanepoot aangeval het. Tokai ontbreek op die lys. Dit het wel aan weerskante van Tokai, op Steenberg van Klaas Louw en Klein Constantia van Brading, voorgekom (NASA, KAB 1880b:7-8). Hieruit kan afgelei word dat Bastiaan die omskakeling na 50% Groendruive en 50% Steen geruime tyd voor 1880 gedoen het en dat die enigste wingerde in die Ondertuine geleë was (1883n). Die pes, *Oidium tuckeri* was teen 1868 steeds in wingerde in Constantia teenwoordig en Jacob Cloete het steeds sy wingerde met tussen twee en twee en 'n half ton sulfaat behandel. Sy totale wingerd was toe sowat 170,000 stokke en die verspreiding was ongeveer 3,000 stokke per hektaar. Hoewel 1868 'n goeie jaar was waarin hy vier lêer Hanepoot uit 1,000 stokke verkry het, het dieselfde aantal stokke daarna net sowat 'n halwe lêer wyn gelever. Hierdie pes, wat deur ene professor Muller in Kaapstad as die fillokseraplantluis geïdentifiseer is, het eers die Hanepoot aangeval en daarna die Rooimuskadel. Cloete getuig ook voor die kommissie, wat wingerdsiektes in 1880 ondersoek het, dat die Steenstokke bykans twee maal meer gehard as die Hanepoot is (:1-7). Bastiaan se keuse was nie om dowe neute nie.

Te oordeel aan die arbeidsituasie, wat seer sekerlik reeds 'n probleem was sedert Bastiaan die wyngaard by sy pa gehuur het, asook die voorkoms van witroes in die 1860's in wingerde elders as die Ondertuine, was Bastiaan genoop om sy wingerde te verminder. Dit het hom in die voordelige posisie geplaas om beter kwaliteit wyn te produseer. Die nuwe kelder, wat aan die suidekant van die woning opgerig is, lyk nie enorm groot op foto's nie. Die verminderde aantal druwestokke was moontlik 'n doelbewuste keuse.

Bastiaan se wingerd van 1883 in die Ondertuine (NASA, KAB 1883a) toon 'n noue ooreenkoms met 'n gedeelte van die wingerd van W.F. Hertzog van Bergvliet in 1880 (1880b:42-6). Hertzog het ten tyde van dieselfde ondersoek getuienis voor die kommissie, wat wingerdsiektes in 1880 ondersoek het, afgelê. Hertzog het sedert 1865 op die plaas gewoon. Daar was toe sowat 50,000 stokke wat volgens die verouderde metode van vier by drie voet geplant is. Van die stokke was 130 jaar oud. Die ouer gedeelte van die Groendruifstokwingerd het hy uitgedun van 18,000 stokke tot 9,000 stokke wat in daardie stadium steeds 'n goeie oes gelever het. In totaal was daar 16,000 Groendruifstokke op ongeveer 5 akker. Hy beskryf sy grond as hoofsaaklik kleigrond, sogenaamde “black earth” waarvan die bodem turfklei is. Die turfklei word op ongeveer 'n meter diep onderlê deur blou klei. Van sy wingerde was op die heuwel en op die vlakte. Die vlei het sowat 5,000 stokke van die 120 jaar oue wingerd gedra. Hierdie wingerd het hy



nie bemes nie. Hertzog het ook Oidium gehad en behalwe bemesting wat hy self gemeng het, het hy sy Steen- en Muskadelwingerde vier keer per jaar en die Groendruive drie keer per jaar met sowat 1,200 lb. sulfaat behandel.

Uit Hertzog se getuienis kan daar twee afleidings gemaak word ten opsigte van Bastiaan se wingerde, waarvan die ligging buiten die Ondertuine nie bekend was nie. Die Groen- en Steendruive het 'n mate van weerstand getoon teen die Oidium mits dit proaktief met sulfaat behandel word. Die ou stokke, Groendruif, is nie deur die Oidium vernietig nie. Die tweede afleiding het betrekking op die ligging: die vlei het 'n taamlieke veilige grondsoort vir Hertzog se druive geblyk te wees. Ook Jacob Cloete se Steen (NASA, KAB 1880b) was geplant in kleiagtige grond en Cloete het dit as twee maal so gehard as die Hanepoot gereken. Cloete se Steenwingerd wat heeltemal vernietig is, was in sand aangelê. Hierdie sand was 'n mengsel van afgebreekte graniet terwyl die Steendruive wat minder gereageer het op die luis, in sand met 'n basis van kleigrond aangelê was. Bastiaan se wingerde in die vlei sou dan weens die ligging nie die fillokseraluis gehad het nie.

Wingerde op Tokai wat in sand aangelê was, is moontlik tussen 1859 en 1868 deur witroes vernietig. Dit het Bastiaan en Japie moontlik gelei om te diversifiseer en eerder vrugtebome te plant, asook etlike groentesoorte. Daarom word Tokai nie gelys as 'n plaas in 1880 waarop die fillokseraplantluis voorgekom het nie (NASA, KAB 1880b). Teen 1880 was die boonste wingerde reeds lankal vervang met ander gewasse. Die afwesigheid van die fillokseraluis het moontlik juis die Ondertuine geskik gemaak om deel te vorm van die aankweek van ingeënte druiwestokke in 1896 (NASA, KAB 1896d).

## **3.5 Slawe en arbeid op Tokai**

### **3.5.1 Slawe en Prysnegers<sup>32</sup>**

Al die werk in die wingerde tussen 1795 en 1860 is deur nieblankes verrig (Van Zyl 1973:29). Die afskaffing van slawerny het die wynboere in 'n onmiddellike ellende gedompel – nie net vanweë die verlies van arbeid nie, maar ook van kennis. Vir Eksteen was dit ook 'n geweldige kapitale verlies – die uitbetaling van die kompensasiégeld was kwalik genoeg om sy gesamentlike boedelrekening, ten tyde van sy vrou se afsterwe, te balanseer (NASA, KAB 1842b). Sy slawe is op 23 Desember 1834 vir £4,446/5 gewaardeer (:1834a), maar volgens die kompensasieriglyne en die opvolgende waardasie van Junie 1835, kry hy slegs £1,591/19 in Augustus 1836 uit (:1835a;b; 1836a). Van Zyl (1973:524-5) plaas dan ook die klem op die verlies aan kapitale bate, maar voeg terselfdertyd by, dat dit juis die intensiewe aard van arbeid vir die wynboer was, wat tot ernstige verliese bygedra het. Die intensiewe arbeid, of gespesialiseerde arbeid in die praktyk van wingerd- en wynverbouing, word dan ook in 'n regeringsverslag na die

---

32 Prysnegers is sogenaamd bevryde slawe van skepe, wat na 1808 nog onwettig probeer het om slawe te verhandel. Hulle is dan in Kaapstad ontskep, waar hulle veronderstel was om bevry te word. Hulle is saam met die slawe laat bly en vir 14 jaar by slawe-eienaars as vakleerlinge ingeboek (Shell 1997:146,148).

stand van wynbou van 1882 uitgelig. Daarvolgens het bekwame slawe in die wingerd en kelder voor 1834 boere gemaksugtig gemaak. Die werk is aan die slawe oorgelaat. Volgens die kommissie se bevindinge was die slawe goed opgelei en boonop fisies sterk - hulle het jaar na jaar dieselfde patroonmatige arbeid volgens seisoene verrig. Baie boere het toe nie die nodigheid ingesien om te vernuwe nie, hul wynboupraktyk was verstok en het nie met tydige aanbevelings tred gehou nie (NASA, KAB 1882:5). Historici soos G.M. Theal, aangehaal deur Van Zyl (1973:524-5), voer aan dat die boere van die Kaapse Skiereiland in ekonomiese ellende gedompel en gevolglik gedwing is om boedel oor te gee. Die feit dat daar steeds welvarende boere na 1838 was, bring Van Zyl tot die slotsom dat Theal oordryf. Liebenberg (1959:iv;183) reken Theal oordryf en dat die ekonomiese gevolge verkeerd deur Suid-Afrikaanse historici vertolk word.

Liebenberg (1959:187-9) gebruik statistiek van insolvente boedels tussen 1833 en 1834 ter staving van sy siening. Onreëlmatige toename aan bankrotskappe tussen 1833 en 1834 sou dan aantoon dat die slawevrystelling geen effek op die ekonomiese ondergang van die boedels gehad het nie, want van die 146 boedels was slegs 18 boere. As versterking van sy argument verwys Liebenberg verskeie historici wat die swak ekonomie in die vroeë 1830's uitwys; dat daar 'n ongekende droogte op die noordoosgrens was en dat resessies en depressies mekaar snel opgevolg het. Liebenberg (1959:1) verloor egter uit die oog dat die impak van arbeidstekorte eers na 1 Desember 1838 gevoel sou word, want baie slawe was vir 'n oorgangsperiode van vier tot ses jaar by hul werkgewers ingeboek (Ross 1993:132). Eksteen se werkers het nie tot 1 Desember 1838 aangebly nie, vergeleke die sensusopgaaf van 1837. In die distrikte om Kaapstad het baie van die ingeboekte arbeiders onmiddellik die diens van hul werkgewers verlaat en na Kaapstad en ander dorpe gestroom (Liebenberg 1959:88). Vrygestelde slawe het verskuif na lokasies buite dorpe en wou nie meer plaaswerk verrig nie. Die lokasies was die woonplekke van die Khoina (:89). Eksteen se slawe het vermoedelik die plaas verlaat toe Eksteen sy kompensasiofooi op 24 Augustus 1836 ontvang het. Dit is opmerklik dat hy nie self die geld gaan afhaal het nie, maar wel sy seun, H.O. Eksteen, gestuur het (NASA, KAB 1836a). Het hy onrus of probleme op die plaas verwag?

Liebenberg (1959:85-97) bespreek breedvoerig hoe oeste op 1 Desember 1838 op die land gestaan en verdor of bederf geraak het en boere sonder arbeid gestrand gelaat is, ten spyte van baie aantreklike loon-aanbiedinge van enkele boere vir slawe om aan te bly. Koring en wyn is die ergste geraak. Ten spyte daarvan word 'n ekonomiese opbloei in die jare 1837, 1838 en 1839 beleef. Dit skryf Liebenberg (:197-8) direk toe aan die vrystelling van die slawe. Meer as 'n miljoen Britse pond het die Kaapkolonie, wat in 'n benarde finansiële posisie was, ingekom. Die kapitaal wat voorheen in die slawe belê was, het vloeibaar geword. Vir die Eksteens het die ekonomiese opbloei weinig beteken. Elizabeth Scholtz, moeder van P.M. Eksteen, is in 1837 bankrot verklaar (NASA, KAB 1837a). Petrus Michiel (junior) het op 5 September 1848 boedel oorgegee (1846). Hermanus Arnoldus, seun van Eksteen (senior), se boedel is op 16 Maart 1849 opgeveil (1840a) en Eksteen (senior) se bankrotboedel is op 5 Januarie 1849 onder gereg-

telike administrasie geplaas. Sy boedel sou op 19 Januarie 1852 afgehandel gewees het, maar 'n beswaar, wat nie opgevolg is nie, het die afhandeling daarvan tot 31 Mei 1859 teruggehou, waarna dit as afgehandel beskou is (1842b). Daniel Russouw het Swaanswyk in 1842 aan twee skoonseuns verkoop (Dane 1981:20), Eksteen van Bergvliet is in 1837 bankrot verklaar<sup>33</sup> (:62), Colyn van Hoop op Constantia het in 1858 insolvent geraak (:51) en Buitenverwachting, wat toe Plumstead geheet het, is in 1851 opgeveil (:105). P.M. Eksteen se ondergang was nie so vreemd nie.

Die verlies aan opgeleide arbeiders is ongetwyfeld intens op Tokai beleef. Vir Petrus Michiel sou dit ramspoedige implikasies inhou. Volgens 'n opgaaf van 1837 het Petrus Michiel een Hottentot, Gotlieb, op sy werf gehad (NASA, KAB 1837). Eksteen en sy seuns moes self die druiwe van 130,000 stokke pluk, pars en wyn maak. Eksteen (senior) het verskeie bekwame slawe gehad. Van sy twintig plaaswerkers was elf so vertrouwd met hulle werk, dat hulle dit sonder toesig kon doen. Nege plaasarbeiders het die harde handewerk gedoen. Drie slawe is as hoofhandelaars geassesseer, terwyl drie slawe as sekondêre handelaars beskou is (1835b). Hierdie onderskeid is deur die assessore, wat die waardasie van slawe in 1835 moes doen, getref. Dit verskil merkbaar met die opname van Desember 1834 (Kyk Figuur 15 Bylaag A). Die slaweopgaaf van 23 Desember 1834 lys 14 slawe, wat in tien verskillende rigtings spesifieke, aangeleerde vaardighede gehad het. Sommige slawe was in meer as een area opgelei. Daar was onder meer ses wadrywers waarvan een ook 'n koetsier was, een skoenmaker, een kelderbestuurder, twee klere-makers, waarvan een ook 'n kok was, een messelaar en dekker, een vrouekok en twee breisters waarvan een ook 'n kleremaakster was (1834a). Die slawe het dus nie net die boerdery ondersteun nie, maar was ook van hoë waarde in die huishouding van die Eksteens. Die kompensasieriglyne het uit Londen gekom en weinig met die plaaslike omstandighede voeling gehad. Om die erns van die kapitale verlies te besef, moet die proses van die waardasie begryp word.

Daar het baie verwarring geheers. Ordonnansie 1 van 1835, wat spesiaal vir die assessering van slawe afgekondig is, het bepaal dat al die slawe in die Kaapkolonie as *Non preadial* of nielandbouers geklassifiseer moes word (Liebenberg 1959:139-40). Die klassifikasie maak voorsiening vir (A) *Preadial attached labourers* of landbouverbonde arbeiders, (B) *Preadial unattached labourers* of landbou onverbonde arbeiders en (C) *Non preadial labourers* of nielandbouarbeiders. Die landbouarbeiders, klasse A en B is op hul beurt weer in vyf klasse ingedeel, naamlik hoofslaaf, handelaars, venters, plaaswerkers en plaasarbeiders. Die nielandbouarbeiders se indeling was weer eens hoofhandelaar, sekondêre handelaar, senior handelaar of persoon, hoofhuisbediende en huisbediende. Slawe wat nie by bogenoemde ingedeel kon word nie, of 'n kind onder ses jaar oud, of 'n ou en sieklike en andersins nieaktiewe slaaf, is apart gehou. Die maatstaf vir kompensasie wat voorgehou is, was die prys wat 'n slaaf sou behaal indien hy of sy tussen 1823 en 1830 verkoop sou word. Kinders onder ses, bejaarde en siek slawe moes soos ander slawe behandel word. Dit was ook geldig vir slawe wat sedert 1 Desember 1834 gesterf het, in die tronk was, of

---

33 Dane (1981:62) beskryf H.O. Eksteen se bankrotskap as “How are the mighty fallen”.

voor 1 Desember 1834 ter dood veroordeel is.

In die praktyk is Petrus Michiel se slawe op 29 Junie 1835 geklassifiseer as groep B: landbou onverbonden en groep C: nielandbouarbeiders. In Groep B word tussen elf plaaswerkers (field labourers) met 'n totale waarde van £1,255 en nege plaasarbeiders (inferior field labourers) met 'n totale waarde van £618/15 onderskei. Onder die derde groep is daar drie hoofhandelaars (head tradesmen) ter waarde van £442/10 en drie sekondêre handelaars vir £327/10; tien hoofhuisbediendes (head domestic servants) ter waarde van £1,145 en elf huisbediendes van £1,145. Die vyf kinders onder ses jaar oud se waarde is op £68/15 beeraam. Die opgaaf meld dat daar geen drosters is nie (NASA, KAB 1835a;b). Liebenberg (1959:130-1) se gevolgtrekking is dat die waardasieproses onredelik is. Dit word gestaaf aan die waardasie van Eksteen se slawe. Die kompensasiewaardasie van Eksteen se 53 slawe was ongeveer 'n derde van die geldwaarde in vergelyking met die waardasie van Desember 1834 (NASA, KAB 1834a; 1835;b; 1836a;Figuur 15 Bylaag A). Dit was dus 'n enorme kapitale verlies.

Daar was weinig alternatiewe keuses tot arbeiders vir boere oor. Die inwerkingstelling van Ordonnansie 50 van 1828 het tussen agt- en tienduizend Khoina werkloos deur die kolonie laat rondswerf. Gedryf deur honger en geldnood het hulle stukwerk hier en daar gedoen, maar het toenemend op sogenaamde onbenutte grond rondom dorpie gebly. Vrygestelde slawe het hulle by hierdie groepe geskaar (Liebenberg 1959:48). Die redakteur van *De Zuid-Afrikaan* het op 23 Maart 1832 die rondswerwery van die Khoina toegeskryf aan die inboorlinge se natuurlike gedragpatroon, dus om te swerf op soek na middele om te oorleef. Die redakteur meen dan ook dat die gebrek aan stabiliteit voortspruit uit die afwesigheid van vaste woonplekke (Du Toit, Giliomee 1983:107). Eksteen het blykbaar stuk- en seisoenwerkers uit die groep ontheemdes ingeneem om hom met die oeste te help (NASA, KAB 1842b). Daar was dus 'n same-dromming van werkloos in die omgewing. Dit was waarskynlik dieselfde nedersetting waarvan Isabella Eksteen van Tokai in Februarie 1883 melding maak. Swerwers in die omgewing het vir 'n dagloon om den brode by die plaas aangedoen: "... that there are no tenants on the Estate but those on sufferance from day to day, or subject to a month's notice." (1883b) Ook die verslag van die kommissie van ondersoek na die stand van die wynbou in 1882 vermeld die teenwoordigheid van swerwers buite dorpe en dat hulle stukwerk op plase verrig (1882). Khoina en / of Kleurlinge het hulle dan ook mettertyd per kontrak op Tokai gevestig, maar volgens Isabella kon hulle (die eienaars) met 'n maand se kennisgewing die dienskontrak opsê (1883b). By implikasie moes die werkers, wat in vyf hutte op Tokai gewoon het, wegtrek. Hul hutte was noord van die Ondertuine (1885b). Hulle het ook hul eie tuinery bedryf (1883c), moontlik in die vlei, noord van die Ondertuine, waar klein struktuurtjies op die kaarte aangedui word (1883n). Die koopkontrak het hulle tien maande gegee om hul oeste af te haal, voordat hulle moes trek (1883c).

Of Eksteen werklik sleg met sy slawe gewerk het, kon nog nie deur ander bronne gestaaf word nie. Hy het wel tussen 1819 en 1834 sowat 19 slawe deur sterftes verloor (NASA, KAB 1834), wat 'n gevoelige finansiële verlies was en ook 'n invloed op die maatskaplike welvaart van sy gesin gehad het (1831). Sy

laaste opgaaf in 1835 staaf dat hy nie drosterslawe gehad het nie (1835b). Somerset het in 1816 'n slawe-registerstelsel ingebruik geneem, sodat daar tred gehou kon word met die waarde van slawe (Van Bart 2012: 120). Daarvolgens het Eksteen (senior) 73 slawe gehad, waarvan 19 oorlede en vier per akte oorge-dra is (NASA, KAB 1834). Die 19 gestorwe slawe verwys na die aantal slawe wat hy tussen 1820 en 1830 verloor het. Die feit verskyn in 1831 in 'n ietwat wrange opmerking in 'n kantlynnota op Eksteen se brief van 1931. Die amptenaar haal in die derde persoon Eksteen se persoonlike omstandighede van 'n vorige memorandum aan: "... that without speaking of former times he has lost during the last ten years upwards of 18 slaves most of whom were highly valuable that in consequence of repeated disasters Memorialist now finds himself almost unable to provide for his family in a decent manner..." (NASA, KAB 1831) In der waarheid verwys Eksteen na die kapitale verlies, asook die verlies aan arbeiders wat hy met die slawe se afsterwes verloor het. Waar 'n opgeleide slaaf afgesterf het, sou dit 'n kennisvakuum op die plaas laat. Om dit te vul, moes 'n slaaf met 'n soortgelyke vaardigheid aangekoop word. Tussen 1822 en 1827 moes Eksteen elf slawe op skuld en met verbandlenings aankoop. Die totale koste was sowat Rds 54,000. Die laaste verband is op 29 Desember 1829 afgelos (1835). Onder hulle was Joemat, die skoenmaker, en Willem 1, 'n wadrywer (1834). Eksteen het dus swaar gesteun op die vaardigheid van sy slawe.

Die Prysnegers, wat as vakleerlinge vir veertien jaar by hul meesters ingeboek moes word (Shell 1997: 146-7), het ook onder Somerset se reëling geval. Drie Prysnegers is in 1815- en in die 1819-opgawes van Tokai aangetoon (Todeschini, Blanckenberg 2007:9,10), maar nie in 1822 of 1825 nie (NASA, KAB 1822a;1823b;1825;Todeschini, Blanckenberg 2007:11). Na 1819 kom daar nie weer Prysnegers voor in enige van Eksteen se opgawes nie. Indien die Prysnegers tot 1821 in sy diens was, kon hulle reeds in 1807, toe slawehandel verbied is, tot sy diens toegetree het sonder dat Eksteen enige verklaring verderaan van die arbeiders moes gegee het. Hulle het moontlik sy diens verlaat. Die verwysde drie arbeiders het daarom nie op die lys van 73 slawe verskyn nie (NASA, KAB 1834). Agtien sterftes van slawe oor tien jaar beteken meer as een slaaf per jaar. Dit is baie aan menslike verlies. Eksteen se rapportering van die verliese suggereer tog dat daar nie gemene spel of nalatigheid van die werkgewer by betrokke was nie.

Slawe het nie lone ontvang nie, maar al hul behoeftes is in kapitaal verreken. In 1826 is die koste per slaaf per jaar op tussen Rds 150 en Rds 200 vir kos, drank, klere en medisyne beraam (Van Zyl 1973: 515). Teen 1825 het Petrus Michiel 22 manlike slawe besit wat hom met plaaswerk kon help (NASA, KAB 1825). Daar was ook 12 seunsslawe onder sestien, elf vroueslawe en ses meisieslawe onder veertien jaar oud. Volgens die kompensasieregister waarin die slawe in verbonde en onverbonde plaaswerkers ingedeel word, het Eksteen elf plaaswerkers en nege mindere plaaswerkers of "inferior" plaaswerkers gehad (1835b). Indien hierdie 21 plaaswerkers as meetstok vir 'n teoretiese bepaling van 1825-1826 gebruik sou word, sou Eksteen se onkoste aan plaaswerkers alleen sowat Rds 3,150 (21 x 150) beloop het, konserwatief bereken teen Rds 150 per slaaf. In 1849 het Petrus Michiel 18 lêer wyn, wat 'n totale

inkomste van Rds 1,220 gegee het, verkoop (1842b). Die prys per lêer word as £5 of Rds 65 in die staat van sy ontvangste en uitgawes van 1849 aangegee. Wynpryse was nie konstant nie, maar die prys van 1825/1826 stem min of meer ooreen met 1849. Van Zyl (1973:527) gee die wynprys in Oktober 1826 aan as kwalik Rds30 per lêer, dus ongeveer £2/5 . Eksteen het 37 en 'n agste lêer wyn in 1825 gelewer. Indien dit benader word tot 38 lêer, sou sy inkomste uit wyn Rds 1,140 (38 x 30) wees, of £85/10. Die wyninkomste sou dus nie sy begroting vir slegs 21 van sy slawe kon betaal nie. Eksteen se inkomste uit sy wyn sou in 1825-1826 kwalik genoeg gewees het om sy lopende uitgawes te dek. Volgens Van Zyl (1973:527) het die daling van wynpryse vanaf 1820 drastiese afmetings aangeneem, sodat boere begin agter raak het met die betalings van hul belastings, onder meer distrikbelasting en erfpag. Eksteen moes toe reeds vir jare 'n kontantvloei-probleem gehad het. Sonder arbeid was daar na alle waarskynlikheid kwalik sprake van 'n wynoes in 1838.

### **3.5.2 Werk van slawe in wingerde**

Van Zyl (1973:28-32) gee 'n oorsig oor verskeie take wat deur slawe in die wingerde gedoen moes word. Die arbeid spreek van kennis, vaardigheid en liggaamlike en geestelike uithou vermoë. Die bewerking van wingerde tussen 1795 en 1860 was orals min of meer dieselfde (:29). In Petrus Michiel se geval sou al die handarbeid in die wingerde, wat tussen 1802 en 1825 geskep is, deur die slawe gedoen gewees het. Stokke is drie by drie voet van mekaar in klein vierkante geplant, want daar moes rekening met die suid-oostewind gehou word. Rondom die wingerd is 'n laning bome, gewoonlik eike of kwepers, aangeplant om as windskeerm te dien. Volgens die 1883-kaart was daar lanings, moontlik eikebome rondom die wingerde in die Ondertuine aangeplant. Ook die vrugteboorde aan die onderkant van die woning was tussen heinings en 'n laning van eikebome (NASA, KAB 1883n). Die wingerde is nie opgelei nie, ten einde dit agter die heining uit die wind uit te hou. Dit is jaarliks tot 'n hoogte van twee tot drie voet teruggesnoei. Bemesting is in die wintermaande gedoen, soms vanaf Mei, met veral beesmis, maar ook met perdemis. Goeie grond is net sowat elke agt tot tien jaar bemes, terwyl swak grond elke twee tot drie jaar bemes is (Van Zyl 1973:28-9). Vanaf Septembermaand is die wingerde vir die eerste keer gesnoei. Daarna het dit nog twee keer gebeur, totdat die lote sterk genoeg was om die wind se geweld te weerstaan. Vanaf Oktobermaand is die wingerde gereeld geskoffel. Trosse is nie gestut nie, maar die wingerde is so gesnoei sodat die trosse nie op die grond hang nie. Niedraende lote is afgebreek, omdat dit sap, wat in die trosse kon gaan, sou opneem. Blare is ook dikwels weggebreek om die trosse meer son te gee. Rypwording was in Januarie en Februarie en vanaf middel Februarie het die boere begin pars. In die snoeitydperk is afgesnyde lote gebruik om steggies van te maak. Bondels skoongemaakte lote is in die grond geplaas en in Septembermaand met wortels aan uitgehaal en uitgeplant. Binne twee jaar was daar reeds trossies en in die vyfde jaar was dit in volle drag (:30-2). 'n Analise van Eksteen se oesperiode tussen 1812 en 1825 suggereer dat die grootste oesinsameling in Februarie begin het. Enkele druiwe is selfs so laat as Mei geoes. Daar is ook in Desember geoes (Figuur 8 in Bylaag A).

Slawe moes ook kennis dra om wingerde vir peste te fynkam. Die lys van peste en plaë sluit kalanders, wat in Mei tydens bemesting gesoek moes word, asook ruspes of broekmannetjies en krompokkels of langhoringsprinkaan in sy jonger stadium in die lentemaande (Van Zyl 1973:3-3, 35). Eksteen was dus verplig om sy wingerde gereeld vir kalanders deur te gaan, omdat dit 'n probleem op die Constantia-plase was. Kalanders het die meeste skade aan wingerdoeste veroorsaak (:30,32).

Verdere take, soos die pluk van druiwe, werk in die parshuis, die voorbereiding van vate, pars van druiwe, oortap van wyn, die laai van vate op die waens, die werk van veeherders, werk in en aan die woning, groentetuine en ander plaaswerk is ook deur slawe verrig. Noodsaaklike diens, soos die melk van die beeste en die versorging van lewende hawe, sou dus voorkeur kry bo die bewerking van die wingerde, nadat die slawe die plaas verlaat het. Die inboekstelsel en die invoer van jeugarbeid moes die enorme arbeidsprobleem aanspreek (Liebenberg 1959:37).

### **3.5.3 Kinderarbeid**

Hawelose jeugdige is in Brittanje as plaaswerkers en huishulpe opgelei en is gesien as 'n oplossing om die vakuum in arbeid na die afskaffing van slawe te vul (Van Bart 2012:144-6). Die invoer van kinderarbeiders is 'n tragiese hoofstuk in Suid-Afrika se arbeidsgeskiedenis wat deur ouer historici soos Theal, en moderne historici, soos Nigel Worden, gekritiseer word. Vanweë die sosiale en ekonomiese misbruik van die kinders is die projek allerweë gekritiseer en in 1840 gestaak. M.M. Brown (1994: 60-77) se verhandeling “The Children's Friend Society in Engeland en die Kaap de Goede Hoop 1830-1841”, gee biografiese besonderhede van enkele kinders en waar hulle uitgeplaas is. Nog Tokai nog Petrus Michiel kom voor. Die 1837-aansoek is tot dusver die enigste verwysing dat Eksteen wel van kinders as plaasarbeiders gebruik wou maak. Of hy wel van kinderarbeid gebruik gemaak het, kon nog nie bevestig word nie.

Reeds in 1833 het die eerste elf kinders in die Kaap aangekom. Die uitvoerbaarheid van die emigrasieprogram van die Children's Friend Society (CFS) is gou betwyfel, veral in die lig van die teenwoordigheid van 'n sterk humanitêre drukgroep in die Kaapkolonie. Kritici van die projek het die jeugwerkers as maklik bekombare kapitaal, wat nodig was om die Kaapkolonie ekonomies te laat floreer, beskou (Van Bart 2012:145). Die redes vir die mislukking van die jeugwerkerprogram in die verslag van 1882 is dat die kinders te kort by boere gebly het om kundigheid op te doen en dat hulle nie aan handarbeid gewoond was nie. Ook het hulle nie die algemene werking van die kolonie geken het nie (NASA, KAB 1882:5). Die klassifikasie van slawe op plase het die werklike situasie skeefgetrek. Die Kaapkolonie se verlies aan slawe was 35,745 arbeiders, waarvan 21,722 as nieplaasarbeiders, bestaande uit hoof- en gewone huiswerkers, kinders onder ses, bejaardes en sieklikes, geklassifiseer is (Liebenberg 1959:149-50). Die landbou se werklike verlies was dus ongeveer 14,023 slawe waarvan 46 hawearbeiders was. Liebenberg sien die groototaal van 35,745 as almal verbonde aan plase. Eksteen (senior) se huisbediendes is byvoorbeeld nie as landbouarbeiders geklassifiseer nie (NASA, KAB 1835b). In ruil vir rondom 14,000

arbeiders, bekend met 'n spesifieke boerderytipe, kon die regering tussen 1833 en 1839 slegs 704 kinderarbeiders aanbied. Toe daar uitgevind word dat die jeugwerkers soos slawe behandel word, is die CFS-program in 1840 beëindig. Verskeie ander programme tussen 1840 tot 1860 het steeds kinders as arbeiders of vakleerlinge na die Kaapkolonie uitgevoer, maar almal se lot was dieselfde as die van Prysnegers (Van Bart 2012:145-6).

Die amptelike siening was dat die jeugwerkers wat na 1838 in diens geneem is, nie kontinuïteit kon waarborg nie. By gebrek aan kennis en opgeleide arbeid, het die wynbou 'n eerste terugslag beleef. Die regeeringskommissie van 1881 suggereer die projek het misluk omdat die termyn van een jaar te kort was om die kinders op te lei (NASA, KAB 1882:5). Van Bart (2012:145-7) lys die werkstoestande van die kinders en hoe hulle omstandighede weinig van slawe se omstandighede verskil het. Dit het tot die afskaffing van die projek gelei. Petrus Michiel moes te midde van die onbeproefde arbeidsmark sy wingerde onderhou. Die verlies aan Prins, wat vanaf 1817 die kelderopsiener was en na 17 jaar vir Rds 1,833/2/4 of £ 137/10 gewaardeer is (1834a), was dalk 'n gevoelige slag, maar dit was die verlies aan handarbeiders in die wingerde wat agteruitgang onomkeerbaar gemaak het. Dit is ondenkbaar om te verwag dat die tenger kinderarbeiders die plek van ervare slawe in 'n arbeidsintensiewe bedryf sou kon volstaan, al sou hulle opleiding ook oor meer as een jaar gestrek het.

### **3.5.4 Kontrak- en stukwerkers**

Die regeeringskommissie van 1880 het die arbeidskwessie vierkantig voor die deur van die wynboere gelê. Dit gee 'n historiese beeld van die boer-arbeiderverhouding van ongeveer 80 jaar in 'n paar sinne weer. Benewens die Kommissie se gevolgtrekking oor slawe en kinderarbeiders, het hulle ook swart arbeiders verskoon. Ongeskoolde swartes van Delagoabaai (Mosambiek), Damaraland (Namibië) en Kaffraria<sup>34</sup> was volgens die Kommissie nie geskik vir die werk nie. Boonop was daar volgehoue verhoudingskwessies tussen die boere en die Kleurlinge. Dit het arbeid verder gestrem weens die sosiale posisie van die Kleurlinge. Hulle het hulself as 'n onafhanklike groep beskou en was nie bereid om tot 'n baasknegverhouding toe te tree nie (NASA, KAB 1882:5).

Teen 1849 het die arbeidsmag aansienlik verklein. Die wyngaard was toe reeds verdeel tussen Eksteen (senior) en sy seun Bastiaan en daarom is dit onseker om te weet hoeveel arbeiders steeds op die plaas teenwoordig was. Die arbeiders vir wie Eksteen (senior) gesorg het, het op ongeveer 10 per maand te staan gekom. Sommige maande is 'n ekstra helper vir akkers optel bygehuur. Vir die dek van die woning se grasdak, wat elke paar jaar gedoen moes word, is ook 'n ekstra helper bygehuur. Teen 1849 het Petrus Michiel sewe arbeiders teen Rds 8, een arbeider teen Rds 5, 'n kok en 'n huisbediende (manlik) teen Rds 9 per maand gehuur. Hy het ook elke maand een stukwerker teen 2 skellings per dag gehuur. Laasgenoem-

---

34 Brits-Kafferland of Kaffraria, die Oostelike Provinsie, is in 1865 deur die Britse regering geannekseer en by die Kaapkolonie ingelyf (Scholtz 1980:187).



de het Petrus Michiel die meeste gekos: Rds 76 teenoor die gemiddelde lone van die sewe arbeiders van Rds 68 per maand (NASA, KAB 1842b). Die kontrakwerkers het gewoonlik blyplek gekry, asook kos en 'n stukkie grond waarop hulle kon groente aanplant. Bastiaan en Japie het die praktyk met hulle kontrakwerkers met blyplek gevolg (1883b). Ook 'n kothuis, gemerk “Biempie se huisie” word in Pondokvallei by die fontein op twee kaarte aangedui (1885b; DRDLR 1887b). Indien elke struktuur 'n manlike werknemer gehuisves het, het die Eksteenboerdery teen 1883 ongeveer vyf manlike arbeiders gehad. Hulle het ook gebruik gemaak van stukwerkers (NASA, KAB 1883b) en van die manlike werkers se vrouens het waarskynlik in die woonhuis of elders gewerk. Met druk tye was daar genoeg werklose arbeiders in die omgewing wat bereid was om stukwerk te onderneem. Biempie se identiteit kon nie opgespoor word nie (DRDLR 1887b).

### 3.6 Gevolgtrekking

Om individuele boere se wynproduksie oor 'n verloop van tyd vas te vat, bly moeilik weens 'n gebrek aan dokumentasie. Waar statistiek gebruik kan word, soos in Eksteen (senior) se geval, gee dit geringe inligting van die werklike situasie. Tog dra dit by tot die groter geheel. Dit bevraagteken die siening dat boere na die slawevrystelling eintlik vier jaar van opbloei beleef het. Maar dit was nie die geval op Tokai nie. Indien dit die geval op Tokai was, sou Eksteen geld gehad het om sy lenings af te los. Andersom gestel: indien sy lenings in hierdie periode afgelos is, sou dit 'n periode van voorspoed vir Tokai suggereer. Eksteen kon hoogstens sy ewigdurende erfpag se agterstallige betalings met die 1841-oes terugbetaal. Dit was oor die algemeen 'n goeie oesjaar (Ross 1993:135). Met dié terugbetaling van £180 vir twaalf jaar, was daar waarskynlik nie voldoende geld oor om ook lenings terug te betaal nie.

Die aanname in 1882 (NASA, KAB 1882) dat wynboere outyds is en dat vernuwung in die wyn- en wingerdverbouing te wyte is aan wynboere se geskiedenis van afhanklikheid aan slawearbeid, kom met bagasie oor die verhouding tussen die Britse regering en die afstammeling van boere uit die VOC-tydperk. Hierdie aanname van 1882 is die slotsom van die kommissie wat die stand van wynbou in 1882 ondersoek het. Die Britse regering het nie werklik die impak van handarbeid op intensiewe bedrywe soos die landbou besef nie en die maatreëls wat hulle as alternatief aangebied het, het nie gewerk nie. Die boere het inderdaad op hul slawe vir kennis, uithouvermoë en beskikbaarheid staatgemaak, maar wynbou was toe al 'n besigheid. Die plaaseienaar was terselfdertyd die finansiële bestuurder, hoe primitief ook al. Te oordeel aan Eksteen se skrif<sup>35</sup> en die boekhouding in 1849 was hy intens gemoeid met sy boerdery, maar hy het nie 'n boekhoudingstelsel nagelaat nie. Die mate waarin die boere toeberei en opgewasse vir hul taak was, kan aan Eksteen se eienaarskap gesien word. Al kon hy nie die plaas van ondergang red nie, het hy die plaas vir meer as 47 jaar besit.

---

35 Mense wat gereeld skryf, se skrif vertoon gladder as mense wat nie kan skryf nie. Eksteen se skrif lyk nie hortend of stokkerig nie. Persoonlike waarneming.

Die Kaapse regering is deur verskeie liggame in die gemeenskap oor die benarde posisie van wynboere ingelig. Die wynboere self en die wynhandelaars, wat die Kamer van Koophandel saam met die boere in 1804 gestig het (Van Zyl 1973: 172, 301, 507 e.a.) en koerante (Van Zyl 1973: 172, 301, 507 e.a.), asook die Cape of Good Hope Trade Society in Londen (Van Zyl 1973:316), gestig in 1825, het almal verhoog gerig. Die boere het nie kapitaal gehad nie. In die finale verslag van “The macro-economic impact of the wine industry on the Western Cape” van 18 Januarie 2001 (SAWIS 2001:7,) word die belangrikheid van kapitale investering in die wynbedryf, insluitend arbeid en entrepreneurskap, steeds beklemtoon: “Capital investment is required to support or generate any given amount of economic activity. Capital investment, together with labour and entrepreneurship, form the basic productive factors needed for production.” Die effektiwiteit en geslaagdheid van die kombinasie van hierdie faktore bepaal die totale produktiwiteit en winsgewendheid van sodanige produksieprosesse. Die 2001-verslag beklemtoon voorts dat die gesamentlike faktore inherent afhang van tegnologiese ontwikkeling en ag die vlak van opleiding van die arbeiders as baie belangrik. Die 1882-aanname is dus nie verkeerd wanneer dit na 'n opgeleide komponent van slawe op wynplase van voor 1838 verwys nie. Dit laat net na om te noem dat boere in die praktyk vir die opleiding van die slawe gesorg het. Al sou die opleiding deur slawe aan slawe oorgedra gewees het – daardie opleiding het op die plaas gebeur. Dit is daardie aspek wat verlore geraak het, maar nie vervang is nie. Die 1882-aanname ontbreek in die erkenning deur die Britse regering en die koloniale regering dat die verpligte inboekstelsel van 1835 onsuksesvol was. Dit het eerder bygedra tot 'n verdere vervreemding van 'n groep binne die gemeenskap (Liebenberg 1959:1), 'n groep wat reeds onthoem was. In 1882 word die blaam vir die agteruitgang van die wynboubedryf geheel en al op die boere geplaas. Die gebrek aan kapitaal en die faktore wat dit veroorsaak het, word dus ook indirek by die wynboere gelê. Vernuwing kon net deur kapitaalkragtigheid bereik word. Die wynboere se ergste verliese is met die vrystelling van slawe gely (Van Zyl 1973:524). Boere het gemiddeld £32 per slaaf ontvang, ongeag die koopprys van die slaaf. Weens die intensiewe aard van arbeid vir die wynboer, was die slawe vir sommige boere hul vernameste kapitale bate en is dit te verstane dat die wynboere ernstige verliese gely het.

Die Afrikaanse wynboere was volgens die Engelse te traag om te vernuwe. Die amptenary se houding in die 19de eeu het toenemend krities geword teenoor die Afrikaanse wynboere. Die uiteindelijke gevolg was 'n vertrouensbreuk tussen wynboere aan die een kant en regeringsamptenare aan die anderkant. Tydens Jacob Cloete (NASA, KAB 1880b) se getuienis voor die ondersoekkommissie in 1880 oor filloksera is Cloete se waarnemings op sy eie plaas verskeie kere in twyfel getrek. Die nalatenskap van die houding van Engelse amptenary jeens Eksteen vind weerklank in die vooroordeel jeens die Eksteens in die werk van verskeie skrywers.

Die verlies aan arbeid op Tokai het die finale nekslag vir Eksteen (senior) aangekondig. Onderlinge finansiële betrokkenheid van leen en uitleen van die gesinslede het 'n kettingreaksie tot gevolg gehad. Een se lyding was almal se lyding. Hoe dit gekom het dat Bastiaan en Japie oor die vermoë beskik het

om die plaas te koop, kon nie opgespoor word nie.

Boere tussen 1860 en 1882 het teruggeval op metodes wat werk en gewerk het in die dae toe hulle nie die kapitaal gehad het om te vernuwe nie. Daarom is die wynbou deur diverse sektore, wat minder arbeid ge- verg het, vervang, soos wat Eksteen (senior) probeer het deur op veeboerdery terug te val. Boere het die afskaffing van slawe sien kom en weens die instelling van Ordonnansie 50 was die skrif wat arbeid betref, reeds aan die muur. Wynboere soos Sebastian Eksteen het op klein skaal in verhouding met sy vader ge- boer, maar hy het nie bankrot gespeel nie. Die afplating van wynbou in verhouding met die skaapwolbe- dryf en graanproduksie het wynboere waarskynlik versigtig gemaak om te waag.

Tussen die verslae van die Grondraad en die historiese getuienis oor Swaanswyk blyk Tokai nie veel an- ders as die omliggende plase te wees nie. Tog is daar opmerklke verskille. Tokai is een van die water- rykste plase in die vallei. Die plaas se ligging in verhouding tot die hoogste piek van die bergreeks en die teenwoordigheid van verskeie rûens en dale, vleie en vlaktes in die topografie van die landskap maak die plaas tog anders. Filosofies sou dit daarop neerkom dat elke plaas volgens sy eiesoortige natuur ontwik- kel moes word. Van der Merwe (1926:299) se aanhaling uit McCall Theal, *History of South Africa, 1795 – 1872*, Vol. 1, p. 172, omskryf dit so: “Die Kaapenaars moet alleen probeer volmaak, wat die natuur in hul omgewing wil.” Tokai se aarde het op die ou einde bepaal wat werk en wat nie. Die grond is nie ge- skik vir weiding nie, tensy dit herhaaldelik gebrand word. Enige aanplantings moes of deeglik bemes word om die suurgrond se samestelling te verander of moes aanplantings wees wat in suurgrond gedy. Voorts het winterstorms se waterafloop altyd die potensiaal van skade. Die VOC se reservering van die Buffelskraalhoutpos was nie om dowe neutte nie. Die VOC-regering het waarskynlik na die mislukking van die eerste skaappos reeds beseft dat die grond nie geskik vir agrariese doeleindes was nie.

Markkragte en persoonlike vermoë is egter wigte en teenwigte wat nie geïgnoreer kon word nie. Eksteen het in 1802 begin boer onder omstandighede wat onderhewig was aan politieke en noodwendige ekono- miese verandering. Die oorskakeling van die Kompanjie se sentraal beheerde ekonomie tot 1795 na 'n mededingende ekonomie onder die Engelse bewind het die boere onverhoeds gevang (Blommaert, Wiid 1937:8). In 1795 het wynboere geen uitgawes in die vorm van belastings gehad nie (Van Zyl 1973: 513- 4). Daarteenoor het die instelling van ewigdurende erfpag 'n volgehoue las op die erfpaghouers geplaas, plus bykomende belastings in die wynbedryf.

Tokai se wynopbrengs kon nooit meeding met die Constantia-plase of selfs Bergvliet nie. Die uitein- delike 60,000 stokke van Bastiaan in 1883 toon aan dat die plaas se wynboubedryf klein gehou moes word. Die wissellende klimaatstoestande, wat ook die Constantia-plase soms erg geknou het, het ook Tokai se druiweaanplantings benadeel. Teen die 1880's was die uitvoer van Kaapse wyn gering teenoor die kragtige sektor wat dit in 1825 was. Die naam van die plaas, “Tokai” is heel moontlik 'n bespotting en was moontlik as sodanig ervaar. Die Engelse naam van die negentiende eeu, Prinskasteel, is baie meer

gepas en sou vandag die geskiedenis van die plaas omvat vanaf die VOC-periode. Dit omvat die grot as landmerk en bring afstand met die oorheersende Constantiabergbenaming.

Petrus Michiel Eksteen is die sentrale figuur in die grond se ekonomiese verbruik. Oor sy karakter kan daar nie uitgewei word nie. Daar is nie eerstehandse getuienis wat hom kenmerk as 'n deurbringer nie. Daar is maar een geleentheid, toe hy op 29 November 1836 volmag aan Carel Maritz Zastron voor sewe getuies op Tokai gegee het, waar daar sprake van Eksteen saam met besoekers op Tokai geboekstaaf is (NASA, KAB 1840). Daar is wel eerstehandse getuienis dat hy alles in die stryd gewerp het om die plaas tot 'n modelplaas uit te brei en dat hy met dieselfde ywer gepoog het om vir sy kinders 'n toekoms te verseker. Petrus Michiel se afhanklikheid van lenings en verbande is tekenend van die tye waarin hy geleef het. Hy het, soos ander boere, die stelsel gebruik. Sy ondernemingsgees was altyd teenwoordig, tot die einde toe. Oor sy verhoudings met sy slawe is daar ewe-eens geen rekord nie. Die wig wat besig was om in te dryf tussen die Engelse owerheid en die Afrikaanssprekendes, is immer teenwoordig.

Die grond van die aarde onder die Prinskasteelgrot en teen die hange van Vlakkenberg sou beter daaraan toe gewees het indien dit 'n houtpos gebly het. Die vernietiging van fynbos en geelhoutbome in die Prinskasteelkloof onderkant die grot, asook teen die hange van Vlakkenberg, is nie net deur die VOC-houtkappers of die Eksteens of ander boere van die omgewing gedoen nie, maar deur die regering toegelaat, omdat die regering konstant nagelaat het om kroongrond of die sogenaamde “wasteland” op te meet en te karteer. Houtveldpraktyke gedurende die VOC-periode behoort ook erfenisstatus te verkry. Dit het na alles gesorg dat die bergfynbosveld plek-plek behoue kon bly.

Die nietasbare erfenis van die Eksteens se stryd om ekonomiese oorlewing, hul deursettingsvermoë en hul ideale om van die plaas 'n sukses te maak, is verteenwoordigend van die gewone wynboer van die 19de eeu. Dit is hierdie aspek wat erfeniserkenning moet kry. Daarmee saam mag erfenis van die kennis van toegewyde slawe in verskeie praktyke op Tokai nie verlore gaan nie. Die slawe se inspraak dien ook vermelding as arbeiders tydens die houtveldperiode.

## Hoofstuk 4: Sosio-kulturele erfenis: strukturele nalatenskappe

### 4.1 Inleiding

Die navorsingaspek van die geskiedenis van Tokai wat die meeste aandag kry, blyk argitektoniese geskiedskrywing<sup>1</sup>, ingesluit eienaarskap, te wees. Die sentrale fokus is op die huis, maar die skryfwyse ontbreek aan argivale verwysing. Selfs die amptelike monumentverklaring van 8 September 1961 kon nie foute ontglip nie. Daarvolgens is die huis, wat inderdaad as “...van hoogstaande historiese waarde...” beskryf word, kort na 1792 deur Jan Andreas Rauch gebou (SAHRA 1961). Maar Rauch het die plaas vir slegs drie maande besit en boonop vir dieselfde koopsom verkoop (NASA, KAB 1792). Hoewel die kern van die erfenisimpakstudies op eienaarskap bly fokus, blyk dit te min inligting om meer omtrent die woning te verklaar. Ook vereis die soorte van gronduitreiking tussen 1792 en 1814 'n breër soektog. Die plaas bestaan uit vier verskillende gedeeltes wat slegs op een plek tesame genoem word, naamlik die kennisgewing van die insolvente vendusie van P.M. Eksteen (senior) wat op 22 November 1850 gehou sou word (1842b). Die erfpaggrond word gewoonlik weggelaat, want die rekords word in die Kaapse Argiefbewaarpark (KAB) en nie in die Aktekantoor nie, gehuisves (1811;1811a). Danksy die rekords van die Aktekantoor word gedeeltes van die grond met betrekking tot oordrag geraadpleeg, maar behoort die volledigheid daarvan in die “Old Cape Freeholds”, asook Quitrent-registers in die KAB aangevul te word (DRDLR 1883; NASA, KAB 1792;1795;1811;1811a;1814). Die geskiedenis van die skepping van die woning en ander strukture is voorts onlosmaaklik aan die ekonomiese en sosio-kulturele aktiwiteite van die plek gekoppel. Tokai-landgoed as plaas, Tokai-bosboustasie as 'n besigheidsentiteit en tot 'n mindere mate die korrektiewe sentrums te Tokai-werf, dra by tot die skepping van sosio-ekonomiese en kulturele erfenis. Juis die pogings om die skepping van tasbare erfenis te dateer, toon aan dat 'n kritiese beskouing nodig is. Dit vereis noodwendig 'n dieper delf na die skeppers daarvan. Dokumentasie soos aktes, sterfkennisse, boedelrekenings en genealogiese rekords is baie belangrik, maar indien dit nie behoorlik ontgin word nie, beteken dit weinig. Kennisname van die deeldisipline van argitektuur, argitektoniese geskiedenis, is informatief, maar behoort nie die ruggraat van die navorsing te vorm nie. Ook ander materiaal, soos foto- en kunsrekords, moet gesoek en betrek word.

Sosio-kulturele erfenis word ook met betrekking tot die omgewing ondersoek. Voor 1883 is kulturele besluitneming gedoen met inagneming van waterverbruik stroomaf van die plaas (NASA, KAB 1897a). Die Prinskasteelkanaal moes sorg dat die helfte van die water van die berg in die vallei vir gebruik beskikbaar wees (1795). Dit beteken onbesoedelde water. Nadat die regering die plaas in 1883 oorneem, verander die situasie. Onder argitektoniese historici word hierdie aspek van 'n vroeë lewensstyl met betrekking tot riolering slegs deur Lewcock (1963) ondersoek. Hier word dan gepoog om die huis ook in hierdie opsig te ondersoek. Daarmee word terselfdertyd wegbeweeg van die tradisionele kultuurgeskiedenis.

---

1 Die hoofstuk verwys na die historiese subdisipline, argitektoniese geskiedskrywing, eerder as toegepaste argitektuur soos wat dit tans in erfenisassessering bedryf word. Die verskil blyk duidelik.

denisbenadering waar die huis, mense se lewensstyl en artefakte gelys word. Die artefakte word in drie lyste in Bylaag A opgeneem (Figuur 20-2 Bylaag A).

Met hierdie hoofstuk word ook erkenning aan die mense op die periferie gegee, omdat die gebruik van die aarde nie sonder hulle fisiese arbeid kon gebeur het nie. Daar word drie groepe arbeiders onderskei, naamlik slawe, kontrakarbeiders en dwangarbeiders. Weens 'n gebrek aan ruimte word dit beperk tot die verlede van Tokai-park. Arbeid is 'n bekende navorsingsveld op sigself en hierdie hoofstuk is nie 'n sosiale geskiedenis van die arbeiders nie (Figuur 13-18 Bylaag A).

Daar was strukture op Tokai wat maar eers deur hierdie navorsing opgespoor is. Omdat daar nie rekord is van strukture wat lank reeds verwyder is nie, kan daar nie verwag word dat argeologiese ondersoek geloods moet word nie. Die daarstelling van strukture bly 'n fokuspunt van die studie, omdat moderne Tokai-park se ontwikkelingsbeplanning nie bewus is van hierdie strukture nie. Daar word dus baie klem op die historiese ontwikkeling van die Tokai-werf gegee. In wese is die hoofstuk 'n poging om die skeefgetrekte beeld van Tokai se struktuurgeskiedenis reg te stel. Argitektoniese historici gebruik hul navorsing as 'n subdisipline binne hul eie studieveld en word aan die hand van die wetenskap se behoeftes gerig. Dit durf nie die plek van historiese navorsing oor geboue te verplaas nie. Restourasie van geboue is op die lange duur die werk van argitekte. By die lees of naslaan van Lewcock (1963) word die noodsaaklikheid van navorsing uit primêre bronne vir argitektoniese geskiedskrywing beklemtoon.

Tokai-park se veelvlakkige erfenis is deur gemengde ekonomiese aktiwiteite van boerdery, bosbou, en korrektiewe opvoedkunde gedryf. Omdat die bosbouerfenis die vlakste in die geheue is, mag dit nie ander erfenis verdryf of totaal oorskadu nie. Dit kan ook lei tot die negering van ander kultuurgroepe wanneer een kultuurgroep, die kultuur van die politieke oorheersers of die omgewing, ander kultuurgroepe neger, verkleiner of wanvoorstel. Die groep wat verwaarloos is, is die sogenaamde Hollandse of “Dutch”-boere, hier verwys as Afrikaanssprekende boere. Die onderskeie eienaars of boere se betrokkenheid by die daarstelling van die erfenis word bekyk. Wat hier beperk belig word, is die kulturele nalatenskap van Porter-skool. Weens die betrokkenheid van die instituut se voogdyskap op die werf, kan dit ook nie weggelaat word nie.

Tokai het ook 'n aantal legendes. Daar word gepoog om enkele van hierdie mites of aannames aan te spreek. Hier word spesifiek verwys na die verbintenis met Jan van Riebeeck se wetgewing, skakels met Simon van der Stel, die sogenaamde Prinseslegende en die Eksteen-familie se nalatenskap.

## **4.2 Geskiedskrywing van die Kaaps-Hollandse boustyl se oorheersing deur argitekte**

Navorsing oor die optekening en daarstelling van historiese data van ou geboue berus grotendeels by argitekte. Dit spruit voort uit die behoefte aan restourasie. Walton (1989:v) haal Bierman aan om die

subdissipline se lede te omskryf as argitektoniese historici. Die skool ondersoek ou Kaapse strukture, in besonder Kaaps-Hollandse wonings. Die geskiedenis van die restourasie van ou Kaapse wonings en geboue word na die begin van die 20ste eeu teruggevoer toe 'n doelbewuste bewaringsprogram van stapel gestuur word teen die verval, verandering en die vernietiging van ou Kaapse gewels. 'n Proses was toe reeds aan die gang om historiese Kaapse geboue met Victoriaanse estetiese stylveranderinge en waardes te vervang, wat tot 'n totale uitwissing van 'n nasionale boustyl kon lei. Op sy beurt lei dit dan tot 'n weerstandsbeweging wat hom ten doel stel om ou Kaaps-Hollandse wonings met foto's en skilderwerk te dokumenteer. Terselfdertyd is die bewaring van die ou Kaapse boustyl gesien as 'n middel om die verdeelde Suid-Afrika na afloop van die Tweede Anglo-Boereoorlog te verenig (Coetzer 2007:150-1). Aan die begin van die 21ste eeu is argitektoniese historici steeds die hoofgroep en bykans enigste groep wat ou geboue se geskiedenis dokumenteer. Dit word gedoen na gelang van die behoefte aan óf restourasie, óf erfenisverklaring, óf voorgestelde ontwikkeling, soos gesien in 2011 in die geval van strukture op die groter Tokaiwerf (TMNP 1011a;2012b). Hoewel daar gradering van strukture gedoen en dit deur die erfenisagentskappe nagegaan word, word dit bevraagteken weens die afwesigheid van navorsing. Maar meer daaroor in Hoofstuk 6. In die 1990's en daarna word argitektoniese geskiedenis ook deur argeoloë soos dr. Antonia Malan, voorheen verbonde aan 'n historiese argeologiese navorsingsgroep, Historical Archaeology Research Group, Universiteit van Kaapstad, uitgebrei. Die studie van ou geboue kry so 'n antropologiese onderbou. In haar artikel, 'Building lives at the Cape in the Early VOC Period' (2010:45), trek Malan verbande tussen argitektuur, die mense wat binne die huise gewoon en hoe hul lewens daarna uitgesien het. So 'n studie is nog nie vir Tokai en sy mense onderneem nie. Die inventarisering in Petrus Michiel Eksteen (senior) se boedellêer leen dit tot so 'n studie (NASA, KAB 1842b), maar die onderbou bly steeds argitektoniese geskiedenis.

Moderne tendense in argitektoniese geskiedskrywing fokus dan ook sterk op sosio-politieke naas antropologiese kwessies. So benader Leibman (2012:10,11) byvoorbeeld haar studie van Groot Constantia as 'n plek waar daar 'n komplekse verhouding tussen argitektuur, kolonialisme en apartheid met versluisde geskiedenis is. Haar kernvraag is "... whether Groot Constantia, a defining icon of cultural identity, is able to affirm South Africa's diverse cultures and play a nationbuilding role in heterogeneous society and traumatic past." Tokai of enige ander plek sou hom inderdaad tot so 'n benadering leen, omdat albei die plase, Tokai en Groot Constantia, van private besit na staatseiendom oorgegaan het. Leibman verpolitiseer egter die nalatenskap. Die skeppingsdoelwitte en oogmerke van die produk deur die individu word nou 'n bron van nasionale diskoers. Dit is 'n nuwe wysie op die ou deuntjie van die "Closer Union Society"<sup>2</sup> van die vroeë 1900's, maar die uitkoms moet in 'n post-apartheidkonteks inpas. Postmodernistiese benadering kan ook 'n bron tot verruiming van geskiedenisnavorsing en geskiedskrywing wees, mits dit met historiese wetenskaplike metodiek gepaard gaan (Evans 1999:134). Malan (2010:47) verwys na 'n

---

2 Die Closer Union Society het hul bewyser vir eenheid tussen die Engels- en Afrikaans-sprekende groepe na 1902.

studie oor gewels wat aantoon dat dit vir sosio-ekonomiese doeleindes ontwikkel het. Dit sou dan vir die eienaars 'n vorm van aansien en beheer gee. Gewels het die gewone koloniste onderskei van die Kompanjie, maar hulle terselfdertyd verhef bo mense wat nie in sulke huise gewoon het nie. Dit het ook hul oorheersing oor die slawe beklemtoon. Ook hierin is 'n sterk subjektiewe benadering tot betekenisgewing. Die gewel van die Tokai-woning is inderdaad besonder hoog in verhouding met die totale hoogte en breedte van die woning, soos deur 'n foto van Steer, ca 1922, afgebeeld (NASA, KAB ca 1922). Om 'n sosio-politieke kleur aan die huis se gewel of enige historiese aspek te gee, is myns insiens teenstrydig met die oogmerk van hierdie studie. Die huidige vertolking van Tokai se geskiedenis word oorwegend vanuit 'n Engelssprekende perspektief gedoen. 'n Regstelling daarvan behoort nie 'n oordrewe Afrikaanse agenda te hê nie. Ook mag dit nie 'n wapen word om die regering van die dag van onverskillige benadering tot tradisionele Europese nalatenskappe te beskuldig nie. Dit behoort bloot net die feite na vore te bring. Die feite moet vir hulself spreek.

Geskiedenis van argitektoniese geskiedskrywing ontstaan in die vroeë 1900's na afloop van die Tweede Anglo-Boereoorlog. Die motief is polities, want die Kaaps-Hollandse boustyl is doelbewus gebruik om 'n gees van eensgesindheid tussen die twee blanke kultuurgroepe, Engels en Afrikaans, te probeer bewerkstellig. 'n Antagonisme tussen die twee taalgroepe sou dan reeds sedert die begin van die 1800's in die Kaaps-Hollandse versus Engelse argitektuur teenwoordig wees. Daarmee is gehoop om 'n volksidentiteit te bou en nasiebou te bevorder (Coetzer 2007:150). Die tydskrif, *The State*, word onder meer deur die argitek, Masey, gebruik om die eerste volledige verslag oor die Kaapse argitektuur te publiseer (Krüger, Beyers 1977:602). Die tydskrif is begin om nasiebou te propageer. Dorothea Fairbridge, saam met die argitekvennote Baker en Masey en die skilder, Gwelo Goodman, wat van Fairbridge se werk geïllustreer het, is as die 'coterie' of klik van die imperialistiese argitekte gesien. Reeds sedert 1911 publiseer Fairbridge 'n reeks artikels in *The State*. In hierdie artikels, wat die basis van haar 1922-publikasie, *The historic houses of South Africa* vorm, word die Kaaps-Hollandse argitektuur die produk van Europese nedersetting. Fairbridge is dikwels deur die fotograaf, Arthur Elliott, op haar besoeke aan opstalle vergees (Leibman 2012:78). Die tydskrif het die mense van die twee (voormalige) Boererepublieke uitgenooi om hul te vereenselwig met Trotter se eerste boek, *Old Cape Colony*, nadat Trotter se boekresensie in 1909 in dieselfde tydskrif verskyn het. Die resensie is dan ook as 'n simbool van nasionale erfenis beskou. Die resultaat van hierdie aanvanklike navorsing het die kernbronne van latere argitektoniese historici geword en word tot vandag toe nog steeds in bronnelyste aangetref. Hoewel Thorold (2011:50-52) nie Trotter lys nie, lys hy Fairbridge naas Hans Fransen<sup>3</sup> en ander soos De Bosdari, Dane en Mauve.

Argitektoniese historici se datering van wonings gebaseer op afleidings oor boustyl, beïnvloeding van Europese stylontwikkeling en die ontwikkeling van die Volksboustyl aan die Kaap, is van onskatbare waarde. Maar waar datering nie aan primêre navorsing gekoppel word nie, verloor die deeldisipline

---

3 Fransen (1981:Omslag) het argitektuur in Amsterdam en kunsgeskiedenis in Suid-Afrika gestudeer.



oortuigingskrag. Argitekte en ander skrywers se navorsing gee egter 'n vertrekpunt vir verdere navorsing. Hoewel die kunskenner, Hans Fransen (1981), De Bosdari (1953, 1964) en ander navorsers soos Trotter (1903), Fairbridge (1922), Mary Cook saam met Fransen (1981), Philippa Dane (1981) en Phillida Simons (2000) moedige pogings aanwend om die oorsprong van die Tokai-woonhuis te probeer verklaar, bly dit in gevalle steeds monotoniese narratiewe. Waar daar wel sprake van primêre navorsing is, word die metodiek in skryfwyse baie lukraak aangebied en raak dit moeilik om die gegewe te toets of verder te ondersoek. Die sosiale status van die eienaars word meesal eensydig beklemtoon en dit maak die geskiedenis van Tokai toeganklik vir 'n baie beperkte leserpubliek. Ook suggereer dit subjektiwiteit en 'n klas-sevoordeel. Die eienaars word dan aan beroepe, wat hulle 'n bepaalde aansien in die samelewing sou gee, gekoppel. Dane (1981:115-6) het hierin ander navorsers voorgestaan: Rauch, 'n geweermaker, is die “Superintendent van Groote Schuur” en Teubes was 'n “gekwalfiseerde dokter” wat verkies het om 'n wadrywer te wees sodat hy 'n vryburger kon word. Dane kon skynbaar nie inligting oor Herwig kry nie en noem slegs sy Duitse afkoms en sy besluit om die plaas te verkoop. Sy laat na om sy afsterwe te ondersoek en dat die plaas postuum op 'n vendusie verkoop is. Loos was 'n diaken met 'n godsdienstige roeping.

Dit is 'n jammerte dat Mauve, wat na Dane skryf en trouens Dane in haar kort bronnelys vermeld, se voorwoord nie meer gelees word nie. Mauve (s.j.:1) vermeld in haar voorwoord dat sy vir meer as tien jaar die geskiedenis van Tokai deur persoonlike onderhoude, ongepubliseerde dokumente en “maps for the events of this century” gedokumenteer het. Voorts bevestig sy die stand van gebrekkige navorsing met “Few books throw much light on Tokai, and sometimes the information is contradictory and confusing.” Mauve fokus egter grotendeels op die voorstad Tokai. Die klein A5-boekie van 46 bladsye wy slegs agt blaaie in totaal aan die geskiedenis van die Tokai-woning en plaas, die bosbouaktiwiteit en die Porter-skool se geskiedenis. Maar sy lê haar vinger op die kernprobleem: weersprekende en verwarrende gevolgtrekkings.

Daar is 'n onuitputlike bron van algemeen argitektoniese geskiedenisstudies. Twee argitekte wat doktorsale studies in argitektuur onderneem het, is Ronald Lewcock (1963) en Gwen Fagan (1994). Lewcock ondersoek spesifiek die interaksie van twee argitektoniese kulture tussen 1795 en 1837. Sy studie is omvattend en getuig van argivale navorsing, hoewel dit merendeels op die argitekte en bouers, wat deur die owerhede in diens geneem is, fokus. Hy gebruik oorwegend die argief van die Colonial Office en 'n magdom van sekondêre publikasies wat algemene geskiedenis en argitektuur insluit. Lewcock konsentreer skerp op die invloed van Britse argitektuur en kom tot die gevolgtrekking dat die invloed van die Britse besetting op die karakter van argitektuur nie genoeg beklemtoon kan word nie. “The British brought with them, at a time when some of the finest Cape homesteads were still in course of completion, not only English methods of construction, but also strong architectural tastes of Georgian England, which differed markedly from those favoured at the Cape under the Dutch.” (1963:1) Indien daar dan aan die

Tokai-woning tussen ca 1797 en 1840 verander sou wees, behoort daar Engelse invloed merkbaar te wees, hetsy in die boustyl of die metodiek van bou. Lewcock bespreek nie Tokai per se nie, maar sy werk is van onskatbare waarde om naas Hans Fransen (1981) en Fagan (1994) te lees. Ook vakkundige studies in argitektoniese geskiedenis behoort krities gelees te word. Tans is die oorwoë mening na Fransen en Cook (1981a:39), dat Tokai se bouwerk ca 1795 afgehandel is (Aikman, Malan, Winter 2001:41). Dit is egter 'n benaderde datum, omdat die gewel aan Michiel Thibault toegeskryf word. Daar is tans 'n gat in die gewel wat geel klei vertoon (Diagram 19 Bylaag B). Volgens die Fagans se ervaring met restourasie is geel klei na 1800 gebruik (Fagan 1994:xix). Dit dateer die gewel moontlik na 1800. Lewcock (1963:337) laat veel meer ruimte vir verandering toe as hy suggereer dat die einde van die Georgiïese periode in 1837 juis individuele smaak toelaat. Argitektuur is toe volgens oorspronklikheid, grootte, koste en rykdom beoordeel. De Bosdari (1964:39) aanvaar dat Tokai 'n voorbeeld van 'n latere woning is. Hy grond sy aanname op die grondplan, die gewel en skuifraamvensters. Dit weerspreek Fransen en andere se aanspraak op Tokai as 'n 1795-woning. Lewcock (1963:341) vertoon onder meer 'n foto van die woning, Clarensville, Kaapstad, om die einde van die Georgiïese periode aan te dui, ca laat 1830's. Die swaar pilare, wat 'n portico of portiek van die Clarensville-woning ondersteun, herinner aan die pilare wat op Tokai se oop stoep voorkom (MA ca 1885). Indien Clarensville in die epiloog van die Georgiïese era opgeknop is, kon dieselfde nie dalk met Tokai gebeur het nie? Ook die grasiïese wenteltrap, wat in 'n paar regeringsgeboue ingebou is, dateer uit die onmiddellik, voorafgaande periode, 1820–1837 (Lewcock 1963:298, 308,324,344). Ander voorbeelde van eksterne trappe met 'n grasiïese vloei en soortgelyke stutmure kon nog nie gevind word nie. Dit maak die trappe van die Tokai-woning uniek.

Eksterne trappe met 'n boogswenk wat na 'n portiek toe lei, word wel by Worcester se drostdy aangetref. Dit word egter met smeedyser, en nie bouwerk nie, beveilig (Lewcock: 254-6). Die drostdy dateer uit die Engelse Regentskap- of Kaapse 'Regency'-stylera wat Fransen (1981:99) omskryf as 'n private blyplek - dus by implikasie gereserveerdheid. Wat die hoë pilare betref, is die Koninklike Sterrewag in Observatory sekerlik 'n gepaste voorbeeld, maar, soos in die geval van Clarensville, stut dit 'n portiek. Die bouplan van die sterrewag is in 1821 in Londen opgetrek en verteenwoordig Britse Regentskap (Lewcock 1963:251-3). Die dieper hoofingang van die sterrewag onder 'n portiek gestut deur vier suile of pilare suggereer ook privaatheid. Clarensville se datering deur Lewcock (:341) plaas die woning na die sterrewag. Die openheid en ambiance van die Tokai-werf skep myns insiens 'n atmosfeer van verwelkoming, 'n gulheid of 'n hartlikheid, wat moeilik as gereserveerdheid getipeer kan word. Daarmee weerspreek Tokai die Kaapse Regentskap. Tokai verteenwoordig myns insiens drie hoofidees, naamlik die Volksboukunde van die laaste Kaaps-Hollandse periode, elemente van die Engelse boustyl, maar ook individualisme in die persoon van Petrus Michiel Eksteen. Daar behoort dus veel wyer as die beginera van die Neo-klassieke era - die 18de eeu - gekyk te word. Lewcock bespreek nie die wonings van Constantiavallei as sodanig nie, maar Fagan doen dit wel.

Hoewel Fagan se werkswyse tot 'n mindere of meerdere mate ook deur ander persone gevolg is, bly die enigste fokuspunt die woonhuis en die uitleg van die werf. Fagan se bespreking van Tokai (1994:431-4) gaan mank aan gebreke en is ongelukkig arm in vergelyking met haar deeglikheid ten op sigte van ander plase, maar haar algemene gevolgtrekking (:435-45) getuig van vakmanskap en ervaring ten opsigte van navorsing aan die een kant en restourasie aan die anderkant. Sy en haar man, Gawie Fagan, is betrokke by restourasie en hul vertrekpunt is boumateriaal en die mure van strukture (:xix; Leibman 2012:36). Hierdie praktiese benadering dra myns insiens baie gewig. Fagan is voorts ook belangrik vir 'n studie van Tokai, omdat sy die plase van die omgewing in haar proefskrif ondersoek. Haar ondersoek is egter tot die landskapargitektuur van plase gedurende die 18de en 19de eeu beperk (:xvii). Tog onderskei sy haar as een van die beste argitektoniese historici om met aandag te lees.

Ten einde 'n moontlike boupatroon en neigings in die groter Constantia-vallei te ondersoek met die oog op moontlike beïnvloeding van die beplanning en bou van Tokai se opstal, is Fagan noukeurig nagegaan. Die plase geormerk is Buitenverwachting, Bergvliet en Constantia. Uiteraard word daar na Fagan se ondersoek van Tokai gekyk.

Die metodiek van argitektoniese navorsing dateer uit die vroeë 18de eeu. Beskrywing van Kaaps-Hollandse boustyl het reeds vroeg in verslae en reisbeskrywings gestalte in die werk van Valentyn en andere gekry, lank voordat argitekte in die twintigste eeu begin het om strukture histories te ondersoek. Valentyn (1973:192, 194vn18) bespreek die plaas Constantia in terme van eienaarskap, naamgewing, boerdery, uitleg van die werf, die boerdery en boomaanplantings, hoewel hy swaar op die werk van Kolb steun. Die patroon van latere beskrywings in die laat 20ste eeu word waarskynlik in 1903 deur Trotter in haar kroniek van die Kaap en sy huise gevestig. Verskeie ou plase word bespreek. Sy gee onder meer 'n grondplan van ou huise in die Skiereiland. 'n Huis het twee soortgelyke teenoorstaande areas van drie vertrekke elk geskei met 'n breë gang of portaal. Die portaal word dan deur 'n paneel of skerm in 'n voorhuis en 'n eetkamer verdeel. Die voordeur is reg in die middel by die voorhuis. Die hele vooraansig word met 'n oop stoep begrens. Die voorkant en agterkant van die twee lang ente is met gewels begrens (Trotter 1903: 147). Huise wat ooglopend hiervan verskil, word dan afsonderlik deur haar beskryf. So verdien Tokai spesiale vermelding en kry as 't ware 'n ereplek, wat Trotter (:306) as 'n voorbeeld van die intellektuele ontwikkeling aan die Kaap beskryf:

“Nineteenth century dawned late in this land of the Southern hemisphere. Intellectual tastes were not highly developed, and at quite a late date there was only one attempt at a library in Cape Town: a house near the church which had a few volumes looked after by the sexton. In the country, gabled houses after the old pattern, some of them the most beautiful, were built after this. Tokai, built on part of old governor Van der Stel's grazing land, an old home of the Ekstein family, with its vine trellised loggia, roofed bell tower, odd little terrrace behind, was probably one of these later houses. The land was first

granted to Andreas Rauch by Rhenius in 1792, and to Petrus Michiel Ekstein by Sir J.F. Craddock (Cradock) in 1814.”

Hoewel Trotter se historiese gegewens omtrent Tokai ietwat lukraak is - die 1814-grond was nie 'n uitgif of 'n 'grant' nie, maar wel ewigdurende erfpag (NASA, KAB 1814) - plaas sy die Tokai-woning in sy eie kategorie teenoor ander plaaswonings. Die beskrywing van die agterste terras as “odd” of vreemd, is nie verder ondersoek nie. Dit was moontlik 'n herskepte tuin vir Orpen en sy kinders, omdat die tronkvoorkoms van die voorkant geen privaatheid aan die gesin gegee het nie. Foto's van die woning in die era nadat die regering die plaas betrek het, toon 'n uiters verwaasloosde vooraansig (MA ca 1885; 1901d;e). Dit word aan die werf se gebruik as 'n satellietgevangenis toegeskryf. Die terras word deur Lister (1960: 78) genoem. Dit is heel moontlik gemaak deur die werksmense van Openbare Werke, nadat die hokke wat daar was, deur hulle afgebreek is, vergelyk die kaarte van 1883 en 1885 (NASA, KAB 1883n;1885b). Die bourommel is waarskynlik gebruik om die terrasse te vorm (Bierman 1960). Trotter se waarneming van die terrasse word dan 'n struktuur wat Dane (1981:126) probeer verklaar. Sy koppel dit aan 'n Bybelse inspirasie van die Lutherse diaken en eienaar, Loos. Tokai kry egter deur Trotter se perspektief intellektuele status waarvolgens die woning eintlik eerder 'n akademiese uitdaging vir argitektoniese navorsing moes word – 'n uitdaging wat tot nog toe nog nie aanvaar is nie.

Die riglyne wat Trotter terloops gee, word die kernriglyne vir latere ondersoeke, selfs tot in die moderne tyd. Dit toon wel sterk ooreenkoms met Valentyn se bespreking van Constantia. Eerstens word die intellektuele invloed deur Trotter uitgelig – vir Trotter dui dit op 'n nuwe periode of tydsgees. Die periodiese invloed word onder meer deur Fransen (1981:66,67) as die Kaapse Neo-klassisisme, waartydens die Tokai-woning gebou sou wees, vasgelê. Trotter wys tweedens op 'n vae verbintenis van Tokai met Simon van der Stel. Vir die groter Steenbergvallei insluitend die Kaapse Vlakte en die Duine tot by Zeekoevlei, bly die invloed van Van der Stel 'n netelige kwessie. Van der Stel was ook verantwoordelik vir die bou van die eerste Constantia-opstal wat deur Cloete verander is (De Bosdari 1964:34). Die woning het waarskynlik indirek 'n invloed op die laat 18de eeuse wonings in die area gehad (Fagan 1994:385). Van der Stel se sogenaamde verbintenis met Tokai bly 'n onopgeloste argument, hoewel Trotter steeds in die moderne tyd nagepraat word, byvoorbeeld deur De Bosdari in 1964 (:38) en Simons in 2000 (:69). Dertens verwys Trotter na die eerste eienaar van die grond en die verhouding daarvan tot die oprigting van 'n struktuur of huisvesting. Eienaarskap van die grond is vanselfsprekend belangrik. Dit stel egter die vereiste dat titelaktes en genealogiese rekords van die eienaars ook ondersoek moet word. Hierdie riglyne, hoewel nie volledig nie, word daarna deur al die navorsers oor Kaaps-Hollandse wonings gevolg. In Gwen Fagan se proefskrif oor landskapargitektuur vorm deeltitels en grondaktes die basis van haar navorsing. Fagan (1994: xvii,xix) vul dit in teorie aan met argivale rekords van sensusopgawes, inventarisse, sterfkennisse en kaarte, asook ander gepubliseerde werk. Trotter het die basis vir argitektoniese navorsing gelê, maar die navorsing wat daarop moes volg, het eerder op die intellektuele ontwikkeling van kunseras

gefokus as om elke huis se eie en unieke verlede te ondersoek.

Die bronnelys wat Thorold (TMNP 2011a:50-2) verskaf, bevat benewens verslae deur vorige konsultante ook Fairbridge, De Bosdari, Dane en Mauve. Die aanvanklike politieke oogmerk vervaag heeltemal in die 21ste eeu. Hoewel dit 'n mate van objektiwiteit suggereer, verteenwoordig dit in der waarheid 'n onvolledige proses. Herbesinning moet voortdurend plaasvind. Die gesamentlike studieverlede van geskiedenis en argitektuur sal sodoende beter tot die geheel kan meewerk as wat tans die geval is. In daardie opsig is byvoorbeeld die bywerk van inventarisse soos deur Malan (2010) onderneem, bruikbaar. Maar ook Malan se metodiek hou gevaar in, omdat sy die inligting uit die dokumente gebruik om haar uitkoms te regverdig.

### **4.3 Primêre navorsing: onkunde of moedswillige uitsluiting?**

Dokumentasie in die Kaapse Argiefbewaarplek (KAB) toon dat daar tog meer inligting bestaan as die gebruiklike eiendomstransaksies, enkele boedelrekenings of genealogiese gegewens. Die eerste hoofbron kan in kaarte en landmetersdiagramme gevind word. 'n Diagram van die Tokai-landgoed is vroeg in 1883 opgetrek toe die grond deur die regering aangekoop is. 'n Kopie daarvan is aan ene Hyslop, wat die basiskaart van Tokai geteken het, uitgereik (NASA, KAB1883d;e). Tot dusver kon dit nog nie opgespoor word nie, maar die latere kaarte is almal op Hyslop se kaart gebaseer. Die 1893-kaart toon onder meer 'n landmetersbaken gemerk "Hyslop's beacon" (1893b). Detail van die Tokai-landgoed ten opsigte van strukture, tuine en landerye wat op die De Vasselot-kaart van 1883, die Melvill-kaart van 1885 en die Hutchins-kaart van 1893 aangebring is, berus heel moontlik op hierdie diagram, want teen September 1883 toe De Vasselot die plaas besoek, is die buitegeboue reeds deur die Departement van Openbare Werke verander om as 'n satellietgevangenis van die Breekwatergevangenis te dien. Laasgenoemde word ook in die amptelike verslag vir 1883 vermeld (1883n;1885b;1893b;1884a-c). Kaarte van Tokai is gedeeltes van die algemene plan van die 'Cape Division, Nr. 2682'. Die basisplan van Melvill van 1887, wat Tokai met die kwekery aandui, is van die algemene plan en die 1885-kaart afgetrek (DRDLR 1887b). Melvill het in November 1885 die gedetailleerde kaart, Tokay, opgetrek (NASA, KAB 1885b).

Die Tokay-kaart is 'n geammendeerde weergawe van die eiendomme wat op 6 Maart 1883 aan die koloniale owerheid oorgedra is. Hierdie kaart is in 'n lêer in die Kaapse Argief gevind waarin die monumentverklaring van 1960/61 gestoor word (NASA, KAB1885b). Op die kaart is 'n nota in potlood, gedateer 4 Oktober 1960, dat 'n duplikaat van die kaart aan Goewerment Transportakte 270 aangeheg is. Dít 1985-kaart is nie deur een van die vorige navorsers, o.a. ook Fagan, geraadpleeg nie. Die 1885-kaart is 'n meesterstuk in kuns en landmeetkunde en behoort beter bewaar te word. Die transportakte van Tokai kon nie in die Atekantoor opspoor word nie. 'n Afskrif van die 1883-transportakte is wel in die argief van SAEHA (SAHRA 1961) bekom. Deur die 1885-kaart met die 1883-kaart te vergelyk, kan belangrike verskille opgemerk word. Die Departement van Openbare Werke het nie gras onder sy voete laat groei

om die werf te verander nie. Die leivore is onder meer mee weggedoen. Die werf wat De Vasselot, Hutchins en Lister in September 1883 besoek, was nie meer dieselfde plaaswerf nie. Ten einde die groot getal dwangarbeiders te huisves, is lopende water vir die konstabels geïnstalleer en die eerste grootskaalse riolering waarskynlik reeds onderneem.

Korrespondensie rakende Tokai in Februarie en Maart 1883, soos vervat in die argief van die Departement van Openbare Werke, gee interessante brokkies inligting, hoewel dit voorkom of ook dit tot nou toe nog nie geraadpleeg is nie. Die koopoooreenkoms gedateer 9 Februarie 1883 en 'n voorgestelde tenderoooreenkoms, is maar enkele van die uiters waardevolle dokumente wat meer verklaar oor die huis, boerdery en inwoners op die plaas (NASA, KAB 1883b;c). Daar is waarskynlik nog onontginde dokumente. Ook wat die geskiedenis van Porter-skool betref, is daar 'n magdom van dokumente. Omdat dit in murg en been 'n staatsgedrewe institusie was en daar jaarlikse inspeksieverslae uitgebring is, het baie dokumente behoue gebly. Dit spreek ook die instandhouding en verandering van die Tokai-werf se geboue aan. Hoewel die rekords van elke gebou nie volledig gedokumenteer is nie, is daar heelwat inligting. Desondanks baseer skrywers hul inligting oor die geboue op een enkele bron, die nalatenskap van Georgina Lister se herinneringe (1960:78-86). Dit is veral die periode van haar verblyf in die Tokai-woning, 1885 tot 1888, wat aandag geniet. Georgina Lister se herinneringe is deur navorsers soos Dane (1981:119-20) gebruik om die Porter-skool se geskiedenis na te praat eerder as om dit selfstandig na te vors. Benewens argivale bronne is daar ook 'n paar sketse wat die Tokai-woning uitbeeld (Diagram 12-16 Bylaag B).

Tot dusver is afdrukke van sketse van Tokai-woning en werf deur onder andere Barrow (MA 1800) en Hamilton (MA 1800a) nog nie ontgin nie. Genoemde twee elektroniese kopieë (kyk (Diagram 12 en 13 Bylaag B) word in die Museum Afrika, Johannesburg, gehuisves. Waar Hamilton in olie werk, gebruik Barrow waterverf. Ter wille van onderskeid word die terme Hamilton-afdruk en Barrow-skets gebruik. 'n Derde skets van ca 1850, huidig nog sonder dat die kunstenaar geïdentifiseer is, is van die voorste fasade en die suidelike front gedoen (Tokai-park ca 1850;Diagram 14). Hoewel die kunstenaar hom of haarself as GS of GAS in die linkerkantse hoek aandui, verskyn 'n inskripsie op 'n tak in die boom, links bo. Indien die skets omgedraai word, lees dit 'lvrusy 50' of 'Alrusy 50'. Die '50' verwys waarskynlik na 1850. Daar is redes waarom Tokai juis toe die publieke oog sou vang. Die plaas se verkope is op 14 November 1850 per openbare veiling, na die afsterwe van Petrus Michiel Eksteen, geadverteer (NASA, KAB1842b). Dit sou dus nie vreemd wees vir vreemdelinge om uit nuuskierigheid die plaas te besoek nie. Die ligging van die plek sou kunstenaars moontlik aangevuur het om die plek te skilder, soos in die geval van Hamilton, Barrow, Bevington (MA 1800a;1800;1950) en ander. Die ca 1850-skets is ongetwyfeld 19de eeu en baie belangrik om die gebruik van die huis met betrekking tot veranderinge te verklaar. Dit word tans in die kantoor van die hoof van Tafelberg Nasionale Park (TNP) gehuisves. 'n Elektroniese kopie word onder die verwysing Tokai-park (ca 1850) as bron gelys.

Weinig gegewens bestaan oor laasgenoemde skets en die stukkies geskiedenis wat bestaan, word hier gedokumenteer. Die skets is op 26 November 2011 tydens 'n opedag te Tokai-park deur Wendy Whitehead van Tokai (woonbuurt) aan die lede van die Vriende van Tokai-park oorhandig. Whitehead het die skets van 'n vriendin, ene Donovan, van Knysna, in ongeveer 2008 ontvang. Whitehead het meer as een keer probeer om die skets aan personeel by die Westlake-kantoor van TNP te oorhandig, maar hulle het haar terugverwys na die Tokai-woning, waarskynlik omdat die huis die besitting van die Provinsie Wes-Kaap is. Die opedag van 26 November 2011 het aan Whitehead die geleentheid gebied om die skets te oorhandig. Die Vriende het die skets daarna aan TNP oorhandig met die versoek dat dit in Tokai-woning gestoor moet word. Dit was die wens van die oorspronklike eienaar en skenker, E.Y. van Zyl, 'n vriendin van Donovan wat in 2010 oorlede is. Die inligting is aan Sanparke oorgedra en hulle sou die opvolgwerk doen (Van Rooyen 2011; *People's Post* 2011). Tot dusver is geen nadere besonderhede oor die kunstenaar gevind nie.

'n Latere skets van belang is 'n afdruk van 'n skets van W.G. Bevington<sup>4</sup> (Diagram 15 Bylaag B), wat ook in MuseuMAfricA (voortaan Museum Afrika) gehuisves word (MA 1950). Hierdie skets fokus op die fasade vanuit 'n noordoostelike perspektief. Hoewel dit 'n 20 ste eeuse skets is, bly dit steeds 'n hulpmiddel, veral ten opsigte van die preeel en die noordekant van die woning. Bevington se skets van Tokai – deur Museum Afrika as 1950 gedateer - is later in 'n KWV-publikasie van 1980 opgeneem (MA 1950). Alys F. Trotter (1863-1962) doen 'n potloodskets van Tokaiwoning (Diagram 16 Bylaag B) se agterkant, ca 1898. Dit word in die William Fehr-versameling gehuisves, maar word hier gekopieer uit Bylaag A, die assesseringsverslag van Tokai- en Cecilia-plantasies, 2006 (TMNP2006:29).

#### **4.4 Verslae en sekondêre bronne: wedersydse oor-en-weer-raadpleging**

Dane (1981) raak 'n belangrike bron vir Tokai-navorsers. Skrywers soos Mauve (s.j.), Simons (2000) en die argitek, Gwendoline Fagan (1994), steun swaar op Dane. Dane se vertolking rakende Tokai is subjektief en uiters geselekteerd, sodat dit weinig kon bydra tot die dramatiese verdeling van die ou plaas en die nalatenskap van die nie-engelssprekende boere wat die plaas uit niks tot stand gebring het. Alleen hierdie ingesteldheid is aanduidend van die Engelse bestuur van die Hollandse en later Afrikaanse nalatenskap, 'n bestuur wat uit Engelse kolonialisme voortvloei en steeds vandag in Engelse publikasies voortleef. Dane se bibliografie (1981:168) bevat die gewone sekondêre publikasies van Trotter, Fairbridge, De Bosdari e.a., asook enkele reisverhale. Elke hoofstuk is voorsien van 'n lys van endnotas, maar dit is nie inteksverwysings nie. Twee argiefdokumente word genoem: “Register of wagons: Cape Archives”

---

4 W.G.G. Bevington (1881-1953), boorling van Oos-Londen, het onder meer kuns by die Koninklike Kunsskool in Londen bestudeer. Hy was verbonde aan die kunsskool, Michaelis, Universiteit van Kaapstad. Hy was veelsydig en sy werk in aanvraag. Verskeie opdragwerke is onderneem, onder meer die ontwerp en uitvoer van die wapenskild op die Speakerstoel in die voormalige Suid-Afrikaanse Volksraad (Beyers 1987:51).

(sonder verwysing) en drie dokumente, “borrowing money, inventory, sale”, uit Petrus Michiel Eksteen se insolvente boedellêer (met verwysing). Georgina Lister (1960) se herinneringe word ook as een van die nege endnotas deur Dane gelys (:171).

Die verslag, “Porter Estate Development Framework”, status quo-verslag van Mei 2001 (Aikman, Malan, Winterë:41-52) behandel die historiese ontwikkeling van die Tokai-landgoed. Dit is 'n kronologiese verslag, wat 'n kriptiese en kronologiese opsomming van die geskiedenis deur verskeie individue gee. Onderling word subhofies gebruik soos Prekoloniale era, Hollandse era – VOC, Private eiendomsgrond onder onderskeidelik die Hollandse en Britse koloniale eras, die Britse koloniale era van bosbou en filantropie, die institusionele periode van rehabilitasie en bosbou, die na-oorlogse periode en apartheid, asook die huidige era. Die verslag poog glad nie om historiese feite te kontroleer of voorkeur te gee nie, maar is 'n blote lys van gegewens, sonder 'n historiese verloop of 'n rekonstruksie van die verlede. Die subhofies moet die konteks verskaf. Die 2001-verslag kan daarom hoogstens as 'n vertrekpunt tot verdere navorsing gebruik word. Omdat weersprekende aannames nie opgehelder word met nuwe feite nie, bly die leser in die duister. Wat wel bruikbaar is, is 'n kronologie van gebeure aan die einde van die 20 ste eeu (:50-1).

Tokai leen hom tot heelparty voorbeelde waar moderne vertolking die oorspronklike historiese gebruik van strukture skeeftrek. Die gebou wat ongetwyfeld die oorspronklike slawekwartier was, het 'n gevangenis, die Tokai Manor Convict Station in die 1880's geword. Dit heet vandag die Orpen-huis of gebou (kompleks) na die eerste superintendent van die Porter-institusies, H. Orpen (TMNP 2011; Aikman, Malan, Winter 2001:45-6; Mauve s.j. 14; Dane 1981:124-5). Die TNP se 2011-basisverslag lys onder meer die Orpen-gebou as die wynkelder of slawekwartier sonder enige verwysing of verduideliking. Aikman, Malan en Winter (2001:14) noem wel dat Teubes 'n wynkelder gebou het, maar dui nog die perseel nog die gebou aan. Die gebrekkige benoeming van strukture is moontlik die gevolg van die skrapse inligting of wanvoorstelling van die eienaars. Die twee Eksteen-broers en mede-eienaars word in 'n onvleiende lig deur Dane (1981:119) voorgestel: Hulle het skynbaar net genoeg meubels en toerusting uit die insolvente boedel teruggekoop “...to keep Tokai afloat...,” totdat die plaas deur die regering gekoop is. Op haar beurt reken Mauve (s.j.:8) dat die laaste twee eienaars familie van die Eksteens was, maar nie P.M. Eksteen se twee seuns nie. Fagan (1994:433) reken Sebastian Valentyn Cloete het die plaas gekoop. Dit bring die vraag na vore of die soeke na 'n moontlike verwantskap van die landbou-aktiwiteite van 'n boer tussen 1792 en 1883 met die strukture op die Tokai-plaas hoegenaamd sinvol is. Kan 'n boer se bestuur van sy boerdery enigins bydra om meer te wete te kom oor die vestiging van strukture? Nog Dane, Mauve of Fagan ondersoek dit.

James Walton dink wel daar is 'n verband tussen die landbouaktiwiteit en die strukture. In sy boek, *Old Cape Farms* (1989) verwoord hy die behoefte om die verskeidenheid van geboue op die ou Kaapse plase, dus meer as net die woning, te ondersoek. Dit sluit in langhuise, wynkelders, stalle, slawekwartiere, hoender- en duiwehokke, “vethokkies” of vetvoerhokkies en varkhokke, asook geboue op veeplase (1989:



1,vii). Hoewel Walton (:1,4-10) historiese agtergrond met illustrasies van net sewe bladsye verskaf voordat hy die ontwikkeling van plase tydens die 17 en 18de eeu aan die Kaap bespreek, laat hy hom deur sekondêre bronne lei. Sy invalshoek bly egter interessant, want hy spreek die leemte van navorsing oor verskeie plaasstrukture aan. Sommige plase spog met 'n historiese rekord wat help om die geboue se oorsprong en plasing te bepaal en te verstaan, soos in die geval van Groot Constantia<sup>5</sup> (:71-4). Waar daar egter geen historiese rekord bestaan nie, word sodanige plase se argitektoniese geskiedenis nie deur Walton bespreek nie. Tokai word nie bespreek nie, wat op sigself 'n aanduiding is van die gebrekkige inligting oor die strukture en die ontstaan daarvan. Enkele plase soos Constantia is deur verskeie reisigers, botaniste en dagboekskrywers besoek en beskryf. So het daar 'n onskatbare bron van inligting ontstaan. Ten spyte daarvan dat Tokai net 'n hanetreetjie van Groot Constantia geleë is, het dit weinig aandag gekry of die inligting is net nie opgeteken nie. Rourke (1974) het die vertelling van twee botaniste wat in November 1801 op Tokai oornag het, in 'n plantkundige tydskrif gepubliseer. Daaruit kan geringe afleidings oor die woning en sy inwoners gemaak word. Grafiese werk van kunstenaars is ook belangrike bronne wat ook deur Walton ingespan word, soos Johan Christian Frederici se skets, 1798, van Meerlust (:75). In die verband is die sketse van Barrow en Hamilton van onskatbare waarde vir die geskiedenis van die eerste strukture op Tokai (MA 1800;1800a).

#### **4.5 Vooroordeel verkleur visie: Klasverskille, elitisme en 'n spookstorie**

Daar is reeds gewys op Dane (1981:115-6) se oordrewe sosiale status van die onderskeie eienaars. Dane gebruik moderne terme om so sosiale status aan die onderskeie eienaars toe te ken. Die eienaars het inderdaad in hul periode bepaalde aansien geniet, maar dit behoort ook binne die historiese konteks gesien te word. Rauch was in der waarheid die baas of “boss” of voorman van die buitepos De Schuer (Sleigh 2004:191-2). Sy bydrae in kennis is belangriker. Dit is juis sy voorkennis van die terrein by die houtveld, Buffelskraal, wat tot die latere plaas, Tokai, sou lei. Hy was in beheer van die houtveld en dit het die Steenbergvallei, die Steenberge, asook die vlakte se houtbronne ingesluit. Vir Tokai se geskiedenis maak dit saak. In 1788 ontvang hy die titel, Opperbaas en Opsier, van die Kompanjie se poste by De Schuer en Witteboomen, asook van die Kompanjie se hout- en rietveld (TANAPb 1788). Selfs die Politieke Raad het hom genader om hul van inligting te voorsien, soos met die bevestiging van Eksteen van Bergvliet se weiding tussen die vleie (1792).

Ook met verwysing tot Teubes word die betiteling buite konteks beskryf. Teubes se naam kom nie voor tussen lyste van mediese dokters en 'chirurgijns' of heelmeesters<sup>6</sup> nie (TANAPb 1788). Hy was 'n militêre

---

5 Constantia verwys na Van der Stel se plaas. Schutte (2003:xii) verwys na Groot Constantia as Cloete se plaas. Groot Constantia word hier gebruik na die eiendom van die Cloetes vanaf 1778.

6 Volgens Kruyskamp (1961:371) is die verouderde betekenis van die woord, chirurgijn, heelmeester en iemand wat net in die praktiese kennis opgelei is. Aan die Kaap word daar in 1788 tussen 'n gekwalifiseerde mediese

chirurgijn by die burgermag. Dit behels onder meer die rang van majoor. Die titel aan die Kaap was toe Chirurgijn Majoor. Sy aanstelling op 20 April 1790 word saam met vyf ander persone as chirurgijns deur die Politieke Raad op aanbeveling van die Burgerraad goedgekeur (1790a). Volgens biografiese besonderhede blyk dit dat nie een van die vyf ander persone meer as net 'n chirurgijn was nie (1789;1788c). Een van die chirurgijns, Voight, het in die Kompanjie se diens as chirurgijn diens gedoen en het daarna 'n vryburger geword (1790a). Dit is onwaarskynlik dat Teubes nodig gehad het om 'n wadrywer te word sodat hy 'n vryburger kon word, soos wat deur Dane (1981:115) gesê word. Teubes se naam kom net tussen 1769 tot 1771 op die Monsterrollen voor, maar die opvolgmonsterrolle ontbreek (NASA, KAB 1760). Hy het as soldaat in 1769 in diens van die VOC aan die Kaap aangekom en ontvang burgerskap in 1775 (Schubert s.j.). Daarna word daar na hom as burger verwys, ook in sy testament met sy eerste vrou, Josina Catharina von Willigh (NASA, KAB 1779; TANAPb 1786). Tydens die beleg van Muysenburg word Teubes nie met betrekking tot sy rang genoem nie, ten spyte van die feit dat die hoofkamp van die Burgermag langs sy grond op Swaanswyk was (Nel 1972:241). Teubes gebruik die titel, moontlik vir eie gewin, en verwys in sy korrespondensie vanaf 1790 na homself as 'chirurgijn majoor' (NASA, KAB 1793a; 1797b). Dit was nie Teubes se sukses as chirurgijn wat hom vermoënd gemaak het om die plaas by Aan de Buffelskraal aan te lê nie, maar sy sukses as besigheidspersoon. Hy was vermoënd genoeg om die Tokai-woning op 'n moeilike bouperseel op te rig (1794a;b;c; MA 1800a). Sy boedel gee dan ook rekening van sy uitgebreide bates (TANAPc 1814).

Dit wil nie voorkom of Loos enige verdere uitbreiding op die plaas onderneem het nie. Loos se diakenkap het daarom weinig tot die boerdery op Tokai bygedra. Ook Loos was 'n suksesvolle besigheidsman. Reeds in 1794 word Loos die gevolmagtigde van verskeie Amsterdamse kooplui. In 1800 tree Loos, 'bekende persoon, woonagtig te Tafelbaai' op as die gevolmagtigde van J.H. Nottelman, kaptein van die *De Christina*, 'n skip van Hamburg (NASA, KAB 1794;1800a). Hy het van slawe vir sy wyngaard gebruik gemaak en die plaas met slawe en implemente en al verkoop (1802). Soos Teubes en Loos was Herwig ook Duits van afkoms. Herwig se kort periode op die plaas gee te min inligting weer om hom met die uitbreiding op die plaas te vereenselwig, maar hy onderneem 'n belangrike strukturele veandering aan die woonhuis. Herwig gee ook aan die plaas die naam, Tokai. Dit hou direk verband met sy kennis van wyn, voorspruitend uit sy beroep as 'n wynhandelaar (1800d).

Die enigste persoon wat werklik 'n landbouer was, is Petrus Michiel Eksteen. Maar van hom word steeds in die jaar 2000 gesê - waarskynlik na Dane se karakterskets - dat hy "...the wild and extravagant son of Hendrik Oostwald Eksteen from Bergvliet" was (Simons 2000:69). Al die genoemde eienaars word wel in die monumentverklaring gelys, maar slegs ten opsigte van hul eienaarskap van die plaas en per implikasie, die woning. Hierdie vermelding berus op 'n eenvoudige navorsingsbeginsel van eienaarskap as die

---

dokter en 'n chirurgijn onderskei. Chirurgijns, wat nie in diens van die VOC was nie, het as 'chirurgijn by burgerij' of 'burger chirurgijn' bekend gestaan (TANAPb 1788).

hoof- en dikwels enigste historiese gegewe. In hierdie verband was Rauch die eerste grondbesitter en is die fout gemaak om die woning aan hom toe te skryf. Mettertyd is boedelrekeninge ook as navorsingsmateriaal ingereken, vergelyk die eienaarskap van Petrus Michiel Eksteen soos beskryf deur Dane (1981: 118-9;NASA, KAB 1842b). Dit is 'n omslagtige insolvente rekening wat boonop verband hou met twee gelyklopende insolvente boedels van twee van sy seuns (1840;1846). Tog is dit 'n skat van inligting wat nie volledig deur Dane benut is nie. Ook het die beskrywing van Eksteen (senior) se persoonlikheid die aandag afgetrek van sy reusebydrae tot die herskepping van die werf.

Dane skep as 't ware 'n verromantiseerde verlede waarin Petrus Michiel Eksteen (senior) 'n drinker en deurbringer word en almal, van Lord Charles Somerset tot by sy naaste familie, verkul (Dane 1981:118-9). Eksteen se periode word oorheers deur 'n vertelling van 'n insident tydens 'n kuiersessie saam met die eienaar, wat 'n verdere onjuistheid vasvang. 'n Gas van “Hendrik Oostwald” Eksteen, eienaar van Tokai sedert 1814, het met 'n perd die trappe bestyg. Die perd het gegly en so het die ruiter en die perd hul dood tegemoet gegaan (Lister 1960:83;Fairbridge 1922:87; Dane 1981:118;126; Simons 2000:69). Elke jaar met Nuwejaar verskyn daar glo 'n perderuiter op die trappe. Dane koppel die spookstorie aan Petrus Michiel Eksteen. Die insident ontbreek in Trotter se 1903-publikasie. Maar Trotter (1903:264) verhaal wel die jolige drinkery van reisigers en matrose te Swaanswyk, wat 'n halfweghuis gedurende die 18de eeu tussen Tafelbaai en Simonsbaai was. Teen 1802, toe die Eksteens Tokai betrek, was Muysenburg reeds 'n halfwegstasie tussen Tafel- en Simonsbaai. 'n Taphuis het so vroeg as 1792 te Muysenburg oopgemaak (Sleigh 200:345).

Die spookstorie word in 1960 deur Georgina Lister (:83) vertel. Daarvolgens het die boer wat Tokai “back then in the old days” besit het, graag “groot feeste in die voorkamer” gegee. Lister noem nie name nie en koppel die verhaal ook nie aan 'n Nuwejaarsparty nie. 'n Gas wat oor sy perd gespog het, het 'n uitdaging gerig dat hy met sy perd van die agterdeur deur die voorkamer en af met die trappe sou ry. So gesê, so gedaan en met noodlottige gevolge vir die ruiter en die perd toe die perd se hoof op die trappe gly. Georgina, en waarskynlik haar man, is die hoofmerk in die vloer gewys om aan te toon dat die insident werklik gebeur het, maar hulle het nooit die spook gesien nie. Georgina kan as die bron gereken word wat die verhaal aan Fairbridge oorvertel het – vandaar Fairbridge (1922:88) se opmerking: “Indeed, the story must be true, for is not the mark of the horse's hoof still to be seen on the floor of the great hall?” Georgina se herinneringe (1960) wemel van sosiale geleenthede met hoë lui van die Kaap – ook nadat hulle hul in die Kaap hervestig in die vroeë 1900's. Die kans is goed dat sy haar persoonlike herinneringe met Fairbridge gedeel het, of dat Fairbridge haar om inligting genader het. Fairbridge was nou betrokke by die optekening, fotografering en dagtekening van ou Kaaps-Hollandse wonings en hul verlede. Sy het haar waarnemings in *The State* gepubliseer (Leibman 2012:78). Fairbridge gee nie verwysings in haar 1922-boek nie. Trotter se boek (1903) is voor die Listers se terugkeer na die Kaap gepubliseer en dra nie die storie nie.

Die eerste gedokumenteerde verhaal van die noodlottige gebeure word deur Fairbridge (1922:87-8) vertel. Haar beskrywing van die Eksteen-eienaar is foutief, so ook die aankoopdatum van die plaas. De Bosdari (1964:39) fouteer ook as hy - waarskynlik in navolging van Fairbridge - Hendrik Oostwald Eksteen van Bergvliet as die eienaar beskryf, maar vanaf 1812. Fairbridge se beskrywing van die feestelikhede op Tokai kom grootliks ooreen met Trotter (1903:264-5) se beskrywing van feestelikhede op Swaanswyk:

Fairbridge: H.O. Eksteen te Tokai: "...who was a hospitable soul, and many and riotous were the feasts held in the old hall – then 56 feet long, but now divided by a partition."

Trotter: "Many is the rollicking party that has sung and drunk here in the hall; the partition screen pushed back and tables set the entire length of the house."

Swaanswyk was voor ca 1792 'n halfweghuis tussen Tafel- en Simonsbaai. Goewerneur Swellengrebel het in 1742 sy koets op Swaanswyk agtergelaat om met sy perd verder te reis. Teen 1742 was Simonsbaai reeds 'n winterhawe (Sleigh 2004:302). Het Fairbridge moontlik die spookstorie se verhaal, soos heelwat later deur Lister beskryf, asook die brassery by Swaanswyk ineen gevleg en die plekke met mekaar verwar? Weens Petrus Michiel Eksteen se groot skuld las in 1842 kan lesers van sy insolvente boedellêer moontlik oordeel dat hy wel 'n drinker en joviale persoon was, 'n strik waarin Dane moontlik getrap het (1981:118-9). Eksteen (senior) word met twee geleenthede tussen mense genoem: sy huweliksfees op Constantia deur Barnard (1999:278-81), wat min of meer die Cloetes en Eksteens soortgelyk aan die perdinsident tipeer; asook saam met sewe mans in November 1836 toe hy prokuraatskap aan Zastron gegee het (NASA, KAB 1840a). Barnard se beskrywing van die troue het skynbaar die norm geword om 'Dutch' of Afrikaanssprekende mans en dames deur Engelssprekende skrywers te tipeer.

Die huweliksfees word breedvoerig deur Lady Anne Barnard (1999:278-281) bespreek. Die huwelik sou drie dae duur en het met feestelike eet, drink en dans gepaard gegaan. Barnard se siening van die Hollanders is baie krities en die huwelik word water op haar meul (281):

"When we excused ourselves Cloete seemed to fear we had been dissatisfied with our entertainment – but no politeness to this fear would make me return so soon again to such a party – tho I was very glad that for once I had seen a scene which is usually in every Dutch family at the Cape on a wedding – which certainly is one of the most licentious of meetings as it is conducted here – where decencys & delicacys are lost in want of principles & morals which pervades all ranks of personages."

Dane<sup>7</sup> (1981:118) het wel van 'n dagboekvertelling van Lady Anne Barnard gebruik gemaak, maar die boek word nie onder haar bronnelys of vir die hoofstuk oor Tokai of enigsins gelys nie. Ter wille van

---

7 Slegs vier afsonderlike pagina-verwysings na aanhalings van Lady Anne Barnard kom by hoofstukke oor Groot Constantia, Bergvliet, Buitenverwachting en Klein Constantia voor (Dane 1981:169,170-1).

volledigheid en in die lig van Barnard se siening, word Dane se beskrywing van Eksteen, as eienaar van Tokai, volledig aangehaal: “Nothing could have been more dramatic than the change from a quiet Lutheran household (Loos) to the reckless, spendrift days ushered in by this Deed of Sale.” Na 'n baie kort biografiese skets oor die Cloetes en Eksteens vervolg Dane: “But with startling and ferocious energy he (Petrus Michiel Eksteen) proceeded to exploit them all, borrowing from every Eksteen and Cloete who was unfortunate enough to cross his path. When his wife breathed her last, expiring no doubt with a sigh of relief, he squandered the maternal inheritance which she had left to their children.” Of Dane Barnard se woorde gelees het, word nie by wyse van 'n direkte verwysing bevestig nie. Tog is daar ander voorbeelde<sup>8</sup> waar Dane (1981:103) blykbaar haar eie oordeelsvermoë deur Barnard laat lei.

Die sosiale gebruike van boere, wat op hul afgesonderde plase saans vir hul eie vermaak moes sorg, was onder meer kaartspel. Dit was 'n geliefkoosde tydverdryf waar 'n speler vyf kaart van dieselfde kleur moes byeenbring (Pretorius 1998:48). Twee kaarttabelle word dan ook op Eksteen (senior) se inventaris van 30 Oktober 1836 en 29 Januarie 1849 gelys (NASA, KAB 1842b; Figuur 21-2 Bylaag A). Boere het van baie gesels en gelag gehou en koffie of wyn gedrink. Byeenkomste soos vendusies, verlowings-, huweliks- en familiefeeste was almal sosiale geleenthede (Pretorius 1998:48-9;110-11). Boere was nie sportmanne nie, maar het vir die pot gejag. Die jag van jakkalse met honde was 'n uitsluitlik Engelse sport wat nie in sandduine gehou is nie. Daar is deur Engelse op plase met skape gejag, omdat die boere probleme met jakkalse gehad het. Die sport het in die 1830's begin en het 'n vaste tuiste in 1843 in D'Urbanville gevind (Hatterlsey 1969:115-6). Dane (Dane 1981:126) se aanname dat Eksteen saam met Somerset op Tokai gejag het, kon nog nie bevestig word nie.

Dane gebruik selektiewe inligting uit die insolvente boedelrekening van Petrus Michiel Eksteen. Ook word Dane se datums (1981:119,171vn7) van die vendusiedag verkeerd aangehaal. Dane (:118) haal insidente en gebeure in die boedelrekening aan om haar siening van Eksteen te regverdig. Eksteen (senior) het sy vrou se erfposisie aan moederskant, wat na die kinders moes gaan, gebruik (NASA, KAB 1842b). Dane is feitelik korrek, maar hier eindig haar gegewens. Eksteen het waarskynlik volgens sy maritale mag gehandel (Malherbe 2010:11,12,19,21), maar sonder om die geld met kwade bedoelings vir homself toe te eien, want die totale bedrag word in die 'Gesamentlike verspreidingsrekening van laste en bates van oorlede Hester Anna Cloete en Petrus Michiel Eksteen, haar oorlewende eggenoot op 30 Oktober 1836' as 'n las aangedui. Eksteen (senior) was dus van plan, en was daarvolgens verplig, om £108 aan elkeen van die oorblywende nege kinders uit te betaal (NASA, KAB 1842b). Anna Catharina Scheller, Anna Hester se moeder en skenker van die erflating, is in 1834 oorlede. Die kinders het teen 1842

---

8 Barnard was verontwaardig op die skokreaksie van die Hollandse vroue by die aanhoor van haar eie kinderlose staat. Barnard kritiseer dan op haar beurt alle Hollandse vroue as vet en met baie kinders. Hierdie “vet” vroue van dertig jaar oud sou dan almal tot die laer klas Hollanders, aldus Barnard, behoort. Dane (1981:103) pas dit toe op die boere se vroue.

nog nie hul erfposie ontvang nie. Agt van die kinders het op 23 Mei 1842 die notaris, Johannes Gysbertus Borchers, op Tokai ontmoet en 'n gesamentlike eis teen hul vader se boedel ingestel. Hoewel Anna (tweede kind) teenwoordig was, het haar man, William Duckitt, namens haar in ooreenstemming met sy maritale mag (Malherbe 2010:19,21) gehandel<sup>9</sup>. Die jongste seun, Johannes Paulus, se naam kom nie voor nie. Hy sou eers op 30 November 1842, dieselfde jaar, mondig<sup>10</sup> word. Die dokument is op Tokai onderteken. Die veronderstelling is dat hul vader kennis van hul optrede gedra het, want hulle wou hom daarmee verhinder om weer die plaas as waarborg op te gee. Tussen 1842 en 1849 het hulle steeds nie hul geld ontvang nie. Die insolvente boedel se lys krediteure, 'Insolvente Skedule E', lys die kinders se erfposie aan moederskant, gedateer 5 Januarie 1849. Die finale rekening word op 19 Desember 1951 afgehandel. Daar word nie opgawes van die betaling uit die insolvente boedel aangetoon nie, maar daar kan aanvaar word dat hulle hul geld uit die verkope van die plaas gekry het.

Eksteen (senior) se insolvente boedel behoort saam met die insolvente boedelrekening van Hermanus Arnoldus gelees te word. Hermanus se Insolvente Skedule E lys sy vader as krediteur van £942/15. Eksteen (senior) het nie net vir Hermanus £1,109/1/3 voorgeskiet in geld en vee nie, maar homself met 'n handgeskrewe nota verbind om Hermanus se skuld by die Zuid-Afrikaanse Bank te vereffen. Teen einde 1848 was daar nie meer fondse oor om Eksteen (senior) se verpligtinge na te kom nie. Hermanus se vendingusie van 16 Maart 1849 kon nie sy skulde delg nie (NASA, KAB 1840). Die grootste verlies is deur Eksteen (senior) gely. Hermanus se eis van sy erfposie is afsonderlik van die ander kinders op die lys van krediteure behandel (1842b).

#### **4.6 Ontwikkeling van Buffelskraal en omgewing: die sogenaamde Van der Stel-verbintenis**

Geografiese plekname wat verwarring veroorsaak, is Constantia-vallei en die groter Steenbergvallei, waarskynlik omdat die meeste Kaaps-Hollandse woonhuise in die boonste helfte van Constantia-vallei voorkom. Omdat die Tokai-landgoed deur etlike skrywers as 'n gedeelte van Simon van der Stel se grond gereken word (Aikman, Malan, Winter 2001:41; Todeschini, Blanckenberg 2007:19), word Tokai skynbaar by die Constantia-vallei ingereken. Streng gesproke lê Tokai teen die hange van die Prinskasteelberg (Trotter 1903:307). Die berg het in die loop van die 20ste eeu die Constantiaberg geword. Skrywers soos Burman (1962; 1979), Dane (1981) en Fagan (1994) bespreek gewoonlik al die Kaaps-Hollandse wonings en sluit dan Dreyersdal en Steenberg, voorheen Swaanswyk, in. Die suidelike plase Tokai (Buffelsvlei-area), Baasharmenskraal, Swaanswyk en Raapekraal was nie deel van die Constantia-plaas nie (KAB, NASA, KAB1685;DRDLR 1685;1880e;1935). Daar word hier gepoog om sover moontlik die onderskeid

---

9 Vrouens kon nie kontrakte aangaan nie, maar hul mans moes namens hul handel (Malherbe 2010:11,12,19,21). Vergelyk die titelakte van Swaanswyk in 1688 waar Michielsz namens Trijn die plaas ontvang (NASA, KAB 1688); en William Duckitt wat op 23 Mei 1842 namens sy vrou, Anna, optree (1842b).

10 Mondigwording is in 1829 van 25 jaar tot 21 jaar vervroeg (Malherbe 2010:8).

te handhaaf. Constantia-vallei se plase sluit Tokai-landgoed of die latere Tokai-bosboustasie en die Porter-grond uit. Hierdie onderskeid word juis getref, omdat Van der Stel se jagpermit van 1700 volgens die VOC-opdrag van 23 Augustus 1708 opgehef is (NASA, KAB 1700; TANAPb 1713) en dat Van der Stel nooit die grond besit het nie.

Tokai, of Buffelskraal en die groter Buffelsvallei, was eerstens nooit Simon van der Stel se grond nie. Daar was nie 'n akte nie. Dit is 'n inskrywing wat weliswaar bykans volle besluitneming soos 'n eienaar toelaat, maar nie eiendomsreg afteken nie. Tweedens is daar geen gronde dat Van der Stel die grond met 4,379 eikebome aangeplant het soos Mauve (s.j.:9) beweer nie. Die aantal eikebome is wel op Constantia voor 1695 aangeplant volgens die rekord van die baastuinier. Böeseken (1964:208). lys die totale aantal bome wat oor tien jaar op Constantia aangeplant is en dit sluit 4,379 eikebome in. Voorts kom die statistiek kom uit 1695 toe Buffelskraal / Buffelvallei nog nie aan Simon van der Stel as jag- en weigrond vergun is nie. Die suidelike grenslyn van sy plaas is die suidelike grens van Plumstead of Buitenverwachting ...” being a piece of freehold land a portion of the original Estate granted to Simon van der Stel, 13 July 1685...” (DRDLR 1880e). 'n Volgende verklaring spruit voort uit Simon van der Stel se verslag oor sy eie werksaamhede aan die Here XVII in 1695. Die Here XVII was nie tevrede met Simon van der Stel se vordering aan die Kaap nie en het vir meer besonderhede gevra. Simon van der Stel het 'n lys van aanplantings gestuur, al sou dit in die Steenberge aangeplant gewees het (Böeseken, 1964:153). Dit is hierdie lys van aanplantings wat deur sommige skrywers gebruik word om Van der Stel se boerdery na die Buffelsvlei, latere Tokai-area, uit te brei. Hierdie lys stem presies ooreen met die lys wat die baastuinier oor aanplantings op Constantia opgestel het<sup>11</sup>. Die Simon van der Stel-verbintenis is 'n geskepte verbintenis van die 20ste eeu. Fairbridge (1922:79) is 'n pleitbesorger vir die Van der Stels deur sy adellike afkoms uit te lig. Van der Stel se plaas is in 1717 vir 'n tweede keer deur die Politieke Raad laat opmeet, net om te bevestig dat die grense van die plaas met die 1685-uitgif ooreenkom (TANAPb 1717, 1717a). Dit was inderdaad die geval. Die moderne Tokai was histories nooit deel van Constantia nie.

Met Teubes se plaasoorname in 1792 by Rauch was die plaas maar sowat drie maande in Rauch se besit (NASA, KAB1792). Dis juis die koopsom wat bevestig dat daar nie 'n struktuur deur Rauch opgerig is nie. Bereikbaarheid was ook 'n kwessie. Voor die uitreiking van die grond was die Buffelskraalhoutveld onbewoon en die naaste blyplek vir houtkappers was of 'n hut op Baasharmenskraal min of meer regoor Swaanswyk, of blyplek op die houtpos by Witteboomen (1803d). Daar was wel een bekende landmerk vir die inwoners van daardie tyd, 'n struktuur met 'n kraal vooraan, wat op die 1795-oorlogskaart aangedui word (Brommer 2009:192). Dit was waarskynlik die plek in die handel en wandel bekend as Buffelskraal. Dit lê min of meer tussen die Pondok- en Buffelsvleie, moontlik by die fontein, maar behels nie die 39-morg uitreiking nie (NASA, KAB 1885b). Tokai was in 1810 twee tot twee en 'n halfuur te perd vanaf

---

11 Kyk voetnoot 30, p.71 vir die volledige lys van die aanplantings op Constantia, soos aangehaal uit Böeseken (1964:208).

Tafelbaai en twee riviere moes gekruis word (1810a). Teen 1792 was die paaie nog nie werklik gebou nie – dit was maar sandpaaie wat deur waens en osse oopgerig is. Die Britse administrasie het paaie na Simonsbaai begin bou. In 1800 was die pad tot by Rondebossie. Ingesetenes, soos Herwig en Russouw, het elk twee slawe beskikbaar gestel vir die opgradering van die pad vanaf Rondebossie verby die Wynbergheuwel (1800c). Indien die woonhuis dus voor 1800 gebou is, moes benodighede nog deur sandpaaie aangery word – 'n proses wat boukoste normaalweg laat toeneem.

Naas Teubes se plaas is ook Buitenverwachting in die laat 18de eeu ontwikkel. Die plaas is op 'n gedeelte van die oorspronklike Constantia van Simon van der Stel (DRDLR 1880e). Die grond het in 1714 na die verdeling van Constantia 'n gedeelte van Bergvliet gevorm (Fagan 1994:429). In tyd en plek is Buitenverwachting die naaste aan Buffelskraal en die ontwikkeling daarvan geleë. Naas Buitenverwachting<sup>12</sup> was Bergvliet en Constantia ook van belang, want dit is die twee plase waarop onderskeidelik Petrus Michiel Eksteen en Hester Anna Cloete van Tokai grootgeword het.

#### **4.7 Buitenverwachting, Bergvliet en Constantia as moontlike voorbeelde van ontwikkeling vir Buffelskraal / Tokai**

Twee argitekte wat die ou uitleg van Buitenverwachting en ander plase van die laat 18de eeu ondersoek, is James Walton (1989:106-8) en Gwen Fagan (1994:429-31), maar met verskillende invalshoeke. Waar Fagan spesifiek op landskapargitektuur fokus, ondersoek Walton werfuitleg deur dit aan modelle en voorbeelde van verskeie Kaapse plaasgeboue, wat hy uit sy waarneming opgestel het, te toets (Fagan 1994: xxiii; Walton 1989:1). Ook bespreek Walton Buitenverwachting slegs met betrekking tot die argitektuur van die duiwehuis. Walton bewys dan min of meer dat daar eers 'n langhuis was en dat die werf daarna ontwikkel het (106-8). Fagan se ondersoek betrek ook die reste van fundamente of opgrawings. Fagan (1994:430) reken dat die langhuis deel van die simmetrie was wat van die begin af teenwoordig was.

Brink se plaas en die werf met strukture word vir die eerste keer in 1788 op die kaart van die militêre ingenieur, S.W. van der Graaff aangedui. Die strukture word binne 'n vierkant ingeteken, min of meer een elk op die kort en lang been van 'n L wat ooswes sou lê (Brommer 2009:164). In die onmiddellike opvolgkaart word die posisie van die geboue se vorm verander, hoewel die posisionering min of meer dieselfde bly (:192). Buitenverwachting is sedert 1786 deur H.O. Eksteen se skoonseun, Cornelis Brink, bewerk (Dane 1981:103).

Teubes kon een van twee benaderings gevolg het toe hy geboue op sy plaas laat oprig het: of 'n spontane oprigting van geboue of 'n planmatige werfuitleg. Gedurende die eerste helfte van die agtiende eeu het die eerste boere van braakgrond reeds verskillende tipes geboue vir spesifieke doeleindes opgerig, soos wynkelders, slawekwartiere of 'n driekamer langwerpige woonhuis volgens 'n onderstebo T-teken   1  .

---

12 Buitenverwachting is vir 'n lang ruk Plumstead genoem. Die heropmeting van die 1880's dui die plaas as Plumstead aan (DRDLR 1880e;1887a;HRC 1931).



Die boupatroon verander teen die einde van die agtiende eeu. In die laaste dekade is geboue “lukraak” opgerig soos wat dit benodig is en fondse beskikbaar geraak het. Gevolglik het plase sonder 'n doelbewuste plan ontwikkel (Walton 1989:17,19). Fagan (1994:429-431) darenteen reken dat Buitenverwachting se werf van meet af aan in 'n reghoek met teenoorstaande geboue uitgelê is. Die plaaswerf het toe aangetoon dat die stalle, waenhuis en wynkelder van dieselfde halfgebakte stene met 'n donkerkleurige messelklei gebou is. Daarteenoor is die latere woonhuis ca 1796 en die duiwehuis<sup>13</sup> van 'n groter gebakte steen met 'n ligter messelklei gebou. Opgrawings op Buitenverwachting het fondasies van 'n ouer gebou oopgevelek. Fagan postuleer dat die werf reghoekig uitgelê is met 'n simmetriese plasing van woonhuis en kelder teenoorstaande, terwyl die waenhuis en die stalle teenoorstaande maar met die kraal in die middel op die suidelike end geplaas was. So word deur Fagan bewys dat Buitenverwachting se werfuitleg 'n simmetriese patroon van meet af aan toon (:430). Simmetrie blyk die probleemstelling te wees wat deur argitekte bewys moes word. Dit word dan ook op Tokai van toepassing gemaak (:433). Volgens die Hamilton-afdruk van 1799 (MA 1800a) wil dit blyk dat Buffelskraal ook aanvanklik net met 'n langhuis toegegerus was, maar na 1795, want die militêre kaart van 1795 dui geen struktuur op Tokai aan nie (Brommer 2009:192). Die langhuis se posisie tot die Tokai-woning suggereer eerder 'n spontane oprigting (MA 1800a).

Walton en Fagan verskil ook oor die uitleg van Bergvliet. Volgens Walton (1989:48-9) is Bergvliet aanvanklik net met 'n langhuis toegegerus. Dit het verskeie veranderinge ondergaan, maar die hoofstruktuur was in 1789 steeds sigbaar. Die langhuis het ook as 'n woning gefunksioneer. Aan die verste end identifiseer Walton ook stalle, terwyl 'n pluimveevertrek direk langs die woninggedeelte was. Die ander vertrekke van die langhuis het soveel verandering ondergaan dat Walton nie die historiese gebruike kon vasstel nie. Hoewel Walton nie oor die biografiese gegewens van Fagan beskik nie, dateer hy die Bergvlietwoning as voor die 1790's. Fagan (1994:407-13) onderskei Bergvliet se eerste woonhuis, kelder, waenhuis en slawekwartier as 'n formele reghoek met 'n binnehof uit die laat 1720's. 'n Diagram, vergesel van 'n koopbrief van 1764, dui die woonhuis met 'n L-vorm aan. In April 1769 koop die burgerraadslid Petrus Michiel Eksteen, getroud met Sophia Cloete<sup>14</sup> die plaas. Hendrik Oostwald, later afgetrede burgerluitenant, koop skynbaar die plaas van sy moeder in 1783. Weer eens beklemtoon Fagan die werf as goed beplan met die lang as wat die huis op die meer op Bergvlietoog laat uitkyk. 'n Plan van 1901 toon die Bergvlietwoning met twee buitegeboue aan weerskante. Die huis kyk op die Oog uit, 'n standhoudende fontein suid van die woning. Die een lang buitegebou is binne die grens en die tweede buitegebou is buite die grens (Fagan 1994:407,409,411). Trotter (1903:301) se aansig van Bergvliet se agterkant is opvallend ooreenstemmend met die agterkant van die Tokai-woning, indien die soldertrap en die skuifvenster van Bergvliet uit die beeld verwyder word.

---

13 Duiwehuise is as 'n statussimbool gesien (Walton 1989:102).

14 Sophia Cloete was die jongste suster van Hendrik Cloete. Hendrik het eienaar van Groot Constantia geword (Fagan 1994:409).

Die werf en geboue waarmee Petrus Michiel Eksteen, kleinseun van die burgerraadslid, bekend was, was dié van Bergvliet en die uitbreiding van 'n werf wat hy op 'n afstand kon beleef het, was dié van Buitenverwachting. Toe hy dus in 1802 Tokai koop, was dit moontlik dat hy die tradisionele simmetrie op die plaas sou wou hervestig. Daarvoor moes hy die natuurlike omgewing benut. Maar hy sou ook rekening hou met Groot Constantia, die spogplaas van die omgewing en die plaas waar sy vrou vir ten minste 'n groot gedeelte van haar jeugjare gebly het. Haar vader, Hendrik Cloete senior en seun van De Oude, het die boerdery op Groot Constantia behartig (Cloete 2003:12, vn1). Groot Constantia het 'n geskiedenis van openheid en gasvryheid. Juis die openheid wat die twee flanktrappe aan die Tokai-woning verleen, getuig van die gasvryheid wat kenmerkend was van beide plase. Die Eksteen-egpaar se invloed op die Tokai-woning sou eers later gebeur, waarskynlik beïnvloed deur enersyds die aanwas van die gesin en andersyds die groei van die boerdery.

Ander woonhuise in die Skiereiland het voorkeur aan die U-formaat gegee. De Bosdari (1964:19) beskou dit as die kenmerkendste styl, ook van Tokai en Groot Constantia. Hy tipeer laasgenoemde twee wonings as 'n hibriede styl, want albei wonings is ook deur die T-styl beïnvloed. Groot Constantia se werf is in 'n L-formaat uitgelê. Dit is in ca 1799 teen die agtergrond van die Prinskasteelberg deur Lady Hamilton geskilder. Die huis front noordoos en kyk uit op Duiwelspiek en die Hottentots-Hollandsberge. Een laning bome word voor die twee langhuise geteken. Alle moontlike ander buitegeboue, ook die wynkelder, word deur die bome om die woning verberg (Schutte 2000:teenoor titelblad). Op ou sketskaarte wat Fagan publiseer (1994:382), is die oprit omsoom met 'n laning van twee rye eikebome aan elke kant. Die wynkelder is agter die woonhuis. Aan die bergkant voor die woning is die twee langhuise, 'n jonkershuis (jongenshuis) en die stalle gebou. Werfaktiwiteit is aan die agterkant van die woning uitgevoer waar daar verskeie buitegeboue was. Fagan (:382) betreur die restourasie wat met sekere ou kenmerke weggedoen het. Wat wel belangrik is, is dat Buitenverwachting se plasing van die woonhuis voor en die werf aan die agterkant raakpunte met die werf van Groot Constantia toon. Die simmetriese ontwikkeling wat Fagan dan aan Tokai toeskryf, sou dus ook op Groot Constantia as voorbeeld sinspeel. Teubes het sigbaar met die tradisie gebreek, want die wynkelder is langs die woning gebou (MA 1800).

#### **4.8 Tokai-woning: warboel van sienings, menings en teorieë**

Tokai se woning en werf word deurgaans as 'n eenmalige ontwikkeling van 1795 gesien (De Bosdari 1964:38; Fransen 1981:75; Fransen en Cook 1981a: 39-40; Dane 1081:123; Brooke-Simons 2000:69; Fagan 1994:433; Aikman, Malan, Winter 2001:41). De Bosdari (1964:39) plaas voorts die huis se simmetriese uitleg teen die plantasies op die agtergrond: "Approach by this oak avenue, the setting is admirable, the house sitting up high above the forecourt and the small oval garden in it, and dominated in its turn by the forest-clad mountain behind." Die benadering tot die huis sou dan vanuit 'n oostelike pad gewees het wat reg op die voordeur tussen 'n eikelaning afgestuur het. Maar dit is nie korrek nie. Tokai-weg is eers na die regering se oorname in 1883 gebou (NASA, KAB 1884b:19;d:XIII).

Op die oog af toon Tokai 'n simmetriese werf in ooreenstemming met die simmetriese uitleg van die plase in die Constantia-vallei. Maar die Tokai-werf het baie veranderinge na 1883 ondergaan. So byvoorbeeld het daar in ca 1850 'n eikeboom reg voor die trap aan die suidekant gestaan (Tokai ca 1850). In 1901 staan daar 'n ry jong eikebome aan weerskante van die huis. Die bome wat voor die stalle en die slawekwartier was, is waarskynlik afgekap, omdat die geboue in tronkselle omskep is en voortdurend onder toesig moes wees. Daar is slegs een ou eikeboom waarneembaar op die gedateerde foto van 17 Maart 1901 (MA 1901). Hierdie foto vertoon ook die wynkelder en jongenshuis onderskeidelik suid en noord van die woning, maar hierdie geboue word nie deur Fagan uitgewys nie, hoewel dit op die 1883-kaart as strukture aangedui word (NASA, KAB1883n) – 'n kaart wat deur Fagan (1994:432) geraadpleeg is. Die voorste werf is nie werklik 'n voorhof nie, want dit is oop na die oostekant toe. Ook is die voorwerfgeboue se fronte na agtertoe verander, sodat die werf nou stil en bykans doods voorkom. Die plasing van die buitegeboue word allerweë verswyg. Waarom die klipgebou of slawekwartier as die wynkelder of parshuis benoem word, bly 'n raaisel (:433). Die gebou bestaan uit kamers en dit het heel moontlik 'n plat dak gehad. Die vertrekke is te klein om as parskuip te dien of om groot kuite te huisves.

Ook Fagan (1994:431-5) se werfuitleg van Tokai handhaaf die tradisionele siening van die Tokai-werf. Die woning, volgens die U-model en wat oos front, word op die lang as geplaas. Die lang as word deur Tokai-weg geskep. Agter die huis word dit verder deur 'n bergpad verleng. Die trappe agter die woning wat na 'n terras toe lei, word as 'n verlenging van die lang as aan die voorkant beskou en word met soortgelyke pilare, maar kleiner en korter as die stoep s'n, verder afgerond. Die kaarte waarop Fagan haar afleiding berus, is 'n kaart van “1833” waarvan die verwysings-nommer PWD 2/272 is asook 'n landmeterskaart SG 32AY. Albei kaarte word volgens Fagan in die Kantoor van die Landmeter-generaal gehuisves. Die PWD 2/272-kaart is egter die kaart wat in September 1883 deur graaf De Vasselot na hul besoek aan Tokai en die besluit om daar 'n kwekery te vestig, opgetrek is (NASA, KAB1883n). De Vasselot het die kaart waarskynlik van Hyslop se opmetingswerk afgetrek (1883d). Die kaart wat Melvill in 1885 van die plaas optrek, is 'n nuwe opmeting, want Melvill verreken die ware oppervlakte van die plaas as 286 morg en 570 vierkante roede (1885b), waar die koopsertifikaat van 7 Februarie 1883 dit nog as 304 morg aandui (1883b). Die 1883-kaart is dus die belangrikste kaart ten opsigte van die voormalige plaas, maar met voorbehoud: daar het reeds veranderinge op die werf plaasgevind. Die PWD-kaart word in die argief van die Departement van Openbare Werke in die KAB gestoor. Die beplande kwekery word nie daarop aangedui nie, maar wel die toegelate grond vir 'n kwekery, gemerk A.B.C. Ook die perseel vir die voorgestelde inrigting vir geestesgestremdes is ingeteken. Die tweede kaart wat Fagan gebruik, is wel 'n weergawe van die SG 32AY-kaart. Dit toon sterk ooreenstemming met die kaart, Plan 32AY (7477) Vel 2 (DRDLR 1887a), maar die letterwerk “FOREST RESERVE” stem nie ooreen nie, waarskynlik omdat die gedrukte uitgawe in 1949 opgedateer is. Die oorspronklike 32AY-kaart is in 1887 opgetrek (1887a). Die 32AY-kaart toon sterk ooreenkoms met die Melvill-kaart van April 1887, wat 'n opgradering van sy 1885-kaart is (DRDLR 1887b;NASA,KAB 1885b). Op beide kaarte, die 32AY en die 1883-kaart, word die

jongenshuis en wynkelder onderskeidelik noord en suid van die woning aangedui. Waarom het Fagan nie daardie strukture aangedui nie? Die 32AY-kaart bevat ook die regeringskwekery, asook die nuwe Tokai-weg wat die bosboustasie met die Hoofweg verbind – byvoegings wat in die loop van 1883 en daarna gedoen is (NASA, KAB 1884b:19). Dit kom nie voor op die 1883-kaart nie. Hier is 'n vergelyking met die 1885-kaart van Melvill baie belangrik, want die nuwe paaie, die kwekery en die verandering aan die leivore is waarneembaar. Dit word veral sigbaar wanneer die 1885-kaart met die 1883-kaart vergelyk word. Die 1883-kaart is die naaste kaart aan die oorspronklike plaas, want dit bevat geen nuwe paaie nie. Die plaas is toe nog bereik deur die pad wat voor die latere Constantia-uitsig na Wynberg toe gaan (HRC 1931). Die Wynbergpad het ook voor die Tokai-woning na Swaanswyk geloop (DRDLR 1887a;b; NASA, KAB 1883n;1884a:21; 1884b:19;1885b). Dit was die pad wat sedert die ontstaan van die plaas in gebruik was (Brommer 2009:163-4).

Die korter pilare op die terras aan die agterkant word ook nie op enige van die kaarte aangedui nie. In 'n elektroniese vergroting van die 1883-kaart, word bloot 'n reghoek wat noord-suid aan die westekant van die woning lê, aangedui. Die reghoek is langer as die breedte van die woning. 'n Vergroting dui lae strukture soos hokke op die westesy aan. 'n Smal en dowwe bruin strepie skei die reghoek se lengte in twee, maar die twee blokke is nie ewe groot nie. Boonop swenk die streep en gaan deur die vrugteboord wat aan die bokant van die reghoek lê. Ook word die reghoek met 'n soortgelyke soliede streep of lyn aangedui, wat die muur tussen die woning en die eertydse wynkelder van ca 1799 aan die suidekant aandui. Daar is dus nie 'n simmetriese terras nie. Die SG 32AY-kaart se tweede vel (DRDLR 1887a) dui nie langer die reghoek aan nie, nog die lae muurverbinding. In die plek daarvan is 'n grensafbakening met die landmetersmerker “O” wat gebruik word om meetkundige hoeke op kaarte aan te dui. In werklikheid word die grenslyne rondom die woning tussen die grond van Bosbou en Porter op die SG 32AY-kaart aangedui. Die huis is in 1892 aan Porter toegesê (1893:6;1893b). Ook word die kwekery, die ruitepad en enkele vlakke se paaie ook aangedui – alles ontwikkeling wat laat 1883 en daarna begin is (NASA, KAB 1884:19;1885a:6; 1893b). Dit dui ook die Tokai-Retreat verbindingspad aan, wat eers in 1883 begin bou is (1884b:19). Die SG 32AY-kaart is allermins 'n getroue weergawe van die werf, omdat dit die verdeling van die twee plase aandui.

Die gevolgtrekking is helaas dat daar nie 'n terras voor 1883 van andere andere Fagan (1994:433) en Trotter (1903:306) met 'n tuiniuitleg agter die woning was nie, maar 'n reghoekige struktuur met 'n lae, langwerpige hokgebou aan die westekant (NASA,KAB 1883n). Dit was moontlik die hoender- of varkhokke. Gebrek aan leivore sluit 'n fyntuin of groentetuin vir huislike gebruik wat ommuur was, sodat die diere nie daarin kon kom nie, uit. Bastiaan, Isabella en Japie het in die 1880's die volgende diere op die plaas aangehou: 20 slagosse<sup>15</sup>, 8 koeie waarvan drie melkkoeie, 200 bokke, drie perde en vyf merries, 'n groot aantal varke en verskeie pluimvee (NLSA 1883a). 'n Varkhok naby die woning sou moontlik nie so

---

15 Die slagosse was moontlik die trekosse wat as slagvee vir die vendusie aangebied is.

aangenaam gewees het nie, maar dit was naby die parskuip aan die suidekant van die woning. Daar was ook verskeie landerye en tuinery vir mielies, aartappels, groenkool, blomkool, soetpatats, vrugteboorde asook wingerde (1883). Plaasdiere sou dus ingehok gebly het ten einde die aanplantings te beskerm, want ook die arbeiders het hul eie tuin gemaak wat beskerm moes word (NASA, KAB 1883c). Krale word dan ook agter die stalkompleks op die 1883-kaart aangedui. Die SG 32AY-kaart (DRDLR 1887a) dui nie die krale aan nie, maar 'n onvoltooide struktuur. Dit is dus baie duidelik waarneembaar dat die koloniale regering met die reghoek bokant die huis en die krale of moontlik hokke agter die stalgebou weggedoen het. Die belangrikste rede oor waarom daar nie 'n terras aan die agterkant tydens die bou van die woning uitgelê was nie, is juis omdat die oorspronklike wynkelder aan die westekant van die woning geleë was (MA 1800). Teubes moes sy eie redes gehad het waarom hy die woning noord, deels in die aangesig van die winterstorms, laat uitkyk het, maar ook hoe hy die probleem oorkom het. Trotter se skets van die woning aan die agterkant dui wel twee eikebome aan die agterkant van die woning aan (TMNP 2006:29). Die vrugteboord bokant die hokke was waarskynlik ook met eikebome teen die wind afgeskerm. Dit is moontlik die eikebome wat Lister (1960:82) onthou. Die Departement van Openbare Werke het waarskynlik die hokke aan die agterkant verwyder, want daar was geen funksie meer daarvoor nie. Al die plaasdiere is op 'n openbare vendusie verkoop (NLSA 1883a).

## **4.9 Die woning, eienaars en eienaarbouers ca 1790's tot 1820's**

### **4.9.1 Teubes as bouer**

Om Teubes met sy boerdery te vereenselwig, word bemoelik deur die afwesigheid van 'n sensus wat hom op Aan de Buffelskraal koppel. Daarteenoor word Herwig in Junie 1800 by sy dorps huis in Kaapstad beskryf, maar sy opgaaf toon onmiskenbare verband met die Tokai-plaas (NASA, KAB1800d). Die Teubes-grond word wel terloops tydens die beleg van Muysenburg in Nel (1972:255) verwys waar die bevelvoerder die burgers na die vlakte tussen Teubes en Russouw wou verskuif. Hoewel Sluysken se kaart van ca. 1796 Teubes se grond met drie stukture omring van wingerde aandui (NASA, KAB 1800b), is die kaart opgestel nadat Sluysken die land in November 1795 verlaat het (De Kock, Kruger 1986:687). Die getrouheid van die stukture word betwyfel, want die plasing daarvan toon geen ooreenkoms met die sketse van Barrow en Hamilton nie (MA 1800,1800a). Voorts word twee van die lappies wingerde buite die eerste 39 morg geplaas (DRDLR 1813). Sluysken se plasing van die riviere en Tokai-werf blyk korrek te wees en stem ooreen met die kaart van 1788 (Brommer 2009:163). Die eerste aanduiding van 'n gebou is die klein geboutjie naas die Tokai-woning op die ca 1800-skets van Lady Hamilton (MA 1800a). Hierdie kleinerige buitegeboutjie of langhuis sou dan ooreenstem met Walton (1989:48-9) se siening van die langhuis op Bergvliet en op Buitenverwachting (106-8), wat beteken dat Tokai nie simmetries van uit die staanspoor ontwikkel het nie.

Van naderby is die Teubes-langhuis ongetwyfeld meer as een vertrek lank en is moontlik kort na die vrede-sluiting opgerig (NASA, KAB 1800b). Die langhuis het 'n solderopening wat noordwes front. 'n Rooklose skoorsteen vertoon agter die gewelpunt aan die oostekant. Weens die boonste solderopening kom die tradisioneel uitgeboude vuurherd nie teen die noorwestelike muur voor nie. Die fasade van die langhuis wys in die rigting van die Wynberg-sandpad. Een klein en hoë reghoekige vensteropening na die bergkant is sigbaar. Die suidwestelike front van die langhuis is gedeeltelik verberg agter bome, maar suggereer dalk 'n platdakvertrekke wat aangebou is. Die agterdeur kyk op die nuwe plaaswoning teen die agtergrond van die Steenberge uit (MA 1800a). Die langhuis verskyn nie op die Barrow-skets nie (MA 1800). Dit word ook as 1800 gedateer. Maar dit vertoon die wynkelder of parskuip, wat weer nie op die Hamilton-afdruk uitgebeeld word nie. Omdat die langhuis diagonaal tot die woning lê, bevestig dit Walton se teorie.

Deur hierdie twee sketse as 'n eenheid te visualiseer, ontbreek 'n simmetrie. Albei sketse toon die woonhuis wat noord front teen 'n helling wat steil afplat. Die kelder is wes en hoër as die woning en dit lyk of die ingang suid is (MA ca 1800;1800a). Die kleur van die geboue is moontlik oker eerder as wit. Hoewel wit die vanselfsprekende kleur vir wonings was, was dit hard op die oë. Dit is versag deur kleurmengsels van klei of ysteroksied by te voeg. So is meer aardse kleure soos room, oker of grys verkry (Lewcock 1963:418).

#### **4.9.2 Die werf en die woning se ligging**

Die woning is op die oostelike helling op die klein plasie van 39 morg of sowat 33.21 hektaar of 82.6 akker gebou (MA 1800,1800a;Diagram 12,13 Bylaag B). Dit is in die noordoostelike hoek van die plaas (NASA, KAB 1792; 1885b). Die heuwel lê tussen twee standhoudende strome, die Prinskasteel- en die Vlagstokrivier, maar laasgenoemde stroom was grootliks buite die eerste plaasgrens (1792;1885b). Die helling plat af aan die suidekant na die Prinskasteelrivier. Die rivieroewer is taamlik breed en moontlik ook in terrasse omskep vir wingerdaanplanting. Daar was tussen 50,000 en 60,000 wingerdstokke in Junie (1800d) en ongeveer 70,000 stokke in Augustus (1800f). Dit is bereken dat 'n akker, of 'n twee vyfde hektaar, sowat 5,000 aangeplante druiwestokke kon hê wat konserwatief 700 gellings of 2,650 liter wyn sou oplewer (Leipoldt 1974:50; Jooste 1973:29). Die Hamilton-afdruk toon 'n halfmaan van lae bosagtige plante - wat waarskynlik druiwestokke is - in die onderste hoek links (MA 1800a). Die 1814-ewigdurende erfpaggrond het die "Oude eigendom" in geheel geabsorbeer (DRDLR 1813;Diagram 7 Bylaag B). Die werf was dus eerder tussen 'n paar bossies druiwe, suikerbosse en silwerbome as wat dit met wingerde omring was. Die suggestie van wingerdbosse op die Hamilton-afdruk (MA1800a) ontbreek op die Barrow-skets (MA 1800). Het Barrow dit as oorbodig vir sy skets gereken, of was dit reeds verwyder? Loos se advertensieverkope verwys slegs na 'n volledige en funksionerende plaas, maar gee nie die aantal wingerdstokke nie (NASA, KAB 1802).

### 4.9.3 Die Hamilton-afdruk en Barrow-skets verander geykte sienings

Wat die twee sketse van Barrow en Hamilton problematies maak, is die datering daarvan. Albei word ca 1800 deur Museum Afrika gedateer, maar die huis verskil. Maar die sketse is nie weersprekend tot mekaar nie, eerder aanvullend. Hamilton was aktief aan 't skilder in hierdie area, want haar skets van Groot Constantia word as 1799 gedateer (Cloete 2003:titelblad). Dit is dus moontlik dat die Hamilton-afdruk in 1799 gedoen kon gewees het, want die huis word as 'n voltooide gebou uitgebeeld. Die twee Tokai-sketse is ook van verskillende posisies, maar van dieselfde perspektief gedoen, vergelyk die identifikasie deur Museum Afrika: beide sketse fokus op die uitsig, Steenbergpunt by Valsbaai, met die opskrifte “Valsbaai van Tokai” vir die Hamilton-afdruk en “Tokai-uitsig op Muysenburg” vir die skets van Barrow (MA 1800,1800a). Volgens beide sketse verwys Tokai na die plaas en nie na die uitsig van die huidige voorstoep nie, want dit ontbreek en strook nie met die identifikasie en fokus nie. Albei sketse vertoon onder meer figure in die voorgrond, ongetwyfeld slawe.

Die vernaamste verskil blyk die woning en die wynkelder te wees. Die Barrow-skets toon duidelik dat die dak gedek word en dat 'n tweede vleuel aan die suidwestekant in aanbou is. Die mure van die nuwe gedeelte is dakhoopte en die dak word vir die eerste keer gedek. Een of twee persone, waarskynlik slawe of vryswartes, doen die dekwerk. Die skoorsteen van die kombuis op die Hamilton-afdruk kom nie voor op die skets van Barrow nie. Die Hamilton-afdruk is na alle waarskynlikheid voor die Barrow-skets voltooi, eerder 1799 of selfs vroeër. Leibman (2012:63) dateer die Hamilton-afdruk van Groot Constantia volgens die argief van die Revel Fox-argiteksfirma as 1798 teenoor Schutte se 1799. Hier word eerder pyl getrek op Schutte (2003: titelblad) se datering, omdat die bron van die skets, C80 in die William Fehr-versameling, deur Schutte gegee word. Dit sou dus nie onredelik wees om die Hamilton-afdruk van Tokai, toe nog Aan de Buffelskraal, as 1799 te dateer of vroeg in 1800 voordat die veranderinge begin is nie. Die plasing van die frontale posisie op die Barrow-skets word deur die pad en die posisie van die kombuis gerig. Hoewel Barrow se skets meer impressionisties vertoon, is die woning se front nie oos nie. Dit is juis die lynposisie van die kombuis en die parskuip wat oortuiging aan die Barrow-skets verleen, naamlik dat die woning noord front, hoewel dit nie so duidelik sigbaar is soos die Hamilton-afdruk nie.

Die woning het vier hoë eindgewels wat noord en suid kyk, asook een eindgewel op 'n korter dwarsvleuel aan die westekant. Die huis was toe reeds voltooi en die plaas heelwaarskynlik in die besit van Herwig wat dit op 19 November 1799 gekoop het (NASA, KAB1799a). Tussen die twee lang noordsuiddakke met gewels is 'n plat vlak met 'n plat dak, soos wat die huis vandag steeds vertoon. Hamilton se hoë gewels het elk een venster. 'n Rokende skoorsteen word ook bokant die westelike dwarsgewel aangedui. Dit wil voorkom of dit die enigste skoorsteen op die dak is. Dit lyk of dit net agter die gewel se fopskoorsteenpunt gebou is (MA 1800a). Volgens Lewcock (1963:164) is die skoorsteen wel aan die binnekant van huise ingebou sodat die buitemuur glad en skoon vertoon. Tradisioneel is die vuurherd se skoorsteen aan die buitekant opgerig om brandgevaar te verminder. In die moderner metode is die blokke van die

skoorsteen op-een gestapel, die wyer blokke onder en die smaller blokke bo. Die skoorsteen het dan op die nok deur die dak gebreek. Indien die tipe ruitglas in aanmerking geneem word, was die oorspronklike Tokai-woning waarskynlik reeds 'n vermenging van tradisionele Volksboukunde met moderner tegnieke, wat deur die Engelse na 1795 ingebring is (:414). Teubes se blootstelling aan die tradisionele boukuns vir bykans dertig jaar, maar ook aan Europese tendense veral as handelaar en skakelpersoon met oorsese handelaars, moes hom beïnvloed het. Teubes was nie onkundig oor boustyl en ingekoopte boumateriaal na 1795 aan die Kaap nie. Teubes se seun was dan ook later een van die uitsoekstudente en uitblinkers in Thibault en Anreith se skool<sup>16</sup> (:353,5). Die prys wat Herwig vir die plasie betaal het, bly 'n aanduiding dat die oorspronklike plaaswoning duursaam was. Dit word ook bevestig deur die skilderye van twee belangrike skilders van daardie periode so kort na die voltooiing van die woning.

Herwig het die kombuis na 'n ander posisie verskuif – vandaar die skoorsteenlose westelike dwarsvleuel. Indien die woonhuis oos gefront het, sou die bouwerk aan die agterkant nie op Barrow se skets vertoon het nie. Barrow het 'n doelbewuste keuse gemaak om nie die huis se frontale posisie voorop te stel nie. Of Herwig die keldergebou laat oprig het, word betwyfel in die lig van die verkoopsom van die plaas, wat minder was as wat Herwig betaal het. Moontlik was die kelder van Teubes nog in aanbouing en dat dit die rede was waarom Hamilton dit nie geskilder het nie.

Die fasade, 'n taamlieke breë voordeur met twee smaller vensters aan weerskante, front noord in die rigting van die Wynbergpad (MA 1800a). Hier het Teubes taamliek getrou die voorbeeld van Groot Constantia, wat op die oostekant van Tafelberg front, gevolg. Onder elke gewel is daar 'n pleisterraam met 'n swart kruis wat 'n venster met vier ewe groot ruite suggereer. Die huis se uitleg bevestig die sentrale voorkameruitleg soos deur Trotter (1903:147) waargeneem: 'n voorkamer met sykamers aan beide kante. Die voorkamer is onder die plat dak wat in die middel van die twee lang grasdakke sigbaar is. Aan weerskante van die middelste leefarea is die kamers. Die platdakgedeelte vertoon smaller<sup>17</sup> as die breedte van die kamers aan weerskante (Kyk Diagram 18 Bylaag B). Die vensters toon twee rye van dieselfde ruite in die gewels, terwyl die voordeur ook twee rye ruite maar groter as die smaller vensters vertoon (MA 1800a). Aan die muur wat wes front, is 'n skuifvenster met vier of vyf kleiner ruitjies. Dit is oop. Dieselfde grootte venster, ook oop, verskyn in die korter westervleuel se noordekant. Hierdie twee vensters is tradisionele skuifraamvensters waar die boonste venster staties is, terwyl die onderste venster agter die boonste venster opskuif. Die ruitjies was ongeveer 9 by 7 duim groot (Lewcock 1963:85,87). Daarteen-

---

16 Ander latere presteerders in die klas van Thibault en Anreith se Tegnieke Instituut was W.F. Hertzog, later assistent landmeter-generaal, A. Auret, argitekstekenaar in die kantoor van die landmeter-generaal en die twee seuns van die bouer, Herman Schutte, later opmeters. Anreith het veral die vermoë van Auret en Heinrich Teubes baie hoog aangeslaan (Lewcock 1963:353,5).

17 Die smaller ingang of voorkamer word deur Fransen (1981:99) as Kaapse Regency bestempel – 'n era waartydens 'n groter gereserveerdheid na vore tree. Fransen dateer dit veel later, na 1820.



oor was die Engelse vensters hoër in verhouding tot die breedte. Moontlik die grootste enkele moderne toevoeging is die gaasblindings wat Teubes opgehang het (MA 1800a). Omdat die vensters en voordeur die totale felheid van die brandende son moes verduur, is luike nie gebruik nie, maar 'n gaasblinding. Daar is 'n duidelik waarneembare bedekking voor die noordelike syvensters en voordeur, asook voor die twee geopende vensters in die noorwestelike hoek. Die feit dat die bedekking dieselfde voorkoms voor al die vensters het, verwyder die opsie van luike. Lewcock (1963:87-8) reken sulke en ander blindings is voor 1820 in enkele Kaapse wonings gebruik.

Die fasade op die Hamilton-afdruk word deur 'n heuwelrug met bosse afgesluit wat die soom van die muur verberg. Dit bemoeilik die aansig op die voordeur. Die wapad loop egter op albei sketse na die woning se noordelike aansig toe en daar is nie tekens van 'n stoep of pilare nie. Opmerklik is die val aan die noordoostelike hoek van die woning. Dit is duidelik dat die woning op 'n gelyke plattegrond, wat in die heuwel uitgewerk is, gebou is. Die Barrow-skets laat die suggestie van grond wat teen die woning opgewerk is, maar dit kan ook sonkolle wees wat op al die bome teenwoordig is.

Of Loos aan die huis verander het, word betwyfel, behalwe om moontlik onafgehandelde bouwerk af te rond, want Herwig is skielik oorlede (NASA, KAB 1800e). Loos het die woning van September 1800 tot Maart 1802 besit (1800h;1802a). Die plantkundige besoekers, Robert Brown en Peter Good se rekords, Oktober 1801, beskryf die huis as baie elegant (Rourke 1974:53). Loos het minder as Herwig betaal en die moontlikheid bestaan dat hy van Herwig se veranderinge moes afrond. Die woning soos wat Loos dit gekoop het, se kombuis was in die suidwestelike hoek, die nuutaangeboude vleuel op die Barrow-skets (MA 1800). Dit word bevestig deur die eetkamer daarnaas met sy kleiner en ouer muurkas (Persoonlike besoek, 27 Februarie 2015) en die Trotter-skets met die skoorsteenbundel steeds aan die buitekant (TMNP 2006:29). Trotter se skets is voor die aanbouings van Orpen in 1899-1900 gedoen (NASA, KAB 1898c; 1900b). Eksteen (senior) moes die kombuis na die noorwestelike hoek verskuif het, soos wat die Listers die woning in 1885 gekry het (Lister 1960:83).

#### **4.9.4 Die oostelike aansig**

Die Hamilton-afdruk vertoon nóg pilare nóg trappe aan die noordoostelike hoek. Dit is juis die plasing van die trappe van Tokai wat suggereer dat die afwerking van die oostelike voorstoep later plaagvind het. Die suggestie is dat Eksteen die huis se aansig ooswaarts verander het. Dit het aanvanklik net 'n oop stoep, soos Groot Constantia, gehad, maar met 'n trap in die middel. Die pilare en die prieel is 'n latere toevoeging wat saam met die sydelingse trappe gebeur het (Kyk Diagram 29,29a,29b vir voorbeelde van trapplasing Bylaag B).

Die voorstoep is waarskynlik soos ander woonhuise met 'n trapontwerp reg in die middel voor gedoen. Trappe van woonhuise soos Schoongezicht, Oude Nectar, Neethlingshof en Uitkyk, almal in Stellenbosch se omgewing, is voor in die middel geplaas (Fransen 1993:106,112,119,125). Simons (2000:116,121,

140-1) skryf die huise met die uitsondering van Neethlingshof toe aan Thibault. Sy dateer Schoongezicht as ca 1811/12 en Oude Nectar as 1813/14. 'n Datum ontbreek vir Uitkyk. In die Constantia-vallei, nader aan Tokai, is die trappe van De Hoop op Constantia, Buitenverwachting en Nova Constantia almal in die middel voor geplaas (Fransen 1993:79; Simons 2000:63;66;68). Fransen (1981:76-7) skryf boonop Nova Constantia toe aan Thibault en maak voorts die stelling dat die gewel van Tokai ook verwant aan genoemde huise se gewels is. Fransen en Cook (1981a:36;37) dateer die omliggende wonings rondom die draai van die eeu. Bekende landmerke van Thibault soos die Saasveldhuis van 1791, Koopmans de Wet-huis, ca 1791-3, Vrymesselaarslosie van 1803, asook die drostdye van Tulbagh, 1804-7, Graaff-Reinet, 1804-5 en die ou Doeanegedou, ca 1810-14, plaas almal die trappe in die middel voor (Fransen 1981:73-77). Die trappe vertoon hoekig en het nie 'n vloeiende lyn nie. Waar trappe oor twee vlakke strek, soos in die geval van die Doeanegedou, bly die ontwerp hoekig en nie gerond nie. Waar Thibault wel trappe sonder 'n katreëling, maar met 'n plat gladde glymuurtjie op traphoogte afgerond het, soos in die geval van Uitkyk, is die afwerking bloot 'n versiering. Uitkyk se trapstel is breër onder as bo. Die trappe van Tokai kan dus nie aan Thibault toegeskryf word nie. Lewcock (1963:29-30) voel dat alhoewel Thibault se ontwerpe sterk na die Klassisisme oorleun, Thibault steeds sy styl met Barok en Rokoko vermeng het, soos in die geval van Groot Constantia se gewel en vooraansig. Tokai se gewel toon nie Rokoko-krulle nie.

Tokai se pilare ondersteun 'n druiweprieel en die trappe is vloeiend en kunstig afgewerk. Fransen (1981:76) noem dit 'n "virtuose swenking". Uit fotobeelde van wonings tussen 1800 en 1820 kon daar slegs twee voorbeelde van woonhuise met wenteltrappe gevind word, naamlik 'n huis met 'n opgeboude stoep in Groentemarkplein volgens 'n skets van D'Oyly, ongedateerd en afgebeeld in Lewcock (1963:30) en Tokai se voorstoep. Die Reinet-huis se halwe wenteltrap is aan die agterkant geplaas, maar het 'n eenvoudiger, dunner en ooglopend growwe muurafwerking. 'n Foto van 1909 toon aan dat dit baie eenvoudig gedoen is (GRM:1909;Diagram 29b Bylaag B). De Minnaar (1987:143) en Lewcock (1962:73) reken dit is in 1812 voltooi, maar Lewcock voeg by dat die "gracious external stairs" later gedoen is, selfs so laat as 1820 (GRM 2015). Die gevolgtrekking is dat die geswenkte trappe van Tokai veel later gedoen is, moontlik deur Anton Anreith, beeldhouer, asook instrukteur van die Tegniëse Instituut, of een van sy studente. Anreith sterf in 1822 (Lewcock 1963:355,443). Die feit dat daar net een so 'n trapontwerp is, suggereer dat die bouer kort na die bou van die trappe of oorlede is of die land verlaat het. Indien Anreith dalk die ontwerper cum bouer is, is dit kort voor sy dood gedoen. Eksteen se bouerslaaf, Aron, sterf ook in 1820, op 17 Desember. Eers op 8 Januarie 1825 het hy weer 'n bouerslaaf aangekoop (NASA, KAB 1834;1834b). Dit was Meij, afkomstig van Batavië. Eksteen het wel 'n meesterbouer, Johan Godfried Mocke, as buurman op Raapekraal gehad (1821). Mocke het met geleentheid ook saam met Thibault gewerk (Roy de Puyfontaine 1972:30).

Mocke het op 1 September 1821 die plaas Raapekraal as ewigdurende erfpag bekom (NASA, KAB 1821;1966). Tokai en Raapekraal is baie na aanmekaar geleë. Mocke het waarskynlik reeds in 1816 op

die plaas gewoon, maar het dit eers op 17 Mei 1818 as erfpag of leengrond ontvang. Op 1 September 1821 is die erfpag as ewigdurende erfpag geregistreer (1821). Mocke sou nie juis hond-haaraf met die boerdery kon maak nie, en het moontlik steeds as bouer gewerk. Volgens die verslag van die Grondraad van 25 Maart 1821 was Raapekraal kwalik vir boerdery geskik. Eksteen sou ten minste in teorie vir Mocke om raad kon nader.

Dit is ook onseker of die woning van nuuts af as 'n enkelverdiepingwoning bedoel is. Die ruite in die boonste gewel kan ook op dakkamers sinspeel, eerder as die Kaapse solder. Vanweë Teubes se status as handelaar en chirurgijn-majoor was dit dalk net 'n solder, maar met 'n beter afwerking as tradisioneel Kaapse luike. In latere jare is die solder wel in dakkamers omskep (Tokai ca 1850). De Bosdari (1964: 39) reken 'n interne trap het vanuit die kombuis na die solder toe gelei. Ook reken hy dat die kombuis se buitedeur na die klein binnehof tussen die twee westelike vleuels oopgemaak het en nie na die noordekant toe nie. Die uitleg waarna De Bosdari verwys, is moontlik die Eksteens, Lister en Orpen se kombuis. Bykans 'n eeu later sou die huis in 1907 verseker word as 'n dubbelverdieping woning (NASA, KAB 1907a). Die inventaris van 1836 toon aan dat die solder onbewoon was (1842b). Die skets van ca 1850 (Tokai-park) toon onmiskenbaar 'n bewoonde soldervloer.

#### **4.9.5 Boumateriaal**

Die Volksboustyl of Kaapse boukuns het in die 1700's sy beslag gekry en is tot in die middel 19de eeu steeds beoefen (Fransen 1981:95;kyk Diagram 14 Bylaag B). Dit is duidelik dat Teubes die eerste woning laat bou het. Van sy boumateriaal is ingevoer, soos vensters en gaasblindings, afgelei van die Hamilton-afdruk (MA 1800a). Hierin was hy sy tyd vooruit. Hoewel Fransen die beïnvloeding van die Kaapse boukuns deur Engelse neigings as vanaf 1815 tipeer, was dit moontlik reeds in swang, soos gesien in die groter ruite van die 1800-afdruk van Lady Hamilton. Die kaggel wat in die suidoostelike hoekkamer ingebou is, is ongetwyfeld 20ste eeus soos tydens my besoek op 27 Februarie 2015 waargeneem. Nog die Tokai-skets (Tokai ca 1850) nog die Steer-foto van ca 1922 (NASA, KAB ca 1922) vertoon 'n skoortsteen op die noordoostelike hoek. Vensters wat uit Engeland kom, is aangekoop, soos die twee langwerpige vensters by die eerste voordeur, die groter ruite van die eerste soldervensters, gaasblindings of opvoubare blindings en die latere houtgeute van die ca 1850-skets. Ook die dieper ingeboude swaaiwenster aan die suidekant is 'n Engelse ontwerp. Die res van die vensters is skuifraamvensters wat vlak in die muur volgens die Kaapse boustyl ingemessel is. (Fransen 1981:95-9;MA 1800a;Tokai ca 1850). Die latere eienaar het ook die Kaapse boukuns gehandhaaf, soos met die aanbring van swaaiideurluike op die stoep en aan die suidekant (Tokai ca 1850). Die oorspronklike woning het nie luike gehad nie (MA 1800;1800a).

Boumateriaal teen die laat 1790's was problematies. Plaaslike klip was baie hard van nature en moeilik om te bewerk. Die gebruik daarvan is tot fondasies en die lae gedeelte van die muur beperk. Die res van die mure is met selfgemaakte stene, wat met 'n mengsel van klei en kalk, of klei, kalk en sand gemessel is.

Selfgemaak en ongebakte stene is gewoonlik deur die bouer op die perseel gemaak, terwyl hardgebakte stene by een van die steenbakkers rondom Tafelbaai aangekoop is. Ongebakte stene is vir binnemure gebruik, terwyl gebakte stene in die bou van die buitemure gebruik is. Enkelvlak woonhuise is dan ook met ongebakte stene gebou en die binnemure is dikwels tot 60 sentimeter dik. Dit is altyd met 'n kalkpleister afgewerk. Om die buitemure waterdig te kry, is dit jaarliks met 'n mengsel van gebrande skulpe en kalk afgewit. Hierdie mengsel is ook op lae dakke gebruik om dit waterdig te maak (Lewcock 1963:8,10,78-9). Kaapse “moppen” of groot gebakte messelstene is vir deure en vensterbanke gebruik (NASA, KAB 1801c). Dit is onseker of dit in die Tokai-woning gebruik is.

Fondasies is in die 18de eeu met lae van bourommel en klippe direk bo-op die rou grond gevorm. Bouwerk met klip is wel gebruik om die fondasies te bou. Die klipmuur van gekapte klip is sowat twee tot drie voet hoog te bou (Lewcock 1963:387), soos ook by Tokai die geval is (MA 1800a; Tokai-park ca 1850). Dit is steeds orals om die oorspronklike woning sigbaar, maar nie by die aangeboude gedeeltes nie (Tokai-besoek 2015). Hoewel daar 'n taamlike grondval in 1800 aan die oostekant van die huis was (MA 1800a), is dit later opgevol sodat die stoep en trappe gebou kon word. Die grondvryhoogte tussen die noordekant en die oostekant van die huis begunstig die noordekant as vooraansig, want dit sou goedkoper en veiliger wees om 'n stoep aan die noordekant te plaas teenoor 'n duur en hoë stoep aan die oostekant. Vir 'n gesin met klein kinders, soos die Teubes-gesin, was so 'n stoep ook gevaarlik. Die huis se bouvlak is gelyk gemaak tot 'n plattegrond, waarskynlik reg rondom die woning. Fransen (1981:26) reken die verskil tussen die voor- en agterkant kon self twee meter wees. Treetjies wat tot sover as 2,5 meter uitstaan, sou dan toegang tot 'n woning gee (De Bosdari 1964:19). Die latere Tokai en Oude Nectar het elk 'n verhewe voorstoep (Fransen 1981:76;1993:112). Ook dui verskeie foto's aan dat huisstoepe nie noodwendig verhewe was nie, vergelyk Groot Constantia se stoep (De Bosdari 1964:1); of dat die patroon van 'n verhewe voorstoep nie die reël was nie, vergelyk Alphen se agterstoep (Fransen 1993:72) met sy ongeveer sewentien trappies waarvan elkeen omtrent drie keisteentjies hoog is.

Klip van Tokai of die vroeë Prinskasteelgrot gryp vroeg in die 18de eeu die verbeelding van Valentyn aan as hy skryf dat dit deur Simon van der Stel uitgehaal en gebruik is. Die plek is egter reeds deur die redakteurs van Valentyn se dagboeke, wat deur die Van Riebeeck-vereniging uitgegee is, as foutief bewys (Valentyn 1971:192vn 16). Lewcock (1963:380) reken dat waar daar na “steengroefklip” verwys word, dit eintlik Tafelbergsandsteen is wat inderdaad soos rooi leiklip lyk. So 'n groef is nog nie op Tokai of in die loop van die Prinskasteelrivier opgespoor nie. Klei kom wel op Tokai voor. 'n Moontlike kleigat van die 19de eeu is die gat in die berg waar die huis van die assistentdistriksbeampte van Bosbou in 1921 opgerig is (NASA, SAB 1921a). Die area was omring met sipresse wat sedert 1895 deur Hutchins aangeplant is (1897b). Bosbou sou nie die sipresse verwyder, die gat daar gegrawe en die bome vir 'n woning uitgehaal het nie. Die gat was daar. Die bank of grondwal van die gat in die berg was 10 voet of sowat drie meter hoog agter die huis. Daar was 'n spasie van 12 voet of 3.6 meter tussen die huis en die grondwal op twee

kante (1921b). Die huis het op Woensdag, 4 Maart 2015, afgebrand. Op die heuwel net bokant die rug van Pondokvallei en nie ver van bogenoemde perseel nie, het ou rommelgate tydens die onlangse brand oopgebrand. Dit is Saterdag, 21 Maart 2015, deur lede van die Ereveldwagters van Sanparke, die Vriende van Tokai-park en jeugdige van Chrysilas-akademie toegegooi (Frost:2015). 'n Gedeelte van die langwerpige gate of diep slote het moontlik ontstaan tydens die verwydering van grondmateriaal vir die maak van bakstene tydens die Porter-skoolera. 'n Mensgemaakte gat, ca 20ste eeu, waaruit moontlik klei vir padbou versamel is, is aan die oostekant van die arboretum in 'n plantasie geleë.

Klei- en gruisputte is ook op verskeie plase, onder meer die suidoostelike punt van Steenbergplaas deur die regering vir openbare gebruik gereserveer (NASA, KAB 1884a). Gruis is naas die gebruik vir paaie, ook vir die gooi van vloere gebruik (1901c). In later jare het Orpen op 'n gereelde grondslag gratis ongebakte bakstene vir bouwerk verskaf, soos tydens herstelwerk in 1904 aan die stalkompleks (1904). Die stene is deur die gevangenes op 'n plek naby die werf gemaak en so is 'n voorraad ongebakte stene opgebou. Orpen (1908c) het byvoorbeeld in 1908 versoek dat die oorvol jeugtrunk wat in die ou slawekwartier gehuisves is, uitgebrei moes word. In sy brief aan die hoofingenieur van Openbare Werke vermeld hy: "I have a large quantity of good building stone within a short distance of the site and have some 400,000 or more bricks available for building purposes..." Die plek van die ou steenmakery was dus baie naby aan die ou slawekwartier, waarskynlik waar die stalle in die 1940's naby die Prinskasteelrivier gebou is. Die terrein is opmerlik laer as die omgewing en is duidelik uitgewerk, hoewel dit ook deur die staldiere veroorsaak is. Die perseel is naby water en op grond geleë wat in die 1892-bedeling aan die Porter-skool toegesê is (1893:6; DRDLR 1902). Volgens Orpen se beskrywing in 1908 was die perseel redelik naby aan die opstal (NASA, KAB 1908c). Tydens 'n persoonlike besoek in November 2011 aan die oorkantse oewer aan die kant van die piekniekterrein is ongebakte en ongebruikte baksteenstukke tussen die grasse opgemerk. Dit toon nie messelreste nie. 'n Asgat van die Porter-skool was net noord van die stalle en is vandag met 'n teerlaag bedek. Teubes het heel moontlik ook die bakstene vir die Tokai-woning se dik binnemure op die perseel laat maak. Die Hamilton-afdruk vertoon 'n uitgewerkte gat in die onderste hoek links (MA 1800a). 'n Swembad is in die 20ste eeu deur J.P. Barnard en seuns van die Porter-skool daar gegrawe (Persoonlike mededeling, Chris Botes, Bestuurder, Tokai-Park, Augustus 2011).

Die binnemure van die woning is besonder dik, ongeveer 50 sentimeter, en die deure is met 'n halfmaan aan die bokant afgewerk. Hierdie selfde afwerking word huidig in die deurkosyne van die selle van die Orpen-gebou en die stalle aan die agterkante waargeneem. Dit is ook by een kosyn van die jongenshuis op 'n foto van 1901 sigbaar (MA 1901d). Daar kan aanvaar word dat die boogafwerking aan kosyne van die stal- en Orpen-kompleks in die laat 19de of vroeë 20ste eeu gedoen is, want beide geboue se deure het oorspronklik op die binneplein uitgekyk (NASA, KAB 1904h). Orpen, die superintendent, het in die Tokai-woning gewoon. Hy het die badkamers in 1900 laat aanbou asook opknappingswerk in die binnkant van die woning laat doen (1900,1900b;Diagram 25,18 Bylaag B). Die buitemure van die Tokai-

woning is met gebakte bakstene gebou. Dit moes aangekoop word. Daar was steenbakkerie in die Kaap. In 1815 het 1,000 Kaapse geelklinkerstene £1/4/6 gekos (Lewcock 1963:379).

Ronde rivierklippe is ook as fondasies gebruik (Lewcock 1963:380). Vir Tokai-woning is klein rivierklippies as opvulling van die area onder die vloer gebruik. In die vroeë 20ste eeu is dit met beton vervang. Die daadwerklike vorm van restourasie was die noodwendige gevolg, nadat die voorste eindgewel aan die regterkant in 1910 meegee het (Stoloff 1948). Teen 'n skuinste behoort klippe met oop spasies tussenin beter syferwater deur te laat as soliede beton. Die oorsprong van die probleem wat vir die intuïemeling van pilare op die voorstoep in Julie 1977 tydens kwaai reëns verantwoordelik was, het waarskynlik by syferwater gelê. Dit is dan ook in 1960 deur Bennie Bierman (1960) ten opsigte van die preeel geïdentifiseer. Die soliede fondasies het nie meer sypeling van opgaardwater deurgelaat nie.

Waar vloere oorspronklik met aardwerk en Bataafse teëls gedoen is, is dit onder die Engelse invloed al hoe meer met hout vervang. Dit het goeie fondasies genoodsaak om klammigheid teen te werk. Hout moes vir die vloere aangekoop word (Lewcock 1963:380-1). Daar was moontlik geelhoutbome in die Prinskasteelrivierkloof, maar Rauch se gronduitgif is juis gedoen om nie die Kompanjie se houtveld te benadeel nie (TANAPb 1791e). Dit wil tog voorkom of Teubes houtvloere ingesit het. Teubes en Brink, sy besigheidsgenoot, het reeds in 1794 goedere, ingesluit boumateriaal, by Johannes Gysbertus van Reenen bestel. Hoewel dit in Oktober 1794 nog nie afgelewer was nie en daar 'n geskil tussen die partye ontstaan het oor die rekening en aflewering van die goedere, het Van Reenen wel onderneem om dit af te gee. Toe Van Reenen in September 1797 vir die twee here vir dieselfde rekening, maar toe as agterstallige skuld, wou aanskrif, blyk dit dat Teubes en Brink steeds nie die goedere in ontvangs geneem het nie. Die lys van goedere behels 25 koringsiwwe, Rds 50; 98 “wanne” (wannen) of groot plat mandjies, Rds 98; 60 “legger” of balke waarop 'n vloer gelê word, Rds 408/1; 60 “huisankers” of hegysters vir die mure van 'n huis, Rds 50/2 en 2,000 lb. ploegyszer of ruwe spykers sonder koppe, Rds 130. Die koringsiwwe kon gebruik gewees het om bousand wat met klei gemeng word vir messelklei, te sif. Die wannen of skaalvormige mandjies is gebruik om koring op te skud sodat die wind die kaf kon wegwaai, maar restaurasiewerk aan die woning het later gevind dat die klein rivierklippies in mandjies onder die vloer gepak was (Stoloff 1948). Dit kon moontlik ook gebruik gewees het om onsuiverhede uit die boumateriaal te haal. Nog 'n betekenis van “wan” is 'n yster met plek om 'n tou aan te heg. Dit is dan in 'n leë vat se opening gestee om die vat op te lig (NASA, KAB 1797b; Kruyskamp 1961:2334). Met bouwerk sou dit ook kon help om voorraad te lig, veral met die bou van hoë gewels. Hoewel die koringsiwwe en wanne dit na 'n algemene handelaar se lysie laat lyk, is die lys goedere oorwegende bou-items. Volgens Herwig se sensusopgawe is daar nie sprake van koringgereedskap of aangeplante koring op Tokai nie (NASA, KAB 1800d). Daar word nie verder in die Notariële Protokol uitgewei oor die aflewering van die goedere aan

Teubes nie<sup>18</sup>. Daar is net soveel onwaarskynlikhede as waarskynlikhede dat dit boumateriaal vir Teubes se plaaswoning naby Buffelskraal bestem was. Daar kan egter aanvaar word dat soortgelyke boumateriaal aangekoop is – dalk by iemand anders - of dat dit moontlik uiteindelik tog vir die woning te Buffelskraal bestem was. Ander goedere wat Teubes moes aankoop, is kalk, vervaardig uit gebrande skulpe, 'n duur item en moeilik vervoerbaar weens die seesand waar dit uitgegrawe is en die afstand na 'n bouperseel (Barnard 1994:194). Barnard verwys heelwaarskynlik na Kalkbaai waar daar sedert die laat 17de eeu skulpe gebrand is (Sleigh 2004:287). Dit sou ook die plek wees vanwaar Teubes sy kalk moes aanry. Russouw se voorgenome kalkbrandery op Raapekraal, wat in 1792 toegestaan is op grond van volop skulpe naby Muysenburg en kreupelhout hoog teen die Steenberge, het nie gerealiseer nie (NASA, KAB 1821b).

#### **4.9.6 Die waarde van die Tokai-plaas tot buurplase, 1797 tot 1802**

Die koopprys van die relatiewe klein plase, waarvan 9 morg meer as 'n kilometer verwyder van die hoofplaas en boonop onbewerk is, skep die idee dat daar 'n kapitale waarde tot die plaas toegevoeg is. Die woning op die Hamilton-skets lyk duidelik voltooi (MA 1800a). Herwig koop die plaas in November 1799 vir f50,000 of kooppenningen.<sup>19</sup> (NASA, KAB 1799). Die huis is gebou vir Teubes, sy vrou Anna Christina Bosman en aanvanklik drie klein kindertjies tussen sewe en vier jaar oud (Figuur 2 Bylaag A). Herwig se gesin was klein, maar uitgebrei met verskeie dienaars. Teen Junie 1800, toe die sensusopname in Tafelbaai gedoen en die Herwigs en hul entourage by Dwarsstraat 14 opgeteken is, was die woning op die plaas moontlik nie bewoon nie, want dit was winter en die huis in aanbouing. Herwig en sy vrou het een dogter, twee knegte, sestien slawe, drie slavinne en een seunslaaf gehad. Herwig het nie sy besigheid as drankhandelaar opgegee toe hy die plaas gekoop het nie. Volgens die Junie 1800-sensus het hy twee osse, agt perde, 72 hoenders, twaalf skape, vier varke, 50,000 wynstokke, 20 leggers wyn en 60 morg eiendomsland waarvan 25 onder druiwestokke en 35 bewerkte grond gehad (NASA, KAB (1800b). Die aantal morg strook nie met die grootte van die plaas, 39 + 9 morg eiendomsland nie en is twaalf morg te veel. Hierdie oorskatting van die oppervlakte van die eiendom is ook in Januraie 1810 deur Eksteen gedoen, maar in Desember van dieselfde jaar reggestel (1810a). In Herwig se geval sluit die 60 morg moontlik ander eiendomsgrond in volgens die verkope van vaste bates wat sy vrou in September 1800 met vendusiegeld ingekry het (1800g).

Het Herwig te veel vir die plaas betaal? In dieselfde jare wat Herwig Teubes se plaas gekoop het, het verskeie plase in die omgewing hande verwissel (Figuur 19 Bylaag A). Ongelukkig is daar nie sensusopgawes vir die laaste dekade van die agtiende eeu nie. Die 1815-sensusopname toon wel die aantal wingerdstokke aan, terwyl die 1823-opgawe die koopprys lys. Deur hierdie gegewens in 'n tabel saam te

---

18 Weens die erns van die aanklag sou Van Reenen die goedere moes lewer, in ag genome sy onderneming van 10 Oktober 1794. Sy skulderkenning van 1794 is weer in September 1797 opgehaal (NASA, KAB 1797b).

19 Kooppenningen is handgeld by die sluit van 'n koopkontrak (Kruyskamp 1961:1013).

vat, kan gesien word dat Herwig se koopprys markverwant was, maar aan die hoë kant. Behalwe Nova Constantia het al die plase strukture. Al die plase is ontwikkel. Die plaas wat die naaste prys aan Buffelskraal in 1799 behaal, is De Hoop op Constantia. Dit was toe 'n skrale drie morg kleiner, maar het 'n baie ou geskiedenis as 'n gedeelte van Simon van der Stel se Constantia, naamlik Klein Constantia. Dit is sedert die vroeë 1700's in produksie. Die Colyns het die wyntradisie van Constantia op die plaas gevestig (Dane 1981:48). Die waardasie van die plaas word in die 1823-opgaaf wel op f100,000 geraam, anders as die koopprys van f45,000 in Dane (1981:48; NASA, KAB 1823b). Desnieteenstaande wil dit tog blyk dat Herwig ietwat te veel vir die plaas betaal het. Dit is waarskynlik toe te skryf aan goeie oesjare en moontlik ook Teubes se besigheidvernuf. Wynproduksie het in 1798 'n piek van 6,790 en 5/16 lêer bereik. Dit was 'n styging van 33 % sedert 1795. Dit is meer as 'n duisend lêer wyn minder as in 1795 (Giliomee 1971:214). Dit impliseer dat daar 'n mark vir gewillige kopers van wynplase was. Teen 1801 het wynproduksie tot 3,430 lêer wyn afgeplat. Dit het waarskynlik tot Eksteen se lae aankoopprys van f35,400 bygedra (NASA, KAB 1802a).

Loos het waarskynlik nodig gehad om van die verandering wat in Herwig se tyd sou plaasvind, af te rond, of om die huis verder te verbeter. Maar die aansienlik laer prys wat Loos se vendusie oplewer, slegs f35,400 of Rds 10,727 waarvan Rds 2,144 onmiddellik deur die koper betaal is (NASA, KAB 1802a), suggereer dat iets op die plaas verander het wat die waardevermindering tot gevolg gehad het, of dat plase se pryse weens die ekonomie drasties gedaal het. Die hoeveelheid plase wat in die periode tussen 1799 en 1802 in die groter Steenbergvallei van hande verwissel het, suggereer ook dat wynboerdery nie altyd lonend was nie. Loos was reeds sieklik toe die testament vir die laaste keer gewysig is. Hy sterf op 7 Januarie 1803. Dit suggereer ook dat die boerdery waarskynlik te veel vir Loos was (1802a), hoewel hy ten volle in die boerdery belê het. Hy het nie kinders van sy eie gehad nie en sou nie 'n behoefte aan 'n woning met baie kamers gehad het nie. Anna Rotteveel, sy vrou, het reeds een van haar twee seuns, Johannes Cornelis, uit haar huwelik met Johannes Daneel, verloor. Die ander seun, Frederik Ferdinand, het in Loos se woning op die hoek van De Korte Mark- en Loopstraat gewoon (1802;1803). Die egpaar het alleen op die plaas gewoon (Rourke 1974:53-4). Plase se pryse het moontlik reeds afgeneem na die finansiële opbloeit van 1798.

#### **4.10 Eksteen-eienaarskap: era van uitbreiding te midde van finansiële druk**

Die veranderinge, veral ten opsigte van die imposante voorkant, kan dus met taamlike sekerheid aan Petrus Michiel Eksteen en Hester Cloete toegeskryf word. Die enigste verdere leidrade is boustyl en toerusting naas Eksteen se finansiële bestuur. Eksteen se bestuur van sy finansies is reeds in die tweede hoofstuk bespreek. Behalwe die veranderinge aan die woning is die jongenshuis, die stalkompleks en moontlik die nuwe of tweede wynkelder ook opgerig. Die slawekwartier is waarskynlik kort na die aankope van die plaas opgerig. Walton (1989:9-10) beskou die periode, 1795 tot 1825, as 'n bloeitydperk van



landelike Kaapse argitektuur.

Eksteen het tussen 1820 en 1825 geen bouwerk op die plaas onderneem nie. Sy bouerslaaf, Aron, sterf op 17 Desember 1820 en word eers in Januarie 1825 met Meij vervang. Meij was van Batavië afkomstig en ooglopend 'n opgeleide bouer. Tien jaar later was Meij steeds in sy diens. Hy is derde meeste gewaardeer naas al Eksteen se slawe en was waarskynlik in sy diens tot Desember 1836 (NASA, KAB 1834;1834b). Bouwerk aan die huis moes dus voor 1820 afgehandel gewees het en ander buitegeboue tussen 1825 en 1834 voltooi geraak het. Teen 1834 toe die waardasie van slawe gedoen is, is Meij as 'n “messelaar” en 'n “dekker” gelys. Daarna was hy vir nog twee jaar in Eksteen se diens. Dit plaas die opgradering aan die woning tussen 1813 en 1820 terwyl die nuwe wynkelder en stalkompleks waarskynlik rondom 1825 gebou is. Eksteen se vergrote wingerde het moontlik 'n groter parskuip vereis. Ander slawe kon as Aron of Meij se handlangers gewerk het. Die vendusierol van 1850 toon steenmaakvorms aan (Figuur 21 Bylaag A). Teen Oktober 1836 het agt van die nege kinders moontlik op Tokai gewoon. Anna (33), getroud met William Duckitt, het sedert ca 1826 op Klavervlei gewoon (Duckitt 2014;Figuur 2 Bylaag A).

Die uitbreiding van die strukture op die werf was waarskynlik nodig om tred te hou met die uitgebreide boerdery. Maar Eksteen het die plaas oorgekapitaliseer. Daar is reeds in Hoofstuk 2 aangetoon hoe hy die grond van 48 morg tot 335 morg uitgebrei het. Hoewel hy die wingerdstokke met verloop van tyd tot 150,000 uitgebrei het, is die plaas in 1823 steeds op sy koopprys van f 35,400 gewaardeer (NASA, KAB 1823b). Reeds teen 1830 was die uitbreiding van sy wingerd gedoem tot 'n mislukking (1831). Tokai se ontwikkeling is deur swak landbougrond beperk, maar Eksteen kon dit net agterkom nadat sy druiweoste nie die gewenste opbrengs gelever het nie. Sy werklike opbrengs van 1823 was maar 82 lêer van 'n verwagte 115 lêer (Figuur 8 Bylaag A). Toe die plaas se waardasie ten einde laaste in 1836 op £2,000 gewaardeer word, is die totale bedrag van die gesamentlike boedelrekening op £5,900/16/1 vasgestel. Die tekort op die balansstaat was toe reeds £771/12. Op 5 Januarie 1849, dertien jaar later, het die tekort tot £2,692/1/6 toegeneem (1842b). 'n Insolvente uitverkoop was reeds in 1842 onafwendbaar toe sy kinders hom probeer verbied het om verder geld te leen (1842b). Eksteen (senior) het moontlik probeer om die waarde van plaas in terme van strukture so af te rond dat dit die hoogste moontlike prys kon behaal indien dit verkoop moes word.

#### **4.10.1 Die woonhuis en sy omgewing as leefarea, ca 1802 tot 1820**

Die grootste verandering aan die woonhuis het waarskynlik in hierdie periode plaasgevind. Toe Petrus die plaas in 1802 koop, was hy en Hester Cloete byna twee jaar getroud. Die seël van hul toekoms word weerspieël in die klip met die gegraveerde letters, HC 1802, wat mettertyd op 'n baie bedagsame wyse sy staanplek reg voor die woning kry. Die agtergrond van die klip is 'n stukkie kultuurgeskiedenis wat inderdaad 'n spesiale plek voor die woning verdien. Die klip moes iewers 'n ereposisie gehad het – vandaar die feit dat dit behoue gebly het. Maar omdat die beamptes op die plaas maar net gewone Engelssprekende

amptenare was en geen kennis van die mense van die plek gedra het nie, het simbole en kosbaarhede van die voormalige Afrikaanssprekende eienaars nie hul aandag getrek nie. In 1921 word die klip in die plek van 'n landmetersmerker, Y, aan die bo-punt van Tokai-weg deur 'n amptenaar van Bosbou gevind. Met die ewigdurende spanning tussen Bosbou en die Gevangensdiensinstansies was dit nie vreemd dat landmetersmerkers verwyder is nie. Die HC-klip is in die plek van 'n oorspronklike merker geplaas: "It consisted of an ordinary stone with the inscription HC 1802 on it." Die klip is toe deur Bosbou verwyder en 'n ander klip in sy plek geplaas. Bosbou het onmiddellik die klip na die voorwerf van die woning geneem waar dit tot vandag toe nog gesien kan word. Omdat niemand 'n verband tussen die voorletter en Hester Cloete kon trek nie, is aanvaar die woning is in 1802 gebou (NASA, SAB 1921a). Alleen die bestaan van die klip vertel oor hoeveel verwagtinge die egpaar van hul plaas vir die toekoms gehad het. Die woning wat op die ca 1850-skets afgebeeld word (Tokai-park ca 1850), is 'n imposante woning wat met sy oop vensters huislikheid suggereer. Dit was 'n familiewoning.

Die ca 1850-skets (Tokai-park) toon aan dat daar aanmerklike aktiwiteite op die Tokai-werf sedert die 1800-sketse bygekom het. Die skets fokus op die voorste of oostelike fasade en die suidelike front van die woonhuis. Te oordeel aan die oop vensters van die woning wil dit voorkom of die huis vol inwoners was. Ander geboue is nie sigbaar nie, maar twee spieëlbeeldflanktuinmuurtjies aan weerskante van die woning suggereer dat die werfuitleg afgehandel is. Die trappe na die perseel waar die wynkelder op die 1885-foto staan (MA ca 1885), is ook sigbaar. Daar is nie 'n aanduiding van 'n keldergebou agter die woonhuis nie. Dit suggereer dat die nuwe kelder reeds in gebruik is. Die werf op die 1850-skets vertoon gevestig en daar is reuse-eikebome voor die woning sonder gestruktureerde aanplanting. Volgens die versekeringsertifikaat van Maart 1840 is die woning vir £825 gewaardeer (NASA, KAB 1842b). Ook van belang is die oneweredige plaveiklip wat voor die huis gelê is. Dit lyk soos tipies onewe blou bergklip wat as plaveisel gebruik is (Fairbridge 1922:43). Hierdie skets is van onskatbare waarde indien dit histories juis is. Dit sou dan aantoon dat die oostelike solderdak in kamers omskep is. Die dakgewel aan die suidoostekant is van 'n skuifvenster met twee luike voorsien. Ook die suidwestelike dakgewel het 'n kleinerige skuifvenster, maar sonder luike. Die suidelike ruimte onder die plat dak, wat waarskynlik oop was met die noordsuidligging, is hier toegebou en van 'n kleinerige skuifvenster voorsien. Die gewone venster onder die suidwestelike gewel, sowel as die venster in die Herwig-kombuis het beide Engelse swaai-vensters. Dit is ook diep ingebou en getuig van die Engelse invloed ca 1813 (Lewcock 1963:56-7). Dit verklaar die U-uitleg na oos en dat daardie gedeelte in 1800 herbou is.

Om die Eksteens se aanvanklike ervaring van die woonhuis te postuleer, kan help om na die Loos-inwoners en hul gaste se waarneming te kyk. Robert Brown en Peter Good eindig toevallig op by Tokai toe hulle in gietende reën verdwaal. Hulle oornag op die nagte van 24 en 27 Oktober 1801 daar, maar op die oggend van 28 Oktober sou Good en Brown uitvind dat van hul medepassasiers, Bell en Westall, ook die nag in 'n vertrek langsaan of aangrensend oornag het, nadat hulle heelwat later in die nag verdwaal en op

Tokai afgestap het (Rourke 1974:52, 53-4). Die kamers sou dan aan weerskante van die middelste vertrekke wat soos 'n breë gang vertoon het, geleë wees. Die kombuis was toe waarskynlik in die suid-westelike vleuel wat op die Barrow-skets aangebou word en die eetkamer was in die volgende vertrek, beide met Engels-ontwerpte swaaiwensters wat ingebou is. Daar was moontlik steeds 'n deur wat die eetkamer met die agterkamer (suid) verbind het. Dit het drie slaapkamers aan die oostekant moontlik gemaak.

Die woning van die Eksteens kan ook met drie inventarisse, wat in Eksteen se insolvente boedellêer opgeneem is, voorgestel word (NASA, KAB 1842b; Figuur 20-2 Bylaag A). Die eerste inventaris is op 30 Oktober 1836 deur William Duckitt, skoonseun van Petrus, opgestel en behoort 'n refleksie te wees op die woning knap na Hester se afsterwe (Figuur 20). Die waardasie word ook deur 'n raad van trustees en 'n regeringsamptenaar aangevul. Die tweede inventaris is op 3 Januarie 1849 deur Jan Willem Versfeld van Klasenbosch opgestel (Figuur 21). Die derde inventaris is die vendu- of vendusierol van wat deur wie gekoop is. Dit is op 22 November 1850 deur die afslaer, J.G. Steytler, opgestel (Figuur 22). Die 1836-inventaris lys nege vertrekke plus die solder. Hierdie gegewe word 'n belangrike leidraad vir die plasing van die verskillende vertrekke van die woning, ook met betrekking tot die buitekamer of jongenshuis waar die seuns of 'n getroude seun gewoon het. Teen 1836 was daar slegs drie beddens in die woning – wyle Hester s'n, Petrus s'n en die dogter, Elizabeth Eksteen, wat in 1837 nog in die huis gewoon het (NASA, KAB 1837).

Die uitleg volgens die inventarisse kan aan die huidige uitleg getoets word. Die woonhuis maak voorsiening vir drie vertrekke na agter aan weerskante van die middelse voorhuis, wat bykans 'n vertrek breed, maar twee vertrekke lank is, plus een vertrek elk in die twee vleuels aan die westekant, uitgesluit die 1900-aanbouing (NASA, KAB 1900b). Die middelste gedeelte was volgens Lister (1960:82) met 'n skerm<sup>20</sup> geskei. Dit was dus nie drie nie, maar twee vertrekke lank. Die 1836-inventaris vermeld twee vertrekke in daardie area, naamlik 'n “Hall” of ontvangskamer en 'n “parlour” of sitkamer waar daar ook 'n tafel was. Dit maak egter ook melding van 'n aparte eetkamer (Figuur 20). Opvallend is die taamlike groot ingeboude muurkas in die agterste gedeelte van die “Parlour”. Dit is aan die agterkant naby die agterdeur, maar skuins teenoor die deur wat na die kombuis toe lei. Volgens 'n tradisionele indeling van vertrekke sou daardie gedeelte die eetkamer wees (Trotter 1903:147), want die boere het nie in die kombuis geëet nie (Malan 2010:58). Dit was egter nie noodwendig die geval met die Eksteens nie – daar was 'n aparte eetkamer, want die eetkamer en sitkamer se inventarisse is verskillend. Die eetkamer is die laaste vertrek voor die aangeboude vleuel op die suidwestekant, dus Loos se eetkamer.

Loos se eetkamer het 'n soortgelyke muurkas as die een in die agtergedeelte van die voorkamer. Hierdie muurkas vertoon ouer en ietwat kleiner as eersgenoemde muurkas. Daar is ook 'n deur uit hierdie vertrek

---

20 Fransen (1981:46) en Boshoff en Nienaber (1966:515) noem die skerm 'n portfisie. Die Nederlandse woordeboek (Kruyskamp 1961:1561) verwys slegs na 'n skuifdeur of “porte-briséé” (Frans).

wat in die aangeboude vleuel van die Barrow-skets inloop (MA 1800; Tokai-besoek: 2015). Die slawe sou dus die kos vanuit die kombuis of deur die twee buitedeure wat op die agterste hofie uitgaan, aandra, of deur die end van die lang, middelste vertrek. Dit is daarom heeltemal moontlik dat die aangeboude vleuel as 'n kombuis ingerig is indien die verwydering van die skoorsteen op die kombuis van die Hamilton-afdruk in ag geneem word. Dit bring die eetkamer en die kombuis baie nader aan mekaar en weg van die leefarea, soos deur Herwig beplan en Loos bewoon en gebruik is. Daarna, ongetwyfeld in die Eksteen-periode, is die kombuisvleuel na die noordwestelike hoek verskuif sodat die woning 'n U-vorm na agter van die oostekant gegee is, vergelyk Trotter se skets van die agterkant van Bergvliet (1903:301). Dit het aan die woonhuis die huidige uitleg gegee, soos in die vorige paragraaf beskryf is. Die balke en plafonplanke suggereer ook 'n U-vorm vanuit 'n oostelike frontale posisie (Tokai-besoek 2015). Dit kan ook verklaar waarom die solder rondom die 1850-skets tog suggereer dat dit in slaapkamers omskep en benut is – daarvoor moes die vloer of plafon tussen die grondvloer en die solder opgegradeer gewees het. Die inventaris van 1836 maak bloot net melding van 'n paar los goedjies, soos kandelare, wat op die solder gestoor is.

'n Eetkamer weg van die lang voorkamer af sou aan die gesin groter privaatheid gee, maar dit sou ook 'n onthaalarea, wat heelwat gaste kon akkommodeer, gee. Die Eksteens se eetkamerstoele, eetserviese van porselein en messegoed, maak voorsiening vir 22 gaste (Figuur 20-2 Bylaag A). In hul gesin was hulle twee volwassenes, nege kinders waarvan twee in 1836 reeds getroud is (NASA, KAB 1836b) – daarvoor was die ou eetkamer van Loos groot genoeg. Met familie- of ander gaste sou dit waarskynlik te klein wees. Wanneer hulle dus onthaal, is die portfisie oopgemaak, die tafels met die skuifblad of insetsel verbind en op daardie manier kon 22 mense geakkommodeer word.

Die kombuisvleuel van 1883 wat in die Eksteen-periode gebruik is, het met sy oprigting 'n tradisioneel buitekantse skoorsteen of vuurherd, ca 1815, gekry. Georgina Lister (1960:83) beskryf dit in 1885 as “The fireplace with its enormous chimney stretched right across one wall with the hearth below on which were iron rails for holding saucepans and other utensils.” Omdat die Listers nie op die ou metode kon kook nie, is beide kante van die vuurherd toegebou en dit omskep in kombuiskaste. Ook is 'n Sweedse stoof geïnstalleer. Dit het die uitgebreide skoorsteen aan die buitekant oorbodig gemaak. Die oorspronklike Eksteen-vloer was met rooi teëltjies geplavei. In 1899 toe die badkamers aangebou is, is die buitekant van die skoorsteen ook afgebreek (NASA, KAB1900b). Die ou vuurherd met sy eksterne skoorsteen, anders as die gladde muur van die Teubes-kombuis, bevestig dat die noordwestelike vleuelaanbouing later bygekom het. Dit maak die Eksteen-kombuis die derde kombuis naas die Barrow-skets (MA 1800) waarop die skoorsteen ook verwyder en die kombuis elders geplaas is. Die Hamilton-kombuis is dan afgebreek toe die Herwig-kombuis voltooi is. Die 1885-kombuis is vandag steeds die kombuis, maar aansienlik gewysig. Die vertrek langs die kombuis was die spens. Georgina het die vertrek langs die kombuis as hulle gesinskamer (drawing-room) ingerig (1960:83). Dit beteken dat sy 'n ander ruimte vir

die spens gebruik het – moontlik die eetkamer met die kleiner muurkas, want die spens was direk aan Eksteen se kombuis. Die Eksteens se spens is tans 'n badkamer.

Die wyse waarvolgens William Duckitt deur die huis geloop en goedere opteken het (Figuur 20 Bylaag A), help ook met die plasing van vertrekke. Hy begin by die voordeur en beskryf daarna die kamers. Die “hall” of voorkamer is reg by die voordeur. Aan die linkerkant is die slaapkamer met wit gordyne, waarskynlik die kamer waar Hester oorlede is. Dan volg die tweede slaapkamer, 'n vertrek met 'n opvoubed. Die tweede slaapkamer word deur die hoofslaapkamer betree. Die middelste gedeelte bestaan dan uit die voorkamer gevolg deur die parlour of sitkamer. Die regterkantse kamer is Petrus Michiel s'n wat ook uit die voorkamer voer. Dan volg Petrus Michiel se kleedkamer, waar daar 'n stinkhoutkas met vollengte deure gestaan het. Die eetkamer se inventaris volg direk op Petrus se slaapkamer, dus die vertek met die kleiner en ouer muurkas in. Dan volg die spens wat weer oorkant die middelvertrek langs die kombuis is. Duckitt loop dus na elke vertrek deur die middelvertrek na die oorkantste vertrek. Duckitt het heen-en-weer deur die middelste area geloop en los goed gelys. Die vier vertrekke aan die noordekant is dan twee slaapkamers, die spens en laastens die kombuis. In die middel is twee leefareas. Aan die suidekant is daar vier vertrekke, te wete twee slaapkamers regs van die voordeur of die voorkamer, die eetkamer en 'n vertrek wat nie benoem is nie. Hoewel Duckitt dit 'n stoorkamer noem, word net allerlei daar gelys. Die vertrek is in der waarheid die ou kombuis wat Herwig laat aanbou het en daar was steeds 'n vuurherd, vergelyk Trotter se skets van die buitekant (TMNP 2006:29). Die inventaris is geneem knap nadat die slawe die plaas verlaat het, dus kort nadat die Eksteen (senior) sy slawe se kompensasiégeld ontvang het. Die vroueslawe het heel moontlik daar geslaap, want daar was 'n vuur, hulle was naby vir nagdiens en dit was weg van die mans af (Shell 1997:256-7). Hulle het ook moontlik daar gekook. Die solder het net 'n kandelaar opgelewer en is moontlik reeds leeggemaak. Vermoedelik het die seuns in hul kinderjare daar geslaap. Dit is opmerklik dat daar geen slaapplek vir enige van die seuns in die woning is nie. Ekstra beddens en ander kamermeubels ontbreek op al die lyste, maar die inhoud van die jongenshuis word nie gelys nie. Een van die twee of albei dogters, Elizabeth of Hester Anna, het moontlik hul moeder se kamer na haar afsterwe betrek. Sou die gebrek aan beddens op die inventaris suggereer dat die beddens die kinders en seuns se eiendom was?

Daar word nie melding van 'n wasbalie gemaak nie, maar wel 'n staander met 'n waskom in Eksteen (senior) se kamer (Figuur 20 Bylaag A). Die Herwig-kombuis kon moontlik ook as 'n wasarea in die latere jare vir die tweede Eksteen-egpaar gebruik gewees het. Dat die tweede Eksteen-eienaarskap dit as 'n prototipe badkamer, maar sonder lopende water, gebruik het, is 'n groter moontlikheid. Argitektoniese historici skenk nie aandag aan so 'n vertrek nie, omdat dit algemeen aanvaar is dat die plaasmense in die kombuis in 'n balie gewas het. Behalwe die verwysing na die kleedkamer van Somerset (Lewcock 1963: 84), het die dorpsbewoners in Kaapstad omtrent van die 1830's begin om baddens te installeer. Losstaande baddens moes vol en leeg gedra word. Waar daar waarskynlik voor 1825 houtbalies of kuipe vir bad-

dens gebruik is, word 'n “metal chamber bath heated with fuel” in 1825 geadverteer (Hattersley 1969: 147). Sinkbaddens sou weldra hul verskyning in plattelandse wonings maak. Toe die Listers hulle in 1890/91 in King William's Town hervestig, het Storr Lister die lang stoep se een kant toegebou en daarvan 'n badkamer met 'n emaljebad en 'n stort gemaak. Die bad was oorspronklik 'n ou militêre gietyster-watertrog vir perde wat met emalje oorgetrek is (Lister 1960:89). Storr Lister sou nie die badkamer gepakseer het as hulle nie 'n vorm van 'n bad in Tokai gehad het nie. Hulle was met 'n funksionele tipe badkamer van daardie tyd bekend.

Die Orpen-gesin het 'n badkamer in die Tokai-woning gehad, maar nie met lopende water nie. Twee redes bevestig die eetkamer en die badkamer in daardie posisie in Tokai: Orpen se beskrywing van die area as die badkamer asook die vloerbedekking daarvan. In die eerste plek verduidelik Orpen in 1898 dat die badwater vanaf die kombuis oor die mat in die eetkamer gedra moes word en dit was uiters ongeërflik vir sy gesin. Die enigste kraan was in die kombuis. Die pad wat die bediendes moes loop om die water in- en uit te dra, was ook nie goed vir die loop oor die eetkamermatte nie (NASA, KAB 1898c). Die badkamer was dus in die suidwestehoek. Die eetkamer was wel tussen die kombuis en badkamer – dus die ou eetkamer wat ook deur Petrus en Hester gebruik is. Die tweede rede is die vloer van die suidwestelike vleuel. Dit is vandag met groot parkietblokkies uitgevoer. Dit sou egter voorheen ook rooi kleisteentjies, nes die kombuis in die Eksteens se tyd en volgens Georgina se dokumentering (Lister 1960: 83) gewees het. Daar kan dan aanvaar word dat Orpen, soos Lister voor hom en die Eksteens voor die Listers, die Herwig-kombuis as 'n badkamer, maar sonder lopende water, gebruik het.

Orpen het waarskynlik ook 'n kantoor in sy woning gehad, want hy wou die telefoon soontoe verskuif, maar sonder sukses (NASA, KAB 1898a). Dit was moontlik Orpen se “ou” badkamer, die vertrek waar hy 'n buitendeur wou hê, dus Herwig se kombuis. Orpen se slaapkamer was regs voor (NASA, KAB 1900). Vanaf 1893 is die “groot kamer” van die Tokai-woning as klaskamer vir die seuns of kinders van die personeel van die Tokai-skool gebruik (SAHRA 1985). Dit is die totale middelarea. Dit het moontlik as klaskamer gefunksioneer totdat die skoolhuis in Julie 1902 geopen het (CGH 1903). Om dit te kon doen, was daar nie plek vir die eetkamer in die middelarea nie.

Die gemakshuisie, ook 'n buitelatrine, 'n privaat, priewie of sekreet (Boshoff, Nienaber 1966:242, 383), is van meet af deur die eienaars gebruik, want daar was 'n soortgelyke stelsel in Kaapstad waaraan Teubes, Herwig en Loos bekend was. Die gemakshuisie sou geplaas gewees het sodat die drinkwater en water vir natleiding nie besoedel word nie. Rioolwater was teen 1792 so 'n probleem in Tafelbaai dat geen huise gebou kon word nie sonder dat die rooymeester<sup>21</sup> die ligging van die huis ten opsigte van die naaste grag bepaal het (TANAPb 1792g). Gemakshuisies was reeds in die 18de eeu in Kaapstad in gebruik. So is die hospitaal in 1787 met addisionele latrines toegerus (1787). Later, gedurende die Engelse periode, is die

---

21 'n Rooymeester is 'n bouopsigter wat moes toesien dat die geboue in 'n reguit lyn of “richt lyn” opgerig moes word. Die opsigter moes ook die helling vir afloopwater aandui (Kruyskamp 1961:1709).

buitetoilette, “earth closets”, snags in Kaapstad gediens (Lewcock 1963:84). Die ligging van 'n gemakshuisie op 'n plaas was dus nie 'n willekeurige besluit nie. Die gemakshuisie sou dus 'n entjie verwyder van die woning, maar weg van die waterafloop na die Tokai-huis toe, geposisioneer gewees het. Hoewel die kaarte gefynkam is vir 'n gemakshuisiestruktuur, word dit bloot net nie aangedui nie, want die kaarte is in die Victoriaanse era opgetrek. Dit kan ook wees dat die skramse verwysing na 'n gemakshuisie agter die skoorsteen van die vuurherd deur Orpen (NASA, KAB 1898c) nie so 'n struktuur nodig gemaak het nie. Maar dit kon eers gebou word nadat die vuurherd in 1885 in onbruik geraak het en toe deur die Listers verwyder is (Lister 1960:82). Lister maak in sy jaarverslag van 1886 melding hoe die werf herorganiseer is (NASA, KAB 1887:5). Hy verwys na onder meer die akkommodasie van dwangarbeiders en hul opsieners, maar vermeld ook die oprigting van ander “noodsaaklike buitegeboue”. Dit klink baie na 'n diskrete of Victoriaanse verwysing na 'n buitetoilet direk aangrensend aan die woning. 'n Potloodskets van Trotter, ca 1898, word gedoen net voordat die badkamers aan die westekant aangebou word (TMNP 2006:29). Daarop beeld sy slegs die Herwig-kombuis se skoorsteen uit, maar nie die skoorsteen waar Lister se toilet was nie (Diagram 16 Bylaag B).

Omdat die Tokai-woning vir alle praktiese doeleinde 'n regeringsgebou was, sou dit soos ander regeringsgeboue toegerus gewees het – dus met lopende water en riolering<sup>22</sup>. Maar daar is nie rekening gehou met die skielike storting van groot hoeveelhede rioolwater op die landelike omgewing nie. Openbare Werke het in 1883 die kraan in die kombuis geïnstalleer, want hulle het met die leivoorstelsel weggedoen, soos blyk uit 'n vergelyking van die kaarte van 1883 en 1885 (NASA, KAB 1883n;1885b). Ook moes daar onmiddellik in 1883 in die ablusiebehoefte van die gevangenes voorsien word. Die opgradering in 1895 van die gevangenis in die slawekwartier maak per se melding van ablusie (1895b). Die oorgang van 'n plaasrioolstelsel van waarskynlik 'n buite gemakshuisie met 'n dreineringsput of “French drain” na ablusiegeriewe wat ook met 'n dreineringsput gereguleer is, het 'n las op die grondwater en dreineringsput van die huis na die rivier toe geplaas. Die gesentreerde dreineringsput van riool vir meer as 50 mense rondom die Tokai-werf het nie die infrastruktuur van 'n stedelike omgewing gehad nie. Omdat dit 'n landelike terrein was met die naaste plase stroomaf van die palmietvlei, is dit nie gedoen nie en het spoedig enorme besoedelingsprobleme tot gevolg gehad (1897a;1898e;1899;1899a;1899f;1901c).

Om die werf te reconstrueer, is die plasing van alle strukture, ook die gemakshuisie, nodig. By 'n nadere bestudering van die waterafloop en die uitgraving van die kanaal is dit wel moontlik om 'n raaiskoot te waag. Die eerste leidraad is uitbouings aan geboue op kaarte. Die skets van die woning op die 1883-kaart dui egter nie 'n uitbouing aan die agterkant van die kombuis aan nie – wel aan die mees suidelike

---

22 Gietysterwaterpype is in 1812 uit Brittanje ingevoer en in 1814 in Tafelbaai in gebruik geneem. Spoeltoilette in regeringsgeboue en private wonings kom sedert 1816 voor. Die Goewermentshuis het in 1828 'n spoeltoilet gekry toe 'n punt van die gang daarvoor toegebou is (Lewcock 1963:84-5). Bekostigbaarheid vir gewone mense word egter bevraagteken.

punt van die wynkelder (NASA, KAB 1883n). Dit is egter onseker dat dit 'n toilet was, want die wynkeldergebou het kort na 1883 die kantoor van Bosbou geraak. Daar word wel uitbouings op die 1893-kaart van Hutchins ten opsigte van die jongenshuis, die slawekwartier en steeds die suidwestehoek van die wynkelder aangedui (1893b). In die geval van die jongenshuis en die slawekwartier, wat sedert 1883 in akkommodasie vir onderskeidelik konstabels en dwangarbeiders omskep is, word die uitbouing reg in die middel agter aangedui. Selle is mettertyd ook van 'n toiletstoel voorsien (Persoonlike waarneming, Augustus, November 2011). Ook aan die agterkant van die stalkompleks is 'n toilet, wat vandag steeds daar staan, opgerig. Dit is in alle gevalle ablusie wat deur die Openbare Werke departement opgerig is. Nadat die Listers in 1885 die vuurherd uit die kombuis verwyder het, is 'n toilet in 1886 agter in die skoorsteen van die vuurherd deur die Openbare Werke ingebou (Lister 1960:82; NASA, KAB 1887:5). Die plaasmanse se gemakshuisie met sy eie put was waarskynlik op die noordwestelike hoek van die wynkelder, min of meer waar die Openbare Werke later 'n buitetoilet opgerig het (Diagram 17 Bylaag B). Dit was toeganklik en daar word drie deurgange in die lae muurtjie wat rondom die kelder loop, langs die huis op 'n foto van 1901 aangedui (MA 1901d). Hierdie ligging vir 'n gemakshuisie sou verseker dat ondergrondse dreineringsweg van die woning en skoon water sou wees. Daar is wel een leivoor wat 'n hele ent laer af onder verby die stalle gegaan het sodat dit voor die woning met die noordelike leivoor verenig.

Te oordeel aan die reste van die leivore wat nog hier en daar aan die noordekant van die woning sigbaar is, is die leivore rondom die woning met klip uitgelê. Om waterafvloei van die huis af te hou, is enkele leivore waarskynlik na 1883/84, toe die inlaat uit die strome afgesny is, instand gehou. Geen verdere water word uit die rivier onttrek vir enige waterleiding nie. Die tuinery en wingerde se water het voor 1883 uit die Vlagstokrivier en Pondokvallei gekom (NASA, KAB 1883n).

Die woning se huishoudelike water het waarskynlik uit 'n put gekom. Net buite die ou kombuis is oorblyfsels van 'n put wat toegemessel is (Diagram 18 Bylaag B). Daar sou dus nie 'n gemakshuisie aan die noordekant van die woning gewees het nie. Die huis het moontlik lopende water in die kombuis gekry toe al die leivore verwyder is. Die put kon ook nie saam met die buitetoilet gebruik word nie – die afstand is 'n meter of twee van mekaar verwyder. Dit is waarskynlik toegegooi toe die kraan na die kombuis aangelê en nadat 'n toilet in die skoorsteen ingebou is. Die netwerk van leivore op die 1883-kaart was duidelik bedoel vir die tuinery, maar het ook deur die visdammetjies gevloei om dit skoon en vars te hou. Die huis se watervoor het uit die Vlagstokrivier gekom, verby die woning en die jongenshuis na die visdam onderkant die jongenshuis. Daardie perseel – ou visdam - is heelwat later met selle bebou. Die leivoor het weer uit die visdam gevloei. 'n Tweede leivoor loop langs die Vlagstokrivier om die klipbuitegebou om reg voor die woning, onderkant die wapad, met die leivoor van die stalkompleks se kant af te herenig. 'n Uitlaat aan die onderpunt van vermoedelik 'n tweede visdam het aan weerskante die twee tuine natgelei. Die leivoor wat wel uit die Prinskasteelrivier kom, het sy uitloop stroom-op van die werf uitleg. Die vee se suipplekke onderkant die stalle, maar bokant die drif, sou dus nie die tuinwater affek-



teer nie. Die drif was net onderkant die werf van die huis op pad na Swaanswyk. Die drif was aan mis van diere en gries van waens blootgestel. Die rivier se ligging en betekenis as waterbron is dus versigtig oorweeg.

#### 4.10.2 Tokai-woning: aanbouing en probleme sedert 1802

Instandhouding van die woning en al die ander geboue was 'n vanselfsprekende taak van enige plaaseie-naar. Op Tokai is daar altyd voorsiening gemaak vir 'n arbeider wat kan messel, afwit en gras dek. Dit kon nie skade afweer nie, maar dit het die strukture in stand gehou. Dit blyk wel dat die Openbare Werkedepartement se ingenieurs nie altyd opgewasse was om strukture wat in die Volksboukundige styl gebou is, te herstel nie. Dit kan onder meer gesien word aan die struktuurverslag van die stalkompleks in 1892 (NASA, KAB 1892b), breek- en bouwerk aan die ou slawekwartiere (1895b) en 'n struktuurverslag van die woning (1900). Dit het 'n bepalende invloed gehad op die toestand van die geboue en hoe dit verander is om die elemente te weerstaan en funksioneel te bly. Kyk ook Diagram 12-4, 25-6 Bylaag B.

Die Tokai-stoep is ongetwyfeld na 1802 deur die Eksteens aangebou. Die hoogtepunt van die aanbouing, wat moontlik in fases gebeur het, was die oprigting van die gewel. Tokai se gewel<sup>23</sup> is uniek. Die Tokai-gewel is volgens kunskenners in die Neo-Klassistiese styl<sup>24</sup>, wat Franssen (1981:71) aan Thibault toeskryf. Thibault het Neo-klassisisme aan die Kaap aangetref, maar tot 'n hoogtepunt gevoer. Thibault sterf in 1815, nadat hy in 1813 ernstig siek was. Hy het sedert 1808 baie gereis (Roy de Puyfontaine 1972:87,93; Lewcock 1964: 444). Thibault se invloed op die boubedryf en as medeinstrukteur van die Tegnieuse Instituut kon 'n invloed gehad het, maar dit word betwyfel of hy die ontwerper van die Tokai-gewel is. Die afwesigheid van rondings aan die gewel maak dit myns insiens nie 'n Thibault-gewel nie. Dit dek die middelste gedeelte van die totale breedte van die dak, terwyl die fronton dieselfde verhouding tot die reghoekgewel herhaal. Die skoonheid van die gewel lê in die balans en die herhaling van vlakke, hetsy inge-keep of aangepleister, en die skoon lyne sonder enige rondings. Die skoon reguit lyne sonder rondings is

23 Tokai se gewel word aan twee pilasters, wat 'n verlenging van deurpilare suggereer, gekenmerk. Die fronton of driehoek rus op die boonste kroonluis van die reghoekgewel bokant die deur. Die gewel is breed en reghoekig met 'n klein fronton reg in die middelste derde van die boonste kroonluis. Binne die reghoek is twee vlak nisse aan weerskante van die gewelvenster met behulp van pleisterwerk geskep. Die pleisterwerk self suggereer klipwerk wat deurlopend is, maar deur die nisse, pilasters en die venster onderbreek word. Die pilasters staan dieselfde diepte van die ingesinkte nisse uit en strek oor die lengte van die reghoekgewel. Dit is tussen die nisse en die gewelvenster geposisioneer. Aan elkeen se bopunt is 'n sierelement wat die suggestie skep dat die fronton op die boonste kroonluis en die boonste kroonluis eintlik op die twee pilasters rus. Die fronton skep 'n dieper nis as die twee nisse aan weerskante van die venster, maar dit is sonder die reliëfwerk wat in sommige soortgelyke frontons aangetref word (Franssen 1981:65-6;76).

24 Die Neo-klassisisme word gekenmerk aan 'n terughunkering na die klassieke lyne van die Klassieke Oudheid (Grieks en Romeins). Dit is in kontras met die besige Barokstyl en sy opvolger, Rokoko waar 'n uiters dekoratiewe ontwerpstyl gebruik word (Franssen 1981:227-8).

moontlik gekies om by die eenvoudige lyne van die oorspronklike woning aan te pas, en is nie noodwendig bedoel om verteenwoordigend van 'n spesifieke kunsperiode of kunstenaar te wees nie. Terselfdertyd word beklemtoon dat die ontwerp ongetwyfeld deur 'n kunstenaar gedoen is, want die skoon lyne vorm 'n harmonie met die omgewing. Die ligte klei, wat tans in 'n stukkende plek aan die suidekant van die gewel sigbaar is (Diagram 19 Bylaag B), suggereer ook dat die gewel na 1800 opgerig is (Fagan 1994:xix), hoewel die skets van ca 1850 (Tokai ca 1850) aandui dat die gewel herstelwerk benodig het. Die gewel se plasing moes met versterkings van die voorste muur en fondasies gepaard gegaan het. Die hoë stoep se opvulling het moontlik gehelp om die probleem te oorkom. Die pilare is waarskynlik as 'n deel van die oplossing gesien. Vogdreineringsprobleme het sedert die aanbouing van die badkamers vererger. Die badkamers se aanbouing aan die westelike vleuels is gedoen sonder om die fondasies aanpasbaar by die bestaande fondasies te maak (Bierman 1960). Die uiteinde was reekse van probleme met die voorstoep en symure aan die voorkant. Foto's van die voorkant, ca 1895 (Diagram 26 Bylaag B) en 1977 (Diagram 21 Bylaag B), waar die suidelike latwerk sonder plantegroei vertoon, is almal getuigenis van noodsaaklike reparasies wat op onoordeelkundige aanbouings gevolg het (NASA, KAB 1895d;1913;MA 1901d; 1901e;SAHRA 1977).

'n Volwaardige badkamer met spoeltoilette is deur Orpen laat aanbou. Die buiteskoorsteen van Eksteen se kombuis was blykbaar reeds omskep in 'n “onsindelike en onaansienlike” WC of toilet en Orpen wou daarmee wegdoen. Orpen versoek dan 'n badkamer met twee baddens langs die kombuis, 'n toilet en 'n buitedeur na suid, sodat toegang na sy kantoor deur die huis vermy kon word. Die ander vleuel moes in dieselfde diepte uitgebou word, maar dit moes in 'n slaapkamer met 'n buitedeur na die suidekant omskep word (NASA, KAB 1898c;Diagram 25 Bylaag B). Orpen het die badkamer aan die kombuisvleuel aangebou en teenoorstaande nog 'n slaapkamer aangebou. Die badkamer van die Eksteen- en Lister-huis moes na 'n slaapkamer met 'n buitedeur verander word, maar die buitedeur is nie deur die ou muur deurbreek nie (1900). Volgens 'n foto in besit van Tokai-park is die area tussen die twee vleuels in die vroeë 20 ste eeu ook toegebou en van 'n plat dak voorsien (Tokai ca 1925), maar later weer afgebreek.

Die restourasie van 1910 waarvan Stoloff in 1948 melding maak, kon nog nie in primêre dokumente opgespoor word nie. 'n Assessering van die toestand van die woning, Maart 1900, werp egter lig op die probleme in Stoloff se weergawe (NASA, KAB 1900). Die Superintendent se kamer het reeds insakking in 1900 getoon. Die gegalvaniseerde yster bokant die Superintendent se kamer moes gedeeltelik vervang en weer vasgeheg word. Ook is 'n nuwe dwars- en afwaartse geut geheg. Algemene reparasies aan die vloer is voorgestel. Ten einde die insakking van Orpen se kamer te stuit, is pilare tydelik in die kelder onder sy kamer ingesit (1900). Ook word die enkele verbeteringe, wat in Julie 1900 afgehandel is toe die badkamers aangebou is, gekritiseer. Tydens hierdie restourasie moes die buitekantste skoorsteen aan die kombuis verwyder word, sodat die badkamer daar aangebou kon word. Krake in die woning is ook deur Laird opgevol (1900b). Die bouaannemer van die badkamer, Andrew Laird, was dus ongeveer dieselfde

tyd as die klerk van werke, William F. Strong, in die woonhuis. Laird het wel herstelwerk aan die pleisterwerk en krake gedoen. Strong, wat die gebou geïnspekteer het, bestempel die gebou as baie oud. Die mure was vol krake wat lankal reeds hul verskyning gemaak het. Hoewel die krake deur die personeel van Openbare Werke opgevolg is, is dit baie swak gedoen. Die grasdak het herstelwerk by die noordwestelike gewel se skoorsteenbundel, waarskynlik waar die ou buitesskoursteen afgebreek is, benodig. Enkele deure is herstel of net gevef. Twee vertrekke se muurpapier moes vervang word nadat die mure herstel is. Al die mure van die dienskamer van die nagsuster is met plakpapier uitgevoer (1900).

### **4.10.3 Tokai-woning: unieke kenmerke deur die vermenging van boustylneigings**

Fransen (1981:22,26) sien veranderinge aan Kaaps-Hollandse wonings se fasade in ooreenstemming met die ongeskrewe reëls van die Volksboukunde. Aanbouings kon die vorm verander, maar dit was 'n vaste reël dat die fasade vry van enige aanbouing gehou word. Die fasade is simmetries gehou met die voordeur sentraal tot die aantal en verskillende groottes van vensters en luuke in balans en ewewig. Huise teen 'n berg kyk oorwegend bergaf en daarom is die platvorm voor hoër as agter, soms tot twee meter. Die stoep word begrens met muurtjies op die sykante waarin daar bankies ingemessel is. 'n Stel trappe reg voor die voordeur en in harmonie met die sterk simmetrie, verbind die grond met die stoep. Die huis van Teubes (MA 1800;1800a) se fasade was in ooreenstemming met Groot Constantia, maar teen Fransen se siening. Om die huis se fasade ooswaarts te maak, moes daar dus rekening gehou word met die hoogteverskil van die platvorm.

Die verskil van die Tokai-woning met ander huise lê in die gesamentlike plasing van die trap of trappe en die pilare wat 'n preeel ondersteun. Foto's en illustrasies van Kaaps-Hollandse wonings uit dieselfde periode toon almal een enkele trap reg voor in die middel (Kyk Diagram 14, 26-29b Bylaag B). Die idee dat die oostelike fasade van die Tokai-woning aanvanklik met 'n oop stoep gebou is, is nie so vergesog nie. Die huis is gebou sonder die voorste stoepmuurtjie en daar was 'n trap, soortgelyk aan al Thibault se ontwerpe, reg voor in die middel van die stoep. Die gronding vir hierdie argument word in twee rampe gevind: die ineenstorting van die muur onder die regterkantse gewel in 1910 (Stoloff 1948), en die ineenstorting van die stoepmuur en pilare in 1977, spesifiek die foto wat van die stoep in *Die Burger* van 15 Julie 1977 gepubliseer is (SAHRA 1977, Diagram 21 Bylaag B). Drie van die vyf pilare het ineengestort en meer as die helfte van die voorste stoepmuurtjie verkrummel. Die ramp is aan swaar reën gedurende die voorafgaande week toegeskryf. Die foto stel die leser in staat om die stoep sonder die pilare en die stoepmuurtjie te visualiseer. Dit bevestig ook die oogbedrog wat die stoepmuur veroorsaak: die stoep vertoon veel hoër as wat werklik die geval is. Die stoep is in werklikheid laer en kon straks 'n trap aan die voorkant gehad het. Tokai se aanvanklike oop stoep sou dan met die oorgrote meerderheid van Kaaps-Hollandse huise gekombineer met die Neo-klassisistiese styl, ooreenstem. Dit sou ook die goedkoopste wyse gewees het om die huis se ingang ooswaarts te swaai.

Daar is reeds op die bouetniek van fondasies gewys wat deur die insident van 1910 blootgelê is toe die muur onder die regterkantse gewel ineengestort het (Stoloff 1948). Die verskuiwing was waarskynlik die gevolg van die aanbouing van die badkamer en 'n slaapkamer. Ook is daar verander aan die terras aan die agterkant waar die eerste wynkelder was. Die Eksteens het daar 'n hok gehad (NASA, KAB 1883n). Dit is heel moontlik tussen 1883 en 1885 afgebreek, die grond en bourommel gekompakteer en die terrasse gevorm (1883n;1885b; Lister 1960:82;Bierman 1960). Tydens aanbouing van die badkamers en ook die latere sonstoep in die 1950's is nagelaat om die fondamente op dieselfde vlak as die hoofhuis te bou. Ook is die terras bokant die agterkant van die huis opgevol en met 'n muurtjie geskei van die vlak waarop die hoofhuis gebou is. Dit het veroorsaak dat water teruggehou word en begin syfer het. Voor die opvulling sou die water verby die huis gespoel het (Bierman 1960). Die 1910-insident is nie 'n geïsoleerde voorval nie, maar hou verband met die 1977-ineenstorting van die pilare en die stoep. Bierman (1960) reken die baie skuins helling wat ook geleidelike insakking veroorsaak, dra by tot die sypelingsprobleem, maar voeg by dat die swak konstruksie van die kaggel en sy skoorsteen (ca 20 ste eeu) sowel as die preeel op die voorstoep nie uit die oog verloor moet word nie: "... it does not appear to conform to the intention of the original design." Die houtstruktuur wat in die pilare ingemessel is, is in 1959 as 'n potensiële, maar ook 'n werklike swakheid beskou. Die oorspronklike argitekspan van die 1790's sou uiteraard geen voorsiening vir aanbouings gemaak het nie, veral gegee die skuinste van die helling. 'n Ingenieur of bouer wat sy sout werd was, sou wel met die skuins helling ten opsigte van die beplanning van die stoep rekening gehou het. Indien die stoep van 'n soliede en sentrale trapontwerp voorsien is, sou dit moontlik as ondersteuning of 'n keerweer kon dien, maar met genoeg oop ruimte verby die sentrale trap vir syferwater om te ontsnap. Die stoep was waarskynlik ook met klein klippies opgevol en op een of ander wyse gekompakteer. Die toevoeging van die pilare was moontlik ook deur 'n modegier aangevuur<sup>25</sup>. Maar pilare het 'n digter kompaktering genoodsaak. Ook moes die pilare op die bestaande stoep ingebou word. Daarvoor is 'n soliede stoepmuurtjie opgerig, wat beteken die sentrale trap was in die pad. Die probleem is oorkom deur die trappe sywaarts op te rig. Op daardie wyse het Tokai met sy formele gewel gestand gedoen aan die Neo-klassisisme. Sitbankies is toe in die muurtjie tussen die pilare ingebou, maar dit kyk teen die mure was. Die takelwerk is met 'n enkele druiweplant aan die noordekant van die stoep toegerus.

Die 1850-skets (Tokai-park ca 1850) toon een preeelstok tussen die twee vensters aan die noordekant van die stoep. Geen stokke kom aan die suidekant van die stoep voor nie. Steer se foto (NASA, KAB 1922) vertoon dieselfde stok, maar ook 'n tweede stok aan die noordekant terwyl daar 'n stok aan die suidekant op die Bevington-afdruk van 1950 (MA:1950) en die 1977-foto wat die ineenstorting vertoon (SAHRA 1977). Daar is 'n eenvoudige verklaring vir net een stok aan die noordekant van die stoep, en dit is sonksyn. 'n Stok aan die suidekant van die stoep sou minder sonlig kry, veral met die groot eikeboom wat

---

25 Papeboom, 'n Thibault-ontwerp van ca 1785, word as een van die toonaangewendste geboue gesien (Lewcock 1963:29-30). Dit het vier pilare waarop die voorste dak rus met twee blokkige sydelingse trappe (Fransen 1981: 71). Ook die Koninklike Sterrewag is in 1821 met statige pilare opgerig (Lewcock 1963:251-3).

reg voor die suidelike trap gestaan het. Twee foto's uit onderskeidelik 1895 en 1896 toon aan dat die prieel aan die suidekant oop was. Dit was kaal met kromgetrekte hout (NASA, KAB 1895d;1896f). Die stokke wat dus aan weerskante van die voordeur geplant is, is deur iemand gedoen wat nie kennis van wingerdbou gehad het nie.

Priële op voorstoepe was nie 'n algemene kenmerk van die vroeë Kaaps-Hollandse boustyl nie (Malan 2010:46,47). Trouens, wynboere het in die eerste helfte van die negentiende eeu nie eens druiwe in hul wingerde opgelei nie. Toe daar in 1812 voorgestel is dat wynboere hul druiwe moes oplei, was al die boere daarteen gekant weens verskeie praktiese redes, maar veral omdat die stelliasies nie die suidoostewind sou weerstaan nie (Van Zyl 1973:117). Die suidoostewind sou dieselfde vernietigende skade aan priële op stoepe kon aanrig, tensy die prieel teen die suidoostewind beskut was. Tokai se stoep is juis aan die suidoostewind blootgestel. Bekende landmerkhuse in die groter Steenbergvallei, soos die wonings van Groot Constantia, Bergvliet, De Hoop op Constantia, Klein Constantia, Buitenverwachting of Swaanswyk (Steenberg), het nie een 'n druiwepriël aan die voorkant gehad nie (Dane 1981:39,60,56,131, 113, 21).

Tokai se verandering van 'n noorde- na 'n oosteansig met een frontale trap het waarskynlik kort na 1813, toe voorkeurtariewe ingestel is (Freund 1982:236), gebeur. Die verwagte voorkeurtariewe volg op Eksteen se gunstige bankwissel in 1812 van *f* 2,100 (NASA, KAB 1842b), wat geldelike voorspoed ingehou het. Die verskuiwing van die kombuis na die noordwestelike hoek kon saam met die oprigting van die slawekwartier gebeur het. Dit was nader aan die woning, die tydsein en ander werfaktiwiteite, wat ook die kelder betrek. Die pilare, stoepmuurtjie en die sytrappe is moontlik rondom 1820 aangebou, toe Eksteen groot verwagting van sy uitgebreide wingerde gehad het (NASA, KAB 1823b), of na 1825, toe hy die bouerslaaf, Meij, aangekoop het (1834). Om veranderinge aan die plaas aan spesifieke lenings te koppel, is blote bespiegeling. Eksteen se eerste groot lening was *f*15,000 in 1817 by die Bank van Lening. Hiervoor het Lord Charles Somerset 'n skuldbrief opgemaak (NASA, KAB 1842b). Dit is dieselfde jaar wat Petrus die bouer, Aron, bekom (1834). Eksteen behaal treurige oeste in die volgende paar jaar. Dit was onderskeidelik 5 $\frac{5}{8}$  en een-sestiende lêer vir 1818 (1816b); 6 lêer vir 1819 (1816b); 5  $\frac{1}{4}$  lêer vir 1820 (1819b;1819c) en 3 lêer vir 1821(1819b). Dit laat 1817 en 1818 as die tyd waarop die woning verander is, want die leningsbedrag saam met 'n taamlieke oes in 1817 van 32 en 7/8 lêer het Eksteen (senior) van kapitaal voorsien (1814c;1816b). Anreith, medeinstrukteur van die Tegnieuse Instituut, sterf in 1822 (Lewcock 1963:443). Vermoedelik was Anreith, of sy studente, vir die ontwerp van die gewel, pilare en trappe verantwoordelik. Hoewel Anreith op reliëfwerk en nie soseer argitektuur nie gefokus het, is hy waarskynlik oorlede voordat die gewel voltooi is. Volgens die 1850-skets wil dit lyk of die boonste fronton met reliëfwerk opgevolg moes gewees het. Die pleisterwerk van die fronton en die noordelike paneel is af (Tokai-park ca 1850). Reliëfwerk in die fronton sou met Groot Constantia se gewel ooreenstemming toon. Die breë trapbegrensing aan beide kante van elke trap is uniek. Daar kon geen ander voorbeeld

gevind word nie. Was dit moontlik die skoon en bykans perfekte voorkoms van die sytrappe wat aanleiding sou gee tot 'n naywerige verhaal oor die ongelukkige jongman en sy rydier wat op die trappe gesterf het?

Ten tyde van die laaste Eksteen-eienaarskap kon Japie Eksteen moontlik in die jongenshuis gewoon het, maar hy sou sy etenstye en sosiale tye saam met Bastiaan en Johanna Isabella Christina Dreyer, Bastiaan se vrou, deurgebring het (NASA, KAB 1905a). Die koopooreenkoms suggereer dat albei broers op Tokai gewoon het (1883b). Japie was nooit getroud nie en was minder as twee jaar jonger as Bastiaan (1893c; Heese, Lombard 1989). Tydens die regering se onderhandelinge met die Eksteens en nadat die plaas verkoop is, het die amptenare met Isabella geskakel, ongeag die feit dat Bastiaan en Japie gelyke vennote was (NASA, KAB 1883b;1883f). Die gelyke vennootskap word ook bevestig uit die gelyke verdeling van die verkoopsom vir die grond tussen Isabella en Japie Eksteen. Isabella het egter goeie verhoudinge met die Eksteens gehandhaaf. Die oorlewende kinders van haar man se broers en susters word in haar testament benoem (1884e;1905a). Isabella het die tuin verfraai met 'n roostuin, twee visdammetjies gebou en 'n groentetuin vir die huis bedryf (1883c;h). Ook Jacob het sy eie groentetuin in die ondertuine naas die ander groenteverbouing gehad (1883b; NLSA 1883;1883a). Die tenderooreenkoms van 1883 lê besondere sterk klem op die goeie toestand waarin die plaas en die huis verkeer en dat dit gehandhaaf moes word (NASA, KAB 1883c).

#### **4.10.4 Buitegeboue: Jongenshuis, slawekwartier, wynkelder en stalkompleks**

##### **4.10.4.1 Jongenshuis**

Die gebou wat Eksteen in 1840 saam met die woning en die stalkompleks verseker, word die jongenshuis op die versekeringsertifikaat genoem (NASA, KAB 1842b). Dit raak die semantiese kwessie aan oor die verskil tussen slawe, diensknegte en seuns wat ook jongens genoem word, want wie was die jongens na wie die jongenshuis op Tokai verwys? Volgens 'n beskrywing van die gebou en die latere inventaris was dit heel moontlik Eksteen se seuns.

Teen 1840 was daar nie meer slawe op Tokai nie. Ook word die jongenshuis, soos die woonhuis en die waenhuisompleks, bestaande uit die waenhuis, stal en twee kamers, beskryf as “...allen geboude van kalk en steen onder Rieten daken van elkander eien afgezonderd staande ...” (NASA, KAB 1842b; Diagram 23-4;30 Bylaag B) Dit is hoogs onwaarskynlik dat hier na die klipgebou verwys word. Dit is die enigste gebou uitsluitlik met klip gebou. Die stalkompleks, sowel as die jongenshuis noord van die woning, is met 'n mengsel van gebakte en ongebakte stene, laasgenoemde vir die binnemure, gebou. Die struktuur noord van die woning (MA ca 1885) en die stalkompleks (NASA, KAB 1892b) het strooidakke gehad. Ook is slawekwartiere op plase waarskynlik sonder riet- of strooidakke gebou weens vrees vir brand. Dit het na alle waarskynlikheid plat dakke gehad (Shell 1997:250-1). Die jongenshuis is baie

naby die woning geleë, sodat die inwoners kon deel hê aan die huislike aktiwiteite. Eksteen (senior) het die jongenshuis waarskynlik vir sy seuns of 'n seun gebou. In 1837 het Eksteen geen slawe meer op die plaas gehad nie – slegs een Khoina. Al sewe seuns het waarskynlik op die plaas gewoon. Die getroude seun, H.O., word ook op die 1837-sensus gelys (NASA, KAB 1837), maar kon in 1840 reeds elders gewoon het. Tog word hulle slaapkamers nie deur die 1836-inventaris gelys nie (Figuur 20 Bylaag A). Die stalkompleks het 'n gerieflike kamer met 'n vuurherd gehad (1892b) en die jongenshuis vertoon 'n dakgewel in die middel, wat meer as een vertrek suggereer (MA ca 1885). Ook op Groot Constantia is 'n jonkershuis wat op verskillende tye deur Cloete-nasate bewoon is (Leibman 2012:92-3). Die term jonkershuis is onvanpas en moontlik 'n mistasting. Dit word glad nie deur Eksteen (senior) gebruik nie. Shell (1997:247) reken 'n jonkershuis was die huis van die oudste seun. In Oudnederlands verwys jonker na die adellike titel van die oudste seun van 'n edelman, terwyl 'n jonkheer 'n aanspreekvorm vir enige manlike persoon sonder 'n titel is (Kruyskamp 1961:895). Eksteen (senior) sou die term jonkershuis na die voorbeeld van Groot Constantia geken het en dit gebruik het indien slegs die oudste seun daar gewoon het. Sy benoeming van die gebou verwys dus eerder na huisvesting vir sy eie seuns. Teen 1840 was daar nie meer slawe of georganiseerde kinderarbeiders op plase toegelaat nie.

Die jongenshuis se plasing was aan die noordekant van die woning. Dit is presies teenoorstaande met die keldergebou aan die suidekant van die woning. Albei het oos gefront (MA 1901). Volgens die 1883-kaart (NASA, KAB 1883n) was die geboue se voorkant in lyn met die agterste muur van die ou woonhuis, dit wil sê voordat die badkamers aangebou is. Die jongenshuis was 'n enkelverdiepinggebou van baksteen en klip met 'n strooidak (1842b;1907a). Volgens die versekeringwaardasie van 1907 is die jongenshuis in 'n buitekombuis vir die jeuggevangenes in die Orpen-kompleks omskep. Dit is onseker wanneer hierdie gebou afgebreek is. Dit kom nie meer voor op die 1963-kaart nie (DRDLR 1963), maar wel op die 1942-kaart (1942). Ook is die posisie van die jongenshuis in lyn met die agterkant van die oorspronklike woonhuis, terwyl die motorhuis se posisie verby die agterste hoek van die verlengde woonhuis is. Die motorhuis word wel op die 1963-kaart aangedui. Dit is deur TMNP in 'n kantoor omskep. Die gegewens omtrent die motorhuis, sy posisie en die skatting van die jongenshuis is nie korrek in die Baseline Report van 2011 nie – daarvolgens is dit in die dertigjare op die plek van die ou gebou, ca 1795, gebou (TMNP 2011a:25).

Die jongenshuis vir die seuns is waarskynlik deur die slaaf Meij tussen 1825 en 1836 gebou. Daar is reeds op die waarde van Meij in 1834 as Eksteen se derde duurste slaaf gewys (NASA, KAB 1834a). Hy is as 'n messelaar en dekker getakseer, maar die ou vertaling van “mason” is ook 'n klipmesselaar (Bosman e.a. 1981:1406). Dit beteken hy sou met klip kon bou – 'n vaardigheid wat nie vir alle bouers beskoore was nie. Ook was hy op die kroon van sy loopbaan, 44 jaar oud, toe Eksteen hom in 1825 gekoop het. Die feit dat die gebou verseker is, bevestig die nuutheid daarvan. 'n Goeie skatting sou dus tussen 1830 en 1834 wees. 'n Vergroting van die 1901-foto toon twee staldeure, een kleiner skuifraamventer tussen

die twee deure en een deur met 'n geboë sementhoof (MA 1901d). Die sementkosyn vertoon dieselfde geboë lyn as die deure van die selle in die Orpen-kompleks en van die ou deure in die woning. Hoewel die bouer ou materiaal soos die staldeure en die skuifraamvensters gebruik, is dit reeds dieper ingebou en meer in lyn met Engelse boustyl (Fransen 1981:97). Die deure skep die indruk van reëlmatigheid en die gebou het waarskynlik uit drie of vier verskillende kamers, elk met sy eie venster, bestaan. Dit wil blyk dat daar 'n uitbouing aan die suidelike gewel was (MA 1901d). Dit was moontlik 'n uitgebreue skoorsteen van 'n vuurherd. Die 1883-kaart bevestig dat die gebou 'n lang en skraal struktuur was toe die regering dit in 1883 gekoop het (NASA, KAB 1883n). Eksteen het ses seuns gehad waarvan een in 1837 getroud was. Daar was ook twee kamers in die stalkompleks. Indien die seuns dus kamers gedeel het, sou H.O. Eksteen en sy vrou moontlik die een helfte van die jongenshuis betrek het terwyl die ander vyf seuns die oorblywende kamers op die werf gedeel het. In die lig hiervan laat die benaming jongenshuis reg geskied aan die betekenis van die woord.

Volgens die 1883-kaart was daar 'n watervoor reg aan die buitekant van die ringmuur wat 'n halwe reg-hoek om die jongenshuis vorm (NASA, KAB 1883n). Die 1893-kaart toon 'n aanbouing aan die agterkant reg in die middel van die gebou. Dit was waarskynlik 'n toilet wat deur die Departement van Openbare Werke in 1886 aangebou is (NASA, KAB 1887:5). Ook aan die noordekant is daar 'n uitbouing, maar aan die voorkant van die gebou (MA 1901d). Die feit dat die deurkosyn aan die noordekant anders vertoon as die eerste twee deure naaste aan die huis, kan daarop dui dat die noordelike vertrek deur die gevangenisdiens aangebou is. Die ringmuur rondom die jongenshuis vorm 'n spieëlbeeld met die ringmuur rondom die kelder aan die suidekant van die woning. Daar is slegs een opening in die muurtjie op 'n plek die naaste aan die jongenshuis en dus naby die woonhuis. Op die foto's word die aansig van die jongenshuis grootliks deur eikebome binne die ringmuur verberg. Met die afbreek van die gebou, ca 1950's tot 60's, is die terrein met die bourommel opgevol en terrasse is gemaak. Die oppervlakte is egter besig om te verskuif te oordeel aan die uitbolling en krake in die muurtjie. Dit vertoon ook dat die muurtjie nog met ongebakke stene gebou is. Shell (1997:282) reken die ringmuur het die werf aangedui. Die ringmure van Tokai was laag en het die wynekelder, agterste hok en die jongenshuis van die woning geskei. Die Eksteen-werf was oop na die oostekant toe. Ook was die waenhuis met stalle en die slawekwartier buite die ringmuur. Gedeeltes van die ringmuur word mooi op die ca 1850-skets aangetoon (Tokai-park ca 1850).

Die 1931-kaart toon ook aanbouings aan die jongenshuis aan (HRC1931). Die langwerpige aanbouing wat op die 1931-kaart ingeteken is, is relatief naby aan die eetsaal van die Orpen-gebou. Die aanbouing, moontlik 'n afdak, strek parallel met die woonhuis se oostekant. Dit is naby die muurtjie wat die woning en jongenshuis se terreine skei, maar aan die binnekant van die muurtjie. Die gevangenes sou dus hul kos daar in borde ontvang en in die eetkamer van die gevangenis gaan eet het. Soos in die geval van die ou slawekwartier, is daar geen direkte foto's van die jongenshuis nie. 'n Foto van die Tokai-opstal van 17



Maart 1901 vertoon die woonhuis, die hoek van die slawekwartier en die jongenshuis (MA 1901d). Aanvanklik, voordat daar akkommodasie vir die bewaarders en konstabels opgerig is, sou die eerste sipiers of bewaarders daar tuisgegaan het. Bosbou het die terrein in September 1883 betrek en latere rekord toon aan dat van die geboue deur blanke amptenare van Bosbou bewoon is (NASA, KAB 1889e). Na die verdeling van die grond in 1892 wou Orpen baie graag hê dat Bosbou se personeel die gebou ontruim. Die jongensgebou is aan Porter toegesê. Omdat daar geen ander akkommodasie was nie, het van Bosbou se personeel daar aangebly (1904a). 'n Gedeelte van die gebou is heel moontlik as 'n museum van Bosbou ingerig. Dit het waarskynlik in 1884 moontlik geraak, nadat die konstabels (en gevangeses) van Tokai onttrek is (1884b:XIII). In 1904 word die besetting van die geboue rondom die opstal so beskryf: " ... that it is impossible to accede to the wish of the Superintendent of the Porter Reformatory to be placed in possession of the Departement's Timber Museum or the rooms used as Inspection Quarters which is presumed is what is meant by his request to be permitted to occupy the building adjoining his residence." (1904e) Die naaste gebou aan die woning was die jongenshuis. Volgens die ooreenkoms oor die verdeling van die grond wat in November 1892 bereik is, was Bosbou net geregtig op die gebruik van die stalle, terwyl die wynkelder as hul kantoor ingebruik geneem is. Laasgenoemde het nie deel van Porter se grond gevorm nie (NASA, KAB 1892d;1893b; DRDLR 1902).

#### **4.10.4.2 Slawekwartier of klipbuitegebou**

Hoewel nie alle eienaars vir hul slawe 'n spesiale gebou opgerig het nie, is daar tog voorbeelde waar slawe op die groter plase in 'n buitegebou gehuisves is (Worden, Groenewald 2005:410 vn). Die Eksteen-egpaar kom albei uit gesinne met baie slawe. Hendrik Cloete, grootvader van Hester Anna, het 50 slawe gehad (Schutte 2003:14). Bergvliet het wel 'n slawekwartier gehad (Fagan 1994:407). Nog Fagan, nog Schutte gee egter aanduiding waar Cloete se slawe op Constantia geslaap het. Fagan (1994:382) verskaf afdrukke van illustrasies wat geboue agter die woonhuis en die kelder op Constantia aandui. Leibman (2012:91-3), wat navorsing vanuit 'n argitektoniese perspektief oor die erfenisgeskiedenis van Constantia gedoen het, gee erkenning aan verskeie navorsers se bevindinge dat die jonkershuis gedurende Hendrik die oue se tydperk eintlik die slawekwartier was. Haar gevolgtrekking is dat die gebruik van die jonkershuis as sondanig wel geldig kan wees, maar dit word weerspreek deur 'n paar Cloete-kindere en hul gesinne, wat naas die eenaar, ook op die plaas gewoon het.

Manlike slawe is wel ook jongens genoem, maar waar dit geslag aandui. Eietydse gebruik van die vroeë 1800's toon aan dat die woord "jonge" as die kern van 'n samestelling gebruik is, maar steeds om geslag aan te dui. So word die slawemans van die weduwee H. Cloete in 1822 as "slawejongens" in haar opgaaf gebruik (NASA, KAB 1822a). Hierdie argument kan ook getoets word aan die naam van die slawelosie in Kaapstad. Dit verwys na die losie van al die Kompanjie se slawe en nie net jongens se blyplek nie.

Die ontruiming van die slawekwartier op Tokai voor of op 1 Desember 1836 het die gebruik van die gebou as sodanig beëindig, maar dit kon ook as akkommodasie vir Khoi-knegte, selfs moontlik Prysnegers of Engelse weeskinders na 1 Desember 1836 gedien het. Eksteen het in Desember 1837 vir Engelse weeskinders aansoek gedoen (NASA, KAB 1837c). Daar kon egter nie vasgestel word of hy van kinderarbeid gebruik gemaak het nie. Die masels- en pokke-epidemies wat deur die Prysnegers gedurende die vroeë veertigerjare aan wal gebring is (Watson 2000:IV), het boere waarskynlik lugtig vir die groep gemaak. Eksteen se boedellêer dui aan dat hy van tien Khoi-arbeiders in 1849 gebruik gemaak het. Dit is onseker of van hulle ingewoon het, maar hy het wel vir hulle kos gegee. Die kok, 'n huisbediende en 'n stukwerker is elke maand gehuur en het heel moontlik ingewoon (NASA, KAB 1842b). Die ontstaan van Khoi-gemeenskappe buite dorpe het ook 'n bron van stukwerkers beskikbaar gemaak (Liebenberg 1959: 89). Die seisoenale aard van die wynbedryf sou stukwerkers verkies bo ingeboekte kinders of Prysnegers.

Die slawekwartier is in 'n eg Kaapse boustyl, met klip en nie tuisgemaakte bakstene nie, gebou. Dit is waarskynlik gedoen om te voorkom dat gate deur die mure gemaak kon word vanweë die kapitale waarde aan slawe verbode. Daar was moontlik ook klip beskikbaar, omdat die kanaal gegrawe en wingerde en landerye aangelê is wat klip opgelewer het. Ook is die ondertuine in hierdie tyd skoongemaak en aangelê. Die klip is met 'n mengsel van klei, sand, klippies en kalk gemessel. Daarna is dit afgemessel met 'n kalk- en skulpmengsel. (Diagram 22 Bylaag B). Die gebou het heel moontlik 'n plat dak gehad. Dit het uit twee of vier ewe groot vertrekke bestaan. Hierdie afleiding word uit 'n bouplan van 1930 (NASA, SAB 1930a), persoonlike besoeke in 2011 en 2012 en ander argivale dokumente gemaak. Die struktuur verskyn nie op die afdrukke van Barrow en Hamilton of die versekeringsertifikaat van 1840 nie. Die gebou was teen 1840 moontlik gehawend, omdat dit nie meer bewoon of versorg is nie. Daar was nie meer slawe nie. Dus kon van die vertrekke vir ander doeleindes aangewend gewees het. Bastiaan en Japie se plaasimplimente is tydens hul eienaarskap moontlik daar gestoor. Dit kon as 'n melkstal aangewend gewees het (NLSA 1883a). Die gebou word nie op foto's tussen 1885 en 1922 vertoon nie, maar 'n foto-graaf het 'n portefeulje van die Orpen-kompleks in 2010 saamgestel (Mallix<sup>26</sup> 2010). Die bome wat in 1883 voor die gebou was (NASA, KAB 1883n), is moontlik verwyder, sodat daar beter toesig oor die gevangenes was.

Die bouwerk is waarskynlik deur 'n spesialisklipbouer gedoen. Indien die mure dunner as 21 duim was, sou dit die gebou as na 1830 dateer. Klipgeboue se mure het tussen 21 en 30 duim gevarieer. Gereedskap om klipwerk te breek en af te rond, was toe aansienlik meer gevorder (Lewcock 1963:379-80), wat suggereer dat onafgewerkte klipgeboue veel ouer is, soos in die geval van die slawekwartier. Hoewel klipmure 'n algemene vorm van konstruksie in die 18 en 19de eeu gehad het, was geen van die stene wat naby Kaapstad gevind kon word, geskik vir dressering nie. Die graniet was te hard, skalie te bros en kalksteen

---

26 Die flickr-fotoversameling van Mallix (2010) vertoon die Orpen-kompleks soos wat dit op 6 Junie 2010 daar uitsien. Dit is uitermate verwaarloos. Die versameling foto's mag deur navorsers gebruik word.

van Robbeneiland en Mowbray geneig om te erodeer. Thibault het die omringende berge se klipwerk as “ondankbare materiaal” getakseer. Gevolglik is rivierklippe vir fondasies gebruik en die res van die mure is met growwe klip gebou. Afgewerkte klip sou eers veel later in die 1830's beskikbaar word (Lewcock 379-80). Die klipgebou op Tokai se voorwerf, wat ongetwyfeld die slawekwartier was, dateer na alle waarskynlikheid uit die vroeë 1800's en kort na 1802 toe Eksteen die plaas gekoop het. Die vloer van die gebou was waarskynlik gruis of 'n mengsel van mis en pitte. Dit het eers in 1888 'n sementblad gekry, nadat die inwonende gevangenes weens die nat vloer siek geword het (NASA, KAB 1889:13). Daar was nie vensters nie, wel vierkantige openinge wat met swaaideurluik toegemaak is (1895b).

Die plasing van die slawekwartier kon deur albei fasades gedetermineer gewees het. Volgens die Barrow en Hamilton-afdrukke lyk dit of daar nie buitekamers naby die oorspronklike woning was nie. Stoorkamers vir voorraad, tuie, en plaastoerusting asook 'n werksarea sou onontbeerlik wees. Die ou langhuis wat op die Hamilton-afdruk verskyn, was 'n entjie van die woning af. Die plasing van die slawekwartier aan die oostekant, maar verby die woning, kon dus ook die vorming van 'n fasade na die noordekant begin het. Die keldergebou was reeds aan die westekant van die woning. Die groter afstand tussen die slawekwartier en die woning in vergelyking met die stalkompleks tot die woning, kan ook die indruk skep dat die gebou deel was van die fasade wat op die Wynbergpad uitgekyk het. Die deure het heel waarskynlik op die voorste werf uitgekyk ten einde 'n balans met die stalkompleks te handhaaf (NASA, KAB 1904g), maar dit kon moontlik ook noordwaarts uitgekyk het. Die huidige gebou toon nie tekens van eindgewels, soos in die geval van die stalle nie (1892b; Mallix 2010). Die betreklik lae A-raamsinkdak wat tans op die gebou rus, is waarskynlik tydens opknapping in die 20ste eeu aangebring as 'n poging om balans met die stalkompleks te behou. Die gebrek aan deure wat nie op die voorwerf oopmaak nie, maak die voorwerf onpersoonlik en onvriendelik. Die plasing van die kloktoring aan dieselfde kant as die slawekwartier en die kombuis suggereer 'n sosiale werksone van die slawe. Die grootste gedeelte van die plaas lê noord- en noordoos van die woning en werf.

Die Eksteen-eienaars na 1850 het die gebou in stand gehou en gebruik. Noordwes van die gebou was 'n visdam. Dit is gevoed met 'n watervoor wat uit die As- of Vlagstokrivier herlei is. Die voor was aan die buitekant van die jongenshuis se ringmuur (NASA, KAB 1883h;n). Dit is juis die leivore wat bevestig dat die gebou deel van die presiese balans van die voorwerf uitgemaak het.

Die eerste gedokumenteerde veranderinge aan die gebou is in 1883 onderneem, kort nadat die Departement van Openbare Werke die bestuur van die grond oorgeneem het. Die buitegeboue – dus die ou slawekwartier, stalkompleks en moontlik die wynkelder - is omskep in 'n satellietgevangenis van die Breekwatergevangenis deur huisvesting aan vyftig prisoniers te verskaf. Dit is waarskynlik met hierdie geleentheid wat die ystertralies aan die vensters van twee of moontlik drie buitegeboue geheg is: “...some of the outbuildings have been fitted up for accommodation of 50 convicts.” Dwangarbeiders, want dit is waarvoor die gevangenes soontoe verskuif is, is vanaf 9 April tot 29 Desember 1883 daar gehuidves (NASA,

KAB 1884b:21;1884d). Die deure is moontlik later vervang met swaar, ysterdeure, nadat dit van suid na noord verskuif is. Die gevangenes is gebruik om 'n nuwe pad te bou om sodoende direkte toegang vanaf die Hoofweg na die Tokai-grond te gee. Die brug oor die rivier was toe nog nie gebou nie (1885:4; 1885b). Die vensters van die stalkompleks en slawekwartier toon huidig nog tralies, terwyl die wynkelder, wat sigbaar is op 'n foto van die woning ca 1901, ook tralies vertoon (MA 1901d). Die klipgebou se oorspronklike eindmuur aan die westekant, tans 'n binnemuur tussen 'n slaaplokaal en die nagdiensvertrek, is byvoorbeeld met bakstene gebou. Die vloere is ook nie op dieselfde vlak nie. Hierdie waarskynlik is op 26 November 2011 tydens die opedag gemaak. Die nagdiensvertrek het plankvloere, terwyl die slaaplokale van die jeuggevangenes tans sementblaaie het. Ook dit is nuwe toevoegings, soos die staaldeure en vensters wat op die binneplein van die Orpen-gebou uitkyk (NASA, KAB1895a). Die hele oorspronklike eindmuur van klip is waarskynlik uitgebreek toe die dienskamer aangebou is. Daar is trappies voor die hoër vensters aan die voorwerf se kant, maar dit kon ook wees vir die wagte om tydens hul rondtes in te kyk. Die hele grondvlak van die voorwerf toon tekens van opvulling. 'n Foto van 17 Maart 1901 toon die hoek met die nagdiensvertrek, die naaste aan die woning, asook die gebou se sinkdak (MA 1901d).

Weens die bouaard van die klipmure moes dit met groot omsigtigheid benader word toe vensters deurbreek is. Vyf vensters is ook toegebou deur die buitekantste luik dig te maak, sodat die gevangenes nie op Orpen se woning uitkyk nie. Orpen het in Julie 1895 die versekering gegee dat die klipmure met versigtigheid deurbreek kon word om vensters te skep, blykbaar na 'n proses wat by 'n vorige geleentheid probleme gegee het. Hoewel daar nie rekord is van wanneer presies die 1895-plan uitgevoer is nie, is die veranderinge deurgevoer. Dit behels die uitbreek van drie vensters na die binneplein of noordekant, asook 'n inspeksievenster in die eindklipmuur, wat die binnemuur vorm tussen die sipier se vertrek en die mees oostelike slaaplokaal. Die raamwerk van die nuwe vensters is op Orpen se instruksies gemaak (NASA, KAB 1895b). Die vyf vensters het op die voorwerf uitgekyk. Die toemaak van die vensters maak die trappies as 'n plek om in te kyk, moeilik geloofbaar. Die flickr-fotoversameling van Mallix (2010) vertoon die Orpen-kompleks soos wat dit op 6 Junie 2010 daar uitsien. Die staaldeure van die selle is ongetwyfeld 19de eeuse tronkdeure. Die ou slawekwartier sou nie daarmee toegerus gewees het nie. Die afwerking is volgens die Engelse styl met boogkosyne gedoen. Elke kosyn behels 'n portaaltjie waaruit twee skuinsgeplaasde tronkdeure na die twee selle lei. Die grootskaalse verandering het genoodsaak dat daar aan die klipbouwerk gebreek en gebou moes word, maar dat dit probleme opgelewer het – vandaar die aanmaning in 1895 dat die werk baie versigtig gedoen moes word (NASA, KAB1895b). Die noordekant is dan ook met sement afgemessel. Die vensters wat Orpen in 1895 ingesit het, is nie heeltemal waterpas nie – dit getuig die oorspronklike aard van die klipmure. Mettertyd is daar ook een spoeltoilet in elke sel ingebou. Te oordeel aan die reeks foto's van Mallix (2010) is die deure tussen 1883 en 1895, toe die vensters deurbreek is, ingebou.

Vanweë die ooglopende “tronk”-voorkoms van die gebou is dit waarskynlik nooit meer na 1883 afgeneem of gefotografeer nie. Daar moet dus op kaarte naas argivale navorsing staatgemaak word om verandering waar te neem. Ongelukkig dui dit net aan hoe die vorm van die struktuur met verloop van tyd verander het. In 1883 was dit net een lang struktuur, maar opvallend korter as die stalkompleks (NASA, KAB 1883n). Volgens die 1902-kaart is daar reeds 'n dienskamer vir die nagwagte aan die westekant aangebou. Ook aan die oostekant is 'n vleuel aangebou. Dit was die kwartier van die sipier, wat uit 'n stoorkamer, kombuis en moontlike ablusie bestaan het. Die vleuel het op sy beurt twee slaaplokale, parallel met die lang gebou, ingesluit. Daar is ook 'n losstaande woning aangebou (DRDLR 1902; NASA, SAB 1930a). Die 1931-kaart van Kaapstad toon naas die losstaande woning ook die eetsaal as 'n verdere uitbreiding aan. Dit behels 'n vleuel wat uit die nagdienskamer gebou is (HRC 1931). Die eetsaal is waarskynlik ook in die laat 1890's aangebou toe die gebou as akkommodasie vir die bosbou dwangarbeiders gebruik is (NASA, KAB 1899e). Die 1930-bouplan is eers in 1938 ten uitvoer gebring en het die volgende ingesluit: 'n hospitaaltjie in die vertrek reg langs die eetsaal, 'n mediese ondersoekkamer, selle vir herstellendes of siekes, enkelselle en 'n ablusieblok. Laasgenoemde het alles deel van die vleuel, wat uit die nagdienskonstabelkamer aangebou is, gevorm. In die middel van die kompleks is 'n sinkplaatafdak (NASA, SAB 1930a;1942). Dit is vandag steeds daar. Die ablusieblok, wat vandag op die oewer van die Vlagstokrivier staan, sowel as die lesingslokaal wat met hout gebou is, kom nie op die 1930-bouplanne voor nie en is dus alles na ca 1942 opgerig.

Die stoorkamer-en-kombuisvleuel hierbo genoem, is in 1899 as kwartiere vir die sipier aangebou. Dit word deur die bouinspekteur, Charles Hougham, beskryf as “an extension of an old building” en het uit drie kamers, 'n stoep en 'n afdak of veranda bestaan. Ook is blyplek en 'n menasie vir die konstabels gebou. Een slaaplokaal met plek vir tien beddens, 'n kombuis, 'n toilet en 'n afdak of veranda was die somtotaal van hul akkommodasie (NASA, KAB 1899e). Dit is onseker waar die lokaal was, want dit pas nie in die 1930-bouplan nie. Dit kan moontlik die woning, bekend as Orpen-kothuis, wees (TMNP 2011:26). Hierdie geboue is almal met gebrande bakstene gebou. Die buitemure is 14 duim dik en die binnemure 9 duim. Alle mure is gepleister. Fondasies is met klip gedoen en vir die dak is deurgaans ge-galvaniseerde yster gebruik. Sien ook die dakpunt op die foto, MA 1901d. Die stoepvloere is met sement gedoen. Alle mure is geverf, sogenaamd “colour washed and cement washed” of gespatverf met sement (NASA, KAB 1899e). Die vloer van die binneplein is growwe klip en ongelyk.

Omdat akkommodasie op Tokai in die na 1883-periode 'n wesenlike probleem was, is elke moontlike duim in 'n gebou benut. 'n Volledige lys van al die geboue van die gevangensdiens op Tokai verskyn op die versekeringwaardasie van 10 April 1907 (NASA, KAB 1907a; Figuur 23 Bylaag A). In belang van hierdie studie word slegs op die geboue van die ou plaaswerf gefokus. Dit behels die woning, jongenshuis, die jeuggevangenis en ander geboue van die Orpen-kompleks en die stalkompleks wat in 1907 nog aan die Bosboudepartement verhuur is (DRDLR 1902a).

## Tokai-werfgeboue en hul versekeringswaarde met kommentaar

Tokai-plaaswoning – dubbelverdieping van klip en baksteen met 'n strooidak	£ 3,500.00
Tokai-plaaswoning se buitekombuisgebou, enkel verdieping van baksteen en klip met 'n strooidak (jongenshuis)	300.00
Gevangenis - satellietgevangenis (Toilette £75.00)	2,250.00
Gevangenis – satellietgevangenis: Kwartiere, kantoor ens.	
Tokai-plaaswoning se stalle (Betrek deur Dept. Bosbou) Gebou van klip en bakstene onder 'n spaandak / shingles twee verdiepings hoog	1,200.00

'n Nota ten opsigte van die plaaswoning en die twee buitegeboue verklaar dat in geval van vernietiging deur brand, die waarde van die geboue aansienlik verhoog. Die jongensgebou is egter uitgesluit. Die plaaswoning word waardeer vir £1,700-/ maar in geval van brandvernietiging £3,500-/ sodat dit herbou kon word; die tronksatellietgevangenis vir £1,450-/ maar £2,250-/ vir die heroprigting in geval van brand en die stalle £915-/ maar £1,200-/ vir die heroprigting in geval van brand. Die Orpen-gebou het na al die aanbouings eerder in waarde toegeneem as verminder (NASA, KAB1907a; Figuur 23 Bylaag A).

### 4.10.4.3 Die wynkelder

Soos reeds genoem tydens die bespreking van die Barrow-skets (MA 1800), word die oorspronklike wynkelder aan die westekant van die woning gebou. Die gebou se plasing is dus min of meer waar die huidige terras agter die woning is. Dit is 'n taamlike gebou met vyf luggate aan die westekant van die woning. Die oprit na die woning gaan ook tot by die kelder. Die deur of opening van Teubes se kelder kom nie voor op die sigbare sye nie en was dus suid. Die gebou het 'n grasdak en is met 'n gewel gebou, maar sonder 'n fopskoorsteengewel. Indien dit met 'n bouplan van die kelder by Groot Constantia en gepubliseer in Leibman (2012:91) vergelyk sou word, was dit maklik meer as die helfte kleiner.

Bastiaan het die wingerde wat hy in 1850 gekoop het, tot 30,000 Groendruif- en 30,000 Steenstokke verminder. Al die wingerde was in die rivierbedding en die druiwe is met waens na die nuwe parskuip aangery, terwyl Teubes se wingerde aan weerskante van die woning en die parskuip was (NASA, KAB 1883a;n;NLSA1883;MA 1800a). Die aantal druiwestokke van Bastiaan korrespondeer min of meer met dié van die eerste eienaars voor 1802 (NASA, KAB1800f). 'n Foto van 1885 vertoon onmiskenbaar die keldergebou suid van die huis en teenoorstaande van die struktuur van die jongenshuis (MA ca 1885). 'n Aanduiding op die 1850-skets kan moontlik 'n struktuur suid van die woning suggereer wat met trappies na die kelder toe lei (Tokai-park ca 1850). Dit kon dus wees dat beide kelders tegelyktydig bestaan het en daarom is die nuwe kelder nie 'n enorme groot gebou nie. Die perseel waar die kelder opgerig is, het nie 'n langwerpige gebou toegelaat nie. Die terrein is skuins en is 'n helling wat oos- en suidwaarts afplat.

Dit is ook bedek met groot rotse. Die gebou is weswaarts met 'n lae dakstruktuur uitgebrei. 'n Elliott-foto van die pilare op die agterste terras vertoon die westekant van die kelder in die agtergrond (NASA, KAB ca 1913a). Die 1883-kaart vertoon reeds 'n uitbouing na die westekant. Die stoepdak het moontlik gehelp om die agtermiddagson uit die kelder self te hou (1883n; Diagram 12-3, 23-4, 31-2, 33-4 Bylaag B).

Kaarte is weer eens 'n goeie aanduiding van die ligging van die gebou. Geen groot struktuur word op die westekant van die woning in 1883 aangedui nie (NASA, KAB 1883n), maar wel aan die suidekant. Die gebou word 'n bietjie breër, maar met 'n soortgelyke lengte as die jongenshuis, ingeteken. Aan die suidekant is daar ongetwyfeld 'n uitbouing na wes. In geheel was dit dus nie 'n baie groot kelder nie en dit sou voorsien aan die behoefte van Bastiaan se 60,000 stokke van Steen- en Groendruifwyn. Die kelder het dan ook agt stukvate van ses en agt lêer, 6 kiaathout giskuipe, vier bereiders, twee wynparse, ander lêers, vate, emmers, tregters, een brandewyndistilleerketel met sy slang en ander keldergereedskap gehuisves (NLSA 1883a). Dit is aansienlik minder voorraad in vergeleke met Petrus Michiel se keldervoorraad, naamlik 3 vate wyn, 25 vate, 5 lêers, 18 en ½ lêer wyn, 13 koelvate, een trapvat, agt lêer met moer, een kuip en twee brandewynketels (NASA, KAB 1842b; Figuur 22 Bylaag A). Bogenoemde goedere is op 22 November 1850 verkoop. Die nuwe kelder is egter nie op die 1840-versekeringsertifikaat nie. Ook maak die inventaris net voorsiening vir een kelder. Dit beteken dat die westelike kelder ten tyde van die vendusie of reeds afgebreek of die enigste wynkelder was.

Die tweede kelder word slegs gedeeltelik op foto's geïllustreer. Die 1885-foto (MA ca 1885) bevestig die gebou en sy aansig, die 1901-foto (1901d) dui veranderinge aan en die 1913-foto (NASA, KAB ca 1913a) verdere veranderinge (Diagram 23,24,31 Bylaag B). Die laaste foto toon aan dat die aansig weswaarts verskuif is. Dit korrespondeer met die sementtrappies op die perseel, wat aantoon dat daar 'n voetpaadjie tussen die bosboubeampte se huis en die kantoor was. Die fasade op die 1885-foto word deur bome oorskadu. Gevolglik word die 1901-foto en die ca 1913-foto gebruik om die struktuur te probeer beskryf.

Die vensters en deure wat op die 1901-foto (MA 1901d) vertoon, suggereer die Kaapse Volksboustyl, maar met Engelse invloed. 'n Hoë deur reg in die middel van die gebou was waarskynlik die ingang. Aan die suidoostehoek is daar 'n gewelstutmuur. Die gebou het 'n klipfondasie met afgepleisterde en witgekalkte mure wat die Volksboukstyl bevestig. Die mure is taamlik hoog en breed en die struktuur dra 'n grasdak. Dit lyk of 'n hysbalk, kenmerkend aan wynkelders, aan die noordelike gewel voorkom. Dit is gebruik om vaatjies en swaarder toerusting te hys, sodat dit gelaai kon word. Die montering daarvan lyk oënskynlik uit plek, omdat daar nie 'n deur voorkom nie. Maar dit is onseker oor hoe die wynkelder verander is. Hoewel die 1883-kaart nie eikebome tussen die kelder en die woning aandui nie, is dit nie korrek nie (NASA, KAB 1883n). Daar was wel eikebome (MA ca 1885b). Teen 1913 is al die deur(e) aan die oostekant toegebou en met vensters vervang (NASA, KAB ca 1913). Die vensters is net effens dieper ingebou en het metaalrame. Soos reeds genoem, word die westekant van die keldergebou op 'n Elliott-foto uitgebeeld (ca 1913a).

Die wynkelder se geskiedenis vanaf 1883 kan nie losgemaak word van die perseel van Bosbou se kantoor nie. Toe Bosbou in September 1883 toestemming ontvang om 'n kwekery op Tokai te begin, was die buitegeboue omskep in barakke vir vyftig dwangarbeiders en akkommodasie vir die sipier en konstabels. Die plaasopsigter het in die Tokai-woning gewoon (NASA, KAB 1884b:21). Lister se vrou was in 1885 in die woning gevestig en dit was onwaarskynlik dat die kantoor in die huis sou wees, aangesien Georgina se beskrywing van die woning die moontlikheid uitsluit. Vir die doel van die kantoor is die werf herorganiseer. Storr Lister het vanaf 1 Februarie 1886 sy kantoor vanaf Rondebosch na Tokai toe verskuif. Barrakke van die dwangarbeiders, die kwartiere van die sipier, stoorkamer, 'n kothuis en twee selle behalwe ander noodsaaklike buitegeboue is opgerig (1887:5; Lister 1960:81). Dus beteken dit dat die kantoor van Bosbou in die keldergebou gevestig is. Die gebou is ook deur die personeel van die Departement van Openbare Werke verander om as kantoor te dien. Inligting van die veranderinge ontbreek, behalwe die veranderinge wat van die foto's tussen 1885 en 1913 afgelei kan word. En dit het waarskynlik met verloop van tyd gebeur. In 1892 word die grond tussen Porter en Bosbou verdeel (NASA, KAB 1889f; 1892d). Hoewel die gebou nie by die naam genoem word nie, word die gebou nie ingereken by die werfgeboue van Porter-skool nie. Die kaart van Hutchins (1893b) bevestig dat die gebou aan Bosbou behoort. Die gebou se instandhouding is vanaf 1883 deur die Departement van Openbare Werke vanaf onderneem. Die gebou verskyn op kaarte van 1883, 1885, 1887, 1893 en die 32AY-kaart (1883n; 1885b; 1893b; DRDLR 1887;1887a). Hoewel die gebou se ligging aangedui word, word dit nie as Bosbou se kantoor aangedui nie, maar uit dokumentasie kan dit wel bevestig word.

'n Nuwe kantoor is in 1898 opgerig, tegelyk met die bou van die bosbouerswoning. Dit het onder meer stoorkamers en latrines ingesluit (NASA, KAB 1898d;CGH 1899:5). Die kantoor van ca 1898/1899 se ligging word selde op kaarte aangedui, behalwe die 1932-kaart van die Skiereiland (DRDLR 1933), maar teen daardie tyd was daar lankal nie meer 'n gebou nie. 'n Foto van die nuwe bosbouerswoning dui 'n klein stukkie van 'n tweede grasdak agter die woning aan (MA 1902). Die kantoorgebou en buitekamers met latrines is ongetwyfeld in 1906 omskep as akkommodasie vir studente toe die Bosbouskool daar begin is. Om die rede het Bosbou weer die wynkeldergebou as kantoor benut.

Die korstondige gebruik van die nuwe kantoor, wat nie op die goedgekeurde bouplan van 1898 was nie, word in die 1898-verslag geregverdig as 'n alternatief tot die “damp and unhealthy old building” (NASA, KAB 1898d; CGH 1899a:5). Die kelder het vanaf 1906/7 ook die museum gehuisves, nadat botallige jeuggevangenis in die Orpen-gebou hervestig is. Die jongenshuis was toe reeds in 'n kombuis omskep (NASA, KAB 1907a). Die bosboumuseum was noodsaaklik vir opleiding, ook en veral met die instelling van die Suid-Afrikaanse Bosbouskool in 1905 vir 1906 : “The Herbarium at the Conservator's Office and the forest timber collections both at the Conservator's Office and at Tokai will be available for purposes of instruction” (CGH 1906a:4). Teen 1922 was die kantoor reeds vir jare in die keldergebou hervestig. Die twee stoorkamers van Bosbou, wat saam met die nuwe kantoor opgerig is, is in 1908 as bediendekamers



benut (NASA, SAB 1908e). Bediendes was nodig om die hostel van die studente te diens en dit ondersteun die teorie dat die ou kantoor die eerste hostel was.

Die toestand van die ou keldergebou was taamlik onbevredigend. Die kantoor is redelik laer as die grond bokant die gebou en groot rotsblokke verhinder dat die area behoorlik gedreineer kon word. Die vloer is dus aan syfering blootgestel en dit is as uiters onaangenaam beleef. Die streeksbosbewaarder het gevoel dat die kantoorgebou afgeskryf moes word en 'n nuwe gebou opgerig word. Om alles te kroon, het die grasdak boonop gelek (NASA, SAB 1922a). Volgens die beskrywing is die perseel ongetwyfeld dié van die wynkelder. Die area lê besaai met rotsblokke van verskillende groottes. In 1929 was die situasie onuithoubaar. Die kantoor verskuif toe na die ou Bosbouskool onderkant die nuwe skoolgebou<sup>27</sup> (1936). Die skoolhoof van die Porter-skool het onmiddellik aanspraak op die keldergebou probeer maak, al sou dit hul eiendom wees. Intussen, in 1932, het die bosbouskool se gebou ook vakant geraak, nadat die skool Saasveld toe verskuif is. (Diagram 41-4 Bylaag B). Bosbou het toe daardie gebou as kantoor en museum benut en het dus geen doel meer vir die wynkeldergebou gehad nie. Dit was vervalde en gehawend terwyl die herstelkoste op meer as £300 beraam is. Vervolgens het die Sekretaris van Openbare Werk op 26 Augustus 1936 opdrag gegee dat die gebou gesloop moes word. Die sensitiewe verhouding tussen Bosbou en die Porter-skool was moontlik deurslaggewend vir die besluit, omdat die personeel van die rehabilitasiesentrum voortdurend gepoog het om grond van Bosbou te bekom. So het nog 'n struktuur in die vergetelheid verdwyn. Indien dit nie vir die foto van 1913 was nie, sou TMNP nie in 2011 oortuig kon word dat daar wel 'n wynkelder of 'n jongenshuis was nie. 'n Toilet op die noordwestelike hoek en 'n verlate stel van drie trappies wat na die bosbouerswoning toe lei, is al tekens dat daar eens aktiwiteit was.

#### **4.10.4.4 Die stalkompleks**

Soos reeds genoem, word hierdie gebou saam met die woonhuis in 1840 verseker (NASA, KAB 1842b). Dit is dus voor 1840 gebou, waarskynlik vroeër toe Petrus Michiel nog gehoop het om van die plaas 'n sukses te maak. Dit was voor die afskaffing van slawe en arbeidskwessies ondervind is. Die gebou is waarskynlik in die laaste fase van deur Meij, die bouerslaaf, of met behulp van Meij en 'n ander bouaannemer, opgerig. Meij was vanaf 1825 tot 1836 in sy diens (NASA, KAB 1834; 1834b). Dit dateer die gebou ca 1826-1835. Die styl is onmiskenbaar Volksboukunde, maar dit is aangepas om sedert 1914 as jeuggevangenis te dien. Dit is in daardie tyd met staaldeure aan die agterkant, 'n toilet in elke sel en dies meer toegerus (NASA, SAB 1914; Diagram 23,36-7, Bylaag B). In 1883 was daar agt perde, waarvan vyf merries, in die stal gehuisves. In die tuiekamer was daar drie stelle tuie, ook saals en in die waenhuis 'n skotskar en 'n kar met 'n kappie. Die plaasimplemente het ploë, êe, harke, heiningdraad, mandjies en gereedskap ingesluit (NLSA 1883a).

---

27 Hierdie gebou is moontlik die bystandsgebou wat tans deur die brandweerpersoneel benut word (O'Connor 1939:108; Persoonlike waarneming).

Die gebou is na 1883 as akkommodasie benut. Tussen 1885 en 1888 het die Listers se stalkneg en vrou, 'n Fransman, Dusart, en Catherine as hul kok, daar gewoon. 'n Ou tuinier en familievriend van die Listers, Pye, het ook op Tokai gewoon (Lister 1960:84). Bosbou se muile het mettertyd die stalle beset en die ander vertrekke is ook deur Bosbou benut.

Op 12 Oktober 1892, net voor of rondom die verdeling van die werf se geboue, is die stalkompleks deur 'n amptenaar van die Departement van Openbare Werke geïnspekteer (NASA, KAB1892b). Die inspeksieverslag, wat deur die hoofingenieur nagesien is, gee taamlik inligting rakende die oprigting van die struktuur in die ou boustyl etlike dekades vroeër. Dit openbaar egter ook die klerk se onkunde aangaande die Volksboustyl. Maar saam met die inventaris gee dit ook insig in die leefwêreld van die Eksteens. 'n Eenvoudige lynskets is in die kantlyn ingeteken. Die gebou se fondasies is van klip en klei, maar die boonste gedeelte van die mure is met tuisgemaakte, maar ongebakke bakstene gebou. Dit het 'n solder en solderdeure aan beide langente. Gewels met 'n nagemaakte of fopskoorsteen rond die grasdak af. Die gras is op populierhoutlatjies gedek. Volgens die skets is daar vyf vertrekke – die waenhuis met 'n dubbeldeur en een venster aan die oostekant, 23 voet lank, die tuiekamer, 12 voet lank met net een venster en 'n deur wat vanaf die stal toegang verleen. Die stal is in die middel van die gebou met 'n staldeur reg in die middel en twee vensters elk aan weerskante van die deur. Daar is ook 'n watertrog in die hoek regoor die deur na die tuiekamer. Die vertrek is 60 voet lank. Die vierde vertrek is 'n leefvertrek met twee vensters aan weerskante van die deur. Daar is ook 'n kaggel. Die vertrek is 27 voet lank. Die laaste vertrek, naaste aan die woning, is 'n stoorkamer met een deur en een venster. Dit is 20.6 voet lank. Die deure front op die voorwerf. As gevolg van die kaggel is daar ook 'n skoorsteen in die gebou. Die vloer in die leefvertrek is van hout, maar klip in die stalle, die waenhuis en stoorkamer. Die hele gebou is volgens die ou “Dutch style”, dus Volksboustyl, gebou. Hierdie gegewe is deur die hoofinspekteur as 'n nota bygevoeg en bevestig die onkunde van die personeel van die Openbare Werkedepartement oor die Volksboustyl. Die interieur van die leefvertrek maak dit moontlik dat een van die Eksteen-seuns daar kon gebly het.

Teen 1892 was die gebou in 'n algehele toestand van verwaarlosing met bultende mure, krake van tot 18 duim, verbrokkelde gewels en skoorsteen, gehawende vensterluuke en verrotte deure wat met moeite kon toegaan en glad nie dig kon sluit nie. Die solderkamers se deure was op die punt om deur die wind afgewaai te word. Plek-plek is die dak met pale gestut. Boonop is gevrees dat 'n brand sou ontstaan indien die kaggel gebruik word. Die gebou was toe in onbruik, maar volgens die ooreenkoms van November 1892, skaars 'n maand na die bouverslag, sou Bosbou die gebruik van die gebou hê en dit uiteraard in 'n bruikbare toestand wou verander. Die bepaling was egter dat Bosbou net die gebou kon gebruik totdat hulle 'n ander gebou kon oprig en betrek. Die eiendom sou egter deel van die werf van die Porter-grond uitmaak (NASA, KAB 1892d). Die stalle is meer as een keer herstel. Oor die 1893-herstelwerk is weinig dokumentasie te vind, maar daar het tog herstelwerk plaasgevind. In 1894 is die dak gedeeltelik herdek

(1895:55). Een gewel is reeds voor 1896 verwyder. In 1896 is die tweede gewel verwyder om te keer dat die gebou ineenstort. Bosbou het die stalkwartiere ook vir sy personeel gebruik. Toe die solder inderdaad in 1896 ineenstort, het die bosboubeampte wat daar gewoon het, met sy lewe ontsnap (1897:19). Die onderhoud was dus net om die gebou in stand te hou sodat dit deur Bosbou gebruik kon word. Van bewaring was daar nie sprake nie.

In Januarie 1904 het weer een van die onverkwiklike onderonsies tussen Orpen en die Bosbou-departement uitgebreek. Bosbou het net voortgegaan om die gebou te gebruik en geringe reparasies, waar nodig, uitgevoer. Toe die grasdak in 1904 herdek moes word, is deur Bosbou besluit om die dak met sinkplaat te vervang. Dit het 'n taamlik ontstuielige reaksie van Orpen ontketen, want hy wou Bosbou van die werf af hê: "... but when the building shewed signs of collapse, as was expected, the Forest Departement should immediately remove their animals from the stable and cease to use the building." (NASA, KAB 1904) Orpen het na die onderkoloniale sekretaris gegaan, wat onmiddellik aan sy eweknie by die Departement van Landbou en Mynbou, waaronder Bosbou toe bestuur is, geskryf het. Hulle grootste beswaar was dat die sinkplaatdak wat oorweeg word, afbreuk aan die voorkoms van die Tokai-woning sou doen. In Maartmaand maak Orpen ook beswaar teen die dwangarbeiders wat soggens die sanitêre emmers in die stalle kom afhaal en dit saans weer terugbring, reg in die aangesig van sy woning (1904c). Die volgende maand eis hy die gebruik van die timmerhoutmuseum, wat deur Bosbou in die naaste gebou aan die woning, dus die jongenshuis, gehuisves word, in ruil vir die gebruik van die stalle (1904d-f). Bosbou het met die reparasies onder goedkeuring van die Koloniale Kantoor voortgegaan. Die outydse dak bedek met dekriet is in drie verskillende vlakke verander en met "shingle" of spaandakteëls vervang. Dit was nodig om die gewels weer op te bou en 'n stutmuur aan die eindmuur op te rig. Die tussenmure moes opgebou word, krake opgevol en toegestop word en die deure en vensterluike reggemaak word. Hoewel daar besluit is om die deure na die agterkant toe deur te breek, het finansies Bosbou verhinder (1904g;h).

In 1907 is die gebou vir £1,200 verseker. Dit word beskryf as 'n gebou van klip en bakstene onder 'n spaandak, twee verdiepings hoog (NASA, KAB 1907a). Die stalkompleks was in 1914 in so 'n bruikbare toestand dat beplan is om die gebou as akkommodasie vir jeuggevangenes te gebruik. Bosbou is vervolgens beveel om die gebou te ontruim (1914). Dit het die hele verdeling van die grondkwessie weer oopgekrap – 'n subtema wat nie in hierdie studie bespreek word nie. Daar kan egter met sekerheid aanvaar word dat die herstelwerk van 1904 so suksesvol was dat dit die gebou van ondergang gered het, maar dit was nie 'n restourasieopgawe nie. Materiaal van die vroeë 20ste eeu is gebruik. Die opbou van sommige krake, ingeboude muurplate om krake tussen een tot sewe duim te heg en die herstel van uitbulting, pleisterwerk, Carbolineum-geute, die aanbring van hoeknokke aan die dak en die herstel van die gewels is alles in Maart tot Mei 1904 gedoen. Onafgehandelde take wat in die onmiddellike vooruitsig gestel is, was die vervanging van die vloer, 'n nuwe voerbak in die stal, die reparasies aan die venster- en deurkosyne en die luuke en deure. Hoewel die binnebouwerk steeds met ongebakte en tuisgemaakte stene gedoen is, is

die kundigheid van 'n messelaar, 'n gevangene, gebruik (1904f). Bosbou was duidelik nie van voornemens om hul eie stalle op te rig nie, maar wou so lank as moontlik voordeel uit die gebou trek. 'n Bewussyn oor die bewaring van ou geboue met gewels het toe reeds posgevat (NASA, KAB 1904;Coetzer 2007:151-2). Die enkelsydige fokus op Kaaps-Hollandse huise, ongeag die intrinsieke waarde van die Kaapse Volksboustyl, weerspieël inderdaad die sosiale waardes van die destydse gemeenskap waarvan Hutchins en Orpen lede was. In latere jare is 'n werkswinkel aan die westekant van die stalkompleks aangebou. Dit doen ongetwyfeld afbreuk aan die ou stalkompleks, net soos die uitgebreide gevangenis aan die slawekwartier (Diagram 36 Bylaag B).

Die voorwerf verteenwoordig die 20ste eeuse Porter-skool totdat die skool toegemaak het. Die geboue het daarna in onbruik geraak en is verhuur. Dit is tans die erfenismerkers van TNP, maar sonder dat die geskiedenis van die geboue op die ou plaaswerf se voorwerf tot sy reg kom. Die belangrikste gevolg is die afgradering van die geboue, sonder dat die kulturele en historiese betekenis in aanmerking geneem is.

#### **4.10.5 Ander plaasstrukture**

Volgens die 1883-kaart was daar veevrake agter die stalkompleks (NASA, KAB 1883n;Diagram 8, 33-4 Bylaag B). Plaasdiere is in netjiese krale agter die stalkompleks gehuisves. Dit is waarskynlik waar die drie melkkoeie gemelk is en die ander koeie en twintig osse saans kraal toe gejaag is. 'n Foto van ca 1885 dui ook 'n struktuur aan die stalkompleks net links van die woning. Dit was 'n watertrog of voerkrip vir vee. Op die foto staan die perd en water suip of voer vreet (MA ca 1885). Die trog is duidelik aan die stalmuur vasgebou. Die muur agter die perd vertoon 'n venster – dit is die venster van die wynkelder en moenie met die stalgebou verwar word nie. Die vark- en hoenderhokke was heel moontlik op die terrein waar die terras suid van die woning uitgelê is. Daar was ook iewers 'n kamp vir 200 bokke (NLSA 1883a;NASA, KAB 1883n).

Twee visdammetjies is deur Bastiaan, Isabella en Japie op die plaas aangelê. Die een visdam se posisie was reg in die middel onderkant die muurtjie van die jongenshuis (NASA, KAB 1883h;n;1885b; 1893a;b). Die tweede visdam se posisie word nes die eerste visdam deur die leivore se uitleg bepaal. Dit word uitstekend op die 1883-kaart gesuggereer. Die slim uitleg van die leivore, moontlik deur Eksteen (senior) begin en waarskynlik deur Bastiaan, Isabella en Japie verder uitgebrei, het gepoog om varswater op alle plekke uit te bring. Dit vorm die belangrikste leidraad van die onderste visdam in die middel van 'n promenade(1883n). Die noordekantse leivoor loop verby die woon- en jongenshuis in die boonste visdam onderkant die jongenshuis. Maar dan volg daar 'n tweede leivoor uit die Vlagstokrivier wat die Wynberg-Swaanswykpad net onderkant die slawekwartier kruis en in die promenade naby die roostuin by die leivoor, afkomstig van die Prinskasteelrivier, aansluit. Laasgenoemde leivoor, die suidelike leivoor, het in ongeveer die huidige arboretum begin. Dit het deur die vrugteboord onderkant die stalle geloop en in die middel van die promenade by die noordelike leivoor aangesluit. Was daar 'n waterlandmerk soos 'n

langwerpige visdam in die middel van die promenade? Heel waarskynlik, want dit was die ideale plek sentraal tot die woning en ongetwyfeld die rede waarom die pad nie aanvanklik vanaf die brug direk na die huis toe gebou is nie (1885:4). Johnson, opsigter en sipier, het in Mei 1883 twee visdammetjies se visse gevang (1883h). Die sameloop van die twee leivore vorm 'n eenheid vir 'n klein entjie in die promenade voordat dit op presies dieselfde vlak weer na noord en suid in die boorde aan weerskante swenk. Indien dit inderdaad die tweede visdam was, was dit uiters komplimentêr tot die woning se aansig geleë. Die opsiener van die plaas, William Johnson, het toegesien dat die vang van die visse en die leegmaak van die visdamme(tjies) volgens “instruksies” geskied (1883h). Om die pad te kon bou, moes die leivore dus verlê word, afgesien van die pogings tot die drooglê van die dammetjie in die promenade. Die samekoms van die twee leivore kom nie op die 1885-kaart voor nie (1885b). Die boonste visdammetjie het nie langer 'n doel gedien nie. Dit het tydig en ontydig met water opgevul wat 'n uiters onaangename stank van stilstaande water veroorsaak het. Ook het kroniese syferwater die geboue van die gevangenis klam gemaak. 'n Versoek is in 1893 toegestaan om die visdam permanent op te vul (1893). Die eetsaalvleuel van die Orpen-gebou is gebou waar die boonste visdam was.

Die kloktoring of tydsein is waarskynlik verhef sodat dit beter kon weergalm. Dit is op 'n interessante plek op 'n rotsblok gebou wat waarskynlik met die akoestiek gehelp het (MA ca 1885). Shell (1997:280-1) trek parallelle tussen kloktorings en die Christelike kruis, wat aanvanklik op huise was, maar later met gewels vervang is. Tokai se kloktoring is moontlik 'n uitbreiding van die boustyl wat eerder die smaak van die eienaar suggereer. Die struktuur van die kloktoring het dieselfde pediment as die gewel en is dus na die oprigting van die woning se gewel toegevoeg. Dit suggereer dat dit moontlik die tweede kloktoring was. Dit is aan dieselfde kant van die gebou wat as die slawekwartier geïdentifiseer word. Ou kliptrappies lei op na die klok. Suid van die tydsein is 'n muur wat die eerste kelderperseel van die woning geskei het. Die klok se posisie tot die woning is noordwes en skuins verby die kombuis. Dit het ook 'n fondasie van klip, maar is waarskynlik met gebakte stene gebou, omdat dit wind en weer moes weerstaan. Dit is gemessel en tans okerkleurig soos die woning geverf. Daar is reeds gewys op die sosiale werksarea van die slawe agter die kombuis.

Die perseel agter die woning waar die eerste kelder gebou gestaan het (MA 1800), is kort na 1883 opgeruim (NASA, KAB 1883n;1885b). Die rommel het die terrein opgevul. Op die kaarte van 1883 en 1893 blyk dit duidelik dat daar 'n kraal of 'n ingehokte area was (NASA, KAB 1883n; 1893b). Die grenslyn van die vierkant word met 'n soliede lyn suid, oos en wes ingeteken. Aan die westekant was daar 'n struktuur. Dit was waarskynlik die vark- en hoenderhokke van die Eksteens (NLSA 1883a). Orpen het nie gras onder sy voete laat groei om 'n private tuin na sy besetting van die woning, einde 1892, na agter op die terras uit te lê nie (NASA, KAB 1892d;Trotter 1903:306). Die teenwoordigheid van die dwangarbeiders in die voorwerf en alles wat daarmee gepaard gegaan het, het 'n tuin weg van die voorwerf vir hom en sy gesin, wat ook klein kindertjies ingesluit het, noodsaaklik gemaak. Hierdie area is binne die

grens van die Porter-grond, maar buite sig van die skool, die gevangenes in die ou slawekwartier en so effe weggesteek agter die woning teen die nuuskierigheid van omstanders. (DRDLR 1918).

Ander behuising op die plaas het akkommodasie vir arbeiders voorsien. In die Pondokvallei naby die fontein was 'n kothuis waar Biempie<sup>28</sup> gewoon het (NASA, KAB 1885b; Diagram 33 Bylaag B). Die kothuis is naby die grens met Plumstead (later Buitenverwachting) in 'n bos geleë (1885b). Dit het ook 'n struktuur met 'n kraal gehad (1893b). Hutchins se posisionering van die struktuur met die kraal, wat nie benoem word nie, plaas dit binne in Pondokvallei.

Naas Biempie se kothuis was daar ook vyf ander huisies waarin arbeiders gewoon het (NASA, KAB 1883n; 1885b; 1893b). Hierdie huisies was binne die tuinery, net noord van die Ondertuine (1885b). Daar is 'n droë kol grond, soos die area waar die bloekomlaning is (1923). Laasgenoemde laning se strukture is in die laat 1890's vir die konstabels van die Tokai-tronk opgerig, nadat die huisies van die plaasarbeiders afgebreek is (1907a; DRDLR 1902). Die oorspronklike arbeidershuisies was waarskynlik eenvoudige strukture wat bo alle twyfel deur hulle self, maar met die medewete van die eienaars, Bastiaan en Japie Eksteen, opgerig is. Volgens ooreenkoms tussen die Eksteens en die arbeiders moes elke party 'n maand kennis gee indien die indiensneming opgeskort sou word. Daar was egter geen verhuuringsooreenkoms met enige huurders nie, aldus die koopkontrak. Die koopkontrak van 9 Februarie 1883 en by implikasie die nuwe eenaar, die regering, het aan die arbeiders 'n periode van tien maande gegee om hul produkte te oes (1883b). Dit suggereer dat die arbeiders aan die einde van die periode ander blyplek moes kry.

#### **4.11 Bosbou se kulturele nalatenskap, 1883 tot ca 1910**

Die vestiging van die Porter-skool en die gepaardgaande verdeling van die werf se geboue het Bosbou genoop tot die oprigting van behuising. Die geboue wat in die periode onder bespreking opgerig is, is 'n netjiese kothuis vir die tweede in bevel naby die tuine in 1886, die kliphuis in 1894, Bosbouhuisnr. Een, die woning van die distrikbosboubeampte, tesame met die kantoorgebou agter Huisnr. Een asook 'n kiosk, 1898-1899 en die skoolgebou en studente-akkommodasie, ca 1906. Arbeiderbehuising behels behuising vir dwangarbeiders op Tokai, Tafelberg en Groot Constantia, wat aanvanklik onder Tokai-bosboustasie ressorteer het, en ander arbeiderbehuising. Daar het ook personeel in die stalgebou gewoon (NASA, KAB 1897:19; Diagram 8, 33-4, 38-44 Bylaag B).

Een huisplan is in 1886 vir alle bosbouershuise deur die Openbare Werkedepartement opgetrek. Daarvolgens is begroot vir 'n tweeslaapkamerwoning met 'n ingangsportaal, sitkamer, eetkamer, spens, kombuis en 'n stoep onder dak (NASA, KAB 1886a). Die huis wat naby die tuine opgerig is, was vir Harman, wat tweede in bevel was. Harman was die bosbouer van Tokai-plantasie en die superintendent van die dwangarbeiders (1886:7) en moes na alle waarskynlikheid die woning ontruim vir Lister en sy vrou, wat

---

<sup>28</sup> Biempie se identiteit kon tot nog toe nie vasgestel word nie. Sterfkennisse van die familie verwys nie na so 'n persoon nie, ook nie die testament van Isabella Eksteen nie (NASA, KAB 1884e).

in 1885 in die woning ingetrek het (Lister 1960:82). Harman moes naby die dwangarbeiders woon, vandaar die verduideliking dat sy kothuis 15 minute se stap van die Tokai-woning was. Die woning vir Harman en sy gesin is in 1886 gebou (NASA, KAB 1887:7), wat suggereer dat hy en sy gesin in 1885 na of die jongenshuis of die stalkompleks verskuif is.

Die bosbouershuis wat vandag as Huisnr. Een bekend staan, is in 1898 opgerig. Bokant die voordeur is 'n plaatjie met die huisnommer “1” aangebring – vandaar die naam. Daar word geglo dat dit die eerste prototipebosbouerswoning in die land is. Volgens rekord is dit egter nie die geval nie. Dit wil voorkom of die bosbouerswonings te Diepwalle- en Duiwelspiekplantasies voor die Tokai-plantasie se woning gebou is (NASA, KAB 1894c;1895a). Ook is 'n kliphuis<sup>29</sup> in 1894 op Tokai opgerig (1895:55;Diagram 20 Bylaag B). Volgens 'n verslag oor behuising op Tokai, ca 1949, word die hoofhuis se nommer inderdaad as 1/1 en nie net “1” nie aangegee (1949b). Die rede vir die numering is onduidelik.

In 1898 is daar £600 vir die bosbouerswoning en kantoor begroot. Die werklike koste was £474/7/9. Die groot besparing is aan die vernuf van die superintendent, A.E. Gower, toegeskryf (CGH 1899a:5). Gower het die huis in die loop van 1898 met behulp van dwangarbeiders gebou, maar aansienlik van die bouplan wat hy ontvang het, afgewyk. 'n Lys van onvoltooide kwessies is in November 1898 deur die bouinspekteur opgestel, waarop Gower gereageer het dat hulle dit sou regstel. Die verslag verwys slegs na die kombuis, spens en solder (NASA, KAB 1898d; Diagram 38-9 Bylaag B). Daar is egter van die tweeslaapkamerplan afgewyk en die huis het net drie leefvertreke, naamlik een slaapkamer, 'n sitkamer en 'n eetkamer gekry (NASA, KAB 1908c). Gower het blykbaar verder gegaan en 'n kantoor met latrines en stoorkamers in 1898 aangebou ten einde die kantoor uit die klam en ongesonde gebou (die keldergebou) te verwyder. Hoewel hy nie van 'n bouplan vir die kantoor en stoorkamers voorsien is nie, is die werk as “fairly well done” beskryf (1898d;CGH1899a:5). Die tekort aan voldoende slaapkamers in Huisnr. Een lei tot 'n versoek in 1908 vir die aanbouing van nog 'n slaapkamer, want die twee buitekamers, wat in 1898 as stoorkamers opgegee is, is toe as bediendekamers gebruik (NASA, SAB 1908e;Diagram 40 Bylaag B). Dit blyk dat die verandering wel gedoen is, maar dat daar dan 'n derde versoek vir verandering in 1916 volg. 'n Erg geskeurde bouplan van November 1916 dui die latere voorgestelde veranderings aan (NASA, SAB 1916). Dit behels 'n westelike vleuel wat onder meer na 'n verskuiwing van die badkamer verwys. Volgens die bouplan kom dit voor dat die ekstra slaapkamer plus 'n sentrale badkamer na die versoek van 1908 wel aangebou is. Die huis is dus meer as eenhonderd jaar oud, maar het binne sy eerste twintig jaar verskeie aanbouings beleef. Die westelike vleuel is in 2012 omskep in die algemene kantoor van Tokai-park.

Die volgende struktuur wat opgerig is, is die skoolgebou van die Bosboukollege, South African School of Forestry in ooreenkoms met Regeringskennisgewing 1383 van 1905 (CGH 1906a:4). Hoewel daar veel

---

29 Die kliphuis het na 1892 in die Porter-grond geval (DRDLR 1902), maar is waarskynlik deur Bosbou benut, weens die verlies van akkommodasie wat met die perseelverdeling gepaard gegaan het.

gewag gemaak word van die geskiedenis van die skool<sup>30</sup>, is daar geen resultate van navorsing oor die studente se akkommodasie nie. Een van die eerste studente, A.J. O'Connor (1939), het in 1939 'n artikel oor die eerste klas van 1906 geskryf. Bennett (2013) het die politiek rondom die ontstaan beskryf; King (1938) het die skool se geskiedenis binne die ontstaan van bosbou in Suid-Afrika behandel en nie een van die genoemde skrywers verwys in 'n enkele woord na die studente se woonplek nie. Bennett (2013:83) fouteer deur af te lei dat al die geboue op Tokai eens aan die bosbouskool en sy opvolger verbonde was: “The buildings and arboretum would still give non-officer foresters experience of local conditions required to pursue the creation and tending of plantations of exotic species.” In 1905 is daar voorsiening vir tien inwonende studente op Tokai gemaak. Die studente sou op Tokai tuisgaan, hoewel hulle ook na Kaapstad moes pendel vir die onderrig van sekere vakke. Losies was £13/10s per termyn, maar 'n ekstra £5 is vir bed- en tafellinne gevra. Fooie was betaalbaar aan die Superintendent van die plantasie. Vyf losiesplekke sou vir studente van die ander kolonies van Suid-Afrika gereserveer word (CGH 1906a:4-5). Daar is dus onmiddellik 'n skoolgebou op Tokai opgerig, want die foto wat O'Connor (1939:108) van die eerste klas gebruik, word as 1906 gedateer. Hoewel daar in die amptelike verslag te kenne gegee word dat daar reeds akkommodasie beskikbaar was, word daar terselfdertyd nie verwys na enige spesiale geboue wat vir die doeleine opgerig is nie. Tog bewys 'n tweede foto dat daar tussen 1906 en 1910 'n gebou spesiaal vir die doel opgerig is. Die stoep van die veeldoelige gebou het oos gefront (Diagram 40-2, 43, Bylaag B; Scriba 2013:5). Nadat die bosbouskool na Saasveld verskuif is, het die skoolgebou as die kantoor van Tokai-plantasie gedien. Die gebou het in latere jare afgebrand. Van die oorspronklike gebou is slegs een pilaar van die motoroprit oor.

Die studente het van meet af aan op Tokai tuisgegaan. Die skool het op 27 Februarie 1906 met sewe studente begin (Bennett 2013:76), hoewel die foto in die O'Connor-artikel (1939:108) agt studente naas twee dosente en die superintendent van Tokai vertoon. In 'n memorandum van 1 November 1906 maak die koloniale sekretaris, Frederik Crewe, beswaar oor verskeie onreëlmatighede by die skool – onder meer vervoerprobleme en gepaardgaande tydsverlies wat studente tussen Tokai en Kaapstad ondervind, asook probleme rondom die dissipline van die studente op Tokai. Pogings is skynbaar aangewend om die skool bo ander kolleges te verhef en dit was onaanvaarbaar, soos die benoeming van die twee onderwysers, Hutchins en G.E. Wilmot, as professors (NASA, KAB1906r). Op die 1906-foto word twee onderwysers, Wilmot en J.S. Henkel, en die eerste agt studente voor die ingang van die gebou op die trappe afgeneem (O'Connor 1939:108). Ook Gower is op die foto. Hy was min of meer die administratiewe hoof, moes oor die gelde rekenskap gee en was by die praktiese aspekte van Tokai en die arboretum betrokke (CGH 1906:4-5). Henkel het Hutchins opgevolg en die foto is dus na Hutchins se vertrek geneem. Op O'Connor se foto is die dubbelhoutdeur oop. Die deurkosyn is van afgewerkte sandsteen gebou, ook die fonda-

---

30 Die S.A. School of Forestry het tot 1911 bestaan en toe doodgeloop. In 1912 het 'n skool op Tokai geopen om bosboubewaarders op te lei. In 1932 is die skool na Saasveld, George, verskuif as die Kollege vir Bosbouers. Dieselfde jaar is 'n graadkursus aan die Universiteit van Stellenbosch ingestel (Lückhoff 1973:27,29).



mente. Die drie of vier trappies, waarop die studente en twee onderwysers sit, is nie geveerde stene nie. Die muur is met growwe sement gespatverf, maar nie afgemessel nie. Dit was moontlik die eerste gebou, want die tweede skoolgebou in die artikel van Scriba (2013:5) het ongetwyfeld 'n stoep gehad. Dit het klipfondamente en is afgemessel. Die mure is ook afgewit. Die helfte van die gebou het 'n A-raamdak wat met Marseilles-teëls bedek is. Die noordelike helfte het 'n plat dak met 'n sentrale vertrek met drie lang vensters en twee vertreke op die flanke. Die ander vensters is kleiner skuifraamvensters van hout. Die verskillende dakke skep die indruk dat die gebou op een fondasie gebou is, maar in fases voltooi is. Die skoolgebou se oprigting is nader aan 1910 as 1907 vanweë die verskil van die gebou op die foto deur O'Connor gebruik.

Die gebou wat in O'Connor se artikel uitgebeeld word, kan moontlik verband hou met die huidige bystandskwartiere van brandweermanne. Die gebou is noordwes van die huidige stalle. Dit bestaan uit drie vertreke met deure wat noordwaarts front. Dit gebou het verskeie opknappings ervaar. Thorold (TMNP 2011:30) reken die gebou is in 1924 opgerig. Dit is 'n eenvoudige, reghoekige gebou onder 'n A-raamdak met betonasbestosdakplate. Die baksteenmure is geveerd, maar nie gespatverf nie. Thorold trek wel 'n verband tussen die gebou en die hekpilare. Dit is dieselfde hekpilare van die oorspronklike skool, wat op die foto van die tweede skoolgebou duidelik sigbaar is (Scriba 2013:5). Die bystandsgebou het groot metaalvensters op die eindvertreke en vensters in elke vertrek. Kortom, dit vertoon soos 'n skoolgebou. Die trap voor die westelike vertrek vertoon sterk ooreenkoms met die trap op die O'Connor-foto. Opvulling om die gebou behoort ondersoek te word. Die oorspronklike dubbeldeurkosyn is steeds sigbaar, maar is deels toegebou met 'n enkel deur en twee klein vensters aan weerskante (Diagram 42 Bylaag B). Daar was ongetwyfeld 'n skoolgebou buiten die gebou wat Scriba identifiseer. Dit blyk uit die ondersoek in 1920 na 'n perseel vir die woning van die assistentdistrikbosboubeampte. Twee persele wat aanvanklik oorweeg is, is die perseel net noord van die geboue (meervoud) van die bosbouskool, en tussen die bosbouskool se geboue en die Tokai-woning (NASA, SAB 1920a). Fondasies van blouklipstalle is sigbaar aan die noordekant van die bystandsgebou. Dit was moontlik die vorige muilstalle van bosbou.

Daar is wel 'n woning wat moontlik ook tydelike huisvesting aan studente of onderwysers kon gee, naamlik die kliphuis. Die huis word as die onderwyser se woning in 1932 aangedui (NASA, SAB 1932). Dit het later die woning van die klerklike voorman geword (1947a). Thorold (TMNP 2011:26) gee ca 1900 as die datum van oprigting aan. Hy beskryf dit as 'n kompakte villa met 'n dubbele staandak, gedek met Marseilles-teëls. Die boumateriaal word as semi-growwe klipwerk beskryf. Hy suggereer dat die metaalraamvensters 'n latere toevoeging is, ook die swaai van die voorstoep noordwaarts. Thorold trek egter nie 'n verband tussen die skoolgebou, soos in Scriba se artikel, en die kliphuis nie. Dit plaas die kliphuis en die skoolgebou se oprigtingsdatum vroeër. Die kliphuis is inderdaad in 1894 opgerig. Dit is as 'n viervertrekthuis van klip in die vrugteboord naby die kwekerye gebou. Die oppervlakte was 22 x 20 vt. en dit het £34/10/4 gekos. Die meeste van die werk is deur dwangarbeiders gedoen (NASA, KAB 1895:55).

Teen 1894 was die voorgestelde bouplan reeds beskikbaar. Laasgenoemde het egter vyf vertrekke sonder die ingangsportaal en die spens. Dit het 'n sinkplaatdak met 'n veranda of bedekte stoep (1886a). Die 1894-kothuis is waarskynlik met 'n grasdak toegerus. Dit is opgegradeer met dieselfde dak as die skoolgebou en is moontlik deur Wilmot of Henkel betrek. Beide was onderwysers van die bosbouskool in 1906. Henkel moes uit die Oos-Kaap op kort kennisgewing hervestig toe Hutchins na Kenia vertrek het en Wilmot het pas sy studies aan Yale voltooi (O'Connor 1939:108). Henkel is in 1905 deur Lister in sy plek as hoof van die Oostelike Bewaringsarea en terselfderyd as waarnemende assistenthoofbewaarder van Bosbou benoem (CGH 1906a:1).

Daar is ook 'n kiosk opgerig. Die plek word as langs die kwekery aangedui (NASA, KAB 1897b; Diagram 47,49 Bylaag B). Die kiosk sou in noodsaaklike behoeftes van die personeel van die Porter-skool en bosbou voorsien. Die struktuur kom op die 1931-kaart voor (HRC 1931). Vandag is daar slegs twee stukkies muur van die oorspronklike muur, wat die gebou omring het, oor. Die kiosk is einde 1898 met behulp van geskoolde dwangarbeid voltooi (NASA, KAB 1997b). Daar is 'n moontlikheid dat die posisie van die kiosk en die kliphuis met mekaar verwar word. Die beskrywing wat van die tweede kwekery se posisie gegee word, suggereer dat dit langs die bosbouershuisie onderkant die werf opgerig is (1895:55). Dit sou beteken dat die huidige kliphuis in 1898 as die kiosk opgerig is. Die kiosk is dan later in onderwyserakkommodasie omskep. Argitekenskennis is hier nodig, aangesien daar 'n potloodskets in die KAB van die beplande kiosk is (1897b). Die kwekery waarna verwys word, kan moontlik die kwekerygedeelte wat onder dak was, wees. (1900c). Dit is reg teenoor die Orpen-kompleks opgerig. Die kwekery is in 1892 vergroot en was gedeeltelik onder skadu en beskerm teen die suidoostewind. Die posisie van die kwekery word as langsaan of naby die klipkothuis van die toesighouer beskryf (1895:55). Ook op die skets van die kiosk is daar 'n verwysing na die kwekery (1897b) wat die verwarring verhoog. Dit is hierdie beskrywing wat die kliphuis onder die Orpen-kompleks plaas. Dit beteken dat klip as boumateriaal vir beide geboue gebruik is. Indien die bestaande kliphuis die 1894-woning is, is die kiosk regoor die Orpen-kompleks naby die grens met die Porter-skool opgerig. Dit lokaliseer terselfdertyd die kwekery wat deels onderdak was.

Akkommodasie vir werknemers was van die begin af 'n probleem. Gedurende 1886 is 'n kothuis, 13 x 13 vt. en bestaande uit drie vertrekke en 'n kombuis, vir die tweede in bevel of “sub-overseer” en sy gesin naby die tuine gebou (NASA, KAB 1887:5). Die huidige woning is aan die onderpunt van die Kamferlaning en die tuine wes van Orpenweg. Daar was twee tuine – 'n langwerpige tuin in die vleigebied net noord van die beginpunt van die kanaal en 'n ronde tuin onder die dam in die ou Pondokvlei (1885b). In 1899 word daar na die huis as “Harman's Cottage” deur Orpen verwys en Hutchins het presies geweet waarna verwys word. Harman was naas Lister, wat in 1885 in die plaaswoning ingetrek het, die tweede-in-bevel (Lister 1960:82). Hoewel daar 'n direkte wapad tussen die plaaswoning en die Ondertuine was (NASA, KAB 1883n,1885b), het dit verdwyn toe die Porter- gronde toegang tussen die kwekery en

Harmanshuis afgesny het. Harmanshuis kon dus na 1892 nie meer met 'n wapad bereik word nie - vandaar die aanbod in 1899 om 'n perdekarpad van 10 tot 12 vt. vanaf die kwekery verby die kompleks tot by die kothuis wat bekend staan as Harman's Cottage, te maak in ruil vir die uitvloeï van rioolwater van die Porter-skool in die bloekomplantasie oorkant die Prinskasteelrivier. Voorts het Porter-skool ook aangebied om 'n leivoor vanaf die Prinskasteelrivier langs die pad tot by die nuwe arboretum<sup>31</sup> te maak (1899e). Die gedetailleerde beskrywing in die voorgestelde ooreenkoms plaas die kothuis min of meer op die plek waar die bosbouerswoning vandag staan. Dit word bevestig deur die beskrywing van die bouperseel in 1923: “New building to be approximately 60 feet distance from and on the site of the old quarters adjacent to Orpen Road.” Die perseel is as gelyk en met 'n sandbodem van sowat drie voet beskryf (NASA, SAB 1923). In 1924 is 'n nuwe woning per kontrak deur 'n eksterne bouaannemer met sy eie personeel op die huidige perseel opgerig (1924). Di woning is mettertyd opgegradeer. 'n Foto verskyn op die flickr-fotoversameling van professor Brian Bredenkamp (ca 2011). Die gebou is verander en dit lyk tans soos 'n miniatuurweergawe van die Tokai-plaaswoning.

Dwargarbeiders wat sedert 1883 gebruik is, is in die slawekwartiergebou gehuisves. Soos reeds aangedui, is 'n ablusieblok in die middel aan die noordekant van die gebou opgerig (NASA, KAB 1885b). Die gerief is later verwyder. Alle veranderings aan die struktuur van die ou slawekwartier tussen 1883 en 1892 was om dwargarbeiders te huisves, en vanaf 1886 tot voordeel van die Bosboudepartement (1887:5). Die eerste kothuis vir naturellearbeid is in 1896 opgerig (Diagram 51 Bylaag B). Die kothuis, te same met die opknapping van die behuising van die “overseers” of bosbouers se wonings, het £116/12/1 bedra. Dit sluit die opknapping van die stalgebou se solder, wat ingetuimel het, in (1897:19). Dit het die behoefte aan kothuisies vir naturellebehuising beklemtoon. 'n Moontlike voorbeeld is 'n foto van 1900 (MA 1900b;c; Diagram 51). Hierdie strukture is lank reeds afgebreek. Ook is daar in 1900 'n gebou vir arbeiders wat met die builepes besmet was, gebou. Hulle is daar in afsondering gehuisves. Die gebou is in 1938 afgebreek (NASA, SAB 1938). Die perseel is onbekend, hoewel so 'n gebou op die terrein van die Tokai-hoofgevangenis was (DRDLR 1902).

Soos reeds genoem, is Tokai sedert 1883 met die Hoofweg, Retreat, verbind en die brug oor die rivier eers die volgende jaar voltooi (NASA, KAB 1884b:21;1885:4). Daar is aanvanklik net 'n voorlopige brug of laagwaterstruktuur oor die Prinskasteelrivier voor die Tokai-woning gebou (1885b;1893b). Dit het net 'n paar jaar gehou en was teen 1892 in 'n lendelamme toestand. Die voorgestelde plan, om dit met ysterstawe te herstel, is nie onmiddellik uitgevoer nie. Porter-skool het dit in Oktober 1892 op hom geneem om die brug te herstel, juis in die fase waartydens die verdeling van die grond onderhandel is. Eikebome van die ou promenade is vervolgens deur die skoolhoof, ene Johnston, laat afkap. Die bome was in die gedeelte wat aan Bosbou toebedeel is. Die gekapte eikebome was 'n mengsel van reguit en krom bome,

---

31 Naas die hoofarboretum is verskeie ander arboreta deur Hutchins aangelê (CGH 1901a:9). Hierdie arboretum was na alle waarskynlikheid die vrugteboomarboretum.

groenhout en die bas was nie verwyder nie. Bosbou se mense was uiters verontwaardig en Hutchins het die optrede aan die assistentkommissaris van die Departement van Openbare Werke gerapporteer (1892c). Die herstelplan van Porter-skool het nie veel tot die brug se heil bygedra nie. In 1896 is dit herbou. Hoër en sterker brughoofde is van klip gebou. Die brug is oorspan met ou spoorstawe wat op sederhoutdwarslêers rus. Die vloer van die brug, wat enige tyd vervang kon word, is met spoorwegdwarslêers gevoer. Dit is teen 'n koste van £33/8 uitgevoer (1897:19-20; Diagram 83 Bylaag B).

Die skoolhuis, ook bekend as die klipkerk, is 'n landmerk wat 'n verklaring verg (Diagram 93 Bylaag B). Die skoolhuis is vir twee doeleindes opgerig, naamlik as skool gedurende die week en twee keer per maand as gebou vir godsdienstbeoefening. Die skoolhuis is spesifiek vir beamptes se kinders opgerig en is in Junie 1902 teen 'n totale koste van £561/3/2 voltooi. Onderrig neem 'n aanvang op 23 Julie met mej. K. Johnson, dogter van die oorlede betaalklerk van die gevangenisdiens te Tokai, as onderwyser. Daar was 54 kinders. 'n Amerikaanse orrel is vir £36 vir die kerkdienste aangekoop. Die diens is deur ds. J. Roos, kapelaan van die gevangenisdiens, gelei (CGH 1903:8;liii). Roos het hom geruime tyd vir so 'n lokaal beywer en het die skoolhuis cum kerkgebou as 'n plek van aanbidding beskryf: “for which it is very suitable.” Hoewel die skoolhuis deur die gevangenisdiens opgerig is, kan aangeneem word dat kinders van ouers te Tokai-plantasie ook daar onderrig is. Die ontstaansgeskiedenis, soos blyk uit die amptelike verslag van 1903 en hierbo genoem, weerlê die agtergrondsgeskiedenis wat tot die monumentverklaring van Proklamasie nr. 2836 van 27 Desember 1985 aanleiding gegee het. Die opsomming wat die verklaring vergesel, meld dat dit moontlik 'n Herbert Baker ontwerp uit die laat 1890's is (SAHRA 1985a). Die perseel van die gebou, Area 2259, is direk aangrensend aan die Tokai-plantasie, Plaas nr. 1465. Die stukkie grond word as staatsgrond beskryf. Die gebou is sedert 1901 onder toesig van Orpen opgerig (CGH 1903:8;liii). Dit beteken Orpen het 'n skets gemaak en berekenings gedoen, soos wat hy met ander strukture gedoen het, bv. die badkamers aan die Tokai-woning (NASA, KAB 1898c). Dit kan wees dat Orpen se plan deur 'n argitek nagesien is, maar dit word nie in die verslag van 1902 oor die skool genoem nie. Orpen het op 5 Maart 1901 versoek dat die ondersekretaris van die Koloniale Kantoor onmiddellik soveel klipbouers, steenbouers en messelaars as moontlik aan hom moes stuur “... as we are greatly handicapped for want of skilled labour of all sorts.” (1901) Daar is onmiddellik vyf bouers gestuur, nog in dieselfde maand. Indien die gebou deur 'n regeringsargitek ontwerp is, sou die bou daarvan uitsluitlik aan Orpen en sy werkers toegelaat gewees het? 'n Bouverslag van Desember 1899 beklemtoon juis die onbevredigende toestand van bouprojekte sonder planne, maar dat alle planne aan die superintendent, dus Orpen, vir voorstelle van, en vir sy goedkeuring, voorgelê moes word (1899e).

Landmerke soos brandbane, paaie, die ruitepad, die kwekery, arboreta en die skepping van strukture wat met plantasiebeheer gepaard gaan, word in Hoofstuk vyf bespreek. Meganisasie met behulp van ploë en ander hulpmiddels word daarby betrek. Die eerste kwekery, brandbane, klein opgaardammetjies in die riviere, die arboretum en die ruitepad is van die eerste bosboustrukture wat gevestig is (NASA, KAB

1887:6). Die ontwikkeling van die plantasie het tasbare erfenis geskep. Dit sou nie sonder arbeid gedoen kon word nie en kan dus nie van arbeid losgemaak word nie.

Die gebruik van muile was algemeen op plantasies (Diagram 44,69 Bylaag B). Elke personeelid het sy eie perd gehad (NASA, SAB 1921b; Lister 1960:91). Die muile moes die ploë trek en goedere vervoer. Wanneer diere oud en afgeleef of ongeskik vir diens geraak het, is dit deur die veearts ondersoek en as botallig verklaar. Daar is gepoog om dit te verkoop, sodat ander diere aangekoop kon word. Diere wat te swak was, is van kant gemaak (NASA, KAB 1902f). In 1904 was daar 14 muile en een lam perd met geen perd om die karretjie te trek nie (1904a). Muile is toenemend benodig om behulpsaam te wees in die handel met hout (NASA, SAB 1909). Ook donkies is gebruik (1907d). Daar was een perdekar (1908) en een perd. Klaas Lucas, die eerste perd, het sy laaste dae in die hooikamp deurgebring, waarna hy in Julie 1894 verwyder is (NASA, KAB 1894c). Ook Diamond, 'n saalperd, kon nie 'n koper kry op sy oudag nie (1904a). Hutchins het sy rondtes as hoofbosbewaarder met 'n perdekarretjie, 'n "Cape cart", en 'n drywer gedoen, hoewel hy dikwels agter die karretjie aangedraf het om fiks te bly (Darrow 1977:13). Gower, die superintendent van Tokai, het sy eie perdekar gehad en dit ook vir amptelike werk gebruik. Dit het so verniel geraak dat hy op die ou einde vergoeding vir herstelkoste ontvang het (NASA, KAB 1903). Muile is tot 1983 op die plantasie gebruik (Aikman, Malan, Winter 2001:51).

## **4.12 Ongeskoolde arbeid**

Arbeid op die Tokai-grond kan losweg in drie kategorieë verdeel word: plaaswerk, bouwerk en plantasiewerk.

### **4.12.1 Plaaswerk**

Daar is reeds gewys op slawe voor 1836 en arbeiders na 1836 se take op die Tokai-landgoed in Hoofstuk 2. Die slawe het ook in 'n sosiale verband tot die opstal gestaan. Ten einde die gebruik van die slawekwartier 'n historiese inhoud te gee, word gepoog om inligting uit die slawerekord te gebruik. Dit gee ook perspektief op die impak van slawevrystelling vir Tokai, die plaas en sy mense.

Daar kan 'n verband getrek word tussen die hoeveelheid slawe en die huisgesinslede. Die Eksteen-gesin het uit die ouers en elf kinders bestaan waarvan twee (Petrus Michiel 1806 gedoop en Geesje Wilhelmina 1817 gedoop) vroeg oorlede is. Nege kinders se name word op Hester Anna se sterfkennis en in die boedelrekening van Petrus Michiel gelys (NASA, KAB 1836b;1842b). Daar kan aanvaar word dat die manlike huisslawe persoonlike lyfeienes van die mans op Tokai was. Die oudste seun, Hendrik Oostwald, was in 1834 reeds met Aletta Pallas getroud (Heese, Lombard 1989). Hy het sedert 1817 sy eie twee geregistreerde slawe, Cicero, 17 en Jan 6 jaar oud, gehad (NASA, KAB 1834).

Slawe-arbeid op Tokai word in 1834 losweg tussen vakmanne en arbeiders verdeel. Onder die vakmanne was daar Joemat (skoenmaker), Prins (kelderhoof), Francois 2 (wadrywer en koetsier), Berrie (koetsier), Laffreur 2 (kok, snyer<sup>32</sup> en algemeen), Samaai (naaldwerker en huishulp), Meij (messelaar en dekker) en vier huiswerkers: Moos, Paris, Willias en Jacob. Vier slawe, Josef, Jupiter (51j), Phillis en January, was veewagters. Tien arbeiders, Vrydag, Francois 1, Azor, Neptunis, Adam 2, Herwieg, Constand, Louis, Mattheus en Jupiter (13j) is waarskynlik vir arbeid soos spitwerk, natleiwark, druiwe pluk en pars en ander swaar plaasarbeid aangewend (NASA, KAB 1834a).

Die vroulike slawe was behalwe vir die vrouekok en wasvrou, Carolina, die naaldwerkster en breister Ainurantha en die sewejarige breister Dina 2, almal huishulpe, in totaal veertien. Teen 1834 het daar moontlik net drie vroulike Eksteens in die woning gebly. Die beskrywing van die vroulike huishulpe word deurgaans met die woord “meid” gedoen (NASA, KAB 1834a). Dit suggereer 'n wye omvang van take waarvoor die vroue net geredelik moes instaan – na alle waarskynlikheid van lyfeienes tot hulp op die plaas. Die twee ongetroude dogters, Elizabeth H.J. en Hester Anna was in 1834 onderskeidelik 24 en 20 jaar oud. Albei was waarskynlik by die bestuur van die woning betrokke, wat aan hulle bepaalde status ten opsigte van al die slawe in en om die huis sou gegee het. Die vroueslawe het in die woning in die vertrek, die Herwig-kombuis, geslaap (1842b), waar hulle as 't ware deel geword het van 'n huiskultuur, maar ook geleentheid gekry het om moontlik hul koskultuur met dié van die huismeesteres te vermeng (Shell 1997:261).

Die Eksteens het wel slawekinders van hul moeders geskei. Petrus Michiel Senior het op 18 Februarie 1834 twee slawe aan Anna Catharina en William Duckitt oorgedra, naamlik Candice, 26 jaar en Sara 3 jaar oud en vier maande. Sara 3 was die slawedogtertjie van Rebecca. Rebecca was ses jaar oud toe sy op 11 Februarie 1819 by Eksteen ingeskryf is. In 1834 was sy dus 25 jaar oud toe sy van haar dogtertjie moes afskeid neem. Anna Catharina, oudste dogter en tweede kind, was teen 1834 reeds met Duckitt getroud. Sy het sedert 1819 twee slawe besit, naamlik Robia, 10 en Philida, 1 jaar oud (NASA, KAB 1834).

Daar is ook rekords van slawe wat gesterf het. Tussen 1817 en 1836 het 19 slawe en slavinne, waaronder die kindjie Poris, 10 maande in 1820 en Jacob, 'n kinderslaaf van 9 jaar en 8 maande in 1826, gesterf (NASA, KAB 1834). Die slawe se registrasie word egter net van 1817 geboekstaaf, hoewel daar ook aktes voor 1817 in die Aktekantoor is. Dit is nie hier geraadpleeg nie. Die feit dat daar bykans elke jaar 'n slaaf gesterf het, moes 'n neerslagtige effek op die groep slawe gehad het. Dit het ook groter druk op die arbeiders geplaas, tensy nuwe slawe aangekoop word om die werkslas te verlig. Wat tot die sterftes aanleiding gegee het, is onseker. Agt van die 17 volwasse slawe was 45 jaar en ouer.

---

32 Snyer is 'n naaldwerker (Kruyskamp 1961:1847).

## Die voorkoms van sterftes met die verrekenende ouderdom van P.M. Eksteen se slawe, 1819-1834

1819	Dawid 70j	1826	Jacob 10
1820	Aron 39, Castor 53, Agatha 38	1827	Banisa 37, Nimrod 55
1821	Bachus 27, Sara 2, 40	1828	Laffreur 56
1822	Castor 65	1831	Dina 1, 53
1823	Jupiter 41	1834	Prins 45, Annet 35
1825	Brutus 48, Azor 33, Sara 1, 41	1834	

(NASA, KAB1834).

Slawe het verhoudings gehad en kinders is in ballingskap gebore, ook op Tokai. Die kinders se moeders<sup>33</sup> word net hier en daar genoem, terwyl daar glad nie rekenskap van vaderskap gedokumenteer is nie. Slawe kon met instemming van die meester trou met die instelling van Ordonnansie 19 van 1823 (Shell 1997:320). Eksteen het of nie toestemming gegee nie, of die slawe weerhou van inligting omtrent huweliksreg vir slawe, of dit was praktyk om dit nie aan te teken nie. Die aanwas van tien kinders op Tokai na 1823 word nie met die vader verbind nie. Die kinders se slaweouers was dus nie getroud nie (Figuur 14 Bylaag A).

Kindertjies is as slawe geregistreer in ooreenstemming met hulle moeder se status as 'n slaaf (Shell 1997: 295). By die vrystelling van 'n vroueslaaf het haar kind ook vryheid gekry (:298). Registrasie van kinders op Tokai is in 1834 gedoen (NASA, KAB 1834). Aanvanklik is die kindertjies geregistreer sonder dat die moeder se naam of standplaas genoem word. Hier word agt kinders van agt jaar en jonger gelys:

Damon, 3 en Phillis, 11 maande, ingeskryf op 31 Januarie 1817. Carolina, 8, en Rachel, 6, Jacob, 2 jaar en 8 maande, ingeskryf op 11 Februarie 1819. Jacob sterf sewe jaar later. Adam 2 word op 11 Februarie 1818 gebore en op 25 April 1819 ingeskryf. August, gebore 27 Januarie 1818, word in 1820 geregistreer en Marie, gebore 12 Desember 1823 in 1824.

Sewentien moeder-kindverwantskappe tussen 1818 en 1834 word wel gegee. Die moeders was die eienom van Eksteen (senior). Daar kan aanvaar word dat vroueslawe tydens swangeskappe nie anders be-

---

33 Shell (1997:305-6) berig dat slawemoeders spesifiek aangekoop is as soogmoeders vir die eienaar se jong kinders. Tussen 1814 en 1821 is die vyf jongste kinders van die Eksteen-egpaar op Tokai gebore (Figuur 2 Bylaag A).

handel is as ander slawe nie. In 1831 was daar drie vroue gelyktydig swanger en het binne ses weke van mekaar geboorte geskenk. Soortgelyk is daar telkens twee vroue in 1817/18, 1820/21 en 1833/34 gelyktydig swanger en skenk binne 'n maand uit mekaar geboorte (Figuur 24 Bylaag A;NASA, KAB 1834).

Die slawe se vrylating het die Eksteens sonder plaas- en ander arbeiders gelaat. Eksteen se kompensasiëgeld is op 24 Augustus 1836 deur sy seun, H.O. Eksteen, afgehaal. Dit is twee maande voor Hester Anna se dood op 30 Oktober 1836 (NASA, KAB 1836a;b). Die uitbetaling van die geld sou nie ongesiens by die slawe verbygegaan het nie en hulle het waarskynlik en masse padgegee. Dit blyk ook uit die sensus van 1837 dat daar geen slaaf meer op die plaas oor was nie. Die vertrek van al die slawe suggereer dat daar nie een slaaf was wat op Tokai wou agterbly nie. Hoewel dit deur navorsers as 'n bewys van swak behandeling deur die Eksteens gesien kan word en/of 'n vorm van weerwraak, moet daar ook rekening gehou word met die gees van bevryding wat onder die slawe in die Wes-Kaap geheers het (Liebenberg 1959:88). Bewegingsvryheid het slawe van die omliggende plase in die Kaapse distrik na Kaapstad laat stroom. Uit die oorgawe van Joemat aan die owerhede kan afgelei word dat Eksteen eerder die slawe se wangedrag aan die owerhede gerapporteer het as wat hy self die slawe gestraf het (NASA, KAB 1831).

#### **4.12.2 Bouwerk**

Fairbridge (1922:19) reken vakmanne in die boubedryf aan die Kaap was almal Maleiers wat deur oorlewering hul tradisie van die eerste voorgeslagte afkomstig uit die Ooste ontvang het. Hulle sou dan die boubedryf in hul hande gehou het (Fairbridge 1922:19). Fairbridge se aanname word egter getemper met die hoeveelheid kontrakte wat deur die regering aan gespesialiseerde bouers buite die Maleiergroep se bouers uitgegee is (Roy de Puyfontaine 1972:4,5,25,29-30). Ook was Thibault<sup>34</sup> nie beïndruk met die vakmanskap van die Maleier- en slawebouers nie. Werk is as “faulty, ridiculous and doubtly expensive” afgemaak waar byvoorbeeld die Burgerraad eerder die groep arbeiders bo die dienste van argitekte bekom het (:27). Eksteen se finansiële posisie het hom genoop om van slawebouers gebruik te maak. Soos reeds aangetoon, was die ontwerp van die huis waarskynlik deur 'n meesterbouer en tekenaar in Kaapstad gedoen. Bouwerk in die Volksboustyl, soos die jongenshuis, slawekwartier, kelder en stalkompleks, asook hokke, ringmure, kampe en leivore, is ongetwyfeld deur slawe verrig. Ook die versameling van skulpe en die breiwerk van klei vir stene is deur slawe verrig (Shell 1997:164-5). Die messelwerk aan die trappe is waarskynlik deur 'n meestermesselaar, soos Herman Schutte, Mocke of studente van die Tegnieuse Instituut gedoen.

---

34 Tydens Thibault se laaste diensjare onder die Kompanjie moes Thibault op arbeiders steun, nadat werkers in 1793 weens finansiële druk afgelê is. Hy het daarop aangedring dat 'n meesterbouer oor die arbeiders toesig moes hou (Roy de Puyfontaine 1972:5). Ander meestervakmanne waarmee Thibault saamgewerk het, was J. Spammer, 'n sleutelmaker; meestertimmermanne Browham, Dekenah en Jacobus Stofberg; verwer Stockroot; kontrakteurs A.B. Daniel, Johan Diehl en Toussaint; meesterbouer en (klip)messelaar Herman Schutte; baas-messelaar Anthonie Schoonhuizen en meesterbouer Jan Godfried Mocke (:18,26,27,30).



Daar was baie bou- en onderhoudswerk aan strukture op plase. Kaapse huise is omtrent jaarliks afgewit en die strooidakke gereeld herdek. Slawe wat vakmanne was en spesifiek as messelaars gewerk het, was waarskynlik hoog op aanvraag. Soos reeds daarop gewys, toon die slawerekord wat maar die laaste paar jaar van die slaweperiode bygehou is, dat Petrus Michiel Eksteen 'n voltydse messelaar en dekker op die plaas Tokai tussen 1825 en 1836, dus tot en met die afskaffing van slawe, besit het (NASA, KAB 1834a). Cloete van Constantia het onder meer 44 slawe sedert sy aankope van die plaas in 1778 aangekoop, maar daar word nie 'n bouer of messelaar apart in sy opgaaf gelys nie (Schutte 2003:148,150). Ook J.N. Colyn van De Hoop op Constantia se jaarlikse opgaaf maak voorsiening vir onderhoudswerk aan strukture, maar hy sluit dit in by die jaarlikse rekening van smeerwerk, waens “en andere bouwgereed-schappen” (Schutte 2003:112). Na 1850 is die onderhoud van geboue op Tokai deur stukwerkers voortgesit (NASA, KAB 1883b), soos wat Eksteen (senior) in April 1849 gedoen het toe hy 'n dekker en 'n messelaar vir een maand gehuur het (1842b).

Die instandhouding van die geboue is sedert 1883 deur die Departement van Openbare Werke onderneem. Dwangarbeiders van die Breekwatergevangenis was dan ook die eerste inwoners op die plaas nadat die buitegeboue as gevangenis ingerig is. Verblyf het vanaf 9 April tot 29 Desember geduur. Die gevangenes is as padwerkers gebruik. Hulle moes deur die los vlaktesand en vleiagtigheid 'n pad bou wat toegang vanaf Retreat-stasie na Tokai verleen (NASA, KAB 1884d:XIII).

Nadat Orpen superintendent geword het, is bouprojekte gewoonlik deur hom aangevoer en deur gevangenes wat as bouers opgelei is, uitgevoer, of deur werkspanne van die Openbare Werkedepartement, byvoorbeeld die toevoeging van 'n badkamer aan die Tokai-woning (NASA, KAB 1898c;1900b). Dwangarbeiders is vir bouwerk, timmerwerk en die maak van stene gebruik (1904;g). Finale goedkeuring aan bouplanne vir die groter Tokai-gevangenis is eers aan Orpen gegee, waarna die projek op gesag van die bouinspekteur van die Departement van Openbare Werk teruggeplaas is na Orpen wat dit dan uitgevoer het (1899e). Waar Orpen te min bouers of spesifiek klipbouers onder die gevangenes gehad het, het hy bouers aangevra, soos met die bou van die skoolhuis in 1901 (CGH 1903). Die totale versekeringsbedrag van al die geboue van die Gevangenisdiens op Tokai, uitgesluit die woonhuis, stalkompleks, oorspronklike slawekwartiere en die jongenshuis, het ongeveer £35,000 bedra (NASA, KAB 1907a). Dit verklaar nie die komponent wat aan arbeid spandeer is nie: dit was die minimum. Dwangarbeid was goedkoop arbeid. Boonop is daar 'n omvattende infrastruktuur van sipiers en konstabels, mediese diens en hulle akkommodasie en kosverbouing en -voorsiening op die Porter-grond gevestig. Die sametrekking van soveel mense het 'n enorme las op die natuurlike hulpbronne van die omgewing geplaas. Dit word kortliks in Hoofstuk vyf aangeraak.

Bosbou se geboue is ook deur die Departement van Openbare Werke, maar met behulp van dwangarbeid onderneem. Die woning van die superintendent van die plantasie, wat later die distriksbosbouer se woning geword het, is uitsluitlik met behulp van dwangarbeiders onder aanvoering van die bosbousuperin-

tendent van Tokai, Gower, gedoen. Die hoofinspekteur het die bouwerk van die gevangenes as “...to have been fairly well done” beskryf (NASA, KAB 1898d;MA 1902;1902a). Bosbou het ook van Orpen se bakstene gebruik, soos tydens die tweede herstellpoging van die stalkompleks in 1904. Orpen het ook 'n dwangarbeider wat 'n messelaar is, voorsien, maar Bosbou moes die messelaar betaal – 1/6 per dag (NASA, KAB 1904a). Op daardie wyse is die Departement van Openbare Werke aansienlike kostes bespaar. Dwangarbeid vir Bosbou op Tokai is in 1911 opgehef met die sluiting van die Tokai Manor Convict Station, hoewel Lister onmiddellik vir 60 gevangenes probeer organiseer het (NASA, SAB 1911).

### 4.12.3 Dwangarbeiders

Hoewel Lister in sy skrywe aan die Minister van Onderwys in 1911 meld dat Bosbou vir die afgelope 25 jaar van dwangarbeid op Tokai gebruik gemaak het (NASA, SAB 1911), was dit nie altyd die geval nie. Dwangarbeid is dikwels op kort kennisgewing onttrek en dit het die werk in die plantasies en kwekery op Tokai summier tot stilstand gedwing. Ook was die dwangarbeiders 'n twispunt tussen die besture van die Gevangenisdiens en Bosbou. Orpen se onwilligheid om dwangarbeiders aan Bosbou beskikbaar te stel (1906b), suggereer die verhoogde spanning tussen die twee grondbesetters.

Die erkenning van gevangenes as kwekery- en plantasiewerkers, “a new mode of utilizing the services of a number of them”, is eers in 1885 amptelik goedgekeur (NASA, KAB 1886b;Diagram 91 Bylaag B). Dwangarbeiders was egter steeds by padmaak betrokke. Juis die feit dat Harmans se posbenaming verander, bevestig dat gevangenes by die uitleg van die kwekery betrokke was, maar nie as plantasiewerkers nie. In 1884 word daar melding gemaak dat die sipier in bevel van die prisoniers, Johnson, as Superintendent van die Porter-skool - toe nog op Vlakkenberg - aangestel is. Dit het die gevangenes op Tokai sonder toesig gelaat. Gevolglik is Harman se pos verander na bosbouer en sipier, naamlik “Forest Ranger and Superintendent of Prisoners”. Maar die gevangenes moes paaie maak en strukture bou. Hulle het Bain, die inspekteur van paaie, gehelp met die bou van 'n voetpad vanaf Constantia-nek tot bo-op die agterste tafel van Tafelberg. Op Tokai is brandbane, wat ook as muilpaaie moes dien, uitgemeet en gemaak sodat die eerste aanplantings gedoen kon word. Op Tafelberg is 'n kothuis vir die bosbouer en 'n barak vir vyftien prisoniers gebou terwyl 'n satellietgevangenis op Groot Constantia gebou is. 'n Kwekery is bo-op Tafelberg aangelê en die eerste aanplantings daarin gedoen. Die beheerstasie vir al die funksies van die dwangarbeiders was op Tokai (1885a:6-7).

In 1885 is slegs vyftien gevangenes as 'n eksperiment na Tokai, vyftig na Kluitjeskraal<sup>35</sup> en agt na Tafelberg gestuur om te sien of hulle as plantasiehulp gebruik kon word. Tokai se prisoniers het geleidelik tot vyftig toegeneem. Dit was ongeskoolde arbeid en Harman het hulle diens in die kwekery gebruik (NASA, KAB 1886b:7). So is die patroon van dwangarbeid op Tokai gevestig. Hoewel plantasiewerk

---

35 Bosboustasie by Cereswegstasie, later Wolseley, gestig in 1884 (CGH 1907:11) en is aanvanklik bereik deur met die trein tot op Wellington te ry en vandaar met 'n perdekar deur Bainskloof (Lister 1960:78).

ongeskoolde arbeid veronderstel, is daar tog 'n vaardigheid in die aanplanting van saailinge en jong boompies en die saai van saad. Ook is onkruid verwyder. Die plantasies is met pik en grawe skoongemaak, grond is op die vlakte opgewerk en ondergroei is weggesny. Hulle was ook verantwoordelik vir die skoonmaak van brandbane en moes instaan as brandslaners indien nodig (1890:45).

Ongeskoolde dwangarbeid het spoedig onontbeerlik geraak. In 1888 is die gevangenes tydens 'n baie strawwe winter na die Breekwatergevangenis teruggestuur, sodat daar 'n nuwe vloer in hul barakke gelê kon word. Vir vyf weke was daar geen arbeiders op Tokai nie en daarna het die getal geleidelik toegeneem, maar sonder om die kwota van vyftig arbeiders te handhaaf (NASA, KAB 1889:13). In Oktober 1891 is die werk net tot stilstand gedwing toe die arbeiders met 'n paar uur se kennisgewing uit die plantasies verwyder is. Dit het tot groot ontwrigting gelei. Boonop was dit onmoontlik om werkers in die vrye mark in die hande te kry. Dit was die tyd van die jaar waarin vryemarkarbeiders as stukwerkers op plase in diens geneem is. Al werk wat op Tokai gedoen kon word, was noodsaaklike werk in die kwekery (1892:90). Siektes soos builepes het gereeld op Tokai-plantasie uitgebreek. Dit het veroorsaak dat groot groepe gevangenes buite aksie was. Tydens een so 'n geleentheid is Fingo's van die Peddiestam uit die Oos-Kaap ingevoer. Die resultaat was totaal onbevredigend, want “ their outturn of work was below that of convict and local free labour, while their demands for increased pay unceasing. They were finally, at heavy outlay, returned whence they come.” (1896:15) Hutchins was ooglopend nie tevrede met die trekarbeiders nie. Die gebruik van dwangarbeiders daarenteen was duidelik aanneemlik en suksesvol.

Dwangarbeiders het sedert 1892 'n begrotingsuitgawe geword. Na bemiddeling in 1892 het Tokai 30 dwangarbeiders gekry wat een sjieling per werksdag betaal moes word (NASA, KAB 1893:6). In 1898 is dit verhoog tot een sjieling en ses pennies per werksdag (CGH 1899:2). Bosbou was genoodsaak om te meganiseer en het reeds in 1892 twee ploë, die Planet Jr.-perdeploeg en die Planet Jr. dubbel wiel handploeg, vir Tokai aangekoop en begin gebruik. Dit het 'n merkwaardige besparing aan arbeid teweeg gebring en grootliks die graaf en skoffelpik in ou aanplantings vervang (NASA, KAB 1893c:6). Die ploë is daarna ook vir die onderhouding van die brandbane gebruik. Muile is as trekdier gebruik, ook vir die nuwe Ransome-ploeg en twee Amerikaanse êe waarmee 26 akker plantasies skoongemaak is, een myl brandbaan geskraap en 51 akker omgeploeg is. Dit het 65.5 pennies per akker gekos. Die koste vir twee maande vir die skoonmaak van brandbane en skoffel met pik en graaf in die klowe waar die ploë nie kon kom nie, het £74 bedra. Dit was hoofsaaklik arbeidskoste (1894:5-6). In 1895 het die ploeg met behulp van tien muile 200 dae van die jaar gewerk, terwyl die eg net vir sewentig dae gebruik is (1896:10). Implemente is egter nie aan dwangarbeiders toevertrou nie, maar vryemarkarbeiders het dit hanteer (1896:15;CGH 1900a:10). Tog kon die ploë nie handarbeid uitskakel nie. Ook moes vryemarkarbeiders bygehuur word. In 1893 het arbeid £668/19/9 uit 'n totale uitgawe van £1,096/11/3 bedra (NASA, KAB 1894:9). Hutchins het in 1898 voorgestel dat dit meer ekonomies sou wees om arbeiders uit Lombardye, Toskane of Gaskonje in te voer en hulle 'n sjieling meer per dag te betaal ten einde vaste werkspanne te

verseker (CGH 1899:2). Dit was duidelik dat die tekort aan dwangarbeid, maar ook die betaling van dwanarbeiders 'n groter wordende probleem was – vir alle bosboustasies, maar ook vir Tokai in besonder. Orpen het mettertyd daarop aangedring dat bewyse van betaling vooruit gemaak moes word, maar terselfdertyd vereis dat Bosbou nie die praktyk van dwangarbeid ophef nie (NASA, SAB 1906b). Terwyl ander plantasies, soos Duiwelspiek, gratis dwangarbeiders gekry het, was die Gevangenisdiens nie bereid om dit op Tokai toe te laat nie. Hutchins het vervolgens in Augustus 1906 aan Lister voorgestel dat dit beter sou wees dat Bosbou in geheel wegdoen met dwangarbeiders en het dit vir 'n tydjie in 1906 op Tokai opgehef (1906d). Ook Lister kon nie die probleem oplos nie en in die loop van 1907 is jeugdiges van die Porter-skool in diens geneem (1908a).

Twee faktore, die prys en beskikbaarheid van dwangarbeid, het nie positief vir Bosbou verander nie, al het Hutchins die Kaap in die tweede helfte van 1906 verlaat. Ook het die werkslading op Tokai toegeneem en metodes van meganisasie is al hoe meer ondersoek. In 1908 het G.A. Wilmot, die distriksbosboubeampte van Tokai, voorgestel dat daar in 'n stoomenjinn belê word. As redes het hy aangevoer dat die los hout rondom en onder ouer wordende bome die groei benadeel. Hy het die hout wat verwyder moes word, op sowat 500,000 kubieke voet beraam. Hoewel 'n aanvang van die werk deur jeuggevangenes gedoen is, het die koste daaraan verbonde die wins wat uit die brandhout gemaak word, aansienlik laat krimp. Die oesting van hout is as 'n gestadigde proses, wat tyd en geld vreet, beskou. 'n Meganiese motor sou net meer ekonomies wees, ook vir die opsaag van hout. Saagbanke is toe reeds met stoom aangedryf. Ook is dit van 'n voerband voorsien (NASA, SAB 1908a). Die plan is egter deur Henkel, assistent-streeksbosbewaarder, Wes-Kaap, teengestaan. Hy het gevoel dat die toenemende hoeveelheid brandhout wat verkoop word, die winsgrens opstoot (1908b).

Om jeugdiges van die Porter-skool as dwangarbeiders te gebruik, is van meet af aan teengestaan, omdat daar gevrees is dat die jeugdiges met geharde volwasse misdadigers in aanraking sou kom. Die jeugdiges was kwesbaar en kon maklik beïnvloed word (NASA, KAB 1889a:2). Desnieteenstaande is jeuggevangenes vanaf 1899 toegelaat om teen 1 sjieling per werksdag te werk, maar in die afwesigheid van volwasse dwangarbeiders. Ook is vryemarkarbeiders in diens geneem, maar slegs vir die hantering van implemente (CGH 1900:10;Diagram 92 Bylaag B). Daar was net later nie meer 'n alternatief nie en toe jeuggevangenes in 1908 in die plantasies moes werk, was dit onbevredigend. Hulle moes die hout afkap en verwerk. Daar was ook saagwerk van afgekapte hout in pale en sparre waarna dit weer gekap is as brandhout. Hulle word egter as swak houtkappers beskryf. Die byle se handvatsels en die sae is gebreek en hul werksverrigting was laag. Op die ou einde is die beste kappers in een span geplaas om ten minste net 'n voorraad van brandhout op te bou (NASA, SAB 1908a).

Die dwangarbeiders wat deur Bosbou op Tokai gebruik is, het in 'n sattelietgevangenis, die “Forest Outstation”, gewoon. Dit het ook as die “Tokai Manor House Outstation” bekend gestaan (NASA, KAB 1899b;e). Die huis by die hek na die Porter-perseel, ook genoem Orpen-kothuis, is in 1898/99 as akkom-

modasie vir die konstabels gebou (1899b). Die ou slawekwartier was reeds as gevangenis ingerig en dit het waarskynlik voor 1899 reeds 'n eetkamer gehad (DRDLR 1902). Daar was 120 prisoniers en 17 beamptes wat elke dag drie maaltye gekry het (NASA, KAB 1900a). Die “Forest Outstation” is in 1899 ontruim toe die gevangenis na die hooftrunk van Tokai oorgeplaas is. Die gebou was aan die oorkant van die plaas, noord van die Ondertuine (DRDLR 1902). Die stap het dit waarskynlik moeiliker vir Bosbou gemaak om beheer oor die dwangarbeiders uit te oefen. Die Tokai-gevangenis is spoedig en grotendeels as akkommodasie vir krygsgevangenes aangewend, hoewel heelwat persone in 1902 na Grahamstad toe oorgeplaas is (CGH 1903:xv). Orpen het moontlik probleme ondervind om in die arbeidsbehoefte van Bosbou te voorsien. Die gevangenis by die Tokai-woning is in 1902 met jeuggevangenes gevul (CGH 1903:xiv).

Die toestand van die gevangenis vir dwangarbeiders was swak en ongerieflik, weens die ouderdom van die gebou. Dit het wel toilette gehad (NASA, KAB 1893a), maar die prisoniers moes hulle waarskynlik in die watervoor agter die kompleks onder toesig van die konstabels was. Hulle moes ook self hulle klere was en het in 1899 'n sementblad vir die doel in die watervoor op die plek waar die konstabels oor hulle kon toesig hou, gekry (1899a). Die brief verwys uitdruklik na 'n watervoor en nie die rivier nie. Die Vlagstokrivier is in der waarheid na die dam en later die reservoir van Porter-skool herlei. Ook is daar 'n watervoor reguit verby die jongenshuis en die slawekwartier aan die noordekant gegrawe. Die terrein by die watervoor getuig self dat die rivier herlei is – persoonlike waarneming, 22 November 2011. Daarteenoor is drinkwater van 'n klein dammetjie in die Asrivier met 'n pyp na die Tokai-woning, inspeksiekwartiere (jongenshuis) “ens.” wat ook die gevangenis kompleks insluit, herlei (1902). Dwangarbeiders moes self elke oggend hul slopemers, wat in die stalgebou gestoor is, gaan afhaal en saamdra na die perseel waar hulle gewerk het. Saans moes hulle self die emmers terugbring. Dit is iewers op die werf in 'n dreineringsput deur die dwangarbeiders geledig en skoongemaak (1904b). Dit is dus geen wonder nie dat die water op Tokai besoedel geraak het en tot die gereelde voorkoms van ingewandskoors onder die ingesetenes gelei het (CGH 1899a:5).

Dwangarbeiders was ook voortdurend onderhewig aan straf vir onbevredigende gedrag. Na vier oortredings moes die prisonier voor die besoekende magistraat verskyn. Waar jeuggevangenes positief tot drie of vier dae in afsondering gereageer het, was lyfstraf met 'n rottang by almal gevrees. 'n Sekere prisonier wat as jeugdige ingekom het, maar weens sy ouderdom na die volwasse trunk oorgeplaas is, se dissiplinerekord oorspan ook plantasiewerk. Hy het in sewe maande 23 oortredings opgebou. Vervolgens is hy na Kluitjeskraal oorgeplaas om daar dwangarbeid te verrig. Binne vier maande het hy weer vyf oortredings begaan. Sy gedrag het tot 'n departementele ondersoek aanleiding gegee. Weens onwrikbare getuienis, ook van ander gevangenes, en hy is na 'n mediese ondersoek tot lyfstraf deur die besoekende magistraat gevonniss: “To receive 20 cuts with a cane on his bare buttocks.” (NASA, KAB 1910) Daarteenoor is dwangarbeiders as 'n groep beloon. In 1889 is tabak aan hulle vir uitstekende gedrag aan brandslaners

uitgedeel (NASA, KAB 1889d). 'n Gevangene, D.S., wat vir vier jaar getrou en nougeset boomnaamplaatjies gemaak het, is met £4 beloon (NASA, KAB1902e).

Tussen reëls en regulasies van en die onderlinge swak verhouding tussen staatsdepartemente, het heelwat projekte gesneuwel. Een hiervan was die aanwending van Anglo-Boereoorlogkrygsgevangenes as gratis-arbeid in die kwekery. Die Koloniale Sekretaris het 'n versoek aan Bosbou gerig en gevra of hulle nie krygsgevangenes wat vrywillige diens aanbied, in die plantasies kon gebruik nie. Dit mag egter nie dwangarbeid wees nie. Bosbou was gretig om werk aan politieke gevangenes te gee, maar kon nie die mense betaal nie, behalwe die toesighouers. Daar was genoeg werk vir sowat 200 persone, maar aangesien Tokai deur die publiek besoek word, hoewel met toestemming, was dit 'n reskante onderneming. Derhalwe is op werk vir 'n klein groepie in die kwekery besluit. Dit was die veiligste plek, daar was koelte en een area was inderdaad met doringdraad afgesper. Dit het toesig en beheer ook vergemaklik. Daar is toe ooreengekom dat veertien persone in aand- en oggendskofte sou werk. Op 14 Desember is die ooreenkoms oor die aanwending van die krygsgevangenes voltooi. Al wat ontbreek, was die bevestiging van die onderneming deur die Departement van Justisie. Op 22 Januarie 1901 antwoord die Onderkoloniale Sekretaris dat hy verheug is oor die aanbod, maar dat dit nie die regte oomblik was om die mense buite te laat werk nie (NASA, KAB 1900c). Krygsgevangenes is dus nie op Tokai-bosboustasie as arbeiders gebruik nie.

Of dwangarbeiders dit werklik makliker as slawe gehad het, word betwyfel. Kaarte toon 'n natuurlike-begraafplaas aan (HRC 1931). Die posisie is in die omgewing van die selfoontoring naby die grens met Buitenverwachting, waarskynlik op die grond wat aan die Provinsie van die Wes-Kaap behoort, want Porter-grond is later aan die provinsie oorgedra. 'n Persoonlike soektog na die begraafplaas het niks opgelewer nie. Daar is geen merkers wat die plek aandui nie. Dwangarbeiders wat aan builepes en ander infeksies oorlede is, is moontlik daar begrawe.

#### **4.13 Die legende en die spookstorie**

Tydens die bespreking van landmerke in Hoofstuk 1 word aangetoon dat die naam van die grot, Prinskas-teelgrot, die naam van die Prinskasteelberg (Trotter 1903:307; Archdeacon 1949) gedra het. Hoewel Trotter noem dat daar 'n verskil van opinie onder vroeë skrywers oor die oorsprong van die naam van die grot was, maak sy nie melding van die legende wat rondom die naam sou ontstaan nie. In die legende van die prinses van 'n inheemse groepering word die grot 'n vesting genoem wat aan die prinses sou behoort het (Burman 1962:98). Hierdie triviale interessanthede omvat die verbeeldingryke wêreld van Tokai se verlede, waarskynlik juis omdat die navorsing slegs enkele landmerke na willekeur betrek. Die legende het op 'n ongefundeerde wyse aan Tokai se plekname gekoppel geraak. Die gevolg is dat dit nie geïgnoreer kan word nie.

Die legende word klaarblyklik die eerste keer deur Burman (1962:98) gedokumenteer, maar die 1901-kaart (Kaapstad) gee reeds albei name, Diepe Vlei of Prinsesvlei en Kleinprinsesvlei. Die opgegradeerde vlootkaart van 1949 van Archdeacon verwys egter steeds na die vlei as Diepevlei terwyl die 1932-amptelike kaart (DRDLR) net na Prinsesvlei verwys. Dit was voorheen een groot vlei wat deur die Dieprivier gevoed is. Vandag is net die klein vlei, Kleinprinsesvlei, met die Dieprivier verbind (Potgieter 1973:134). Die groter vlei is met 'n kanaal vanuit die noorde verbind (Burman 1962:77,99). Omdat die vleie so naby mekaar geleë is, sowat 33 meter, is daar waarskynlik ondergrondse watertoevoer. Burman (1962:98) noem nie die bron wat hom van inligting voorsien het nie. Hy vermeld slegs dat die verhaal deur Khoiherders vertel en deur die slawe lewendig gehou is. Daarvolgens was die hoof<sup>36</sup> van 'n Khoi-stam wat eens in die Constantia-vallei gewoon het, 'n prinses. Haar vesting was die Prinskasteelgrot. Terwyl sy in 'n vlei gebaai het, is sy deur Portugese matrose van 'n verbyvarende skip ontvoer. Burman se weergawe hou waarskynlik verband met die balletuitvoering van 'n plaaslike produksie, “Legende van die vlei”. Dit is in 1952 deur die Universiteit van Kaapstad se balletgeselskap tydens die Van Riebeeck-herdenkingsjaar uitgevoer (Cupido 2010).

In 1970 word die legende deur Bulpin (1970) ingekleur. Hy verbind die verhaal van die prinses met die Chainouqua van die Overberg en die stryd tussen twee kapteins, Dorha (ook kaptein Claas) en Koopman. Die oorsaak van die stryd is die prinses met wie Dorha getroud is. Sy verkies om by Koopman te bly. Dorha, wat aan die Kompanjie vee gelewer het, is gevange geneem, vrygelaat en toegelaat om by die moderne Muysenburg met sy vee te staan. Die prinses vlug terug na Dorha en Koopman agtervolg haar. 'n Bloedige geveg ontstaan waartydens die prinses na die grot toe vlug. Toe sy hoor dat Dorha deur Koopman vermoor is, het sy bitterlik gehuil. Haar tranes het in die rivier af gevloei en so word Prinsesvlei gevorm. Die rivier se naam sou dan Prinseskasteel wees. Sleight (2004:79-84) stel Bulpin se feite reg onder die subhofie “Kaptein Claas en die VOC se handelsmetode” in sy boek, *Buiteposte*. Hy betrek ook Koopman en Claas of Dorha se vrou, maar vermeld dat Claas op gesag van die VOC in 1696 na sy land teruggestuur word. Teen daardie tyd het Koopman reeds Dorha se vrou vermoor. Ten einde die vrede tussen die twee kapteins te bewaar, is Dorha deur VOC-soldate in die Overberg bewaak. Hy ontsnap een nag uit sy tent om na 'n verlore bees by Koopman se kraal te gaan soek, waar hy doodgeslaan is.

Tans word die prinseslegende aan D'Almeida se ramptoedige aanval op 'n Khoi-kraal gekoppel. Volgens MacLennan (2003:3-6) is daar drie kontemporêre weergawes van die verhaal. Al drie verhale blameer die Portugese, wat by Tafelbaai aan wal gegaan het om vars water in te neem. D'Almeida, sy matrose en soldate het wel 'n Khoi-kraal geplunder. Een weergawe reken hulle wou een van die Khoi-stamlede ontvoer

36 Die stamorganisasie van die Khoi maak nie voorsiening vir monargale titels nie. Wright (1977:25) onderskei drie punte van stamorganisasie, naamlik 'n pastorale ekonomie, regering deur 'n geïnstitusionele outoriteit en die handhawing van 'n sosiale hiërargie wat op die versameling van rykdom gebaseer is. 'n Khoi-groep se vee het die kern vir 'n stam se organisasie gevorm. Individue met baie vee het meer aansien geniet en daarom was daar 'n bepaalde rangorde in die stam. Aan die hoof was 'n stamhoof en hy is deur 'n raad bygestaan.

(geslag nie gegee nie). Die Khoi-stam het daarna die Portugese met klippe bestook. Daarna het die Portugese sonder wapens die kraal aangeval en probeer om vee te steel. Die gevolg was noodlottig vir 65 Portugese, waaronder D'Almeida. Die enigste landmerke in die verhaal is 'n varswaterplek wat per roei-boot met die see verbind was en Tafelbaai. Twee varswaterstrome word in 1652 opgemerk, naamlik 'n stroom water ongeveer waar Adderleystraat vandag loop, maar onbevaarbaar is en die Verse- of die Liesbeekrivier wat nie in die see uitmond nie (Thom 1952:20 vn). Die Liesbeek vloei in die Soutrivier, stroomop van die monding van die Soutrivier en in 1652 ongeveer ses Engelse myl van die fort af (:50). Die Liesbeekrivier verbind nie met Diepvele of Prinsesvele of Kleinprinsesvele nie. Lashbrooke (ca 2014) beperk die verhaal tot Kleinprinsesvele en sê dit is deur die vrou se tranes gevorm, maar hou vol dat die verhaal met die Prinskasteelgrot verbind word. Lashbrooke reken ook dat Burman se weergawe die verhaal van die inval van Francisco D'Almeida en die Dorha-gebeure vermeng. Haar teks gaan mank aan historiese feite en verwysings. Burman (1962:98) verwys egter nie na D'Almeida nie, nog na Dorha en Koopman se verhaal soos deur Bulpin verhaal (1970). Lashbrooke (ca 2014) gebruik die legende om 'n kollektiewe geheue vir die Khoi en die San te skep. Die verhaal word die simboliek van 'n inheemse groep mense wat van hul grond, hul afkoms en hul geskiedenis ontnem is. D'Almeida verteenwoordig die Europese oorheersers.

Die legende het 'n uiters sensitiewe kwessie geword. Die rede waarom daar so hard gepoog word om dit aan 'n ware historiese gebeure te koppel, is omdat die slawe skynbaar die gebeure mondelings oorgelewer het. Miskien was daar so 'n gebeure, maar dit het elders afgespeel. In 1613 word Korea, leier van die Gorachoukwa<sup>37</sup> of Tabakdiene deur Engelse seevaarders ontvoer. Die ontvoering moes naby Saldanha-baai gebeur het, want dit is die grondgebied van die groep. Korea se medegevangene beswyk tydens die seereis na Engeland. Ten spyte van 'n weelderige bestaan in Engeland, het Korea onophoudelik gehuil om terug te keer na sy vaderland. Hy is later teruggeneem (MacLennan 2003:23-4). In 1998 ontdek argeoloë steenwerkstukke in 'n grot hoog bo in Kasteelberg (Bahn 2012:27). Kasteelberg is naby die Berg-rivier wat by Velddrif, naby Saldanha, in die Atlantiese Oseaan uitmond. Dit was dalk moontlik dat die Engelse seevaarders met 'n boot in die rivier opgeroei het tot naby die blyplek van die Khoi-stam. Die grot suggereer duidelik dat dit bewoon was (Bahn 2012:27). Dit is naby die Saalbergpas (Thom 1995: 246,vn3). Sou hierdie grot en rivier nie eerder verband hou met die legende wat Prinskasteelberg in die Steenberge verbind nie? Het Korea se gesin, hetsy moeder en susters, na die grot gevlug en daar gaan skuil? Die verwarring tussen die twee name, Kasteelberg en Prinskasteelberg, kon ook moontlik tot 'n verskuiwing van die inhoudelike van die gebeure aanleiding gegee het.

---

37 Die Gorachoukwa het hoofsaaklik die vlakte tussen berge van die Skiereiland en die Bergrivier beset. Hul naam beteken “manne van Choro (Korea)”, die naam van hul kaptein (Schoeman 2009:58). In die 1980's is 'n semipermanente Khoi-kraal deur argeoloë op die Vredenburg-skiereiland naby Kasteelberg gevind. Dit dateer ca 1200 n.C. (Arthur 2008:209). Korea se blyplek het moontlik sterk historiese gronde.



Die Prinskasteelgrot het 'n onherbergsame verlede. Daar het nie mense gekom nie. Die “Prince's Castle” of grot word deur Kolb bespreek as 'n mensgemaakte myn wat deur Simon van der Stel laat maak is. Kolb se weergawe, dat hy die grot sou besoek het, word deur Mentzel betwis. Mentzel betwyfel dit ook dat Kolb in die grot saam met Russouw (van Swaanswyk) was. Die grot se opening was glo met bome bedek en Kolb en Russouw sou 'n skoot in die bek van die grot ingevuur het om hul eie veiligheid te verseker en daarna die bos bome afbrand. Mentzel en die sestigjarige Frederik Russouw, horlosiemaker, was goed bevriend. Hulle het baie oor Afrika-merkwaardighede gesels, maar Russouw het nooit na 'n besoek saam met Kolb aan die grot of 'n gesprek met Kolb verwys nie. Die grot was 'n natuurlike verskynsel: “This cave is indubitably a freak of nature, but what is miraculous about it?” (Mentzel 1944:37,38)

Mentzel het die herbergsaamheid van grotte ondersoek en nie folklore of volksverhale goedsmoeds aanvaar nie. So het 'n Khoina skynbaar in Nero se grot in Valsbaai gewoon en die plek sy naam gegee. Hoewel dit 'n ruim grot is, reken Mentzel dat die dak te laag was om in te woon (Mentzel 1944:40). Die redakteur (:40vn59) van die publikasie reken dit was die Tonnelgrot. Indien die prinseslegende tydens Mentzel se verblyf aan die Kaap bestaan het, sou hy dit ongetwyfeld neergeskryf het. Ook Valentyn (1971:192vn 16), wat die grotinligting byna woordeliks uit Kolb oorskryf, verwys na die grot se naam as “ 't Princenkasteel” – die prins se kasteel, maar laat na om van enige legende kennis te gee. Valentyn (1973:134-8) verhaal ook die D'Almeida-insident, maar sonder die vermelding van 'n ontvoering. Die legende is dus veel jonger as wat gereken word.

Die probleme om die legende met die geografie van Tokai te verbind, is legio. So byvoorbeeld dreineer beide die Dieprivier en Keisersrivier in Sandvlei vanaf twee verskillende valleie van onderskeidelik Tafelberg en die noordelike Steenberge. Ook word die omgewingsname, soos Buffelsvallei en Buffelsvlei, heeltemal uit die geskiedenis geskryf. Diegene wat poog om die legende aan Tokai se verlede te koppel, skep 'n identifikasie met die grot wat nie histories verklaar kan word nie. Tokai het nie 'n verbintenis met die D'Almeida-insident nie, geografies ook nie met die Diepriviervallei nie. Prinsesvlei<sup>38</sup> bly hoogstens 'n legende, 'n verwringing van die geslag van die Nederlandse naamwoord “prins” van die 1650's van die berg, maar sonder om die naamgewer die eer daarvoor te gee of om die naam korrek te gebruik. (Kyk Hoofstuk 1 vir naamgewing). Dit dien dus geen doel om D'Almeida en sy geselskap met Tokai te verbind nie. Ongeag die skuld wat die groep soldate en D'Almeida vir die konflik in die geskiedenis dra, word hulle meer as die simbool vir Europese besetting. Hulle word nou getipeer en as die sondebok veroordeel. Dit is jammer, want die geskiedenis wys immers onverbloemd uit wie die koloniseerders van die land was en hoe die lot van die inheemse mense beslis is.

---

38 Die vlei se naam is aan die einde van die 19de eeu herdoop tot Prinsesvlei (DRDLR 1901). Kon dit moontlik 'n Britse prinses vereer het? Voorts is die uitspraak van die Nederlandse besittingsuitgang moontlik deur Engelse moedertaalsprekers en -skrywers verander tot prinses: Prince (Ndl.) na Prince's (Eng.) na Princess (Eng.).

Die tweede legende is eerder die spookstorie van 'n perderuiter wat op die trappe sterf en elke Nuwejaars-aand kom spook. Dit kan nie aan 'n gebeure gekoppel word nie. Na vele moeite kon daar geen nadere besonderhede gevind word oor die afsterwe van Petrus Michiel Eksteen nie - ook nie die plek waar hy begrawe is nie. Die enigste moontlike ander verwysing na iemand wat voor Petrus Michiel Eksteen op Tokai gesterf het, is Jan Herwig, Augustus 1800 (NASA, KAB1800e). In Junie 1800 was hy nog in Tafelbaai (1800d), maar hy kon in Augustus terug op die plaas gewees en daar gesterf het. Hy was 'n drank-handelaar wat die naam van die plaas asook aan die woning laat verander het. Miskien het sy afsterwe 'n wolk van geheimhouding oor Tokai getrek en het dit die verbeelding van mense aangegryp. Dit kan ook wees dat die verhaal uit nader ontstaen het. Die trappe met hul soliede skansmure kan dan gesien word as noodmaatreël om te keer dat iemand hom nie daar doodval nie. Omdat dit 'n wenteltrap is, is die trap-pies aan die binnekant baie smal. Die trappe is dalk gesien as potensiële doodvaltrappe wat tot spot gelei het. Die inkleding van Eksteen se karakter en die sogenaamde fuifpartye wat in die woning gehou sou gewees het (Fairbridge 1922:87), dien moontlik as aansporing vir verbeeldingryke skrywers. Die feit dat Eksteen (senior) se sterfdatum en omstandighede onbekend bly, die aantal kinders wat nie in die huwelik getree het nie en die kinderlose egpaar, Bastiaan en Isabella wat alleen in die reuswoning gewoon het, het moontlik die verbeelding van die Engelssprekende staatsamptenare aangegryp – mense wat skielik in 'n buitengewoon mooi plaashuis van die “Dutch”, waarop hulle neergesien het, moes woon, maar dit baie vreemd gevind het. Afrikaanse boere is dikwels deur Engelssprekendes as plaasjapies getipeer – in 1840 word na hulle as “bumpkins” in die *South African Commercial Advertiser* (1840:29) verwys en in 1882 word die Kaapse boere as onkundig afgemaak (NASA, KAB 1882).

Soos reeds daarop gewys, is die spookstorie in 1885 aan die Listers oorvertel (1960:83). Dit het dus teen 1885 bestaan, of heel moontlik kort daarvoor ontstaan. Die rede vir die afleiding kom uit die aard van spookstories in Afrikaans. Afrikaans is arm aan spookstories, weens die sterk nalatenskap van die Calvinistiese opvoeding. In sy Inleiding, *Waar spoke speel* van C. Louis Leipoldt, 1927, en soos aangehaal deur Scannell (1968:1-4), bespreek die skrywer die verlies aan koherente selfbeheer by die ontmoeting met 'n bonatuurlike wese. Leipoldt gee 'n kykie in die onderbewussyn van die mens wat deur vrees oorval word. Die bangmaakkuns is egter arm in die Afrikaanse letterkunde en skrywers wat dit ondersoek en opgeteken het, is Langenhoven, Van Reenen en uiteraard Leipoldt. Scannell se definisie (1968:5) vind die spookstorie in volkslegendes waarin die bonatuurlike en die verbeelding so inmekaar gevleg raak dat 'n selfstandige, nuwe lektuur ontstaan. Hoewel die Eksteen-spookstorie Afrikaanssprekendes suggereer, is die verhaal - of legende - deur nie een van genoemde skrywers opgeteken nie. Trouens, die Nederlanders het bykans geen spookstories wat die moeite werd geag word om te lees nie. Darenteen is die spook-, misterie- en die bonatuurlike storie in die Engelse letterkunde fyn uitgewerk – so ook die Duitse spookstorie as genre. In die Tokai-spookstorie is die karakters Afrikaanssprekendes wat hul te buite gaan tydens 'n huisparty. 'n Weddenskap eindig tragies. Dit is ten slotte 'n spookstorie ten koste van 'n ander party. Ook hier is 'n vorm van patronaatskap kenmerkend aan die nuwe eienaarskap van die plaas.

'n Laaste groepering wat aandag moet geniet, is die Rastafariërs<sup>39</sup> vanweë die betekenis van die waterval en ander plantegroei. Die aangeplante boegoeplantasies is tot baie onlangs gestroop. Die boegoe word met die rookgoed vermeng. Ook ander plante word vir medisinale doeleindes gestroop. Die waterval se water word as heilig gereken na persoonlike mededeling deur lede. Lede het met rugsakke vol boegoe, wat 'n baie kenmerkende aroma het, en houers water die plek verlaat. Die groep is vroeg in 2015 die terrein verbied na aanleiding van skade wat aan ander plantmateriaal aangerig is (Persoonlike waarneming en gesprekvoering met personeellede van Tokai-park, Februarie 2015).

#### 4.14 Gevolgtrekking

Die huidige gebruik van argitektoniese geskiedskrywing vir erfenisimpakstudies laat gevaarligte flikker, want erfenisimpakstudies gaan mank aan gebreke. Die mistasting rondom die oprigting van die Tokai-woning en die ontwikkeling van die werf en sy strukture spruit hieruit voort. Shell (1997:248) merk met reg op: "A fresh interpretation of the origins of Cape architecture is sorely needed." Die aanbieding van hierdie hoofstuk toon aan dat die huidige gewig wat aan strukturele erfenis gegee word, baie meer om die lyf behoort te hê as wat tans in die skrale gradering van erfenisassessering aangebied word.

Om die geskiedenis van al die geboue, strukture en die mense se aktiwiteite rondom erfenis in een hoofstuk saam te vat, is 'n omvattende en bykans oorweldigende taak. Desondanks is probeer en telkens is daar ervaar dat nuwe inligting oor die geboue van Tokai toegevoeg kan word. Dit is veral ten opsigte van ontstaandatum en die koppeling daarvan aan historiese gebeure, wat nuwe inligting na vore bring. Voorts word die vraag aan die verlede van hierdie studie, oor wat erfeniswaarde het, juis hierdeur beklemtoon. Primêre dokumente kom inderdaad handig te pas en dra ongetwyfeld by tot die rekord van standaard argitektoniese geskiedskrywing (wat nie te versmaai is nie). Daardeur het ander kwessies na vore gekom, soos die hoeveelheid strukture waarvan daar omtrent nie meer 'n argeologiese voetspoor oor is nie. Die hoofstuk bied dus velerlei onaangeraakte kwessies wat deur ander navorsers en deeldisiplines ondersoek kan word. Daar is dan ook probleme waarin ek my vasgeloop het, soos die datering van die ca 1850-skets (Tokai-park ca 1850). Indien die datum met tien jaar na weerskante verskil, sou dit nie 'n wesenlike invloed hê nie. Ek het probeer om altyd meer as een omstandigheidsgetuie te gebruik in die datering van geboue. Die kenmerke van die strukturele komponente, soos die vensters, word nie deur die datering van die skets beïnvloed nie. Dit is aan die hand van Lewcock (1963) gedoen. Die ca 1850-skets weerspieël 'n periode van voorspoed en beklemtoon die waarde wat deur die plaaseienaars in die 19de eeu aan die woning gegee is. Deur so 'n aanname se korrelasie met die insolvente boedellêer te soek, kon wel nadere bepalings van geboue, veranderinge en ook die datering van die ca 1850-skets 'n moontlikheid raak.

---

39 Die Rastafariërs is lede van die groep wat Rasta Tafari, die voormalige keiser van Ethiopië, Heil Selassie, as God beskou (Odendal, Gouws 2005:913).

Die verpolitisering van argitektoniese geskiedskrywing sedert die vroeë 20ste eeu vorm die vertrekpunt van rekordhouding oor Kaaps-Hollandse wonings. Daar is gepoog om daarvan af weg te beweeg. Ook blyk dit dat die dokumentering van die Kaaps-Hollandse woning, Tokai, net skrams aangeraak word. Daar is geen poging aangewend om die gebou histories verder te ondersoek of as oorspronklik te bewaar nie. Die regering se betrokkenheid by Tokai vanaf 1883 was soos die van 'n eienaar wat die bestuur van die plek aan bestuurders, hier regeringsamptenary, oorgelaat het. Ten spyte van die probleme oor die verdeling van die terrein in 1892, het die mense tog probeer om sin en betekenis aan die plek, die geboue en die omgewing te gee. Hulle het gedoen wat hulle belangrik geag het. Die gebruik van die geboue het gekeer dat dit in onbruik geraak en verval het. Maar die grootste kritiek was die gebruik van erfenis sonder om die intrinsieke betekenis na waarde te skat en te bewaar. Dit blyk veral uit die “goedkoop” wyse waarop daar aan die geboue verander is. Daar is met elke projek probeer om geld te bespaar. Die waarde van Tokai is eerder aan sy funksionaliteit gemeet en bepaal. Ook het Orpen gesorg dat hy in alle situasies die botoon voer, al het hy met geleentheid 'n besorgdheid oor die geboue uitgespreek. Die verandering van die deuropeninge op die voorwerf het 'n blywende doodsheid oor die werf gebring. Ook het die veranderinge van die vroeë 1900's die deurslag gegee vir die struktuur van die stalgebou. Trouens, albei oorblywende buitegeboue op die voorwerf vertoon steeds soos tronkselle en is nie tipiese plaasbuitegeboue nie. Op sigself is dit nuwe erfenismerkers, maar die afbreuk wat dit aan die plaaswerf doen, is onherstelbaar. Daar is maniere om die werf se ambience terug te bring, sodat die huis se besondere aansig teen die berg tot sy reg kan kom. Dit behoort voorrang te geniet. Dit kan net bereik word deur die geboue as plaasgeboue te herstel. Dit behoort die slawegeskiedenis te laat herleef. Die Porter-voetspoor sal so steeds behoue bly terwyl die ander vlakke van geskiedenis, soos dwangarbeiders, terselfdertyd erkenning kry.

Hoewel die argitektoniese geskiedskrywing van die vroeë 20ste eeu met bymotiewe die lig gesien het, was dit nie sonder vrugte vir latere navorsing nie. Die nuutheid van Tokai as 'n bosboustasie en die belangrikheid van die arboretum het heelwaarskynlik die opteken van Tokai se plaas- en houtveldverlede as oorbodig geag. Dit beklemtoon juis waarom hierdie studie nodig is. Sodra een gebeurde die kulturele nalatenskap van 'n ander oorheers, behoort die gevaarligte te flikker. Die mense is uit Tokai se verlede geskryf. Waar die mense wel aandag gekry het, soos Joseph Storr Lister, is dit ten koste van ander historiese figure gedoen. Gebrek aan persoonlike dokumentasie soos dagboekinskrywings en briewe uit veral die twee verskillende Eksteen-periodes bemoeilik die rekonstruksie van die sosio-kulturele geskiedenis van Tokai. Daar is dus swaar geleun op die inventaris uit die boedellêer van Petrus Michiel Eksteen. Die inventaris lees soos 'n museumkundige se handleiding vir elke vertrek. Die afwesigheid van die seuns se slaapkamers wat op die plaas gewoon en gewerk het in die inventaris, bly steeds verrassend. Dit wil blyk dat 'n bed 'n baie persoonlike besitting was en dat elke volwasse kind se bed saam met hom / haar die huis verlaat het.

Die ontleding van die 1883-kaart en die vergelyking daarmee met ander kaarte is openbarend. Die leivore en die visdammetjies skep 'n beeld van orde en balans – iets waaroor die argitektoniese geskiedskrywers baie bly behoort te wees. Die promenade was 'n verlengstuk van die werf wat vir altyd verlore is. Of daar 'n behoefte gaan wees om die werf na sy vervloë glorie te herstel, sal net die tyd leer.

Na alles is pogings tot geskiedskrywing altyd 'n mens of mense wat oor ander mense en hul dinge skryf. Om voortdurend objektief te bly, is makliker gesê as gedaan. Een vorm van subjektiwiteit behoort nie met 'n ander vorm daarvan vervang te word nie. Die lees van ou dokumente word reeds deur vooroordeel gekleur. Die gesindheid onderling tussen die Afrikaners en Engelssprekende of ander kultuurgroepe bly weliswaar uit die dokumentasie, asook verskeie publikasies. Aansluitend daarby is die sosiale klasse-verskille wat die gemeenskap kenmerk. Dit wil tog blyk dat die Eksteens deur sommige navorsers nie na waarde geag is nie. Vertolkings van hul geskiedenis is subjektief gekleur. Hoewel die geskiedenis van die Eksteens se verhouding tot die Khoina-arbeiders op die plaas nie werklik uit dokumentasie belig word nie, kan dit uit die koopkontrak afgelei word. Hul gesindheid was heeltemal anders as wat in 1882 oor die verhouding tussen die Kaapse wynboere, wat merendeels Afrikaners was, en hul werkers beskryf word. Die siening is deur 'n regeringsamptenaar in sy jaarverslag van 1881, die jaar van Sebastian se afsterwe, saamgevat. Daarvolgens was boere deur goed opgeleide slawe bederf en hulle het nie self ontwikkel nie. Hulle boer daarom outyds. Die jeugwerkers en swartes was nie geskik nie, omdat hulle nie geskoold was nie - en per implikasie nie soos die slawe waarop die boere gesteun het nie. Sensusopnames toon dat daar (glo) nie 'n tekort aan arbeiders is nie. Dit is die verhouding tussen die boere en die gekleurdes wat die arbeidsverhouding strem. Die Kleurlinge<sup>40</sup> se onafhanklikheid word opgehaal. Ook het die boere die Kleurlinge nie genoeg betaal nie. Hulle het gewoonlik 1 sjieling en 25 pennies per dag met brood, vleis en wyn verdien, hoewel daar op sommige plase ook kothuisies en tuine was (NASA, KAB1882:5).

Die versuim van Eksteen senior om self sy kompensasiégeld te gaan afhaal, bly 'n onafgehandelde kwesie. Juis die afwesigheid van dagboekinskrywings of briewe onderstreep dit. Het Eksteen senior dalk muiery met skade in sy afwesigheid verwag? Of het sy vrou se sterfte 'n paar maande later met 'n lang en pynlike siekbed gepaard gegaan en dat hy eerder by haar wou bly? Om egter opstandigheid in slawe se gedrag in te lees, of sy vrou se welstand, is net so onredelik as om te veralgemeen oor boere se mishandeling van hul slawe. Daarom word Eksteen se versuim om persoonlik die geld te gaan afhaal, met versigtigheid aan 'n persoonlike rede toegeskryf.

Die onttrekking van dwangarbeid uit die plantasies by verskeie geleenthede het juis aangetoon dat arbeidstekorte 'n wesenlike probleem was. In hierdie geval was die bosboubestuur uit die Engelssprekende kultuurgroep. In 1916 is toestemming verkry om blankes as boswerkers in diens te neem. Hoewel dit begin is om die armblankevraagstuk op te los, het dit 'n geweldige versnelling van bebossing teweeggebring

---

<sup>40</sup> Toenemende verwysing. Vroeë sensusopnames (NASA, KAB 1837) verwys na Hottentotte.

(Lückhoff 1973:28). Of blanke boswerkers op Tokai gebruik is, is 'n studieveld vir 'n volgende navorser.

Ander arbeiderverhoudinge is eerder uitgewys of bekendgestel as bespreek. Sienings en menings oor arbeiders wat gegee is, is soos wat dit toe in dokumente, hoofsaaklik jaarverslae, opgeteken is. Die rebelse gevangene wat op die ou einde tot lyfstraf gevonniss is, getuig van die omstandighede binne die gevangenis, ongeag die idilliese omgewing. Die gevangnisse van Tokai val weliswaar buite hierdie studie, maar van die mense het op die Bosboustasie en aan die geboue gewerk. Hulle aandeel aan die opbou van Tokai-kwekery en bosboustasie as goedkoop arbeid mag nie onderskat of weggepraat word nie. Waar die landbou van die Wes-Kaap met slawearbeid tot stand gekom het, het bosbou met goedkoop dwangarbeid tot stand gekom. Ook hier behoort verdere navorsing gedoen te word. Die weerhouding van arbeiders deur Orpen ten einde Bosbouaktiwiteite te belemmer, is ook nie hier ondersoek nie, maar daar was ongetwyfeld 'n motief.

Ten slotte open hierdie hoofstuk saam met die eerste hoofstuk die kwessie oor naamgewing, veral ten opsigte van geografiese merkers. Die huidige Tokai weerspieël nie 'n omvattende verlede nie.

Die patronaatskap wat die legende en die spookstorie kenmerk, is 'n netelige kwessie. So lank daar historiese gebeure gebruik word om die legende vlees te gee, gaan dit tot sosiale onmin lei. Die skade aan historiese merkers van die omgewing blyk duidelik by die name van die verskillende rivierlope.

Met hierdie hoofstuk is probeer aantoon wat die nalatenskap van die verskillende menslike aktiwiteite is. Tokai se geskiedenis behoort nie gekompakteer te word nie, want dit lei tot uitsluiting. Die volgende hoofstuk spreek die aktiwiteite van Bosbou aan en hoe dit die omgewing beïnvloed het.

## Hoofstuk 5: Tokai: onderwerping aan eksploitasie vanaf 1883

### 5.1 Kommersiële bosbou en geskiedskrywing met betrekking tot Tokai

Die Tokai-landgoed en die omliggende kroongrond het na 1883, toe De Vasselot toegelaat is om plaas- en kroongrond vir 'n kwekery en plantasie te ontgin (NASA, KAB 1883i), drasties verander. Die oorwegend landelike gebied van 303 Rynlandse morg plaasgrond, tesame met die omliggende kroongrond, bestaande uit berg- en vlaktefynbos en klowe met inheemse plantegroei, moes plek maak vir akker op akker aangeplante en hoofsaaklik uitheemse bome. Hierdie aanplantings kon nie oornag op dreef kom om die bogrond te beskerm nie. Die bogrond is permanent versteur en die waterafloop se patrone het verander. Die bestaande infrastruktuur van die voormalige plaas is met addisionele wonings, skure, waterleidings, paaie en brandbane uitgebrei. Die eens golwende berglandskap is gefragmenteer. Boonop het die geleidelik toenemende inwonertal verdere druk op die natuurlike hulpbronne van Tokai geplaas. Grondhonger tussen staatsdepartemente was die twisappel wat uiteindelik die eksploitasie van die grond 'n voldonge feit sou maak en 'n bykans onomkeerbare nalatenskap van grondfragmentering en grond- en waterbesoedeling sou agterlaat. Aan die wortel van die verandering op Tokai gedurende die 1880's kan drie oorkoepelende en oorsaaklike faktore onderskei word: 'n regering se ekonomiese beleid van besuiniging (Brown 1887: 314), die oneffektiewe bestuur van houtbronne wat tot 'n akute tekort aan brand- en timmerhout gelei het (Sim 1907:78) en 'n welvaartsidealisme tussen mededingende koloniale moondhede (Van Zyl 1980:93). Die prys in daardie mededinging was die eksploitasie van kolonies se grondstowwe tot die finansiële voordeel en aansien van die moederland. In die Kaapkolonie en die groter Suidelike Afrika het dit onder meer gelei tot die skep van kommersiële bosbou.

In die Wes-Kaap was Tokai hoegenaamd nie die eerste stuk grond wat die prys vir ekonomiese ontwikkeling sou betaal nie. Maar die ingrypende verbruik van die landskap se unieke topografie van berge, vlaktes, vleie en waterstrome, die plantegroei en die kulturele erfenis vanaf 1883 het waarskynlik nêrens anders so sigbaar in die naam van ekonomiese vooruitgang gebeur as juis te Tokai nie. Dit is egter nooit betreur nie, want Constantiaberg het nie dieselfde landmerkstatus as Tafelberg nie. Tafelberg se aanplanting onder plantasies wat deur Lister in 1884 begin is, is reeds vroeg in die 20ste eeu betreur (Brown 2001:435). Hoewel die verandering op Tokai ook tot die skepping van ander kulturele nalatenskappe gelei het, het die kompetisie om grondeienaarskap 'n proses van snelle opvolging van voortdurende veranderings teweeggebring. 'n Era van eksperimentering in bosbou én korrektiewe inrigtings, grondversnippering en die oprigting en verandering aan of vernietiging van strukture het die groter Tokai-gebied in die laat 20ste eeu weerloos gelaat. Dit was die gevolg van die eksploitasie van die natuur wat op sigself 'n kulturele ingryping behels. “Nature is cultural because it is a product of discourse, of language and ideas.” (Carruthers, Robin 2010:60)

In soverre die impak van die Porter Estate, voortaan Porter-grond, Porter-bestuur, op die plaas Tokai, word daar hoofsaaklik gefokus op misbruik en uitbuiting van natuurlike hulpbronne.

In die moderne konteks word die term eksploitasie gedefinieer as “ontginning, ontwikkeling” van byvoorbeeld grondstowwe van 'n land, maar dit het ook 'n tweede of oordraaglike betekenis waar “uitbuiting of misbruikmaking” gesuggereer word (Odendal e.a. 2005:210). Die redakteurs van die HAT-woordeboek verbind die woord ook met die eksploitasie van arbeiders of werkers. In die konteks van bosboukunde is die term in die negentiende eeu tegnies gesien as verwysend na houtontginning, in ooreenstemming met die Britse frase “die bewerking van die bos”, maar “eksploitasie” is somtyds ook gebruik wanneer geldelike voordeel uit die produkte van die bos getrek word (Brown 1887:189). In die hoofstuk word die definisie letterlik en in 'n oordraaglike betekenis geïnterpreteer waar die landskap en die omgewing letterlik ontgin word tot voordeel van die regering, maar ook tot nadeel van die omgewing self.

Kommersiële bosbou is 'n kultuurskepping wat oppervlakkig as plantasies sigbaar is in meesal tradisioneel landelike omgewings of teen die hange van berge buite of rondom dorpe en stede. Die totstandkoming daarvan is histories deur verskeie navorsers soos Sim (1907), King (1938), Lückhoff (1973) en ander beskryf. Nasionale bosbou as 'n kommersiële arm van die regering het 'n merkwaardige geskiedenis, maar dit spreek nie die ingrypende verandering van plekke, spesifiek bosboustasies, aan nie. Die aanplanting van hout, enersyds op 'n eksperimentele basis en andersyds vir die vestiging van 'n plaaslike houtindustrie, was 'n investeringsprojek van die regering in ooreenstemming met regeringsuitgawes in ander staatsdepartemente na 1880 (Brown 1887:314). Omdat bosbou nie 'n onmiddellike omset van bedryfskoste tot winslewering kon bied nie, is dit met lenings teen rente deur die staat gefinansier (NASA, SAB 1926). Vordering op plantasies is derhalwe nougeset met besoeke deur regeringsamptenary opgevolg, asook die opstelling van jaarverslae<sup>1</sup> deur die hoofbewaringsbeampte of konservator, wat aan beide huise van die regering voorgelê is. Tokai het in die Westelike divisie of bewaringsgebied geval. Is die werklike situasie meer rooskleurig in amptelike verslae voorgestel? Die eksploitasie in die wyer betekenis van die woord ontbreek in die groter geskiedenis van kommersiële bosbou. Hoewel skrywers bykans met fanfare aantoon dat Tokai ontstaan het tydens die aanvangsgeskiedenis van bosbou in Suid-Afrika, is die ingrypende verandering van die Tokai-area weens bosbou bloot geïgnoreer. Tokai word deurgaans genoem as een van die eerste plantasies wat deur Lister gevestig is – ook dat die eerste skool vir hoër bosboukundiges in 1906 te Tokai gestig is. Die skool is in 1912 opgevolg met 'n skool vir bosbouers wat in 1932 na Saasveld verskuif is (King 1938:7; Lückhoff 1973:26-7; Mauve s.j.:9-10; Bennett 2011). Om die eksploitasie te ondersoek, verg 'n deeglike bestudering van die amptelike verslae en dit

---

1 Die jaarverslae van 'n streek se bosboustasies is deur die hoofbewaringsbeampte saamgevat. Al die streke se jaarverslae is in die sogenaamde Blouboekreeks, Cape of Good Hope-publikasies, opgeneem. Bosbou het vanaf 1888 onder die Departement van Landbou geval. Bykans al die amptelike verslae tussen 1884 en 1907 rapporteer die vordering van bosbou op Tokai. Arbeidsprobleme en grondverdeling word ook geopper.



dan te vergelyk met die omstandighede voor 1883. In soverre die bestaan van Tokai as landelike gebied binne die VOC-era is die geskiedenis vaag en verwing, maar danksy deeglike navorsing van onder meer Sleigh (2004) en Appel (1966) gerugsteun deur argivale bronne, is daar voldoende aanduiding om die kontras tussen vóór 1795 en ná 1883 as beduidend aan te dui.

Enkele skrywers dien vermelding. 'n Boek van die 19de eeu wat uitstaan, is die publikasie van J.C. Brown, *Management of the Crown Forests under the old regime and under the new* (1887). Soos die titel aandui, onderskei Brown tussen die periodes voor en na 1880. Brown beskou 1880 as die Rubiconjaar waarin die teerling gewerp is. Die botanis haal aan uit verskeie verslae, ondersoeke en waarnemings deur ander individue. Brown fokus sterk op die probleemkwessies in bosbewaring, houtontginning en -voorsiening en som dit so op: “The old regime of Forestry at the Cape of Good Hope was nominally that of Forest Conservation” (Brown 1887:189). Tokai figureer nie in die boek nie. Sim bespreek die geskiedenis van die agteruitgang van regeringsbosse en die houtgebruik taamlik volledig in sy boek, *The forests and forest flora of the Colony of the Cape of Good Hope* (1907), maar fokus kwalik op die geskiedenis van Tokai. Nes Brown, spreek Sim die oorkoepelende probleem van hout en houtontginning aan die Kaap aan. Die artikel van King, “Historical sketch of the development of forestry in South Africa” (1938) en wat redelik op hoofstuk 10 van Sim (1907) se boek steun, neem die geskiedenisverloop effens verder. Ook hoofstuk vier, “Die verhaal van bosbou en sy mense” deur H.A. Lückhoff in *Ons groen erfenis. Die boomboek van Suid-Afrika* (1973), maak gebruik van Sim se monumentale werk. Die koloniale bosbousituasie vanuit Brown, Sim en ander se perspektief laat min ruimte vir 'n individuele bosboustasie se geskiedenis, tensy 'n bosboustasie bloot om statistiese redes van belang raak. Ook is daar bepaalde werkswyses van voorbereiding, aanplanting en onderhoud wat min of meer deurgaans dieselfde verloop op alle bosboustasies volg (Jacobs 1973:67). Twee aspekte, die kwekery en eksperimentele bosbou, het Tokai wel bo ander bosboustasies uitgelig.

Die afwesigheid van groot inheemse Afromontane bosse was moontlik die rede waarom Brown (1887) nie verdere aandag aan Tokai geskenk het nie. Maar Mauve (s.j.:9) reken anders, naamlik dat Jan van Riebeeck die eerste inheemse bosse te Tokai ontdek het. Die verbod op die kap van geelhoutbome in 1658 sou dan op Tokai betrekking hê. Sleigh (129-30) toon aan dat hierdie area buite die nedersetting se eerste grenslyn was en Thom (1954:347) en Appel (1966:51) bevestig dat die plakkaat van 1658 die kap van geelhout in die bosse teen Tafelberg verbied het. Histories was daar twee kleiner bosse in klowe in die VOC-era (TANAPb 1714a;1716) en geelhoutbome in die klowe (NASA, KAB 18831), maar dit word vir die eerste keer in 1714 gedokumenteer.

Eksotiese boomaanplanting in die Kaapkolonie en die groter Suid-Afrika word geredelik in omgewingsgeskiedenis bespreek, soos deur Karen Brown (2001), Carruthers en Robin (2010), Showers (2010), Van Sittert (2010), Pooley (2010) en Bennett (2011), om maar enkele artikels te lys. Brett Bennett (2011) van Australië wys graag op die belang van Australiese bome vir Suid-Afrikaners en raak in 2011 verskeie

omgewingsgeskiedkundiges se menings aan in sy artikel, “Naturalising Australian trees in South Africa: Climate, exotics and experimentation”. Hoewel 'n paar artikels oor omgewingsgeskiedenis vir die hoofstuk geraadpleeg is, verskuif die klem hier na die spesifieke impak van eksotiese of uitheemse boomaanplanting op die omgewing en die groter kultuurerfenis van Tokai, sodat 'n kontinue verandering gevolg kan word.

Die hoofargiefgroepe wat in die Kaapse Argiefbewaarplek (KAB) en die Sentrale Argiefbewaarplek (SAB) in Pretoria geraadpleeg is, is die groepe van Openbare Werkedepartement (PWD), die Landboudepartement (AGR) en die Bosbouargief (FOR). Amptelike verslae is by die KAB, die Parlementsbiblioteek (CGH-groep) en die Nasionale Biblioteek (NLSA), Kaapstad, opgespoor. Die formaat van die amptelike verslae was vir jare konstant, maar dit verander in 1907. Vanaf 1907 word daar nie meer oor individuele bosboustasies verslag gedoen nie. Die formaat van die verslae is deur die hoofbosboubewaarder, Joseph Storr Lister, heeltemal verander, sodat al die verslae min of meer op dieselfde manier oor dieselfde kwessies rapporteer (CGH 1907). Hierdie stap het nodig geraak weens die toename van bosboustasies. Vir navorsing word die amptelike verslae aangevul met briefwisseling tussen amptenary, wat meesal in die KAB gevind word. Bosbou se hoofkantoordokumente word vanaf 1910 in die SAB gevind. Dokumente oor die arboretum, ca 1930's – 1985, is onder meer in die Tussenbewaarplek, KAB, opgespoor. Dit is 'n omvangryke versameling van inligting wat ruimskoots geleentheid vir verdere navorsing bied.

## **5.2 Houtontginning in die Kaapkolonie en die probleme wat dit verhinder**

Die regeringsbeleid van die Britse kolonie, die Kaap de Goede Hoop, is gedurende die 19de eeu gedryf deur die koloniale beleid van die moederland, Groot Brittanje en in 'n mindere mate deur die plaaslike markte van die Kaapkolonie. Kenmerkend aan die tweede helfte van die 19de eeu is die begin van 'n era van ekonomiese ontwikkeling binne die tydgees van imperialisme – 'n oordrewe gevoel van selfverheerliking en selfoorskating van koloniale moonthede (Van Zyl 1980:319). Hierdie idealisme is deur ekonomiese wedyering tussen geïndustrialiseerde moonthede gedryf met die Verenigde State van Amerika (VSA), Duitsland en Frankryk as mededingers. Die lande het die belangrikheid van navorsing as 'n voorvereiste vir vooruitgang besef. Brittanje het in opleiding en navorsing 'n agterstand beleef. Eers in die tweede helfte van die 19de eeu het bewaring en bosbestuur groeiende belangstelling in Brittanje geniet (Brown 2001:428). Brittanje begin dan om sy kolonies doelmatig vir grondstowwe te ontgin, asook om afsetgebiede te skep, ten einde 'n gerekende mededinger in 'n groter wordende ekonomiese wêreld te wees. Plaaslik vind die beleid in die 1880's neerslag, toe daar ondere andere 'n begin gemaak is met georganiseerde bosbou met die oog op kommersialisering.

Suid-Afrika het op bykans alle terreine ontbreek aan opleiding en navorsing en so is ekonomiese ontwikkeling aan die Kaap aan bande gelê (Talbot 1977:23-24; Brown 1887:iv). Ook was daar 'n onwilligheid

by die koloniale owerheid om in bosbou te belê. Brown (1887:344) skryf dit toe aan suinigheid, omdat die plaaslike regering nie die geldwaarde van die inheemse bosse van die Kaapkolonie geken en besef het nie. Belegging in omgewingsake is net gering geag. So is Brown in 1862 aangestel teen £300 per jaar met 'n £100 reistoelaag. Vyftien jaar later word De Vasselot aangestel teen £700 per jaar plus 'n £100 behuisingstoelaag. Daarteenoor is die hidroliese ingenieur van die Kaapkolonie £1,000 per jaar betaal, plus die reg om private konsultasie te doen en om 'n ruim aftreepakket te ontvang (Brown 1887:335). Hoewel De Vasselot twee keer meer as Brown betaal is, wil dit tog voorkom of die regering nie werklik besef het dat die bestuur van die omgewing al die aspekte van gevorderde skoling rakende kennis en vaardigheid vereis het nie. Karen Brown (2001:428) skryf dit toe aan konflik tussen regeringsgroepe wat vooruitgang nagevolg het, en voorstanders van tradisionele handel en ekonomie. Dit vind neerslag in die afwesigheid van 'n aparte staatsdepartement vir bosbou. De Vasselot, soos Lister sedert 1875, het verantwoording gedaan aan die Kommissaris van Kroongrond en Openbare Werke tot in 1892, toe Bosbou 'n subdepartement onder die Departement van Grond, Mynbou en Landbou geword het (Sim 1907:83,85-6).

Die gebrek aan plaaslike opleiding in bosbou en omgewingskunde kan daarom ook voor die deur van die moederland gelê word. Reeds in 1866 gee Brown (1887:iii) rekenskap voor 'n komitee van die Britse Parlement oor die ondersoek na die stigting van 'n koninklike skool vir die opleiding van bosboukundiges. Terwyl daar op die Europese kontinent verskeie skole vir die opleiding van bosboukundiges was, het 'n skool in Brittanje ontbreek. Koloniale bosbou het in der mate ontbreek aan 'n permanente en gestruktureerde program binne die Britse Ryk. Hoewel daar prakties geskoolde bosboukundiges in Indië was wat bereid was om elders in die Britse Ryk te werk, het die tydelike aard van houtontginning werknemers ontmoedig om na ander kolonies toe te gaan (:v-vi). Die gevolg was die afwesigheid van 'n natuurbewaringskultuur. Brown (:182) haal die plaaslike bosbewaarder van die Tsitsikamma, kaptein Harison, aan om die afwesigheid van opgeleide personeel as die vernaamste rede vir die gebrek aan 'n bewaringsbeleid te illustreer: "...if the preservation of the forests be decided on, let me respectfully urge the Government the necessity of establishing some system of conservation more in keeping with that of Germany, France and India." Duitsland het 'n paar opleidingskole gehad waar bosboukunde as 'n ekonomiese wetenskap, gebaseer op die plaaslike omstandighede, gedoseer is (:190,191). Teen die 1860's het Britse aspirantbosboukundiges hul opleiding of by Nancy in Frankryk se Nasionale Bosbouskool ontvang, of het praktiese opleiding in Indië ondergaan. Die eerste Britse bosbouskool het veel later in 1885 in Engeland begin. Die Royal Indian Engineering College te Cooper's Hill het probeer om 'n soortgelyke opleidingsprogram, soos Nancy s'n, te volg (Bennett 2013:66;Hutchins 1905:8). Hutchins, wat self te Nancy opgelei is, het die bosbouskool van Nancy as dié topskool gereken. Hutchins sou later Nancy bo die Engelse skool verkies, omdat die bome wat by Nancy in die suide van Frankryk gekweek is, grotendeels ooreengestem het met die eksotiese bome wat in die Kaapkolonie aangeplant is. Daarteenoor was die boomgewasse te Cooper's Hill hoofsaaklik tropies (Hutchins 1905:10).

Bosbou se swak bestuur binne die Kaapkolonie was 'n direkte gevolg van die gebrek aan opgeleide personeel, waarin die moederland nie kon voorsien nie en waarin die koloniale regering nie wou belê nie.

Brown (1887:314) som dit so op: "... while under the old regime there was a parsimony in the provision for meeting the expense of the work, not in keeping with the expenditure of the Colony on the administration of the Government, and on the administration and management of other enterprises, having for their end the development of the capabilities and resources of the Colony, and all together out of keeping with the importance to the Colony of the conservation, extension, and economic exploitation of the forests belonging to the Crown." In effek is die oneffektiewe bestuur van hout van die moederland na die kolonie afgewentel en direk toegeskryf aan die gebrek aan wetenskaplike kennis oor houtbestuur in Brittanje (:iii). Die besuiniging in staatsgeld lei tot die doodskoot vir wetenskaplike opleiding toe die pos van die koloniale botanis opgehef word.

Die pos van koloniale botanis was gekoppel aan die Kaapstadse Tuine. In 1848 is besluit om die voormalige tuine van die Kompanjie te beplant met eksotiese, bruikbare plante en sierplante asook vrugtebome ten einde klimaataanpassings te oorbrug; vir die bestudering van botanie as 'n wetenskap, die kweek van bome en landboudoeleindes, om opleiding te verskaf en as 'n publieke tuin vir ontspanning (Compton (1965:34). Compton (:35) skryf die mislukking van die Tuine toe aan die oppervlakte. Dit was te klein en het nie voorsiening vir plaaslike plante gemaak nie. Voorts het 'n herbarium<sup>2</sup> en 'n botaniese museum ontbreek. Die Tuine is in 1891 deur die Munisipaliteit oorgeneem en bestuur as 'n publieke tuin. Dit was egter die kortstondige bestaan van die koloniale botanispos wat weens 'n gebrek aan fondse plantkundige navorsing tot stilstand gedwing het.

Die koloniale botanispos was van korte duur, van 1858 tot 1866 (Sim 1907:82). Die onmiddellike gevolg was die opskorting van plantkundige navorsing, want die pos was aan die lektorspos in Plantkunde aan die Suid-Afrikaanse Kollege, Kaapstad, gekoppel. Vir die volgende vyftien jaar was daar geen skool vir plantkunde nie (Meiring Naudé, Brown 1977:65-6). Hoewel die kollege reeds in 1829 gestig is, is plantkunde eers in die laat 1850's ingestel. Die plaaslike gebrek aan 'n opleidingskool, navorsing en opgeleide personeel kon dus geen advies of aanbevelings aan die koloniale regering gee oor die bestuur van bosbou nie. Enkele bosbewaarders en boswagters is weliswaar aangestel, maar hulle was deurgaans onopgelei en onkundig rakende bosboubestuur (Brown 1887:329;336). Volgens Brown (:319) was dit hoofsaaklik toesigposte teen bosbrande, diefstal van hout en dies meer. Boonop was die tekort aan die beamptes so drasties dat die residentmagistrate moes instaan om ook as bosbewaarders op te tree. Dit is geen wonder dat die Kaapkolonie se houtkrisis op die spits gedryf is nie.

---

2 'n Leerstoel vir Botanie, die Harry Bolus-professoraat, is in 1903 aan die Suid-Afrikaanse Kollege in Kaapstad ingestel. Bolus is die stigter van die Herbarium, wat in 1911 met sy erfplanting aan die kollege na hom vernoem word (Compton 1965:36). Die Herbarium is later op Kirstenbosch hervestig en in 1938 oorgedra na die Universiteit van Kaapstad (UK) (Dyer 1977:242).

Die beëindiging van die koloniale botaniese pos het die Kaapse regering nie sonder inligting gelaat nie. Dit sluit in een boek oor inheemse plante, gedruk in 1854, en 'n omvattende jaarverslag van 1866. Karl Pappé, geneesheer en amateur plantkundige sedert 1831, maar voltydse koloniale botaniese vanaf 1858, het reeds die regering gewaarsku teen die gevaar van ontbossing. Pappé het naas sy jaarverslae ook 'n boek gepubliseer: *Silva Capensis or a description of South African forest trees and arborescent shrubs used for technical and oeconomic purposes by colonists of the Cape of Good Hope*. Dit is in 1854 in Kaapstad gedruk en uitgegee (De Kock, Krüger 1986:546-7). Lister sou later hiervan gebruik maak om inheemse plante te leer ken (Lister 1957:13). Ook het Brown in opvolging van Pappé aangetoon dat die volhoubaarheid van hout in die Kaapkolonie 'n ernstige krisis in die gesig gestaar het weens 'n tekort aan branden timmerhout en die afwesigheid van 'n bewaringsbeleid. J.C. Brown<sup>3</sup> was die tweede en laaste koloniale botaniese tussen 1862 en 1866, waarna die pos opgesê is (Sim 1907:82). Die fokus van beide botaniste was onder meer op die uitwissing van die inheemse spesies. Pappé het ook houtmonsters van inheemse boomspeesies byeen gebring en na Kew gestuur. Brown se waarnemings sluit onder meer inligting in oor plantegroei, veldbrand, ontbossing en houtontginning met aanbevelings vir die bestuur daarvan (Sim 1907:82; NASA, KAB 1866; Brown 1887:178). Het die regering geleentheid verpas deur nie die botaniese te se verslae ernstig op te neem nie? Dit blyk veral ten opsigte van die inheemse plantegroei rondom Kaapstad. Teen 1876 was dit so uitgeroei dat daar nie 'n besef was van die belangrikheid daarvan vir die omgewing asook die intrinsieke waarde daarvan nie. Meer as die helfte van die proteaveld in die Skiereiland is vernietig (Sim 1907:47). Boonop het Lister in 1877 begin om voormalige fynbosveld met wattlebome te beplant (Lückhoff 1973:25).

### 5.3 Die houtsituasie in die Kaapse Skiereiland

Die Kaapse regering kon nie die invloed van ontbossing in die Skiereiland miskyk nie. Montagu<sup>4</sup>, Koloniale Sekretaris, het in 1847 begin met aanplantings op die sandduine tussen Tafelbaai en Simonstad, asook tussen Tafelbaai en die Hottentotshollandberge (Brown 1887:49). Die waisandprobleem het vererger weens die plundering van duinesandfynbos (Foster, Tennant, Jackson 1887:413). Die duinesandfynbos is met wortel en tak geplunder vir brandhout. Die brandhouttekort was die gevolg van swak omgewingsregulering deur die owerheid, veral met 'n toenemende aanvraag na brandhout deur 'n groter wordende gemeenskap. Boonop het die geleidelike industrialisering van die ekonomie brandhout as brandstof vereis, soos die brandhout vir die lokomotiewe van die nuwe treinvervoerstelsel (Sim 1907:88). Hout vir die bou van spoorlyne was hoog op aanvraag. Oplossings om vinnig voldoende brandhout te

---

3 Brown begin in 1847 met botaniese notas toe hy as sendeling deur die Kaapkolonie toer. Hy kon dus met sy aanstelling in 1862 op gesag van sy vorige besoek hom sterk teen houtplundering uitspreek (Sim 1907:82).

4 J. Montagu was koloniale sekretaris, 1843-1852 (De Kock, 1976:579-81). Hy het *Mesembryanthemum* of vygies op die duine teen die "reusekoste" van tussen £1,600 tot £1,700 aangeplant (Lister 1957:13), asook pypgras op Valsbaai se kusduine (NASA, KAB 1883:15).

voorsien, het uitgebrei, want plante groei stadig en kundigheid omtrent die aanplanting van bome het ontbreek. Die regering was skynbaar meer bekommerd oor die toestand van die eikebome in Goewermentslaan en De Vasselot en Lister moes onder meer daaraan aandag skenk (NASA, KAB 1883:7-10). Onder tussen het veldbrande algemeen voorgekom en groot skade is aan die sukkelende veld aangerig (Sim 1907:44). Ook is tekorte aan timmerhout verhoog en dit is ten duurste ingevoer.

Dit was veral die nood aan boomplantjies wat die behoefte vir 'n kwekery beklemtoon het. Sonder boomplantjies kon die duine nie herstel of die boompies in Goewermentslaan nie vervang word nie (NASA, KAB 1883:14-15). Dit is dus 'n sameloop van omstandighede wat Tokai midde-in die geskiedenis van georganiseerde bosbou laat beland, want die hoofstroom van besluitneming oor hout was met betrekking tot die inheemse kroonbosse en woude van die George-Knysna-gebied en die Oos-Kaap. Die invoer van gevorderde kennis met die aanstelling van De Vasselot de Regné in 1881 is juis gedoen om kroonbosse en woude ekonomies te bestuur, eerder as die instelling van kunsmatige woude of plantasies (Sim 1907:84). Lister het na De Vasselot de Regné se aanstelling onder laasgenoemde se gesag gestaan. Met sy ervaring wat Lister tussen 1875 en 1881 oor die plaaslike situasie in die Wes-Kaap opgedoen het, kan verwag word dat De Vasselot de Regné op Lister se insig en praktiese ervaring van die Westelike Divisie sou steun. Tog was dit die Kommissaris van die Departement van Openbare Werke wat opslageikebome, asook grond vir 'n kwekery op kroongrond langs Tokai, aan De Vasselot voorhou. Die bestaande kwekerygrond by Uityvlugt was nie geskik nie: “Some of the land on Tokai farm would answer these requirements perfectly.” (NASA, KAB 1883:10;1883i).

De Vasselot de Regné se pos het onder meer die bestuur van kroonbosse en woude behels, maar omdat hier geen inheemse bosse in die Wes-Kaap oor was nie, was De Vasselot se aandag by die inheemse bosse van die Suid- en Oos-Kaap. Sy eerste opdrag het 'n ondersoek na bosse vanaf Mosselbaai in 1881 en verder ooswaarts behels en hy moes rekenskap gee oor ses kwessies rakende bosbestuur. Hoewel die sesde kwessie wel na onder meer boomaanplanting verwys, is daar geen spesifieke verwysing na die vestiging van kunsmatige plantasies in die Wes-Kaap nie. Die kwessies behels (i) die algemene bestuur van bosse; (ii) metodes van bewerking; (iii) bewaring; (iv) herplanting; (v) voorsorg teen brand en (vi) die gebruik van timmerhout. Laasgenoemde word uitgebrei met 'n algemene werksopdrag “...whatever bears, upon the creation, existence, preservation and multiplication of trees” (Brown 1887:198). Die aanbevelings daarin verwys na die plekke<sup>5</sup> wat hy besoek het. Wanneer De Vasselot de Regné aanbeveel dat die vlaktes rondom Beaufort-Wes aangeplant moes word deur 'n kundige persoon sodat die plantasies daar kan voortgaan, verwys hy niksseggend en bloot terloops na die westelike distrikte as “... *and for general service in*

---

5 De Vasselot en Harison vertrek op 5 Mei 1881 na Mosselbaai en besoek die bosse van George, Knysna, Tsitsikamma, Humansdorp, Port Elizabeth, Alexandria, Grahamstad, King Williamstown, Peddie, Stutterheim, Queenstown, Katberg (Stockenström), Graaff-Reinet en Beaufort-Wes. Sy reisverslag is o.a. in Brown (1887: 205-22) opgeneem (Brown 1887:198).

*the Western districts*” (Brown 1887:214). Die tradisionele bosareas van die Kaapse Skiereiland was dus hoegenaamd nie deel van die nuwe fase van bosadministrasie vanaf 1881 of in die vooruitsig daarvan nie. Buitendien was Lister, wat 'n mate van opleiding gehad het, in die Wes-Kaap werksaam. Daar sou 'n impetus moes kom wat houtverbouing in die Kaapse Skiereiland aan die gang moes kry.

### 5.3.1 Houtveldvermindering en houtuitputting

Die effek van die vermindering van houtveld in die Kaapse Skiereiland word vir die eerste keer na 1806 deur die koloniale regering in Ordonnansie 5 van Junie 1836 aangespreek. Die ordonnansie het die Baataafse plakkaat ten opsigte van die Kaapse Vlakte en Duine herdefinieer en terselfdertyd goewerneur Janssens se plakkaat van September 1803 herroep. Alle beweiding deur alle diere, behalwe diere wat vanaf of na die mark geneem, uitgesluit beeste, is verbied. Weidinglisensies vir beeste, perde en muile in die area is steeds vir 'n jaar teen 6p. per dier uitgereik, behalwe op uitspanplekke. Die uitreiking van kaplisensies teen 9p. vir riet en die aantal bondels of biesies wat nie eenduisend bondels mag oorskry het nie, was geldig vir drie maande (Foster, Tenant, Jackson 1887:192-4). Die ordonnansie kon egter nie plundering stop nie en binne tien jaar was die dryfsand van geplunderde duine so 'n probleem dat 'n nuwe ordonnansie, Ordonnansie 28 van 1846 uitgevaardig is. Dit het die 1836-wet herroep (:413-7). Die naam van die ordonnansie, “... for preventing the Mischiefs arising from the cutting, rooting up, and destroying of Trees, Shrubs and Bushes growing on the Cape Flats and Downs”, is veelseggend oor wat in tien jaar se tyd plaasgevind het. Uit die inleiding tot die ordonnansie blyk dit dat daar intussen 'n harde pad oor die sandduine gebou is en dat die waaisand aanhoudend die pad toegewaaie het. Hier word dit eksplisiet genoem dat die versameling van brandhout deur afsny, wortelhout uit te graawe en die verwydering van plantmateriaal van bome, struik en bosse die sand losgemaak het. Die sand is derhalwe deur die wind weggewaaie en dit het op die harde pad versamel waar dit sekere gedeeltes van die pad ernstig beskadig het. Pogings wat deur die sentrale raad van kommissaris vir openbare paaie aangewend is om die duine met bome, struik en bosse en ander plantmateriaal te beplant, kon nie voortgaan nie, weens die volgehoue verwydering van duinehout. Om hierdie rede is enige versameling van hout op enige duin van die Kaapse Duine en Vlakte heeltemal verbied. Swaar boetes, wat wissel van £5 en hoër tot tronkstraf, wat harde arbeid insluit, is in die ordonnansie vervat.

Ook eienaars of huurders van grond in die Duine of Kaapse Vlakte se vryhede met betrekking tot plantegroei is ingeperk. Die harde pad deur die duineveld is in 1845 onder die aanvoering van John Montagu, koloniale sekretaris, gebou. Hy het toe *Mesembryanthemum* of vygies op die duine teen die reusekoste<sup>6</sup> van tussen £1,600 tot £1,700 aangeplant (Brown, 1887:49; Lister 1957:13; Sim 1907:74). Teen 1846 was

---

6 Lister het Montagu se koste as astronomies afgemaak. Lister lys net een jaar se aanrykoste, £450 van stad-vullis in 1877. Duineaanplantings het eers vanaf 1886 'n wins van £280 begin te toon. Die eerste agt jaar se vervoerkoste (£3,600) plus lone kon moontlik Montagu se kostes oorskry (NASA, KAB 1888:17). Lister het Montagu se aanplanting van kussandduine by Valsbaai met pygras voortgesit (NASA, KAB 1883:15).

waaisand reeds 'n gevestigde probleem. Dit sou die bou van die eerste spoorlyn wees wat die waaisandkwessie op die spits dryf. Die kwessie het weer die noodsaaklikheid van geskikte plantmateriaal vir die duine se binding beklemtoon. Onvoldoene polisiëring in opvolging van Ordonnansie 5 van 1836 moes reeds in 1846 uitgewys gewees het. Die strengste wetgewing beteken weinig indien die toegepassing nie afgedwing word nie. Eers toe Lister se aanplantings op die duine in gedrang kom, is polisiëring met eenvoudige maatreëls ingestel. Lister se personeel het begin om diegene wat die nuutaangeplante area betree, te vervolg. Op 11 Januarie 1883 is 'n regeringskennisgewing uitgereik waarvolgens enige skade aan jong bome en kruidgewasse, ongemagtigde betreding en beweiding deur onmiddellike vervolging opgevolg is (NASA, KAB 1883a). Dit is deur Lister se personeel onderneem.

### **5.3.2 Waaisandprobleem beklemtoon behoefte aan 'n kwekery**

Ook die waaisandprobleem het die behoefte aan 'n kwekery beklemtoon. Plantasies en kwekerye op die Kaapse Vlakte was nie geskik vir grootskaalse aankweek van plantjies nie, omdat die grond en klimaat nie geskik was vir alle soorte bome nie (NASA, KAB 1883:14,15). Ook het dit die besef by Lister laat posvat dat kunsmatige bosse of plantasies gebruik kon word om ontbosde gebiede, soos bo-op Tafelberg, weer onder hout te stel (:17).

Britse kundiges van die laat negentiende eeu het die waaisandprobleem voor die deur van die Hollandse regering gelê. Volgens Sim (1907:78,76) het die VOC nie werklik wetgewing toegepas ten opsigte van natuurbewaring nie. Slegs honderd van sowat 1,200 wette het min of meer betrekking op bosbouaangeleenthede gehad. Ook King (1938:5) plaas die onus op die VOC-bestuur, maar dit blyk ook dat nie een van die twee navorsers VOC-materiaal geraadpleeg het nie. In werklikheid is 'n program vir die herbeplanting van die Tafelbaaise kusduine reeds in die 1700's gedoen en vir 'n paar jaar na 1723 volgehou (Sleigh 2004:26-7). Gestroopte duine was toe reeds 'n probleem en die ontbossing van die duine suidoos van Tafelbaai is as rede aangevoer vir die skeepsramp van 16 Junie 1722 toe etlike skepe in Tafelbaai omgewaai en gestrand is. Toe duinesand teen 1730 boere se landerye begin toewaai, is daar gehoop dat die wortelhout vinnig sou hergroei en daadwerklike ingryping onnodig maak. Toe hergroei nie gebeur nie, is die haal van enige hout op die Kaapse vlakte in 1743 en in 1746, met inbegrip van kusduine langs Valsbaai, totaal verbied en die straf vir oortreders verhoog (Jeffreys, Naudé, Venter 1948:222). Ordonnansie 28 van 1846 het byna presies 'n eeu later verskyn en die strekking van die ordonnansie is in wese 'n herhaling van die 1743 en 1746-plakkate. Riet, wortels en kreupelbosse of fynbosveld is in die VOC-era aan die brand gesteek en daarna is die houtskool ingesamel. Hoewel die algemene maak van houtskool reeds in 1774 verbied is (Sleigh 2004:27), is spesiale lisensies in 1792 steeds uitgereik (Naudé, Venter 1949:67-70). Maar houtskoolvervaardiging is in die 19de eeu voortgesit en in 1886 op Tokai deur regeringsamptenare gedoen (NASA, KAB 1887:5). 'n Groot brand in Constantia in die middel 19de eeu het waarskynlik verband gehou met houtskoolinsameling (Sim 1907:44). Deur die probleem dus aan nalatigheid van die regering voor 1795 toe te skryf, is 'n blatante verontskuldiging van die verantwoorde-



likheid van die Britse regering tussen 1795 en 1803 en na 1806. Wetgewing wat uit die periode voor 1795 hul oorsprong gehad het, het juis die duinekwessie aangespreek. Daarvan getuig die noodsaaklikheid van die twee ordonnansies van 1836 en 1846, uitgereik deur dieselfde Britse regering wat toegelaat het dat die situasie so agteruit gegaan het. Ook die Bataafse regering was nie ten gunste van gronduitreiking in duineveld nie (NASA, KAB 1803b). Boonop het Cloete as voormalige inspekteur in 1806 die houtsituasie aan die Britse regering verduidelik (1806;1806a).

Lister se ervaring, wat hy met eksotiese aanplantings op die duine opgedoen het, het hy later op Tafelberg, Tokai, Kluitjeskraal en Uitvlugt gebruik, maar dit kon nie sukses waarborg nie, want dit het ontbreek aan navorsing en navorsingsresultate. Eksperimente met die kweek van gras<sup>7</sup> wat op duine kon groei, is deur Hutchins op Tokai uitgevoer: in 1894 word daar 220 marramgrasplantjies in die kwekery op Tokai aangeplant. Binne een jaar was daar 10,000 plantjies vir duineaanplanting en verkope aan die publiek beskikbaar (NASA, KAB 1896:12;CGH 1898:5;Hutchins 1905:12-13). Lister het sy vader<sup>8</sup> se tuinier, Robert Smith, gebruik om met behulp van die diepploegmetode boomsade op Uitvlugt te kweek, maar dit was net deels suksesvol.

Om plante enigsins in die sand te laat groei, is problematies. Montagu het sy vygieaanplanting mettertyd uitgebrei met die aanplanting van rye “brushwood” of kreupelhout en ander houtagtige struik met rye pypgrasplantjies<sup>9</sup> en boomsadjies tussenin. Hierdie plan is in 1875 deur Lister (junior) gesien as stadig, duur en eintlik geheel en al 'n mislukking (Lister 1957:13). Sim reken daar is teen 1877 reeds £70,000 aan die waaisandprobleem spandeer (Sim 1907:84). Die oplossing om stadsvullis te gebruik, was Lister (junior) se oorspronklike idee wat hy met minister Merriman<sup>10</sup> bespreek het (Lister 1957:13). In 1877 het Lister in opdrag van die Kommissaris van Openbare Werke begin om die waaisandprobleem volgens sy (Lister se) aanbevelings aan te spreek. Hy het die stadsvullis op die sand laat strooi en toe die saad van wattelbome daarin gesaai. Hierdie boskasies sou volgens hom nie alleen die duine stabiliseer nie, maar ook 'n waardevolle bron van brandhout word, soos later gerapporteer word (NASA, KAB 1884c). Volgens Lückoff (1973:25-6) was dit die rooikrans (*Acacia cyclops*) en die Port Jackson (*Acacia cyanophylla*). Lister lys die plante in 1887 as die 'Small leaved wattle' (*Acacia glaucophylla*) en die Port Jackson (*Acacia saligna*) (NASA, KAB 1888:14). Saad van die *Acacia decurrens* wat Lister in 1881 van baron

---

7 Hier word na *Marram of Moram* -gras verwys. Hutchins het ook *Chymococca empetroides*, *Mundtia spinosa* en “ander inheemse sandgroeïende plante” in kwekerye aangeplant (CGH 1898:5-6;NASA, KAB 1896:8; Hutchins 1905:12).

8 Joseph Storr Lister senior was die inspekteur van die Kaapse Padraad (Lister 1957:10).

9 Pypgras of *Ehrharta villosa* is inheems aan die kus van Suid-Afrika en dit het goed op die duine by die kus gegroei. Dit is deur Montagu en later deur Lister op die duine hervestig (NASA, KAB 1883:15).

10 J.X. Merriman word in Julie 1875 in die kabinet van J.C. Molteno opgeneem (De Kock, Krüger 1986 :475). Hy was in 1912 en 1913 betrokke by die stigting van Kirstenbosch (Compton 1965:42-3).

F. Von Mueller van Melbourne, Australië ontvang het, is in kwekerybeddings gesaai en dit het binne een jaar vier voet hoog gegroei. Volgens Lister was dit bevredigend om te weet dat die blare van die *Acacia decurrens* of die groenwattel identies is met die wattelbome wat deur hom op die duine aangeplant is (NASA, KAB 1883:15; Poynton 1973:91). Lister was egter nie opgelei in dendrologie nie en is deur dr. Macowan, kurator van die Tuine, geleer om bome en blomme te identifiseer. Volgens sy dogter (Lister 1957:13) was die enigste beskikbare handleiding die *Silva Capensis* van dr. Pappe. Die vraag behoort gevra te word dat indien 'n opgeleide plantkundige as superintendent van plantasies aangestel was, Montagu se metode op die lange duur nie beter vir die duine sou gewees het nie. Moontlik het Lister bedenkinge gehad oor die aanplanting van wattelbome, want in sy handleiding vir die aanplanting van bome (1884:-14) lys hy ook die wasbessie (*Myrica cordifolia*) as ideaal om met sy kruipende wortelstelsel waaisand te bind. Hy wys ook op die voordeligheid van die plant vir kerswas. Dat die pluk daarvan reeds sedert 1778 gereguleer is (Naudé, Venter 1949:99), plaas weer eens 'n vraagteken oor die polisiëring van duineplantegroei na 1806. Die onomkeerbare skade van die duinestabilisering met Lister se aanplantings sou eers in die 20ste eeu na vore kom. Duine se ekologie is afhanklik van bewegende en nuwe sand. Die aanplantings met wattelbome het die duinesand gekompakteer en die noodsaaklik beweging van sand geneutraliseer (Carruthers, Robin 2010:60).

Sim (1907:21-2) bevraagteken dan ook die duineaanplantings met wattelbome, ook rondom Port Elizabeth. Hy het eerder die Karoo-doringboom voorgestel, omdat dit potensieel 'n keerwal is teen wegholbrande, soos waar dit doelbewus langs woude in die Oos-Kaap aangeplant is. Onder Hutchins se bestuur is die aanplanting van wattelbome in plantasies op die Kaapse Vlakte geleidelik verminder en reeds in die vroeë 1890's met naaldbome vervang (Hutchins 1905:11). Ook is die *Acacia saligna* of Port Jackson met 'n waardevoller wattelboom, die *Acacia pycnantha* of die 'Golden wattle' vervang. Teen 1907 was daar net drie waaisandplantasies oor, naamlik Bellville, gestig 1877, Strandfontein en Valsbaai, gestig 1898 en Uitvlugt (CGH 1907:12). Uitvlugt of die Eppingplantasie is sedert 1882 grotendeels met denneplantasies aangeplant (CGH 1898:11). Indien Tokai as 'n proefplaas vir die aanplanting van inheemse gewasse op berg- en duineveld gebruik is, sou dit baie meer sin gemaak het. Die duineaanplantings van Lister was 'n wegholresep met korttermyn sukses, maar sonder enige kennis van langtermyngevolge.

### 5.3.3 Die Looi-industrie

Lister het die looi-industrie as 'n doelbewuste projek begin, ongeag die gebruik van inheemse hout<sup>11</sup>. Aanvraag vir die bas van wattelbome het in 1883 begin toeneem en die markwaarde van die wattelbome in die eerste plantasies op die Kaapse Vlakte is as hoër as in Melbourne, Australië gereken (NASA, KAB

---

11 Die spesies wat gebruik is, is die Karoo-doringboom of *Acacia horrida*, *Rhus thunbergia*, *Pterocelastrus tricuspidatus*, saffraan, assegaai, swart stinkhout, die bas en blare van verskeie *Proteaceae* (suiker- en kreupelbosse, wabome en die amandelboom) en die bergbas (*Osyris compressa*) seASSE en soms blare wat daarvoor gebruik is. Ook die wortels van die *Elephantorrhiza* is gebruik (Sim 1907:57).

1884c:18). Hiermee het Lister die plaaslike looibedryf, wat op inheemse hout geskool was, 'n gevoelige knou gegee. Sim (1907:57) erken wel dat inheemse hout hierdeur gespaar gebly het. Tannientoetse wat in 1894 gedoen is op negentien inheemse spesies se bas, blare en wortels, asook die bas van die uitheemse wattelboom, het aangetoon dat wattelbas meer tannien opgelewer het. Die wattelboom se bas was egter vars teenoor droë inheemse plantmateriaal, waarmee Sim die wetenskaplikheid van die toetse betwyfel. Dit sou al hoe meer blyk dat Lister 'n dissipel van Britse imperialisme was. Ook het die looi-industrie die wattelboomplantasies geregverdig.

### **5.3.4 Industrialisering in die Kaapse Skiereiland**

Die een industrie wat uitstaan, is die daarstelling van spoorvervoer. Dit het met enorme houtverbruik gepaard gegaan. Vinnig groeiende houtspesies is toenemend as 'n oplossing beskou, vergeleke die aanplanting van vinnig groeiende wattelbome op die Kaapse duine of die gombome by Worcester (CGH 1884c:8; Sim 1907:74). Lister het die Port Jackson-wattelboom gelys as die beste en waardevolste boom vir die Kaapkolonie. Die hout is gebruik vir speke, handvatsels, jukke, sypaadjies, grenspale en naby Kaapstad as vuurmaakhout (CGH 1884a:8). Saam met die spoorlyn, brûe en ander infrastruktuur het ook telegraafverbindinge en telegraafpale gekom. Die Kaapse dokke is vergroot en open in 1870 as 'n somerhawe (Walker 1927:392). Hout word dus al hoe meer 'n moeilik verskafbare komponent vir die boubedryf en industrieë.

In konstruksie is die houtbehoefte in 1882 op 1,500,000 kubieke voet bereken. Die transportindustrie, bestaande uit ongeveer 35,000 waens en 29,000 karre en hul trekvee, naamlik 16 osse per transportwa, en 235,000 muile en perde vir karre, het jaarliks sowat 200,000 kubieke voet benodig. Die meubelbedryf, die vervaardiging van komponente vir speke, kampe en projekte van die Departement van Openbare Werke se jaarlikse behoefte was sowat 564,313 kubieke voet timmerhout.

Timmerhout is verkry uit die regeringsbosse van die Suid-Kaap, maar dit was hopeloos te min om in die boubedryf se behoeftes te voorsien (NASA, KAB 1882b:28). Die totale inhoudsmaat vir die regering se behoefte alleen was in die laat 1870's 250,000 kubieke voet (:27). Ander verbruike en publieke houtverbruik is op sowat 2,014,313 kubieke voet bereken, wat 'n totaal van 2,264,313 kubieke voet gegee het. In 1875 was daar sowat 55,212 huishoudings in die Kaapkolonie wat in 1882 tot 'n beraamde 60,000 toegenem het. Indien die jaarlikse toename aan nuwe huise op 1,200 bereken sou word en waar een huis 'n gemiddeld van 600 kubieke voet benodig, is die aanvraag vir behuising alleen 720,000 kubieke voet. Hierdie hout kon nie deur die Kaapkolonie voorsien word nie en is op groot skaal ingevoer (Sim 1907:57). Timmerhoutinvoere in 1882 was 235,367 kubieke voet (Sim 1907:64). Kaapstad was toe die hoofsentrum van die Westelike Provinsie, naas Port Elizabeth in die Oostelike Provinsie. Juis die vestiging van die eerste spoorlyn in die Kaapse Skiereiland, asook die ontdekking van diamante in 1867, sou meer industriële aktiwiteite in die Kaapse Skiereiland tot gevolg hê, ingelyks 'n behoefte aan grond vir uitbrei-

ding en ongetwyfeld brandhout. Ten einde die lokomotiewe van hout te voorsien, is die vestiging van plantasies langs die spoorlyn deur die Kaapstadse spoorweg- en hawemaatskappy, die Cape Town Railway & Dock Company, toegelaat (Sim 1907: 74). Lister het die houtvoorsiening in 1876 tot 1878 te Worcester uitgebrei met vinnig groeiende bloekombome wat in 1894 'n uitstekende kontantinkomste gelewer het (:89).

Die ontstaangeskiedenis van 'n spoordiens in Suid-Afrika was die industrie wat die nood aan plantasies uitgelik het. Die Kaapse regering het 'n aandeel van sowat 6% in die private spoorwegmaatskappy gehad asook die reg om dit uit te koop. In 1853 word die spoorweg- en hawemaatskappy in Kaapstad gestig om die eerste spoorlyn tot op Wellington te bou (Potgieter 1973:220-1). Die eerste 34 kilometer tussen Kaapstad en Eersterivier is op 1 Februarie 1862 ingewy. Kort daarna is dit tot by Stellenbosch en Wellington binneland toe uitgebrei en 'n tweede lyn is na Soutrivier en vandaar tot by Wynberg gebou. Laasgenoemde is deur die Wynbergse spoorwegmaatskappy, Wynberg Railway Company, gebou. Dié private maatskappy is in 1875 heeltemal deur die nuutgestigte regeringsmaatskappy, Cape Government Railways, oorgeneem (:218). Hierna was sekere regeringsplantasies gekoppel aan die spoorweë tot in 1937 toe die regering 'n bietjie meer as 'n kwartmiljoen pond aan die spoorweë oorbetal en daardie plantasies by die Unie se bosboudiens gevoeg het (Reekie 2004:74).

Die ontstaan van regeringsplantasies hou 'n direkte verband met die bou van die eerste spoorlyn se voltooiing in 1862 (Sim 1907:74;Potgieter 1973:218). Plantasies was nie 'n nuwe konsep in die Kaapkolonie nie, maar dit is meesal privaat bedryf deur koloniste om 'n inkomste te verdien, soos 'n private plantasie gombome by Wynberg (NLSA 1882:3). Die konsep “plantasies” veroorsaak verwarring, omdat daar voor die doelgerigte aanplanting van houtreservoirs in die 1880's met die aanvang van aktiwiteite te Tokai reeds brandhoutplantasies was (Reekie 2004:70). Australiese wattelbome of akasias is in 1864 as timmerhout gevestig. Dit het jare voor Lister se aanstelling gebeur toe Smith<sup>12</sup> met die diepploegmetode duinesand met 'n klei-onderlaag vermeng het om bome op Uitvlugt<sup>13</sup> te plant (Brown 1887:342;CGH 1898b:9). Sedert Mei 1882 is die plantasie uitgebrei met die doelbewuste aanplanting van onder meer *Acacia saligna* en Pinasterdenne (CGH 1898b:9-11).

---

12 Robert Smith was in die 1860's die tuinier van die Uitvlugtplantasie (Brown 1887:342). Smith sou later deur Lister junior bevorder word tot toesighouer van die duineplantasies en hulpverlening met die hervestiging van die Duitse setlaars (NASA, KAB 1883:15).

13 Uitvlugt was naby Raapenburg (HRC ca 1890). Die woonbuurt Pinelands is later op 'n gedeelte van Uitvlugt aangelê (Mapstudio1994/95:28). Hutchins het na die Uitvlugtplantasie as die Epping-plantasie verwys. Dit was vier myl buite sentraal Kaapstad. Dit het oor 'n wye area van sowat 8,000 akker gestrek (CGH 1898b:9-11).

### 5.3.5 Eikelaning, Goewermentslaan, Kaapstad

Eikebome, spesifiek die gewone eike of *Quercus pedunculata*, word in 1899 deur Hutchins (:80-1) as 'n genaturaliseerde hout gelys. Volgens Lister (1884:16) het dit uitgestaan in waarde en skoonheid. In Kaapstad was bome skaars en die groen lower was baie aantreklik. Die akkers is jaarliks vir allerlei doeleindes gooes en swak eikebome is as brandhout gebruik. Die hout was ook bruikbaar. 'n Eikespoorstaaf was na twintig jaar steeds bruikbaar en eikebome is toe reeds gesien as 'n voorkomende plantmateriaal in 'n brandgordel (NASA, KAB 1886b:10). Die eikeboomlaning van Goewermentslaan en ander straatbome rondom die nuwe Parlementsgebou en ander regeringsgeboue was daarom belangrik. Die instandhouding daarvan het by die Departement van Openbare Werke berus. Die vraag wat onmiddellik na vore kom, is wat die verband tussen die Goewermentslaan se eikebome en Tokai is. Dit was juis die tekort aan jong eikeboomplantjies vir Goewermentslaan wat Tokai aan dié landmerk van die Kaapkolonie verbind en gelei het tot die vestiging van die kwekery te Tokai.

Die gewone of 'common' eik was (en is) nie 'n gesonde boom nie. Dit het maklik swart kanker gekry wat die bas en kambium aangeval het. Die areas moes uitgesny en geteer word om te voorkom dat die boom sterf (Hutchins 1899:81). Dit was 'n omslagtige proses en het min sukses vir beamptes van die Openbare Werkedepartement ingehou. Die Superintendent van Plantasies, Lister, was daarvoor verantwoordelik (NASA, KAB 1883k), maar na die aanstelling van De Vasselot het Lister van De Vasselot verwag om 'n oplossing te vind vir die swak toestand van die bome. In sy 1882-verslag sit De Vasselot die probleem met die eike uiteen (1883:7-10). Die eikebome wat siek of dooie boompies vervang het, was opslagboompies wat enige plek op kroongrond gevind is, waarskynlik die naaste plek aan Kaapstad. Rondom 1881 is 2,000 opslag-eikeboompies uit die bosse by Nuweland gehaal en in 'n tydelike kwekery op die Vlakte onderkant Claremont oorgeplant. Dit was egter nie suksesvol nie (1883:16). In 1883 is voorgestel om opslagboompies, wat op Tokai groei, in Goewermentslaan te plant (1883k). Van die sypaadjies in die Tuine is ook met jong eikeboompies, wat by private plantasies aangekoop is, aangeplant. Maar dit was volgens Lister onaanneemlik (1883:17).

De Vasselot verduidelik in fyn besonderhede in sy verslag van 1882 aan die gesamentlike vergadering van albei huise waarom die oorplanting van opslagboompies nie werk nie (NASA, KAB 1883:9). Ligverdringing, te dun stamme, swak ontwikkelde wortelstelsels en arm blaarontwikkeling of verstrengelde blare en takkies het die boompies verswak. Met die oorplantingsproses is dit verder beskadig. Die krone is somer met die plantslag gelyk gesnoei. Soms is die koppe van die plante afgesny. Die geplante boompie is regop gehou deur dit met 'n goiingsak om 'n stut vas te draai. Nuwe lote het dan aan die onderkant van die goiingsak en tussen die bopunt uitgeloop en tussen die nuwe lote het die stam dooie hout gevorm. Die stuk dooie hout versprei of “groeï” binne in die stam sodat daar mettertyd 'n soliede stuk dooie hout te midde van die gedeeltelik groeiende bas ontstaan. Die gesnoeide top, tesame met blootstelling aan die suidoostewind, het die takke oneweredig laat groei. Op daardie punt is die hulp van die reddingspan

ingeroep, naamlik 'n messelaar en 'n “arborikulturis” of 'n boomkundige. Die dooie hout is weggesny en die gapende wond met Portlandsement opgevol. As gevolg van die behandeling het die bome baie stadig herstel, indien enigsins. Teen 1882 was daar heelwat bome in die laning wat behandel is en waarvan sommige gesterf het<sup>14</sup>.

De Vasselot het gevoel dit moet ordentlik gekweekte boompies van saad wees, sodat dit op die regte oomblik gesnoei en uitgedun kon word. Die bestaande kwekery was sandgrond sonder klei en kompos het nie daarin gewerk nie. Die hakeas, bloekoms, Keiappel en Grevilleas het wel sukses getoon, maar dit is nie die geval met eikebome nie. Die ideale kwekerygrond moes kleiagtig wees sonder dat dit te vas is, verkieslik graniet, natleibaar en beskerm teen wind. Daar was wel 'n plek waar sulke grond opgemerk is. Die plek wat deur W. M. Grier, die hoofingenieur van Publieke Werk aanbeveel is, is Tokai (NASA, KAB 1883k). “Some of the land on Tokai farm would answer these requirements perfectly.” (NASA, KAB 1883:10) Hierdie grond is waarskynlik opgemerk toe De Vasselot opslagboompies vir Goewermentslaan gaan ondersoek het (1883k;l). Volgens 'n sketskaart van 1896 wat die Amerikaanse druifstokkwekery se moontlike posisie aandui, was daar 'n bestaande eikeheining wat die onderste tuine en wingerd aan die noordwestekant teen wind sou beskerm. Die waterleiding parallel met die wingerd aan die suidekant daarvan was ook beplant met eikebome. Die eikelaning het tot by die verste punt van die wingerd in die Ondertuine gestrek. Die plaaspad in die Ondertuine het parallel met die waterleiding geloop (1896d). Volgens Hutchins se gedetailleerde sketskaart in 1893 was hierdie eikelaning teen die grens met die sandduinfynbosarea (1893b; Diagram 34, 33, 33a Bylaag B). Ook op die 1885-kaart word bome aangedui. Suidwes van die die opstal was twee klein bosse bome of struik, maar tussen die bos, die naaste aan die kanaal, en die kwekery, was duidelik opslagbome. Dit kon ook moontlik eikebome gewees het (1885b). Op die De Vasselot-kaart is daardie area sonder plantegroei, maar na aan die drif word bome ingetek en gemerk 'vrugteboorde' (1883n; Diagram 33-4 Bylaag B).

Dit wil voorkom of opslagboompies op Tokai ook in die Goewermentslaan gebruik is of gebruik sou word. Lister versoek De Vasselot om werk te maak van sy (De Vasselot se) voorstel (NASA, KAB 1883k), hoewel Tokai nie Lister se voorkeurposisie vir 'n kwekery was nie. Lister was ten gunste van 'n kwekery teen die hange van, of bo-op Tafelberg. Die aangrensende kroongrond op Tafelberg langsaan so 'n kwekery moes dan as 'n bosboustasie ontwikkel word waarop daar eksperimentele aanplantings ten opsigte van die bruikbaarste inheemse en eksotiese of uitheemse boomspepies gedoen word. Plantjies uit hierdie kwekery sou dan gebruik kon word om op die stukkies kroongrond bo-op Tafelberg te beplant (1883:17). Lister maak dan ook in 1882 bekend dat hy van plan is om die kwekery by Uitvlugt te verskuif, hoewel 'n definitiewe plek nie aanbeveel word nie (1883:14). Die 1882-verslag gee dus twee duidelik verskillende opinies oor die plek vir 'n kwekery. De Vasselot het onmiddellik die kwessie oor grond

---

14 Verskeie eikebome op Tokai vertoon gapende wonde aan stamme. Diagram 36 Bylaag B vertoon 'n eikeboomstam direk langs Tokai-woning. Dit is in 2014 afgekap. (Persoonlike waarneming).

vir 'n kwekery te Tokai en moontlike opslagboompies met sy departementshoof opgevolg. In sy skrywe van 13 Julie aan die Kommissaris van Openbare Werke versoek hy uitdruklik 'n stukkie grond op Tokai waar eikebome gekweek kon word. Gedagtig aan Lister se aanmaning dat die plantseisoen sy einde nader, heg hy ook Lister se brief aan, waarskynlik ook om te dien as ondersteuning en motivering. Ook versoek hy dat die groter eikebome wat op Tokai groei, oorgeplant mag word in Goewermentslaan (1883k). In De Vasselot se brief van 4 September bedank hy die kommissaris omdat hy (die kommissaris) Tokai aan hom (De Vasselot) voorgestel het as 'n geskikte plek vir 'n kwekery (1883l). Ook noem De Vasselot dat hy tydens sy inspeksie van die voorgestelde plek vergesel was van Hutchins en Lister. Maar volgens Lister was die amptelike doel van die kwekery om saailinge te kweek om op kroongrond van Constantiaberg te plant (1884:19). Georgina Lister (1960:79) meen dit was om saailinge aan boere teen kosprys te verskaf. Die geslaagdheid van Tokai sou lei tot aanplantings op aangrensende berge. Vir De Vasselot was die kweking, asook die aanplanting van waardevolle spesies op Tokai, vir verskeie doelwitte (1885:5). Hutchins (1899,1905) se latere proefaanplanting en rekordhouding strook hiermee.

Toestemming vir die uitleg van 'n kwekery word op 17 September 1883 verleen (NASA, SAB 1883o). Die verslag van die hoofinspekteur, A.H. English, word aan die toestemmingsbrief geheg waarin gemeld word dat bakens opgerig is om die kwekery aan te dui, asook die tydelike kwekery in die tuine. Toestemming vir die gebruik van die grond vir plantasies word op 26 September gegee. Behalwe die kwekerygrond word bygevoeg “...to transfer to the control of that officer, the part marked A B C (red letters) on the annexed plan, and also as much of the adjacent Crown Land as may from time to time be required for extending the plantation, and for the conservation of the indigenous growth.” (1883p) Dit het die silwerboomplantasie op die heuwels agter die opstal ingesluit, asook inheemse bome in die klowe (1883p; 1883l). In 'n opgaaf van al die kroongrond wat as kroonbosse opsygesit is, word Tokai in 1899 as 1,148 akker gedemarkeerde grond aangetoon (CGH 1899a). Volgens regeringskennisgewing No. 949 van 1898 is die totale Laer Tokai se oppervlakte op 2,369 akker beraam (1899:3;1900:3). Die boonste of “Upper” Tokai is op 2,600 akker beraam. Die erkenning van die grond as legitieme plantasiegrond was belangrik, asook die verwysing na die kweek van inheemse plantegroei. Demarkering van kroongrond, gereserveer as plantasiegrond, sou later in 'n netelige kwessie met die Porter-bestuur ontaard. Hutchins se grootste geskilpunt met die regering in later jare het oor die vervreemding van bosbougrond gegaan en daarvoor wou hy die betrokke wet, “For the Better Protection of Forests”, of kortweg die Boswet, Wet no 28 van 1888, amendeer (Darrow 1977:12). Die toestemming vir Bosbou om die groter Tokai as plantasie te ontwikkel, bly belangrik.

Lister was blykbaar nie tevrede met die Tokai-eikeboompies nie. Hy gee sy misnoeë in die 1883-verslag te kenne met die aanplantings wat wel in die Goewermentslaan gedoen is, hoewel hy toegee dat die afsterwe van die aangeplante boompies te wyte is aan die seewater waarmee dit natgelei is. Hy spreek voorts die hoop uit dat hulle binne drie jaar geskikte eikeboompies sou hê, danksy die kwekery by Tokai

(NASA, KAB 1884b:19). Van die boompies wat wel gegroei het, was enkeles van Tokai afkomstig. Bosbou het eers in September 1883 toestemming gekry om 'n stukkie grond as 'n kwekery uit te meet. Hoewel daar geen melding van die opslagboompies van Tokai in die jaarverslag gemaak word nie, kan aanvaar word dat die boompies wel uitgehaal is, want dit het die goedkeuring van die Kommissaris van Openbare Werke weggedra. Tokai was egter nie die enigste plek wat in 1883 vir 'n kwekery opsygesit is nie. Lister se voorkeurplek het Tafelberg gebly (1883:17). Tafelberg word dan ook deur De Vasselot in 1883, naas Tokai en omliggende kroongrond, vir aanplantings uitgesonder (1883). Lister was dus nie ten gunste van Tokai as die voorkeurkwekery nie.

Die goedkeuring en administratiewe voorbereiding van Tokai as die geskikste plek vir 'n kwekery en eksperimentele plantasie kan aan 'n paar persone se deelname toegeskryf word – die hoofinspekteur en die hoofingenieur van die Departement van Openbare Werke, onderskeidelik W.M. Grier, en A.H. English, die hoofsuperintendent van Kroonbosse en Woude, Graaf de Vasselot, die superintendent van plantasies, Lister, die bosboukundige, Hutchins en Abraham de Smith van die Kantoor van die Landmetergeneraal (NASA, SAB 1883o; NASA, KAB 1883l; 1883k; NLSA 1883). Die voorstel is deur Grier gedoen (NASA, KAB 1883k) en die plek is deur De Vasselot goedgekeur, maar in die geselskap van Lister en Hutchins (1883). In die huidige nalatenskap word daar slegs aan Joseph Storr Lister erkenning gegee (Mauve s.j.:9) – 'n interpretasie wat bykans in al die verslae van Tokai in die 21ste eeu neerslag sou vind. Mauve se vertolking toon wel ooreenstemming met dié van Georgina Lister (1960:79): “Storr was very keen on this project, as was his chief...”. Lister word nie in Mauve se bronnelys genoem nie. Joseph Storr Lister is dan ook die enigste bosboubeampte wat sedert die verklaring van die arboretum as 'n nasionale gedenkwaardigheid in 1985 erkenning geniet (SAHRA 1985). Die verklaring word bykans alleenlik aan Lister opgedra: “Die grondslag van die bosboubedryf is in 1885 op hierdie terrein gelê toe Joseph Storr Lister, Bosbewaarder van die Westelike Bewaargebied van die Kaapkolonie, hierdie indrukwekkende boomkwekery aangelê het”. Daarbenewens is dit ook 'n wanvoorstelling. Die kwekery is in 1883 begin en die arboretum in 1886 (NASA, KAB 1884b:19; 1887:6). Vandag dra die teekamer in die arboretum die naam “Listers”. Die eensydige beklemtoning van Lister se verbintenis met Tokai kom uit sy vrou se herinneringe (1960) en sy dogter s'n (1957). Die grootste leemte in Georgina se boek en Margaret se artikel is dat beide nalaat om te noem dat Tafelberg die voorkeurplek vir Lister was en nie Tokai nie (NASA, KAB 1883:17). Op hierdie wyse het De Vasselot, Harison, Hutchins, Harman en andere se betrokkenheid by die vorming van Tokai in die vergetelheid verdwyn. Dit suggereer ook 'n doelbewuste poging van die Lister-skrywers om Storr Lister se aanplanting van Tafelberg met eksotiese plante weg te praat.

Volgens Georgina Lister (1960:78-9) is Tokai in die 1880's deur die regering aangekoop vir die hervestiging van geestesgestremde persone van Robbeneiland. Die gemeenskap van Constantia het egter in opstand gekom en ... “After much discussion with the authorities, the plan was discarded, and Tokai was



offered to the Forest Department for the establishing of a plantation and a nursery to raise young trees for distribution among farmers at cost price. Some of the land was reserved for a Reformatory...” Argivale dokumente en amptelike verslae dien nodig te wees om Georgina se vertolking bykans geheel en al en met rede te bevraagteken. Die plaas is inderdaad op 9 Februarie 1883 aangekoop vir die hervestiging van herstellende pasiënte van Robbeneiland (NASA, KAB 1884c;1883g). Teen September 1883, toe die kwekery en aangrensende kroongrond vir plantasies uitgegee is, was die oprigting van 'n inrigting vir geestesgestremde persone steeds 'n werklikheid, selfs tydens die indiening van die verslag van die hoofinspekteur van die Departement van Openbare Werke 1884 (1883b;1885:4). Voorts het die onderhandelinge vir die uitruiling van persele van die Porter-jeuginstituut of skool (Reformatory) na Tokai en die geestesgestremde inrigting na Valkenburg toe waar die Porter-skool geleë was, eers begin, nadat die mediese verslag verskyn het oor waarom Tokai nie geskik was vir geestesgestremde pasiënte nie. Die verslag van 24 Julie 1888 maak die aanbeveling dat die terrein te Valkenburg baie beter geskik was (1888d). Gerugte oor 'n moontlike uitruiling van die terreine was wel in die rondte voordat die mediese verslag uitgereik is, want ten tyde van die mediese ondersoek omtrent die terrein, is 'n petisie deur die inwoners van Mowbray teen die vestiging van 'n inrigting vir geestesgestremdes te Valkenburg opgestel. Die Mowbray-petisie se datering is 5 Junie 1888 (1888c). Maar die argivale rekord toon nie 'n petisie of gespreksforum met die inwoners van Constantia nie (Lister 1960:79; Mauve s.j.:14). Georgina kan die voordeel van die twyfel gegee word dat daar gerugte van ontevredenheid in Constantia was, omdat hulle in 1888 in die omgewing gewoon het, maar hulle het ook in 1888 na die Oos-Kaap verhuis. Georgina se mening word deur haar dogter Margaret Lister<sup>15</sup> gestaaf (Lister 1957:16), maar ook sy dateer nie die gebeure nie. Wat wel waar is, is dat die mense van die groter Constantia-vallei nie plantasies op Tokai wou gehad het nie, 'n siening wat deur medici gedeel is. Indien 'n inrigting op Tokai opgerig sou word, sou dit die vrese en angstigheid van die mense met geestesgestremdhede verhoog. Die verslagopsteller, dr Dodds, het die aandag gevestig op die probleme wat bome vir die personeel en geestesgestremdes sou veroorsaak. Al die bome sou moes afgekap word (NASA, KAB 1889e). Die Listers se herinneringe aan die periode waartydens die Mowbray-petisie opgestel is, word ook bevraagteken omdat Lister toe reeds gehoor het dat hy Oos-Kaap toe gaan. Storr Lister se fisiese oorplasing na die Oos-Kaap het in die lente van 1888 gebeur. Voor dit was hy in die Oos-Kaap op 'n oriënteringsbesoek aan Hutchins. Toe Georgina Lister en haar kinders in September 1888 in Port Elizabeth aankom, het Lister reeds daar gewerk (Lister 1960:86 -7). Die laaste hoofstuk van Georgina se herinneringe, na die Tokai-era, is na haar dood deur haar dogter, Margaret, versorg (Lister 1960:Nota). Die latere weerstand teen eksotiese aanplantings, veral op Tafelberg (Van Sittert 2010:114, 116-8), het moontlik Lister se nalatenskap vir homself en sy familie vertroebel. Tokai-plantasie het waarskynlik die plek en die geleentheid vir Georgina Lister geskep om Storr Lister se naam in ere te herstel.

---

15 Die Lister-egpaar se eerste kind of kinders is tussen 1886 en 1888 op Tokai gebore en Margaret kan dus nie aanspraak maak op persoonlike herinneringe nie, behalwe oorgelewerde herinneringe van haar ouers.

### 5.3.6 Plantasies in die Wes-Kaapse bewaringsgebied

Die krisis in die bosbou- en houtomgewing is in 1881 die hoof gebied met die aanstelling van 'n opgeleide bosboukundige, graaf Meredith De Vasselot De Regné. De Vasselot, superintendent van Kroonbosse en Woude, het die Kaapkolonie in vier streke verdeel, naamlik die westelike, sentrale, oostelike en Transkeise bewaringsgebiede. Tokai het in die Westelike bewaringsarea ressorteer. Aan die hoof van elke streek is 'n hoofbosbewaarder aangestel. Hy is bygestaan deur 'n distrikbosboubeampte, wat weer toesig gehou het oor elke plantasie se superintendent, bygestaan deur bosbouers en assistente. De Vasselot<sup>16</sup> se pos is hom nie weer aangebied na sy eerste kontrak van tien jaar nie en die pos is in 1891 nietig verklaar. Elke hoofbosbewaarder was direk verantwoordelik aan die hoof van die staatsdepartement in Kaapstad (CGH 1906:1). In 1891 het die wetgewende afvaardiging, wat Tokai-kwekery en Plantasie, kortweg Tokai-plantasie, besoek het, tot die gevolgtrekking gekom dat die operasies op Tokai goedgekeur word en dat Tokai 'n model behoort te wees om na te volg. Die gevolg was onder meer dat hulle aanbeveel het dat die Departement van Kroonbosse en Woude weggeneem moes word van die Departement van Openbare Werke na die Departement van Landbou en Mynbou met die Koloniale Sekretaris as die direkte hoof (CGH 1891:vi,vii). Die Tokai-kwekery en plantasie was nie die eerste kommersiële bosboustasie in Suid-Afrika nie, maar kan gesien word as 'n projek wat die regering baie na aan die hart gelê het (CGH 1891, 1906). In die verslag van Augustus 1906 word verskeie ander kwekerye en plantasies met Tokai vergelyk. In 'n bylaag, wat die werksaamhede op Tokai tussen 1883 en 1890 saamvat, kom die woorde “algehele sukses” verskeie kere voor.

Die ontwikkeling van Tokai is in 1883 deur die Superintendent van Kroonbosse en Woude aan die superintendent van plantasies, Storr Lister oorhandig. Lister het onmiddellik die diens van 'n waarnemende bosbewaarder, W.C. Harman, vir die kwekery en plantasie op Tokai bekom (NASA, KAB 1884b:19).

Die term 'kunsmatige plantasies' is tot die vroeë 1880's vir eksotiese houtverbouing met die oog op winsbejag gebruik, soos deur Sim (1907:84) verduidelik, maar dit is vroeg reeds in die bosboudepartement se geskiedenis vervang met 'plantasies'<sup>17</sup>. Tot 1904 het verskillende tipes plantasies soos (i) Tokai of Tafelberg, (ii) plantasies wat aan die spoorweg voorsien het, (iii) waaisandplantasies en (iv) kroongrond waarop daar nog nie aanplantings was nie, onder een naam ressorteer, naamlik Kroonbosse (CGH 1899b;1906: 10). Vanaf die Lister-periode in 1905 word eerstens onderskei tussen Kroonbosse en plantasies en 'n verdere onderskeid getref tussen plantasies en spoorwegdwarslêerplantasies (CGH 1906). Plantasies is verder ingedeel volgens die aard daarvan, naamlik timmerhout, wattelbome, waaisandplantasies en spoor-

---

16 Sim (1907:84) is vol lof vir De Vasselot se deeglike voorskrifte aan sy personeel en aan die regering. Die regering was nie by magte om sy aanbevelings te implementeer nie. De Vasselot se onvermoë om Engels in tien jaar aan te leer, is onder meer as verskoning voorgelê. Sim reken De Vasselot was sy tyd vooruit.

17 Die konsep van plantasies is reeds in 1793 vir 'n aanplanting van silwerbome naby 't Paradijs gedokumenteer (TANAPb1793a).

wegplantasies (CGH 1907:11-12). Tokai is daarvolgens gedefinieer as 'n timmerhout-plantasie – so ook Uitvlugt, Duiwelspiek (Peak), Cecilia<sup>18</sup> (Tafelberg) en Kluitjeskraal. Ten spyte van 'n A4-foto wat 'n nege jaar oue Swartwattel of *Acacia decurrens* plantasie op Tokai in dieselfde verslag aandui, is Tokai nie gelys as 'n wattelboomplantasie nie (CGH 1907:17; Diagram 57 Bylaag B). Die Tokai-uitbreiding<sup>19</sup> onder die Leenwet van 1906 en wat deur Lister onderneem is, word boonop afsonderlik as 'n plantasie gelys (CGH 1907:11). Die Tokai-uitbreiding vorm in der waarheid deel van die kroongrond rondom Tokai, want die 1906-verslag toon geen verdere gronduitbreiding aan nie (NASA, SAB 1906o) Lister het swartwattels naas denne en gombome aangeplant (1906o:9; Diagram 59-59b Bylaag B).

Daar word graag bespiegel oor die plek waar die eerste plantasie ontstaan het. Die Worcester-plantasie word allerweë as die eerste plantasies beskou (Lückhoff 1973:25), maar dit het lank na die Uitvlugt-plantasie tot stand gekom. Trouens, die woning te Uitvlugtplantasie is vir Lister aangebied ten tyde van sy aanstelling as superintendent (Lister 1957:12). Georgina Lister (1960:74) beweer dat Lister die sukses van die duineplantasies gebruik het om Merriman te oorreed om die “eerste” regeringsplantasies by Worcester (en Beaufort-Wes) aan te lê. Dit word weêrlê deur Margaret Lister (1957:13), oudste dogter van die Listers. Sy skryf in 1957 dat die Worcesterse magistraat Lister in ongeveer 1876 genader het om 'n laagliggende moerasgebied te beplant. Siektes, wat aan die moeras toegeskryf is, het in Worcester voorgekom. Sy noem dan dat Lister se aanplanting gevolg het op die sukses wat buite Rome, Italië, met gombome in 'n moeras behaal is. Botaniste het geglo dat gombome malaria en ander swamsiektes kon genees (Bennett 2011:269). Die plantasie, gestig in 1876, word later as 'n spoorwegplantasie aangedui (NASA, KAB 1893:22). Daar is reeds daarop gewys dat daar sedert 1864 al langs die spoorlyn plantasies aangelê is (Brown 1887:342). Die vorming van groot plantasies naby die spoorlyn word dan ook in 1894 gelys as een van Bosboudepartement se suksesse (NASA, KAB 1896:2). Die hout van die Worcester-plantasie is in 1889 aan De Beers teen nege pennies per kubieke voet verkoop (Lister 1957:14).

Daar was wel een amptelike verslag van 1892 wat die aanvangsdatum van Uitvlugt as 1884 aangee (NASA, KAB 1893:22). Storr Lister beaam die datum (CGH 1907a:11), maar dit is teenstrydig met sy pos sedert 1875. Lister het op die plantasie gewoon toe hy in 1875 die pos as superintendent van die waastrandplantasies op die Kaapse Vlakte aanvaar het (Lister 1957:12). Storr Lister se rapportering oor Uitvlugt dateer voor 1884. In 1882 blaas hy sy eie beuel oor suksesvolle klein boompies in vergelyke met die koloniale sekretaris se duur prosesse. Lister het toe reeds vyf bosbewaarders onder sy bestuur gehad. Hulle het op verskillende plantasiereservate beheer uitgeoefen oor die uitdeel van saad, die kweek van saailinge, asook die bewaring van die plantasiereservate (NASA, KAB 1883:14-15). Dit is dus onmoontlik dat Lister hierdie voorgeskiedenis kon vergeet. Lister se indeling van die soorte plantasies was 'n ad-

---

18 Die grond is 'n nalating van Cecil J. Rhodes (Cook 1965:27) en is dus 'n vanselfsprekende vernoeming.

19 Die Tokai-uitbreiding word in 1906 persoonlik deur Lister ontwikkel. Dit behels eksotiese aanplantings aan die suidekant van die Prinskasteelrivier, rondom Skeurberg en onder die uitkykpunt (NASA, SAB 1906o).

ministratiewe reorganisasie wat deur begrotings en oespotensiaal genoodsaak is. So was die Vlakteplantasies hoofsaaklik waaisandplantasies (CGH 1907a:11-12). Die begroting van 'n streek sou moontlik beter bestuur word deur die eiesoortige natuur van individuele plantasies in berekening te bring in die Lister-model.

Kluitjeskraal is ook betrek by die plantasies onder die Leenwet van 1906 (CGH 1907a:1) Dit was 'n spoorwegplantasie wat in 1884 voorberei en in 1885 deur Lister begin is. Hy het persoonlik die potensiaal van die grond as 'n plantasie en kwekery onder die regering se aandag gebring: “On the 22nd of May 1884 I brought to the notice of the Government that near the Ceres Road Station ...” Die kwartiere van die dwangarbeiders is terselfdertyd deur hom laat oprig en hy het saam met Bain die opmeting gedoen (NASA, KAB 1885a: 7;1887:14;Lister 1960:78). Anders as Lister, tref Hutchins nie 'n onderskeid tussen tipes plantasies nie, wanneer hy die bosbousituasie in die Kaap uiteensit in sy jaarverslag van 1895 (1896:3). Bebossing van waaisandduine is deur die regering gesubsidieer en deur die Bosboudepartement onderneem. Dit is hoofsaaklik met wattelbome aangeplant en waar dit op kroongrond gebeur het, was dit regeringplantasies, soos wattelplantasies by Kaapstad, Worcester, Clanwilliam, Cathcart, Hanover, George, Beaufort-Wes, Barkly-Oos, Carnarvon en in die Transkei. Hutchins se uiteensetting maak plantasies heelwat ouer as die 1884-datum wat deur Lister gebruik is. Lister se begindatum van plantasies, 1884, skep verwarring. Die vraag ontstaan dan of Tokai werklik die eerste plantasie was, soos wat die beskrywing in die erfenisverklaring van die arboretum in 1985 aandui (SAHRA 1985). Van Tafelbergplato-plantasie het weinig in 1905 oorgebly: “While the planting on the lower slopes looks so well, that on the upper slopes on the 'Breakfast' plateau has partially failed.” (CGH 1906:29)

Tafelbergplantasie se kwekery is in 1884 persoonlik deur Lister begin. Dieselfde jaar word daar ook 'n kothuis vir 'n bosbewaarder en barakke vir vyftien prisoniers<sup>20</sup> bo-op Tafelberg se agtertafel gebou. Ten tyde van die skrywe van die verslag het Lister reeds die kwekery se grond gedreineer en slote gegrawe (NASA, KAB 1885a:7). Hy het ook Harman se assistent, Paul Schiekedanz van Tokai, in 1885 na die Tafelbergplantasie oorgeplaas. Die volgende jaar was daar meer as 200,000 plantjies in die Tafelbergse kwekery (1886:9). Lister het ook sy toekomstige skoonvader, Thomas Bain, betrek. Die voetpaadjies is deur Bain gebou (1885a:7; Lister 1960:81). Die kwekery word op 'n sketskaart in die binneblad van Glen Moll se boekie, *Table Mountain a natural wonder* (1987), aangedui. Dit het tot naamgewing op Tafelberg aanleiding gegee: “... a tree nursery above what becomes Nursery Ravine on the Back Table” (Moll 1978: Kaart,8). Die kothuis by die De Villiers-dam is na die totstandkoming van Tafelberg Nasionale Park (TNP) in 'n moderne gastehuis verander. Die plek van die kwekery is vandag slegs te voet bereikbaar. Voorts is die staproete, Nursery Ravine, een van die steilste roetes bokant Kirstenbosch (Lundy 1991:89). Die Tafelbergplantasie van 1884 word vroeg in die twintigste eeu bekend as die Cecilia-plantasie. Grond wat voorheen aan Cecil John Rhodes behoort het, het na sy afsterwe deur 'n erfplating staatsgrond geword

---

20 Die satellietgevangenis was ook verbonde aan Tokai (NASA, KAB 1885:6).

(Cook 1965:27) en 'n gedeelte is by die bestaande Tafelbergplantasie ingereken (CGH 1906:29;1907:11, 16). Uit die 1906-verslag lyk dit of Lister reeds in 1905 met aanplantings op Cecilia begin het. Groot vreugde het onder die bergklublede geheers toe die boonste plantasie in 1922 na onderhandelinge ingesluit is in grond wat aan Kirstenbosch afgestaan is. Die Bergklub was een van die voorste versetgroepe teen eksotiese aanplantings op Tafelberg (Compton 1965:57). Dit was nege jaar na Lister se aftrede in 1913.

Cecilia-plantasie het in ca 1905 begin, nadat Rhodes in 1902 oorlede is en al sy grond aan die mense van Suid-Afrika bemaak het (Cook 1965:27;Compton 1965:40). Dit is na alle waarskynlikheid deur Lister begin as een van sy eerste take terug in die Kaap (CGH 1906:10). Lister is die outeur van die 1906-verslag. 'n Gedeelte van die grond wat vanaf Kirstenbosch tot by Constantia-nek strek, het die Cecilia-plantasie geword toe dit met naald- en gombome in 1905 aangeplant is (:29). Dit lê teen die oostelike hange van die voormalige Bosberge, min of meer bokant die huidige Rhodesrylaan, wat vanaf Constantia-nek noordwaarts na Kirstenbosch kronkel. Kirstenbosch het min of meer direk langsna die mees noordelike gedeelte van die plantasie bokant Rhodesrylaan ontstaan. Die onmiddellike plato bokant hierdie hange is die Tafelbergplantasie, wat deur Lister aangelê is (NASA, KAB 1885:7). Die 1906-verslag verwys slegs op een plek na Cecilia-plantasie. Die naam verskyn tussen hakies naas Tafelbergplantasie (CGH 1906:10;29).

### **5.3.7 Gesentraliseerde bosboubestuur, 1905-1910**

Na Lister se aanstelling in 1905 het die res van die organogram min of meer dieselfde gebly (NASA, KAB 1887:5;CGH 1906:1-2). In 1905 was daar 125 persone in diens van die Bosboudepartement waarvan 21 persone in die Westelike Bewaringsgebied gewerk het (Sim 1907:66).

As die nuwe hoofbosbewaarder was dit nodig om die bestuur van die departement te reorganiseer, omdat daar na De Vasselot se vertrek in 1891 geen gesentraliseerde bosboubeleid was nie. Ook het Lister gevoel dat die hoofde van bewaringsareas te lank op hulself aangewese was. Die eerste stap van die herorganisering was om die jaarlikse verslae volgens nuwe riglyne op te stel (CGH 1906:1,2). Lister het belangrike sake uit die onderskeie verslae opgesom en gegewens gekwantifiseer. Verslaggewing oor individuele plantasies het grootliks verdwyn (CGH 1906:6,7). Die wins- en verliesrekening van elke plantasie en bosreservaat is as van die belangrikste sake gereken. In die tweede plek het dit ook gegaan oor Lister se persoonlike bydrae tot bosbou. Na Lister se afwesigheid van sewentien jaar in die Wes-Kaap het die bosboutoneel in 1905 dramatiese veranderinge getoon. Lister se persoonlike aandeel in plantasies en waaisandrehabilitasie is deur ander mense bestuur en verder ontwikkel. 'n Gees van pro-inheemse plantegroei het sedert die 1890's al hoe meer in die Kaapse Skiereiland posgevat. Die besef het al hoe meer posgevat dat inheemse plantegroei beter as eksotiese plante by die klimaat aanpas. Van Sittert (2010:114, 116-18) reken dat die oorheersing van die oorwegend Engelssprekende Kaapse middelklas voorkeur aan eksotiese

plante gegee het, maar dat daar mettertyd 'n ommeswaai gekom het nadat amateurplantkundiges soos Harry Bolus en Rudolf Marloth die bedreiging van unieke Kaapse plante begin rapporteer het. Lister was moontlik pynlik bewus van die mening van botaniste<sup>21</sup> teenoor sy voorkeur aan eksotiese bome. Ook het hy deurgeloopt onder kritiek van akademici van die Suid-Afrikaanse Kollege na Hutchins se vertrek toe die standaard van die Bosbouskool op Tokai in twyfel getrek is (Bennett 2013:80).

Voorts was die Kaapkolonie vasgevang in 'n na-oorlogse depressie wat goeie bestuursvernuif van staatsdepartemente geverg het. Die Leningswetsontwerp van 1906, Loan Bill, is daarom deur Lister gesien as 'n gesonde ekonomiese metode wat die las op belastingbetalers sou verlig, omdat die regering en die belastingbetalers die voordeel van die belegging in bosbou in die toekoms sou kry (CGH 1907:1). Teen 1905 was daar nog nie oesrype den- of gomplantasies nie. Miskien het dit paniek veroorsaak weens die gebrek aan geld, want daar is gerusstellende uitsprake gemaak dat oeste in die vooruitsig was: "Timber plantations consist for the most part of various species of Eucalypts and Pines. At Tokai, Kluitjes Kraal, Uitvlugt and Fort Cunynghame a great deal is fast approaching maturity, and in the next few years much of it will be ready for the mill." (CGH 1907a:15) Lister motiveer nie waarom hy vier plantasies en een waaisandprojek<sup>22</sup> met die befondsing van die 1806-Leningswetsontwerp bevoordeel nie. Ongelukkig wys dit op sy persoonlike aandeel. Fort Cunynghame is in 1889 in die Oos-Kaap deur Lister begin (CGH 1907a:11). Behalwe Concordia in die Knysna-distrik, is al die ander plantasies deur Lister begin. Concordia is in 1883 begin (CGH 1906:11).

Lister kan beskou word as 'n oorgangsfiguur tussen 'n periode met 'n beleid van laissez faire om inheemse timmer- en brandhout met wetgewing, maar sonder effektiewe toepassing, te probeer bewaar, en 'n imperialistiese benadering van die skep van alternatiewe houtbronne met die oog op winsbejag. Hy het hom by die winsbejagmotief van die regering geskaar.

---

21 H.H.W. Pearson word in 1903 as die eerste professor van die Harry Bolus-leerstoel in Botanie aan die Suid-Afrikaanse Kollege, Kaapstad, aangestel. Met geen studente, laboratoriums of toerusting het hy die leerstoel in 'n aktiewe navorsingsentrum uitgebou. Afkomstig van Kew, het hy hom spoedig vir 'n botaniese tuin beywer (Compton 1965:36-7). Pearson het in 1908 die Transvaalkolonie se verteenwoordiger op die raad van die Bosbouskool geword. Die standaard van die Bosbouskool is deur die personeel van die S.A. Kollege in twyfel getrek (Bennett 2013: 80-2).

22 Tokai, Kluitjeskraal, Fort Cunynghame, Concordia en die voltooiing van die waaisandprojek in Port Elizabeth (CHG 1907:1).

Lister se aanstelling in 1875<sup>23</sup> volg kort na 1872 toe die Kaapkolonie verantwoordelike bestuur ontvang. Kroonbosse se bestuur het daarna direk onder die Kommissaris van Kroongrond in die Departement van Openbare Werke geval (Sim 1907:83). In wese was dit 'n trappie hoër in terme van aandag, maar dit het steeds geen kennisoordraging, opleiding of vakkundigheid behels nie. Lister se aanstelling het gevolg om die waaisandprobleem op die Kaapse Vlakte aan te spreek. Joseph Storr Lister word volgens sy eie getuienis in 1906 voor 'n gekose komitee, op 1 Januarie 1875 in die pos “Conservator of Forests” aangestel (CGH 1906a). Hoewel hy nie opleiding aan 'n bosbouskool ontvang nie, was hy vir ongeveer drie tot vier jaar in diens van die Indiese Bosboudiens. Sim stel dit dat Lister “formerly connected” was in die bosboudiens van Indië (Sim 1907:84). Sim noem terselfdertyd dat Lister kennis gedra het van die vorming van “kunsmatige bosse” of plantasies en algemene bosadministrasie. Hierdie twee vaardighede was uiteraard broodnodig in die Kaapkolonie, maar Lister het oor weinig kennis van die plaaslike botanie of geologie beskik (Lister 1957:12-13;1960:70). Volgens Margaret Lister (1957:12) het haar vader wel 'n elementêre kursus in opmeetkunde in Indië geslaag. Hy het egter geen formele bosbou-opleiding ondergaan nie en kon nie deur die Indiese bosboudiens indiens geneem word nie. Sy indiensneming is moontlik gemaak deur die aanbeveling van 'n vriend van vriende, 'n kolonel Elliott. Lister het daarna gewerk by bosboustasies te Chunga Munga en in die Himalaia-stasies te Kangra, Kulu en Khagan. In 1874 het hy tifikuskoors gekry en na Engeland vertrek om te herstel. Dit was die einde van sy verbintenis met Indië se bosboudiens. Lister is vanuit Engeland aangestel in die pos van superintendent van die waaisandplantasies. Lister se suksesvolle aanlê van die Worcester-plantasie toon dat hy oor praktiese kennis en vaardigheid beskik het. Lister se nougesette betrokkenheid by die bosbewaarders op die Kaapse Vlakte se plantasiereservate (NASA, KAB 1883:14-15), toon sy toegewydheid. Lister het hom op vele terreine bewys as knap en pligsgetrou. Ook het hy moeite gedoen om vertrouwd te raak met eksotiese boomsoorte, soos om met Baron Mueller van Melbourne te korrespondeer (NASA, KAB 1883:15) en by die botanis van die Kaastadse Tuine, dr. Macowan, lesings te kry oor die uitkenning van bome en blomme (Lister 1957:13).

Sim en Lister was tydgenote en daar kan daarom pyl getrek word op Sim se siening van Lister se opleiding. Onder Lister se amp as hoofbosboubeewaarder van Kaffraria (Oos-Kaap Bewaringsarea) werk Sim, 'n opgeleide botanis, vanaf 1889 as botaniese navorser en word in 1895 superintendent van plantasies op Fort Cunynghame, steeds onder Lister. Sim se uitsonderlike bydrae tot wetenskaplike navorsing in bos- en plantkunde lei tot sy aanstelling as hoofbosboubeewaarder in 1903 in Natal met die opdrag om die Natalse Bosboudepartement op die been te bring. Sim was onder meer 'n lid van die Linnaeus-genootskap van Londen en het in 1920 die eerste eredoktorsgraad ontvang, wat aan 'n wetenskaplike toegeken is, van die Universiteit van Suid-Afrika (De Kock, Krüger 1986:682-3). Wat opleiding en vakkundigheid ten

---

23 Lister is in 1875 aangestel as “Superintendent of the Drift Sand Plantations on the Cape Flats” (Lister 1957: 12). In 1885 word hy bevorder tot Bosbeewaarder, Westelike Bewaringsarea (NASA, KAB 1886). In Lister se briefwisseling met die Kommissaris van Openbare Werke in 1877 verwys hy na sy postitel as “Superintendent van Plantasies” (NASA, KAB:1877).

opsigte van botanie betref, het Sim Lister oorskadu. Sim se versigtige beskrywing van Lister se opleiding strook met die Kaapse regering se keuse by die aanstelling van graaf De Vasselot De Regné in 1881 bo die bevordering van Lister. Lister het steeds as superintendent van plantasies gewerk, maar onder gesag van die superintendent van Kroonbosse en Woude, graaf De Vasselot. Die aanstelling van 'n eerstegraads opgeleide bosboukundige, graaf De Vasselot de Regné, kan ook gesien word as tekenend van die era van industrialisering aan die Kaap. Sy aanstelling word met ander professioneel opgeleide bosboukundiges opgevolg met die oorplasing van D.E. Hutchins in 1883 na die Kaapkolonie en James Rawbone in 1882, beide vanaf die Indiese Bosboudiens. Albei het hul opleiding aan Nancy voltooi (Sim 1907:84). Die Fransman H.G. Fourcade, landmeter, pionierlugfotograaf van plantasies en latere botanis en sy assistent James Cooper is verdere professionele aanstellings (Lückhoff 1973:25). Met De Vasselot De Regné se aanstelling het Lister status en aansien bereik na bykans ses jaar diens as die superintendent van plantasies. Hy was vir ses jaar die enigste persoon met 'n mate van praktiese bosboukennis in die Westelike Provinsie. Sy temming van die waaisandduine het vir hom in sy eie tyd bekendheid verwerf. Dit is daarom te verstane dat hy deur sommige skrywers van die Suid-Afrikaanse bosbougeskiedenis as 'n sentrale figuur uitgebeeld word. Lister se gemis aan vakkundigheid het waarskynlik neerslag gevind in sy verhouding tot opgeleide bosboukundiges, veral in sy latere verhouding met Hutchins. Akademici van die Suid-Afrikaanse Kollege, sowel as Legat, die hoof van Bosbou in Transvaal, het in 1909 in hul kritiek op die Bosbouskool indirek en direk vir Lister betrek (Bennett 2013:79-80).

## **5.4 Tokai-kwekery en plantasie**

Die ontwikkeling van Tokai-kwekery en -plantasie se verskillende fases van bestuur illustreer 'n variasie van besluitneming met een konstante, staatsinvestering met die oog op toekomstige winsbejag. Waar die regering voor 1880 nie die noodigheid ingesien het om geld in bosbou te belê nie (Brown 1887:344), toon die beleggings wat oor die eerste nege jaar (en daarna) tussen 1883 en 1892 in Tokai gemaak is, dat daar 'n ommekeer oor bosbou by die regering plaasgevind het. Dit is Britse imperialisme in die praktyk waar daar in Tokai belê sou word vir toekomstige winsbejag. Opgeleide bosbewaarders het daarom geweet dat die kringloop van aangeplante hout toekomstige voordeel vir die Kaapkolonie sou inhou. Tokai het die geleentheid gebied vir eksperimentele aanplanting en om te voorsien in die leemte aan noodsaaklike wetenskaplike kennis. Dit was 'n duur proses. Mislukkings was volop in bosbou wat juis die gebrek aan navorsing illustreer. Die sigbare nalatenskap van boomsoorte wat in koloniale plantasies aangeplant is, lê in die Tokai-arboretum. Van die kwekery, die nukleus van Tokai se bestaan, het daar niks oorgebly nie. Die eksploitasie van die omgewing is op sigself 'n studie werd, derhalwe word hier net enkele kwessie uitgelig, naamlik die vernietiging van inheemse plantegroei, die effek van plantasies op die waterverbruik van die onmiddellike omgewing en gronderosie. Die kultuurerfenis in terme van behuising, arbeid, legendes en naamgewing uit die Britse koloniale periode is in die vorige hoofstuk aangeraak.



### 5.4.1 Tokai-kwekery

Tokai-kwekery (Diagram 33,52,55 Bylaag B) was sentraal in die vestiging van die plantasie, want die saaimetode wat op Uitvlugt-plantasie gebruik is, het boompies te dig laat opkom (NASA, KAB 1893:22). Ook het die bestaande kwekerye te Worcester, Uitvlugt en op die Kaapse Vlakte nie die gewenste resultate opgelewer nie. Dit is aan die swak gehalte van die grond toegeskryf (1883:10,14,17). 'n Kwekery waar saailinge van saad gekweek kan word, was dus uiters noodsaaklik, naas die dringende aanvraag na eikeboompies vir Goewermentslaan waarin voorsien moes word (1884c:19). Tokai-kwekery het aan al die verwagtings voldoen van die regte grond, 'n goeie plek en langsaan kroongrond wat as 'n plantasie aangeplant kon word. Die kwekery kon besproei word en die grond is ideaal – leemagtig met graniestukkies. Twintig jaar later in 1904 word die kwekery se inkomste op £17,831:0:7 bereken (CGH 1906:15). Die inkomste uit die kwekery het tussen 40% en 50% van die totale inkomste in 1904 behels. Dit was egter nie altyd die geval nie.

Die kwekery was vir die eerste agt jaar die hoofbron van inkomste, totdat ander houtprodukte geleidelik begin verkoop is. In 1892 het kwekeryplantjies sowat 71% van die totale verkope uitgemaak. Teen 1905 was dit maar sowat 41% (NASA, KAB 1893:22-3;CGH 1907:11,16; Figuur 25 Bylaag A). Die vergelykende inkomste teen die einde van die periode, 1884-1906, suggereer 'n dramatiese afname. Bosbou se kwekery moes ook sedert die opbloei van private kwekerye toenemend mededingend probeer bly. In 1906 was daar reeds 90 kwekerye in die Kaapse Skiereiland, wat meer as die helfte was van alle kwekerye in die Kaapkolonie (Van Sittert 2010:115). Ook het Bosbou minder boomplantjies verkoop as gevolg van die gratis saadverspreidingsprogram. Sowat 300 miljoen akasiasade is tussen 1882 en 1893 onder koloniste deur die Bosboudepartement versprei (Bennett 2011:270-1). Waar die algemene aanvraag vir plantjies die voorraad van die kwekery in 1892 oorskry (NASA, KAB 1892:90), toon die verslag van 1904-1905 'n merkbare daling in verkope, wat toegeskryf is aan die heersende finansiële depressie en 'n prysverhoging van 50% op boomplantjies (CGH 1906:30).

Ongeag die naoorlogse ekonomiese depressie het die totale jaarlikse inkomste van £1,665 in 1904 'n volgehoue styging getoon in vergelyking met die inkomste van £769/13/4 in 1899 (CGH 1900 :1;1906:30). Ander houtprodukte se verkope het geleidelik meer inkomste verdien as kwekeryplantjies. Brandhout, houtprodukte en bas is sedert 1888 verkoop (NASA, KAB 1893:23). Tussen 1888 en 1892 het hout en bas £915/16/2 inbring van die totale verkope van £3,188/11/2 (1893:23).

Werksaamhede was arbeidsintensief (NASA, KAB 1892:90). Die kwekery moes skoon gehou word van onkruid en peste (1889:14) en daar is dan ook swaar op dwangarbeid gesteun. Indien die dwangarbeiders deur die Koloniale Kantoor op kort kennisgewing onttrek is, soos wat in 1891 gebeur het, was die werk in die kwekery die eerste aktiwiteit op die plantasie wat skade gely het (1892: 90). Vry arbeiders moes dan ten duurste op die ope mark bekom word. Dwangarbeiders, net in die kwekery, het van Januarie tot

Desember 1892 sowat £121/13/9 gekos. Die noodgedwonge indiensneming van vry arbeiders vir 'n paar maande in 1891, Oktober tot Desember, het £84/15/0 gekos (1893:9). Ook het die koste vir dwangarbeid mettertyd aansienlik toegeneem - in 1895 het die arbeid vir die kwekery vir twaalf maande sowat £317/5/1 gekos, aansienlik meer as in 1892 (1896:24). Die bedryfskoste van die kwekery was hoog, al het dit 'n inkomste gelewer uit die verkope van boomplantjies. Dit is egter eers in die latere verslae waar die kwekery as 'n aparte koste-item gelys word. Ook dit is nie verteenwoordigend van die werklike koste nie, omdat boompies, gereed vir aanplanting of verkope, reeds 'n seisoen of twee tevore aangeplant is. Die arbeidskoste van 1895 is naas die houers, die enigste item wat in die finale lys van uitgawes as 'n kwekery-item gelys word. Die blikke het daardie jaar sowat £84/3/4 gekos. Die boompies wat op verskillende plekke aangeplant en vanselfsprekend in die kwekery gekweek is, word apart gelys. Veertien verskillende aanplanting van boompies ter waarde van £555/18/10, wat die koopprys van die boompies verteenwoordig, verhoog die bedryfskoste aansienlik (1896:18-20). Dit bemoeilik terselfdertyd die begroting, omdat van die bome reeds 'n jaar of meer gelede aangeplant is. Indien die kwekeryboompies teen die kwekery se rekening aangeteken sou word, het die koste in 1895 sowat £957/6/15 bedra. Dit is nagenoeg 45% van die totale uitgawe van £2,108/5/3. Uitgesluit is die salarisse van die personeel en toesighouers oor dwangarbeiders wat in die kwekery werksaam was. Omdat al die plantasies wat na 1884 gestig is nog betreklik jonk was, het die kwekery 'n belangrike funksie gehad. Die kwekery is dan ook deur Lister en Hutchins gebruik vir eksperimentele ontkieming van eksotiese sade (NASA, KAB 1884b: 21;1893:6-7).

Aanplanting of ontkieming het in houers geskied. Aanvanklik is ou paraffienblikke, wat in die lengte middeldeer gesny is, in die tydelike kwekery in die ou vrugteboord onder die huis gebruik. Die kwekery is in 1883 aangelê, terwyl die grond in die uitgemete perseel voorberei is. Daar is sowat 5,000 houers geprakseer wat elk 25 plantjies gehou het (NASA, KAB 1884b:19). Nadat die kwekery in 1884 na sy uitgemerkte perseel verskuif is, was daar reeds 12,000 houers. Dit het die uitbreiding van die perseel van twee akker tot sewe akker genoodsaak (1885:6). Houers het mettertyd 'n probleem van sy eie geword. 'n Vogswam, *Peronospora* het in die grond voorgekom en dit het waarskynlik die blikke besmet (1893:7; 1892:90). Om besmetting teen te werk wanneer halwe paraffienblikke herbruik word, is die blikke met teer gesmeer teen vier pennies per gelling teer. Melkblikkies was egter die gunsteling, omdat moeilik verplantbare plante wat daarin ontkiem het, net so met blikkie en al in die grond geplant kon word. Dit het ook 'n besparing in tyd en geld met die smeer van teer meegebring. Leë melk-, asook konfytblikkies is op die ashooop opgetel teen agt pennies per sak, wat 200 blikkies kon vat. Dit was verreweg die goedkoopste metode teenoor sinkhouers, houers van Spaanse riet en rietmandjies, soortgelyk aan praktyke in die suide van Australië. Al hierdie houers was pogings om vervangings vir halwe paraffienblikke te kry (CGH 1900:6). Besproeiing het ook sy eie probleme opgelewer, hoewel die nuwe kwekery teen die Vlagstokstroom geleë was. Ten einde die besproeiing te vergemaklik, is pype en 'n tuinslang in 1895 aangelê. Die koste-item vir 1895, £317/5/11, word grootliks aan die waterleiding toegeskryf (NASA,

KAB 1896:11).

Die kwekery is tussen 1885 en 1892 verskuif na 'n gebied wat vry was van die vogswam en is die Nuwe Kwekery genoem (NASA, KAB 1893:6;Diagram 48 Bylaag B). Die kwekery is in 1892 vergroot en was gedeeltelik onder skadu en beskerm teen die suidoostewind. Die herorganisasie is gedoen sodat plantjies in ooreenstemming met hul klimatologiese behoeftes gekweek kon word. Die posisie van die kwekery word as langsaan of naby die klipkothuis van die toesighouer beskryf (1895:55). Die klipkothuisie<sup>24</sup>, wat as landmerk vir die posisie van die kwekery gebruik word, is in 1894 langsaan die kwekery gebou. Die Fourcade-kaart van 1902<sup>25</sup> dui die kwekery se posisie aan as in die noordwestelike reghoek tussen die invloeiing van die Vlagstokstroom in die Prinskasteelrivier (DRDLR 1902a). Dit stem ooreen met die voorraadkaart wat Fourcade in ca 1897/98 opgetrek het (NASA, KAB 1898;Diagram 52 Bylaag B). Daarop word die nuwe kwekery as sodanig aangedui. Die 1935-kaart van die Tokai-plantasie dui wel die kothuis gemerk “cottage” aan, sowel as die kwekery in ooreenstemming met Fourcade se posisionering (NASA, SAB 1935). 'n Tweede kwekeryperseel, naas die nuwe kwekery, word op latere diagramme van die twintigste eeu aangedui, byvoorbeeld die diagram, “Tokai Plantation. Showing existing and proposed buildings”, ca 1949 en 'n kaart van Tokai-plantasie van 1963. Die perseel was net wes van, of langsaan die kantoor van die bosboustasie, dit wil sê net onderkant of regoor die satellietgevangenis (1949;1963). Albei hierdie persele was in gebruik as kwekerye. Tydens 'n ondersoek na 'n geskikte perseel vir die woning van die distrikkosboubeampte in Oktober 1920, was die aanvanklike besluit om die woning op enige van die twee kwekerypersele te bou. Die beswaar teen die verste perseel, dus die posisie op die Fourcade-kaarte, was dat dit binne die afloop van die riolering en opvangtenks van die satellietgevangenis was. Dit was toe reeds 'n ernstige lastigheid vir die bosbouskool. Die ander kwekery, bekend as 'n “paddock” of 'n weikamp reg voor die opstal, was in skadu gehul onder groot eikebome (1920a). Hierdie kwekery word aangedui as die “F.D. Nursery” of Departement Bosbou se kwekery op 'n skets vir die voorgestelde nuwe kantoorperseel bokant die ou bosbouskool, wat toe as kantoor gedien het (1949a). Die ongunstige ligging van die twee kwekerye met betrekking tot die satellietgevangenis het in 1920 die ligging van die beplande woning bepaal: dit sou noordwes van die opstal gebou word (1920a). Dit is die woning wat vandag bekend staan as die Uilhuis en wat in 2015 afgebrand het.

Behalwe die kweek van plantjies vir aanplantings op Tokai, ander bosboustasies en vir verkope aan die publiek, moes daar ook Amerikaanse druiwestokke van saad gekweek word (NASA, KAB 1884b:19;

---

24 Die huidige klipkothuis is suidoos van die stalkompleks. Die kwekery is later uitgebrei met 'n gedeelte onder koeltebome (NASA, KAB 1900c). Dit bevestig die kiosk van 1898 se standplaas (NASA, KAB 1897b), maar suggereer ook 'n kwekerygedeelte in die ou vrugteboord suid van die Tokaiwegoprit na die woning.

25 Die 1902-kaart is geteken om die Porter-grond te karteer en bosboustrukture se akkuraatheid was dus nie so belangrik nie. Fourcade het foutter: hy dui die arboretum se uitmeetdatum as 1882 aan op die voorraadkaart van Bosbou, 1898 (NASA, KAB 1898).

1885:7;1888:14). Die kwekery vir Amerikaanse druiwestokke en inenting van stokke het mettertyd heeltemal geskei geraak van die bosbou-aktiwiteite. Dit is in die ou wingerde van die Eksteens op De Anneks of die Ondertuine aangelê. Die bestuurder op Groot Constantia, A. De Waal, was aan die hoof van die projek, maar die werk is deur dwangarbeiders onder toesig van die superintendent van die prisoniers gedoen, heeltemal onafhanklik van die Tokai-plantasie (NASA, KAB 1896d).

Daar word melding van drie ander kwekerye gemaak: een vir die bosbouskool, een op Retreat en 'n vrugtekwekery. Die bosbouskool (1912-1930) het blykbaar sy eie kwekery op die bestaande kwekeryperseel agter die bosbouskool gehad (Lückhoff 1973:27; NASA, SAB 1925;1932). Die opleidingskwekery was egter op 'n gedeelte van die oorspronklike 'nuwe kwekery' van 1893, soos ook aangedui op die Fourcade-kaart van 1898 (NASA, KAB 1898). Volgens Mauve (s.j.:9) is die Tokai-kwekery in 1912 na Retreat verskuif. Dertien akker of 6 morg en 30 vk roede word in 1906 gelys as 'n bosboureservaat by Retreat, nadat dit op 11 Julie 1906 aan die regering oorgedra is (CGH 1906:11;NASA, SAB 1906m). Ook was daar 'n sagtevrugtekwekery op Tokai. Die klein stukkie grond is geleë teenaan die naaste punt van die kamferlaning van die opstal af tussen die brug en die kamferlaning (NASA, SAB 1925,1932). Die sagtevrugtekwekery is met vars water via die pypleiding bedien. Die sagtevrugtekwekery in 1894 op Tokai het sy ontstaan te danke aan die behoefte om beter variëteite tot vrugteboere se beskikking te stel (NASA, KAB 1892:90-1; 1895:56). Die bosbouskool se kwekery het waarskynlik tot niet gegaan met die verskuiving van die bosbouskool na Saasveld in 1932 (Lückhoff 1973:27). Rycroft en Poynton (1986:13) reken die Tokai-kwekery was in 1985 steeds aktief. Die 1962-voorraadkaart van Tokai-plantasie sowel as die 1963-kaart vir voorgestelde uitkyktorings dui albei die kwekery net wes van die ou kantoorblok bokant die perdestalle op Tokai-weg aan (NASA, SAB 1962;1963). Dit was vir jare die enigste kwekery op die perseel. Die nuwe kantoor van die bosbewaarder is later op daardie perseel gebou. Volgens die Basisverslag van November 2011 is die kantoor, perseel 18b, in 1962 opgerig (TMNP 2011). Alles in ag geneome suggereer dit dat die laaste kwekeryperseel in 1962 mee weggedoen is. Die kwekery word nóg as 'n historiese plek nóg as 'n erfenismerker op Tokai aangedui.

Die bosboukwekery se welslae was van fundamentele belang vir die bestuur van die Tokai-plantasie. Nie net alleen is plantjies gekweek vir aanplanting op die plantasie nie, maar ook vir gratis verskaffing aan ander plantasies, aan staatsdepartemente en of munisipaliteite en om goedkoop boompies aan die publiek te verskaf (NASA, KAB 1885:6;1892:90; 1893:6 e.a.). Daar is gehoop dat die verskaffing van goedkoop boomplantjies 'n kultuur van boomaanplanting by die breë publiek sou skep (1894:3). Die Bosboudepartement het van meet af die verspreiding van boomplante en saad as 'n ernstige funksie van die regering gesien. Bosboudepartemente in die VSA, Indië en Australië het meesal saad verniet weggegee. Dit is ook aan die Kaap gedoen en om nie in kompetisie met saadhandelaars in die Kaap te wees nie, is boomplantjies goedkoop verkoop. Ook het die regering 'n praktiese boomplantingspamflet, “Practical hints on tree-planting in the Cape Colony”, gedruk en versprei. Dit is in Nederlands en Engels uitgegee en sowat

3,000 kopieë is versprei. Die dokument, wat deur die Bosboudepartement uitgegee is, is deur Lister opgestel (1885:7;Lister 1884).

Hoewel die Tokai-kwekery in Lister se periode as hoofbosbewaarder van die westelike bewaringsarea begin is, was dit uitsluitlik die werk van die superintendent van Tokai-plantasie, Harman (NASA, KAB 1887:6). Hy was van meet af aan betrokke by die kwekery en het ook onder Harison en Hutchins gewerk (NASA, KAB 1893:6). Oor sy ywer getuig sy opperbestuurder, Lister, dat hy baie krediet verdien vir die wyse waarop hy ongeskoolde arbeid aangewend het om 'n groot aantal boompies te kweek (NASA, KAB 1887:6). Hy was terselfdertyd hoof van die prisoniers wat in die gevangenis in die slawelose gewoon het. W.C. Harman is sedert 1887 bygestaan deur 'n assistentbosbouer, Tom Hare (NASA, KAB 1888:14) en in 1888 deur Frank Jarman (NASA, KAB 1889:13). Hare is in 1888 deur Lister saam met hom na die Oos-Kaap geneem (Lister 1960:87). Harman het in 1892 bedank en is opgevolg deur J.C. van der Byl (NASA, KAB 1893:6). Harman het ook diep spore getrap met die uitleg van die arboretum. Die arboretum is jaarliks omgespit en van onkruid skoongemaak. Die dooie plante is verwyder en nuwe plante aangeplant (NASA, KAB 1898b:13). Harman het inderdaad die verslag van Tokai vir 1888 asook die statistiek van die plantasie tussen 1884 en 1888 opgestel (NASA, KAB 1889c:29). Hy het dus in geen opsig agteruit- gestaan vir Lister nie. Ook was hy bekwaam ten opsigte van rekordhouding en verslag-skrywing. Harman se betrokkenheid by die eerste kwekery, die arboretum, die skep van die brandbane en paaie, asook die eerste plantasiaanplantings behels 'n reuse-aandeel en behoort in die erfenis van Tokai erkenning te kry. Hoewel die eerste boswagterskothuis bekend gestaan het as “Harman's Cottage”, het die naam verlore gegaan nadat die huis in 1924 herbou is (NASA, SAB 1923). Die huis is langs Orpenweg enkele treë vanaf die vorige perseel opgerig. Dit word op die 1931-kaart van Kaapstad en omstreke aangetoon (HRC 1931). Die eerste kothuis waarin Harman gewoon het, is in 1886 opgerig, omtrent 'n kwartier se stap vanaf die woonhuis (NASA, KAB 1887:5). Daar is reeds in 1899 na die kothuis as Harmanshuis verwys betreffende die ligging van die huis aan die verste punt van die kamferlaning (1899a).

Die oorspronklike kwekery se ligging kan maklik binne die arboretum gevind word, maar die perseel word nie aangedui nie. Die twee riviertjies is steeds daar. Namate die plantasies in die opvangsgebied van die twee stroompies in die 21ste eeu geoes word, is die strome weer besig om standhoudend te raak (Diagram 55, 56 Bylaag B). Die arboretum is in 1886 langsaan die kwekery uitgelê (NASA, KAB 1887:6). Die kwekery en die arboretum is sekerlik twee van die belangrikste instellings op Tokai-plantasie. Die kwekery, 'n skandelik miskende landmerk waarop die bestaan van die plantasie gebaseer word, is in 1883 in die geselskap van drie van die vernaamste bosbouamptenare, De Vasselot, Lister en Hutchins, uitgemeet (1883). Dit is uitgemeet tussen twee strome, wat gepas die name van Silwerboom en Old Nursery kan dra: die eerste stroom of noorderlike stroom ontspring in die silwerboombos en vloei aan die onderkant van die arboretum in die Prinskasteelrivier (1883;1883n). Die Old Nursery-stroom ontspring

net bokant die tweede vlak en vloei in die Silwerboomstroom. Aanvanklik was die kwekery net sowat twee akker groot, maar binne 'n jaar of twee vergroot tot sewe akker (1884b:19). Dit sou nie moeilik wees om die grense van die oorspronklike kwekery vas te stel nie. Die noordelike grens is gevorm deur die Silwerboomstroom te kanaliseer vir waterleiding. Ook die loop van die Old Nurserystroom is verander deur 'n 90°-draai noordwaarts tot in genoemde kanaal wat suid vloei. Die kwekery is in 1897 en 1902 as 'n merker van Fourcade op sy kaarte gebruik (1898; DRDLR 1902; Diagram 52 Bylaag B). 'n Ou landmerk binne die kwekery word op al die kaarte met twee sirkels aangedui. Dit is heel waarskynlik die twee massiewe rotse wat steeds daar lê. Ook is die kleiner vakke waarin die houters geplaas is, op al die kaarte ingeteken. Dit is onseker oor wanneer die kwekery totaal ontruim is. Hutchins het in die loop van 1893 wel enkele bome as deel van sy arboretumprogram in die kwekery aangeplant – dit kan baie opsies suggereer, maar die feit dat hy nie die hele kwekery met boompies aangeplant het nie, suggereer dat daar moontlik 'n gedeelte was wat nog gebruik is (NASA, KAB 1894:9). Dit wil voorkom of die noordwestelike hoek bokant die perseel van die “Ou Kwekery” heelwat later, tussen 1916 en 1925, aangeplant is met enkele bome en klein groepies bome van 'n paar boomfamilies (1938). Die vogswam kon die bruikbaarheid van die kwekery bemoeilik het, hoewel dit waarskynlik steeds moontlik was om houters daar te vestig. Die arboretum het die kwekery mettertyd verswelg, wat noodwendig die groeikondisies van saailinge moes beïnvloed het. Hutchins het in 1895 groepe van 40 bome bymekaar in die arboretum geplant om 'n mikrogroneiklimaat na te boots. 'n Halwe akker is in 1895 op die heuwelhelling direk agter of wes van die kwekery aangeplant (1887:6;1896). Die heuwel net suid van die Old Nursery-stroom is in 1896 met 28,790 boomplantjies karri of *Eucalyptus diversicolor* aangeplant (1897:18). Aan die suidekant is die arboretum begrens met die Prinskasteelrivier. Zahn en Neethling (1929:321) plaas ook die Tokai-arboretum en die kwekery langs mekaar. In hul studie van 1929 fokus hulle net op die arboretum. Die historiese belangrike kwekery het toe reeds in die niet verdwyn.

#### **5.4.2 Tokai-arboretum**

Georgina Lister (1960:80) se herinneringe van die arboretum is 'n ineenvlegting van 'n jong bruid en moeder se herinneringe met 'n besoek aan die arboretum 68 jaar later. Lister (1960:80) betreur dan die verlies van 'n “Wellingtonia” of Kaliforniese rooihout, wat ter ere van haar dogter se geboorte in die arboretum aangeplant is, maar na sestiën jaar argeloos afgekap is. Toe sy in ongeveer 1956 weer daar besoek aflê, was 'n ou groot wildeolyfboom van haar jeug steeds daar, maar dit het baie takke verloor. Nog Zahn en Neethling (1929) of Rycroft en Poynton (1986) maak spesiale verwysing na die ou wildeolyf. In 1893/94 was die *Sequoia gigantea* of Kaliforniese rooihout en vier insignisdenne nog daar (NASA, KAB 1894b). Georgina (Lister 1960: 80) beaam die bruikbaarheid van die insignisden (*Pinus radiata*) vir plantasiaaanplantings, asook die 'Eukaliptus met die rooi blomme'. Sy bevestig die aanplanting van inheemse bome, maar sê in dieselfde asem dat dit nie goed gegroei het nie. Die bome is geelhout, stinkhout, assegaai en wildepruim. Die bosbewaarder met die meeste kennis van inheemse

bome, was kaptein Harison. Hy het tussen 1888 en 1892 ook verskeie inheemse bome aangeplant (NASA, KAB 1889:13,27;1893:6,10,16). Hoewel sy verslae nie inheemse bome in die arboretum lys nie, lys sy kwekeryopnames verskeie inheemse bome. Daar kan aanvaar word dat Harison van die boomplantjies in die arboretum geplant het, wat wel op Hutchins<sup>26</sup> se lys voorkom, maar nie op Georgina se lys was nie. Hutchins se boomopname van 1893/1894 in die arboretum lys vier opregte en vier Outeniquageelhoute; ook vier elk wildepruim en assegaibome. Ander inheemse bome wat Georgina nie lys nie, is die nieshout, Umzimbeet aangegee as *Millettia caffra*, die boerboon, Kaapse kastaiing, Kamassie, maar nie stinkhout nie (NASA, KAB 1894a). In 1895/96 is daar 382 jong assegaiboompies tussen die derde en vierde kontoerpaaie in 'n inheemse bos aangeplant (NASA, KAB 1897:18).

Daar heers groot twyfel oor die ontstaandatum van die arboretum onder bosboukundiges en ander navorsers. Die streeksnavorsingsbeampte van 1938, Hubbart (NASA, KAB 1938), Mauve (s.j.:11), Rycroft en Poynton (1986:13,14) postuleer 1885, maar dit word breedvoerig in die 1887-verslag van die bosbewaarder van die westelike bewaringsarea, Storr Lister, aangekondig. Die arboretum is in 1886 aangrensend tot die kwekery op 15 akker golwende landskap uitgelê (NASA, KAB 1887:6). Zahn en Neethling (1929:221) beaam die datum. Maar Rycroft en Poynton (1986:14) grond hul aanname op 'n verslag van 1902 waarin 43 spesies in 1885 aangeplant sou gewees het en 'n brief in 'n koerant van 1938 wat 1885 aangee. Hulle sluit hul betoog af dat Zahn en Neethling se stigtingsdatum, 1886, moontlik verkeerd is. Rycroft en Poynton (1986:1,2) se voorlopige verslag van Maart 1983 het moontlik baie bygedra tot die erfenisverklaring van die Tokai-arboretum. Hulle het die erkenning van die Tokai-arboretum as 'n nasionale arboretum bepleit. Dit het tot die voorkeur aan, maar foutiewe datum, 1885, gegee.

Kaarte is dit nie eens oor die juiste ligging van die oorspronklike arboretum nie. Die verwarring begin met die datering van die arboretum as 1882 op die 1898-voorraadkaart van Fourcade waar die arboretum suid van die dienspad wat na die kwekery toe lei, geposisioneer word (NASA, KAB 1898). Noord van die dienspad word die Eucaltum, 'n versameling van gombome, aangedui. In 1882 was die plaas nog in private besit. In 1902 karteer Fourcade die grond van Porter-grond, maar dui die arboretum ook aan, hoewel dit Bosbougrond is. Die arboretum word dan oorkant die Prinskasteelrivier, dit wil sê aan die suidekant, aangedui (DRDLR 1902a). Dit is die enigste kaart wat die arboretum suid van die rivier aandui. Alle latere kaarte wat geraadpleeg is, naamlik 1935, 1951, 1963 en 'n sketskaart van 1920, dui die arboretum noord van die rivier aan (NASA, SAB 1935;1951;1963;1920). Kort na 1920 word die numering van die vakke gewysig en word die Constantiaberg-aanplantings die B-deel van die groter Tokai-plantasie. Waar die arboretum vak 53 op ou kaarte was, word dit dan vak 35a (1935). Hierdie kaart is gebaseer op

---

26 Boomlyste van die arboretum blyk 'n probleem te wees. Die Hutchins-boomopname is onbekend (NASA, KAB 1894b). Van die wetenskaplike name is verouderd en die taksonomie van verskeie bome het verander. (Persoonlike mededeling, dr. Erinita van Wyk, SANBI, 2015 en Jenny Mountain, Suid-Afrikaanse Botaniese Vereniging, 2014).

N.L. King se kaart in 1925 nadat die finale vakverdeling, wat Vlakkenberg insluit, gedoen is. King se 1925-kaart vorm die basiskaart waarvolgens alle verdere kaarte nagegetrek word. Daar kan met sekerheid volstaan word dat die arboretum nooit aan die suidekant van die rivier uitgebrei is nie. Die oppervlakte van die arboretum was aanvanklik 15 akker, maar voorsiening is gemaak om dit uit te brei (NASA, KAB 1887). Aanplantings tussen 1916 en 1925 met enkele bome en klein groepies bome van 'n paar boomfamilies in die “Ou Kwekery” word as die derde fase of uitbreiding beskou. Die eerste fase is die hoofarboretum op die rivieroewer en die tweede fase die Eucaltum. In 1925 het die totale oppervlakte 31.7 akker beslaan (1938). Daarna bly dit konstant, maar in 1963 was dit 'n skrale 13,5 akker groot (NASA, KAB 1963a). Rycroft en Poynton (1986:18) beraam die grootte as 13,9 hektaar (Diagram 66-70 Bylaag B).

Reeds in 1886 is met die uitleg voorsiening gemaak dat die terrein uitgebrei kon word. Kontoerpaaië is gemaak voordat plantjies aangeplant is. Sowat 150 boompies uit die vier hoeke van die wêreld wat daarna aangeplant is, is almal spesies verteenwoordigend van die goewerment se plantasies (NASA, KAB 1887:6). Die eerste aanplanting se saad het Storr Lister by die Botaniese Tuine in Kaapstad en oorsese botaniste gekry. Ook het Lister by van hul huisvriende saad gekry (Lister 1960:80). Harison het op sy beurt die arboretum in 1888/89, skoongemaak, dooie boompies verwyder en in 1889/1890 sowat 150 boompies aangeplant. In 1890/91 is sowat 300 boompies toegevoeg (NASA, KAB 1889:13;1890:45; 1891:60). Daar was ongetwyfeld 'n hoë voorkoms van sterftes. Teen 1891 is sowat 600 boompies in totaal aangeplant, maar teen die einde van 1893 was daar net sowat 280 bome oor. Hutchins se boomopname van 1893 is in 1894 deur die botanis van die Tuine in Kaapstad nagesien. Die lys gee die name van ongeveer eenhonderd spesies wat 280 bome verteenwoordig (NASA, KAB 1894b).

Zahn en Neethling (1929:221) beweer dat daar reeds 'n klein uitheemse bos, groepe van bome en los staande 'Stone pines' of *Pinus pinea* dennebome was. Die twee bosboukundiges beweer voorts dat die bos sy ontstaan in die vroeë negentiende eeu gekry het : “which no doubt originated very early in the nineteenth century.” Daar is geen bronverwysing vir die aanname nie. Die De Vasselot-kaart van 1883 toon geen bome aan in daardie omgewing nie, terwyl die kaart wel die silwerboomwoud en die vrugteboorde aantoon (NASA, KAB 1883n). Daar word ook glad nie na die kwekery se uitleg en die beskrywing van die grond deur De Vasselot verwys nie. De Vasselot se beskrywing lys die bome van die omgewing en toon geen verwysing na 'n bos dennebome nie (NASA, KAB 1883l). De Vasselot sou die bome herken het, want dit is 'n welbekende Mediterreense boom wat vanaf Portugal tot in Klein Asië voorkom (Poynton 1973:196). Ook Lister verwys nie na 'n bestaande bos dennebome in die omgewing van die nuwe kwekery nie. Hy bespreek die grond en omgewing taamlik breedvoerig in sy eerste verslag (NASA, KAB 1884b:19). Daar word wel 820 saailinge van *Pinus pinea* onder die eerste plantjies van 1883/84 in die kwekery gelys (NASA, KAB 1884b:20). Indien die *Pinus pinea* vroeg in die negentiende eeu aangeplant sou gewees het, was dit teen 1884 reusebome. Teen 1976 was dit dan ongeveer 170 jaar



oud. Volgens Rycroft en Poynton (1986:15,17) sou hierdie kolossale bome dan tussen een en twee dekades voor 1984 baie versigtig afgekap gewees het, dus tussen 1966 en 1976. In 1976 is daar onder meer sewentien denne<sup>27</sup>, *Pinus pinea*, wat in verskillende stadia van verval tot omgeval en morsdood was, van die voorraadlys verwyder (NASA, KAB 1976). Toe Zahn en Neethling die opmerking in 1929 gemaak het, was die arboretum reeds 43 jaar oud. Op 'n foto van die woning van die distrikbosboubeampte, 1902 (MA 1902;1902a), word ou dennebome naas eikebome uitgebeeld. Dit is waarskynlik *Pinus pinea*, maar die bome staan nie in die arboretum nie. Ook op die kaart van 1885 word daar bome tussen die woning en die kwekery aangedui. Twee groepies verskillende soorte bome word suidwes van die woning aangedui en tussen die laagste bos en die kwekery was daar bome, wat soos opslag op die kaart vertoon (NASA, KAB 1885b) – dit kon die “ander inheemse bome” of struik wees waarna De Vasselot op 4 September 1883 verwys (1883), of De Vasselot het bloot nagelaat om die dennebome saam met die inheemse en eikebome te lys. Van die ander bome op die 1902-foto lyk soos eikebome (MA 1902;1902a). Dit was opslageikebome wat Tokai se lot as kwekery beslis het.

Daar kan aanvaar word dat die terrein langsaan die kwekery skoongemaak is van struik en ander fynbos of rivieroewerplantegroei voordat die arboretum aangeplant is, omdat die eerste arboretum soos 'n park uitgelê is. Hier is waarskynlik die voorbeeld van die Tuine in Kaapstad, asook die Arderne-park in Claremont gevolg (Zahn & Neethling 1929:219). Die bome is dan ook nie in rye aangeplant nie, maar om die voorkoms van 'n park te skep (NASA, KAB 1887:6). Die parkvoorkoms sou spoedig die onderhoudskoste taamlik verhoog (1894:9). Die terrein van die arboretum was naby, maar nieaangrensend aan die vrugteboord suid van die woonhuis op De Vasselot se kaart. Ook was daar bestaande waterkanale wat water uit die Prinskasteelrivier gevoer het (1883n). Die kanaal se inloop moes taamlik diep in die arboretum gewees het sodat dit die nodige val kon hê om tussen die vrugteboord en die woonhuis deur te loop.

Dit is onseker wie die eerste arboretum in Suidelike Afrika geskep het. Arboretums wat in die eerste helfte van die 19de eeu in Noord-Amerika gevorm is, het hul grondslag in Europa, in besonder Engeland (Schlereth 2007:196). 'n Arboretum is in 1887 op Kluitjeskraal aangelê (NASA, KAB 1888:13) en daar was ook 'n arboretum op Knysna. Harison was streeksbosbewaarder van 1874 tot 1888 op Knysna (Krüger, Weyers 1977:384), maar James Rawbone, 'n opgeleide bosbewaarder, is deur De Vasselot op Knysna geplaas as beplanningsbeampte (Darrow 1977:5). In die tyd wat Hutchins in Knysna was, was hy wel gemoeid met die arboretum (NASA, KAB 1894:9), maar hy het tussen 1889 en 1891 'n studiereis na Europa onderneem. Terug in Knysna na sy Europese reis was Hutchins begeesterd oor etlike aspekte van eksotiese aanplantings (Darrow 1977:8). Dit was moontlik in hierdie kort periode wat hy die arboretum

---

27 Die opruimingspoging het in 1973 begin toe 'n duur en gespesialiseerde proses 'n aantal enorme “wolfagtige bome”, hoofsaaklik *Pinus pinea* verwyder het. Die voorkoms van die bome is beskryf as: “... trees have now reached their life expectancy and are dying and falling over in increasing numbers and causing havoc in the process.” Behalwe die 17 *Pinus pinea* -bome, is 24 ander soort bome verwyder (NASA, KAB 1973a; 1976).

kon begin het, indien dit nie reeds deur Rawbone aangelê is nie. De Vasselot was toe nog die hoof en dit kon ook op sy aanbeveling gebeur het. Hutchins se blootstelling tydens sy lang Europese reis kon baie bygedra het tot sy herskepping van die Tokai-arboretum vanaf 1893 (NASA, KAB 1894:9). Daar kan gereken word dat Tokai se hoofarboretum inderdaad die oudste arboretum was, maar nie die oudste park of tuin nie. Die definisie van 'n arboretum onderskei dit juis van 'n park of 'n tuin. Waar Lister dit aanvanklik gesien het as 'n plek om saad te voorsien en vir studiedoeleindes, het Hutchins dit voorts ook bedryf as proefneming om plantasië kondisies waar te neem (NASA, KAB 1887:6;1888:13; 1894:9). Anders as 'n meer moderne siening het nóg Lister nóg Hutchins struik aangeplant. Daarvolgens word vier doelwitte onderskei: wetenskaplike navorsing, bewaring, opvoedkundige en estetiese waarde. Die term kom van die Latynse *arboretum* wat in die negentiende eeu gesien is as 'n plek begroei met bome. *Arbor* beteken bome (Schlereth 2007:214).

Die arboretum is jaarliks omgespit. Die aanplantings was nie 'n onmiddellike sukses nie. Afgestorwe boompies is gereeld vervang en nuwe spesies is bygevoeg, reeds binne die eerste jaar. Van die nuwe aanplantings was eksotiese spesies wat op daardie stadium totaal onbekend was in die Kaapkolonie (NASA, KAB 1887:6). Ook Harison, wat Lister se pos op 1 Oktober 1888 betrek, maak melding van die verwydering van boompies wat afgesterf het gedurende die jaarlikse opruiming (1889:13). Die daaropvolgende seisoen word Constantiaberg geteister met ongekende stormwind uit die Noordweste, opgevolg met verwoede suidoostewinde wat onder meer met soutneerslae gepaard gaan. Die suidoostewind het baie skade aan die arboretum se aanplantings aangerig, hoewel die boompies soos in die plantasies herstel het. Toe is 150 boompies aangeplant nadat die arboretum weer omgespit is (1890:45). Arbeidsprobleme veroorsaak dan dat daar geen werksaamhede vir twee jaar in die arboretum gedoen word nie (1891:90; 1892:6). In Januarie 1892 word Hutchins oorgeplaas na die Westelike bewaringsarea (Darrow 1977:9). Hutchins begin onmiddellik met proefaanplantings op Tokai (NASA, KAB 1893:6-7), maar gebruik ook die tyd om 'n boomlys vir die arboretum in gereedheid te bring sodat naamplaatjies bestel kon word. Die boomlys is in 1893 opgestel, maar eers in 1894 afgehandel (1894b). Emaljenaamplaatjies is in 1894 uit Engeland bestel en in die loop van 1894 aangebring (1895:55) Hutchins het die arboretum in 1893 bestuurlik onder hande geneem met 'n soortgelyke plan wat hy in Knysna gevolg het. Eers het hy die arboretum met doringdraad laat omhein. Bome is toe vyf-vyf gegroep, wat veral vir timmerbome beter groeikondisies skep. Enkele alleenstaande bome het ook voorgekom. Daarmee verander hy die voorkoms deur die arboretum minder na 'n park te laat lyk om sodoende kostes te bespaar. Hy het 'n ploeg, die Planet Junior, gebruik om die paadjies mee skoon te hou en laat diere die gras en bossies afvreet (NASA, KAB 1894:9). Die paadjies is later met gruis bedek (CGH 1900:9). Daar is rondom die bome gespit om dit skoon te hou. Die arboretum is in 1893 uitgebrei deur boompies in 'n gedeelte van die kwekery te plant. Hutchins het gebruik gemaak van die waterafloop om leivore te grawe om die boompies nat te lei. Hutchins skryf dat hy na die voltooiing van sy verslag verneem het dat die Biltmore-arboretum in die VSA ook uitgelê is in groepies bome om die groei van die bome te stimuleer (NASA, KAB 1894:

9). Hy verwys spesifiek na die werk van G. Pinchot in sy jaarverslag. Die stigter van die Biltmore-arboretum in Noord-Carolina, Gifford Pinchot, is later die grondlegger en stigter van die Amerikaanse Bosboudepartement<sup>28</sup>. Hy het ook sy opleiding in bosbou skole in Europa ontvang en was die eerste bosbouer wat op 'n wetenskaplike wyse verantwoordelike boskultuur toegepas het (VSA National Survey 1963). Hutchins se onvermoeide entoesiasme het met die vergelyking van die Biltmore-arboretum getoon dat die Tokai-arboretum van wêreldklasgehalte was.

Ten spyte van 'n strawwe droogte in 1894, het Hutchins steeds aangegaan om nuwe grond in die arboretum om te ploeg, gate te maak en boompies te plant (NASA, KAB 1895:55). Volgens die voorraadkaart van 1897 is die Eucalyptus in 1894 aangeplant (1897b). Dit is in 1899 uitgebrei met dertien ander groeperinge (CGH 1900:9). In 1896 word 'n verder drie en 'n halwe akker tot die arboretum toegevoeg teen 'n koste van £22/1/6. In die nuwe uitbreiding word groepies van tot veertig boompies gegroepeer om groei-kondisies na te boots. Dit sou dien as proefaanplanting om betroubare groeistatistiek te bekom (NASA, KAB 1896:15). Ook het die aantal bome drasties toegeneem. Met 5,569 verskillende spesies in die arboretum is dit nie vreemd nie dat die versorging van die arboretum 'n aparte koste-item op die begroting geword het. Die koste vir 1896 het £30/0/6 bedra (1897:20). Die arboretum is verdeel in drie groepe, naamlik (i) die Eukalyptus, (ii) die naaldbome en (iii) die algemene groep. Hutchins se reorganisasie van die arboretum het daarvan 'n navorsingsterrein gemaak. Dit was toe moontlik om die waarde van die hout, die naam en datum van aanplanting op elke etiket af te lees (CGH 1898:10). Die emalje-etiket kon egter nie die klimaat oorleef nie en is vervang met loodetikette wat vanaf Kew bestel is (CGH 1899:9). In die daaropvolgende jaarverslag moes Hutchins bont staan om die kostes te regverdig. Etikette alleen het £13/17/4 bedra van die totale onderhoudskoste van £42/7/6 (CGH 1900:9). Dit het die koste vir die ander arboretums ingesluit. Drie kleiner arboreta is gevestig, naamlik die Paddock-arboretum, die Spekboombelt- en die Vlagstokarboretum. Teen 1899 was dit reeds aangelê (CGH 1900:9). Die hoofarboretum en die Spekboomarboretum is beide geleë in goeie granietgrond, terwyl die Paddock-arboretum in onvrugbare sand op die Vlakte gevestig is (Rycroft en Poynton 1986:13). Die Vlagstokarboretum was moontlik die sipresarboretum wat na 1900 gestig is. Dit was naby die Uilhuis geleë waar daar steeds enkele sipresse staan (Persoonlike waarneming, Augustus 2011). Hutchins het in 1899 sowat 400 Perseiese sipresse daarvoor gereserveer (CGH 1900:6). Hy het die opvoedkundige waarde van die arboreta hoog aangeslaan – nie net vir die boskultuur nie, maar ook vir opleiding. Hutchins het voorts toestemming verkry om gratis treinkaartjies tussen Kaapstad en Retreat uit te reik vir enige persoon wat die bome wou bestudeer (CGH 1899:9). Die agt groeplanplantings in 1905 van totaal onbekende naald- en gombome in die Kaapkolonie is die laaste aanplantings onder Hutchins (CGH 1906:30). Nalatige bestuur na 1910 het toegelaat dat gomboomopslag in die Prinskeelrivier versprei het. Kyk Diagram 66-8

---

28 Die bosboudepartemente van die Kaapkolonie en die VSA het albei in die laat 19de eeu ontstaan. Die bosbouer, G. A. Wilmot, het vroeg in die 20ste eeu sy opleiding aan Yale in die VSA ontvang. Wilmot was by die Bosbou skool en Tokai-plantasie betrokke (O'Connor 1939:107).

## Bylaag B.

Die arboretum het 'n twispunt tussen Lister en Hutchins geword. Dit het oor arbeidskoste en boomlyste gegaan. Arbeid was steeds die grootste enkeluitgawe en is vooruit beraam van 7 Mei tot 30 Junie 1906 op £60. Een span van 10 dwangarbeiders vir 11 Mei het £29 gekos. Daarteenoor is die toesighouer £5/10 betaal vir 44 dae. Dwangarbeiders het buitensporig duur geword (NASA, SAB 1906h). Teen hierdie tyd het spanning tussen Hutchins en Lister breekpunt bereik. Die geskil tussen Hutchins en Lister het waarskynlik Hutchins se nalatenskap van die arboretum totaal geneutraliseer indien nie geruïneer nie. Hutchins was teen 1906 reeds internasionaal bekend en het die bewondering en kritiek van bosbouers oor die wêreld geniet (Bennett 2013:68). Lister het op 29 September 1906 Hutchins versoek om 'n kaart van die arboretum, boomname, datum van aanplantings en rekord van boomgroei te verskaf (NASA, SAB 1906p). Dit wil voorkom of Hutchins nooit 'n kaart van die arboretum opgestel het nie. Volgens Hutchins is daar wel 'n voorraadkaart, maar dat die inligting daarop nie voldoen aan Lister se vereistes nie (1906q). Nadat Hutchins vroeg in November na Oos-Afrika verplaas is (Darrow 1977:14), kon ook Gower nie 'n groot kaart volgens skaal van die arboretum voorsien nie (NASA, SAB 1907d). Daar bestaan wel 'n boomlys van die Eucalyptus en die groeikondisies van die bloekombome is in 1900 oor vyf jaar gemonitor (NASA, KAB 1900e).

Die geskil tussen Lister en Hutchins in 1906 het 'n vertrouensbreuk veroorsaak wat moeilik oorbrug kon word. Hutchins is reeds met Lister se aanstelling as sentrale hoof oor die hoof gesien (Darrow 1977:12-13). Hutchins was terdeë bewus daarvan dat Lister die gunsteling by die minister was (Bennett 2013:77vn 63). Sedert 1891 toe De Vasselot sy pos ontruim het, is Hutchins deur die regering as die kenner beskou wat genader is vir insae en spesiale projekte. Lister se benoeming deur kolonel Crewe, minister van Landbou, het Hutchins duidelik in sy eer gekrenk. Om sy eer gestand te hou, het die regering hom toe as tegniese raadgewer van die Kommissaris van Kroongrond en Openbare Werke aangestel. Ook is hy in 1906 benoem as professor aan die hoof van die Suid-Afrikaanse Bosboukollege op Tokai. Hierdie kollege is op Hutchins se aanbeveling gestig (Darrow 1977:13, Bennett 2013:64), hoewel Lister beweer dat hy reeds in sy 1903-verslag oor Bosbou in die Oranje-Vrystaat die aanbeveling gemaak het: "In connection with my report of 1903, the subject of Forestry in the Orange River Colony, I urged the establishment of a South African School of Forestry..." (CGH 1906:4). Lister praat nie uit sy beurt uit nie (Bennett 2013:70-1), maar verwys ook nie na Hutchins se bydrae tot die stigting van die kollege nie. Dit was Hutchins se verslag van 26 Februarie 1905 en voorstel vir 'n kurrikulum wat die deurslag gegee het. Die verslag is deurgestuur na al die provinsies en het 'n einde gebring aan die toutrekkery oor 'n skool en die geskikte plek (Bennett 2013:73). Ook sou die plantasies en arboreta van Tokai en Kluitjeskraal die beste praktiese terrein vir opleiding bied. Hutchins was alombekend vir sy goeie verslae. Hy het dan ook jaarliks verskeie lesings gegee en wyd gepubliseer (Darrow 1977:9-11).

Dit het ook later aan die lig gekom dat Lister sy hoofbewaarderspos se instelling gesien het as ten koste van die pos van 'n streekshoof, dus Hutchins se pos, in die Wes-Kaap (NASA, SAB 1907). Albei persone het waarskynlik met opgekropte gevoelens gesit toe die geskil oor Tokai se oorbesteding van sy begroting breekpunt bereik. Dit het begin met 'n addisionele regeringstoelaag wat Hutchins via die waarnemende hoofbosbewaarder, Lister, in 1906 by die Kabinet aangevra het om Tokai se begroting te laat klop (1906b; f,g). Hutchins het in die situasie beland weens die eis van die Gevangenisdiens dat arbeid vooruit betaal moes word. Die bedrag was £200 (1906b). Lister skryf aan die Ondersekretaris van Landbou dat hy by die Tesourie toestemming gekry het om 'n waarborg van £200 toe te staan. Hy noem terselfdertyd dat Hutchins reeds deur Lister en die afgestorwe ondersekretaris (van Landbou) gemaak is om sy maandelike uitgewas op plantasies onder sy bestuur te beheer, en voeg by: "That he failed to do." Lister gee die versekering dat hy (Lister) gratis dwangarbeiders sou kry (1906f). Lister kon nie self gratis arbeid bewerkstellig nie en alle werk op Tokai is gestaak tot 1 Julie, die begin van die nuwe finansiële periode (1906d). Lister versoek toe dat Hutchins op grond van die ekstra bedrag 'n gedetailleerde bestedingsverslag indien (1906d;g). Maar dan volg die kwessie 'n wending. Hutchins lewer 'n nederige en erkentlike pleidooi om die toegekende bedrag van £200 te laat kanselleer, nadat hy die rekeninge van die Superintendent van Tokai nagegaan het. Tokai se tekort van £106/0/8 op sy begroting kan verhaal word deur geld te verhaal tussen verskillende programme op die begroting van die Westelike bewaringsarea. Geld van die brandhout- en bouprogramme in die groter bewaringsarea kon dan daarvoor gebruik word (1906h). Hiermee was die tesourier en Lister nie tevrede nie en Hutchins word aangeskryf vir oorbesteding van £106/0/8 sonder die nodige magtiging, terwyl die £200 terselfdertyd teruggetrek word (1906j). Hutchins lewer toe 'n pleidooi om van die aanslag op oorspandering onthef te word. Hy voel ook dat die oordeel oor besteding wat op hierdie wyse van die superintendente van plantasies vereis word, onredelik is en dat dit superintendente van die plantasies op dieselfde vlak as gewone bosbouers te plaas weens die beperkinge op hul begrotings (1906k). Ook het Hutchins 'n besparing van £600 op sy area se begroting bewerkstellig (1906m). Hutchins kry dit dan van alle kante teen hom as die superintendent van Tokai, A.E. Gower, die afgradering sien as Hutchins se manier om die superintendente te straf vir sy eie oorbesteding. Weens watter rede ook al, vermoedelik finansiële maatreëls wat deur die regering neergelê is, het Gower geen uitbetaling van bonusse of salarisverhogings in 1904 ontvang nie, maar hy het vir Hutchins persoonlik daarvoor verantwoordelik gehou (1906l). Hutchins was nie onbewus van die feit dat Lister die voorkeurpersoon by die kabinetsministers was nie (Bennett 2013:77). Hoewel die aanklag teen Hutchins in Desember 1906 teruggetrek is (1906u), het die gebeure Hutchins se beeld beskadig.

Die uitbarsting oor die oorbesteding op Tokai het op 'n slegte tyd in Hutchins se loopbaan gebeur. Hy was ook in daardie stadium ten nouste betrokke met klasgee by die kollege toe die geskil tot uitbarsting gekom het. Ook was hy steeds verantwoordelik vir die plantasies van die Westelike bewaringsarea (NASA, SAB 1906e). Darrow (1977:12) noem dat Hutchins se innemende persoonlikheid en welsprekenheid baie lojale vriende gemaak het, maar dat sy skerp en reguit woorde ook vyande gemaak het.

Tydens voorlegging aan 'n Openbare Dienskommissie, 1904-05, het Hutchins dan ook skerp kritiek uitgespreek teenoor ander bosbewaarders; ook het hy uit hoofde van sy posisie in Kaapstad gereken hy praat namens alle streekshoofde, wat nie die geval was nie. Hy het ook die regering gekritiseer ten opsigte van grondvervreemding van bosreservate. Hier moet Darrow dus gelyk gegee word: Hutchins het vyande gemaak. Maar Darrow skryf terselfdertyd dat diegene wat Hutchins geken het, slegs respek gehad het vir sy integriteit en vermoë. Dit spreek hier ook uit die nederige wyse waarop hy sy fout erken en versoek het dat die kabinet se buitengewone toekenning van £200 teruggetrek word (NASA, SAB 1906h). Gower is vir bonusse aanbeveel, soos tydens die bou van die stalle (NASA, KAB 1904i). Maar of die versuim aan uitbetaling voor Hutchins se deur gelê kon word, word betwyfel. Ook Lister is in kennis gestel is dat hy weens die na-oorlogse depressie nie 'n salarisverhoging as hoofbosbewaarder kon verwag nie (Lister 1960:97). In die lig hiervan was Lister se streng fiskale beleid oor uitgawes op plantasies geregtig – dit verklaar sy houding jeens Hutchins se finansiële bestuur van die plantasies onder sy beheer.

Lister het Hutchins se pos in 1888 in die Oos-Kaap oorgeneem. Hutchins se positiewe nalatenskap was merkbaar in die opmeting en afbakening van bosbougrond teen boere se wederregtelike gebruik; sistematiese eksperimentele aanplantings van eksotiese bome in die Amatola-berge wat later aangetoon het wat om daar te plant; Hutchins se betoog vir 'n gepaste bosbouwet; en 'n betoog vir tariefvasstelling van inheemse hout om dit te beskerm, maar wat nie suksesvol was nie. Op die ou einde is Hutchins wel korrek bewys (Darrow 1977:7-8). Maar Darrow (1977:8) suggereer dat Hutchins se verwydering uit sy pos as 'n baie suksesvolle streekshoof in die Oos-Kaap juis gedoen is om plek te maak “... for another forest officer in King William's Town.” Dit was Lister wat na King Williamstown oorgeplaas is. Dit is van hierdie oorpasing wat kol. Schermbrucker<sup>29</sup> in 1888 gesê het dat Lister moet gaan, sodat hy in die toekoms vir bevordering in aanmerking kon kom (Lister 1960:86).

Hutchins het Tokai tot groot hoogtes gevoer (CGH 1906a). Die arboretum is uitgebrei. Navorsing oor eksotiese aanplantings op Tokai het baie aandag geniet. Daarteenoor het daar weinig van Tafelbergplato-plantasie in 1905 oorgebly (CGH1906:29). Ook is Lister se hantering van die kollege gekritiseer en het die bosboukollege se einde begin aanbreek toe Hutchins se opvolger, Wilmot, nie die mas kon opkom nie. Lister het Wilmot terselfdertyd as distriksbosboubeampte op Tokai benoem. Daar was ook nie geld vir die skool nie en die einde van die skool was in 1911 onvermydelik (Bennett 2013:80-1). Lister het in Hutchins miskien 'n mededinger verloor, maar Hutchins se verlies vir Tokai was ongetwyfeld gevoelig.

Die beste nalatenskap van Tokai vir die mense van Suid-Afrika is die arboreta, maar waarvan almal behalwe die hoofarboretum verdwyn het. Die belangrikheid van die toe nog twee oorblywende arboreta, die

---

29 Lister wou nie die verplasing na die Oos-Kaap aanvaar nie en het met kol. Schermbrucker daarvoor probeer onderhandel. Die antwoord was: “Lister, if you hesitate you may be left here for the rest of your life, and I advise you to accept.” Die werk was vreemd omdat Lister nie ervaring van inheemse bosse gehad het nie (Lister 1960:86).

hoof- en die Spekboombeltarboretum kan kwalik beter opgesom word met die woorde van Rycroft en Poynton (1986:13) in hulle voorlopige verslag oor arboreta in Suid-Afrika, 1984:

“Both ... are in many respects unique, being not only among the oldest extant collections of trees in South Africa but also dendrologically and aesthetically of particular interest and merit. Their educational value, actual or potential, is tremendous, and they could increasingly become a focal point of botanists, horticulturalists, students, parties of school children...”

Die instandhouding van die arboreta, in besonder die hoofarboretum, is by twee geleenthede deur ministers gekritiseer en aangespreek – in September 1938 deur Deneys Reitz (NASA, KAB 1938a) en in 1951 deur minister Paul Sauer (Rycroft, Poynton 1986:14). Reitz se grootste beswaar teen die arboretum was verwaarlosing. Ook was hy baie besorg oor die versorging van die inheemse hout in die klein val-leitjie. Ou bome, wat te groot was, moes verwyder word. Die Keiheining moes gesnoei word. Alle droë hout moes verwyder word. Die ingang en die arboretum moes as geheel aantreklik en meer toeganklik as 'n opvoedkundige instelling gemaak word. Hy het ook voorgestel dat die ondergroei met inheemse struike aangevul word. Ook die area tussen die Distriksbosbouer se woning en die arboretum moes met struike aangeplant word. Reitz het duidelik gevoel die arboretum se inheemse afdeling is verwaarloos. Sauer het hom hoofsaaklik uitgespreek oor die algemene slordige toestand en die afwesigheid van etikette. Gedurende die 20ste eeu was daar drie ingrypende opruimings vir die hoofarboretum en wat telkens afgedwing is: in 1938, 1951 en 1976 (NASA, KAB 1938a;1954;1976). Juis Zahn en Neethling (1929:211-34) se navorsing oor die arboretum in 1928/29, wat eintlik fokus op uitheemse bome in die Kaapse Skiereiland, suggereer dat die arboretum reeds tussen 1911 en 1928 aan sy eie lot oorgelaat is. Die ondersoek en meting na die groeiwyse van die gombome in die Eucaltum is in 1912 gepubliseer (NASA, SAB 1911a). Vir die hoofarboretum was Hutchins se vertrek 'n gevoelige verlies.

### **5.4.3 Vernietiging van inheemse plantegroei: enkele voorbeelde**

#### **5.4.3.1 Eksperimentele naald- en gomboomplantasies**

Die tweede doelwit van die Bosboudepartement se nuwe beleid in 1883 gee uitdruklike voorskrifte oor die bestuur van inheemse kroonbosse (Brown 1887:229;CGH 1885:62-3). Tokai het nie inheemse bosse gehad nie, maar het 'n silwerboomwoud, inheemse bome in die klowe en kreupelbosse en proteastruie gehad (NASA, KAB 1883;1887:5-6). Die nuwe Bosboubeleid het voorts bepaal dat ontbosde areas afgesonder moes word teen weiding, vure en die bekamping van ander plantegroei. Dit moes met aanplantings herstel word (Brown 1887:229). Maar Tokai is nie geoormerk vir sy enkele inheemse bome en struie nie en dus het die voorskrifte weinig betrekking gehad. Die inheemse struie op die rivieroewers en Lister se sogenaamde Kluisenaarskloof<sup>30</sup> (Lister 1957:13) gee 'n aanduiding van inheemse bome wat

---

30 Daar is voldoende gepaste plekkies, wat die mooi naam gestand kan doen, in die Prinskasteelrivierkloof.

bewaar moes gebly het. Margaret Lister (1957:13) vertel dat haar pa en die geselskap na afloop van die uitmerk van die kwekery op 14 Augustus 1883 die inheemse bome in die kloof agter die plaas gaan inspekter het. Lister het later die kloof herdoop tot Kluisenaarskloof waar hy graag 'n bottel wyn vir gaste weggesteek het. Die plaat silwerbome is spoedig verwyder en die rivieroewers van fynbos skoongemaak en met eksotiese spesies aangeplant (NASA, KAB 1901b). Die kwessie van buffersones tussen plantasies en klowe of riviere op Tokai het blykbaar nie betrekking gehad nie. Fynbos was brandhout. Die estetiese en unieke waarde van fynbos sou eers in die 1890's besef word. Ook die aanplantings van eksotiese plante op Tafelberg is vreemd, want Tafelberg was kroongrond en daar was inheemse bosse in die klowe. Het De Vasselot die aanplanting van eksotiese plantasies onvoorwaardelik aan Lister toevertrou? Lister was nie vertrou met inheemse plante en bome nie (Lister 1960:86). Ook het Lister die oplossing van die Kaapse houtprobleem in houtproduksie gesien (NASA, KAB 1886:17). Die historiese plantegroei van die Kaap is negeer – net soos wat die Britte in 1806 gedoen het toe hulle Witteboomen en ander houtvelde as landbougrond uitgegee het. Vir Tokai se inheemse plantegroei, hetsy bome in die klowe of ander proteastruik, was die plantasiebeleid rampspoedig.

Vir die kommersialisering van bosbou was die aanplanting van vinnig groeiende eksotiese bome van hoofbelang. Lister het onmiddellik met die aanplanting van eksotiese bome wat vir die eerste keer in die Kaapkolonie aangeplant is, begin (NASA, KAB 1884c:21). Die bome het ingesluit die jarra of *Eucalyptus marginata* en die *Dalbergia sissoo*, laasgenoemde ingevoer uit Pundjab waarvan beide se hout as dwarslêers gebruik kon word; Sint Johannesbroodboom of karob (*Ceratonia siliqua*) se bone as veevoer en Amerikaanse “cotton wood” of *Populus monilifera* om as telegraafpale te gebruik. Eksperimentele aanplantings is deur Hutchins begin toe hy in 1892 die pos as bosbewaarder by Harison oorneem (NASA, KAB 1893:6-7). Hy het onder meer bome wat nie gehard genoeg was nie, verwyder en met ander vervang. Lister en Hutchins het beide hul praktiese ervaring van bosbou in Indië gekry. Hul metodes word egter deur latere bosboukundiges as tradisionele bosboumetodes bestempel wat tot ongeveer 1938 in bedryf was (De Villiers 1972:63. Vir eksotiese aanplantings kyk ook Figuur 26-29 Bylaag A; Diagram 56,58-9b,62-3,67-71,77-82 Bylaag B)

Lister het 'n hoë premie geplaas op gombome, hoewel beide gom- en naaldbome aangeplant is. 'n Jaar na die eerste aanplanting is daar steeds baie hoop op die kweek van gomplantasies geplaas, veral toe sekere gombome, *Eucalyptus marginata* (jarra), *Eucalyptus rostrata* en *Eucalyptus obliqua* die belowendste groei getoon het (NASA, KAB 1885:6). Ook Hutchins het gereken dat Tokai se aanplanting uit sowat 20% jarra kon bestaan (CGH 1898:10). Maar teen 1906 berig Hutchins dat die jarra swak resultate toon. Groei was uiters stadig (CGH 1906:30). Die vestiging van die *Pinus radiata* of insignisden (ook Montereyden) op Tokai het een van die vernaamste plantasiebome in die winterreënvalstreek geword (Lückhoff 1973:25-6; Poynton 1973: 197-8). Jacobs (1973:67) sien ook die *Pinus radiata* of insignisden as die vlagskipdenneboom van die Wes-Kaap se naaldbome naas die Pinasterden. Die insignisden het 'n beskeie



begin op Tokai gehad. Lister het slegs 250 insignisdenplantjies in 1883/84 in die kwekery laat kweek, saam met 3,580 ander denbome (NASA, KAB 1884b:20). Maar die opgaaf tussen 1885 en 1888 toon dat sowat 105,400 insignisdenneplantjies op Tokai uit 153,141 boompies aangeplant is (NASA, KAB 1889: 27). In latere jare word die insignisden deur 'n pes geteister (NASA, KAB 1894:8). Ywerige aanplanting van naaldbome in 1885 was steeds aan die orde van die dag, juis nadat ander gombome die grootste afsterwing getoon het (NASA, KAB 1886b:9-10,12). Pinasterdenne wat in 1884 in die kwekery gekweek is, is in 1885 en 1886 in vak 24 tussen vlakke twee en drie aangeplant (NASA, KAB 1884b:20; 1898). Volgens die voorraadkaart wat in ongeveer 1897 saamgestel is, is die meeste dennebome inderdaad *Pinus radiata* wat in 1884 aangeplant is, maar ook oor tyd aangevul is (NASA, KAB 1898). Die kaart toon duidelik aan dat volgehoue tusseninaanplantings tot en met die tekening van die kaart in 1897 gedoen is. Heraanplanting begin op groot skaal in 1892 toe Hutchins 70,391 boompies aanplant in 'n area "...where almost all the first planting had disappeared..." (NASA, KAB 1893:7). 'n Verdere 126,988 boompies en 74,750 saailinge word die volgende jaar in oop kolle op 81 akker aangeplant (NASA, KAB 1894:4). Die daaropvolgende periode tussen 1894 en 1899 beleef heraanplantings van 498,638 boompies en saailinge op sowat 482 akker (NASA, KAB 1895:56;1896:10;1897:18; CGH 1898:9;1899:4;1900:1). Hoewel die insignisden die beste geaard het, was dit 'n volgehoue program om dooie boompies te vervang.

Aanvanklik is daar nie beheer uitgeoefen oor 'n afgebakende area met spesifieke grondsoorte waarop proefaanplanting gedoen is nie. Die eerste eksperimentele aanplantings was duur in tyd, koste en in grondgebruik. Dit was oor 'n groot area op Tokai versprei, van vlak vyf onder die kranse tot bokant die woning. Die Prinskasteelrivier was min of meer die grens in die suide, hoewel daar naby die huis ook oorkant die rivier geplant is. Die heuwelrug oorkant die Vlakstokrivier was min of meer die noordelike grens (NASA, KAB 1898). Ook is aanplantings oos van die woning op die vlakte gedoen. Daar was geen waarborg of rekord dat die eerste aanplantings geskik vir die grond was nie. Bewys hiervoor is eers in die laat 1890's gelewer toe Hutchins klimaattoestande en grondtipe met boomsoorte kon verbind (CGH 1898:4). Daardeur is verskeie spesies as nielonend bewys weens swak groei of afsterwing. Die eerste groep volgroeide naaldbome, geskik as timmerhout, is in 1919 aan die houtmark gelewer en dit was bome van Tokai wat na skatting tussen 30 en 35 jaar oud was (NASA, KAB 1919). Teen 1918 is Tokai steeds teen 'n verlies van £38,872 bedryf. Die totale inkomste vir daardie jaar was £45,681, terwyl die bedryfskoste £84,553 beloop het. C.E. Legat, hoofbosbewaarder in 1919, het die wins per akker op sowat £10 bereken. Die totale plantasiereë van die ou dennebome was 3,407 akker. Die uitkoms van die oes na vyf-en-dertig jaar is daarom des te meer in 1919 met belangstelling dopgehou. Volgens Lückhoff (1973: 28) het dit bewys dat naaldbome met sukses in Suid-Afrika verbou kon word. Maar ook onder bosboukundiges was daar verskil van mening en dit wil voorkom of naaldbome stadiger tot volle wasdom gekom het op Tokai. Die bome was waarskynlik nie heeltemal oesryp nie, want daar het 'n houtskaarste na afloop van die Eerste Wêreldoorlog geheers.

Naaldbome se kringlooperperiode kan oor die algemeen tot meer as dertig jaar beloop, terwyl vinnig groeiende gombome gouer gereed word vir oes (Jacobs 1973:68,70). Zahn en Neethling (1929:223-5) wat in 1929 verbonde aan Tokai was, het die oesrypheid van die insignisdennebome nader aan veertig jaar bereken en die kanariedenne nader aan sestig jaar, sodat die bome die regte omtrek oor tyd sou kry. Ander denne- en ook die gombome op Tokai wat ook deur Zahn en Neethling in 1929 getakseer is, was ook nog nie oesgereed nie. Die getakseerde bome is almal voor 1910 aangeplant. Die oesrypheid van die eerste aanplantings op Tokai was dus heelwat stadiger. Dit het beteken dat die omset na kapitaal heelwat langer sou neem as aanvanklik bereken. Daarteenoor berig Lister in 1907 dat die timmerhoutplantasies te Tokai, Kluitjeskraal, Uitvlugt en Fort Cunynghame binne die volgende paar jaar gereed sou wees vir die saagmeulens (CGH 1907:15). Dit suggereer dat daar tog 'n oorskatting was van die groeitempo en oesgereedheid van bome. Trouens, Bennett, kenner van Australiese bome, reken dat al die boomaanplantinggidse van die laat 19de eeu, in besonder Lister se 1884-uitgawe, mank gaan aan besonderhede oor die aanplanting van Australiese bome. Die gevolg was grootskaalse mislukkings van pogings by die publiek wat die bome probeer aanplant het (Bennett 2011:272). Des te meer sou dit gebeur met plantasiepersoneel wat in die laat 19de eeu nie ordentlik opgelei is nie.

Teen 1897 is reeds vasgestel watter bome die beste op Tokai aard en is die groter plantasies soos volg saamgestel: Karrie of *Eucalyptus diversicolor* 25%; Pinasterden 25%; Jarrahout 20%; Sipres-verskeidenheid 15%; Asbome en ander soorte 15% (CGH 1898:10;Diagram 58 Bylaag B). Sowat 2,369 akker grond was teen 1899 aangeplante plantasies (CGH 1899:3). Die wyse waarop Lister Tokai se uitbreidingsplan in 1906 bestuur, getuig oënskynlik van baie beter beplanning as in 1884 toe Harman alleen voortgegaan het met die opdrag om aanplantings teen Constantiaberg sonder enige trekrekord te doen (NASA, KAB 1885a:6). Maar ongeag Hutchins se waarneming oor die mees geskikte bome, het Lister tog volgehou om bome van sy oorwoë mening op Tokai te plant.

Wet 37 van 1906, die Public Loans Act, is in 1906 aanvaar (CGH 1907:1). Hiervolgens is geld bewillig vir die uitbreiding van plantasiewerk, naamlik £20,000 elk vir Tokai, Kluitjeskraal, Fort Cunynghame en £12,000 vir Concordia en die voltooiing van die waaisandprojek by Port Elizabeth. Opvallend is weer eens die uitsondering van plantasies wat deur Lister begin is. Die bedrae is afkomstig uit die Inleiding tot die jaarbeplanning vir Tokai, September 1906 tot Augustus 1907 (CGH 1907:1-2;NASA, SAB 1906o). Die geld moes oor 'n periode van tien jaar spandeer word.

Die aanloop tot die wet, wat die uitbreidingsplan van Tokai insluit, word gevind in die herorganisering van die Bosboudepartement in 1905. Brown (2001:432-3) meen Lister is juis benoem vir die doelwit van die Progressiewe Party se politici wat die landbou wou vernuwe. Hy moes die vier bewaringsareas in die Kaapkolonie konsolideer en 'n eenvormige en nasionale program van boskultuur vestig. Die model vir sy program kom uit die Duitse skool, opgestel deur professor William Schlich verbonde aan die Koninklike Ingenieurskollege te Cooper's Hill. Die planne vir die westelike en oostelike bewaringsarea is deur J.S.

Henkel opgestel. Henkel was op sy beurt 'n student van Schlich. Lister het ook die 1906-gekoose komitee oortuig dat die Franse en Duitse programme vir Bosbou gevolg moes word en om sowat 25% van die land in plantasies te omskep. Lister se grootste beswaar teen regeringsbeleid was die jaarlikse toewysigings wat die Departement belemmer het om toekomstige beplanning te maak. Brown kom dan tot die gevolgtrekking dat 'n internasionale model van boskultuur aanvaar en gepromoveer is. Maar Brown betrek nie die resultate van wat oor 22 jaar op Tokai gebeur het nie. Teen 1906 was Lister se plantasiekultuur in die Wes-Kaap heelwat ouer en op Tokai reeds 22 jaar oud. Die eksperimentele fase op Tokai was aan sy stertkant en Hutchins en andere het reeds bepaal wat aard en wat nie (CGH 1998:10;1901:9-10). Ook is daar in 1898 begin om te eksperimenteer met die onderaanplanting van inheemse bome tussen bestaande inheemse bosse in ravyne (CGH 1899:4; 1901:10). Daar is rede om te glo dat pogings aangewend is om stelselmatig inheemse plantegroei by bosbou te betrek en om sodoende 'n eie en plaaslike boskultuur te skep – 'n simbiose tussen eksotiese en inheemse plantegroei soos wat in Grootvadersbosch aan gebeur was: “It (onderplanting van inheemse bos) is mainly planting of this description that is required to restore the old and historical Grootvadersbosch.” Die wildeperske is toe reeds geruime tyd geïdentifiseer as die mees bruikbare inheemse boom, maar dit het oor die draai van die eeue kwaai deurgeloopt onder die koolmot, *Africa horta* (CGH 1899:4). Ook hierdie eksperimentele kultuur met inheemse ondergroei is nie deur Lister ondervang vir sy ontwikkelingsplan van 1906 nie.

In dieselfde tyd in 1905 is die kurrikulum vir die Bosboukollege aanvaar. Die riglyn vooraf was juis dat die skool hom nie moet toespits op Eurosentriese of ander voorbeelde nie, maar moet konsentreer op die eie unieke ekologiese omstandighede van Suidelike Afrika – die skool was dan ook gerig op studente van verskillende kroonkolonies. Daarvoor moes Tokai as die ideale voorbeeld dien (Brown 2001:435). Ten spyte van al die retoriek het Lister in sy 1906-plan min of meer aangeplant soos wat hy op Tafelberg en Tokai in 1884 gedoen het. Die uitvoering van die 1906-07 plan is binne die toegelate jaar afgehandel en 209 akker is aangeplant (CGH 1907:11;Diagram 59-59b Bylaag B). Waarom Lister die program nie aan Hutchins toevertrou het nie, kan nie net toegeskryf word aan die swak verhouding tussen hom en Hutchins wat in die loop van 1906 tot uitbarsting gekom het nie. Lister het met sy posaanvaarding in Kaapstad onmiddellik teruggekeer na projekte wat oorspronklik onder sy bestuur was, naamlik Tafelberg, Kluitjeskraal en Tokai. Tafelberg het gedeeltelik onder Tokai ressorteer en sy ontwikkeling sou deel vorm van die uitbreidingsplan oor tien jaar, waartydens daar elke jaar 200 akker aangeplant moes word (NASA, SAB 1906o:2). Dit is ook in 'n mate buitengewoon dat die hoofbosbewaarder by een program persoonlik betrokke raak, veral omdat Hutchins in sy pos by die Bosboukollege op Tokai was en buitengewone raadgever van die regering was. Die Bosboukollege was ook binne die grense van die Westelike bewaringsarea. Tog het Lister Hutchins nie betrek nie (NASA, SAB 1906o). Of het Lister dalk geweet dat Hutchins die Kaap sou verlaat? Die Tokai-uitbreidingsprogram word in die lig hiervan 'n persoonlike kwessie van Lister, waarskynlik om sy nalatenskap te herwin na die stempel wat Hutchins op Tokai en in die Wes-Kaap afgedruk het. Hutchins moes die Kaap eers teen Oktober verlaat het om op 11 November te kon

begin met sy werksaamhede in Brits Oos-Afrika (Darrow 1977:14). J.S. Henkel, wat in September 1905 deur Lister aangestel is as waarnemende hoofbosbewaarder in die Oos-Kaap, was reeds op 16 November 1906 in Hutchins se pos as waarnemende bosbewaarder, Wes-Kaap, en was betrokke by die opstel van die program (CGH 1906:1; NASA, SAB 1906s;1906o; Brown 2001:432). Lister het ooglopend nie gras onder sy voete laat groei om sy eie ondersteuningsnetwerk met voorkeurmense uit te kring nie. Lister se uitbreidingsplan vir Tokai kon dus sonder kritiek of inmenging van Hutchins op Tokai geskied.

Die eerste jaar se aanplanting op die grond teen Louw se grond (Swaanswyk) volg onder direkte beheer van Lister. Van die redes wat aangevoer is waarom juis hierdie area, was die brandgevaar wat die fynbos kon veroorsaak. Lister het toe wetenskaplik te werk gegaan en eers drie gate laat boor om grondanalises te doen. Ander aspekte wat in die verslag gelys word, is die reënval wat gemiddeld 41 duim of 1,025 mm per jaar op Tokai gemeet is, temperatuur van sowat 71° F. / 21.7°C in die somer en 52° F. / 11°C in die winter en blootstelling aan die suidoostewind. Hy kon geen data kry oor die hoogte bo seevlak van die terrein nie. Ander aspekte behels kostes, brandgevaar, wind, en moontlike weiding van ongemagtigde diere, die maak van paaie en voetpaadjies wat ook as brandbane sou dien, werkswyse, arbeid, koste in die kwekery en dies meer (NASA, SAB 1906o:1-7). Die plek en die bome wat in die beplande area aangeplant sou word, is egter van belang. Gower het 'n goeie sketskaart geteken – hoewel nie volgens skaal nie, is dit baie duidelik (Diagram 59-59b). Dit dek die hange van Skeurberg en Constantiaberg. Die gedeelte wat Tokai-uitbreiding I genoem is, behels ook 'n brandgordel horisontaal net onderkant die vyfde kontoerpad teen Skeurberg wat van die grens met Swaanswyk regdeur loop. Dit is weer met korter vertikale brandbane teen Skeurberg op en af verbind. Die horisontale brandbaan is beplant met Insignisdenne en die vertikale brandbane met verskillende soorte gombome (NASA, SAB 1906o:15).

Waar Lister se oordeel veral strydig is met die unieke ekologiese aard van die omgewing, was die aanplantings dig teen ravyne, wat met digte inheemse bome oortrek was, en moeilik bekombare plekke teen kranse. Teen vinnig groeiende eksotiese bome was die stadig groeiende inheemse bome op en langs die rivieroewers gestrem om te gedy en voort te plant. Inheemse bome moes dien as 'n keerweer teen vuur, maar kon weens die verspreiding van saad van eksotiese bome en die meegaande aanspraak op ruimte en water mettertyd wegkwyn en verdwyn. Lister het die inheemse bome funksioneel gesien as die beskermers van die eksotiese aanplantings: “In the Cape Peninsula every care is being exercised to protect the few remaining indigenous trees. These are principally confined to ravines, and can be satisfactorily utilised as firebelts.” (CGH 1907:14) Afromontane bosse kom inderdaad net in ravyne voor in die Kaapse Skiereiland en het nie maklik gebrand nie, behalwe in buitengewone warm en droë weerstoestande met gepaardgaande wind (Trinder-Smith 2006:34). Lister het nie die gevaar van verdringing verwoord nie, want die Prinskasteelrivier is 'n betreklike klein ravyn in vergelyking met ravyne op Tafelberg. Hoewel daar gewag gemaak word van inheemse bome in 1883 (NASA, KAB 1883; Lister 1957: 13), word dit nie as inheemse bosse beskryf nie. Dit was waarskynlik inheemse oewerplantegroei, maar met die insluiting

van inheemse bome. In 1920 word daar vier areas met inheemse hout gekarteer: (i) 'n skraal strook inheemse oewerplantegroei teen die Prinskasteelrivier. Dit het bokant vlak 5 begin en langs die perseel geëindig waar die Kaliforniese rooihoutbome tans staan; (ii) 'n groter sirkel van inheemse plantegroei was net noord van genoemde rooihoutbome; (iii) 'n smal strokie het op die oewer van die Vlagstokrivier voorgekom; en (iv) 'n versameling inheemse bome het net onder vlak 4 op die noordelike oewer van die Mid-delrivier gestaan (NASA, SAB 1920; Diagram 62-8 Bylaag B).

Lister se aanplantings van 1906 behels twee areas: die boonste area rondom die Prinskasteelrivier en die sytakravyn, asook die groter gebied rondom Skeurberg. Die diepste ravyn op Tokai is die Prinskasteelrivier waar die waterval voorkom. Die tweede ravyn is baie na daaraan en vorm 'n sytak van die Prinskasteelrivier. Dit ontspring net onder die uitkykpunt. Die taamlike kort maar skerp neerdalende stroompie vloei in die Prinskasteelrivier net onderkant die kruising van die derde kontoerpad met die Prinskasteelrivier (Diagram 61-2 Bylaag B). Volgens die beplanning sou die inheemse plantegroei in beide ravynne ongeskonde bly. Tog is die aanplanting tot teenaan die waterval gedoen. Van die aanplantings in die geoormerkte area net noord van die Prinskasteelrivier en in die omgewing van die sytakravyn is met *Eucalyptus resinifera* of 'rooi mahonie' en swarthout of Australiese ysterhout, *Acacia melanoxylon*, aangeplant (NASA, SAB 1906o:9,14). Die swarthout was 'n tipe boom wat uitstekend in klam areas en in klowe groei (CGH 1901:10), dus 'n gedugte indringer tussen die inheemse plantegroei.

Groot gedeeltes van hierdie area was reeds in 1897 aangeplant en was tewens van die eerste areas wat Harmans in 1884 op bevel van Lister aangeplant het (NASA, KAB 1884c:21;1898;Diagram 63 Bylaag B). Daar was dus reeds bewys dat die betrokke area moeilik vatbaar was vir die vestiging van eksotiese plantasies. In 1914 word dan ook bepaal<sup>31</sup> dat geen nuwe grond op Tokai ontgin mag word teen die hoë gedeeltes nie, omdat dit te ontoeganklik is (NASA, SAB 1929). Daar is baie debatte in die vroeë 20ste eeu gevoer oor plantegroei versus reënval, waterterughouding deur wortelstelsels en gronddigtheid (Brown 2001: 436-437). Vroeg in 1906 was Lister deel van 'n driemankommissie wat die watertoevoer van die Vlagstokstroom en opvanggebied van Porter-grond ondersoek het. Die verslag van 17/18 April 1906 stel dit onomwonde dat Bosbou nie op rivieroewers moes aanplant nie: "... with a view to protecting a defined area in the vicinity of these fountains from being planted any class of tree which might be in the means of curtailing the supply." (NASA, SAB 1906v) Al verwys dit nie na die Prinskasteelrivier nie, bly die beginsel dieselfde. Vandag is die sytakravyn en die hoofravyn van die Prinskasteelrivier van die kranse af 'n mengelmoes van uitheemse hergroei en die oorspronklike sytakravyn is kwalik sigbaar. Erge grondverskuiwings het groot skeure vanaf die vierde kontoerpad teen die hange van die sytakravyn nagelaat. In 1910 beklemtoon die botanis en professor van die Suid-Afrikaanse Kollege, H. H. W. Pearson (Compton 1965:37), dat kennis van die inheemse plantegroei die grondslag van die breë plantkunde van Suid-Afrika

---

31 Die advies kom van die navorser, C.C. Robertson. 'n Navorsingspos is in 1913 ingestel met die hoofsetel in Pretoria (NASA, SAB 1929).

vorm. Bosbouers word hierby ingesluit: “The foundation of all botanical investigation ...as well as of those researches into the problems of plant life which falls within the respective provinces of the chemist, the forester and the agriculturist, is a knowledge of the native vegetation.” Toe reeds word eksotiese aanplanting op Tafelberg deur die Bosboudepartement van die Unie van Suid-Afrika en die verlies van Tafelberg se unieke flora veroordeel en betreur (Brown 2001:435). Ook op Tafelberg was Lister as bosboupraktisyn en later hoofbosbewaarder, die argitek. In hierdie tyd, 1913, het Kirstenbosch tot stand gekom. Volgens Lister se dogter, Margaret, (1960:97) was Lister nou betrokke by die stigting van Kirstenbosch: “Storr Lister was a member of the original committee of the Kirstenbosch Gardens and a vice-president, and he and Georgina retained a keen interest in their development all there lives.” Compton (1965:34-46) lys die name van betrokkenes in 1913, maar Lister se naam kom nie onder hulle voor nie. Storr Lister het aan die einde van 1913 afgetree (Lister 1960:98). Hy was tydens die stigting van Kirstenbosch, Julie 1913, nog die hoofbosbewaarder<sup>32</sup>. Genl. Louis Botha, eerste minister en minister van Bosbou, sou Lister dus wel in die saak geken het, veral omdat bosbougrond ter sprake was. Lister het sy kop gevolg en die gevolg van eksotiese aanplantings of nie raakgesien nie, of dit het nie saak gemaak indien die inheemse plantegroei geheel en al deur uitheemse plantegroei verdring word nie. Dit is te betwyfel dat Lister se siening oor inheemse plantegroei so kon verander terwyl hy nog hoofbosbewaarder was. Ook was anti-bosbousentimente taamlik hoog in 1913 onder ou ingesetenes, te oordeel aan 'n aangehaalde brief van Henry Cloete van Alphen, September 1913, oor aanplantings op Tafelberg en Tokai (Rebello 2010:29). Lister en Botha moes hiervan kennis gedra het.

Die res van die Tokai-uitbreidingsplan het op die aanplanting van Skeurberg gefokus. Skeurberg is reg rondom onder hande geneem en teen die hoogste hange aangeplant (NASA, SAB 1906o:). Van belang hier is die tyd en wyse waarop inheemse plantegroei vernietig is. In dieselfde tyd waarop die fynbos hier vernietig is, lewer Lister verslag oor die pogings wat aangewend is om silwerbome kunsmatig op Duiwelspiek se hange te vestig (CGH 1907:14). Sukses was gering en die enigste resultate het gevolg waar daar onder die moederbome, wat aangeplant is, skoongemaak is. Tokai daarenteen het die hange van Skeurberg dig met fynbos bedek gehad. Maar dit is as 'n brandgevaar beskou: “... owing to the heavy growth of indigenous vegetation at present thereon” (NASA, SAB 1906o:3). Dit is eers gebrand en toe met wortel en tak uitgeroei.

Om Tokai ten alles koste en op elke moontlike plek as plantasie te gebruik, maar 'n bewaringsoogmerk of proefplaas van inheemse plantegroei mis te kyk, is onverklaarbaar, maar kan moontlik teruggevoer word na Lister se herklassifikasie van plantasies. Tokai was daarvolgens 'n timmerhoutplantasie (CGH 1907:

32 Daar is aanbeveel om die voorgestelde nasionale tuine nie in die hande van die Departement van Landbou te plaas nie, maar in 'n navorsingverbintenis met die Suid-Afrikaanse Kollege. Die Eerste Minister, genl. L. Botha, was ook die Minister van Landbou. Botha was bereid om bosbougrond vir die tuine te gee, maar op voorwaarde dat die tuine nie die werk van Bosbou mag doen nie. Die grond moes staatseiendom bly (Compton 1965: 43-4). Botha was Lister se hoof. Lister sou nie teen die belange van sy minister handel nie.

11-12). Teen die hange van Skeurberg is planmatig te werk gegaan om die digte fynbos te verwyder (NASA, SAB 1906o:10, Kaart). Die grond wat vir saai voorberei is, moes volledig skoongemaak word. Die struikgewasse is eers bymekaar gemaak en verbrand, sodat dit as houtskool verkoop kon word. Toe is die area met pikke skoongekap. Daarna is die saad – 30 pond *Pinus pinaster* saad per akker - gesaai en met harke ingehark. Hierdie proses is gevolg teen die voorste hange van Skeurberg tot in die Prinskas-teelravyn aan die suidekant van die rivier. Ook bo-op die berg aan die suide en noordekant, laasgenoemde in die sponsgebied van die Prinskaasteelrivieropvangsgebied, is ook so behandel; “To be cleared and material burned and then broadcast sown with 35 lbs of Cluster Pine to the acre.” (NASA, SAB 1906o: 14) Ook van hierdie plekke van aanplanting bevraagteken Lister se houding jeens inheemse plantegroei, gesien in die lig van die indringing van eksotiese spesies na bykans dertig jaar se ondervinding met eksotiese spesies se verspreidingspotensiaal. Lister se eerste kennismaking met inheemse bosse was blykbaar die bosse in die Prinskaasteelravyn in 1883 en hy was (glo) angstig om dit te bewaar (Lister 1960:79).

Twee ander areas wat op dieselfde wyse ten gronde gegaan het, is die silwerboomwoud net wes of bokant die woonhuis, en die groter vlakke of duinesandfynbosgebied onderkant die woonhuis en rivier tot teen die grens met Soetvlei. Die proses het ook tydens die Lister-periode, 1884-1888 op Tokai plaasgevind.

#### **5.4.3.2 Anti-inheemse sentiment versterk fynbosvernietiging**

In die tweede helfte van die negentiende eeu was daar 'n besondere sentiment vir eksotiese aanplantings by toonaangewende inwoners, hoofsaaklik Engelssprekendes, aan die Kaap. Dit is terselfdertyd gekenmerk aan 'n gees van onverdraagsaamheid teenoor enige plante van Afrika (Van Sittert :2003:115). Die kroniese tekort aan brandhout het al hoe meer voorkeur gegee aan vinnig groeiende bome, soos die plantasies kroondenne rondom Kaapstad in die 1860's en ander uitheemse bome in die voorstede. Kroondenne is in rye met intervalle van vyf voet teen die vooraansig van Tafelberg aangeplant. Dit is gereken as vinnig groeiende bome wat toe as 'n oplossing vir die houtlose landskap gesien is (Mallinick, Clack 1963:39,44). In die Kaapse Skiereiland was daar bykans geen inheemse bosse in die klowe van die Tafelbergreeks oor nie – so ook op Tafelberg (:108-9). Die skrywer (:51-2) sou later een kloof uitsonder en dit is in die omgewing van die Liesbeekrivier. Ook was die voorstede van Rondebosch, Camp Ground, Nuweland, Claremont en Wynberg dig bebos met uitheemse aanplantings (:44), maar op die vlakke onderkant Wynberg was daar wel proteastruie en ander veldblomme. Digte plantasies van silwerbome het op die biskop se grond voorgekom (:51). Maar dit was twintig jaar voor De Vasselot se koms. Teen 1881 was De Vasselot moontlik deeglik bewus van die skaarste aan inheemse bome in klowe - vandaar sy opmerking oor “many indigenous trees” in die Prinskaasteelrivierkloof en spesiale verwysing na die silwerboomwoud op Tokai (NASA, KAB 18831). Toe De Vasselot onder meer die kunsmatige bebossing van die omliggende kroongrond langs die kwekery op Tokai, asook Tafelberg in die vooruitsig stel, was dit in navolging van die kern van sy boskultuurbeginsels, naamlik preservering (van die inheemse bosse), ontginning maar ook aanplanting (Brown 1887:229). Volgens Henry Cloete (Rebelo 2010:29) was Tafelberg

se hange vol silwerbome, proteas en heide, voordat dit ook moes plek maak vir plantasies. Cloete het in Alphen gewoon en hy verwys na Cecilia-bosboustasie wat in 1905 deur Lister begin is (CGH 1906:29). Alphen se watertoevoer is deur die bosboustasie belemmer (Rebelo 2010:29).

Ontginbare inheemse woude op kroongrond in die Suid- en Oos-Kaap was egter in afstand ver verwyder en buite die Kaapse Skiereiland. Dit het De Vasselot se invloedseer meestal buite Kaapstad geplaas. Die besluit om Tokai met vinniggroeiende eksotiese bome te beplant, was immers 'n regeringsbesluit (NASA, KAB 1883a;1). Dit het De Vasselot dan ook heel moontlik gepas om kunsmatige aanplantings aan die persoon in die toepaslike pos van die superintendent van plantasies oor te laat. Lister het die pos in daardie stadium reeds sedert 1875 beklee en dit het hom ooglopend die aangewese persoon ten opsigte van kunsmatige aanplantings gemaak. Maar Lister het bykans geen poging aangewend om inheemse plantegroei op hul oorspronklike plekke te herstel nie. Sy handleiding van 1884, wat die koloniste moes leer bome plant, fokus hoofsaaklik op eksotiese bome (Lister 1884). Inheemse en bruikbare bome en struik wat genoem word, is die keiappel, doringboom, silwerboom, wasbessiestruik, nieshout, bergsipres, keurboom en Clanwilliam-sederboom (:9,13-16). Teen 1886 is daar onder Lister se bestuur eike, wattel- en naaldboomplantjies in die Tafelbergse kwekery gekweek en Skotse dennebome laat aanplant (NASA, KAB 1887:9). Lister het wel voor 1887 geelhoutbome in sand op die vlakte van Tokai aangeplant, maar die grond en plek word deur Harison gekritiseer (NASA, KAB 1889:13)<sup>33</sup>. Geelhoutboompies is ook iewers in 'n “inheemse bos” in 1885 op Tokai aangeplant, maar nog die aantal of spesie, nog die plek word in 1899 aangegee (CGH 1900:10). Die verslag vir 1885 toon aan dat geen geelhoutaanplantings in 1885 gedoen is nie, maar dat daar wel 6,000 Outeniqua- en 4,625 opregte geelhoutboompies in die kwekery in voorraad was (NASA, KAB 1886:9). Dit sou onder Harison se bestuurskap gebeur dat inheemse bome soos die rooiels, boekenhout, wildeperske, hardepeer, olienhout, opregte geelhout, Kaapse saffraan, stinkhout, notsung, assegaai en kersehout op Tafelberg aangeplant is. Teen die hange van Tafelberg is silwerbome in die Hutchins-periode aangeplant (NASA, KAB 1893:16). Die rehabilitasie van die waai-sandduine met eksotiese bome was nie die ideale leerskool vir aanplantings op bergfynbosveld nie. Van al die bosbewaarders in die 1880's en 1990's was dit net Harison wat praktiese ervaring van inheemse bome in die Suid-Kaap gehad het. Waar Lister enkele inheemse bome in die kwekery laat kweek het, was dit suiwer om geld vir die staatskas te genereer (NASA, KAB 1884b:20-1). In sy persoon en uit hoofde van sy pos was Lister deel van die Engelssprekende gemeenskap en die staatsdiens-elite. Georgina Lister lys die name van vriende wat hulle op Tokai onthaal het: Lady Leicester Smyth, Baden Powell, John X. Merriman en sy vrou, Sir David Tennant en sy vrou, die Lindley egpaar, Percy en Charles Molteno en kolonel Anderson (Lister 1960:84-5).

---

33 Georgina, 'n self-erkende boomentoesias, skryf oor hierdie aanplanting: “I went to look for them (opregte geelhoutbome) the other day and found a few stunted species remaining. The soil of course, was unsuitable, but even in the arboretum on the mountain slopes they have grown very slowly.” (Lister 1960:79)



Kritiek teen Lister se nalatenskap sou nie uitbly nie. Die grootste teenreaksie was waarskynlik die stigting van Kirstenbosch en die Botaniese Vereniging. Het Georgina haar herinneringe gebruik om Storr Lister te verdedig? Sy oorleef haar man met bykans 30 jaar: “Those who complain that South African trees were not grown, may be interested to learn that even at that early date it was attempted. Plants of Kei Apple, Mimosa (*Acacia horrida*), Sneezewood and even ClanWilliam cedar were on the list.” (Lister 1960:79) Die boomspecies word inderdaad in die kwekerylys van 1883 gelys (NASA, KAB 1884b: 20-1), maar die 4,000 Keiappelboompies is aan die boere verkoop om as grensheinings te plant (Lister 1884: 1;CGH 1899:21). Vyfduisend nieshoutplantjies is gekweek om te dien as pale vir heinings en telegraafpale (Hutchins s.j.:2;CGH 1899:79). Die Karoodoringboom is baie veeldoelig en was waarskynlik hoog op aanvraag deur veeboere. Dis gebruik as brandhout en vir die maak van houtskool. Die gom is vir gebak gebruik en is 'n goeie kleurstof, terwyl jong blare en ryp peule veevoer is (Poynton 1973:93). Lister (1884:9) se beskrywing van die doringboom is in navolging van Pappe, wat dit as gehard en goeie meubelhout beskryf. In droë areas is dit ook as heinings aangeplant. Die Clanwilliam-sederboom se hout is as skeeps- en huisbouhout, asook vir die vervaardiging van kabinette en meubels gebruik. Die bergsipres se hout is vir die maak van emmers deur kuipers gebruik (Lister 1884:17). Die aanplanting van hierdie enkele inheemse plante was dus nie om dowe neutte nie. Die inheemse boomtotaal vir 1883 was 'n skrale 9,720 van die groototaal van meer as 110,000 boompies wat in die kwekery gekweek is (NASA, KAB 1884b:20,21).

Daar is wel sowat 3,384 inheemse boompies tussen 1884 en 1888 op Tokai aangeplant uit 'n groototaal aanplanting van 917,134 boompies, naamlik 1,304 sederbome (*Widdringtonia juniperoides*), 10 koraalbome (*Erythrina caffra*), 2,000 silwerbome en 70 opregte geelhoutbome (NASA, KAB 1889:26-27). Die groototaal gekweekte boomplantjies in die kwekery vir hierdie periode was 2,100,000 (1889:28). Heelwat inheemse saad is met geleentheid uitgedeel. Dit sluit onder meer in die saad van pypgras (vir die binding van sandduine), silwerbome, die wasbessie (vir kerse), die keurboom, bergsipres en die sederboom (1885a:11). Die enigste bewaringsbeginsel wat heelwat later aandag sou kry, was onder- en tusseninaanplanting in die klowe op Tokai, waar daar reeds inheemse bome gestaan het. So is assegaai-, geelhout-, nieshout en ander bome in die laat negentigjare in klowe onder en tussen bestaande inheemse bome aangeplant (CGH 1900:10). Die wildeperske was die inheemse boom wat die gehardste in aangeplante situasies gereageer het, behalwe teen die koolmot (CGH 1898:4;1900:10).

Die skoonhou van die plantasies, veral teen die vooraansig van die berg, was baie moeilik. Ondergroei of fynbos het bly terugkeer en dit moes elke jaar verwyder word as deel van die voorsorg teen brand (NASA, KAB 1890:45). Volgens die Distriksbosboubeampte het die boompies beter gegroei nadat al die struikgewasse verwyder is. Teen 1890 was daar steeds hardnekkige plantegroei wat teruggegroe het. Dit is uitgespit, maar indien die grond te droog geraak het, is die plante net afgesny om verligting vir die jong boompies te gee (1891:60). Ook die volgende jaar is daar volgehoe verwydering van teruggroeiende

plantmateriaal gedoen. Dit word steeds beskryf as “bosse en grasse”, wat beteken dat die fynbos gehard was. Die fynbos het vinniger gegroei as die boompies en so die groei van die aanplantings vertraag. Boonop kon die fynbos 'n seisoen langer groei wanneer dwangarbeiders op kort kennisgewing van die plantasie onttrek en daar nie skoongemaak is nie (1892:90). Skoonmaak van die ondergroei het dus 'n wesenlike probleem gebly. Waar die aangeplante bome yl verspreid gegroei het, het struikgewasse en kruidgewasse in 1893 steeds opgekom. Dit kon egter nie gebrand word nie, daarom kon die grond nie voorberei word nie en so is die taak baie bemoeilik om boomplantjies in die grond te kry (1893:6).

Ongeag die anti-inheemse sentiment van die 19de eeu, was die inwoners van die groter Constantia-vallei bitter ontevrede oor die regering se oorkoepelende ontwikkeling op Tokai. Dr. Dodds, wat 'n vergelyking tussen die twee moontlike persele, Valkenburg en Tokai vir 'n inrigting vir geestesgestremdes in 1889 doen, bevestig die sentiment van die omgewing: “(it was) ...pointed out extensive plantations (1,000 acres) are very undesirable in the neighbourhood and an asylum add material to the anxieties and difficulties of supervision. Thus the ground would be cleared substantially if Tokai is chosen.” (NASA, KAB 1889c) Hierdie opmerking is in November 1889 gemaak, vyf jaar nadat Tokai reeds begin ontwikkel is as kwekery en plantasie.

#### **5.4.3.3 Silwerboombos, Tokai**

Daar is reeds gewys op die belangrikheid van die silwerboombos deur De Vasselot (NASA, KAB 18831). Ook Sim (1907:77) verwys na De Vasselot se gesindheid om inheemse hout te beskerm. Silwerbome is as brandhout geklassifiseer. Lister (1884:13) sien dit as 'n ekonomies minderwaardige hout omdat dit nie timmerhoutwaarde het nie. Dit het wel ekonomiese waarde ingehou vir diegene wat dit aangeplant het (Mallinick, Clack 1963:51). Potensieel kon dit vir Tokai se inkomste van waarde wees indien 'n bos suksesvol aangeplant kon word. Hout van die bos kon moontlik geplunder gewees het om brandhout vir kookdoeleindes te voorsien tydens die gevangenes se verblyf sedert April, 1883 (NASA, KAB 1884a). Die siklus van silwerboomwoude vir brandhout is geregleer deur mense wat dit as 'n ekstra inkomste aangeplant het (Mallinick, Clack 1963:51), dus is die veronderstelling dat die area weer met silwerbome aangeplant sou word, veral in die lig van De Vasselot se beginsels (Brown 1887:229). Maar dit het nie gebeur nie.

Die silwerboombos van 1883 se saad is heelwaarskynlik eers geoes voordat die plantasie se hout verkoop en dennesaad gesaai is. Daar is sowat 15,760 dennepitte in gaatjies op die kaalgestroopte heuwel gesaai. Die eerste saad se mislukte opkoms is toegeskryf aan die aanplantingsmetode. Aanplantings van saailinge het net beter gegroei (NASA, KAB 1892:89). Of Harman en sy span net daar saad geoes het en of daar ook elders op die groter Tokai geoes is, is onseker. Maar in 1884 is drie pond en agt onse saad van die silwerboom gratis versprei, en elf pond en twee onse is verkoop (1885a:13). In 1886 is vyf pond saad van die silwerbome gratis uitgedeel en 42 pond en twaalf onse saad verkoop (1887:10). Van die saad

van die silwerbome is waarskynlik ook gebruik toe 5,000 plantjies in die kwekery gekweek is en waarvan 2,000 in 1888 op Tokai aangeplant is (1886; 1889:26). Die plek van aanplanting word egter nêrens aangedui nie en dit kom ook nie voor op die voorraadkaart van 1897 nie (1898). Die aangeplante area van Tokai word op die voorraadkaart uitgebeeld as noord van die Prinskasteelrivier tot sover as die Vlagstokrivier. Ooswaarts word net een of twee vakke onder die huis op die voorraadkaart aangetoon. Sedertdien is die silwerbome gereken as vreemdelinge in hierdie area, omdat daar skynbaar geen historiese bewys is van die voorkoms hier nie (SANBI 2008). 'n Aangeplante plantasie van dennebome wat op hierdie area gestaan het, is in die tweede helfte van 2014 geoes. (Diagram 56 Bylaag B). Daar was ook 'n silwerboombos in 'n noordwestelike omgewing van Constantiaberg op private grond wat in 1888 afgebrand het (NASA, KAB 1888:13). Na 1910 was daar nooit weer plate proteas of 'n silwerboomwoud op Tokai nie. In 2014 het die bestuurder van Tokai-park, Sandra Hollermann, meer as 400 silwerhoutboompies aangeplant. Dit is in die 2015-brand vernietig (Persoonlike mededeling, Tokai-park, April 2015).

#### **5.4.3.4 Tokai-vlakteplantasies**

Die ontbossing van die duine op die vlakte van Tokai klink teenproduktief indien daar gereken word dat dit juis die ontbosde duine is wat die waaisandprobleem op die Vlakte veroorsaak het. Ook moes Harman en Lister die ooreenkoms tussen die duine van die vlakte en Tokai se duine raakgesien het. Om die Tokai-vlakte te beplant, moes die terrein elke keer opnuut voorberei word. Al die grond onder die huis en waar duinesand is, is na verwys as “die vlakte” (NASA, KAB 1890:45). Die geografiese verwysing stem ook ooreen met die beskrywing van die burgers op Swaanswyk tydens die beleg van Muysenburg in 1795 (Nel 1972:255). Aanplantings in 1951 op die Tokai-vlakte, Area A, was maar 405.2 akker van die totale 1,753.9 akker (NASA, KAB 1951a). Dit is net meer as 25%. Teen 1901 blyk dit volgens 'n voorraadopname met datering van aanplanting, uitgevoer in 1936, dat nie meer as 110 akker aangeplant was nie (NASA, KAB 1936). In geheel was Tokai in 1904 sowat 6,541 akker groot waarvan 2,920 akker aangeplant was (CGH 1906:15). Maar volgens die voorraadkaart van 1897/8 is daar hoofsaaklik op die berg aangeplant (NASA, KAB 1898). Die Tokai-vlakte was in 1883 grootliks oordek met fynbos (1885b; 1893b). In 1890 is die vlakteplantasie uitgebrei tot op die oostelike grens (1891:60). Die grootste gedeelte van Tokai-vlakte was kroongrond – net die area noord van die Prinskasteelrivier van waar dit gekanaliseer is, het deel gevorm van die voormalige Tokai-landgoed en was onder meer vir tuinery gebruik (1883n;1885b;1893b). Grootskaalse opruiming van fynbos kon dus dieselfde toestand as die waaisandduine inhou.

Die eerste area wat in 1886 skoongemaak en aangeplant is, is sowat 174 akker groot direk onderkant die woning. Dit was dig begroei met struikgewasse (NASA, KAB 1887:5). Lister het fynbos as 'n brandgevaar gesien. Brandgevaar was toe op sigself 'n motivering om 'n terrein of brandbaan skoon te hou, of in Lister se woorde, 'n alomteenwoordige vrees : “...which in this country is the forester's bugbear” (NASA, KAB 1885a:6). Ook in 1906 was dit die rede waarom hy die Tokai-uitbreiding aangeplant het (NASA,

SAB 1906o). Die plaaswoning is en was net so kwesbaar vir brand, maar het sedert 1799 nie afgebrand nie. Maar vanuit 'n imperialistiese oogpunt was die grond meer werd met plantegroei wat vinnige opbrengs sou bied, want daardie plantmateriaal was net so brandbaar as fynbos. 'n Groot plaat van 1,600 Port Jacksons is op 5 Februarie 1895 totaal in 'n brand vernietig (NASA, KAB 1896:8).

Ten einde die fynbos uit te roei, is taamlik drasties te werk gegaan. Houtskool was hoog op aanvraag as brandhout en daarom is die area eers gebrand. Die verbrande hout of houtskool is daarna teen 5 sjielings per vrag verkoop en het £50 inkomste verdien uit 'n totale £370 bedrag vir 1886 – sien Tabel vyf. Die hele 174 akker is so skoongemaak en voorberei vir 95,000 uitgesoekte timmerhoutboompies wat in rye, ses by ses en tien by tien voet geplant is. Ook hierdie boompies is natgelei totdat hulle sterk genoeg was (NASA, KAB 1887:5-6). Die presiese plek van die plantasie, direk onder die woning, suggereer die huidige piekniekarea. Indien die voorraadkaart van Fourcade van 1897 as gids gebruik word, is dit 'Vak 1' (1898). Die Hutchins-kaart van September 1893, wat Tokai illustreer asof plantasies nog nie aangelê is nie, teken daardie stuk kroongrond aan die oostekant van die rivier as begroei (1893b). Die posisie reg langs die rivier sou dit moontlik maak om die aanplantings nat te lei. Die verwagte opbrengs oor twintig jaar vanaf 1886 van die 95,000 aangeplante timmerhoutboompies was £47,500 (NASA, KAB 1887:5-6). Hierdie bedrag het waarskynlik twyfelagtige parlamentslede oortuig dat bosbou as 'n langtermynbelegging tog die moeite werd was. Dit wil egter voorkom of daar weinig van hierdie aanplanting tereg gekom het. Die timmerhoutboompies wou nie groei nie.

Die eerste proefneming om dennebome op die vlakte aan die groei te kry, was om wattel- en naaldbome deurmekaar te plant. Op daardie manier moes die wattels<sup>34</sup> 'n beskermde area vir die naaldbome vorm. Dit was ook Lister se persoonlike aanbeveling in sy “Practical hints on tree planting...” (Lister 1884:1). Hierdie proses is vir die volgende paar jaar herhaal. Veertig akker is in 1888 met *Acacia saligna* en *Pinus insignis* aangeplant (NASA, KAB 1889:13). Wattelbome is ook aangeplant om te dien as beskerming teen die suidoostewind (1895:6). Binne drie jaar het die wattels begin om die aanplantings op Tokai-vlakte te oorheers (1892:89). In plaas van die skep van 'n beskermde area, het die wattelbome totaal oorgeneem en moes daar in 1894 etlike duisende Port Jackson “willows” uitgehaal en opgesny word. Dit is as vuurmaakhout aan die gevangenis verkoop vir nege pennies per 100 lb. gewig. Dit was ongetwyfeld die aanplanting van 1888 (1899:26). Die ligging van die 1888-aanplanting is onbekend, maar die verslag lui dat tussen 1886 en 1888 meer as die helfte van die Vlakte se grond bedek is (1889:13). Dit sluit ook vyftien akker gemengde aanplanting in sandgrond in. Opregte geelhoutbome of “Uprights”, eike en *Pinus insignis* is van die laaste aanplantings van Lister in die lente van 1888 (1889:13). Die area is op die sandrug net suid van die Pondokvlei (NASA, SAB 1936). Dit is die sandgrond wat Harison in 1889

---

34 Hutchins (1899:30) meen die wattel of Akasia op die Kaapse vlakte is verkeerdelik die Port Jackson genoem. Lister reken die Port Jackson is die *Acacia saligna* (NASA, KAB 1888:17). Poynton (1973:90) bevestig dat die *Acacia cyanophylla* of “Australian Willow” met die *Acacia saligna* verwar is.

betwyfel het as geskik vir opregte geelhout (NASA, KAB 1889:13).

Soos op die bergplantasies, is daar ook begin met die inspit van onkruid in die vlakteplantasies om die terrein skoon te kry, maar terselfdertyd organiese materiaal in te werk. Daar is gehoop dat dit sou help om groei te stimuleer. Die proses moes gestaak word toe die grond te droog raak (NASA, KAB 1890:45). Die plantafval van bome op die bergaanplantings is ook herwin, laat lê en in die winter in vore tussen bestaande plantasies en op die vlakte aangewend. Dit is ook in ploegvore gegooi en toegespit om beddings te vorm waarin nuwe aanplantings gedoen is (NASA, KAB 1890:45).

Gebrek aan navorsingsresultate en ervaring was duur in terme van geld en tyd. Daar is nagelaat om proefaanplantings op klein skaal te onderneem. In die planttyd van 1890 is 'n ander wattel saam met dennepitte gebruik. Tagtig akker is omgeploeg, waarvan 68 akker met dennepitte en *Acacia pycnantha*-saad gesaai is (NASA, KAB 1890:45; 1891:60). Die wattelboom word die Golden Wattle genoem en het die beste bas vir looiwerk gelewer. Hutchins (1899:28) reken dit groei kwalik op sand, maar verkies sandrige leemgrond en winterreënval. Daar is in 1890 ook 30,000 *Acacia pycnantha*-plantjies aangeplant (NASA, KAB 1891: 63), maar die denne wat tussen die akasias aangeplant is, het sleg gevaar (1891:60). Die mislukking is toegeskryf aan die sandgrond. Die daaropvolgende jaar is daar in dieselfde vak tussen die bestaande rye 'n tweede stel rye met saad gesaai van onderskeidelik *Acacia pycnantha* en *Pinus pinaster*. Die saad het weer baie swak opgekom. Dit is toegeskryf aan warm weer, veldmuise en voëls. Sowat 19,200 plantjies is daarna aangeplant om die leë kolle in die rye aan te vul. Die plantasie is so aan die groei gekry, hoewel daar steeds plantjies was wat gesterf het (1892:89). Maar in 1892 was dit weer eens nodig om dieselfde plantasie aan te vul, ten spyte van die poging in 1891. Toe is 13,300 *Pinus pinaster* en 375 *Pinus canariensis* in twee watteloorheersende plantasies aangeplant. Ook is die eike en *Pinus insignis*-plantasie aangevul met 'n verdere 3,600 *Pinus insignis*-plantjies, min of meer waar die opregte geelhoutboompies aangeplant is (1892:89). Was die swak groeieresultate moontlik te wyte aan Harison se gebrekkige blootstelling aan eksotiese plante op vlakteduinesand? Dieselfde resultate het op gedeeltes van Kluitjeskraal en moontlik ander vlakteduinesandplantasies geheers. Teen 1905 was die benaderde totale bedryfkostes van Tokai ongeveer £48,000 vir 2,920 akker, vir Uitvlugt was dit £45,600 vir 2,593 akker en Kluitjeskraal £43,300 vir 1,420 akker aangeplante grond (CGH 1906:15).

Aanplantings op Kluitjeskraal was ook yl verspreid. Dit is verwyder en met digte aanplantings vervang. Yl aanplantings het ruimte vir struik- en kruidgewasse geskep om te gedy, maar dit kon nie gebrand word nie, weens die yl aanplantings (NASA, KAB 1893:6). Tydens Harison se eerste jaar in die Wes-Kaap kon die aanplantings op Constantiaberg net halfpad skoongemaak word, so omvangryk was die taak (1890:45). Hergroei van fynbos en onkruid wat moontlik saam met vreemde saad ingekom het, was 'n konstante probleem wat die groei van plantasies belemmer het.

Wattelaanplantings wat op die Tokai-vlakte gesamentlik gesaai, maar nie gerapporteer is nie, was *Acacia decurrens* of Swartwattel<sup>35</sup> (albei name deur Hutchins in 1894 gebruik) en die “Golden wattle” of *Acacia pycnantha*. Eersgenoemde het gely onder die *Dorthisia*<sup>36</sup> en laasgenoemde is teruggesny en omgeploeg. Daarna is Pinasterden op die plek gesaai (NASA, KAB 1894:8). Die Swartwattel of *Acacia decurrens* het vinnig gegroei. 'n Foto van nege jaar oue bome verskyn in die 1907-amptelike verslag (Diagram 57 Bylaag B;CGH 1907:17).

Die oorwoë mening oor wattelbome in plantasies het in 1895 'n wending geneem toe daar besluit is om nie meer wattelbome in plantasies van die Westelike bewaringsarea te saai nie, maar slegs op die vlakteduinesand (NASA, KAB 1896:1). Die daaropvolgende jaar is dieselfde praktyk met swak groeiende gombome en Port Jackson-wattels op die Tokai-vlakte gevolg. Dit is omgeploeg en die area met Pinasterdenne oorgesaai. Ook is 562 swartwattels in 1896 tussen die kamferbome aangeplant ten einde skadu vir die sukkelende kamferbome te maak (1897:18,19). Die kamferlaning het in 1891 sy beslag gekry toe 8 akker wat voorheen as landbougrond gebruik is, met kamferbome (*Laurus camphora*) aangeplant is. So wat 3,550 jong kamfers is tussen eike aangeplant. Die eike moes as voogbome dien. Die eike, wat binne twee tot drie jaar hul doel sou dien, is daarna uitgehaal en verkoop. Die kamferplantasie is reeds in 1891 gesien as 'n toekomstige landmerk van Tokai (1892:89). Dit het egter nie so goed gegroei nie – die volgende jaar is daar weer 3,696 kamferboompies aangeplant. Ook daarmee is gesukkel en ander boompies moes aangeplant word om groei te verseker (1893:7).

Na vier jaar in die Westelike bewaringsarea het die streekshoof, Hutchins, 'n klimatologies gefundeerde plan vir Tokai opgestel. Hy het Tokai in agt tipe lokaliteite verdeel wat samestellings was van ligging, klam of droë grond, sand, kranse of klipperige geaardheid en dies meer. Daarvolgens het hy die verspreiding van voorgestelde spesies gedoen. Wattelbome het nie plek daarin gekry nie (CGH 1899:4). Dit het vyftien jaar geneem om tot die gevolgtrekking te kom. In 1906/7 het Lister weer wattelbome op Tokai aangeplant – toe was dit *Acacia melanoxylon* (NASA, SAB 1906o:9). Die hout se waarde vir verwerking word hoog aangeslaan deur onderskeidelik Hutchins (1899:28) en Poynton (1973:94-5). Poynton voeg by dat die Australiese ysterhout of swarthout gebruik is om openinge wat deur vroeë oorontginning van inheemse hout en brande in die inheemse bosse veroorsaak het, te vul. Hy noem ook dat dit goed dien as beskutting. In sy handleiding om indringerspesies te verwyder, sê Jeromy Croucade in 1999 (:16): “Blackwood is difficult to eradicate and several timely follow-ups will be required.” Die verspreiding van saad van eksotiese bome het ongetwyfeld reeds in 1899 probleme veroorsaak.

---

35 Volgens Poynton (1973:94) is die Swartwattel die *Acacia mearnsii*.

36 Die naam is moontlik verouderd vir 'n pes of insek wat die plant aangeval het.

#### 5.4.4 Gevolge van plantasie-aanplantings: Gronderosie

Gronderosie was ten tyde van Tokai se eerste aanplantings reeds 'n erkende euwel wat deur enkeles besef is, soos die kommissaris van Kroongrond en Openbare Werk tussen 1884 en 1890, F.X. Schermbrücker. Hy het hom onder meer beywer vir die bekamping van gronderosie (De Kock 1976:720). Tog word daar weinig verslag oor gronderosie tussen 1884 en 1907 gelewer. Dit moes inderdaad 'n ernstige probleem vir die groter Tokai-area gewees het, veral omdat die eerste aanplantings van bo van die berg, net onder die kranse, begin is en bergaf gewerk is (NASA, KAB 1884b:21; 1885:6). Dit kon veroorsaak dat versteurde grond maklik afspoel tydens die eerste reën. Dit sou dieselfde situasie skep wat Storr Lister in 1882 betreur het toe die boonste grondlaag afgespoel het nadat die hout op Tafelberg en Duiwelspiek aan die brand gestee is. Lister merk voorts op in sy jaarverslag van 1882 dat na 'n brand, oorblywende as deur die wind weggevoer is, of dit is deur swaar reën afgespoel sodat die bolaag daarmee saam wegspoel. Die gevolg is die oopspoeling van die kleilaag. Lister was duidelik onvergenoegd hiermee en het brand en sy gevolge as: “The mischief and loss are enormous...” beskryf (1884b:21). Lister se opsomming van gronderosie moes min of meer soortgelyke reasie tot gevolg gehad het nadat die fynbos in 1884 verbrand en verwyder is om plantasiegrond voor te berei. Lister se sentiment oor die effek van brand van veld en gronderosie is ook deur ander wetenskaplikes soos Pappé en Brown, beide hoofbotaniste en Rudolph Marloth, amateurplantkundige, gedeel (Pooley 2011:610). Gronderosie sou op sy beurt 'n reuse-impak op landbou hê. Maar in plantasies is fynbos naby plantasies as 'n brandgevaar beskou en dit is verwyder (NASA, KAB 1885a:6). Hierdie optrede sou binne die grondbeginsels vir bosbou wees, soos aangehaal in Brown (1887:229). Dit sou eers met die verskyning van De Vasselot se handleiding vir die bestuur van bosreservate moontlik raak om die konsep van gronderosie as 'n euwel raak te sien. Wetgewing wat die woord “erosie” bevat, het egter geleidelik, namate plantasies toeneem, erosie begin verdoesel en so die euwel op die agtergrond gedryf. Die verantwoordelikheid is aan die plantasiebestuur oorgelaat en daar was geen aanspreeklikheid ten opsigte van verslaggewing nie. Die grootste teenvoeter tot die erkenning van die gronderosieprobleem in bosbou het in elk geval van Lister gekom. Hy was van mening dat plantasie-aanplantings 'n baie belangrike rol te speel het in die voorkoming van gronderosie (Brown 2001: 437). Dit verklaar moontlik ook waarom erosie geleidelik uit wetgewing van bosboubestuur verdwyn het.

Met die aanvang van fynbosontbossing vir plantasie-aanplantings in 1883/1884 op Tokai, was daar nog nie 'n wet, ordonnansie of proklamasie wat erosie aangespreek het nie. Ordonnansie 28 van 1846 konsentreer wel op die verbod op die verwydering van enige plantegroei wat waaisandduine op in die Skiereiland kon laat ontstaan (Foster, Tennant, Jackson 1887:413-7). Die vernietiging van die fynbos op die Tokai-plantasie was strydig met die bepalings van Ordonnansie 28 van 1846, maar De Vasselot het op 17 September 1883 toestemming van die Kommissaris van die Departement van Openbare Werke gekry om plantasies aan te lê (NASA, KAB 1883o). Die grond is ook vir die doel deur die Landmeter-generaal, A. De Smidt, gedemarkeer (1883p). Plantasie-aktiwiteit op Tokai was blykbaar in ooreenstemming met die

grondbeginsels vir die Bosboudepartement en daarin is fynbosontbossing, verbranding en die opbreking van grond (vir aanplanting, paaie en brandbane) goedgekeur (Brown 1887:229). Ordonnansie 28 is eers in 1888 herroep toe dit in die Bosbouwet ingesluit is (Sim 1907:65). Sim (:67) reken dat De Vasselot se handleiding, *Introduction to the systematic treatment of the Crown forests of the Cape Colony* en wat in 1885 verskyn, die algemene handleiding vir bosbou was. Dit was in die laat 19de eeu egter grootliks van toepassing op bestaande bosse, hoewel dit tog 'n instruksie met betrekking tot die bestuur van bosbou-reservate bevat. De Vasselot (1885:62-3) vergelyk die beginpunt van regeringplantasies, hetsy vir produksie of oesting, met die begin van 'n plaas. Daaruit vloei noodsaaklike maatreëls voort om die bos-reservaat te bestuur, naamlik rekordhouding van alle areas: eerstens onder tipes hout bv. timmerhout, brandhout of hout vir houtskool; tweedens is areas waar hout afgekap of gebrand is; derdens areas gereed vir eksploitasie (hier oesting) met plek vir 'n pad en die nodige weidingsgebied vir osse. Ander instruksies spreek geografiese kwessies aan wat volgens De Vasselot reeds in sy grondbeginsels vir die bosbou-beleid van die Kaapkolonie opgeneem is. Hierdie instruksies het betrekking op inheemse bosse en die herstelproses wat met oesting gepaard moet gaan. Dit is gesaghebbend genoeg om ongetwyfeld ook geldigheid te kon hê vir die aanvangsproses op Tokai. Daarvolgens moes Tokai se topografie geklassifiseer word as 'n steil terrein waar grondverspoeling 'n groot moontlikheid inhou. Plekke moes geoormerk word waar hout behoue moes bly: "... to protect the soil from erosion by streams, rivers or torrents", asook ander maatreëls oor die bewaring en beskerming van die terrein.

As riglyn vir die praktiese uitvoerbaarheid van die skepping van 'n plantasie op Tokai, het Lister benevens sy eie ervaring in Indië, op die Kaapse Vlakte en by Worcester, ook die 1882-verslag van die Superintendent van Kroonwoude en Bosse gehad wat op 26 Junie 1882 deur die parlement aanvaar en goedgekeur is (Brown 1887:229; De Vasselot 1885:63,vn). Hoewel die aangehaalde instruksies eers in 1885 in gedrukte vorm beskikbaar was, kan aangeneem word dat Lister ingelig was omtrent die 1882-grondbeginsels en heel moontlik daaraan meegewerk het. Erosie was 'n potensiële gevaar en 'n ongewenste uitkoms, maar dit was 'n vooropgestelde uitkoms wat vermy en voorkom moes word. Hierdie siening word ondersteun deur die plasing van die aangehaalde maatreëls, byna in geheel ooreenstemmend, in Hoofstuk II, 'Forest Tenure, Demarcation and Regulation' van Wet nr. 28 van 1888, *To provide for the better Protection of Forests*, wat op 21 Augustus 1888 in werking getree het (Jackson, Tennant 1906 :2603,2605-8). Die maatreëls word verskans in Artikel 7 wat betrekking het op die taak van landmeters ten tyde van die vervreemding of verkoping van kroongrond, maar gronderosie word nie as 'n gevolg van bosbou beskryf nie. Landmeterkaarte moes die plekke of areas, soos verwys in die maatreëls, aantoon en dit ook aan die Kommissaris rapporteer sodat die grond volledig beskryf kon word (:2605). Ook is die grondbeginsels van 1882 met betrekking tot nuwe plantasies in die 1888-wet onder Artikel 15 opgeneem. Hierdie grondbeginsels is bindend tot die regering, maar ook strafbaar vir diegene wat dit sou oortree. Dit behels vier kort beskrywings waarvan punte (b) en (d) die bosboudepartement vrywaar van die konsekwensies van bosbou-aktiwiteit, naamlik: "(b) The breaking up or clearing of the land" en "(d)



The firing and clearing of vegetation” (Jackson, Tennant 1906:2608). Op hierdie wyse is bosbouamp-tenary gevrywaar om oor erosie verslag te doen. Waar dit voorgekom het, is dit waarskynlik onderling deur die streekshoof aangespreek en herstellpogings aangewend. Dit is waarskynlik met plantegroei probeer herstel – vandaar die opmerking dat hout bruikbaar kon wees op plekke langs bosse “... to protect the soil from erosion by streams, rivers and torrents” (De Vasselot 1885:63). Die afwesigheid van reha-bilitasiemaatreëls in verslae en wat dit aan tyd, arbeid en in geldwaarde gekos het, word verswyg. Dit help ook om te verstaan waarom Lister persoonlike belang by die uitbreidingsplan van 1906/7 gehad het. Teen daardie tyd was Lister self betrokke in 'n watergeskil met Porter-bestuur (NASA, SAB 1906c). Bosbou het 'n carte blanche gehad as dit kom by ontwikkeling van plantasiegrond, want die wet het bos-bouers beskerm. Die beheer van water word in Artikel 14 aangespreek. Bosreservate kon ter enige tyd herproklameer word in belang van die openbare publiek benewens openbare infrastruktuur en gesondheid en ook “(a) For the maintenance of a water supply in springs, rivers, dams and tanks” (Jackson, Tennant 1906:2607). In 1907 was Lister besig met sy uitbreidingsprogram op Tokai.

De Vasselot (1885:63) het van sy personeel takt en gesonde oordeel verwag ten opsigte van die uitvoering van die instruksies. Opgeleide personeel sou moontlik hieraan kon voldoen, maar mense sonder oplei-ding sou die onmiddellike gevolge, soos erosie, nie kon voorsien nie. Onmiddellike aanplanting op ont-boste fynbosgebied het nie die grond van erosie gevrywaar nie, want saad is aanvanklik gebruik. Die boonste aanplantings was dan ook onsuksesvol volgens die voorraadkaart van 1897 (NASA, KAB1898), want die saad is saam met die toplaag weggespoel. Reeds in die winter van 1886 is Tokai deurgegaan en al die leë kolle weens mislukkings herbeplant (1887:5). In 1907 het Lister die heel eerste aanplantings-area van 1883/84 bo teen Constantiaberg van voor af aangeplant (1898; NASA, SAB 1906o:1). Die bo-me wat wel bokant die sesde vlak opgekom het, was so yl verspreid dat dit in 1892 verwyder is, want dit het 'n groot brandgevaar geskep (NASA, KAB 1893:6). Terselfdertyd het dit die vakke teen die steilste hellings blootgestel aan wind- en watererosie. Ook aanplantings het onder wind deurgeloopt. Soms was dit verwoestende noordwestelike stormwinde en dan weer siedende suidoostewinde wat selfs 'n sout neer-slag op die aanplanting gelaat het (1890:46). Die seisoen van 1885-86 was 'n droë jaar, sodat 25% van die aanplantings misluk het (NASA, KAB 1886:6,9,10). Wind sou ook die grond uitgedroog het, omdat die saailinge oop was en daar geen beskerming was nie. Die terugkerende struik- en houtgewasse was moontlik 'n natuurlike teenvoeter, maar die volgehoue uitkap daarvan sou ook erosie vererger het.

Metodes om die vog langer in die grond te hou, het weer eens die grond opgebreek en nuwe geleenthede vir erosie bevorder. Die inspitmetode van organiese materiaal en waterleiwore was moontlik pogings om keerwalle op te rig. Die plantmetode van gaatjies in 1884 is in 1886 vervang met die spit van sooie met 'n hoërige grondwalletjie tussen die rye. Die sooie se organiese materiaal kon so dien as voeding namate dit afbreek (1887:12). Die sooimetode is toe reeds op Tafelberg, op die Kaapse Vlakte en te Kluitjeskraal toegepas. Al is die boompies natgelei (1887:6), het dit nie die moontlikheid afgeweer van slootjies of

grondwalle wat in die winterweer weer kon verspoel nie. Die spit van sooie is in die vroeë 1890's vervang met die ploeg van sooie (1893:6), wat terselfdertyd dieper keerwalle geskep het.

Dammetjies of keerwalle is reeds in 1886 in al die riviere en waterstrome gebou. In die warm somer is die boompies natgelei wat sterftes laat afneem het (NASA, KAB 1887:6;Diagram 56,65,88 Bylaag B). Gesprekke oor water en klimaat van daardie tyd was 'n voortslepende debat (Hutchins 1898:12; Brown 2001:437). Erosie is hierin verswyg, want bosbou is elke keer voorgehou as die oplossing. Die verband tussen bosbou en erosie is eers heelwat later in die 20ste eeu erken.

Gronderosie word as 'n stertjie bygelas by die eerste navorsingsprojek oor bosbou en waterafloop in 1935. Die projek moes die gevolg van plantasies op klimaat, bewaring en gronderosie in 1935 ondersoek in onder meer die boonste opvangsgebied van die Eersterivier naby Jonkershoek, Stellenbosch (Pooley 2010: 608-9;Showers 2010:311-12). Die projek het deels ook voortgevloei uit openbare kritiek dat naald- en gombome asook wattels waterbronne kon opdroog, die grond verarm en selfs gronderosie kon aanhelp. Wat op daardie stadium nie rugbaar gemaak is nie, is navorsing in die VSA, wat reeds bewys het dat plantasies meer water uitdamp of transpireer as enige ander vorm van plantegroei (Showers :311). Die teen-deel is egter as die aanvaarbare in Suid-Afrika voorgehou. Vir Bosbou was dit 'n gemaklike siening, want dit het plantasies geregverdig. Hoewel dit deur die bosboupraktisyns en wetenskaplikes soos Pappé en Brown voorgestaan is, is dit nasionaal deur Hutchins verkondig (Brown 2001:436). Daarvolgens sou bome reënval aanhelp. Hutchins erken reeds in 1897 dat dit 'n kontroversiële kwessie geraak het. Die voordeel van bebossing sou bydra tot beter gematigde temperatuur en tot die beter verspreiding van ondergrondse vog. Dus het bome 'n klein, maar variërende invloed op direkte reënval. Bome se belangrikste en voordeligste invloed is dat hulle dien as waterreservoirs deurdat hulle waterverdamping verhinder, omdat die son en wind afgekeer word; die humusgrondfaktor verhoog wat tien maal meer vog terughou as sand; en die wortels soliede grondformasies kan binnedring. Plantasies keer dan dat water (en by implikasie ook grond) wat net sou afloop see toe, teruggehou word (Hutchins 1898:12). Ook Lister deel hierdie sentiment voor 'n gekose parlementêre komitee oor waterafloop in die Katberge (Brown 2001:437). Dit is by hierdie geleentheid wat Lister, wat eens sy besorgdheid oor brand en die gevolge van erosie uitgespreek het, dan sê dat bebossing die oplossing bied en hy herhaal min of meer Hutchins se argumente. Tussen die voorbereiding van die grond en wortelnetwerke van bome het daar egter tyd verloop waartydens die grond blootgestel was aan wind en weer en skoonmaak van bossies.

Die VSA-siening van die 1930's sou eers in die moderne tyd ondersteuning kry met bevindings dat plantasies 'n merkbare invloed op die opvangsgebied van strome en riviere, asook die afvloei het. Aan die einde van die twintigste eeu word bosbou as 'n stroomvloeiverminderende aktiwiteit of 'Stream flow reduction activity' (SFRA) geklassifiseer. Daar is voldoende bewys dat die aanplanting van 'n groot hoeveelheid indringerboomgenusse en spesies die grond uitdroog, fonteine en vleilande verminder of laat opdroog sowel as die stroomvloei laat opdroog. Dit kontrasteer met die algemene siening van die 19de

eeu dat bome juis op Tafelberg en ander berge aangeplant moes word om klammer toestande te skep (Showers 2010:312).

#### **5.4.5 Konflik tussen waterafloop en waterverbruik**

Die vroegste berig van 'n rivier in vloed op Tokai is 'n nota gemerk 'Porter Reformatory River Bank'. Die onvolledige nota kom voor in 'n lêer gemerk 'Tokai Plantation. General matters, 1896-1906'. In Februarie 1889 het die rivierwal weggespoel. Die herstelkoste was £392/13/11 (NASA, KAB 1889b). Portergrond was toe nog nie bebou nie – die tender is eers op 9 April 1889 aan M. McMeekan vir £6,793 toegestaan (1889c). Wat vermoedelik gebeur het, is dat die onbeboude terrein vir die inrigting vir geestesgestremdes oorspoel is. Daardie terrein word op verskeie vroeë kaarte aangedui (1883n;1885b; 1893b). Teen daardie tyd was die onderhandelinge vir die verruiling van die persele reeds aan die gang – vandaar die verwysing na die Porter-skoolrivierwal. Hierdie insident vind nie neerslag in die 1890-verslag vir 1889 van Bosbou nie. Die rivier ter sprake was ongetwyfeld die Prinskasteelrivier. Harison was toe die streekshoof met Harman steeds die superintendent. Hutchins het waarskynlik nie daarvan kennis gedra in 1897 met Fisher se soortgelyke beswaar nie, want vloedwaters sou tot verdere probleme aanleiding gee.

'n Gedokumenteerde klagte van skade stroomaf weens Tokai se waterafvloei het behoue gebly. 'n Boer, Fisher, het langs die Keiserrivier geboer en eers mondelings oor die rivier se afloop gekla. F.W. Fisher van die plasia Die Tuin, Retreat-stasie, is versoek om sy beswaar op skrif te stel (NASA, KAB 1897a). Fisher se groot beswaar was tweeledig: ongekende riviervloede, troebelheid en die ondrinkbaarheid van die water. Hy versoek dan dat die rivier met behulp van dwangarbeiders skoongemaak word – dit sou so twee tot drie weke duur indien twintig tot dertig dwangarbeiders die taak uitvoer. Fisher en die ander boere op die oewer van die Keiserrivier het in die somer aartappels en ander groente aan die kant van die stroom in die rivierbedding aangeplant. Gewoonlik kon hulle die eerste reën van die seisoen beheer, maar die stroomvloei het verander. Die afloop was so snel dat die groente twee tot drie voet onder water was. Boonop was die water so troebel en vol opdrifsels dat dit nie skoongemaak kon word nie. Omdat hulle kleinboere is, het hulle ook nie oor die arbeiders beskik om hulle te help nie. Om sake te vererger, was die Keiserrivier hul enigste waterbron vir huishoudelike gebruik. Die troebelheid het dit ondrinkbaar gemaak. Hy sê voorts dat Eksteen die water skoon gehou het, maar vandat die regering in beheer is, die rivier nie meer skoon gehou is nie.

Fisher se brief bevestig ongekende vloede en herinner aan die skade aan die rivierwal in 1889. Dit beteken die water het weer vinniger afgeloop as normaalweg en dat iets verwyder is wat voorheen die waterafloop beheer het. Wat wel bygekome het, is brandbane, voetpaadjies, muilepaaië en ontbosde areas. Brandbane het geen plantegroei nie en die water kon dus vrylik en sonder verandering vloei. Al die riviere van Constantiaberg dreineer in die Prinskasteelrivier. Dit beteken dat die waterafloop so sterk en snel was dat dit opdrifsels vergader en meegesleur het – ook dat grond meegesleur is. Swaar reën in 1902

het grondverskuiwings veroorsaak wat die Ondertuine met 750 ton bogrond bedek het. Die tuinery was vir maande ontoeganklik. Afvoerslote in die Pondokvallei het meegegee en is verspoel. Ook die brug oor die 'Spaanse Rivierpad' is weggespoel. Al die leivore in die Ondertuine was daarmee heen (CGH 1903: xxix). Die Fisher-insident was nie 'n geïsoleerde geval nie. Fisher se waarneming oor die rivier se veranderde vloei patroon word wel deur Hutchins in 1901 erken. Hutchins bevestig dat die Prinskasteelrivier standhoudend was tot verby die brug naby Retreat-stasie. Teen 1901 was die Prinskasteelrivier egter net standhoudend tot by die kruising van die boonste pad van die arboretum. Maar dit was nie altyd so nie. Hutchins se persoonlike herinneringe was dat hy en Van der Bijl<sup>37</sup> in omtrent 1891 en 1892 tydens die warmste gedeelte van die somer in die stroom afgekoel het, maar dat dit toe, tien jaar later, nie meer gedoen kon word nie. Hy kon egter nie onthou of die rivier elke somer tot onder by die Retreat-brug geloop het nie. Hutchins het homself verontskuldig deur Van der Bijl en Lister vir navrae te verwys, omdat hulle die area voorheen geken het (NASA, KAB 1901b). Die moontlikheid van plantasiëpraktyk wat die afloop kon beïnvloed, word nie in die brief vermeld nie. Lister se argument in 1906, dat plantasië waterafloop beheer (Brown 2001:437), is deur die Fisher-beswaar weerlê.

Aanplanting te Tokai is in 1884 voorafgegaan met die maak van ruiterspaadjies op vyf verskillende kon- toerlyne, behalwe ontbossing van die fynbos. Die kwekery is suidwes bokant die huis geleë en word op sy beurt met 'n dienspad verby die opstal verbind aan die Tokai- en Retreatverbindingspad. Al die paaie is met behulp van dwangarbeid gedoen. Dwarspaaie het die horisontale paaie oor die heuwels en berghange verbind. Die muilpaaie was smal en is met behulp van personeel van die Openbare Werkedepartement uitgelê (NASA, KAB 1885a:6;1898). Brandbane en voetpaadjies kon wel as waterversnellers dien tydens swaar en volgehoue winterreën. In 1886 is die plantasië in kompartemente verdeel deur 'n netwerk van voetpaadjies en muilpaaie. Elke pad het as 'n brandbaan gedien. Ook is voorbrandstrokke van 40 voet wyd al langs die grenslyne gemaak deur die plantegroei te verwyder en die veld skoon te maak (1887:6) Dit het beteken die fynbos is in 'n strook van 40 voet / 12 meter vernietig vir ongeveer twee myl / 3 km. elk aan die noorde- en suidekant van die plantasië. Die brandbaan was effektief en het in die droë somer van 1887 gehelp om 'n vuur te keer wat toe reeds naald- en silwerboomplantasië van die buurplase afgebrand het (1888:13). Brandbane is gereeld skoongehou van enige hergroei, so ook in die plantasië (1889:13; 1891a:60,61;1892a:90 e.a.), want kruid- en struikgewasse het aanhou bly teruggroei. Tussen die bome was dit juis 'n brandgevaar. Tog is brandbane vol eikebome geplant (1889:13). Eikebome is as 'n versperring teen brand gesien, maar die vermoede bestaan dat dit eintlik gedoen is om gronderosie te bekamp. In geen van die verslae tussen 1884 en 1907 en waarin verslag oor Tokai gedoen is, word enige melding van gronderosie gemaak nie. In 1906 bespreek Lister twee belangrike sake, eerstens 'n uniforme stelsel van plantasiëbestuur in die onderskeie streke, insluitend verslaggewing oor werksaamhede, asook die sillabus van die nuwe bosboukollege (CGH 1907:2-3;5-6). Ook daarin word géén melding gemaak

---

37 J.C. van der Bijl was 'n bosbouerproefbeampte (bosbouer-in-opleiding) wat vanaf Kluitjeskraal na Tokai oorgeplaas is, nadat Harman aan die begin van 1892 bedank het (NASA, KAB 1893:6).

van die bekamping van gronderosie nie. In 1985 noem Van Rensburg (:38) die oorsake van erosie in bergfynbos by die naam: stappers, oorbeweiding, perderuiters, onoordeelkundige voorbereiding van brandbane, soos skoffelbane waaruit alle plantegroei verwyder is, ontydige brande en natuurgebeure soos rotsstortings en vloedwaters. Al hierdie dinge het sedert 1883/84 op Tokai gebeur. Bosbou sou wel agtergekom dat "...rehabilitasie van sulke gebiede moeilik, duur en tydrowend is, aangesien die berge dikwels ontoeganklik is en arbeid en materiaal dikwels alleen teen hoë koste na afgeleë gebiede gebring kan word." Van Rensburg verwoord die stilsweye van die Bosboudepartement 100 jaar later, nadat die eerste bergplantasie op Tokai in 1884 begin is.

Die afname van water bokant Sandvlei en rivierbesoedeling deur menslike gebruik kan grootliks voor die deur van die korrektiewe instansies gelê word, hoewel bosbou nie te verskoon is nie. Teen 1900 het daar 970 prisoniers en 121 beamptes op Tokai gewoon<sup>38</sup> (NASA, KAB 1900a). Ook het die korrektiewe instansies in 1897 'n kleinerige dam met 'n uitloop vir Porter-jeuginstituut in die Asriviervallei gebou (NASA, KAB 1902). Al die riviere en opvangsgebiede noord van die uitkykpunt het in die Asriviervallei gedreineer. Die afname van die watertoevoer weens Porter se verbruik, sou dus 'n duidelik waarneembare effek op die vloei patroon van die Prinskasteelrivier hê, want hierdie stroom was die hoofsytak van die Prinskasteelrivier (Kyk Diagram 88-9 Bylaag B).

#### **5.4.6 Waterkwessies van Porter-bestuur: watertekort, water- en grondbesoedeling**

Die waterkwessie met Porter-bestuur het sy oorsprong in die swak en onbeplande, maar volgehoue uitbreiding van die gevangnisse en tronke wat op Tokai gebou is. Een van die eerste kwessie wat genoem word tydens die verdeling van die Tokai-plaas en kroongrond in 1889 tussen Bosbou en die Koloniale Kantoor, was waterregte waaroor ooreengekom is, maar geen detail is beskikbaar nie (NASA, KAB 1891: 61). Met die afstaan van die woonhuis en die werf word die gebruik van water weer opgeneem. Op 3 November 1892 word Bosbou verplig om die woonhuis en omliggende geboue aan die Porter-bestuur af te staan. Die ooreenkoms bepaal onder meer: (iii)... dat die Bosboudepartement gelyke regte tot die gebruik van die waterstroom bokant die woonhuis het (1892d). Op 28 Augustus 1890 maak die Porter-skool sy deure op Tokai oop (1890c). Die inwonertal van jeugdige alleen het tussen 1895 en 1902 tussen 100 en 130 persone per jaar gewissel. Dit het die personeel en konstabels uitgesluit (CGH 1903:xxvi). Waar die terreinverdeling in 1889 tussen die Porter-bestuur en Bosbou was, het die Porter-grond kort voor lank ontaard in 'n gemeenskap van verskeie tipes korrektiewe inrigtings. Dit behels die Tokai-hoofgevangenis met akkommodasie van offisiere en beamptes, die Tokai-tronk en buitegeboue, die Manor House Outstation vir dwangarbeiders wat in die ou klipgebou gehuisves is, en die hostelle van die Porter-skool, medie-

---

38 In 1900 was daar 300 gevangenes in die Tokai-hoofstasie met 56 beamptes, 120 gevangenes en 17 beamptes in die Manor House Outstation (vandag Orpen-huis), 150 jeugdige en 18 beamptes in die Porter-jeuginstituut en 400 prisoniers in die Tokai-tronk met 30 beamptes (NASA, KAB 1900a).

se diens en personeel, en huise van onderwysers, konstabels en ander beamptes. Die Tokai-hoofgevangenis en die Tokai-tronk was op die perseel net noord van die Ondertuine geleë (Kyk Diagram 53-4 Bylaag B; DRDLR 1902). Gedurende die Anglo-Boereoorlog is die Tokai-hoofgevangenis as 'n fasiliteit vir hoogverraadprisoniers gebruik. Dit was so vol dat van die prisoniers na Grahamstad toe oorgeplaas is<sup>39</sup> (CGH 1903:11, xlvii). Al hierdie inwoners, plus die bosboupersoneel, was almal afhanklik van die waterafloop van Constantiaberg.

Nadat Bosbou die kwekery en aangrensende kroongrond beset het, het William Harman op die plaas begin woon. Hy was terselfdertyd ook superintendent van die prisoniers, nadat W. Johnson hoof geword het van die Porter-jeuginstituut in Mowbray (NASA, KAB 1885a:6). Eers is net vyftien dwangarbeiders in 1885 aan die Bosboudepartement toegesê, maar dit het spoedig toegeneem tot vyftig. Tokai het ook beheer uitgeoefen oor die prisoniers op Tafelberg, maar hulle het in barakke op Tafelberg gewoon (1885a:6; 1886:7). Die daaropvolgende jaar is die prisonierbarakke op Tokai en die erf herorganiseer met woonkwartiere vir die hoofkonstabel, stoorkamer, 'n kothuis en twee selle. Ook is ander buitegeboue opgerig, waarskynlik ablusie (1887:5). Die prisoniers het in 1890 self hul groente onder toesig verbou in 'n tuin van ongeveer 8 akker groot (1891:67). 'n Geskikte kothuis is in 1885/86 ook vir die superintendent van die plantasie naby die tuine opgerig, sowat 'n kwartier se stap vanaf die woonhuis (1887:5). Harman het die woning betrek toe die Listers in die woonhuis ingetrek het (Lister 1960:80). Harmanshuis is steeds in of teen die rivierbedding van die ou Buffelsvlei. Nadat die Listers na die Oos-Kaap verhuis het, het Christopher Harison in die plaaswoning gewoon. Ander personeel wat op die perseel gewoon het, was Frank Jarman, assistentsuperintendent en Andrew Picard, 'n proefbosbeampte (1891:67). Die aanvanklike waterverbruik was min of meer in verhouding met die Eksteens en hul plaasarbeiders, maar dit het nie so gebly nie.

Teen 1890 het die waterverbruikers aansienlik toegeneem, terwyl die waterafloop konstant onderhewig was aan veranderde afvloeiopatrone weens die plantasie en die vestiging van die Porter-skool. Teen 1900 was die watervoorsiening aan die Porter-grond se institute so kritiek dat 'n waterreservoir gebou is. Dit is op 29 April 1901 voltooi (NASA, SAB 1906v). 'n Tweede reservoir is in Maart 1905 voltooi (NASA, SAB 1905a). Ongelukkig het die superintendent van die korrektiewe instansies, H. Orpen, 'n byltjie te slyp gehad met Bosbou se teenwoordigheid op Tokai. Daarom het hy dit sy plig geag om die Bosboudepartement aan te gee, omdat hulle glo bome in waterstrome aangeplant het. Die onharmoniese verhouding tussen die korrektiewe instansies en die personeel van die Bosboudepartement word nie hier bespreek nie. Maar die beskuldigings het Bosbou gedwing om te reageer op Orpen en sy oppergesag se beskuldigings en daaruit kom baie inligting na vore, wat nie altyd in verslae genoem is nie. Dit dra dan ook baie by as bewyse oor hoedanig Tokai se waterstrome uitgebuit en geëksploiteer is.

---

39 Alle gevangenes wat onder die Krygswet gevonnissen is, is in 1902 na Grahamstad oorgeplaas, behalwe 200 wat net 'n paar maande van hul termyn oorgehad het (CGH 1903:11, xlvii).

Dit verontskuldig egter nie Orpen (en Bosbou) vir die bestuur van water op Tokai nie. In 1913 skryf Henry Cloete, boer van Alpen, namens die Nasionale Vereniging vir die Bewaring van Historiese Objekte en Omgewingslandmerke in 'n brief aan die parlement: “I cannot give the exact sum, which can easily be obtained from the Public Works Departement, but I know it is a very material sum which the failing water supply at the Proter Reformatory and Tokai, where there was a magnificent supply of water for irrigation ...previous to the planting of the forests on the slopes of the Mountain...” (Rebello 2010:30) Cloete laat na om die geweldige uitbreiding van die Porter-instituut as 'n deel van die probleem uit te wys. In die loop van 1899 het Orpen vir Bosbou versoek om 'n rioolpypleiding deur die arboretum te herlei. Hierdie arboretum is die Vlake-arboretum wat in die rivierbedding langs die kanaal se beginpunt geskep is. Die pyplyding sou dan deur die arboretum oor die Prinskasteelrivier na die sandgrond aan die oorkant, wat toe met verskillende gombome aangeplant was, herlei word. Reëlins sou dan getref word om die pyp en 'n uitvloeitoe te begrawe en te verberg. Op daardie wyse sou die grond bemes word sonder dat die riool 'n lastigheid word. Maar dit kon nie onmiddellik gebeur nie. Daarom moes die uitloop tydelik in die perseel van die tweede arboretum kom, wat impliseer dat Bosbou die ontwikkeling daarvan onbepaald uitstel. In ruil vir die guns van Porter-bestuur se kant kry Bosbou 'n perdekarpad<sup>40</sup>, wat deur Porter gebou sou word, tussen die kwekery en die Harmanshuis (NASA, KAB 1899f). Oor wat die riool aan die grondwater so na aan die rivierbedding sou doen, spreek boekdele.

Die behandeling van riool en algemene sanitasie is nie net 'n ontneming van skoon water van die inwoners stroomaf nie, maar weerspieël ook die sosiale status van die kleinboere en die gevangenes, wat deur die bestuursgemeenskap van die Engelssprekende regering bepaal is. Daar is verskeie voorbeelde, soos die kleinboer Fisher en sy bure stroomaf (1897a). Orpen het in 1899 'n sementwasblad in 'n stroom aangevra vir die jeugoortreders, wat in die gevangenis by die woonhuis gewoon het. Sy motivering was dat die was van wasgoed deur die jeugoortreders dan onder die toesig van die konstabel kon geskied. Die stroom water waarna hy verwys, is 'direk noord' van die gebou, dus die Vlagstokrivier. Kenmerkend van sy skryfstyl gee Orpen sy motivering aan die einde van sy brief: “In view of the cases of Typhoid<sup>41</sup>, which occurring at the Station (Tokai), I shall be glad to have your authority as early as possible.” Die versoek is binne 11 dae toegestaan (1899,1899a). Tifus het reeds vroeër op die plantasie uitgebreek. Daar was ook ernstige ingewandskoors. Gevolglik is 'n inlaat hoër op in die Prinskasteelrivier geplaas wat water met 'n pyp na die geboue van Bosbou se personeel herlei het. Bosbou het die ingewandskoors verbind met tifus weens die tifusbakterie, bacillus, in die water. Ten einde skoon water vir die kwekery te kry, is daar ook

---

40 Daar was altyd 'n pad tussen die woning en die Ondertuine, waarop die boer sy druiwe na die kelder vervoer het (NASA, KAB 1883n;1885b;1893b). Maar met die verdeling van die grond en later die opstal se byvoeging, het die pad grootliks in Porter se grond geval (1893b). Bosbou kon nie meer die pad gebruik nie. Porter se toegangspad vanaf Retreat het oor die betonbruggie by die kanaal se beginpunt gegaan (DRDLR 1902).

41 Tifus, luisskoors of rotskoors is 'n naam vir verskeie siektes wat deur rickettsia veroorsaak en deur luise versprei word (Odendal & Gouws, 2005:1180).

'n klein dammetjie gebou (CGH 1898:5). Die Tokai-inwoners stroomaf het les opgesê. In 1898 is Orpen verplig om dringend 'n varswaterkar vir vyf personeellede, wat noord van die Ondertuine gewoon het, aan te vra (NASA, KAB 1898e). Dreinerings vir die Tokai-tronk en die gevangenis by die woonhuis is eers in 1904 afgehandel (NASA, KAB 1901c), maar nie voordat rioolwater in die strome ingeloop het nie. Die Tokai-gevangenis noord van die Ondertuine het die afloop van die boonste stasies naby die woonhuis gekry. Daardie water is deur die Tokai-gevangenis gebruik vir was en wasgoed (NASA, KAB 1901g). Al is die toestand as uiters onbevredigend gereken, het dit taamlik lank geneem om die krisis op te los. Die besluit is waarskynlik op die spits gedryf omdat die Boerekrygsgevangenis in die hospitaalgedeelte van die tronk aangehou is. 'n Algemene plan van die dreinerings, 16 April 1901, dui die skoolgebou van die ou Constantia-seunskool aan as die “Rebel Station” (NASA, KAB 1901c). Maar die uiterste ongemak is waarskynlik deur die dwangarbeiders wat in die plantasies moes werk, ervaar. Hulle het elke oggend na die stalle voor die woonhuis toe marsjeer om hulle gereedskap vir die dag af te haal. Elke span het dan een emmer gekry wat saamgedra moes word. Die inhoud kon nie op die berg geleë word nie, omdat die bergwater as drinkwater en water vir huishoudelike gebruik gereserveer is. In die aand is die emmer met sy inhoud teruggebring (NASA, KAB 1904b). Volgens die sketskaart van 16 April 1901 het die rioolpyp-leiding aan die noordekant van die woonhuis ooswaarts geloop tot op die hoek van die Orpen-gebou. Vandaar het dit twee keer van rigting verander om op die ou einde langs die kamferbome (waar die boerse eikelaning was) af te loop na die uitlaat wat in 'n pyp oor die vlei en kanaal in die bloekomplantasie uitgevloei het, soos in 1899 beplan is (1899f). Die hoofpyplyn is verder noordoos na die Tokai-tronkstasie herlei (1901c). Die emmers is waarskynlik in 'n dreinuitlaat in die omgewing van die woonhuis leeggemaak. Daarteenoor word daar in 1900 twee badkamers aan die Tokai-woning aangebou. Die riool van die woning, jongenshuis en die Orpenkompleks het onder die kwekery agter die Bosbou Kollege in 'n tenk vergader (1900b;NASA, SAB 1920a). Dit was binne enkele meters van die Vlagstokrivier en sy samevloeiing met die Prinskasteelrivier. Die stank was so erg dat toe 'n perseel vir 'n woonhuis naby die Kollegegebou in 1920 gesoek is, die riooluitlaat beslissend in die besluit was.

Die onverkwiklike verhouding tussen die twee partye, wat die watervoorraad op Tokai moes deel, is aangevuur met misleidende inligting, wat op departementele vlak tot uitbarsting gekom het. Die ongelukkigheid spruit voort uit gevoelens oor Orpen se grondaansprake op Tokai na aanleiding van die Porter-nalatenskap. Orpen het daarin die ondersteuning van die Kantoor van die Koloniale Sekretaris gehad. Orpen was ontevrede omdat die Porter-bestuur nie die hele plaas ontvang het in ruil vir Valkenburg nie. Die adjunkkoloniale sekretaris het op sy beurt sy eweknie by die Landboudepartement van 'n grondvergrype beskuldig: “That not a single square inch of the Tokai Estate could be regarded in any way as belonging to the Forest Department, who are on the contrary in absolute illegal occupation on the same.” (NASA, SAB 1898a) Besluite wat uit geskille oor water voortgespruit het of ooreenkomste wat gesluit is, soos Hutchins se bereidheid om rioolwater tydelik in die arboretumgrond en permanent in 'n bloekompos te laat inloop, kon maklik deur die volgehoue twis gedomineer gewees het. Bosbou het die effek van



bome op die oewers van riviere ontken, asook dat die algehele watertekort aan aanplantings toegeskryf kon word. Hoewel van die beskuldigings gegrond was, het die Porter-bestuur nie voor sy eie deur gevee nie. Die aantal mense onder die bestuur van Porter het 'n te groot las op die water geplaas.

Die beskuldiging van Orpen, dat Bosbou die inheemse bome in die klowe en riviere verwyder het en dat dit die rede was vir die swak watervoorraad, het mettertyd toegeneem. Dit het 'n sterk bewoorde brief van die Kantoor van die Koloniale Sekretaris in Oktober 1901 ontken: "I cannot too strongly condemn the action of the Forest Department in having removed the indigenous wood from the banks of the feeding stream, and planted gum trees down to its very edge." Dit is gesien as die oorsaak van die verlies van duisende gelling water. Hy suggereer dat dit moedswillig gedoen is, wetende dat al die korrektiewe inrigtings daarvan afhanklik is. Ongeag Orpen se klagtes is niks daaraan gedoen om die bome te verwyder nie (NASA, KAB 1901b). Maar vanaf November 1900 het Hutchins 'n paar briewe geskryf om aantuigings te weerlê. Daarvolgens het Bosbou geen inheemse bosse verwyder nie, maar eerder heraanplanting gedoen van inheemse bome wat stadig groei en skadu sal gee, naamlik geelhout, assegaai, nieshout en sipresse<sup>42</sup> (NASA, KAB 1900d). Die Kantoor van die Koloniale Sekretaris het egter volgehou dat protea en ander inheemse bosse op rivieroewers vervang is met gombome; en dat die Prinskasteelrivier slegs gedurende die reënseisoen water gehad het (NASA, KAB 1901b). Op sy beurt het Hutchins volgehou dat slegs riete en ontlambare struikewood langs die Asrivier verwyder is, maar dat geen inheemse bome deur Bosbou afgekap is nie. Hutchins het erken dat daar een gomboom<sup>43</sup> is wat strome opdroog, maar dat dit op die boonste oewers langs die Prinskasteelrivier aangeplant is. Daardie spesifieke gombome was net daar en nêrens anders aangeplant nie. Die klein hoeveelheid *Eucalyptus pilularis* wat wel in moerasgrond langs die loop van die Asstroom aangeplant is, se waterreaksie was onbekend. Hutchins het onderneem om eerder geen gombome langs die Asrivier binne 100 jaart / 91 meter te plant nie, maar om die area te vul met stadig groeiende sipresse asook as- en eikebome, wat waterbewarend was (NASA, KAB 1901c). Weer eens neem die eksploitasie 'n vreemde draai wanneer Hutchins sy beskuldigers daarop wys dat die inheemse bome wat wel afgekap is, bome is wat gebruik is in die bouwerk van die Porter-grond se waterwerke en ander verbeterings. Op sy beurt is daar 'n soortgelyke aantal bome aan die kant van Bosbou vir bouwerk deur Gower van die Asrivier afgekap<sup>44</sup>. Die stompe of die verwyderde bome sou nie 'n invloed op die watervoorraad van die Porter-skool gehad het nie (NASA, KAB 1901b).

---

42 Moontlike verwysing na bergsipresse, want Hutchins verwys na inheemse bome (NASA, KAB 1901d).

43 Dit was nie *Eucalyptus globulus* wat op Orpen se stroom aangeplant is nie, wat suggereer dat dit die gomboom was wat op die oewers van die Prinskasteelrivier aangeplant is (NASA, KAB 1901e). Dit is in 1884 aangeplant, maar kon nie die hitte nog ryp weerstaan nie. Meer as 25% van die eerste aanplanting het misluk (NASA, KAB 1886:9).

44 Gower het in 1898 Huisnr. Een en die nuwe bosboukantoor gebou (NASA, KAB 1898d). Indien daar geelhout in die woning gebruik is, kom dit van bome op Tokai.

Orpen is verder tereggewys toe hy die sekretaris van Landbou op 'n besigtigingstoer langs die Asrivier laat opstap het. Orpen moes ook erken dat die waterstroom se sterkte nie afgeneem het nie “... and further that this was not the stream upon the banks of which *Eucalyptus globulus* was planted.” Daar was wel *Eucalyptus diversicolor* en *Eucalyptus ptilaris* vir 'n kort afstand langs die Asrivier aangeplant. Ook is besluit om geen boompies langs die Vlagstokstroom te plant of enige inheemse plantegroei te verwyder nie (NASA, KAB 1901f). Orpen het inderdaad self gombome, wat lankal reeds as waterabsorbeërs geklassifiseer is, aangeplant (NASA, KAB 1901h).

Die omvang van Bosbou se aktiwiteite ten opsigte van fynbos, oewerrivierplantegroei en die brand van gras en bosse om brandgevaar te voorkom, het voortgegaan. Hutchins het die Wes-Kaap in Oktober 1906 verlaat. In 1907 was daar weer sigbare bewys van fynbosveld wat deur Bosbou op Tokai gebrand word en deur die Departement van Openbare Werke gerapporteer is. Daar is versoek dat die opvanggebiede hoër op teen die berg nie gebrand moes word nie. Ook is versoek dat inheemse plantegroei vir 60 jaart / 55 meter aan beide kante van die stroom gelaat moes word (NASA, SAB 1906v). Tussen bosbou-aktiwiteite en die toename van mense in die Porter-institute het die gaping tussen beskikbare water en menslike waterverbruik groter geword. Die waterkwessie is toenemend aan Bosbou se onverantwoordelike optrede toegeskryf. In effek het die volgehoue toename van inwonende mense op Tokai die gevolg van water-tekorte verder vererger. Ook het meer mense meer grondwaterbesoedeling beteken, meer hout is vir kos gebrand, meer afval is gegenereer en meer vars water was nodig vir groenteverbouing en die kwekery. Teen 1906 was daar 1,000 waterverbruikers onder die beheer van die Porter-bestuur in al die onderskeie inrigtings (NASA, SAB 1906c). Ook Bosbou se personeel het saam met die Bosboukollege toegeneem. Tokai was nie meer landelik nie, maar 'n institusionele gemeenskap binne plantasies en op sandduine.

## **5.5 Die enigma van Joseph Storr Lister – word die Lister-nalatenskap van Tokai oordryf?**

Lister se bydrae tot die vestiging van kunsmatige bosse of plantasies kan nie geringgeskat word nie. Amptelike verslae van die 1880's bevestig dit. Dane (1981:119) noem hom die vader van moderne bosbou in Suid-Afrika. Krüger en Beyers (1977:541) gee 'n beknopte oorsig van Lister se prestasies. In 1903 ontvang hy die Imperial Service Order vir sy dienste aan die bosboubedryf. Hy bring verslae uit oor kroonbosse in die Transkei (geen datum), Natal (1902) en Oranjerivierkolonie (1903). Die skrywers vat hul lofrede saam met: “Diegene wat onder Lister gedien het, getuig met waardering van sy bekwaamheid en die ferme, maar regverdige wyse waarop hy sy pligte uitgevoer het.”

Lister het die plaaslike regering en Engeland gedien. Hy word in 1875 op 'n baie jong ouderdom van 22 jaar en drie maande aangestel as “Superintendent of the Drift Sand Plantations on the Cape Flats” (Lister 1957:12). In 1885 word hy bevorder tot Bosbewaarder, Westelike Bewaringsarea (NASA, KAB 1886). Hy was tussen 1871 en 1874 in Indië waar hy volgens Krüger en Beyers (1977:541) as 'n onderassistent-

bosbewaarder in verskeie dele van die vasteland onder B.H. Baden-Powell, bosbewaarder, en B. Von Ribbentrop, latere direkteur van Bosbou in Indië, werk. Toe hy die aanstelling in 1874 vir 1 Januarie 1875 kry, was hy in Engeland waar hy herstel het van ingewandskoors. Tussen 1875 en 1881, met die koms van De Vasselot as die Superintendent van Kroongrond en Bosse, doen Lister waardevolle onder-vinding op in die aanleer van eksotiese spesies om te plant binne sy aangewese posbeskrywing. Maar Lister ontbreek aan opleiding en bewese bosboukwalifikasies – iets wat hom moontlik in sy verhouding met opgeleide bosbouers kon beïnvloed het. Lister het dan altyd mense gehad wat hy uitgesonder, om hom geskaar en beloon: Robert Smith, sy pa se tuinier (NASA, KAB 1883:15); Schiekedanz, assistent van Harman, wat hy in 1885 na Tafelberg oorplaas (1886:9); Hare, assistent van Harman wat hy in 1888 saam met hom Oos-Kaap toe neem (Lister 1960:87); Henkel, waarnemende streeksbosbewaarder van die Oos-Kaap in 1905, maar in November 1906 in Hutchins se pos waarneem in die Wes-Kaap (Brown 2001: 432; CGH 1906:1; NASA, SAB 1906s) en Wilmot, afgestudeer van Yale, op Tokai (O'Connor 1939:107; NASA, SAB 1906o). Lister het sedert 1875 sosiale konneksies in die regering gehad. Joseph Storr Lister senior was die inspekteur van die Kaapse Padraad (Lister 1957:10) en sy skoonpa was Thomas Bain. Lister junior en sy vrou het verskeie sosiale konneksies met regeringsampptenary gehad (Lister 1960:84-5).

Lister was 'n ondersteuner van Britse imperialisme en het sy handewerk omgeskakel in ponde en sjielings, soos met die looi-industrie (NASA, KAB 1884c:18). Hy was trots op sy projekte en het nie gehuiwer om dit as sy werk in jaarverslae aan te teken nie (1888:17). Hy het dan ook graag in die eerste persoon geskryf in sy jaarverslae wanneer hy aan die stuur van sake was. Waar hy nie in beheer van 'n taak of onderneming was nie, het hy in die passiewe styl geskryf. Hierdie vooropstelling word in al die geraadpleegde verslae tussen 1882 en 1907 opgemerk. So rapporteer hy oor die vestiging van die kwekery by Tokai, wat nie die plek van sy keuse was nie: “Tokai Forest Station – On the 18th of September instructions were received to form a nursery at Tokai, wherein to raise trees for the reforestation of Crown land on Constantiaberg”. Dan volg sy besluitneming: “Accordingly, on the 21st idem, I engaged the services of Mr. W.C. Harman as Temporary Forest Ranger, and immediately commenced work.” (1884c:19) Uit briefwisseling tussen De Vasselot en die Kommissaris van Openbare Werke is die plek van die toe beplande kwekery deur De Vasselot op aanbeveling van die Kommissaris besoek. De Vasselot het ook Hutchins en Lister saamgeneem toe die terrein afgemerk is (1883). Die inisiatief het dus nie van Lister gekom nie. Daarteenoor het hy, Lister persoonlik vir Harman betrek en hom aangestel. Die eerste sin van die daaropvolgende paragraaf in Lister se verslag word dan in die passiewe vorm beskryf, maar sonder om erkenning aan De Vasselot te gee: “Nursery – A piece of ground about two acres in extent above Tokai at the junction of two streams was chosen” en “It is adjacent to the Crown Land to be planted...” (1884c:19). Maar oor sy keuse, Harman, sê hy dan “Mr Harman in his work shows diligence, neatness, and skill.” Met die eerste aanplanting van die berghange onder die kranse word die werk aan Harman toegeskryf (1885a:6). Lister was grootliks afwesig, want hy was direk betrokke by die uitlê van 'n kwekery en bos-

bouontwikkeling op Tafelberg (1884c:21).

Maar wat was sy verhouding met Tokai? Want Lister het 'n mate van 'n obsessie gehad om 'n kwekery op Tafelberg te begin en om Tafelberg met bome te beplant. Hy wou Tafelberg herstel en brandskade en gronderosie op Tafelberg voorkom (NASA, KAB 1883:17). In 1882 laat hy die parlamentslede deur sy verslag verstaan dat die ideale plek vir 'n kwekery Tafelberg is: “At Oude Kraal, on the Lower Plateau, there is a good site for a nursery. It is well watered and sufficiently sheltered from the winds...” (1884c: 17). Lister was begaan oor die boomlose toestand van die berg en het geglo dat die berg finansiële gewin kon bied met die moontlike aanplanting van olyfbome om olie vir die spoorweë te voorsien (1883:16). In 1884 het hy sy wens uitgevoer deur 'n kwekery en 'n plantasie, kompleet met behuising en toegangspaaie, binne een jaar uit te lê op die laer plato van Tafelberg, aan die oostekant van die berg (1885a:7). Dit is gedoen in dieselfde tyd wat Harman die kwekery op Tokai begin, die fynbos gebrand en met aanplantings begin het. Al die paaie op Tokai was brandbane en smal muilpaaie wat “...met 'n spesiale instrument op horisontale vlakke teen die berg uitgemeet...” is. Die paaie is met behulp van personeel van Openbare Werkedepartement uitgelê (1885a:6).

Weens Lister se pos as Superintendent van Plantasies, 1875 tot begin 1883, en vanaf 5 Maart 1885 tot 30 September 1888 as Hoofbewaarder van die Westelike Divisie (NASA, KAB 1886:6; 1889:13), kon hy nie voltyds werksaam wees op Tokai nie. Hy het 'n aantal plantasies onder sy bestuur gehad, onder meer tot sover as die Sederberge (1884c:21). Teen 1883 was daar plantasies gevestig by Sesde Myl, Eersterivier, Uitvlugt en die kwekery by Uitvlugtplantasie. Hierdie plantasies het gesamentlik bekend gestaan as die Kaapse Vlakte en het naas plantasies te Clanwilliam, Worcester, Beaufort-Wes, Swellendam en Robertson die plantasies van die Westelike Divisie uitgemaak (1883:2). In 1883 was hy betrokke as raadgewer vir Thomas Bain: “I was directed to assist Mr Bain...” om die griewe van die Duitse boere, wat op die Vlakte hervestig is, aan te hoor en om grond uit te reik binne bereik van die spoorwegstasies (1884c:18). In die loop van 1884 het Lister, naas Tafelberg, ook Kluitjeskraal by die latere Wolseley as 'n spoorwegplantasie uitgelê en begin (NASA, KAB 1885a: 7). Lister se kantoor was tot 1885 in Rondebosch en het eers in 1886 na Tokai verskuif (1887:5). Voorts het hy baie aandag aan die plantasies op die waaisandherwinningsprojek gegee. In die 1887-verslag, gelees in 1888, vermeld hy dat die waaisandherwinningsprojek met stadsafval in Junie van 1888 elf jaar oud sou wees. Die winsgewendheid van die projek en die lae koste daaraan verbonde word deur Lister aangeprys (1888:17). Op 1 Oktober 1888 is Lister opgevolg deur kaptein Christopher Harison, tot toe hoofbewaarder van die sentrale streek. Harison het die 1889-verslag vir 1888 geskryf (1889:13).

Die suksesse van aanplantings tydens die Lister-periode, 1884 tot 1888, op Tokai word min of meer in die jaarverslae weerspieël. Maar omdat kunsmatige plantasies 'n groot waagstuk was, blyk dit dat die suksesse meer aandag in die verslae as die mislukkings gekry het. Die eerste voorraadkaart word in 1897/98 deur Fourcade opgetrek (NASA, KAB 1898), en die inligting is waarskynlik deur Van der Bijl of Hut-

chins<sup>45</sup> verskaf. Nie een van die twee persone was tussen 1883/84 en 1888 werksaam op Tokai nie en hulle moes hul verlaat op jaarverslae of Harmans se dagverslae. Die voorraadkaart van 1897 bevestig min of meer dat daar herhaaldelike heraanplantings gedoen is (Figuur 26 Bylaag A; Diagram 63 Bylaag B). Hoewel die agtergrond van 'n foto van Huisnr. Een (MA 1902a) 'n besonder donker en digte denneplantasie in die agtergrond voorstel, was daar allerhande mislukkings. Die sukses van die latere plantasies is die toegewyde werk van Lister se opvolgers, wat die plantasie skoongehou en met heraanplantings volgehou het. Daar is ook foto's wat mislukkings aantoon, soos leë kolle tussen plantasies op die berg (MA1901c); en veral op Tokai-vlakte (MA 1900a;b). 'n Ontleding van aanplantings op Tokai-vlakte toon grootskaalse mislukkings (Figuur 28 Bylaag A). Maar ook die plantasies op Tafelberg, Kluitjeskraal en Uitvlugt was nie roerende suksesse nie. Die Transvaalse bosbouers het die Kaap se bosboupraktyk as dertig jaar agter die tyd in 1908 bestempel (Bennett 2013:80). Was Lister werklik die vader van Bosbou in Suid-Afrika? Bosbou het eers koers gekry met die aanstelling van De Vasselot en sy 1882-verslag en 1885-handleiding het die grondslag vir bosboupraktyk gelê (Brown 1887:229). Lister was 'n belangrike medewerker, maar daar is ook ander medewerkers, soos Sim, Hutchins, Legat, Henkel plus lyste van bosbouers wat die werklike werk op die grond gedoen het. Lister se pos tussen 1883 en 1888 plaas hom in 'n baie senior rol, maar die werk wat hy op Tokai moes bestuur, September 1883 tot 1888, getuig van afgewentelde gesag met gemengde welslae. Hoewel Lister die arboretum in 1886 as 'n park met 'n opvoedkundige funksie begin het, is dit sy navolgers wat die arboretum se status van 'n park na 'n ware arboretum verander het (NASA, KAB 1893:9). Harman moet die eer kry vir plantasie-aanleg op Tokai, en De Vasselot is die vader van georganiseerde boskultuur in Suid-Afrika, juis omdat hy nou gemoeid was met die inheemse bosse en die bewaring daarvan. Lister se gesindheid teenoor Montagu se inheemse aanplantings, sy onkunde oor inheemse bosse en sy tekort aan opleiding as 'n bosboukundige blyk helaas ook uit sy nalatenskap.

Oor die keuse van bome wat in 1883 elders in die Kaapse Skiereiland – dus voor Tokai - aangeplant is, skryf hy in die jaarverslag bloot “*Many of the trees are now introduced for the first time*” (NASA, KAB 1884c:21). Was dit 'n mylpaal, of nuwe kennis? Bykans al die eerste gomboomaanplantings op Tokai het weens droogte misluk. Benewens die droogte en klimaattoestande kan dit ook toegeskryf word aan beperkte kennis oor boomtipes, grondanalises en klimaatsones. Lister se keuse van moontlike bome om te plant, kom uit sy persoonlike waarneming en ervaring van gomboomsoorte in die Kaapkolonie. Verskeie boomspesies word beskryf in sy praktiese handleiding vir boomaanplanting van 1884 (Lister 1884: 10-13). Daarin word sy oordeel as 't ware geregverdig op grond van sy kennisname deur ervaring op Worcester en sy waarneming van Eukaliptus in die Wes-Kaap, soos die *Eucalyptus marginata* (Jarrahout) in Kaapstad, *Eucalyptus globulus* (bloekom) by Nuweland, die *Eucalyptus diversicolor* (Karri) in Plum-

---

45 J.C. van der Bijl was 'n bosbouerproefbeampte of bosbouer-in-opleiding wat vanaf Kluitjeskraal na Tokai oorgeplaas is, nadat Harman aan die begin van 1892 bedank het (NASA, KAB 1893:6). Hutchins het Harison in 1892 opgevolg (NASA, KAB 1893:6).

stead, die *Eucalyptus obliqua* ('String bark') in die Worcester-plantasie soos ook die *Eucalyptus robusta* ('Moerasmahonie') op Worcester en in Kaapstad wat van klam, moerasagtige plekke hou asook naby die see groei. Hy haal baron Von Mueller van Australië ruimskoots aan in sy bespreking van Eukaliptus. Daar is egter geen aanduiding dat enige van die bome op Tafelbergsandsteenberghellings op 'n proefbasis aangeplant is nie. Dit wil ook voorkom of daar nie sprake was van proefaanplantings op Tokai nie, maar dat daar onmiddellik begin is om die berg van vlak vyf af ondertoe te beplant met plantjies wat nog nie 'n jaar oud was nie. Ook is daar ruimskoots saad gesaai (NASA, KAB 1884:6). Die eerste aanplantings het met slegs 25% misluk (1886:10), maar dit gee nie rekenskap van die saad wat gesaai is nie. Vir Lister was die doel van die kwekery om saailinge te kweek om op die kroongrond, Constantiaberg, te plant (1884:19). Van proefaanplanting op Tokai kom daar weinig tereg in Lister se aanvanklike verslae. Dit is eers in 1906, wanneer hy rekenskap eis van Hutchins oor die groeieresultate van die Eukaliptus in die arboretum (NASA, SAB 1906p), wat bosboupraktyk en proefaanplanting aandag kry. Lister se wetenskaplike benadering tot die Tokai-uitbreiding in 1906 (1906o), danksy die insette van Henkel (Brown 2001:432), is dan ook geheel anders as Harman se aanvanklike aanplantings van 1883/4 onder sy gesag.

Lister se onwilligheid om met gesaghebbende bosboukundiges in die Kaapkolonie saam te werk, val op (CGH 1906:1,2,4). Hutchins was sedert 1883 werksaam in die Kaap. Daar word die indruk geskep dat Lister hoegenaamd nie Hutchins om advies genader het nie. Sim (1907:84) is baie versigtig wanneer hy na Lister se blootstelling aan bosbou in Indië verwys. Tog betrek Lister Wilmot (NASA, SAB 1906o) en Henkel (Brown 2001:432).

Georgina Lister (1960) het bewustelik of onbewustelik die Tokai-bosbounalatenskap 'n Lister-nalatenskap gemaak. Dit is 'n persoonlike en subjektiewe beeld, wat nie strook met die Lister-verbintenis met Tafelberg nie. Dit is maar in onlangse artikels oor omgewingsgeskiedenis wat onverbonde navorsers begin om Lister te kritiseer (Brown 2001; Bennett 2013). Die Lister-Tokai-verbintenis kan nie uit die geskiedenis geskryf word nie. Maar dit is nie sentraal tot Tokai se ontstaan as bosboustasie nie. Dit is ook nie sentraal tot die woning nie. Georgina (Lister 1960:83) het met haar intrek in die plaashuis dit herdoop tot die Manor House. Hulle gelukkige samesyn in die plaaswoning waar hul eerste twee kinders gebore is en Lister sy kantoor gehad het, omvat die Lister-verbintenis met Tokai.

Dit wil voorkom of skrywers huiwerig is om Lister te kritiseer. En dit herskep Lister tot 'n enigma. 'n Eerlike biografie is dringend nodig om Lister se nalatenskap te ondersoek. Tokai se bosbounalatenskap kan met Lister en ander verbind word, maar die onbeholpe vernieling van Tokai in sovele opsigte is ongelukkig eerstens direk aan die bestuurskap van Lister te wyte, ongeag die meewerking van ander amptenare en staatsdiensdepartemente.

## 5.6 Gevolgtrekking

Die eksploitasie van Tokai kan nie losgemaak word van die siening van verskillende leiersfigure in die bosboukultuur nie. Daarsonder is dit moeilik om te begryp waarom Tokai nie net 'n veertjie in die hoed van die regering geword het nie, maar ook 'n twisappel tussen persoonlikhede en staatsdepartemente. Die gebrek aan leiding in bosboubestuur, opleiding en navorsing deur die regering, 1806-1881, kan nie verontskuldig word nie. Dit het die kommersialisering van bosbou in 'n kritieke oomblik afgedwing sonder dat daar 'n plan was om die omgewing teen uitbuiting en vernieling te beskerm. Die VOC se houtbeleid en -bestuur was, hoewel gebrekkig, tog uitvoerbaar, veral met wetgewing. Die Engelse regering het dit negeer. Beide regerings het swak polisiëring gedoen.

Die eerste Lister-periode, 1883 tot 1888, word gekenmerk aan die skep van landmerke soos die vestiging van die plantasie en alles wat daarmee saamhang, die kwekery, arboretum en geboue. Met Hutchins se streeksoorname in 1892 het hy die verdelings- en ander probleme wat voortvloei met die vestiging van die Porter-jeuginstituut en ander korrektiewe inrigtings op Tokai geërf. Maar dit is ook die hoogtepunt van die eksperimentele fase en die opgradering van die arboretum te midde van moeilike finansiële jare tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog. Lister se tweede periode, na 1906, vestig tradisionele bosboupraktiek en lê die raamwerk van plaaslike opleiding. Maar Tokai word 'n kommoditeit, 'n blote dienspersoneel. Van die eens ongeskonde landskap is alles tot niet. Tog is dit terselfdertyd die skepping van 'n nuwe omgewing waarin plantasies en elementêre sosiale opheffingswerk 'n nuwe landmerk raak. Uitbreiding met nuwe geboue, afbreek van historiese geboue en die veranderinge aan historiese geboue was onomkeerbaar. Hoë gebruiksfrekwensie en modernisering het volgehoue veranderinge aan die oorblywende historiese geboue geveerg. Begrip en insig in die omvangryke verlede van Tokai voor 1883 ontbreek. Dit het 'n hoogtepunt in die oorbenuiting van die Tokai-werf bereik met die vestiging van die Bosboukollege en latere Bosbouskool.

Die hoogtepunte van die Tokai-bosbouprojek was waarskynlik die kwekery, eksperimentele aanplantings en die arboretum. Dit sou nie kon gebeur sonder die betrokkenheid van sonderlinge personeel nie. Ook was Tokai-plantasie binne die Westelike Divisie en later die Westelike bewaringsgebied geleë, en dit was na aan die sentrum van besluitneming in Kaapstad. Dit het Tokai in 'n voordeliger posisie tot ander bosbouplantasies geplaas. Tokai het egter ook 'n verantwoordelikheid ten opsigte van eksperimentele plantasies gehad. Dit het bygedra tot die voordelige posisie, maar dit het ook baie onnodige bestuursfoute verbloem, soos die volgehoue uitwissing van fynbos, die noodwendige toename in gronderosie en swak waterafloopbestuur. Die area wat bykans onherroeplik beskadig is, is die Kaapse vlaktesandduine. Daar sal altyd gewonder word oor die werklike hoogte bo seevlak van die sandduine. Al is die aanplanting van wattlebome mettertyd verbied, is die aanplanting van swarthout nie verbied nie. Teen die laat 1890's was die skade onomkeerbaar – wattlebome het onbeheers in die Kaapkolonie gegroei en versprei.

Die grootste impak op die omgewing was menslike nedersettings. Die vestiging van die jeugrehabilitasiesentrum op Tokai het nie net tot grondverlies vir Bosbou aanleiding gegee nie, maar dit het ook 'n institusionele gemeenskap op Tokai byeengebring. Behalwe die besondere aard van die inwoners van die inrigting het hul verskuiwing ook gepaard gegaan met 'n toeloop van onderwysers en toesighouers. Tokai was 'n groot gemeenskap sonder 'n dorp se infrastruktuur midde in 'n plantasie en in 'n gevestigde wynboustreek. Die klassesamelewing, met 'n rangorde van regeringsamptenary tot dwangarbeiders, het skreiend sigbaar geword in die voorsiening van riolering aan die laagste orde. Daar is nie werklik na die higiëniese behoeftes van die gevangenes omgesien is nie. Ook het die groot aantal mense neerslag in die natuur gevind met die versteuring van waterafloop, waterbesoedeling, grondbesoedeling en langtermyn nuwe-effekte op Sandvlei. Cloete, aangehaal in Rebelo (2010:30) noem dat etlike Britse ponde spandeer is om Tokai van water te voorsien, net sodat Bosbou nie aangetas kon word nie.

Omdat Bosbou die boonste gedeelte van die plaas vir plantasie-aanplanting gekry het, het Bosbou se personeel outomaties die verantwoordelikheid van die waterkwaliteit gekry. Orpen se bestuur het nie daaraan meegewerk nie. Boonop het die Kantoor van die Koloniale Sekretaris tronke uitgebrei sonder om aan die regte van inwoners stroomaf te dink. Artikel 14 (a), “For the maintenance of a water supply in springs, rivers, dams and tanks”, van die Bosbouwet van 1888 (Jackson, Tennant 1906:2607) is slegs gedeeltelik deur Bosbou toegepas, maar die Kantoor van die Koloniale Sekretaris is nooit tot verantwoording geroep nie, vergelyk die was van die klere van gevangenes in die bergstroom. Hutchins se instemming tot die uitloop in die area van die arboretum is teleurstellend. Darrow (1977:13) beskryf hom as 'n persoon wat baie gesond geëet het, baie gestap en soms sommer agter sy perdekarretjie aan gedraf het. Die moeilik versoenbare praktyk van boomaanplanting, wat grondwater affekteer, en 'n uitgebreide korrektiewe netwerk, was te veel vir die plaas en die kroongrond: impakstudies het nie toe bestaan nie. Die mediese personeel van die geestesgestremde inrigting het die onversoenbare doelwitte begryp, maar nog die Koloniale Kantoor, nog Bosbou het die insig getoon.

Plantasie-aanplantings op Tokai het die omgewing vernietig en 'n konsep van 'n totaal nuwe omgewing geskep. En dit is grotendeels deur onopgeleide mense sonder navorsing, voorbeelde of ervaring gedoen. Selfs die enkele opgeleide mense het geen voorbeeld van bergplantasieverbouing gehad nie. Dit word deur 'n tydgenootlike mening bevestig: Sim (1907:35) skryf die besluitneming oor die aanplanting van eksotiese of uitheemse hout in Bosbou toe aan gebrekkige kennis oor die inheemse hout en VOC-bosse van die Wes-Kaap. Die konsep van die nuut geskepte omgewing word allerweë aanvaar as die enigste omgewing. Vandag is die oorwoë mening ten gunste van plantasies. Die grootste verlies is egter die vernietiging van die geheue van dit wat was. Vir Bosbou se geheue sal Tokai altyd 'n deurbraak wees. Dit is inderdaad 'n mylpaal in die geskiedenis van grondstofontwikkeling. Dit laat egter ook 'n litteken na. Tokai is op velerlei wyses geëksploiteer.



Daar is diegene wat Tokai se natuurlike omgewing wil sien soos wat dit was – ongerep en begroei met fynbos. Dan eers kan daar reg geskied aan die menings van De Vasselot (1885), J.C. Brown (1887) en Sim (1907). Dit sou ook die nalatenskap van die VOC bevestig. Fynbos is bewerk en bestuur deur die VOC en dit is onder meer spesifiek op die Buffelskraalgrond gedoen. Dit maak daarvan 'n kulturele nalatenskap. Deur erkenning daaraan te gee, kan Baasharmenskraal ook erkenning kry. Daar is geen historiese merker vir Baasharmenskraal nie. Wortelhout en rietkappery is vanaf Baasharmenskraal bestuur en hoog waarskynlik op die vlakteduinesand van Buffelskraal gedoen. Die res van die area se hout is vanaf De Scuer tot 1791 en na 1791 van die Witteboomen houtpos bestuur.

## Hoofstuk 6: Bewaring van Tokai-park in verhouding tot geskiedenisnavorsing

### 6.1 Inleiding

Om 'n betekenisvolle kultuur- of erfenishulpbronrekord van Tokai-park, gemeet aan die 2012-ontwikkelingsplan van Tokai-werf, “Tokai Manor Precinct Plan” (TMNP 2012b)<sup>1</sup> te begryp, behoort 'n kritiese evaluering van die insette en betrokkenheid van verskillende rolspelers, asook die kwaliteit van die betrokkenheid en hul bydraes, gedoen te word. Dit is egter 'n omvangryke taak en 'n studie op sigself. Daarom word hier gefokus op die vraag of geskiedenisnavorsing volgens die historiese metodologie hoegenaamd relevansie met betrekking tot erfenisimpakassessering het. Navorsing in hierdie proefskrif toon aan dat die geskiedenis van Tokai-park veel meer omvattend is as wat tot dusver bekend of gepubliseer is. En daar is steeds ruimte vir verdere navorsing oor Tokai-park se verlede - die onderwerp is nog nie uitgeput nie. Die 2012-ontwikkelingsplan is egter gedoen op grond van beperkte historiese materiaal wat nie deurgaans verifieerbaar is nie.

Die 2012-ontwikkelingsbestuursplan betrek die erfenishulpbronagentskappe, konsultante, erfenisspesialiste en / of verslagskrywers, asook ander opdragverslae sedert die 1990's oor onderskeidelik Porter-skool en Porter-bestuur, asook Tokai-plantasie, later Tokai-park. In 2012 bereik aanbevelings met betrekking tot Tokai-werf se historiese kern, soos vervat in verskeie verslae, as 't ware 'n hoogtepunt toe 'n ontwikkelingsplan van die Tokai-werf en omliggende grond ingedien, aanvaar en geëndosseer word. Die area sluit twee provinsiale kulturele merkers, die Tokai-woning en die arboretum, in. Die Porter-korrektiewe instelling, Tokai, word as 'n nasionale erfenis, Graad 1, deur die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap, SAEHA, tydens die ondersoek betrek (TMNP 2011a: 31). SAEHA beskou Tokai as van nasionale erfenisbelang om drie redes: die belangrikheid van die Porter-skool<sup>2</sup>, die “gewaardeerde” Constantia-wynbou kulturele landskap en die verbintenis met Tafelberg Nasionale Park (TNP). Daar was nie 'n erfenisassessering wat die beskouing vooraf gegaan het nie. Die 2011/2012-ondersoek en bevinding ontbreek voorts aan 'n wetenskaplik nagevorsde historiese rekord, hoewel 'n bondige verslag van vier bladsye uit twee vorige verslae in 'n anneks tot die Basisverslag van 2011 verskyn (TMNP 2011; 2011c). Die endossering in Junie 2012 laat talle vrae onbeantwoord en behoort belanghebbendes tot kommer te stem. Dit is veral die gemaklike omgang met onbewese, geekte beskouings oor die verlede en die gebruik van historiese bronne wat nie aan historiese kritiek onderwerp is nie, wat die fokus plaas op die afwesigheid van 'n kritiese en wetenskaplike navorsingsverslag, soos bepaal deur Artikel 5.7 (f), 24.1 (c), en 25.2 (a) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999. Hier word veral Art. 25.2 (a), wat verwys na die

---

1 Die dokument is 67 bladsye lank en het twee bylae. Dit is aanlyn beskikbaar (TMNP 2012b).

2 Daar is nog nie 'n omvattende navorsingsprojek gedoen oor die geskiedenis van die Porter-skool en -grond met verskeie institute nie. Daar is wel opvoedkundige studies soos aangehaal in die bibliografie van Aikman, Malan en Winter (2001:52). Ook ontbreek 'n lys van erfenishulpbronne. Kyk Figuur 23 Bylaag A.

algemene magte en take van erfenishulpbronagentskappe, uitgelig: bevordering en betrokkenheid in navorsing, wat betrekking het op die identifikasie, assessering en die bestuur van die nasionale eiendom, soos nodig in die uitvoering van sy funksies. Die erfenisstatus van die woning en die arboretum as provinsiale erfenis is alombekend. Omdat daar nog nie 'n erfenisaansoek vir die Porter-institusie ingedien is nie, is dit ook nog nie 'n amptelik verklaarde erfenis nie. Erfenis Wes-Kaap (EWK) is dus verantwoordelik om toe te sien dat navorsing bevorder moet word, maar behoort ook daarby betrokke te wees.

Die ontwikkelingsplan fokus op die werf en aangrensende gebied rondom die Tokai-woning (TMNP 2012b:2), 'n area wat ook 'n klein gedeeltetjie van die Porter-grond insluit (DRDLR 1918). Die verwyssing na verslae rakende Porter-institusies dien verheldering. Die betrokke grond van die voormalige Porter-skool sluit die grondgebied rondom die ou plaasopstal na die rivier se kant in en behoort aan die Provinsie Wes-Kaap, kortliks PWK (DRDLR 1918). Dit is hierdie area van ongeveer vyf hektaar wat in 2011 in die huurooreenkoms tussen Sanparke en die PWK ter sprake kom (TMNP 2006a:5; DTPW 2011: 5). Van die vyf hektaar is 1.6895 morg / 1.45 hektaar afgesny, wat behoort aan die ou Nasionale Monumentekommissee. Ongeveer 25% van die afgesnyde grond behoort aan die Bosboudepartement. Die proklamasie deur regeringskennisgewing 607 van 1961 word gedateer 8 September 1961. 'n Afskrif van die diagram en grondbeskrywing word in die argief van die Kantoor van die Landmeter-generaal en ander sentra gehou (DRDLR 1961; NASA 1885b; SAHRA 1961). Die stukkie grond wat aan Bosbou behoort, behels die voetspoor van die ou wynkelder, wat ook die bosboukantoor<sup>3</sup> was.

### **6.1.1 Kontemporêre geskiedenisverloop van die 2012-ontwikkelingsverslag van Tokai-park**

In 1957 is die eienaarskap van die Porter-trustfonds statutêr beëindig en is die Porter-korrektieweskool as die eiendom van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, WKOD, geadministreer. Die skool het daarna as die Porter-skool bekend gestaan. Porter-skool het sedert die 1990's die tuiste van Chrysalis Academy, 'n jeugontwikkelingskool, geword (Aikman, Malan, Winter 2001:49,50), nadat die voormalige skole vir spesiale behoeftes, die Porter-skool en die Constantia Seunskool in dieselfde tyd gesluit is. Dit het die perseel van die Tokai-woning vakant gelaat en dit het in onbruik verval. Dit is vir jare as woning vir die adjunkhoof van die Constantia-skool gebruik, maar daarna aan private persone verhuur (TMNP 2006a:5). Hoewel die Tokai-woning as 'n voormalige monument ook 'n morg omliggende grond insluit, sluit die voormalige monumentsverklaring die twee oorblywende buitegeboue, die stal- en Orpen-kompleks, uit (DRDLR 1961). 'n Poging is in die laat 1990's aangewend om die Tokai-woning in 'n hotelopleidingskool te omskep – vandaar die navorsingsnotas van die argitek, Stewart Harris, in 1997. Weens wetlike verpligtinge van die WKOD kon die voorgestelde plan nie realiseer nie. Die ondertekening van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne in 1999 en gepromulgeer in 2000 het die PWK genoop om 'n ontwikkelingsplan vir die Porter-grond te doen. Die ontwikkelingsplan is deur MLH-Argiteks- en Beplannings-

---

<sup>3</sup> Bevestiging van die wynkelder as kantoor is in Hoofstuk 4 bespreek. Die gebou is in 1936 gesloop (NASA1936).

firma en assosiate sedert 13 Maart 2001 onderneem. Die erfeniskonsultant en sy genote, Henry Aikman, Antonia Malan en S. Winter, is ook betrek. Malan is die waarskynlike outeur van die status quo-verslag van Mei 2001 (Aikman, Malan, Winter 2001:50-1). Die navorsing van Harris is nie gepubliseer of in 'n verslag saamgevat nie, maar die inhoudelike van die notas is deur Aikman en genote deurgegaan en bygewerk. Die Status quo-verslag, sowel as Harris se notas, word in 2011 die hoofbronne van die Basisverslag (TMNP2011c:5). Navraag aan Harris<sup>4</sup> bevestig sy bydrae as los navorsingsnotas sonder dat daar enige verslag geskryf is (Harris 2015b).

Die verslae rakende Tokai-park handel merendeels oor die totstandkoming en omgewingsimpakbestuur van die park, maar weens die belang van die Tokai-werf vir TNP, word dit ingereken. Die toekoms van die woning en omliggende werf en geboue was sedert die sluiting van die Porter-skole in die 1990's in onsekerheid gehul en in gedrang (Aikman, Malan, Winter 2001:50). Voortspruitend hieruit het gesprekvoering tussen verskeie belangegroepes gevolg om die woning en omliggende werfgedeeltes en geboue, dus eiendom van die WKOD, by die toe nuutgevormde Kaapse Skiereiland Nasionale Park, of amptelik die Cape Peninsula National Park (CPNP), in te lyf. Die hoofdoel was om die geboue as kantoorkompleks vir die nuutgestigte park te benut (:50-1). Maar in 2002 reik die CPNP 'n verklaring uit waarin hy van die Tokai-werf afstand doen. Daarvolgens moet die woning en buitegeboue van die voormalige Porter-instelling eerder aan die publiek oorhandig word om verdere verval te voorkom, want indien dit as 'n elite-fasiliteit ontwikkel word, sou dit al die mense wat sterk bande met die plek het, uitsluit. In die lig daarvan is besluit om die Tokai-werf, ongeveer 5 hektaar groot, by die TNP te inkorporeer om as 'n besoekersentrum aangewend te word. Weens 'n gebrek aan fondse sou dit moes oorstaan tot 'n tweedefase ontwikkeling (TMNP 2006a:5,12).

Die insluiting van Tokai-plantasie by die CPNP het sy oorsprong in 1982 toe die konsolidasie van die natuurgebiede nog in beplanning was (Aikman, Malan, Winter 2001:50). TNP het op 1 April 2005 die bestuur van die Tokai- (en Cecilia-) plantasies oorgeneem. Dit vloei voort uit 'n besluit in 1997 om al die openbare en ander bewaarbare grond, wat toe onder nasionale, provinsiale en plaaslike bestuur in die Kaapse Skiereilandbewaringsarea geval het, in een park te konsolideer (TMNP 2009:1). Tokai het twee bates, 'n koloniale erfenisnalatenskap en potensiële berg- tot vlaktefynboslandskap. Tokai se uniekheid word as tweevoudig gesien deurdat dit die laaste geleentheid bied vir ekologiese prosesse van berg tot vlakte, asook die habitat beskikbaar maak vir die rehabilitasie van krities bedreigde Kaapse Vlaktesandfynbos (TMNP 2009:3). Dit was dus uit die staanspoor duidelik dat Tokai-werf se bekendheid weens sy historiese verlede, spesifiek die koloniale verlede, belangrik genoeg gereken is om toe te sien dat die plek nie verlore moes gaan nie. Dit word in 2005 geïdentifiseer as 'n kerntoegangspunt, “an ideal gateway to TMNP” (TMNP 2006:5), 'n refrein wat ook in 2012 weerklink (TMNP 2012b:1) Die kultuurhistoriese

---

<sup>4</sup> 'n SMS-navraag aan Harris (Harris 2015) is later per e-pos deur Harris (2015b) beantwoord. Daarin bevestig hy dat die navorsing in 1997 gedoen is. Dit behels los notas en is nie in 'n verslag verwerk nie.

komponent van die verslae na 2005 sentreer dus grootliks op die visuele erfenishulpbronne, soos die Tokai-woning, die werf met buitegeboue, die onmiddellik omliggende gedeeltes en aangrensend beboude gebied, uitgesluit Porter-grond, wat vir ontwikkeling uitgesonder is (TMNP 2009:7; 2012b: 2). Dit word dan ook so in 2009 se finale raamwerkverslag omskryf. Effektief is die Tokai-werf, soos tussen 1883-1892, weer deel van die bosboustasie van 1883. Die grond is in 1892 tussen Bosbou en die Porter-grond verdeel (TANAP, KAB 1891:61). Om Tokai se potensiaal ten opsigte van ekotoerisme ten volle te benut, word die Tokai-woning en buitegeboue as 'n veeldoelige fasiliteit voorgestel en omskryf. Dit moes die TNP se hoofkantoor insluit: “in line with Province's intentions for the site” (TMNP 2009:9). Hoewel erfenishulpbronne se gradering vir die Tokai-werf en Tokai-park in 'n anneks van die 2006-Tokai en Cecilia-plantasie gedoen is (TMNP 2006), word daar nie in die 2011-basisverslag na die breedvoerige gradering verwys nie. Die Basisverslag van 2011(:52) lys wel die verslag in die bronnelys, maar onder die naam van die erfenisspesialis en argeoloog, Sarah Wurz. Al Sanparke se verslae is aanlyn beskikbaar, behalwe die konsepverslag, Anneks A, “Preliminary heritage baseline review', Tokai Manor precinct plan, phase 1” (voortaan voorlopige konsepverslag) van November 2011, deur Thorold Architects cc (TMNP 2011c;b). Die geheel en finale Tokai-woning se basisverslag van November, 2011, is op aanvraag van die Navorsingsentrum, Sanparke, Tokai, per geheuestokkie ter insae beskikbaar gestel (Van Rooyen 2015a).

### **6.1.2 Die 2012-verslag: oorsig van omvang en endossering**

Die erfenishulpbronbestuursproses van 2011 tot in 2012 behels 'n parallele en integrale perseelbeplanning van die Tokai-werf en aangrensende grond. Die verslag is deur die EWK<sup>5</sup> geassesseer en met kommentaar deur SAEHA opgevolg. Die prosesse is ingevolge die Nasionale Erfenishulpbronnwet, Wet nr. 25 van 1999, beplan en uitgevoer. Die Bouomgewing en Landskapkomitee van SAEHA het op 20 Junie 2012 die voorlegging geëndossee. Dit bestaan uit die volgende vyf verslae: die Basisverslag, November 2011, Rapport van die belangegroep se betrokkenheid, November 2011, Verslag van beheerinstansies, Chrysalis en die Bobbejaanwerkwinkel, November 2011, die Opedagverslag met kommentaar en besware van respondente, Maart 2012 en die Finale Voorlopige Beplanningsverslag, Mei 2012. Die komitee se goedkeuring gaan wel met 'n waarskuwing gepaard, naamlik dat “...wishes to alert the applicant to the fact that the scale and quantum of development on the site should be carefully considered.” Vervolgens is die Tokai-woningterreinplan op 13 Junie aan die Impakassesseringskomitee van die EWK voorgelê. Op 20 Junie 2012 word die volgende besluitneming bereik:

1. Die endossering van die “Tokai Manor<sup>6</sup> precinct plan” / Tokai-woningterreinplan

---

5 Volgens die 2005-riglyne (Winter, Baumann 2005:12) is die EWK 'n kommentaarouteit sonder 'n besluitnemingsfunksie waar 'n erfenisstudie deel van 'n omgewingsimpakassessering (OIA) vorm. Waar 'n OIA nie vereis word nie, is dit 'n besluitnemingsouteit. Daar is dus nie 'n OIA vir 2011/2012 vereis nie.

2. Die endossering van die beginsel van geïntegreerde en omvattend gedetailleerde planne en impak-assesserings vir die kernbewaringsarea en die aanverwante ondergeskikte (sub-) areas
3. Die endossering van die perseel en ontwikkeling van 'n hoofkantoorgebou vir die TNP, soos vervat in die oorkoepelende areaplan: “A Heritage Impact Assessment, limited to or focused on potential visual impacts, for such proposal, is required to be submitted to Heritage Western Cape (HWC) for further assessment.”
4. Die EWK het ook versoek dat sekere gedetailleerde gedeeltes volgens die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, en soos uiteengesit (deur die aansoeker) in die voorgelegde raamwerk, aan die EWK vir verdere assessering voorgehou moes word (TMNP 2012:6).

Drie verpligtinge vloei voort uit hierdie voorlegging: 'n vermaning tot versigtigheid met betrekking tot die ontwikkeling van die kultuur-historiese nalatenskap, 'n visuele impakassessering vir die oprigting van die nuwe TNP-hoofkantoor en derdens die voorlegging van iets wat nie by die naam genoem word nie – dus iets wat agterweë gebly het. Dit is jammer dat hierdie artikels (van die wet) en gedeelte (van die aansoeker) nie gespesifiseer word nie. Voorts skep die algehele endossering die indruk dat Artikel 7 van die wet ten volle toegepas is. Die implisiete aanvaarding van die historiese verslag van vier bladsye span die kroon op historiese navorsing wat blykbaar binne die standaard van 'n historiese rekord van die EWK is. Dit is in hierdie geval deur 'n argiteksfirma onderneem (TMNP 2011c). Kortom, die standaard van die basisverslag, wat die historiese rekord bevat, het die tevredenheid van die EWK weggedra.

### **6.1.3 Oogmerk van Hoofstuk 6**

Bogenoemde opsomming verskaf die agtergrond van die hoofstuk. Die hoofstuk dien as 'n kritiese beskouing van die proses van erfenisimpakassessering deur die historiese komponent van die ontwikkelingsplan van 2012 te toets aan die vereistes wat deur die EWK gestel word. Die vraag wat beantwoord moet word, is waarom die EWK met so 'n kort en opsommende verslag tevrede is. Hoofstukke 2 tot 5 van die proefskrif dokumenteer die geskiedenis van Tokai en verskaf meer en moontlik nuwe inligting oor erfenishulpbronne. Die erfenis wat betekenis dra, is saamgevat in 'n tabel (Figuur 30 Bylaag A)<sup>7</sup>. Weliswaar fokus die ontwikkelingsplan net op die geskiedenis van die werf, maar die werf is die hart van die ontwikkeling oor meer as 350 jaar en sluit die voorgekoloniseerde geskiedenis nie uit nie.

---

6 Die woord “herehuis” is 'n hernoeming in 1885 deur Georgina Lister (1960:82). Die benaming is strydig met die bedoelings van die struktuur sedert ca.1799. Dit pas ook nie in by die buitegeboue nie. Die term woning word gebruik. Die uitleg van die werf verteenwoordig steeds 'n plaaswerf met 'n opstal of woning en geboue.

7 Erfenisidentifisering en -datering volgens die verslae van 2001 (Aikman, Malan, Winter :41-51), 2006 (TMNP: 5-21), 2011(TMNP 2011:Tabel 2.1), in vergelyking met die identifisering van ander of addisionele erfenis, 2015.

Die geringe en basiese historiese kennis oor Tokai word in 2011/12 in twee historiese opsommings waargeneem: Bylaag A, “Staat van historiese en kulturele betekenis” van 2012 (TMNP 2012); en die “Preliminary Heritage Baseline Review: Draft Report”, November 2011 (TMNP 2001c:5-8), oor vier bladsye saamgevat onder subhofies wat ooreenstem met die indeling van Aikman, Malan en Winter van 2001. Daar is ook sporadiese verwysings na betekenisdraende erfenis in die teks van die ontwikkelingsplan van 2012. Van die verwysings, soos perde “met diep wortels op Tokai” (TMNP 2012:16), kom nie voor in die historiese opsommings nie. Die Basisverslag van 2011, wat die Tokai-woningterreinplan vergesel, bevat ook nie 'n historiese afdeling nie, maar net sporadiese verwysings van historiese belang by enkele besprekingspunte. Dit bevat wel 'n tabel met foto's en datering van al die strukture op die werf (TMNP 2011a). Figuur 30 in Bylaag A toon onder meer aan dat ontstaandatum en funksies van strukture se geskiedenis nie nagevors is nie. Benoemings is aan die hand van die gebruik van strukture deur Bosbou gedoen. Ook word die Porter-instituut as 'n nasionale erfenis deur SAEHA beskou (TMNP 2011a: 31), maar strukture op die werf wat histories aan die Porter-instituut gekoppel word, word as Graad 3A geklassifiseer (:33). Daar is dus nie 'n sinvolle samehang tussen die geskiedenis en die assessering van erfenishulpbronne nie. Die gevolg is noodwendig dat die verloop van die historiese gebruik en ontwikkeling van die werf nie genoegsaam begryp word nie. Die goedgekeurde ontwikkelingsbesluite is gevolglik oorwegend strydig met die historiese werklikheid. Erfenishulpbronnagentskappe moet dus terugval op ander inligting, of self die bronne raadpleeg wat in die Basisverslag se bronnelys voorkom. Maar ons weet reeds dat die Stewart Harris-notas nie in die openbare domein is nie; en dat die argeologiese verslag van Porter-grondsoek is. Die Porter-skoolkonsepverslag van 2001, die satus quo-verslag, bring nie veel meer aan die lig nie, omdat dit nie werklik op die landbou- en die fisiese omgewingsgeskiedenis fokus nie. Die belangrikheid van inheemse hout en houtgewasse as erfenismerkers en Nederlandse naamgewingspraktyke word byvoorbeeld heeltemal weggelaat<sup>8</sup>.

Hier word dus twee invalshoeke onderskei: diegene wat reken die inligting, of die historiese rekord van erfenishulpbronne, soos byeengebring in die 2011-Basisverslag, geskoei op die verslag van 2001, is voldoende en addisionele navorsing is onnodig. 'n Alternatiewe mening is dat addisionele geskiedenisnavorsing wel relevansie het. Hoewel die probleemstelling spesifiek op Tokai-park betrekking het, kan dit moontlik ook by ander soortgelyke erfenisimpakstudies voorkom.

Daar is aanvanklik gereken om onderhoude vir hierdie studie met die hoofde van die EWK en SAEHA te oorweeg. Daar is teen onderhoude besluit, weens die beskikbaarheid van navorsingsmateriaal, die finaliteit van die 2012-gebeure en die volgehoue kwessie van die Melck-graanskuur in Kaapstad (Ball 2013; Colyn 2015). Om afstand te handhaaf, gee meer objektiwiteit. Omdat die 2012-beplanningsverslag reeds

---

8 Volgens die outeur van die verslag (TMNP 2011c:5) was die area tydens die 17de en 18de eeu 'n veepos van die VOC met uitstekende weiding. Die weidingsvermoë van die area word in Hoofstuk 2 bespreek. Die artikel van Arthur (2008) lewer 'n belangrike bydrae tot argeologiese ondersoeke na vroeë herders.

goedgekeur is, dien gesprekvoering geen doel anders as om gemoedere op te sweep of om kant te kies nie. Die navorser ag dit dus gerade om, waar moontlik, afstand te handhaaf tussen die navorser en die betrokkenes. Laasgenoemde het ook betrekking op die sleur van die Melck-graanskuurperseel se ontwikkeling, wat 'n belangrike gedeelte van die Lutherse Kerk se historiese kompleks van die 18de eeu uitmaak. 'n Ontwikkelingsplan is reeds in 2011 goedgekeur, maar weens openbare kapsie het die saak op appèl gegaan (Colyn 2015). Op 1 Maart 2013 het die gebou voorlopige erkenning as 'n nasionale erfenishulpbron ontvang (Ball 2013), maar dit is reeds in 1975 as 'n kategorie 1 uit agt klasse geklassifiseer (Colyn 2015). Die bouplanne van 2011 het 'n heftige debat tussen kultuurhistorici en die EWK ontketen en die geskil het op die ou einde in die Wes-Kaapse Hooggeregshof gaan draai. Desondanks die voorlopige gradering van 2013 is die gebou skielik in 2015 afgegradeer. Colyn, 'n argitek, verwys na die betrokke persone as “sogenaamde bewaringskundiges en -argitekte”. Hy bevraagteken die toekomstige bewaring van ou geboue na aanleiding van die voorlegging van nuwe planne, wat nie net die gebou se ou boustyl permanent gaan skaad nie, maar ook 'n modus operandi kan word vir ander geboue van 'n geskiedkundige aard. Hierdie en ander debatte oor ou geboue is sensitiewe kwessies wat genoedere opsweep en is dit gerade geag om nie onderhoude te voer nie. Die twee kampe oor bewaring en ontwikkeling het reeds gedefinieer in Kaapstad ontwikkel.

Die EWK het in 2005 beginsels opgestel wat erfenisimpakspesialiste kan volg (Winter, Baumann 2005). SAEHA se optrede word, soos die EWK s'n, grootliks deur die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999, bepaal. Die oorkoepelende professionele liggaam van erfenispraktisyns in Kaapstad, Association of Professional Heritage Practitioners (APHP), het ook 'n grondwet met 'n gedragskode waaraan sy lede moet voldoen (Figuur 33 Bylaag A). Volgens die ledetallys is 'n groot aantal lede as erfenispraktisyns geregistreer (APHP 2011). Verskeie ander kultuurorganisasies, soos die Simon van der Stel-stigting<sup>9</sup>, is aktief werksaam as 'n bewaker van die kulturele erfenis in die Wes-Kaap en het tuisblaaie op internet. By al hierdie organisasies, asook die erfenisagentskappe blyk, of skyn geskiedenisnavorsing deel van die werkswyse te vorm.

## **6.2 Geskiedenisnavorsing as voorvereiste – of nie – vir 'n erfenishulpbronassessering**

### **6.2.1 Geskiedenisnavorsing in die praktyk van erfenishulpbronassessering**

Die historiese inligting van die Tokai-woning se monumentverklaring van 1961 gee bloot basiese inligting: die eerste gronduitgif, opeenvolgende eienaarskap en die eienaarbouer en oprigtingsdatum van die woning (SAHRA 1961). Dit moet as 'n eerste waarskuwing dien dat daar min inligting oor Tokai beskikbaar is. Die bronnelys van die Basisverslag sou dus 'n vertrekpunt wees indien die Basisverslag se

---

9 Die naam van die nasionale organisasie het na Heritage Association of South Africa verander, maar die Wes-Kaapse tak behou die ou naam om historiese redes ([www.simonvdstel.org](http://www.simonvdstel.org)).



inligting geverifieer moes word (TMNP 2011a50-2).

Om sekondêre bronne se inligting in twyfel te trek, is op die oog af onnodig. Maar daar is na 'n kritiese bestudering gevind dat die relevante bronne, Dane (1981), Mauve (s.j.), Simons (2000) en Fairbridge (1922), almal gekoppel kan word aan die persoonlike herinneringe van Georgina Lister (1960). Die argitektoniese beskrywings word teruggevoer na Fairbridge, Trotter (1903) en Fransen en Cook (1981). Fairbridge het heel moontlik haar inligting by Georgina Lister gekry. Bogenoemde bronne laat die suggestie dat die geskrewe, historiese rekord voldoende is, want hierdie bronne word bykans almal in die voorlopige konsepverslag se bronnelys herhaal (TMNP 2011c:20). Die skrywer (en sy assosiate) sonder twee bronne uit: “We have made extensive use of two detailed reports: Stewart Harris, "Tokai, Compilation of Interim Reports for Tokai Courtyard", ca 1997, en die "Porter Estate Development Framework *Draft* Heritage Impact Assessment Baseline Study", Junie, Oktober 2001” (2011c:4). Die kursivering is van die verslag se outeur. Twee ander verslae, die konsep Todeschine- (2007) en die Tokai-Cecilia-verslag (TMNP 2006) is ook geraadpleeg.

Maar 'n noukeurige ondersoek na die geraadpleegde bronne se bydrae tot 'n wetenskaplik gefundeerde navorsingsproses word nie deur die verslagskrywer gedoen nie. Harris se notas in Aikman, Malan en Winter (2001:51), maar deur die verslagskrywer 'n uitgebreide versameling van tussentydse verslae genoem, word hoog aangeslaan, omdat “...Harris navorsing in die Kaapse argief, die Aktekantoor, by Museum Afrika, die biblioteek van die Parlement, die Suid-Afrikaanse biblioteek gedoen en die dokumentasie van die Porter-skool gebruik het” (TMNP 2011c:4). Harris is aan gevul met: “Important published references consulted and quoted by Harris (and there after Aikman et al) include Dane, 1981, Lister 1960, Mauve 1984”. Dus, Harris, Aikman et al en die verslagskrywer het almal by dieselfde bekende bronne gebly. Fagan (1994) is deur nie een van genoemde skrywers geraadpleeg nie. Kritiese lees van die bronne is nóg deur Aikman et al, óf Harris, óf deur die verslagskrywer van 2011 gedoen. Navorsingsresultate van die proefskrif toon juis aan dat die genoemde bronne gebruik kan word, maar selektief en met oordeel.

Die voorlopige konsepverslag van 2011, wat nie in 2011 ter insae beskikbaar was nie, dui daarop dat die skrywer tog weersprekende menings tegeekom het. Hy haal twee menings aan, die van Harris en die van Fransen, oor die woning se argitek, Thibault (2011c:9-10). Die skrywer, Thorold, laat egter na om die twee standpunte te ondersoek, of verder te voer. Ook laat die skrywer hom lei deur visuele strukture binne die ontwikkelingsplan. Daar ontbreek 'n vergelyking tussen kaarte om aan te toon dat sekere strukture verdwyn het, behalwe 'n verwysing na die bosbouskool en twee strukture noord en suid van die woning, wat afgebreek is. Die argiteksriglyn, die askonsep, word vanselfsprekend genoem (:8,9). Hierdie metode van visuele waarneming stem ooreen met die riglyne van die EWK vir die erfenishulpbronne op 'n plaaswerf, uitsonderlike landskap en institusionele landskap (Winter, Baumann 2005:23,24,26). Sou 'n omvattende begrip van die verlede, gebaseer op bronkritiek, addisionele bronnestudie en argivale navorsing

werklik 'n veel wyer historiese omvang dien, meer perspektief gee en voorkom dat daar nie na willekeur ontwikkelingsbesluite geneem kan word nie? Of is so 'n benadering nie tyd- en koste-effektief nie? Behoort die historiese en kulturele waardebeplanning nie juis uit 'n brondokument gedoen te word nie? Met inagneming van die EWK-beginsels (:16-17) sou dit die verwagting wees. Dit wil egter voorkom dat die werkwyse 'n visuele bepaling van die erfenishulpbronne behels, wat opgevolg word met 'n kulturele en historiese bepaling ten einde die gradering te doen (Kyk Figuur 31 Bylaag A, asook Figuur 32: “Tokai-woningsterreinplan, 2011/12: Skematiese voorstelling van die stappe gevolg ten einde erfenishulpbronne op te teken en te gradeer”). Van historiese riglyne is daar dus weinig sprake.

'n Brondokument van Tokai ontbreek, behalwe as die 2001-verslag as EWK se rekord volgens Art. 25.2(b) aanvaar, gepubliseer en beskikbaar vir verspreiding is – wat nie gedoen is nie<sup>10</sup>. Tydens 'n telefoongesprek in 2011 met mnr Calvin van Wyk van EWK het hy my verseker dat die enigste dokumente in Tokai se lêer die monumentsverklaring van 1961 is. Dus is die 2001-verslag nê die EWK se brondokument nie. Indien daar gereken word dat die status quo-verslag van 2001 in so 'n brondokument voorsien, is dit dus 'n denkfout. Tokai was net tussen 1792 en 1883, dus nie 'n volle 100 jaar nie, in private besit. Dit is daarom een van die unieke plekke waar daar dus rekordhouding behoort te wees, want dit was sedert 1672 regeringsgrond. Wat wel uit die oog verloor word, is die fokus van die 2001-verslag: dit raak die Tokai-woning en die Orpen-kompleks direk, maar die fokus bly die institusionele verlede. Dit is dus selektief, eensydig en plek-plek baie oppervlakkig. Die styl is kronologies met 'n periodiese indeling. Indirek suggereer Thorold dat die werk van genoemde skrywers voldoende inligting bied. Die noodwendige gevolgtrekking is dat die voorlopige konsepverslag naslaannotas is. Dit is voorts duidelik dat die EWK nie erfenisspesialiste se werkswyse ondersoek nie.

Verslae wat nie in die openbare domein is nie, lewer probleme, soos Harris se verslag wat deur die skrywer, Thorold, gebruik is (TMNP 2011c:4). Omdat die dokument nie verkry kan word nie, kan dit nie geverifieer word nie. Dit tas die geloofwaardigheid van die bron aan. Dit beteken dat Harris moontlik nie self dokumente en instansies verwys het nie en sy feite kan nie geverifieer word nie. Dit kan egter ook suggereer dat beide skrywers nie gewoon daaraan is om inteksverwysings te gee nie. So gebruik Thorold onder meer 'n “kaart” van Harris op sy historiese sinopsis, Paneel 5, 2012 (TMNP 2012), maar in der waarheid is dit 'n vergroting van die werfgedeelte van die De Vasselot-kaart van 1883 (NASA, KAB 1883n). Thorold doen dieselfde met diagramme van die Kantoor van die Landmeter-generaal en verwys Aikman, Malan en Winter (2001; TMNP 2012; DRDLR 1902). Vir enige vryskutnavorsers is die etiek van die navorsers en sy navorsing op die spel: indien die kliënt nie bronverwysings het nie, kan die kliënt nie werklik die navorsing gebruik nie. Die EWK se riglyne het dit dan ook ten doel om voornemende ontwikkelaars (kliënte) van raad te bedien (Winter, Baumann 2005:ii). Argitekte as erfenisspesialiste is

---

10 Die 2001-kopie, eiendom van John Green, Tokai, het in 2011 die rondte gedoen en is deur myself en die kliënt gefotokopieer.

betaalde diensverskaffers wat handel met erfenishulpbronne van potensieel provinsiale of nasionale belang. In die Tokai-werf se geval is die konsultante met publieke geld betaal, wat die aanspreeklikheid hoër maak. Thorold en sy genote het ooglopend die riglyne van die EWK gevolg en hul resultate kon wel die EWK en SAEHA oortuig, maar as 'n historiese navorsingsdokument beteken sy verslag weinig. Die EWK beveel argiefnavorsing en literatuurstudie aan, maar gee nie voorbeelde van historiese verslagskrywing nie (:15). Die belangrikste verlies van klandestiene verslae is die verlies aan kennis en die daarstelling van 'n nuwe bron wat vir navorsing gebruik kan word. Ongeag die bestaan van Harris se voorlopige verslae, sal dit 'n navorser of 'n volgende konsultant meer loon om self al die bronne te raadpleeg as om die historiese materiaal, wat vir die ontwikkeling van die Tokai-woningterreinplan byeengebring is, te raadpleeg. Die afwesigheid van 'n brondokument versterk die noodzaak om 'n logiese, en deeglik voorbereide historiese basisverslag saam met 'n ontwikkelingsvoorstel in te dien. Op daardie wyse kan enige van die drie vlakke van regering 'n databasis van inligting opbou.

Die tekort aan 'n omvattende geskiedenis manifesteer in besluite waar een periode of een soort geskiedenis 'n ander verdring. Een van die sleutelaanbevelings is dat 'n bosbouerfenismuseum / inligtingsentrum opgerig moet word (TMNP 2012b:2). Weer eens word die omvattende geskiedenis uitgesny.

Daar is reeds na Figuur 32 Bylaag A, “Tokai-woningterreinplan, 2011/12: Skematiese voorstelling van die stappe gevolg ten einde erfenishulpbronne op te teken en te gradeer” verwys. Die doel daarvan is om die geordende werkswyse van die ontwikkelingskonsultant met betrekking tot die finale gradering van die erfenishulpbronne te volg. Dit word hier ingereken om aan te toon dat aanverwante dissiplines geordende werksyfes of 'n toegepaste metodiek het. Dit verteenwoordig egter nie 'n omvattende of volledige rekord van die historiese en kulturele erfenismerkers nie. Die verlangde dokument, wat deur die EWK vereis is, is onder meer die Basisverslag van November 2011 (TMNP 2012b:1). Dit is dus in opvolg van die voorlopige konsepverslag geskryf, hoewel die indruk geskep word dat die konsepbasisverslag moontlik later geskryf is. Die kriptiese styl, fontverskille, 'n willekeurige verwysingstelsel en ongeordende styl maak moontlik daarvan 'n voorlopige konsepverslag (2011c:5-8,9-12).

Die voordeel van die 2001-dokument is dat dit 'n opsomming van gebeure in die 20ste eeu gee op grond van mondelinge navrae van Antonia Malan (2001:50-1), een van die verslagskrywers. Ofskoon hierdie proefskrif se navorsing by 1910 eindig, word hier dus van die 2001-verslag gebruik gemaak om die tyd-sprong na die einde van die 20ste eeu te oorbrug. Hier is ongetwyfeld navorsingsvrae wat deur 'n volgende student onderneem moet word.

SAEHA se argief dien vermelding. Tydens 'n besoek in 2013 is gevind dat die argief van SAEHA lêers vir die Porter-instituut, waarby die Tokai-woning bygereken word, berg. Wat wel kommerwekkend is, is dat die 2001-omslag leeg is. So ook is die argeologiese verslag van 2001 nie in die lêer nie (SAHRA

2001). 'n Poging om dit op te spoor, ook deur biblioteeknavrae<sup>11</sup>, het niks opgelewer nie.

## **6.2.2 Die beleid van die EWK ten opsigte van geskiedenis en geskiedenisnavorsing en met enkele toepassings op die Tokai-woningterreinplan van 2011/12**

Die EWK se praktiese riglyne is nie op die Burra-handves geskoei nie, maar Winter en Baumann (2005: 10,59) verwys 'n reeks van UNESCO-geïnisieerde internasionale handveste in hul bibliografie. Die Burra-handves onderskei tussen argivale rekords en historiese of geskiedenisverslae of rekords. Artikel 32 bepaal dat die rekords oor die bewaring van 'n plek in 'n permanente argief gestoor en aan die publiek beskikbaar gestel moet word (ICOMOS 2013). In die Wes-Kaap word amptelike rekords van 'n plek in die KAB, die Aktekantoor en die Kantoor van die Landmeter-generaal gestoor. Art. 32 bepaal dat die rekord van die geskiedenis van 'n plek beskerm moet word in 'n kultureel aanvaarbare plek wat publieke toegang verseker. Beide aanbevelings is onderhewig aan veiligheid en privaatheid. Berging van historiese rekords is 'n probleem. Ondervinding het geleer dat nie al die verslae oor die Porter-skool in die argief van SAEHA gestoor word nie. Ook word die inligting dikwels deur die navorser, verslagskrywer, ontwikkelaar of die kliënt behou. Thorold (TMNP 2011c:8) se optekening van sy erfenisimpakassessering gedurende die 2008/2009-herstelwerkproses is nie beskikbaar nie. Daar is ook na Harris en Tim Hart se verslae verwys wat nie beskikbaar is nie. Dit is daarom moeilik om inligting in die hande te kry en te verifieer.

Die onmisbaarheid van geskiedenis word direk en indirek in die riglyne van die EWK (Winter, Baumann 2005:11) neergelê. Om erfenisimpakassessering te doen, word 'n periodiese tydsgewrig (lae) onder drie breë kategorieë, Inheems, Koloniaal en Demokraties, verskaf en wat soos volg die geskiedenis, soos gesien deur Winter en Baumann, ondervang:

Laag 1: Inheems. Sluit paleontologie, geologie asook argeologie in, elk met sy eie tydsgewrig. Vyf argeologiese tye word onderskei – van die Vroeë Steentydperk tot en met die eerste kontak – laasgenoemde se tydraamwerk is ca. 1500 tot 1652.

Laag 2<sup>12</sup>: Koloniale periode: VOC (1652-1795), “Transition British and Dutch occupation (1796-1814)”, Britse periode (1814-1910); Unie van Suid-Afrika (1911-1961) en die Republiek van Suid-Afrika (1962-1994)

Laag 3: Demokraties: Republiek van Suid-Afrika (1994 tot hede).

---

11 Die biblioteek van NWU het in Junie met Antonia Malan, die Contract Office, UK, en Tim Hart(outeur) geskakel, maar sonder sukses (Coetzee 2015).

12 Indeling behoort te lees: Britse Administrasie (1795-1803), Bataafse periode (1803-1806), Britse era van die Kaapkolonie (1806-1910), Unie van Suid-Afrika (1910-1961), Republiek van Suid-Afrika (1961-hede).

Die afbakening van die proefskrif se studieperiode, 1792-1910, sou binne Laag 2 van bogenoemde uiteensetting val. Die 2011/12 Tokai-woningterreinplan se basisverslag fokus hoofsaaklik op die Britse periode vanaf 1883. Dit word gedoen danksy die nalatenskap van Georgina Lister (1960) en historiese argitektuur. Maar Laag 1 kry weinig aandag in die 2011/12-plan. Die voorlopige konsepverslag se Laag 1-verslaggewing stel dit dat die argeologie van die werf onbekend is, maar vervolg dan met 'n aanhaling uit Aikman, Malan en Winter (2001:37): die werf is “potentially a rich archaeological site of colonial period archaeology” (TMNP 2011b:17). Weerspreek die skrywer, Thorold, homself? “The multi-disciplinary HIA Baseline Study included site inspections, a Phase 1 archaeological survey...” (TMNP 2011c:4). Daar is dus nie 'n argeologiese opname gedoen nie, behalwe om die terrein aan die noorde- en suidekant van die woning waar strukture afgebreek is, vir argeologiese ondersoek te oormerk (:17).

Sleutelkwessies, wat erfenisspesialiste moet aanspreek, is onder meer armoede (Winter, Baumann 2005: 12). Slawerny, die rol van vroue, landbou en water is van die temas wat moet aandag geniet, veral omdat Tafelberg reeds 'n beskermde gebied en area is (:13). Daar word nie in die 2011/12 Tokai-woningterreinplan verwys na die maatskaplike gevolg van die uitsetting van werkers in die historiese Bosdorp nie (TMNP 2012b:3). Die slawegeskiedenis word erken in soverre dat die Orpen-gebou “moontlik ook die slawekwartier kon wees”, maar wel die wynkelder was (2011c:10). Die 2011/12 Tokai-woningterreinplan erken tereg dat daar geen primêre navorsing onderneem is nie (:4).

Hoewel geskiedenis en geskiedenisnavorsing dus direk en indirek in die beginsels van die EWK genoem word, ontbreek daar steeds 'n metodiek van verslagskrywing. Ook laat die voorbehoud ten opsigte van historiese argitektuur die indruk dat geskiedenisnavorsing 'n reeds ontginde gebied is en dat dit nie nodig is om verdere navraag daarvoor te doen nie. Die riglyne (Laag 1-3) hierbo genoem, toon sterk ooreenkoms met die struktuur van die 2001-status quoverslag (Aikman, Malan, Winter 2001). Voorts kom die tydsgewrigsindeling uit die pen van argeoloë, wat Laag 1 in detail indeel, terwyl die koloniale era, waar daar argiewe met materiaal bestaan, baie kortliks saamgevat word. Die EWK-beginsels verskaf nie werklik riglyne aan professionele lui wat nie geskiedenisopleiding het nie.

### **6.2.3 Die begrip erfenishulpbron – meervoudige betekenis**

Die begrip “erfenishulpbron” is in 'n sekere sin misleidend, omdat die woord se omskrywing nie die betekenis ten volle uiteensit nie. Ook is daar 'n ongedefinieerde proses wat 'n erfenismerker of “informant” loop totdat dit 'n erfenishulpbron word. Die kar word as 't ware voor die perde ingespan, want nie alle erfenismerkers word erfenishulpbronne nie. Hier word gedink aan 'n ou huis van meer as 120 jaar in Groenpunt, maar omdat daar nie 'n erfenismerker of “informant” aan die huis gekoppel word nie, mag dit gesloop word (*Cape Argus* 2015). Die ongedefinieerde pad van 'n erfenismerker tot 'n erfenishulpbron gee aan die erfenisagentskappe, sowel as erfenisspesialiste, die ruimte om 'n erfenismerker af te gradeer, onder meer sodat een of ander ontwikkeling gedoen kan word. So is Huisnr. Een, die eerste prototipe van

'n Bosbouhuis en wat heelwaarskynlik met inheemse hout van Tokai gebou is, gegradeer as 'n Graad 3b (TMNP 2011a:31). Dit dien tans as kantoor van Tokai-park. Die huis is onmiddellik in 'n kantoor omskep, dus intern verander, nadat die laaste inwoner in 2012 uitgetrek het. Die Graad 3b-gradering behels: “Bewaar. Behou en verhoog betekenis. Behou historiese materiaal (oorwegend uiterlike boumateriaal)” (:32). 'n Erfenis of 'n kulturele objek met 'n kultuurinhoud kan dus na willekeur 'n erfenishulpbron word of nie. Voorts bepaal die gradering van erfenishulpbronne die waarde- of batetoevoeging vir die staat en sy mense. Sonder 'n behoorlike geskiedeniswaardasie, taksering of assessering, kan dit maklik gebeur dat die hulpbronstatus van 'n erfenis afgegradeer word, soos in die geval van die Melck-skuur (Colyn 2015), of die voorplein van die Tokai-werf waar die Bosbouklaskamer moontlik steeds bestaan, nou as bystandsgebou, maar die area nou perdekampe word, sonder dat daar 'n historiese merker vir perde op die plaas is (Diagram 43-7,86 Bylaag B).

Artikel 2 (xvi) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25, 1999, verklaar 'n erfenishulpbron as “enige plek of voorwerp van kulturele betekenis”. 'n Hulpbron word egter ook as “enigiets wat tot nut vir die mens is, veral met betrekking tot bestaansmiddele” omskryf (Odendal e.a. 2005:431). Hier word dus onderskei tussen konkrete hulpbronne, maar Art. 5 (a) - (c) binne die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne kry die konsep, hulpbron, ook 'n oordragtelike betekenis. In die sin van “erfenishulpbron” suggereer dit 'n hulpbron wat bydra tot die erfenis van die staat en sy mense. Die definisie van kulturele betekenisinhoud, Artikel 2 (vi) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, wat voorsiening maak vir die estetiese, argitektoniese, historiese, die wetenskap, sosiale, spirituele, taalkundige of tegnologiese waarde of betekenis, gaan die verklaring as 'n erfenishulpbron vooraf. Nou aansluitend hierby is omskrywings uit die kultuurgeskiedenis, waar kulturele betekenisinhoud ook 'n hulpbron is. Naude (2000:41) meen tereg dat kulturele hulpbronne uniek en nieherwinbare hulpbronne is. Naude se omskrywing van kultuurerfenis word ontleen aan 'n definisie van D.D. Fowler in 1982(:1), wat fisiese kenmerke, beide natuurlik en mensgemaak, geassosieer met menslike aktiwiteite, insluit. Dit behels persele, strukture en voorwerpe wat individuele en groepsbetekenis in geskiedenis, argitektuur, argeologie of die menslike (kulturele) ontwikkeling het. Ook Kotze, Van Rensburg (2003:I) verkies Fowler se definisie, maar brei dit uit om aan te toon wanneer 'n erfenis kulturele betekenisinhoud het. Agter die proses staan vakwetenskaplike kennis.

Die samehang tussen die vakwetenskaplike, die erfenismerker, die klassifisering van die erfenishulpbron, wat dus volgens die wet aan die kulturele betekenisinhoud gelyk gestel word, is dan die estetiese, argitektoniese, geskiedkundige, wetenskaplike, maatskaplike, geestelike, taalkundige of tegnologiese waarde of betekenis, soos omskryf in die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, omskrywings 2.iii en vi. Die uitkoms van navorsing voltooi daarom die kringloop van erfenishulpbronne van skepping of gebruik tot rekordhouding. Dus, sonder die dissiplinêre of vakwetenskaplike bepaling van die waarde of betekenis van die kultuurerfenis of die erfenishulpbron, word die wet nie ten volle nagekom nie. Waar die skep van

'n geskiedenis van kultuurgoedere in 'n herskepte vorm, dus wetenskaplike geskiedskrywing, bestaan en gebruik kan word (tot voordeel van die staat en sy mense), is die navorsing daarvoor en die beskrywing daarvan ook 'n hulpbron. Dit maak geskiedenis as wetenskap of dissipline 'n hulpbron vir die bestudering van erfenishulpbronne. Indien geskiedenisnavorsing nie na behore gedoen word nie, ly die proses van erfenishulpbronbestuur skade.

Blote verwysings na byvoorbeeld die moontlike voorkoloniale teenwoordigheid van 'n inheemse groepering aan 'n area, soos op Paneel 5 van die 2012-verslag (TMNP 2012), na aanleiding van die 2001-verslag (Aikman, Malan Winter :41), voldoen nie aan die omvang van die bepalings van 'n lewende of prekoloniale geskiedenis nie. Die aanname, dat daar jagterversamelaars en herders in die area was, kan nie betwis word nie, maar ook nie summier aanvaar word nie, want sekere historiese merkers moet daarmee saam genoem word<sup>13</sup>. Dus word die argeologie en antropologie as hulpbronne nie werklik aangewend nie en die graderingsproses is nie volledig nie. Hier is dus meer as een vakwetenskaplike bydrae nodig om die prekoloniale geskiedenis op te teken. Hierdie algemene beginsels van kultuur- of hulpbronbestuur word in Artikel 5 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne uiteengesit. Hoewel die wet se omskrywing van erfenis tot 'n erfenisooreenkoms, -register, -hulpbronne, -bestuur en -plekke beperk word, is daar potensiaal vir verwarring. Daarom is Artikel 38 par. 3 van kardinale belang waar voorgeskryf word dat alle erfenishulpbronne se inligting verskaf moet word volgens die vereistes in paragraaf 2(a) na aanleiding van die erfenisimpakasessering. Artikel 38 beklemtoon die omvang van die navorsingebeginsels – erfenishulpbronbestuur kan nie dissiplinêre hulpbronne na willekeur marginaliseer nie, maar suggereer ook interdisiplinêre betrokkenheid. In die lig van Artikel 38 meen Naude (2000:48) dat argeoloë en antropoloë nie die alleenreg tot erfenisimpakasessering het nie. Dus vorm vakwetenskaplike rekords deel van die erfenishulpbron van 'n plek.

Hoewel die EWK die definisie volgens die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne gebruik, word daar geen verdere omskrywing gegee nie. Die EWK-riglyne gee vyf definisies in hul handleiding: argeologiese hulpbronne, kulturele betekenis, ontwikkeling, erfenishulpbronne, belangegroep en werf (Winter, Baumann 2005: Bylaag A).

#### **6.2.4 Erfenisrekord as plaaslike en / of streeksgeskiedenisnavorsing**

Die plek van 'n geskiedenis van Tokai moet ook binne geskiedenis as wetenskap geposisioneer word. In navolging van Scholz, aangehaal deur De Klerk (2009:3), bied die bestudering van plaaslike geskiedenis besondere moontlikhede om 'n samelewing op mikrovlak in al sy fasette te ondersoek. Wat later as Tokai-grond bekend sou staan, leen hom uitstekend tot so 'n geskiedenis. Tokai se geskiedenis is eerstens

---

13 Daar is geen tekens van rotstekeninge in die grot nie. Argeologiese opgrawings met oorblyfsels uit die Eerste Steentydperk is wel in die eerste helfte van die 1900's in die Constantia-vallei gedoen (Goodwin 1952:127-129). Kyk ook Hoofstuk 1. Hier word ook na die artikel van Arthur (2008) verwys.

plekgebonde, maar ook streeksgebonde, daar Tokai nie net geografies deel van die groter Steenbergvallei vorm nie, maar ook 'n geskiedenis van hout, wynbou en institusies deel. Die ontginning en oopstelling van die area en funksionele gebruik oor verskeie periodes wat aansluiting by die geologie, argeologie, die omgewings-, sosio-ekonomiese en kulturele geskiedenis vind, vereis 'n metodologie wat op navorsingsbeginsels van geskiedenis as wetenskap berus. Die omvang van die geskiedenis van Tokai word in die proefskrif tot ongeveer 1910 beskryf en dit skakel mondelinge onderhoudvoering uit – een van die metodes wat by plaaslike geskiedskrywing as 'n vereiste gestel word (Van Eeden 2014:36). Ingesetenes van 1910 is hier nie haalbaar nie<sup>14</sup>. Desnieteenstaande is die plekgebonde aard van Tokai se geskiedenis nou aansluitend by plaaslike geskiedenis.

So 'n geskiedenis behoort grootliks in die behoefte van 'n erfenisimpakassessering te voorsien, juis omdat dit nie kontemporêr is nie, maar verder terug die verlede ontsluit. Van Eeden (:38) onderskei dan ook erfenis as 'n tipe streeks- of plaaslike geskiedenis waarin verskeie temas bestudeer kan word. Daar kan dus 'n gemeenskaplike studieveld tussen erfenis as 'n navorsingsveld van geskiedenis en die metodologie van plaaslike of streeksgeskiedenisnavorsing gevind word. Trouens, waar plaaslike geskiedskrywing se metodologie by hernuwing bedink en herdefinieer word (:36-38), maak 'n plaaslike studie ook studieveld oop vir interdisiplinêre navorsing, soos argeologiese opgrawings, antropologiese studies en samewerking tussen ekoloë en argeoloë ten einde uit die plantegroei afleidings te kan maak oor die moontlike teenwoordigheid van prekoloniale groepe. 'n Plaaslike geskiedenis is selde voltooi of volkome afgehandel, maar dit skep die basis vir verdere vakgerigte en gespesialiseerde navorsing. Waar 'n plaaslike geskiedenis 'n plaas omskryf, het dit wel die potensiaal om verskeie aspekte van die plaas se verlede te rekonstrueer. Dit skep ook die geleentheid om die plaas se geskiedenis dieper te ontgin, omdat die plek so sentraal tot die gebeure staan. Die gebeure is gelokaliseer, maar terselfdertyd verbind aan gebeure op streeks- en nasionale vlak. Dit is dus nooit 'n studie in isolasie nie. Die historiese lae waarna Winter en Baumann (2005:14) verwys, kan met groot sukses in 'n plaaslike geskiedenis aangewend word.

Die versameling bronne oor die Constantia-vallei wat deur Thorold geraadpleeg is, dien nie werklik plaaslike geskiedskrywing nie. Die bespreek hoofsaaklik die mense met betrekking tot die wonings. Die uitsondering is die Todeschini-konsepverslag (2007) as 'n poging om enkele erfenismerkers van die vallei uit te lig, maar dit dra nie noemenswaardig by tot die streeksgeskiedenis van Tokai nie. Die verslag, wat hom ten doel het om 'n bewaringsplan vir die Kaapse wynlandstreek te ondersoek, is na aan 'n streeksgeskiedenisverslag, maar dit is taamlik beperk, soos die tema suggereer. Die houtgeskiedenis van die vallei word glad nie ontsluit nie. Die skrywer het van 'n vryskutnavorsers, Jean Blanckenberg, vir argiefnavorsing gebruik gemaak. Die verslag word onder meer deur Thorold-argitekte in die samestelling van die voorlopige basisverslag van 2011 genoem (TMNPc:4).

---

14 Ernita van Wyk (2015:22-4) het vir haar proefskrif onderhoude met Peter Good, seun van die bosboubestuurder, te Tokai, H.G. Good (1932-58), gevoer. Ek het ook in November 2011 met Peter Good per e-pos geskakel.



## **6.3 Navorsing en rekordhouding tydens erfenisimpakassessering, 2011/2012**

### **6.3.1 Konsepbasisverslag, 2011: problematiek**

Die eerste probleem is om die gedokumenteerde geskiedenis, wat vir die 2011-2012 erfenisimpakassessering gegeld het, op te spoor. Die tweede probleem ontstaan by die lees van die bronne deur die outeur van die gedokumenteerde geskiedenis, wat in die konsepbasisverslag, November 2011, (TMNP 2011c) opgegee word. Op die ou einde kom dit neer op presies dieselfde bronne, wat die afgelope dertig jaar en verder terug in die verlede, geraadpleeg word. Daar het dus weinig nuwe insigte bygekom. Thorold Architects het in 2009 noodsaaklike onderhoud aan die Tokai-woning gedoen toe dit in 'n erge toestand van verval was (TMNP 2011c:8). Dit was dus nie die argitek se eerste kennismaking met Tokai nie.

Die uitkoms van die ontwikkelingsplan van die historiese Tokai-werf het reeds in 2000 gestalte gekry toe daar 'n visie geskep is dat die CPNP se hoofkwartier in die Tokai-woning sou wees en dat Tokai die hooftoegang van die sentrale area van die CPNP sou wees (Aikman, Malan, Winter 2001:50-1). Die visie neem tussen 2000 en 2006 vorm aan, soos blyk uit die impakassesseringstudie van Tokai- en Cecilia-plantasies in (TMNP 2006:4) : “... daar word verder beplan om toegang te konsolideer na TNP met groter besoekerspunte... met potensiële akkommodasie van 'n museum van (vir) bosbou / landbou / 'n teetuin / restaurant / kuriowinkels / publieke kantore / jeugherberg en oornagplek”. Die “Constantia-Tokai Valley Local Area Growth Management and Development Plan” word ook deur genoemde verslag aangehaal. Genoemde verslae identifiseer die Tokai-woning en die Porter-skool as 'n “aktiewe area” waarin die woning vir publieke gebruik soos funksies geormerk word en die werf toegang tot plantasies en die berg verleen. Die finale raamwerkplan van Tokai en Cecilia van Mei 2009, bevestig by herhaling die kerntoegangskonsep, maar dan onder ekotoerisme, naamlik om :

- die samewerking van die PWK te verkry sodat die Tokai-woning en buitegeboue as 'n veelvuldige gebruiksfasiliteit, die hoofkantoor van TNP en in ooreenstemming met die PWK se visie vir die perseel geormerk word
- 'n hoë volume gemengde besoekersentrum rondom die woning te oorweeg asook alternatiewe gebruike om besoekers te akkommodeer, die verskaffing van ondersteuningsdienste, die vestiging van 'n sentrale kerntoegangspunt na die Park, en ekonomiese geleenthede vir werkskepping
- alle aktiwiteite, wat fondse kan genereer, te evalueer ten einde die Park finansieel te onderhou
- lae impak ekotoerisme te bevorder, soos boomtopglytoere, perdry, bergfietsry, staproetes ens.
- die infrastruktuur soos Tokai-weg, die piekniekterrein, voetpaadjies en -toegangsplekke asook kennisgewingborde op te gradeer (TMNP 2009:9).

Hierdie aanbevelings stem inhoudelik ooreen met die sleuteloormerke en -aanbevelings van die 2012-plan. Die visie van die 2012-plan som dit so op: “To manage and develop Tokai Precinct as a vibrant 'Gateway' to TMNP where the environmental, cultural and social significance of the place is celebrated as a financially sustainable park for multi-use eco-tourism and recreational activity” (2012b:1).

In effek beteken dit dat die besluitneming om die Tokai-werf en aangrensende persele te ontwikkel, reeds op grond van - of moontlik sonder - 'n erfenisimpakassessering voor die 2011-ondersoek gedoen is. Wat nodig was, is die goedkeuring van die erfenisagentskappe, en dit het op sigself behels 'n voorafgaande openbare deelnameproses. Die konsepbasisverslag is dus net 'n formaliteit wat afgehandel moes word. As 'n historiese brondokument kan dit hoogstens agtergrond vir eintlike navorsing verskaf.

### **6.3.2 Inhoudelike kwessies van die konsepbasisverslag se historiese komponent**

Alvorens daar kommentaar op die inhoudelike van die 2011-basisverslag gelewer word, word genoem dat die 2011/12-beplanning nie 'n omgewingsimpakstudie betrek nie. Dit gaan suiwer oor die werf en aangrensende 'sub'-werwe, dus 'n taamlik dig beboude omgewing vir 'n voormalige plaasopset. Die werwe kombineer kulturele nalatenskap van vier sosio-ekonomiese verledes, naamlik die Kompanjie se houtveld, landbougeskiedenis, bosbougeskiedenis en die institusionele geskiedenis van die Porter-nalatenskap. Dit is in die lig van hierdie sosio-ekonomiese geskiedenis wat kommentaar op die 2011-basisverslag en sy konsepverslag uitgespreek word. Die institusionele geskiedenis word beperk tot die gebruik van die geboue.

Historiese navorsing om die moontlike inhoudelike waarde van erfenishulpbronne vas te stel, word eers onderskei van blote erfenisstudies. Erfenisstudies is 'n toegepaste wetenskap oor die bestuur, bewaring, benutting en aanbieding van erfenishulpbronne. Dit word onderskei van geskiedenis, wat 'n rekonstruksie van die verlede is deur verslaggewing oor die historiese rekord volgens aanvaarbare wetenskaplike metodes (Du Pisani 2015). Die veronderstelling is dat historiese navorsing reeds afgehandel moet wees voordat erfenishulpbronne geïdentifiseer en gegradeer kan word. Die EWK-riglyne bepaal dan ook dat die histories-argitektoniese landskap se benadering in die praktyk berus op dokumentêre navorsing wat verband hou met die erfenishulpbronne, veral wanneer die ouderdom en verskillende historiese lae uit navorsingsmateriaal (kaarte, foto's, bouplanne ens.) sigbaar word. Ook moet die gebruike aangeteken word in ooreenstemming met eienaarskap oor tyd. Dit moet deur argivale en / of sekondêre bronne bepaal word. Die vlak van bemoeienis hang af van die bestaande basiese inligting, “this may involve a review of existing published sources or extensive archival research” (Winter, Baumann 2005:41). Ook Art. 4 van die Burra-handves (I 2013) bepaal die gebruik van alle kennis, vaardighede en dissiplines wat kan bydra tot die studie en versorging van die plek vir bewaring.

Daar is reeds gewys op die omvang van die bronnelys en die oorbeklemtoning van Harris se voorlopige verslae in die konsepbasisverslag deur Thorold. By verdere navraag het Harris my na Aikman verwys (Harris 2015a). Harris bly slegs 'n sekondêre bron wat Thorold gebruik het (TMNP 2011c:4). Dit maak dat die betroubaarheid van die konsepbasisverslag medium tot laag is (Winter, Baumann:51). Medium word toegeken weens die beperkte aanwending van sekondêre bronne en laag weens drie redes: die geskiedenis-komponent is deur meer as een persoon tydens die openbare deelname gekritiseer (TMNP 2012a:3-8 e.a.). Die tweede rede lê in die fokuspunt, Porter se geskiedenis deur die hoofbronne, Harris en Aikman et al en derdens die sosio-politieke veranderlike deur SAEHA wat onmiddellik die Porter-erfenishulpbron as 'n nasionale merker verklaar, maar die geboue wat daarby betrokke was, toelaat om afgegra-deer te word. Dit is ook teenstrydig met Art. 5(d) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne om politieke wins uit die verklaring te maak, sonder dat daar 'n behoorlike erfenisimpakassessering van die Porter-skool gedoen is. Die voorveronderstelling is 'n stelsel van onderdrukking weens koloniale segregasie waarin kinders van hul families en geliefdes vervreem is (Aikman, Malan, Winter 2001:44,45,47).

Enkele onjuiste aannames is onder meer gronduitgifte van Steenberg wat uit drie plase saamgestel is: Zwaanswyk (1688) Harmanskraal (1711) en Raapekraal (1717) (TMNP 2011c:5). Dit strook nie met inligting van die Kantoor van die Landmeter-generaal nie (DRDLR 1880f). Die verband tussen die Steenberggrond en die Rauch-uitgifte van 1792 word ook nie aangedui of verklaar nie. Genealogiese en biografiese gegewens van die Eksteens is onjuis (TMNP 2011c:6), so ook die bankrotskap van die plaaseienaar in 1883, die beskrywing van “Buffelskraal” as 'n regeringsveepos<sup>15</sup> met uitstekend weiding; of dat die Eksteens se ou groentetuine met nuwe tuinery, vrugteboorde en die aanlê van nuwe wingerde “on the upper slopes of the farm” deur die seuns van die Porter-skool gedoen is<sup>16</sup>. Hoewel die argitek na die “Convict outstation” in die Orpen-kompleks verwys, is dit dieselfde blyplek wat hy aan die Porter-skool se seuns toeskryf (:7), maar sonder verdere verheldering. Hy kontamineer twee name as hy praat van “Captain Harry Orpen” wat die hoof van die gevangenes was. Kaptein Christopher Harison, die streeksbosbewaarder, het tussen 1888 en 1892 in die Tokai-woning gewoon. Superintendent Hermann Orpen<sup>17</sup> was die hoof van die oorkoepelende Tokai Convict Station, ingesluit die gevangenis naby die Ondertuine en die Porter-skool (Diagram 53-4 Bylaag B).

Die skrywer van die 2011-konsepverslag se bronnelys spreek nie die omvang van die plaas se geskiedenis aan nie. Selfs Bosbou se geskiedenis word beperk tot opvoedkunde en die arboretum. Op die ou einde word die strukture ontkoppel aan die menslike aktiwiteite wat onmiskenbaar besluitnemer, skepper en dienskneg was, want daar is nie 'n geskiedenis om menslike aktiwiteite te ondersteun nie. Daarteenoor

---

15 Sleigh (2004:173) meen dat daar sedert 1682 geen rekord meer vir skape was nie. Weiding was 'n probleem vir die hele Constantia-vallei, omdat die gebied arm aan natuurlike weiding is (NASA, KAB 1803d).

16 Vide Hoofstuk 4. Bosbou het die “upper slopes” in geheel betrek (NASA, KAB 1883n;1898).

17 Hermann Orpen het in Julie 1895 Superintendent van die Porter Reformatory geword (NASA, KAB 1899d).

word die Porter-instelling baie hoog deur SAEHA (TMNP 2011:31) en die EWK (Winter e.a. 2005:26) aangeslaan - laasgenoemde lys dit binne die konteks van historiese institusionele landskap, terwyl SAEHA dit as van hoë kulturele betekenis ag. Streng gesproke behoort dit juis 'n sosiale geskiedenismerker te wees. Dit is asof die werklike geskiedenis nie saak maak nie. Die geskiedenis is los stukkies inligting wat aan strukture gekoppel kan word.

Die direkte gevolg is die breë speelveld wat vir die ontwikkelingsplan geskep word, byvoorbeeld waar die pastorale aard van die Khoina met die veepos van die VOC verbind word<sup>18</sup>; en die plaasaktiwiteite van voor 1883 word met die landbouaktiwiteite van na 1890 verbind, ongeag die verskil in persele, tyd en mense. Die verslag is 'n willekeurige seleksie van historiese inkleding ten einde die enkelvoudige probleemstelling, wat nodig is om die ontwikkelingsplan te laat slaag, te omlin. Die historiese opsomming staan ongelukkig in die gees van 'n verpligting om die erfenisagentskappe se goedkeuring te verkry.

Die belangrikste historiese bron vir die 2011/2012-beplanningsverslag van die Tokai-werf, bly die status quo-verslag van 2001. In die lig van die feit dat die 2001-verslag vir Harris op 'n paar plekke aanhaal, is daar nie die noodigheid ingesien om Harris se notas te probeer opspoor nie. Wat Harris betref, verlaat ek my op die oordeel van Aikman, Malan en Winter (2001:51), soos bevestig deur Harris, naamlik dat sy navorsing bloot 'n versameling notas is (Harris 2015b). Thorold se inkleding as tussentydse verslae is dus nie korrek nie.

#### **6.4 Statutêre mag van die kliënt, Tafelberg Nasionale Park**

Die finale beplanning en goedkeuring van die 2011/2012 ontwikkeling behoort nie die statutêre posisie van Sanparke, en spesifiek TNP, uit die oog te verloor nie. Hoewel dit TNP bemagtig om onafhanklik op te tree, is die besluitneming rakende erfeniskwessies steeds onderhewig aan die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999. TNP is 'n Skedule 3(a) openbare entiteit volgens die Wet op Finansiële Bestuur, Wet no. 1 van 1999 (TMNP 2011a:14).

Die park se oorkoepelende bestuursplan word in 2008 goedgekeur ingevolge die omgewingsbestuurswet, National Environment Management: Protected Areas Act, Wet 57 van 2003 (NEMA:PA). Daarvolgens word die Tokai-woning en werf se opgradering as 'n kernbestuursprogram geïdentifiseer. Dit maak voorsiening vir 'n langtermynhuurooreenkoms met die PWK, wat insluit die oprigting van die nuwe TNP-hoofkantoor en ander kantore binne die Tokai-werf teen 'n kapitale belegging van R12 miljoen (TMNP 2012b:6;7). Die langtermynhuurooreenkoms wat in Maart 2011 'n aanvang neem, bepaal dat die Tokai-woning en onmiddellike omgewing ontwikkel en bestuur moet word as eerstens 'n openbare hulpbron, tweedens as 'n integrale gedeelte van TNP en derdens tot die voordeel van die mense van Kaapstad, die provinsie en besoekers aan die stad (TMNP 2011a:17). Die kernogmerk fokus op die “opgradering,

---

18 'n Enkele verwysing na Khoina verskyn in Pistorius en Todeschine (s.j.:68).

gebruik en bestuur van hierdie betekenisvolle erfenishulpbron wat nou deel van TNP vorm”. Die hervestiging van die TNP se hoofkantoor, toegangsroetes, konsultasie met belangegroep en die goedkeuring van die relevante owerhede om die ontwikkeling te doen, vorm deel van die beplanning (TMNP 2011a:1). Twee van die drie voorwaardes soos dit in 2011 gestel word, sou moontlik die erfenisbewaring insluit, maar op die oog af is dit verskans. Dit vorm egter 'n baie belangrike gedeelte van die huurooreenkomst. Die voorwaarde, “opknapping en verbetering aan die geboue en omliggende area” (DTPW 2011:5; TMNP11a:17), gaan gepaard met 'n R12 miljoenbelegging van die PWK wat TNP moes onderneem. Dit sou nie gedoen gewees het as daar nie 'n voorafgaande konsepplan op die tafel was nie – soos in die 2009-verslag aangetoon word (TMNP 2009:9). Op daardie wyse kry die TNP ook kapitale magtiging vir die ontwikkelingsplan. Die alles omvattende oogmerk van die 2012-ontwikkelingsplan sluit dus direk by die 2009-voorstel aan: “to guide the upgrade, use and management of this significant heritage resource which now forms part of the Table Mountain National Park” (TMNP 2012b:3). Die Tafelberg Nasionale Park is statutêr deur NEMA:PA en die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne verbind om die erfenishulpbronne van Tokai te bewaar en te beskerm.

Die NEMA:PA verbind Suid-Afrika met onder meer verskeie internasionale ooreenkomste, verklarings, resolusies, konvensies of protokol wat almal verband hou met die bestuur van die omgewing. Kotze en Van Rensburg (2003:II) plaas dienooreenkomstig historiese en kulturele hulpbronne as komponente van die natuurlike omgewing wat Suid-Afrikaanse hulpbronne onderwerp aan bewaringsmaatreëls van nasionale en internasionale wette. Suid-Afrika is 'n lid van die ICOMOS<sup>19</sup>-handves. Dit is dus nie onredelik om die Burra-beginsels te gebruik om die 2012-ontwikkelingsplan te evalueer nie. Dit sou beteken dat die toepassing van die Burra-beginsels in samewerking met ICOMOS SA (Internasionale Raad vir Monumente en Persele, Suid-Afrika), gebruik kan word indien daar 'n skaakmatsituasie oor die bewaring en ontwikkeling van 'n perseel ontstaan. Maar in 2015 dien van ICOMOS SA se personeel<sup>20</sup> op komitees van die EWK. Belangegroep is moontlik om dié rede huiwerig om skaakmatsituasies met onderhandelinge te probeer besleg. Onkunde omtrent die Burra-handves en finansiële beperkinge kan ook bydraend wees.

Die enigste manier waarop die uitkoms van die omvattende oogmerk getoets kan word, is deur dit te toets aan 'n wetenskaplike nagevorsde rekord. TNP het nie belê in argiefnavorsing nie, maar hom verlaat op

---

19 International Council for Monuments and Sites is 'n nieregeringsorganisasie wat in 1965 gevorm is. ICOMOS hou 'n wakende oog oor die filosofie, terminologie, metodologie en tegnieke van kulturele erfenisbewaring. Dit staan in 'n noue verband met UNESCO, in besonder t.o.v. wêrelderfenis. Die lede sluit in argitekte, stadsbeplanners, demografe, argeloë, geografe, historici, bewaarders, antropoloë, wetenskaplikes, ingenieurs en erfenisadministrateurs (ICOMOS Australië 2013).

20 Die visepresident, J. Levin, asook S. de Kock, is betrokke by komitees van die EWK (ICOMOS SA s.j.).

die aanbevelings van die konsultant en sy assosiate. Het die TNP sy voogdyskap ten opsigte van erfenishulpbronbestuur gesystap? Reeds in 2006 word gewaarsku dat “field ratings” of identifikasie en gradering van erfenis in die omgewing nie net die erfenis bedreig nie, maar ook die betekenis en kwesbaarheid daarvan verbloem (TMNP 2006a:34). Die inhoud van die konsepbasisverslag suggereer duidelik dat daar nie 'n lys vir erfenisse beskikbaar is nie, maar dat die konsultante hul moes laat lei deur erfenisimpakstudies van vorige verslae. TNP se interne kulturele bestuur val onder die Departement van Mense en Bewaring (People and Conservation). 'n Personeellid in die Beplanningseksie is die kurator van die lys wat bykans al die erfenispersele aandui. Dit sluit Tokai-park in. Die lys is nie direk toeganklik nie, maar daar kan by die Bestuurder van die Departement aansoek gedoen word. Die oorkoepelende bestuur van erfenis sorteer onder die Erfenisbestuurder, Sanparke, Pretoria (Mojapelo 2015).

## **6.5 Enkele sleutelaanbevelings in stryd met die gees van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999**

Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne het nie 'n handves om die stappe vir erfenisassessering te implementeer nie. SAEHA het beoog om 'n Suid-Afrikaanse handves, geskool op die Burra-handves, op te trek, maar dit het nog nie gebeur nie. Die Burra-handves is die Australiese ICOMOS-handves vir plekke van kulturele betekenis (betekenisinhoud) (Naude 2000:39,48). Die Burra-handves word ook deur die Departement van Openbare Werke vir staatsgeboue gebruik. Dit het sy ontstaan in 1979 in die dorp, Burra, in Australië. Die handves is gebaseer op die Gedragskode van Venesië van 1964. Een van die belangrike beginsels van die Burra-handves is om erfenisassessering en die toekomstige bestuursbesluite van 'n plek te skei. Daardeur word die waarde van 'n plek eerste geplaas en daarna die behoeftes van 'n kliënt (:51). Die Burra-handves is 'n voorstander van 'n versigtige benadering tot verandering: doen soveel as moontlik om 'n plek bruikbaar te maak, maar verander andersins so min as moontlik sodat die kulturele betekenisinhoud behoue bly (ICOMOS Australië 2013).

### **6.5.1 Tokai-werf betree 'n nuwe era met nuwe sleutelpuntontwikkelings**

Volgens Art.2 en 3 van die Burra-beginsels (ICOMOS Australië 2013) moet plekke van kulturele betekenis bewaar word. Die doel van bewaring is om die kulturele betekenisinhoud van 'n plek te behou. Bewaring is 'n integrale deel van die goeie bestuur van plekke van kulturele betekenis: “Places of cultural significance should be safeguarded and not put at risk or left in a vulnerable state.” Die bewaring word gebaseer op die respek vir die bestaande materiaal, gebruik, assosiasies en betekenis. Dit vereis dus 'n versigtige benadering waar so min as moontlik verander word. Verandering aan 'n plek mag nie die fisiese of enige ander getuienis versteur nie. Dit mag ook nie vals of 'n veronderstelling wees nie. Art. 4, wat bewaring aanspreek, vereis die gebruikmaking van alle kennis, vaardighede en dissiplines wat kan bydra tot die studie en versorging van die plek.

Die voorgestelde verandering op die werf het weinig historiese begroning. Die bewaring deur gebruikbeginsel van ICOMOS, Australië (2013) is verwyder van die historiese of kulturele betekenis van Tokai-werf. Van die tien sleutelaanbevelings het twee direkte historiese konneksies, naamlik Orpen-kompleks, en die arboretum. Daar is 'n verder indirekte verwysings na die arboretum en die Bosdorp, wat nêrens per naam genoem word nie, asook die ongebruikte geboue op die werf. Laasgenoemde word ook nie by die naam genoem nie. Ook word die voortuin en boorde tussen die ou wapad, noord en suid van die promenade en ingehok met die rivierkronkel glad nie as 'n historiese terrein in die sleutelaanbevelings benoem nie (TMNP 2012b:1-2). Dit staan in 'n nuwe konsep van kernaktiwiteitsarea wat die meentarea insluit en het “hoë kulturele en erfeniswaarde” (:27). Omdat dit saam met die voorwerf van die woning en die twee buitegeboue gesoneer word, is dit onduidelik waarna die gradering verwys. Ook die Konsepbasisverslag (TMNP 2011c:9) gee nie veel ondersteuning nie. Die Orpen-gebou word wel as Graad 3A en die stal-kompleks as 3C gradeer (:18; a:31). Die lys van die direkte en indirekte historiese verwysing in 2012 (TMNP 2012b:1-2) sien so daaruit:

- Orpen-kompleks: “dit vereis dringende herstelwerk, verbeteringe, asook 'n langtermyn strategie. Dit verteenwoordig 'n toepaslike ontwerp- en opleidingsentrum, met publieke en private vennootskappe. Ingrypende herstelwerk is nodig om verdere verval te voorkom”.

Die oogmerk van TNP is om die gebruik van die geboue op tender uit te plaas, bv. as 'n produktemark, tuinery en avontuuraktiwiteite, waar die kontrak die opgradering en / of instandhouding van die gebou insluit. “The financial viability of the entire Precinct will be the backbone to the success of the project.” (TMNP 2012b:12) Die gebruikskonsep van die Burra-handves word dus deels in die vooruitsig gestel, maar die opknapping van die gebou is steeds nie aangespreek nie (Persoonlike besoek, April 2015).

- Die arboretum: “Dit word as een van die juwele van die werf<sup>21</sup> beskryf en vereis 'n konsortium van medewerkers ten einde die ambiance te verbeter; ook die skep van fasiliteite met geleenthede vir werkverskaffing deur die Uitgebreide Publiekewerksprogam” (TMNP 2012b:2).

Die fasiliteite word nie gespesifiseer nie. Boomtopglytoere word wel in die vooruitsig gestel (TMNP 2012b:12).

- Lister's Place (Teekamer in die arboretum): “die herontwerp van en implementering van 'n Bosbouerfenismuseum of inligtingsentrum vir omgewingsopvoedkundige programme, maar met 'n beperkte verversingsfasilitei”t (:2).
- Bosdorp: “die afbreek daarvan sodat die area deel kan vorm van die fynbosbuffer en (suidelike) grens van die Park:” (:2).

---

21 Die arboretum is nie op die hoofwerf of 'n subwerf geleë nie. Rycroft en Poynton (1986:18) beraam die grootte in 1984 as 13,9 hektaar.

- Ongebruikte werfgeboue: “die uitreiking van konsessies vir die ongebruikte geboue op die werf” (TMNP 2012b:1-2).

Die sleutelaanbevelings kan nie losgemaak word van 'n ekonomiese doelwit nie. Die geboue se gebruik moet die oorlewing of bewaring daarvan waarborg: “To ensure the heritage buildings are adequately protected, conserve and refurbished to an appropriate and economically viable mix of uses” (:21). Die bestuur van die kulturele erfenis word as 'n sleutelbeginsel gereken naas die bestuur van die biodiversiteit en is 'n korporatiewe strategie van Sanparke (:22).

Die ander sleutelaanbevelings sluit in die opgradering van Tokai-weg; ontwerp en bou van 'n nuwe hoofkantoor vir TNP op die suidelike oewer van die Prinskasteelrivier (waar daar tans drie bosbouerhuise staan); 'n gedetailleerde plan vir ruiters met opleidingsfasiliteite in samewerking met Porter-grond; ontwerp en implementering van verskeie kerntoegangspunte en die verbetering van padaanwysings en inligtingsborde; die uitfasering van die totale navorsingsterrein (dus insluitend Bosdorp, hierbo genoem); die implementering van elektriese heinings om bobbejane uit die kerntoegangsarea en ander publieke areas te hou en laastens, die uitreiking van konsessies vir verskeie ongebruikte geboue op die werf, sodat die kerntoegangskonsep suksesvol kan wees (TMNP 2012b:1-2).

Die gevolgtrekking van die plan word gesien as “toepaslik en onderhoubare bewaring en ontwikkeling as saambindend tot die visie en strategie van die werf se ontwikkelingsplan vir die langtermyn ondersteuning van die hele gebied, sodat dit as 'n uitstaande erfenis, skoonheid en potensiaal bestuur kan word” (:2). Art. 6 van die Burra-handves (ICOMOS Australië 2013) stel die begrip van kulturele betekenis as 'n voorvereiste vir die ontwikkelingsbeleid en die bestuur van die ontwikkeling. Die behoeftes van die ontwikkelaar word terselfdertyd nie weggelaat nie, maar moet naas die toekoms van die plek, hulpbronne, eksterne beperkings en die fisiese kondisie van die plek in aanmerking geneem word. TNP het met die akkommodering van perde-eienaars homself verbind tot 'n konflik van belange. Weens die uitgebreide fynbosprogram wat siklusse van veldbrand moet gaan, kan geen akkommodasie vir belangegroepe buite die gereserveerde erwe aangebied word nie. Dus word alle potensiële ekonomiese aktiwiteite, insluitend die akkommodasie van perde, in die werf ingedruk. Die aktiwiteite soos fietsry, stap en perdy word uiteraard op gegewe berg-en ander paadjies buite die werf beoefen.

## **6.5.2 Besluite teen die gees van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999**

### **6.5.2.1 Reservering van die Tokai-werf en kernaktiwiteitsarea**

Art. 2 en 3 van die wet lig onder meer plekke, strukture en landskappe van kulturele belang as komponente van die nasionale eiendom, asook die belangrikheid van 'n slaweperseel uit. Die bestuur van erfenis behoort dus tot die voordeel van die breë gemeenskap van Suid-Afrika te wees. Hoewel Sanparke statu-



têre mag het, is die bestuur van Tokai-park se sterk historiese verbintenis steeds onderhewig aan die bepalinge van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, soos bepaal deur Art. 5. Juis omdat Tokai-park se geskiedenis so omvattend oor meer as 350 jaar onder verskillende koloniale regerings strek, bied dit 'n unieke blik op landskapbenutting en menslike interaksie. Des te meer kan Tokai dus nie groepe uitsluit of een groep en sy belange uitlig bo ander groepe nie. So 'n beleid sou in ooreenstemming wees met Art. 5 van die Burra-handves (ICOMOS Australië 2013) wat bepaal dat alle belanghebbende groepe se erfeniswaardes gelyke status moet geniet. Sekere tydperke mag nie ten koste van ander tydperke beklemtoon word nie.

Die CPNP-verklaring van 2002 stel dit dan ook duidelik dat die gebruik van die Tokai-werf tot die publiek se voordeel moet wees (TMNP 2006:12). Dit is die gevolg van 'n aanvanklike standpunt dat dit nie net tot die benutting van 'n elite-groep moet wees en so groepe wat dit nie kan bekostig nie, uitsluit (:5,12). Deur 'n erfenis vir die gebruik van een belangegroep, veral 'n elite-belang, te reserveer, sluit die die res van die publiek, wat nie belang kan bekostig nie, uit. Dié twee elite-aktiwiteite is bergfiets en perde. Hoewel die 2012-verslag (TMNP 2012b:12,15,16,20) nie daarna as elite-aktiwiteite verwys nie, bly fondsgenererende aktiwiteite 'n prioriteit. Volgens die 2012-verslag skeep die werf geleentheid vir publieke- en private vennootskap. Die berg bied wêreldklas rygeleenthede vir bergfietsers (:15,20). Die TNP beweer dat die Tokai-werf diep wortels van ruitery het en dat dit 'n gevoel van plek of ruimte aan die werf sou gee. Dit verskaf ook sosiale en opleidingsfasiliteite. Die plan maak dan ook “betekenisvolle voorsiening vir hierdie aktiwiteit...” (:16). Die area word deur die plan as die kernaktiwiteitsarea gedefinieer (:27). Ongelukkig sluit die perdekampe, die grootte van die diere, perdemis en vlieë nieperderuiters uit. Ander opsies soos fietsverhuring, kaartjieverkope vir perdry en dies meer, word wel genoem, maar weer eens, met perde en fietse, wat reeds kompetisie ten opsigte van terrein, paaie en aktiwiteit suggereer, maak dit die werf en die historiese tuine/boorde waar die Bosbouskool was, selektief aktief en moeilik toeganklik vir die breë publiek.

Bergfietsry is 'n baie gewilde sport, maar om dit te kan doen, moet 'n gebruiker 'n toegangskartaat koop wat nogal baie bedra. Dan is daar ook die fiets, toebehore en dies meer wat die bedryfskoste opstoot. Deur 'n gebou, soos die stalkompleks, op konsessie uit te gee, heelwaarskynlik aan die fietsrygemeenskap (TMNP 2012b:28), maak daardie gebou ontoeganklik vir die res van die publiek. Dieselfde geld vir die hele voorplein of kernaktiwiteitsarea (:28,29, 57). Dit is 'n publieke area wat sedert 2012 met perdekampe gevul geraak het. Die sogenaamde perd en Tokai-verwantskap van Tokai wat deur die TNP uitgelig word, is histories onjuis. Muile is tot in 1983 op die plaas gebruik (Aikman, Malan, Winter 2001:50). Maar die doelwit word 'n regverdiging, moontlik om die geskiedenis vir finansiële voordeel te verdraai: “To recognise the importance of forestry and horses as key elements of the history of the Precinct” (TMNP 2012b: 21). So 'n verdraaiing en onvolledige uitbeelding is teen die grein van alle handveste en bewaringswette, nasionaal en internasionaal. Artikel 3 van die Burra-handves verklaar dat 'n versigtige benadering vir

bewaring gevolg moet word “... wat ook nie vals of 'n veronderstelling mag wees nie” (ICOMOS Australië 2013). Ook is die gebruik van perdekampe op daardie tipe terrein, syferwatergrond, teen alle natuur-bewaringswette. Waar daar aanvanklik net kampe in die suidoostelike hoek was, is dit nou uitgebrei om bykans die hele terrein te vul. Die area wat nie benut is nie, is vleiagtig. Voorts gaan strukture van Bosbou verwyder word om meer plek te maak vir kampe. By gebrek aan 'n omgewingsimpakassessering (OIA) is dit 'n futiele besluit vir daardie area. Maar deur die perde daar in te druk, maak dit die fynbos-area groter. Hier is dus 'n konflik van belang ten opsigte van bewaring. Die ruitery se voordelige plasing reg in die aansig van die woning mag miskien die pastorale element van die omgewing met die ligging van die huis verhoog, maar dit is teenstrydig met omgewingsbewaringwetgewing. Diagramme 83-7 en 89 (Bylaag B) gee 'n sweempie van die omgewing weer. 'n Potensiële impak van perdekampe op syferwater is nie in die TNP se gesamentlike werkstudie met perde-eienaars van Maart 2004 ingereken nie (TMNP 2004:13). Die skade aan die suidoostelike hoek, die suidelike rivieroewer en die area rondom die stalle behoort genoeg rede tot kommer in 'n bewaringsarea en 'n histories sensitiewe gebied te wees. Kyk Diagramme 41-47 (Bylaag B) vir historiese merkers van die bosbouperiode, asook Diagram 8, 33a en 34a (Bylaag B) oor die gebruik van die werf voor die bosbouperiode.

Indien die gebruik van ruitery nagevors was<sup>22</sup>, sou gevind word dat die inskrywing van perde in die geskiedenis van Tokai 'n algehele mistasting is. Daar was perdeplase<sup>23</sup> aan weerskante van Tokai in die 20ste eeu, maar nie op Tokai nie. Daar is 'n verskil tussen ryperde as persoonlike vervoermiddels voor motors, karperde, muile en donkies as werktuie aan die een kant en om met perde te boer. Perdeteelboerdery is nooit op Tokai-plaas, Tokai-bosboustasie of Tokai Porter-skool onderneem nie. Indien die skoolseuns van Porter in perdestalversorging opgelei is, het dit op die grond van Porter-skool gebeur en nie op die voorwerf waar Bosbou se bedrywighe was nie. Tokai is ook nie 'n nasionale erfenismerker vir die ryperd nie. Voorts word weikampe (vir muile en donkies asook ryperde van personeel) op al die kaarte aangedui. Daar was vier kampe: die eerste kamp was oos van die pad net na die sementbrug waar die Prinskasteelrivierkanaal begin. Dan was daar 'n weikamp vir die Distrikbosboubeampte ongeveer waar die korporatiewe piekniekplek vandag is. Dit het die hele area agter die Tokai-woning bokant die terras beslaan. Die derde kamp was net langs die Uilhuis. Die vierde kamp was in die waai van die pad wat na die Distrikbosbouerswoning toe gaan, dus suidwes van Tokai-woning en naby die arboretum (NASA, SAB 1963). Die foto van die muil (MA 1901b; Diagram 64,51 Bylaag B) spreek van self. Daar was nie weidingskampe voor die woning nie.

---

22 Die Kaapse Jag- en Ponieklub het in die tweede helfte van die 20ste eeu in die Tokai-plantasie met honde gejag. Peter Good, seun van die bosboubestuurder, 1932-58, het 'n foto, gedateer Mei 1954, in die verband aan Ermita van Wyk (2015: 23-4) vir haar proefskrif verskaf. Die terrein is taamlik gelyk, oop en rondom die Prinskasteelkanaal. Dit het nie perdestalle ingesluit nie. Die stalle op die werf by die rivier is muilstalle.

23 Volgens Dane (1981:22,90) het Louw van Swaanswyk en Lategan van Nova Constantia perde vir aanteel gehad.

Erfenismerkers<sup>24</sup> wat nie erkenning gekry het nie, is die ou steengroef<sup>25</sup>, die plaasboorde met die promenade en tuinery, brug, die wapad, drif, kwekery en die Bosbouskool. Die eerste bosbouskool in Suid-Afrika, waarskynlik die huidige bystandsgebou, ou ysterklipstalstrukture en die perseel van die ou bosbouskool sal waarskynlik net met 'n inligtingsbord erkenning geniet. Daar was ook 'n kiosk en 'n kwekery, behalwe die kwekery in die arboretum en die kwekery aan die oorkant van die Vlagstokrivier van die aktiwiteitsarea. En voor die Engelse periode was daar agrariese aktiwiteite soos die boorde in die laer twee-derdes van die kernaktiwiteitsarea asook die tuinery in die hoër derde, die promenade en die visdam in die middel van die promenade. Ook die drift naby die kliphuis kry geen erkenning nie. Die afsluiting van die Buffelsrivier in die 18de eeu om direk na die Steenbergsvier te vloei, is ook in daardie omgewing. Kampplekke van burgers tydens die beleg van Muysenburg asook bosbou-aktiwiteite van die VOC en die werklike Buffelskraalstruktuur naby die fontein in Pondokvlei, asook die eerste wingerde wat deur slawe aangelê is, kom nêrens tereg nie, om maar enkele ander merkers te noem.

### **6.5.2.2 Oorbeklemtoning van die Porter-skool**

Hoewel die verband tussen die onontbeerlikheid van die werf tot verskillende kulturele aktiwiteite in een sin erkenning geniet, is die skakeling van die kernkulturele merker, die werf, met verskillende aktiwiteite oor tyd, te simplisties. Dit sluit in: 'n veepos, wynplaas, eksperimentele bosbou, kwekery, opvoedkunde, plantasies, gevangenis, die Porter-skool, kontemporêre rekreasie en omgewingsaktiwiteite - die laaste twee funksies is uiters reservert en hoort nie tussen erfenismerkers of “informants” nie. Ook word die begrensing van Porter-skool se geskiedenis glad nie in hierdie studie gedoen nie. Porter-skool is 'n aparte entiteit met 'n historiese teenwoordigheid op die werf sedert November 1892, weens sy betrekking van die woning en verskillende buitegeboue op verskillende datums. In totaal behels dit ongeveer 5 hektaar omring met Bosbougrond. In die lig van die konsultante se siening dat die werf die kern van Tokai se geskiedenis omvat, behoort die totale omvang van Tokai se geskiedenis gelyke beregtiging te kry. In daardie geval word etlike temas weggelaat: die VOC-houtveld, die plaas se geskiedenis met die uitsonderlike netjiese uitleg, Bosbou, Bosbouopvoedkunde en slawe- en dwangarbeid. Porter-skool se aktiwiteite het langsaan op 'n aparte stuk grond uitgespeel terwyl die werfgeboue akkommodasie was. Daar is voldoende ruimte om hul eie erfenismerkers uit te beeld. Ook die terras wes van die woning is 'n erfenismerker van die Porter-skool, maar dit mag nie die plaasverfening verplaas nie. Die twee geskiedenis, Bosbou en Porter s'n, verloop sedert 1889 parallel met oor en weer insnyding op mekaar se grond, waterverbruik en sanitasie, asook rondom die werf se geboue, veral in die periode 1892<sup>26</sup> tot 1918, maar beide bly desnieteenstaande grootliks plekkegebonde. Die oorbeklemtoning van die Porter-era skep 'n historiese lugleegte waarin die werklike ontstaansgeskiedenis van die plaaswerf en sy uitbreiding, boerdery, verskeie soorte

24 Die erfenismerkers word almal in Hoofstuk 4 bespreek.

25 Superintendent Orpen het met behulp van die seuns van Porter-skool naby die gevangenis bakstene laat maak. In 1908 is 40,000 bakstene gemaak (NASA, KAB 1908c). Moontlike persele is die asgat langs die stalle en die gat waar die swembad gegrawe is. Die oewer oorkant die asgat langs die stalle lê besaai met ongebakke stene.

plaasdiere en werktuie, die wynbedryf, groente- en vrugteverbouing en die verkope van fynboshout as brandhout in geen opsig in die verslagskrywing aandag geniet nie.

Dit is juis hierdie lugleegte in kennis wat die erfenisagentskappe moes opgetel en aangespreek het. Prakties speel dit veral uit in die voorwerf, voortuin en boorde of kernaktiwiteitsarea van die plaaslandskap, 1814 tot ca 1890, asook Bosbou-atiwiteite na 1883. Die visuele voorkoms van die voorwerf en die landskap tussen die voorwerf en die rivier, tuinery en boorde, staan huidig as tekenend van 'n moderne perdeplaas, 'n nuwe erfenismerker van die 21ste eeu wat moonlik gemaak word deur die lugleegte of gaping in die sosio-ekonomiese verlede van die plaas en bosbou.

Dit bly 'n netelige kwessie om die woning ten opsigte van 'n spesifieke historiese era te bewaar. Die huidige tendens in Suid-Afrika is om voorkeur te gee aan erfenisse van voorheen gemarginaliseerde gemeenskappe. Dit is juis waarom Porter-institusie as 'n nasionale erfenis gereken word (TMNP 2012: 16). Maar die hele konsep van jeugrehabilitasie oor kleurgrense behoort betrek te word. Die Orpen-kompleks behels 'n omvattende lys van geboue (Kyk Figuur 23 Bylaag A; Diagram 53-4 Bylaag B). Die gewig wat dus aan die Orpen-kompleks toebedeel word, behoort nie op te maak, te kompenseer of as plaasvervanger te dien vir die geskiedenis van die Tokai-werf en subwerwe nie. Dit is nie die Orpen-kompleks en die res van die Tokai-werf wat van die Porter-skool 'n erfenis in nasionale belang maak nie, maar wel die konsep van die Porter-institusie. Porter-skool moet in sy eie reg as 'n baie unieke en besondere erfenis bestuur word. Dus, ook die klem wat op die persoonlikheid van William Porter geplaas word, behoort tot die nasionale erfenis van die Porter-nalatenskap en nie Tokai-woning en werf nie. Onnodige beklemtoning van William Porter deur die konsultant (NASA 2011a:7) en die rehabilitasiekonsep suggereer dat ook die vraagstelling aan die verlede van Tokai-park selektief benader is. Naas William Porter is daar etlike individue wat daadwerklik meegewerk het om Tokai se geskiedenis te skep.

Die skrywer van die historiese opsomming (TMNP 2011a:5-9) het hom eerder deur die 2001-status quo-verslag laat lei, ongeag sy gunstige uitspraak oor Harris. Beide Harris en die 2001-verslag behandel die geskiedenis van Porter-skool en -opset – vandaar die selektiewe fokus. Nóg EWK nóg SAEHA het besef dat die geskiednisse van die groter Tokai-park, insluitend ou VOC-houtveld en Britse kroongrond, nie volledig deur die geskiedenis van Porter-skool gedek word nie. Juis omdat die 2012-verslag 'n parallelle verloop ten opsigte van landskap- en kulturele omgewing probeer handhaaf, hou die miskyk van die

---

26 Die oprigting van die Porter-geboue neem 'n aanvang einde 1889 op grond wat reeds in 1883 vir die beplande geestesgestremde inrigting gereserveer is. Bosbou was nog in die huis en die dwangarbeiders is in die gevangenis (slawekwartier) gehuisves (NASA, KAB 1884c:21;1889c). 'n Advertensie van 16 Augustus 1890 lui dat die Porter Reformatory "... is now established at Tokai and ready for the reception of juvenile offenders" (1890c). Op 3 November 1892 is sowat vyf hektaar addisionele grond, wat die woonhuis, werf en buitegeboue behalwe die wynkelder insluit, aan die Porter-skool gegee (1892d). Sien ook die Hutchins-kaart (1893b; Diagram 34 en 35, Bylaag B. Diagram 35 illustreer die oorspronlike grond van die Porter-skool).

invalshoek verreikende gevolge in vir die kulturele landskap van Tokai.

### **6.5.2.3 Oorbeklemtoning van periodisering vervaag nouer kulturele indelings**

Die periodisering van die Kaapse landskap en sy besetting met kulturele reste volgens die breë lineêre indeling van prekoloniaal, koloniale besettings en dies meer, ignoreer grootliks plekgebonde en dus fyner kulturele periodiese indelings. Hoewel die geskiedenis in die klein teen die agtergrond van die groter gebeure binne 'n lineêre tydskonsep plaasvind, is daar 'n uniekheid, waarvoor daar nie in die riglyne van die EWK voorsiening gemaak word nie (Winter, Baumann 2005:13), naamlik die ontwikkeling onder individuele eienaars, ekonomiese merkers en in Porter se geval ook institusionele merkers. Die geskiedenis word so ooreenvoelig.

Omdat die sosiale gebruik van die geboue as werk- en leefruimte in die 2012-verslag uitgeskryf word, word die geskiedenis van slawe blote historiese merkers, om nie eens te praat van Prysnegers, knegte en moontlike kinderarbeid, waarna glad nie verwys word nie. Die kloktoring of 'n tydsein is 'n algemeen, geldende struktuur van 'n plaaswerf wat uit die vroeë 18de eeu en selfs vroeër dateer. 'n Kloktoring suggereer nie noodwendig 'n slawelosie nie, want dit is ook lank na die afskaffing van slawe gebruik. Die identifikasie van die werf se geboue na aanleiding van die 1840-versekeringsertifikaat (NASA, KAB 1842b) suggereer 'n planmatige posisionering op Tokai-werf. Hier is dus ook verwarring tussen die algemene en die spesifieke, veral omdat daar nie 'n poging aangewend word om die slawekwartier<sup>27</sup> op die werf oor tyd en tot die woning te posisioneer nie. Ook word die aanbouings aan die slawekwartier vanaf 1883 (die Orpen-gebou) nie struktureel aangespreek nie. Die belangrikste effek van die veranderinge is waarskynlik die aansig wat noordwaarts geswaai is (1895b). Dus, enige poging om die Orpen-gebou binne 'n moderne konteks te herbruik, sou gerieflik die gebruik weg van die Tokai-woning hou, maar ten koste van die eenheid van die voorwerf. Ook plaas dit die gebou as periodies verteenwoordigend van die Porter-skoolera sedert ca 1906. Die Orpen-kompleks, uitgesonder die “kelder/slawekompleks” word as 'n Graad 3-erfenis gegradeer (TMNP 2011:31). Die “kernhistoriese buitegeboue” word saam met die woning as 'n Graad 2-erfenis gegradeer. Ongelukkig word die “kernhistoriese buitegeboue” nie benoem nie. Dit verwys moontlik na die slawe-kwartier (of kelder?). Daarteenoor word die stalle, wat ook 'n kernbuitegebou behoort te wees, as Graad 3c geklassifiseer. Hierdie verwarring sou uitgeskakel gewees het indien die werklike wynkelderperseel (of persele) korrek beskryf is, indien die argeologiese voetspoor van beide die wynkelder en die jongenshuis erkenning geniet het en indien die argitek oortuig was dat die klipgebou inderdaad die oorspronklike slawelosie of -kwartier was. Dit is juis die miskennis van die Volksboustyl van die vroeë 19de eeu deur die konsultante wat kommer baar. Die strukture van twee kernbuitegeboue word op die diagram van die museumsonering van 1961 aangedui (DRDLR 1961; Diagram 50 Bylaag B).

---

27 Die eerste langhuis op die Hamilton-afdruk van ca 1899 het moontlik ook as slawelosie of -kwartier gedien nadat die woning voltooi is (MA 1800a).

## 6.6 Moontlike oorsake van gebrekkige historiese verslaggewing

Die styl van verslagskrywing, oormatige gebruik van argitektoniese en/of argeologiese terminologie soos assentriese ligging, eikelaning, gateway-konsep, gelaagde geskiedenis skep die indruk van puntsgewyse en uiters selektiewe vraagstelling aan die verlede. Boonop word die vraagstelling aan die verlede, naamlik die ondersoek na bewaarbare erfenis, vooraf deur die riglyne van die EWK geregleer (Winter, Baumann 2005). Gevolglik word navorsing outomaties uitgeskakel, veral wanneer die antwoorde in sekondêre bronne gevind kan word. Die vraag oor wat die geskiedenis van Tokai dan is, kan in wese slegs tot die hoofhistoriese momente van die 2012-verslag beantwoord word, naamlik: veekraal, wynlandgoed, eksperimentele bosbou, kwekery, opvoeding en plantasies, gevangenis en Porter-skool (TMNPb:17). Wat werklik verder en dieper strek, is nie bekend nie.

'n Gebrek aan die kritiese lees van verslae, kaarte en landmetersdiagramme in die konsepbasisverslag is opvallend. Ook is daar 'n onbegrip ten opsigte van gronduitreikingspraktyke van die VOC- en die 19de eeuse Britse koloniale beleid. Dit veroorsaak dat grondtransaksies in die vorm van diagramme net in die Kantoor van die Landmeter-generaal of /en by die Aktekantoor opgespoor word, maar dit sluit leengrond en jagpermitte uit. Daardie inligting word in die KAB geberg. Een van die probleme wat juis hieruit voortspruit, is die verbintenis van Simon van der Stel. Indien Van der Stel se gronduitbreiding ondersoek is, sowel as die eikeboomaanplantings in Böeseke (1964:153-4;208-9), is die presiese plek van die bome in die Steenberge, waarskynlik op Vlakkenberg aan die Houtbaaikant, en nie Tokai nie. Constantia se grondbrief van 1685 verwys na die eiendom van Van der Stel as “agter de Tafelberg, by of omtrent de Steenberg, strekkend weswaarts na genoemde Steenberg, zuidwaarts na die grond van Michielsz, noordwaarts na die bos by De Hel en ooswaarts na die woeste land...” (NASA, KAB 1815) Van der Stel se verslag van sy boomaanplantings aan die Kaap in 1695 kon nie die VOC oortuig van sy werksaamhede nie. Dit, tesame met ander klagtes, het tot sy afdanking as goewerneur gelei (Böeseke 1964:153-4). Die verslag van die boompaaanplantings wat tans aanvaar word, is dié van Mauve (s.j.:9) en nie die tui-nier van Rustenburg (Böeseke 1964:208) se uiteensetting nie. So is twee erfenismerkers in Tokai se geskiedenis ingeskryf. Naas Van der Stel se sogenaamde boomaanplantings op Tokai tussen 1685-1695, word die eikeboom 'n “gebiedend belangrike” merker of “heritage imperative” en kry meer status as omgewingsbewing van rivieroewers: “The oak tree planting within the Prinskasteel riparian is of greater importance than a short section of stream course that is already in a degraded condition, due to the high cultural value of the Oak tree planting.” (TMNP 2012:38) Die eikeboom is egter so algemeen aan die Kaap dat dit reeds in die 1880's as 'n genaturaliseerde boom beskou is (NASA, KAB 1886:11). Verdere argumente sou ook aangevoer kon word op grond van die tipes plante wat boere as heinings en windbrekers gebruik het, veral by vrugteboorde wat inderdaad in 1883 daar geplant was (NASA, KAB 1883n), maar nie meer daar is nie. Terselfdertyd word addisionele eikelanings op die oorspronklike plaas van 1883, tussen die woning en die Ondertuine, misgekyk. Die eikeboom se verbintenis met Goewerments-

laan maak dat die eikeboom wel besondere aandag moet kry, maar dit loop hand aan hand met die geskiedenis van die eerste kwekery.

Taalprobleme ten opsigte van die lees van Afrikaans is 'n werklikheid en van Nederlands is daar nie eens sprake nie. Daar sal opgemerk word dat die bronnelys van die Basisverslag (TMNP 2011a:50-2) asook die historiese opsomming van die argitek (2011c:20) nie na een Afrikaanse bron verwys nie. Dieselfde geld vir die bronnelys van die 2001-verslag (Aikman, Malan, Winter :51-2), hoewel daar op p.41 'n intekse verwysing is na p.173 in *Buitenpos* van Sleigh, wat skynbaar deur Harris geraadpleeg is. Geen verdere besonderhede oor die Sleigh-bron word verskaf nie en dit is dus nie deur die opstellers van die 2001-verslag geraadpleeg nie. Ook Bøeseken se boek oor Simon van der Stel (1964) is Afrikaans en is moontlik daarom oor die hoof gesien. Verhandlings en proefskrifte oor relevante onderwerpe in Afrikaans word grootliks in die biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch geberg, hoewel daar ook kopieë in die biblioteek van die KAB is. Hierdie kennis is waarskynlik nie algemeen bekend by die EWK en SAEHA nie.

Miskonsepsies oor geskiedenis as wetenskap is sekerlik die grootste probleem, hoewel daar tog interne dissiplinereëls van argitektuur en argeologie is wat nagekom behoort te word. 'n Kritiese evaluering van bronne wat op 'n bronnestudie volg, behoort nie net tot die geskiedeniswetenskap nie. Die feit dat Trotter en Fairbridge se werk nog nie deur historiese argiteknavorsers bygewerk en geredigeer is nie, bly 'n leemte ten opsigte van Tokai en sy buurplase. Desondanks skram alle konsultante en erfenisspesialiste weg van die konsep van argiefnavorsing. Argiefnavorsing kan nie erfenisimpakassessering as sodanig bepaal nie, maar dit verskaf 'n begrip van ouderdom, van die kulturele skeppingsproses en waarom erfenis saak maak. Die afgradering van die Melck-graanskuur dien hier as voorbeeld (Colyn 2015). Indien die gebruik daarvan gedurende die 18de eeu, die historiese verlede van die Lutherse gemeenskap en die persele rondom die skuur, werklik binne 'n bepaalde historiese konteks begryp is, sou dit nie afgegradeer gewees het nie. Begrip ontbreek toenemend, omdat erfenisspesialiste nie oor die nodige agtergrondkennis beskik nie. Argiefnavorsing verbreed daarom insig oor erfenismerkers, want enige erfenis is meer as net die sigbare struktuur wat deur historiese argitekte geassesseer moet word. Ook word geskiedenis as 'n hulpbron oor die hoof gesien. Argiefnavorsing klaar onsekerhede op, byvoorbeeld die ontstaandatum van die arboretum, deur Rycroft en Poynton (1986:14) as 1885 aangegee op grond van 'n verslag van 1902 waarin 43 spesies in 1885 aangeplant sou gewees het en 'n brief in 'n koerant van 1938 wat 1885 aangee<sup>28</sup>. Ook Lister se werklike aandeel in die aanvang van bosbou in Suid-Afrika en met betrekking tot Tokai asook die reuseaandeel van ander rolspelers behoort indringend ondersoek te word. Geskiedskrywing behels meer as net 'n enkelvoudige rede waarom 'n kulturele belang as 'n erfenis verklaar word – daar is 'n metodologie wat om 'n rede ontwikkel en oor tyd bewys gelewer het van sy foute en tekortko-

---

28 Die amptelike verslag van 1887 (NASA, KAB:6) verklaar dat die terrein vir 'n arboretum eers in 1886 uitgemeet en voorberei is voordat aanplantings gedoen is.

minge, maar ook sy suksesse. Hierdie praktyk toon telkens waarom dit op die lange duur behoudend is, aan kritiek onderwerp kan word, maar steeds staande kan bly. Selfs indien nuwe inligting na vore kom, is dit moontlik om die bestaande geskiedenis uit te brei. Naude (2000:53-4) reken historici is onontbeerlik om bronne te soek, inligting uit dokumente te ontsluit en om met ander aanverwante mense, plekke en gebeure van 'n spesifieke perseel of plek te skakel. "What is needed are those historians who have a strong tradition of researching historical landscapes." In wese sien Naude die kulturele landskap as 'n sentrale erfenishulpbron wat gesamentlik deur verskei dissiplines ontgin moet word. Op sigself raak elke dissipline se bydrae 'n erfenishulpbron by die ontdekking van die erfenismerkers en die erkenning daarvan as erfenishulpbronne. Aan elkeen is 'n historiese en kulturele betekenis.

Geskiedenisnavorsing is nie 'n werklike oorweging nie en blyk dus opsioneel in die praktyk beoefen te word, soos vervat in die riglyne van die EWK (Winter, Baumann 2005:15). Addisionele geskiedenisnavorsing is dan ook nie deur die erfenisagentskappe in die Oktober-2011 besoek aan Tokai afgedwing nie, maar slegs erfenisverklarings van ongespesifiseerde strukture is vereis (TMNP 2011c:3).

Geskiedenis as wetenskap behoort 'n selfondersoek van sy betrokkenheid by erfenisimpakassessering te loods. Moderne idees oor geskiedenisnavorsing plaas druk op die dissipline (Evans (1999:1). Voorts word daar riglynvrae in erfenisstudies aan die verlede gestel, soos wat deur die EWK-riglyne voorgestel word, en dit verskraal die navorsingsterrein en maak navorsing opsioneel. Die uitkoms vir erfenisspesialiste is daarom baie dieselfde en taamlik voorspelbaar. Dit het die potensiaal om geskiedenisnavorsing, as 'n komponent van erfenisassessering, as oorbodig te verklaar. Die geskiedenisberoep word in die vroeë 21ste eeu gekenmerk aan spesialisering en fragmentering, wat eerder meer geskiedkundiges betrek as wat dit die wetenskap laat ophou om te bestaan. Maar historici moet ook bereid wees om krities te wees oor die vlak van wetenskaplike geskiedenisnavorsing wat huidig in erfenisassessering bedryf word. Op daardie manier kan hulle betrokke raak en hul kundigheid oor die opspoor van bronne, ontsluiting daarvan en die rekonstruksie van die verlede uitleen. Die gebrek aan 'n benadering wat op vakwetenskaplikheid van geskiedskrywing berus, is die swak skakel in die huidige erfenisassessering. Dit sluit aan by waarneming van Naude (2000:53-5) en Evans (1999:150-1). Evans sien in die pessimisme van 'n verskraalde historiese veld juis die uitkoms vir professionele historici.

Daar is ook 'n onwilligheid by argeoloë om historici te betrek, juis vanweë die argeologie se studiekonteks. Die definisie van Winter en Baumann (2005:21), "Archaeology is the study of human material and remains (by definition) and is not restricted in any formal way as being below the ground surface", verklaar dat argeologie hom ook met die bo-grondse geskiedenis bemoei. Waar argeologie voorheen net met die prekoloniale geskiedenis in Suid-Afrika gemoeid was, was die tasbare erfenis van koloniale geskiedenis aan kultuurhistorici oorgelaat (Hall ca 1996). Maar dit het verander toe die kulturele landskap deur argeoloë begin ondersoek is (Naude 2000:53). Volgens Hall (ca 1996) het kultuurhistorici hul werksterrein swak gedefinieer, terwyl argitektoniese historici in hul studie van koloniale geboue geen sosiale kon-



teks beskryf nie. Ook historici word daarvan beskuldig dat hulle van enige materiële goed of herskepings, “materiality”, wegstam. Dit het die weg vir argeoloë gebaan om die ryke nalatenskap van kolonialisme en die postkoloniale periode te ontgin. Sodoende het 'n nuwe studiegebied, historiese argeologie, tot stand gekom. Die opkoms van historiese argeologie het nie net historici nie, maar ook kultuurhistorici se werksterrein binnegedring en noodwendig die werkswyse herskryf. Daar is nie meer universiteite in Suid-Afrika wat Kultuurgeskiedenis as vak aanbied nie. Kultuurgeskiedenis word ook nie deur erfenisstudie vervang nie (Du Pisani 2015). Erfenisstudies aan universiteite sentreer op die eindproduk, erfenishulpbronne as 'n kommoditeit, eerder as 'n dissipline wat kultuurgeskiedenis kan vervang.

## **6.7 Historiese argeoloë se siening van historiese data vir erfenisimpakassessering ten koste van geskiedenisnavorsing en wetenskaplike verslagskrywing**

Die volwassewording van historiese argeologie as 'n onafhanklike wetenskap in die laat 1980's in die Wes-Kaap (Hall ca 1996) speel 'n belangrike rol in die verdere marginalisering van geskiedenis- en kultuurgeskiedenisnavorsing vir erfenisimpakstudies. Twee historiese argeoloë naas 'n bewaringsargitek is dan ook verantwoordelik vir die eerste Tokai-verwante verslag wat na die 1999-wet verskyn, die 2001-status quo-verslag (Aikman, Malan, Winter). Waar daar nie geboue op 'n perseel was nie in die ou bedeling onder die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede van 1969, is die argeoloog en antropoloog gebruik vir sogenaamde argeologiese impakstudies (Naude 2000:46). Naude (:53) onderskei voorts tussen die verskillende navorsingsterreine en spesialisasieveld en voel dat die argeoloë, antropoloë en argitektoniese historici moet terugstaan en plek maak vir persele waar 'n historikus, kultuurhistorikus en 'n historiese argeoloog meer van nut sal wees. Die professionele betrokkenheid van argeoloë, antropoloë en historiese argitekte en - argeoloë by erfenisimpakstudies was reeds 'n werklikheid toe die nuwe wet, die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, in 2000 gepromulgeer word: “This trend has remained (under the new legislation) but is now supported by a stronger need for historians and especially cultural and architectural historians.” Ook omgewingsgeskiedkundiges word deur Naude in die vooruitsig gestel. Maar in die Wes-Kaap is die kulturele impakstudieterrein reeds sedert 1987 deur historiese argeoloë betree (ACO s.j.). Teen 2005, toe die riglyne van die EWK gepubliseer word, is historiese argeoloë 'n gevestigde spesialisgroep met tentakels in alle terreine van erfenishulpbronassessering in die Wes-Kaap (Winter, Baumann 2005:i). Hall (ca 1996) noem onder meer die belangstelling van historiese argeoloë in koloniale geboue in die Wes-Kaap. Die onderling, tradisionele vakwetenskaplike grenslyn tussen die kultuurgeskiedenis en die argeologie het dus geleidelik al hoe meer vervaag met die verskoning dat kultuurhistorici se terrein swak omlyn is en dat hulle kwansuis nie die sosiale aspekte in aanmerking neem nie.

Sinvolle of betekenisvolle kultuur onder die nuwe wet, die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, betrek egter die breë spektrum van die kulturele definisie en daarmee word geskiedenis naas die estetiese, argitektoniese, wetenskaplike, sosiale, godsdienstige, linguistieke of tegnologiese waarde of betekenisvolheid

genoem (Naude:47). Dit is dus die somtotaal van erfenishulpbronne wat op sigself, maar binne die geheel, tot die bewaring daarvan bydra. Hoewel Naude dit nie per se ten doel het nie, is dit 'n baie betekenisvolle klemverskuiwing wat ongetwyfeld die geskiedenis-komponent herbetrek. Geskiedenis kan byvoorbeeld deur onder andere argeologie ontsluit word, maar dit is maar 'n baie klein deeltjie in vergelyking met gedokumenteerde inligting wat opgeleide historici in argiewe kan ontgin. Om daardie inligting tot 'n sinvolle skakeling met die bewaring van die erfenis en die erfenishulpbron te verbind, is geskiedenisnavorsing onontbeerlik. Daar sou dus denkskuiwe in erfenisimpakstudies van die oorheersende dissipline, historiese argeologie, verwag word: enersyds behoort die historiese argeologie na die 1999-wetnavorsingsbeginsels gelykstaande aan geskiedenisnavorsing aan te neem, indien die wetenskaplikes op die terrein van die geskiedenis wil werk, of andersyds behoort daar 'n doelbewuste poging te wees om die historiese metode en sy praktisyns by die ondersoek na tasbare en nietasbare erfenis te betrek.

Die vier areas waar historiese argeoloë werksaam is, word deur Hall (ca1996) onderskei as die argeologie van inpaktering of konflik, die onderklas (slawegeskiedenis), die denke (strukturealisme) en die teks, waar materiële kultuur gesien word as 'n vorm van diskoers waarin tekste mekaar verduidelik en interaktief tot mekaar staan, vergelyk die styl van die 2001-verslag van Aikman, Winter en Malan (2001). Hall erken dat daar instemming, maar ook verskil in benadering onder historiese argeoloë bestaan, maar in wese word daar steeds 'n basiese metodologie gevolg. Wat navorsing betref, word testamente en oordragaktes uitgesonder by die bestudering van die materiële kultuur.

Daar kan met versigtigheid afgelei word dat navorsing meesal selektief gedoen word deur historiese argeoloë ten einde selektiewe tematiese idees te ondersoek. Waar die uitkoms vooraf bekend is, word ander temas noodwendig ter syde gestel. So 'n benadering is moontlik koste-effektief en tydbesparend, maar dit dien nie die beginsels van geskiedenisnavorsing nie. Daar is ongetwyfeld raakpunte tussen historiese argeologie en postmoderne historiografie.

Die postmoderne historiografie vereis dat die bestudering van geskiedenis, hoe navorsing gedoen word en geskiedenis gelees word, opnuut uitgedaag of herbesin word (Evans 1999:1). Evans sien egter postmodernisme as 'n teorie op sigself binne die sfeer van verskeie historiese teorieë en dit is daarom betwisbaar. Evans (1999:220) bly 'n voorstaander van objektiewe geskiedskrywing, waarin die historiese metode op navorsing berus, die geskrewe geskiedenis as resultaat begrens word deur die feite wat in bronne openbaar word en gebonde aan die historikus se begeerte om 'n ware, redelike en gepaste weergawe van die onderwerp onder bespreking te gee. Laasgenoemde metodiek raak dan te omslagtig vir basisverslae of bylaes tot basisverslae, wat die kultuurhistoriese komponent van 'n ondersoek saamvat. Watter metodiek dan as riglyn moet geld, berus oënskynlik op enige metodiek om 'n historiese teks te reproduseer. Wetgewing bepaal ook nie dat die navorsing vir erfenisbewaring volgens spesifieke riglyne en spesifiek 'n historiese metode gedoen moet wees nie, hoewel daar aanvanklik voorgestel is om die Australiese Burra-handves te gebruik (Naude 2000:39). Winter en Baumann (2005:1,10), wat ook die afwesigheid van 'n

stigingsakte ophaal, probeer sekere riglyne uit die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999, neerlê, maar sonder om die historiese werkwyse af te dwing of voorskriftelik te maak. Dit gee aan erfenisspesialiste of assessors die ruimte om eerder op bestaande verslae en sekondêre bronne staat te maak. Geskiedenisnavorsing is, soos reeds genoem, opsioneel in erfenisimpakassessering in die Wes-Kaap. Argivale navorsing en bronkritiek is een van die stappe wat in intensiteit kan varieer en “kan” ingesluit word in die projekbeplanning (Winter, Bauman 2005:15,16). Dit mag dus weggelaat word, want die riglyn in die EWK-dokument bepaal dat nie alle dissiplines betrokke hoef te wees nie.

Dit hang af van die aard van elke projek, die omgewingsinhoud, die beskikbare inligting en solank die kategorieë van ontwikkeling, soos vervat in Seksie 38 (1) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, nie die erfenis benadeel nie. Deur proaktiewe projekbeplanning kan onnodige spesialisering uitgeskakel word wat moontlik later spesialisassessering noodsaaklik maak (Winter, Bauman 2005:7). Die onus berus dus by die spesialis om te besluit hoe belangrik argivale navorsing en bronkritiek is. Die algemeen aanvaarde praktyk is om konsultante aan te stel, wat eerstens as erfenispraktisyns geregistreer is<sup>29</sup> by die EWK en SAEHA (:30), en in die tweede plek nie noodwendig professioneel opgelei is om 'n wetenskaplike historiese metode te gebruik nie. Erfeniskwessies wat onder sosiale geskiedenis ressorteer, moet die volgende ondervinding hê: “Experience in undertaking heritage assessments specific to this field of expertise”. Die velde is stedelike beplanning, kultuurgeskiedenis, sosiale geskiedenis, mondelinge oorlewing, antropologie en historiese argeologie (:32).

Historiese argeologie se invloed op Tokai se verlede het deur die 2001-verslag (Aikman, Malan, Winter) 'n gesaghebbende posisie bekom wat op beginselgronde deur historici gekritiseer kan word. Daar kom 'n stadium (tydens erfenisimpakstudies) wanneer 'n erfenis op enige plek getransformeer word tot 'n statuêre erfenishulpbron. Die vraag oor wat in die verlede gebeur en tot die totstandkoming van die erfenis gelei het, is tot dusver baie belang vir Tokai beantwoord. Gevolglik sal die gids wat groepe moet rondlei, addisionele kennis moet inwin ten einde ingeligde of nuuskierige besoekers se vrae te beantwoord. Weer eens word die gebrek aan 'n brondokument opgehaal, want indien so-iets bestaan, sou besoekers of selfs navorsers ook daarna verwys kon word. Die opvoedkundige waarde word daarom benadeel. Dit blyk ook weer eens dat daar nie aandag aan 'n nietasbare geskiedenis-hulpbron gegee word nie. Hierin skiet ook die historiese argitektuur te kort.

Die beswaar teen die werkwyse van historiese argeoloë is wesenlik en word deur die argiteksfirma, Fagan-argitek, na praktiese ondervinding verwoord. Die Fagan-argiteksfirma het tussen 1969 en 1994 meer as 150 restaurasie- en bewaringsprojekte onderneem. Hulle het waardevolle ervaring oor die benadering tot elke projek opgedoen. Dit sluit onder meer sekere historiese prosesse, wat tot die oprigting van geboue gelei het, in. Hul vernaamste beswaar teen argeologiese publikasies in daardie periode was twee-

---

29 Die EWK-riglyne (Winter, Baumann 2005:31-2) skryf voor watter erfenisspesialis by watter soort erfeniskwessie betrokke behoort te wees.

ledig, naamlik 'n gebrek aan kennis van die boupraktyk en materiale behalwe die waninterpretasie van verwante historiese feite. Laasgenoemde bevinding word gebaseer na die raadpleging van die PhD-studie van Y. Brink, "Historical Archaeology in the Western Cape", 1992 (Fagan 1994: iii, xiii, vn 28).

Die invloed van historiese argeologie en - argitektuur word in die totstandkoming van die komitee vir die opstelling van die EWK se riglyne gesien. Die afwesigheid van 'n erkende historikus of kultuurhistorikus, of selfs 'n argivaris van die KAB op die paneel, is opvallend.

## **6.8 Totstandkoming van die EWK se riglyndokument: invloed van historiese argeoloë en argitekte, maar marginalisering van geskiedkundiges of historici**

In 2005 het die Departement van Omgewingsake, Beplanning en Ontwikkeling, Wes-Kaap Provinsie (DOBO, WK) in samewerking met die Omgewingsafdeling, WNNR, Stellenbosch, riglyne vir erfenisspesialiste in omgewingsimpakassessering ontwerp. Die betrokke deelnemers sluit onder meer die volgende persone in: M. Oosthuizen van DOBO, WK, D. Hart en B. Crouts, beide van SAEHA, S. Townsend, argitek / beplanner en konservator, Antonia Malan, Erfenisargeologiesnavorsingsgroep / Heritage Archaeology Research Group (HARG), T. Hart, erfeniskonsultant, Argeologiekontrakkantoor / Archaeology Contract Office (ACO), B. Oberholzer, BOLA, UK en F. Münster, WNNR. Belangegroep wat by die riglynontwikkelingsproses betrek is, is Malan van HARG, J. Deacon van EWK en P. Claassen (Environmentics), asook die Genootskap van Erfenisassesseringpraktisyne/ Association of Heritage Assessment Practitioners of AHAP, EWK en T. Hart, wat die belange van argeologie verteenwoordig (Winter, Baumann 2005:1). Die opstellers het in die afwesigheid van 'n handves hul tot 'n UNESCO geïnspireerde, internasionale stigtingsakte gewend. Dit lê die besonderhede van die wetlike, beleids- en beplanningskonteks vir erfenisspesialiste neer (2005:10). Nasionaal is die wetlike aspekte in die volgende wette nagegaan: die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet nr. 25 van 1999, die Wet op Omgewingsbewing, Wet nr. 73 van 1989, die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, Wet nr. 107 van 1998 (Engels: NEMA) en ander wette wat in sekere kwessies betrek word, soos die Wet op Die Bewaring van Landbouhulpbronne, Wet 43 van 1983. Die provinsiale erfenisregulasies word onder meer in Artikels 24 en 25 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne neergelê. Die EWK se verantwoordelikheid behels die bestuur van erfenishulpbronne, soos vervat in Artikel 38 van die wet asook die bestuur ten opsigte van strukture ouer as 60 jaar, argeologiese en paleontologiese persele, Graad 2 formeel beskermde persele, provinsiale erfenispersele en die beskerming van voorwaardelike persele (:10-12) .

Ten spyte van 'n traagheid om historici as gefokusde deelnemers te betrek, is daar volgens Winter en Baumann (2005:13) se indeling wel ruimte vir geskiedenis en/of geskiedenisnavorsing, maar hoofsaaklik in die sosio-politieke, sosiale, volksgesondheid- en omgewingsgeskiedenisveld. Tabel 1, wat fokus op die verhouding tussen verskillende erfenisinhoude, potensiële erfenishulpbronne en moontlike inpaktering

daarop, onderskei elf verskillende erfenisinhoude waarvan elkeen potensiële erfenishulpbronne met historiese betekenis het (:21-7). Maar as dit by kwalifikasies kom, is dit 'n perd van 'n ander kleur. Die kwalifikasies, vaardighede en ondervinding waaraan 'n erfenisspesialis moet voldoen, word in die derde afdeling van die gids behandel. Hoewel 'n reeks van spesialiste, affiliasies, vereiste kwalifikasies en die spesialiteitsvlak genoem word, word daar nie na geskiedenis-spesialiste, 'n geskiedenisvereniging en 'n geskiedenis-kwalifikasie verwys nie. Die erfeniskwessies word in die volgende velde gevind: paleontologie, argeologie, streekskulturele landskap en sosiale geskiedenis (:31-2). Historici word terselfdertyd nie uitgesluit nie, mits hulle geaffilieer is by die Genootskap van erfenis-assessering-praktisyns / Association of Heritage Assessment Practitioners (AHAP) en ondervinding van erfenishulpbron-assessering in sy of haar spesialisveld het (:30). By implikasie word die geselekteerde beroepspraktisyns voldoende gekwalifiseer om die onontbeerlike komponent, die historiese agtergrond, te verskaf.

Die sosio-historiese kwessies fokus ook op voorheen benadeelde groeperinge, maar hierdie groeperinge is reeds sedert die laat 1970's deur die nuwe sosiale geskiedenis-skool in Suid-Afrika aangespreek. Die tendens word in die 1980's deur bykans al die Engelstalige universiteite gevolg (Visser 2004:10). Visser (:17) wys ook daarop dat die historiografie na 1994 hedendaagse temas soos vrouestudies, Vigs, herinneringe, persoonlike belewing – dus mondelinge geskiedenis - en inklusiewe nasionale monumente betrek en op daardie wyse erfenis as 'n deel van die sosiaal verantwoordbare verlede maak. Die uitsluiting van die potensiële bydrae van geskiedenis as wetenskap deur die 2005-komitee kan net met afleidings verklaar word, naamlik 'n doelbewuste siening oor die vermoëns van historiese argeologie, naamlik dat die dissipline by magte is om self in hierdie behoefte te voorsien. Dit vind sterk aanklank by Hall (ca 1996) se mening dat gemarginaliseerde gemeenskappe en groeperinge voor die toetrede van historiese argeoloë nie werklik aandag by ander dissiplines ontvang het nie. Of die historiese argeologie werklik paradigma-skuiwe na 1999 gemaak het om ander dissiplines te betrek, word betwyfel. Historiese argeologiese erfenisstudies blyk 'n terreinafbakening deur argeologie, wat weens redes om bestaansreg, beroepsekerheid en dus ook inkomstegenerering oorheers word, te wees. Weens die oormaat van argitektuur by persele betrokke, word historiese argeologie gedwing om die terrein met argitekte te deel. Kultuurhistorici behou waarskynlik hul plek in die museumwese, maar moet dit ook deel met argeologie en ander dissiplines. Die beroepsveld in Suid-Afrika vir argeologie, kultuurhistorici en historici wat professioneel wil werk, is beperk. Wie dus die eerste voet in die deur ten opsigte van erfenishulpbronbestuur voor 1999 gekry het, is ooglopend onwillig om die beperkte ruimte met ander dissiplines te deel.

Of die betrokkenes by die opstelling van die EWK-riglyne werklik op die hoogte van die geskiedenis-kurrikulum aan universiteite in die Wes-Kaap en die Suid-Afrikaanse historiografie in 2004/5 was, word betwyfel. Die feit dat geskiedkundiges of argivarisse nie by die riglynontwerpsproses in die Wes-Kaap betrek is nie, suggereer 'n doelbewuste miskenning van die vakgebied se belang by erfenis-assessering – 'n belang wat in die wet verskans is. Die vraag moet egter ook beantwoord word oor in watter mate Suid-

Afrikaanse universiteite, ook spesifiek die in die Wes-Kaap, erfenisstudies akkommodeer. Alvorens daar na historiografie met betrekking tot erfenissake gekyk word, moet die netwerk van erfenisspesialiste in Kaapstad verstaan word. Hoewel daar ook ruimte vir historici is om deel uit te maak van die lys beskikbare konsultante, is die oorwegende betrokkenes uit die argeologie en argitektuurdissiplines.

## **6.9 Geakkrediteerde erfenisimpakstudiegenootskappe in die Wes-Kaap**

'n Netwerk van geakkrediteerde genootskappe wat hulself as erfenis- en omgewingsimpakspesialiste uitgee, kenmerk die erfenislandskap in Kaapstad. Hierdie liggame is almal onderling verwant, deurdat die lede almal verbonde aan meer as een professionele erfenis-organisasie of agentskap is. Om die netwerk te verstaan, kan enige leek bloot net die trefwoorde of name in 'n soekenjin op internet naslaan en die verbande sal duidelik blyk. Die name van die organisasies is oorwegend Engels.

Die stedelike ruimte met sy argitektoniese nalatenskap en koloniale geskiedenis is 'n spontane aantrekkingskrag vir belangstellendes en professionele lui onder argitekte en stadsbeplanners. Laasgenoemde groep kan sodoende hul dienste in die ruimtes adverteer. Weens die voortdurende ontwikkeling van die stad is ook argeoloë betrokke waar ou geboue afgebreek en opgrawings ou strukture blootlê. Dit wil voorkom of daar 'n moontlike verband tussen erfenisspesialiste en erfenisagentskappe is. Vir die doeleinde van die studie word daar na die groepe se verbintenis tot geskiedenisnavorsing, waar moontlik, gekyk.

Die Kaapstadse Erfenistrust, Cape Town Heritage Trust (CTHT) is in 1987 deur die Kaapstadse Stadsraad met die ondersteuning van die Kaapse Provinsiale Administrasie gestig. Tans is dit 'n onafhanklike openbare en nuwingsgewende organisasie wat hom bemoei met die mensgemaakte landskap, natuurlike omgewing en die sosio-ekonomiese vooruitgang van die stad en sy mense. Die missie behels die bewaring van die argitektoniese, kulturele en natuurlike erfenis van Kaapstad en sy omgewing tot die voordeel van sy inwoners en die inwoners van die land as geheel. Dit word deur 'n raad van trustees bestuur wat vier genomineerdes van Stad Kaapstad (Kaapstadse Stedelike Raad) en lede van belangegroepes insluit. Skakels na erfenisorganisasies, agentskappe en verenigings wat op die tuisblad van die CTHT genoem word, is: Genootskap van Erfenispraktisyne / Association of Heritage Practitioners (AHP), Kaapse Instituut vir Argitektuur, Cape Town Partnership, Durbanville-erfenis, Erfenis Wes-Kaap, Houtbaai-erfenis, Iziko Museums, Kaapstad; SAEHA, Simon van der Stel-stigting, The Granary, en die Volksboukundigevereniging / Vernacular Architecture Society of South Africa of VASSA (CTHT s.j.). Van hierdie organisasies is die AHP die belangrikste, omdat dit kennis van erfenisspesialiste se werkswyses binne die raamwerk van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne veronderstel. Ook betrek dit verskeie professies wat in die erfenis- en bewaringsterrein werksaam is. So byvoorbeeld het die Historiese Argeologienavorsingsgroep (HARG), wat in 1987 in die Argeologiese departement van die Universiteit van Kaapstad (UK) gestig is, 'n

aktiewe rol gespeel in die totstandkoming van die APHP (HARG 1987). Die APHP se beleidsdokument is aanlyn beskikbaar (APHP 2012). Die HARG bestaan in assosiasie met die Argeologieskontrakkantoor (ACO s.j.). Die ACO is die bekendste historiese argeologiese groep werksaam op die terrein van erfenis- en argeologiese erfenisnavorsing. Dit is ook in 1987 in die Departement van Argeologie, UK, gestig. Sedert die aanvaarding van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne in 1999 het die ACO verder diversifiseer om 'n multidisziplinêre diens ten opsigte van bewaring te lewer. Hoewel die organisasie daarop roem dat dit 'n multidisziplinêre span kan saamstel, is die dissipline in wese argeologies: die vyf name gelys op hul webwerf is almal argeoloë (ACO s.j.).

Die APHP is in 2003 in die Wes-Kaap met drie hoofogmerke gestig, naamlik die ontwikkeling van 'n stelsel van geakkrediteerde professionele lui wat in die sektor werk; die stigting van 'n etiese werkskode vir professionele erfenispraktisyns of lede van die PHP; bewusmaking van die belangrikheid van professionele standaarde van bewaring en erfenishulpbronbestuur by die owerhede en die publiek; en die bevordering van opvoeding en opleiding ten opsigte van bewaring en erfenishulpbronbestuur. Diegene wat as potensiële PHP's toegelaat kan word, is argitekte, stadsbeplanners, beplanners en landskapargitekte wat in bewaring spesialiseer, historici, argeoloë, paleontoloë, kunshistorici, museumoloë, objektbewaarders en navorsers. Lede moet aan 'n minimum akademiese standaard voldoen. Lidmaatskap is ook oop aan individue wat nie oor die nodige kwalifikasies beskik nie, maar wat op die terrein van erfenis werksaam is. Daar is ook 'n derde kategorie waar 'n belangstellende as 'n vriend van die organisasie kan registreer. Lidmaatskap is oop vir alle sektore van die samelewing insluitend al die vlakke van regering, so lank die voorgenome lid aan die akademiese vereistes voldoen. Daar is meer as 60 professionele konsultante, vyf niekonsulterende lede, 23 niekandidaatkonsultante, vier niekonsulterende lede en een vriend op die amp- telike tuisblad (APHP 2012).

Vir die doeleinde van die studie word hier op geskiedenis gekonsentreer. Vir iemand wat oor geskiedenis tot op honneursvlak - die toelatingsvereiste - beskik, word onderskei tussen geskiedenis (niegespesifiseerd), mondelinge geskiedenis en kultuurgeskiedenis ten opsigte van museumbestuur. Wat ondervinding betref, moet die persoon ervaring hê van een van die volgende: dokumentering en argiefnavorsing, geskiedenisnavorsing, erfenisbestuur in museums, mondelinge rekordhouding en geskiedenis en/of inheemse kennisstelsels.

'n Derdejaarsvlak geskiedenis kwalifikasie vereis 'n meestersgraad of toepaslike diploma in 'n ander rigting waarmee so 'n persoon as 'n professioneel geakkrediteerde persoon kan praktiseer in argitektuur, argeologie, beplanning, museumkunde, landskapargitektuur, omgewingswetenskap of stedelike beplanning. Indien die persoon nie oor 'n meestergraad in lg. beskik nie, moet hy/sy 'n vakleerlingskap van vier jaar by 'n goedgekeurde PHP-spesialis doen. Waar 'n persoon 'n vierjarige B-graad aan 'n tegnologiese universiteit behaal het, word dit as 'n driejarige kwalifikasie beskou (APHP 2012).

Die onderskeid tussen argiefnavorsing en geskiedenisnavorsing word nie verklaar nie, maar hou moontlik verband met die riglyn van die EWK dat argiefnavorsing nie verpligtend is nie (Winter, Baumann 2005: 15). Argiewe suggereer moontlik ook die Aktekantoor, Kantoor van die Landmeter-generaal, die argiewe van SAEHA, EWK asook Stad Kaapstad. Lede van die APHP word ook gemaan om te onderskei tussen feite, menings en aannames by die metodologie in die praktyk: “Heritage assessment practitioners shall clearly differentiate between facts, opinions and inferences in their work” (APHP 2012:5.3), maar dit word nie pertinent ten opsigte van geskiedenis genoem nie.

Die APHP se etiese kode vereis onder meer dat die lid self verantwoordelikheid vir die geldigheid van ingesamelde data neem. Waar studies, riglyne, diagramme en metodologieë gebruik word, moet behoorlik daarna verwys word. Die etiese kode word met beginsels vir erfenisbestuur in ooreenstemming met die Erfenisbeleid van Stad Kaapstad, wat in die APHP se beleidsdokument aangehaal word, onderskryf (Figuur 33 Bylaag A; APHP 2012). Die een groep wat hom onderskei ten opsigte van argiefnavorsing, is die Cape Archaeological Survey cc (CAS s.j.) wat benewens argeologiese impakstudies, ook bewaringassessering doen.

Wat argitekte betref, moet elke argitek by 'n statutêre liggaam geregistreer wees. Die Kaapse Instituut van Argitekke (CIFA) is die streeksliggaam van die nasionale liggaam, die Suid-Afrikaanse Raad van Professionele Argitekke / South African Council for the Architectural Profession (SACAP) (Ball s.j.a). 'n Gekriteerde kursus van ses weke kan aan die Universiteit van Kaapstad in Erfenishulpbronbestuur gevolg word. Die 2015-kursus, Heritage Resources Management, aan die fakulteite van Ingenieurswese en die Bou-omgewing, vervang die vorige kursus, Argitektoniese en Stedelike bewaring: teorie en praktyk, wat 12 weke geduur het. Die nuwe kursus<sup>30</sup> is vir professionele persone en leke wat met plaaslike en bewaringsowerhede moet skakel. Die kursusontwerp ontsluit ook geskiedenis en teorie van argitek- en stedelike bewaring en die toepassing daarvan in huidige bewaringspraktyke. Die inhoud van die kursus konsentreer op vyf afdelings waarvan die vyfde afdeling “... 'n inleiding tot navorsingstegnieke en bronne binne 'n multidisiplinêre praktyk” behels, hoewel die lesing slegs fokus op die navorsing van onderverdeling, eienaarskap en geboue se geskiedenis, 'n analise van die omgewings, assessering en gradering (van geboue) (UK 2015a).

Geskiedenisopleiding aan universiteite leer studente om onder meer geskiedenis te lees. Dit is 'n vaardigheid wat aangeleer word, net soos wat die lees van letterkunde of die vertolking van 'n gedig 'n bepaalde vaardigheid vereis. Tot dusver blyk erfenisassessering in die praktyk merendeels te fokus op metodes om die minimum vereistes vir geskiedenisnavorsing na te kom. Openbare kritiek<sup>31</sup> bly nie uit oor ontwikkeling nie, maar dit gebeur dikwels te laat. Die grootste leemte is die afwesigheid van bewys van

---

30 Die aanbieder van die 2015-kursus is professor S. Townsend. Hy was vir 18 jaar by die grondgebruik en bewaringsregulasies van die Kaapse Stadsraad; vir 18 maande die uitvoerende beampte van die EWK en is tussen 2012 en 2013 vir drie jaar die voorsitter van die Impakassesseringskomitee van die EWK (UK 2015a).



historiese belang. Indien daar nie uit die geskiedenis bewys kan word dat sekere strukture in Kaapstad wel tot die sosio-ekonomiese geskiedenis waarde het nie, gaan EWK, met die ondersteuning van SAEHA, hul nie laat keer om ontwikkeling goed te keur nie. Voornemende ontwikkelaars en die benoemde konsultante moet die riglyne van die EWK volg. Die uitvoerende funksies van die provinsiale en nasionale erfenisagentskappe suggereer in hul optrede konflik van belange, want die agentskappe beskik nie oor 'n relevante historiese geheue nie, vergelyk die Melck-graanskuur. Die afgeskaalde gradering van die erfenishulpbron skaad die erfenis as 'n merker in landsbelang. Die Melck-skuur was juis ekonomies van die uiterste belang op sy tyd.

Naude (2000:54) reken tereg dat daar net 'n paar argitektoniese historici in Suid-Afrika is, omdat die dissipline eerder op die ontwerp van geboue as die assessering en onderhoud daarvan fokus: “The few so called architectural historians are academics ...”. 'n Artikel oor Idas-vallei, Stellenbosch (Pistorius, Todeschini s.j.) dien as 'n voorbeeld van 'n 21ste eeuse benadering tot argitektoniese geskiedskrywing. Sewe bronne word gelys, waarvan twee opdragverslae is vir onderskeidelik die munisipaliteit van Kaapstad in 2000 en Stellenbosch, 2003.

## **6.10 Suid-Afrikaanse historiografie, historici en erfenisstudies en erfenisspesialiste**

Teen 2004/2005 het Geskiedenis as wetenskapdissipline hom reeds reggeruk na 'n tydelike koersverlies wat op die demokratisering van die nuwe Suid-Afrika gevolg het. Interne woelinge binne die dissipline is gekenmerk aan 'n afname in belangstelling in die vak op nasionale vlak, maar ook weens 'n ineentuineling van die verwagting dat die nuwe Suid-Afrika nuwe agendas sou skep (Visser 2004:15). Nuwe sosiale temas sluit dan ook erfenisstudies in as deel van 'n sosiaal verantwoordbare verlede. 'n Nuwe benadering betrek gewone mense, hul monumente, museums en kulturele feeste, minderheidsgroepe soos die Koina, Kleurlinge en ekspatriotte, omgewings- en ekologiese geskiedenis, ontspanning en toerisme, om maar enkele temas rondom eeuwending te noem (2004:17-19).

Dat daar wel 'n proses van herskikking was, is ongetwyfeld, maar dit het nie die dissipline gemarginaliseer nie. Erfenisstudies is wel onderling gedebateer. 'n Gees van negatiewiteit het by sommige historici aan die einde van die 20ste eeu ontstaan omdat gevoel is dat die vak besig was om sy plek en aansien in die geesteswetenskappe te verloor. In die plek daarvan sou erfenisstudies 'n uitkoms bied, maar dit kon nie werklik 'n onafhanklike wetenskap wees nie weens oordrywing, mitologisering, weglating en foute. Erfe-

---

31 Bryant, R.(2015) kritiseer die Kaapstadse ontwikkelingsbeleid langs TNP by Kommetjie, Glencairn en Patryspunt tussen Simonstad en Smitswinkelbaai; naamsverandering van die Belmont-huis in Simonstad na die Chris Hani-gebou, Julie 2015, sonder formele prosesse; die Groenpuntwoning in Romneystraat, wat ooreenstem met slopingsbevele in Fresnaye, Waterkant, Vredehoek en Bakoven waarin geboue ouer as 60 jaar skynbaar gesloop kan word, omdat dit volgens Andrew Hall van EWK nie genoeg historiese betekenis het nie. Sedert 2013 is meer as 300 geboue in Kaapstad, ouer as 60 jaar, afgegradeer en gesloop (*Cape Argus* 2015).

nisstudie sou dus 'n doel hê, maar dit is nie die domein of gebied van historici nie. Geskiedenis word deur Carruthers, aangehaal deur Rasool (2001:2), gesien as 'n hoëre aktiwiteit van sistematiese navorsing, onderhewig aan die gewig van afgehandelde navorsing en vakwetenskaplike oorsig. Die teenargument reken dat die argief of vakwetenskaplike oorsig nie geskiedenis as dissipline superieur maak nie, maar dat 'n gees van visuele geskiedenis soos toerisme, museums en monumente, die Waarheids- en Versoeningskommissie en televisieuitsendings nuwe uitdagings tot historici rig. Rasool (:4-5,21) gee aan die hand van voorbeelde illustrasies waar toerisme die motief vir regstellende museums en ander visuele geskepte erfenis raak. In effek word erfenis geskep sonder dat historici die kans kon kry om die voorafgebeure te boek te stel. Daarom moet historici hul benadering tot erfenisstudie herbesin. Teen 2008 was dit reeds opvallend dat bykans alle nuwe monumente en kulturele persele wat nuut gebou of voorgestel is, op een of ander wyse aan die “struggle” of weerstandspolitiek gekoppel word. So word onder andere Robbeneiland en Constitutional Hill gesien as verteenwoordigend van diegene wat in die proses van die bevrydingstryd, gely, maar ook getriomfeer het (Marshall 2008:3). Sonder kontemporêre geskiedenis en die optekening van mondelinge herinneringe van die weerstandsperiode teen kolonialisme en apartheid na 1994, sou erfenis en -assessment moeilik gestalte in die praktyk kry<sup>32</sup>. Maar dit vervang of kanselleer nie akademiese studies oor erfenis uit die koloniale periode nie, veral waar daar ontwikkeling ter sprake is. Die transformasie van 'n nasionale of provinsiale erfenis na 'n museum verdeel as 't ware die navorsingsveld. Museums is meer as toerismebesoekpunte: “dit is publiek, behoudend en visuele uitdrukking van (die) narratiewe; 'they interpret history for the people'.” (Marshall 2008:5) Geskiedenis as dissipline moet self met verloop van tyd bewys lewer of dit naas kontemporêre weerstandsgeskiedenis 'n bydrae tot erfenisstudie oor 'n breë spektrum kan lewer. Meer nog, dit moet kan meeding met historiese argeologie en -argitektuur in die behoud van sy posisie om navorsing en rekordhouding van hoogstaande gehalte te lewer. Visser (2004:19) se gevolgtrekking beklemtoon juis erfenisstudies naas tradisionele temas met: “Although the pursuit of research into “traditional” political, economic and social themes still continues, the increasing attention to topics such as heritage identities, tourism and leisure and environmental issues represents a marked shift away ...”

Suid-Afrikaanse universiteite maak ruim voorsiening vir erfenisstudie, maar meesal as 'n subdissipline van geskiedenis waarin erfenisstudie as 'n toegepaste wetenskap aangebied word (Figuur 34-5, Bylaag A). Die bestuur, bewaring, benutting, vertolking en aanbieding van erfenishulpbronne is hooftemas. In wese

---

32 Ashley Sheriff (2014:2-3) stel in 2012 'n bibliografie saam van navorsingsartikels, hoofstukke in boeke en monogramme op Engels van Suid-Afrikaanse museums wat na 1994 hul verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap wysig om van 'n eksklusiewe na 'n inklusiewe benadering te verander. Haar navorsing suggereer “...that many South African heritage sites and their exhibits and installations placed a strong emphasis on reconciliation, correcting historical imbalances, national unity and a post apartheid future by retiring prejudiced displays ... and by directing, confronting and engaging uncomfortable legacy of apartheid...”

verskil dit geheel en al van geskiedenis as 'n vakwetenskaplike dissipline (Du Pisani 2015). Daar is 'n beperkte aantal poste in die samelewing vir afgestudeerdes met geskiedenis as hoofvak. Indien erfenis-studies verhef kan word na die “hoër aktiwiteit van sistematiese navorsing, onderhewig aan die gewig van afgehandelde navorsing en vakwetenskaplike oorsig” (Rasool 2001:2), hou dit die moontlikheid in om historici te betrek by die voorafproses van regstellende erfenishulpbronne. Die Universiteit van die Wes-Kaap bied sedert 1988 'n diploma, African Programme in Museum and Heritage Studies, aan in samehang met 'n opleidingsprogram op Robbeneiland (UWK 2015). Dit is een van drie bekende universiteite, Kaapstad, Wes-Kaap en Stellenbosch, in die omgewing van Kaapstad. Ook die staatsargief, wat deur die Wes-Kaap Provinsie bestuur word, is in die onmiddellike omgewing van die kantore van SAEHA geleë. Al die universiteite naby Kaapstad is op een of ander manier betrokke by geskiedenisnavorsing en die opleiding van geskiedenisstudente. Boonop verleen die KAB die praktiese terrein vir opleiding in navorsing op primêre vlak. Afgestudeerde geskiedenisgegradeerdes of persone met nagraadse kwalifikasies in geskiedenis in die omgewing van Kaapstad en selfs op klein plekkies, soos die kurator van die museum van Graaff-Reinet, is daarom nie buite bereik van erfeniskonsultante of spesialiste nie. Die groot leemte is myns insiens 'n oorkoepelende liggaam met 'n stigtingsakte en 'n etiese werkskode wat historici op 'n mededingende vlak plaas met genote binne die historiese argeologie en – argitektuur. Reeds op grond van die inhoudelike wat geskiedenis aanbied, behoort historici 'n voorsprong te hê. Wat dus ontbreek, is 'n spesialisgradering wat historici in staat sou stel om ook as erfenispraktisyne te kwalifiseer, maar binne die sfeer van geskiedenis. Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Kultuurgeskiedenis akkrediteer reeds sedert 2014 kultuurhistorici vir betrokkeheid by erfenisimpakassessering. Daarteenoor het die twee geskiedenisvakverenigings, die Suider-Afrikaanse Historiese Vereniging en die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, nog nie die nodigheid ingesien om professionele akkreditering te ondersoek nie (Du Pisani 2015).

Professionele historici word egter slegs by universiteite in akademiese poste in Suid-Afrika aangetref. Die Suider-Afrikaanse Historiese Vereniging (SAHV) was sedert sy ontstaan in 1965 gefokus op die belange van professionele historici deur die aanmoediging van professionele kommunikasie en onderlinge eenheid. Die lede is onder aktiewe historici verbonde aan universiteite gewerf. Lidmaatskap is ook vir professies buite universiteite, soos argivarisse, aangebied. In 2005 het die naam verander toe dit vir lidmaatskap van die subkontinent oopgestel is, maar die doelwit het onveranderd gebly. Die vereniging bly steeds gefokus op hoogsgekwalifiseerde professionele historici en/of akademiese kwalifikasies, verbonde aan universiteite en/of betrokke by tersiêre opleiding. Die wetenskaplike publikasie, *South African Historical Journal*, word deur die vereniging uitgegee (Ball s.j.).

Daar is voorts voldoende geleentheid om artikels, volgens wetenskaplike riglyne gebaseer op argivale navorsing, te publiseer, soos onder andere vervat in die oogmerk van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika / Historical Association of South Africa (HGSA). Benewens 'n reeks relevante doelwitte, is die belangrikste vir erfenisstudie “by co-operating with statutory bodies and other institutions involved

with the preservation or restoration of historical artefacts (and articles)” (Heyl, 2011). Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis / South African Journal of Cultural History word reeds vir die afgelope dertig jaar deur die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis (SAVK) gepubliseer. Saam met die werksaamhede van SAHV, die SAVK en enkele ander minder bekende historiese verenigings soos die Association of Business Historians, is daar heelwat professionele historici wat sou kon meeding met professionele argitekte, argeoloë en antropoloë as erfenisspesialiste.

Personeel verbonde aan geskiedenisdepartemente van universiteite in Suid-Afrika onderneem moontlik sodanige navorsing – so ook museum personeel en ander individue. Belangstellendes in argiefnavorsing kan by die Nasionale Argief as 'n vryskutnavorsers registreer waarna hul name saam met hul spesialiteitsrigting(s) op die tuisblad van die Nasionale Argiefdiens van Suid-Afrika verskyn. Dit behels kontraknavorsing van ongeveer R200,00 plus per uur. Maar vryskutnavorsers is nie noodwendig almal opgelei in geskiedenis as wetenskap nie. Gewoonlik word hul kwalifikasies op die tuisblad van die Nasionale Argiefdiens verskaf.

In Australië kan individue met ten minste een kwalifikasie in geskiedenis op tersiêre vlak as 'n professionele historikus by die Australian Council of Professional Associations (ACPHA) registreer. Die registrasie onderskei tussen professionele historici, professionele geskiedenisgenote, gegradueerde historici en historiese navorsers. Eersgenoemde twee klasse van navorsers moet ten minste oor 'n honneurskwalifikasie plus ondervinding in navorsing en / of onderrig van geskiedenis as vak beskik (ACPHA 2008). Die vereniging van Suid-Australië gee 'n lys van 33 vaardighede en dienste plus etlike spesialiteitsrigtings byvoorbeeld wynbou, omgewing en argitektuur.

Professionele genootskap in geskiedenis behoort tot 'n geselekteerde groep binne die geskiedenisakademie van Suider-Afrika. Aanverwante professionele kwalifikasies soos argivarisse, museumkundiges en moontlik geskiedenisonderwysers kan streng gesproke nie hierdie professionele vlak van akademië bereik nie. Ander belangstellendes soos persone met nagraadse kwalifikasies in geskiedenis, vryskutnavorsers by argiewe en betrokkenes by historiese groepe soos die Van Riebeeck-vereniging, die VOC-stigting en plaaslike geskiedenisverenigings word ook uitgesluit. Nie alle liefhebbers van geskiedenis en bewakers van kultuur, wat dikwels deur gemeenskapsorganisasies soos die Simon van der Stel-stigting in Kaapstad, plaaslike geskiedenis- en belastingbetalersverenigings verteenwoordig word, wil of kan as navorsers optree nie, omdat hulle dikwels nie oor die nodige ondervinding of kwalifikasies beskik nie. Deur nagraadse geskiedenisstudies word studente in bronnestudie opgelei. Onopgeleide persone begryp moontlik nie die belangrikheid van bronnestudies of verifieerbaarheid van historiese materiaal nie.

Argiefnavorsing moet op 'n gereelde basis gedoen word om te weet hoe om inventarise te gebruik en om die argiewe te leer ken. Die kortpadversameling van historiese feite via grondaktes, genealogie en moontlik boedelrekenings is baie selde omvattend. Dit is dan ook die tipe navorsing wat deur liefhebbers van

byvoorbeeld genealogie, ongeag opleiding, gedoen kan word. Maar briefwisseling het altyd gronduitgifte vooraf gegaan en dit gee meesal handige beskrywings van die fisiese omgewing. Met erfenisimpakassering moet daar gereeld op rekordhouding van lank gelede teruggeval word. Ondervinding as vryskutnavorsers in die KAB toon dat daar weinig lede van die personeel en publiek is wat Nederlands kan lees of probeer lees. Aanstellings van nuwe argivarisse is boonop selde Afrikaans magtig. Taal bly 'n weselike probleem. Selfs transkribering van Nederlandse dokumente uit die Nederlands van die 17de tot in die middel van die 18de eeu word deur die skryfstyl, lettervorming en grammatika bemoeilik. In die lig hiervan behoort so 'n professionele geskiedenisvereniging ook voorsiening vir spesialisdienste in die argief te maak. So 'n organisasie behoort nie afbreuk te doen aan die status van akademiese historici nie.

## **6.11 Rekordhouding naas verslagskrywing**

Die geskiedenis-komponent van 'n erfenisimpakstudie word gewoonlik in 'n basisverslag saamgevat. Die basisverslag neem oor die algemeen die vorm aan van die sogenaamde uitvoerende verslagformaat waar daar met die voorsittersopsomming begin word. Daarna behandel dit die werksaamhede van die assessor volgens subhories soos geskiedenis-oorsig, beskrywings van geboue en strukture, assesseringsmaatreëls van erfeniswaardes, erfenis van kulturele betekenis, aanbevole graderings ensovoorts. Die erfeniskomponent van die basisverslag word dus saam met die historiese oorsig gegroepeer en bestuur.

Wat verlang word en waar die behoefte lê, is rekordhouding. Die omvattende proses van wetenskaplike navorsing, van die saamstel van 'n bronnelys, tekskritiek oor elke enkele bron, verwysings en aanbevelings vir verdere navorsing, behoort myns insiens aandag te kry. Indien die proses aan 'n ondersoek onderwerp sou word, of 'n navorsers of 'n student dit wou ondersoek, moet hy/sy 'n bronnelys met vindplekke daarin vind. Tekskritiek moet aandui waar inligting weerspreek, of net aannames en afleidings, oorskrywery sonder verwysings, of anekdote of twyfelagtig en mistastend is. Op daardie manier gaan die volgende erfenisassessor of konsultant die gehalte van die rekordhouding oor die verlede bruikbaar vind en daarop voortbou. Daar moet wegbeweeg word van die bestaande en bykans geïkete bronne oor die Kaaps-Hollandse boustyl in die Wes-Kaap. Dit is verstommend hoeveel nuwe inligting na vore kom, soos Fagan se ondersoek na ou geboue op die Buitenverwachtingplaas. Rekordhouding plaas ook 'n onus op die integriteit van die ondersoeker – indien 'n ondersoeker nie opgewasse voel om die geskiedkundige komponent te ondersoek nie, moet die opdrag gesubkontraakteer word.

Die voorstel vir 'n korrekte styl of formaat van 'n historiese verslag as agtergrond van 'n basisverslag behoort losstaande van die basisverslag te wees. Dit is sinvol om net die hoofkomponente in die basisverslag te noem, maar dit behoort 'n uittreksel uit die werklike en omvangryke geskiedenis te wees wat elders te boek of op rekord gestel is. So 'n rekord kan net as 'n navorsingsmodel vir die toekoms dien indien dit aan die standaard van wetenskaplikheid getoets kan word.

## 6.12 Gevolgtrekking

Erfenisimpakstudies se historiese komponent word nie ernstig genoeg deur betrokkenes in die praktyk – konsultante, ontwikkelaars en erfenisagentskappe - opgeneem nie. Vir konsultante is dit 'n stap wat uit sekondêre bronne afgehandel kan word, sonder dat die inhoudelike deur die erfenisagentskappe bevraagteken gaan word. Dit is veral moontlik waar daar nie 'n brondokument of 'n reproduksie van die verlede volgens wetenskaplike riglyne gedoen is nie. Daar is dus niks om die rekords teen te meet nie, behalwe die bronne, soos gelys in die konsultant se bronnelys. Die metodiek wat deur konsultante gebruik word, word ook nie volgens 'n vaste riglyn of formaat vereis nie. In Tokai-park se geval is lankal reeds besluit dat die werf en die meentarea onder die werf vir ekotoerisme aangewend moet word. Die gebrek aan 'n gelyke beregtiging vir alle rolspelers van die verlede volgens die Burra-handves en die ekonomiese besluite wat op die ou einde geneem is, dien nie die verlede van Tokai nie. Die historiese agtergrond in die konsepbasisverslag van 2011 is 'n onhandige poging van 'n andersins professionele persoon wat nie opgelei is om geskiedenis neer te pen nie. Die tekortkoming lê nie soseer by die konsultant nie, maar by die opleiding om as erfenisspesialiste te praktiseer en die onwilligheid om geld in navorsing te belê. Dit skep die indruk dat konsultante nie die werklike erns van die erfenishulpbronne van Suid-Afrika besef nie.

Die riglyne van die EWK is moontlik te lomp en lywig. Die dokument beslaan 73 bladsye. Die visuele erfenis kry baie aandag. Die veronderstelling is dat erfenisspesialiste moet weet hoe om bronkritiek, argiefnavorsing en wetenskaplike verslagskrywing te doen. 'n Praktiese kursus in die verband sal baie help. Die betrokkeheid van die KAB by so 'n moontlike kursus is nie ondersoek nie.

Argiefnavorsing vereis tyd en geduld en aanhou met soek. Dit is duur in terme van geldwaarde en daar kan verstaan word waarom dit vermy word. Maar om dieselfde feite, dikwels aannames oor en oor in elke nuwe publikasie oor Kaaps-Hollandse wonings te lees, moet 'n effek hê op die nuuskierige leser. Die alternatief bly 'n rekonstruksie van die verlede volgens wetenskaplike riglyne; wat geverifieer kan word, wat nie gebaseer is op verborge verslae nie, maar leemtes uitwys vir verdere diepsinnige navorsing.

Daar is reeds gewys op die politieke motief agter die publikasies oor Kaaps-Hollandse argitektuur aan die begin van die 20ste eeu, asook die handhawing van daardie publikasies met hier en daar verdere navorsing en aanvulling deur historiese argitekthe soos Lewcock, Fransen, Walton en Gwen Fagan. Die historiese gegewens bly beperk of is eensydig en dit bied 'n uitdaging aan universiteite om die geleentheid aan te gryp om meer inligting oor plase en hul eienaars binne die groter gebeure van die plaas se geskiedenis na te vors. Daar moet na maniere gesoek word om historiese merkers anders as strukture se geskiedenis te ondersoek, dit uit te beeld en te bewaar.

Tot dusver bestaan die neiging steeds om net belangrike persone as inwoners te lys. Verbintnisse met grond, van onder meer ook gewone mense, kan en mag nie uit die geskiedenis geskryf word nie.

Of historici hulle werklik met erfenisimpakstudies wil bemoei, word betwyfel. Die huidige politieke klimaat is onstuimig en die erfenisterrein word oorheers deur 'n gees van onverdraagsaamheid, veral teenoor die bevoorregte groepe se erfenis van die voormalige politieke bedeling. Die huidige gees van onverdraagsaamheid skep 'n geleentheid vir kontemporêre geskiedskrywing, maar nie van erfenisimpakstudies nie. Proaktiewe navorsing oor bedreigde erfenishulpbronne sou wel kon help om 'n onbegrypte verlede te verhelder. Die gevaar lê egter daarin dat dit vir eie gewin gebruik kan word.

Die studie slaag myns insiens daarin om aan te toon dat die geskiedenis van Tokai wat in die handel en wandel beskikbaar is, nie toereikend genoeg is om 'n gebalanseerde erfenisimpakassessering te doen nie. Maar of dit enigsins historici gaan oorreed om by erfenisimpakstudies betrokke te raak, word betwyfel, tensy daar 'n doelbewuste poging is om die historiese genootskappe se professionele status uit te brei vir akkreditasie met die oog op erfenisimpakstudies. Dit is 'n moontlike beroepsveld waar die spesiale vaardighede van geakkrediteerde professionele historici 'n belangrike bydrae kan lewer vir verantwoordelike rekordhouding. Die rekordhouding kan die ou streeksverdeling van die Instituut van Plaaslike en Streeks-geskiedenisnavorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing in 'n nuwe gedaante laat herleef wat in diens van SAEHA, die land en sy mense kan staan. Daardeur kan 'n nuwe geslag argiefnavorsers opgelei word.

'n Gradering van populêre sekondêre werk deur die erfenisagentskappe vir 'n bepaalde streek sou baie waarde vir al die betrokkenes hê. Dit kan op 'n kontrakbasis deur die erfenisagentskappe in die Wes-Kaap vir historici uitgegee word. In elke boek is daar feite van belang, maar daar kan ook aannames wees wat erfenisimpakassessering kan rig tot wanvoorstellings.

Ten laaste moet die kwessie van verteenwoordiging op verskillende erfenisliggame en agentskappe ondersoek word. Verteenwoordiging op ICOMOS, erfeniskomitees van die EWK en Stad Kaapstad, akademiese personeel en moontlik SAEHA behoort geskei te word, sodat verskillende agentskappe se oorsigfunksie in belang van erfenishulpbronbestuur toeganklik, prakties, objektief en ingrypend kan wees. Tans kom dit neer op een beginselstelsel wat deurgaans gehandhaaf word en publieke toeganklikheid ontmoedig. Dit is ten koste van erfenishulpbronbestuur, want elke erfenis is uniek in sy kulturele en historiese betekenis binne sy kulturele en natuurlike omgewing.

## Hoofstuk 7: Slot

In die probleemstelling van die studie word 'n sterk klem geplaas op die veranderinge wat deur menslike ingryping aan die omgewing van Tokai teweeggebring is. Hoewel die verandering tot voor die studie in die vorm van publikasies geboekstaaf is, is daar rede vir grondige kritiek. Die navorsing toon aan dat die geskiedenis veel meer omvattend is. Nie net verarm 'n verskraalde geskiedenis-aanbieding van Tokai-park die geheue van 'n volk nie, maar dit raak ook erfenisbewaring. Dit beperk veral die historiese en kulturele betekenisveld van erfenisspesialiste. Terselfdertyd word die benadering van erfenisspesialiste, veral ten opsigte van bronnestudie, navorsing en wetenskaplike verslagskrywing, na afloop van die studie bevraagteken. Die medewerkers aan die omvangryke erfenisterrein in die Wes-Kaap het van erfenisbewaring 'n industrie gemaak waaraan deelnemers of staan of val. Dit word betwyfel of historici enigsins 'n plek in die industrie het, of wil hê. Maar die toepassing van die Wet of Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999, suggereer tog dat historici 'n belangrike rol te speel het, soos wat die geskiedenis van Tokai-park bewys ten opsigte van erfenishulpbronassessering in 2012. Die toepassing van die Wet of Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999, blyk enduit gevolg te wees, maar toon onewe beregtiging aan erfenismerkings in die praktyk. Dit is deur geskiedenisnavorsing blootgelê. Behoorlike geskiedenisnavorsing is die brug tussen die verlede en erfenisbewaring en behoort nie verontagsaam te word nie.

Deur die geskiedenis van Tokai-park meer omvattend te ondersoek, is gevind dat daar veel meer vrae aan die verlede gestel moet word. Verdere vrae wat blootgelê is, betrek onder meer studies oor die weiding van die vetstertskape van die Khoina en hul staanplekke in die suidelike Skiereiland, nedersettings van ontheemde Khoina en Kleurlinge na 1828, die gebruikmaking van stukwerkers op wynplase in die groter Steenbergvallei en later bosbou, asook die vestiging van plaaswerkers op plase. Bosbouarbeid en meganisering op Tokai blyk nog nie ontgin te wees nie. Arbeidsgeskiedenis is benewens 'n sosiale merker ook bydraend tot die streekgeskiedenis van die groter area. De Klerk (2009:9,30), wat sewentien streek-historiese studies oor die verhouding tussen die verskillende bevolkingsgroepe in die Wes-Kaap nagaan, lei af dat ook die verhouding tussen koloniseerders en inboorlinge nog nie voldoende aandag gekry het nie. De Klerk se uitlig van streekgeskiedenis bevestig dat dit baie kan bydra om meer te wete oor kulturele faktore te kom naas die klem op sosiaal-ekonomiese aspekte. Streekgeskiedenis van die groter Steenbergvallei behoort derhalwe doelbewus ontgin te word. Teen die 1890's het wedywing vir arbeiders se diens begin toeneem toe Bosbou se dwangarbeiders onttrek is. Die huidige Westlake-woonbuurt is heel waarskynlik 'n nalatenskap van 'n ou, tradisionele gemeenskap. Die geskiedenis moet nou opgeteken word voordat die geleentheid verlore gaan.

Kulturele gebruike van die Eksteens (en ander plaaseienaars) kan wel uit die inventaris van P.M. Eksteen afgelei word. Argeologiese studies kan op verskeie plekke, van ou driewe en wapaie tot die groter werfgebied, fondasies van strukture, plekke in die Prinskasteelrivier en die oorspronklike ligging van Buffelskraal gedoen word. Ook die geskiedenis van die Porter-skool moet ontgin word. Tans is die



geskiedenis van Porter-skool gebrekkig en selektief ontgin. Dit staan nie in die tydsgees van Tokai-werf nie, maar in 'n eietydse ruimte langs Tokai-werf op grond wat tot 1957 as die Porter-grond bestaan het. Die verbeteringinstituut het na 1957, nadat die Porter-fonds nietig verklaar is, op sy eie perseel bly voortbestaan. Die Tokai-woning is reeds in die eerste helfte van die 20ste eeu toegesê aan die adjunkhoof van die Constantia-skool vir seuns. Die Orpen-kompleks is die enigste werfstruktuur wat vir die Porter-skool betrek is (Aikman, Malan, Winter 2001:49-50; Mauve s.j. :15), maar die vervalde toestand van die geboue suggereer dat dit reeds vir jare in onbruik gelaat is.

Die Orpen-kompleks ontleen hom uitstekend as 'n kantoorblok met 'n konferensiesaal. Dit sal TNP se geloofwaardigheid as die voog van Tokai se verlede aansienlik verhoog indien die kompleks prakties benut word. In die huidige ontwikkelingsplan is die Tokai-werf net 'n geleentheid om fondse te genereer. Vir die breë publiek is die werf na die oornamende deur Porter-skool, 1892, steeds ontoeganklik. Die sogenaamde teruggee van die area aan die mense van Suid-Afrika, vroeg in die 21ste eeu, het nog nie gerealiseer nie. TNP kry 'n splinternuwe hoofkantoor volgens 'n moderne omgewingsvriendelike ontwerp, in kontras met die omgewing se strukture. Ook plaas dit 'n verdere las op die opgewing. Waarom kan die bestaande geboue nie in kantoorgeboue omskep word nie? Dit sou byval kon vind saam met 'n oop en toeganklike omgewing waar daar nou perdekampe is. Ook behoort die motortoevoer na die area afgensy te word, weens die hoë historiese en kulturele betekenis, maar veral weens die ekologiese (oor)gebruik wat die area sensitief en kwesbaar maak. Deur die promenade in ere te herstel, gaan die plek teruggegee word aan die mense van Suid-Afrika, besoekers van oorsee en ekotoeriste. Sodoende kan die kerntoegangsbeginsel van TNP tot sy reg kom. Persoonlike ervarings verhoog wanneer 'n mens deur 'n plek stap, in vergelyking met slegs deur ry en kyk. Die perdekampe blokkeer toeganklikheid.

Die navorsing toon aan dat die geografiese geskiedenis van die groter Steenbergvallei verlore raak wanneer dit by naamgewing kom. Naamgewing van die hele area behoort hersiening te geniet, ook ten opsigte van die voorkoms van buffels in hierdie area. Dit is nodig om die groter Steenbergvallei ook as 'n plek van kulturele ingryping by hernuwing te beskou, veral ter wille van die nietasbare erfenismerkers in naamgewing. Dit is veral VOC-naamgewing wat nie meer gereken word nie. Weens die Van der Stel-verbintenis is die geskiedenis van die hele area deur Constantia-plaas oorheers. Dit gee 'n wanvoorstelling van die Tokai-area, omdat die Tokai-area sy eie unieke en besondere geskiedenis het. Die Tokai-area was nooit deel van die Constantia-plaas nie. Die oorbeklemtoning van die Constantia-vallei het daartoe gelei dat die geografiese, kulturele en ekonomiese geskiedenis van Tokai totaal afgewater geraak het. So word die skaapkraal van 1676 die eerste koloniale ekonomiese aktiwiteit en dus die eerste ekonomiese ontginde gebied, maar Swaanswyk en Constantia deel tans daardie eerste plek. Die geografiese name van die omgewing kan hopelik as nietasbare erfenis herleef en bydra tot die streek se erfenishulpbronne. Hier word ook naamgewing van die klowe van Vlakkenberg betrek. Dit sluit die naamgewing van waterstrome, vleie en groengordels in die groter Steenbergvallei in. Voorgestelde name wat kan herleef, kom uit

die geskiedenis uit. So kan Lister se Kluisenaarskloof herleef: die ideale plek is net 'n entjie bokant die arboretum; die kwekerye kan name van De Vasselot en Hutchins dra en die kloof links van Donkerbosch-kloof mag die Korteboschkloof heet. Daar is 'n ou voetpad, 'n wateropgaardammetjie en digte kloofplantegroei. Die onderskeie deurlope van die waterafvoer op Orpenweg moet reggestel word en die vlei by Bloekomlaan is ook sonder 'n naam. Ook Pondokvallei en -vlei se naam, asook die oorspronklike Buf-felskraalperseel moet in ere herstel word. Die navorsing verskaf dan ook die agtergrond om erfenismerkers in ere te herstel en erkenning te gee aan miskende plekke, vleie en mense.

Danksy die gereserveerde houtveld in die VOC-periode en soortgelyke kroongrond in die Britse periode het die natuurlike omgewing van Vlakkenberg, Prinskasteelberg en die latere Tokai langer ongeskonde gebly as die grond noord en suid van Tokai. Daar is plekke op Tokai waar daar nie eksotiese aanplantings na 1883 gedoen is nie, hoewel dit nie die area gevrywaar het van indringerplantegroei nie. Selfs nadat net 39 morg vir landbou in 1792 uitgegee is, was die gedeelte wat later Tokai-park sou word, steeds oorgelaat aan oorwegend natuurlike plantegroei. Ongeag die ontoereikende toesig oor en die bestuur van die grond voor en na 1795, bly die fynboshoutveld op sigself 'n landmerk. Die vestiging van Tokai-park in die 21ste eeu voltooi die kringloop van fynboshoutveld. Daarmee word 'n proses van bewaring, wat deur die VOC se houtbeleid begin is, voortgesit. Dit sal altyd 'n verlies vir die grond wees dat kroongrond na 1883 met plantasies aangeplant is, maar daar is 'n geleentheid om die natuurlike omgewing te herstel. Die fynbosrehabilitasieprogram hou twee voordele vir 'n werklose Suid-Afrika in. Hout kan weer eens ontgin word, soos in die 18de en 19de eeu, voordat die fynbos gebrand word. Dit behoort die vuur te temper, want fynbos moet brand. 'n Tweede voordeel is die uitreiking van blompermitte, 'n praktyk wat voor die aanlê van plantasies bestaan het. Dit sal streng beheer moet word, maar daarin lê die moontlikheid om werklose mense te help.

Maar ook mag die fynbosveld nie die geskiedenis van bosbou in die Wes-Kaap ontkoppel van Tokai nie. Die arboretum, kwekerye, piekniekterrein, persele voor die woning en verskeie geboue moet op gelyke vlak erkenning geniet en bewaar word. Daarmee moet die bosbouperiode se nalatenskap behoue bly. Die opleidingsgeskiedenis is van wesenlike belang en vir Saasveld sal Tokai altyd die moedergrond wees. Daar moet gewaak word teen ongegronde aannames soos Tokai se sogenaamde perdeplaasverlede. Porter-skool se teenwoordigheid op Tokai-werf is onmiskenbaar, maar nie oorheersend of sentraal tot die werf nie.

Die terugbeweeg na fynbosveld gee die grond sy eie waarde terug. Tokai kon eers in die 20ste eeu as landbougrond vir bosbou ontgin word met behulp van swaar bemesting en moderne kunsmis. Ook behoort die tuinbou uit die Ondertuine verwyder word, sodat ook die rivier sy pad kan terugkry en skoon water aan Sandvlei lewer. Die Prinskasteelkanaal verspoel elke jaar. Tans word die oorspronklike Buf-felsvleigebied as 'n gedeelte van die piekniekterrein ontgin, ook sonder enige historiese merkers. Tokai-park se waterafvloei mag dalk verander namate die plantasies heeltemal verdwyn. Meer waterafloop is

reeds sigbaar, maar daardie studie lê buite die veld. Dit bly wel in belang van besluitneming oor omgewingsbeplanning om die historiese kaarte en gebruike van die grond in aanmerking te neem.

Karakterisering van individue wat by Tokai betrokke was, word in sommige gevalle totaal uit verband geruk. Die Lister-verbintenis met Tokai, soos die Van der Stel-verbintenis, dien as voorbeelde. Maar mense wie se bydraes in ontwikkeling, geld, sweet en verlies geminag word, is die Eksteen-eienaars en die visie van De Vasselot. De Vasselot was 'n gesoute bosboukundige wat sy tyd ver vooruit was. Dit word betwyfel of daar enige erkenning aan De Vasselot in die land gegee word. Die Eksteen-nalatenskap is tot dusver nie ten volle in die geskiedenis beskryf nie. Die sosio-ekonomiese posisie van die wynboer in die Wes-Kaap is nog nie ten volle nagevors nie. Dit hang nou saam met 'n kritiese ondersoek na arbeid op plase eerder as om ras- of taalvoorkeur en bevooroordeeling te pleeg. Navorsingsvrae oor individue soos Petrus Michiel Eksteen en die Lister-egpaar se werklike betrokkeheid by Tokai bly steeds tergend en is moontlik 'n studieterrrein vir 'n volgende navorser of navorsers.

Daar word baie gewag gemaak van oorgelewerde praktyke in erfeniswetgewing. Een van die praktyke was die oorgelewerde praktyk om 'n houtveld, bedek met kreupelbos, die versamelnaam vir brandbare fynbosstruie, te beplant. Boere was baie suksesvol daarmee. Die feit dat die grootste gedeelte van Tokai tot 1883 nog ongeskonde fynbosveld was, verhoog die aandrang om hierdie oorgelewerde praktyk van bepoting of aanplanting as 'n erfenis te herken, te erken en te boek te stel. Al het die boere die kreupelbos of silwerhoutplantasies aangeplant of die groei daarvan aangehelp, bly dit steeds inheems tot die area. So het hulle verseker dat die erfenis van die grond nie verlore gegaan het nie.

Die EWK se riglyne is handig vir erfenisspesialiste, erfeniskonsultante, ontwikkelaars en kliënte, maar daar word nêrens in die verslag 'n voorbeeld gegee of verwys van 'n sinvolle konsepverslag waarop die basisverslag geskoei moet word nie. Vakkundiges in die argeologie en argitektuur toon 'n patroonmatige styl om verslae aan te bied. Die uiteinde van onbeholpe historiese navorsing is 'n wanbalans in die erkenning van historiese en kulturele erfenis. In die proses gaan erfenishulpbronne verlore. Tokai se geskiedenis is ryk geskakeerd met verskillende tydperke, eienaars, die bewerking van die grond en die omliggende fynbosveld. Die EWK gee 'n gids vir historiese lae of tydgewigte, maar dit hou nie tred met elke plek se unieke historiese betekenis nie. Dit skep die indruk van 'n gestruktureerde model, waar dit wat buite die riglyn vir bv. die plaaswerf of die institusionele werf val, nie ter sake is nie.

Na die lees van die benadering en werkwyses van die EWK en die vereistes wat aan erfenisspesialiste gestel word, ontbreek daar steeds 'n erkenning aan die bydrae van historici of kultuurhistorici. Naude (2000) het reeds in 2000 verduidelik waarom erfenisimpakstudies deur meer as een dissipline benader behoort te word. Verslae wat sedert 2000 oor hierdie area gedoen is, is deur konsultante in die argitektuur, argeologie, stads- en streeksbeplanning en landskapargitektuur gedoen. Die historikus moet sy aanspraak in die proses van erfenisimpakstudies herbevestig, tensy daar 'n radikale ommekeer in die toepas-

sing van geskiedenisnavorsing as 'n wetenskaplike proses deur die erfenisagentskappe vereis word. Die historikus baan die weg vir die kultuurhistorikus, die paleontoloog, die argeoloog, die argitek, sosioloog en dies meer. Tans word die historikus verteenwoordig deur sekondêre bronne. Laasgenoemde word nie gering geag of afgeskiet nie, maar dit kom selde uit die hand van opgeleide historici en word nie aan 'n wetenskaplike metodiek onderwerp nie. Die argitek, argeoloog en stadsbeplanners moet hulle eie beperkings hier besef.

Geskiedenis as dissipline het na 1994 nie opgehou om te bestaan nie. Die feit dat argeoloë, argitekte en ekoloë die geskiedenis van Tokai vanuit hul vakkondisies probeer interpreteer en herskryf, beteken nie dat dit die werk van die geskiedenisnavorsers vervang nie. Op die lange duur sal daar op geskiedenis teruggeval moet word om te probeer verklaar waarom sekere dinge in die verlede gebeur het. Daarvoor is die huidige aanbieding in verslae, soos deur Erfenis Wes-Kaap in 2012 goedgekeur, ontoereikend. Wetenskaplike geskiedenisnavorsing en geskiedskrywing is meer as net relevant vir erfenisimpakassessering – dit is onontbeerlik.

Daar is etlike tasbare en nietasbare erfenis wat nie in die proefskrif aangeraak is nie weens beperkte ruimte en die feit dat 'n omvattende geskiedenis van Porter-skool ontbreek. Die proefskrif lê wel 'n sterk klem op die bouomgewing van Tokai ten einde die deurslaggewende belang van geskiedenisnavorsing by erfenisimpakassessering in die Wes-Kaap te illustreer. Indirek is argitektoniese historici gehelp, maar nou vanuit die geskiedenisnavorsingsveld wat 'n verifieerbare bron daar stel. Die eindresultaat toon voorts dat argitektoniese historici geskiedenis as eenmalig beleef. Nuwe inligting word met moeite bygewerk of aanvaar. Ook die oormaat van historiese argeologie in gewig en praktisyne is tot nadeel van erfenisimpakastudies – nie net rakende beheer van erfenisagentskappe in die Wes-Kaap nie, maar veral ten opsigte van die konsep van geskiedenisnavorsing. Samewerking tussen dissiplines by erfenisimpakassessering is hoogstens beperk tot hierdie twee dissiplines en kan moontlik lei tot die skepping van 'n monopolie, indien dit nie reeds gebeur het nie. Wat verontrustend is, is dat dieselfde name by EWK ook by ander erfenisagentskappe soos ICOMOS Suid-Afrika en verskillende erfenispraktisyngenootskappe voorkom. Ook die afwesigheid van die Burra-handves se beginsels by die EWK se riglyne maak erfenishulpbronbestuur 'n baie geslote stelsel in die Wes-Kaap.

Die peil van geskiedenisnavorsing behoort deur vakkundiges aangespreek te word, want dit blyk duidelik dat daar 'n algemene tendens is om die verlede selektief ten opsigte van visuele strukture te 'raadpleeg' eerder as na te vors. Die moontlikheid bestaan dat dit nie net met Tokai-park se verlede gebeur het nie. Dit beteken terselfdertyd 'n oorbeklemtoning van sekondêre bronne sonder dat daar werklik bronnekritiek en verifiëring van inligting plaasvind.

Die herlewing van historiese bewusmaking, veral ten opsigte van die VOC-koloniale verlede, behoort besondere aandag in die Kaapse metropool en die Skiereiland te geniet. Die normalisering van geskie-

denisnavorsing is 'n inklusiewe proses vir alle Suid-Afrikaanse burgers, soos gesien deur Grundlingh en aangehaal deur Visser (2004:19). Dit word egter in die Wes-Kaap aan bande gelê deur 'n onwilligheid van die erfenisagentskappe om alle bevolkings- en taalgroepe se nalatenskap gelykmatig te beskou. Tot nog toe blyk dit dat historiese genootskappe of nie bewus is van die problematiek in erfenisimpakstudies nie, of onwillig is om betrokke te raak indien hulle van die probleem bewus is. Die metodiek van verantwoordbare navorsing in erfenisstudies loop gevaar om toenemend afgewater te raak. Daar is reeds 'n stem van besorgdheid wat opgaan oor die tempo waarmee ontwikkelaars toestemming kry om ou geboue af te breek. Kaapstad is die moederstad van Suid-Afrika en ou geboue en strukture verteenwoordig die moederstadstatus. Hoe kunstig ook al 'n ontwikkeling of moderne argitektoniese ontwerp – waar 'n ou gebou verdwyn, word die erfenishulpbronne van Suid-Afrika minder. Dieselfde geld vir Tokai.

Dit beteken nie dat die prekoloniale geskiedenis verwaarloos mag word nie, maar daarvoor moet fondse beskikbaar gestel word om argeoloë, anders as historiese argeoloë, by die praktyk, en veral rakende die herderargeologie in die groter Steenbergvallei, te betrek. Die uiteinde behoort die historiese verlede aansienlik te verdiep met betrekking tot die veldtipe en gepaardgaande plantegroei van Constantiaberg asook veronderstelde prekoloniale weidingspatrone in hierdie area. In hierdie stadium word daar net op geologiese merkers gereageer. Charles Arthur (2008:206) se herdefiniëring van die vraagstelling van argeologie en die metodologie van werkswyse kan ook op die groter Steenbergvallei van toepassing wees: “Moving beyond comparative frequency analysis towards spatial and technological analysis enables a shift from questions concerning cultural identity towards the interpretation of social organisation. In order to expand our definitions and develop historically informed questions, research need to including inland river valleys and agricultural land, tackle new types of sites and develop methods for dealing with a wider range of historical sources.” P.M. Eksteen se boerdery lewer bewys dat die grond onvrugbaar is. Ook die eerste paar jaar se pogings van Britse plantasie-aanplantings suggereer hoogs onvrugbare grond. Is die toesegging van die area aan jagterversamelaars en herders bloot empaties deur historiese argeoloë? Arthur se artikel sonder die noordelike helfte van die Kaapse Skiereiland uit, nie net vir argeologiese opgrawings nie, maar ook van historiese belang vir die San en die Khoina. Argeologiese ondersoeke in die suidelike Skiereiland behoort meer feite na vore te bring. Hoewel Arthur (:217) reken dat sommige historiese argeoloë terugbeweeg na argeologie, is die erfenisterrein in die Wes-Kaap nog grootliks vasgevang in die teoretiese grondlegging van historiese argeologie.

Die mandaat van die EWK as 'n provinsiale erfenisoorsigliggaam word vervat in Artikel 23 van Deel 2: Konstitusie, funksies, magte en pligte van erfenishulpbronnagentskappe in die Nasionale Erfenishulpbronnwet. Artikels 24(c) en (d) vereis die bevordering van onder meer rekordhouding en assessering van erfenis wat deel van die staat of die provinsie vorm; asook die beskerming en bestuur van erfenishulpbronne in ooreenstemming met die erfeniskriteria vervat in Artikel 7 (1) vir Graad II-erfenis. Die EWK is dus gebonde aan die beginsels van ten volle nagevors, gedokumenteer en op rekord stel van

Art.5.7(f). Wat ontbreek, is 'n meer nougesette toepassing van die wet. Erfenisspesialiste se historiese data behoort nie afsonderlik van geskiedenisnavorsing en wetenskaplike verslagskrywing te wees nie, maar behoort daaruit voort te vloei. Voorts moet daar toegesien word dat rekordhouding aan 'n standaard voldoen; dat die verslag of rekord met toepaslike bylae in 'n stelsel opgeneem word en dat dit vrylik beskikbaar vir naslaandoeleindes is. Ten laaste moet die kwessie oor besluitneming van sloping na aanleiding van 'n geringe of geen historiese impak (Winter, Baumann 2005:35,49 e.a.) herbesin word. Ook word die oordeel van die EWK grootliks deur die geskrewe verslaggewing van 'n erfenisspesialis gelei (:58). Indien 'n erfenisspesialis onbevoeg is om onafhanklike argiefnavorsing te doen, of onkundig is oor historiese periodisering of die beginsels van wetenskaplike geskiedskrywing (om maar enkele werkswyse te noem), kan die verslag wat aan die erfenisagentskappe deurgegee word, verdoemend tot die voortbestaan van erfenishulpbronne wees. Die kliënt of voornemende ontwikkelaar se aanspreeklikheid en verantwoordelikheid word nie uitgesluit nie.

Dit raak 'n verleentheid as die beheer- of oorsigliggame, wat oor die erfenisbewaring en hulpbronbestuur moet waak, nie in staat is om twyfelagtige aannames of teenstrydighede op te tel nie. Die verslae kry so goedkeuring om as bronne vir volgende ondersoeke te dien. Hierdie kringloop behoort verbreek te word, selfs indien dit net met Tokai die geval sou wees. Die gaping tussen die erfenishulpbronagentskappe na die gemeenskap, wat die bewaarders van die omgewing se kulturele nalatenskap is, moet oorbrug word. Die werktuig daarvoor is geskiedenis. Dit plaas die onus ook op die gemeenskap om toe te sien dat die plaaslike geskiedenis voortdurend bygewerk word. Gemeenskappe soos Vishoek en Simonstad het plaaslike historiese genootskappe. 'n Genootskap ontbreek in Tokai.

'n Erfenis kan 'n blote struktuur raak, gehul in mistiek indien dit nie deur 'n verlede ondersteun word nie. Mettertyd verval die struktuur, of die landskap, en verdwyn.

Ek volstaan graag met André Wessels (2004:1) se inleidende woorde tydens sy intreerede, 15 April 2004, as senior professor, Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat en wil dit toepas op die gevolge van 'n verlede wat geselekteerd onthou word:

“Daar is min dinge wat so gevaarlik is soos 'n onberedeneerde (ongeordende) verlede ('n verlede wat nie uitgesorteer is nie); daar is ook min dinge wat so gevaarlik is soos 'n verlede wat nie begryp word nie; of erger nog; 'n verlede wat vergeet word.”

## Bylaag A: Teks en tabelle

**Figuur 1: Perseelsamestelling van Tokai-park, 6 Maart 2013**

Plaasnr.	Beskrywing van ligging	Grootte Morg	Grootte hektaar	Verwysing
1464	Ou kroongrond tussen Denedal en Almora-sirkel (S), Plaas 1134 (W), Erf 3346(N) Plaas 1130 en ander erwe (O). Ingesluit by 1164 is gedeelte 5 van 1130: 23,1014ha. (Kyk DRDLR 1813 - Eksteen-toevoeging)		73.0875	DRDLR 1996c 1996
1134	Pad, Erf 2: Tussen Tokai-bosboustasie W & O; en Porter-grond (N) en Steenberg (S)		1.8572	DRDLR1 966b
Gedeelte 4 van 1130	Pad: Tussen gedeelte 2 van 1130 en Erf 3346. (Kyk DRDLR 1813)		2.5819	DRDLR 1996
Gedeelte 2 van 1130	Pad Erf 1:Tussen Tokai-bosboustasie W & O; Porter-grond. Gedeeltes 1(N) & 2 (S): (Kyk DRDLR 1813) (Bloekomlaan)	699775 vk voet	6.9373	DRDLR 1966a
1465	Tussen Tokai 908 (W); Plaas 1463 (NW) Erf 3346 & 1128 (N); Gedeelte 2/1130, (O); en 1462 (SO) en samestelling van gedeeltes rondom paaie en riviere, 1792 en 1813. Ingesluit is gedeelte 6 van 1130, groot 105,6899ha.		193.1063	DRDLR 1996d 1996b
Gedeelte 1 van 908	Ou kroongrond wes van 1813-grens tot teenaan die boonste kranse aan die oostekant van Constantiaberg. Die uitkykpunt is ingesluit.		490.9840	DRDLR 1954
Gedeelte 1 van 905	Ou kroongrond bokant Groot Constantia teen die hange van Vlakkenberg (Diagram 11616/1995)		29,6325	DRDLR 1996f
'n Gedeelte van gedeelte 1, Erf 3347	Erf 3347, Porter-grond, 136 morg en 100 vk. roede groot, ingesluit die Tokai-opstal & die ou Porter-skool begrens deur die rivier (Diagram 3746/1966).	51923 vk. voet	0.5147	DRDLR 1966
Tokai-opstal Erfenis-terrein	Die Tokai-opstal Monumentsonering / Erfenisterrein is 1.6895 morg / 1.4471 ha. huurgrond en vorm nie deel van TMNP nie.			DRDLR 1961
	Totale Oppervlakte		798.7014	

(Boonzaier 2013)

## **Figuur 2: Genealogie van eienaars, 1792-1851 (alfabeties): Opsomming**

### **Eksteen, P.M. (1776-1850)**

Petrus (Pieter) Michiel Eksteen is die tweede seun van Hendrik Oostwald en Elisabeth Scholtz van Bergvliet. Hy word op 19 Mei 1776 in Kaapstad gedoop en trou op 28 Desember 1800 met Hester Anna Cloete, dogter van Hendrik Cloete (1758-1818) en Anna Catharina Scheller van Constantia (Schutte 2003:12). Petrus Michiel Eksteen sterf ca. einde 1849, moontlik op Tokai (NASA, KAB 1842b). 'n Sterfkennis ontbreek.

Hester Anna sterf op 30 Oktober 1836 in die ouderdom van 55 jaar op Tokai. Sy laat haar man en nege oorlewende kinders agter. Die ouderdomme van haar kinders op 30 Oktober 1836 is: Hendrik (35) getroud in 1834, Anna (33) getroud met William Duckitt. Die ongetroude kinders is Petrus Michiel Junior (28), Elizabeth Hendrika Jacomina (26), Hermanus (24), Hester Anna (22), Sebastian Valentyn (21), Japie (Jacob Pieter) (19) en Johannes Paulus (15) (NASA, KAB 1836b;1881;Heese, Lombard 1989). Twee kinders, Petrus Michiel (gebore 1806), en Geesje Wilhelmina (gebore 1819), is vroeg oorlede. Behalwe die oudste kind van P.M. en Anna Hester word al die ander kinders tussen 1803 en 1821 op Tokai gebore. Die kinders se biografiese besonderhede, soos afgelei uit Heese, Lombard (1989); tensy anders vermeld, is soos volg:

- Hendrik Oostwald, gedoop 20 Desember 1801. Getroud met Aletta Margaretha Pallas.
- Anna Catharina, gedoop 23 Oktober 1803, getroud met Willem Duckitt.
- Petrus Michiel, gedoop 9 Maart 1804. Sterf klein.
- Petrus Michiel, gedoop 5 Junie 1806. Ongetroud. Sterf op Klavervlei, 20 November 1881 (NASA, KAB 1881a).
- Elizabeth Hendrika Jacomina gedoop 29 April 1810. Ongetroud, sterf 13 Julie 1880, Klavervlei (NASA, KAB 1881a).
- Hermanus Arnoldus, gedoop 24 Mei 1812.
- Hester Anna, gedoop 27 Maart 1814.
- Sebastian Valentyn, gedoop 7 Julie 1815. Getroud met Johanna Isabella Christina Dreyer, gebore te Witteboomen, dogter van Johannes Augustus Dreyer en Petronella Anna van Niekerk. Sebastian sterf op 15 April 1881 op Tokai en hy was steeds 'n aktiewe wynboer. Isabella sterf in 1905 op Alphen Hill, Wynberg (NASA, KAB 1881;1905a). Volgens hul albei se stekennisse was daar nie kinders nie.
- Jacob Pieter (Japie), gebore 23 Julie 1817 en gedoop in Julie 1817. Ongetroud. Mede-eienaar van Tokai. Sterf op 9 Oktober 1893 aan huis van John Eksteen in Wynberg, seun van hul jongste



broer (1893c).

- Geesje Wilhelmina, gebore 8 Maart 1819 en gedoop 9 Mei 1819. Oorlede voor 1836.
- Johannes Paulus, gebore 30 November 1821, gedoop 14 April 1822. Mede-eienaar van Tokai. Getroud met Petronella Anna Wilhemina Dreyer, gebore in 1829. Drie kinders: John Paulus gebore 6 Mei 1854, Hendrik Oostwald gebore 1 Mei 1859 en Petronella Anna Wilhelmina Eksteen gebore 18 November 1861. Jan Paulus sterf op 17 November 1893 in Wynberg en sy vrou op 27 Desember 1902 in Malmesbury (1902g).

Elizabeth Hendrika Helena Eksteen getroud met Pallas is volgens Heese en Lombard (1989) 'n kind van Petrus Michiel en Hester Anna Cloete. Dit is foutief. Sy is in 1816 op Bergvliet gebore, sterf in 1895 en kom nie voor op Hester Anna se sterfkennis nie (NASA, KAB 1895c;1836b).

#### **Eksteen-eienaars, 1850-1883** (Seuns van Petrus Milchiel Eksteen en Hester Anna Cloete)

Sebastian Valentyn, gedoop 7 Julie 1815 en Jacob Pieter (Japie), gebore 23 Julie 1817 en gedoop Julie 1817 was die gesametlike eienaars tot 1883. Sebastiaan se eienaarskap het na sy dood in 1881 op sy vrou oorgegaan. Sebastiaan sterf kinderloos en Jacob Pieter is nooit getroud nie (kyk hierbo).

#### **Herwig, Johann Frederich George (? -1800)**

Afkomstig van Grossburschla, Duitsland, kom hy in 1774 in die Kaap de Goede Hoop aan. Hy het 'n seun, Johannes Frederik van Johanna Jakoba Jurgens van die Kaap, maar trou in 1784 met Clara Catharina Kempf van die Kaap (Heese 2005:109). Tydens die beleg van 1795 kom Herwig se naam op Wagrolno. 14 voor (NASA, KAB 1787). Herwig se ouderdom is onseker, maar hy sterf in Augustus 1800, vier maande na die laaste wysiging aan sy testament in April 1800 (1796d; 1800f). Sy swanger weduwee trou met Georg Gottfried Scheffer in April 1801. Die seun word as Jan Frederik Scheffer grootgemaak. Jan Scheffer sterf in 1860 as die eienaar van Baasharmenskraal (1860).

#### **Loos, Caspar Johann (? - 1803)**

Hy is afkomstig van Eisenach, Duitsland en kom in 1775 aan in die Kaap de Goede Hoop (Heese, Lombard 1999). Burger Jan Casper (Caspar Johann) Loos se aanstelling as brandmeester word op 8 April 1783 bevestig (TANAPb 1783). Tydens die beleg van Muysenburg word Loos onder die brandmeesters gelys (NASA, KAB 1787). Hy was getroud met juffrou Anna Rotteveel, weduwee van Johannes Daneel (1780). Sy was die dogter van Cornelia Smuts en Cornelis Rotteveel. Uit haar huwelik met Daneel is twee seuns, Johannes Cornelis Daniels en Frederik Ferdinand Daniels, gebore (TANAPc 1776). Sewe maande na die verkope van die plaas, op 23 Oktober 1802 verskyn die sieklike oudouderling van die Lutherse Kerk en woonagtig in die stad voor die notaris, Jan Bernhard Hofman om hul testament te wysig. Dit is 'n ruim boedel wat vir erflating voorberei is. Die testament is op 23 Oktober opgestel en op 7 Januarie die volgende jaar ingedien. Dit is waarskynlik Jan Casper Loos se sterfdatum, kort voordat die

Hollanders weer die Kaap oorgeneem het (NASA, KAB 1803). Die boedelrekening kon nie opgespoor word nie.

### **Andreas Heinrich George Teubes (1746-1807)**

Teubes het in 1769 in die Kaap as soldaat in diens van die VOC aangekom. Hy ontvang burgerskap in 1775 (Schubert, s.j.). Sy naam word vanaf 1769 tot 1771 as 'n wadrywer en karweier in diens van die Kompanjie in die Monsterrollen gelys (NASA, KAB 1760) waarna die opvolgmonsterrol ontbreek. Hy word later as chirurgijn<sup>1</sup> majoor van die Burgermag aangestel (TANAPb 1790a) en het in die Vrije Korps gedien (NASA, KAB 1787). Teubes trou op 22 Januarie 1775 met Anna Catharina von Willigh in Kaapstad. Uit hierdie huwelik is twee kinders gebore, Henricus Mattheus gedoop 17 Desember 1775 en Alida Maria, gedoop op 27 Julie 1777 (Heese, Lombard 2006). Teubes se seuntjie het waarskynlik jonk gesterf en Alida word groot as enigste kind. Haar moeder sterf op 3 Desember 1779 (NASA, KAB 1791a). Alida Maria (20) het op 26 November 1797 in die huwelik getree met Nicolaas Russouw van Swaanswyk (NASA, KAB 1797a).

Op 17 April 1791 tree Teubes, (45) in die huwelik met Anna Catharina Bosman gedoop 14 Augustus 1763, dogter van Jacobus Bosman en Anna Christina Groenewald in Kaapstad (NASA, KAB 1791b). Uit die tweede huwelik word vyf kinders gebore: Andreas George Heinrich, gedoop 15 April 1792 (1792a) in die Lutherse Kerk, Jacobus, gedoop 30 Junie 1793 in dieselfde kerk (1793), Anna Christina gedoop 23 November 1794 in Kaapstad, Johan Andreas, sonder doopdatum, en Maria Elizabeth, gedoop 24 Mei 1801 in Kaapstad. Teubes sterf op 28 Julie 1807 in Kaapstad op ouderdom 61 (Heese en Lombard 2006) en laat sy weduwee agter met vyf kinders tussen ses en vyftien jaar oud.

---

1 Volgens Kruyskamp (1961:371) is die verouderde betekenis van die woord heelmeeester en iemand wat net in die praktiese kennis opgelei is.

**Figuur 3: Eienaarskap, Tokai-landgoed, 1792-1883**

Eenaar	Jaar	Oppervlakte (Morg)	Koopprijs	Periode besit
Rauch	1792	39 voltitel	Rds 100 Gds /f 300	3 mnde.
Teubes	1792	39 voltitel	f300	92 mnde.
Teubes	1795	9 voltitel	f100	47 mnde.
Herwig	1800	39+9 voltitel	f50,000	11 mnde.
Loos	1801	39+9 voltitel	f45,050	18 mnde.
Eksteen P.M.	1802	39+9 voltitel	f35,400	47 jaar
Eksteen, P.M.	1811	25 erfpag	Rds 19½ p.j.	39 jaar
Eksteen, P.M.	1811	5 erfpag	Rds 4½ p.j.	39 jaar
Eksteen P. M.	1814	255 huurpag	£15 / Rds 200 p.j.	36 jaar
Eksteen S.V. (sterf 1881) en Eksteen J.P.	1850	48 voltitel 255 huurpag 31 erfpag	f77,200	33 jaar
Koloniale Regering	1883	48 voltitel 255 huurpag	£7,500	

(NASA, KAB 1799;1800h;1902a;1842b; DRDLR 1851a)

**Figuur 4: Manskappe, Julie tot 13 September 1795, te Steenbergpos, Russouw se plaas, tydens die beleg van Muysenburg, Julie tot September, 1795**

Groepe, Nasionale bataljon	1-8 Julie	9-16 Julie	17-24 Julie	25 Jul - 6 Aug	7-10 Aug	11-18 Aug	19-26 Aug	27 Aug – 3 Sept	4-13 Sept
Infanterie					50	50	50	50	80
Artillerie	± 12	12	12	12	36	36	36	36	?
Pandoere					150	150	150	150	150
Burgerinfanterie									
Burgerruitery					400	200	200	200	200 ?
Pennisters									
TOTAAL:	12	12	12	12	636	436	436	436	430

(Nel 1972:218,233,235)

**Figuur 5: Manskappe 13 Junie tot 13 September 1795, te Muysenburg, militêre basis**

Groepe (Nationale bataljon) en Britse Magte	Man	13 Jun - 8 Jul	9-16 Julie	17-24 Julie	25 Jul -2 Aug	3-7 Aug	8-18 Aug	19-26 Aug	27 Aug – 3 Sept	4-13 Sept
Infanterie	300	400	400	400	400	287	0			
Artillerie	150	250	250	250	250	150	0			
Pandoere		130	130	130	130	318	0			
Burgerruiterij	200	211	211	211	211	200	0			
Posvolk	30									
Pennisters, Khoina, slawe	?									
Perde	200									
Britse mag							1,600	600	600 +	1,900
<u>TOTAAL</u>	680	991	991	991	991	955	1,600	600	600+	1,900

(Nel 1972:204,207,209,211,212,218,225,226,230,250)

**Figuur 6: Houtartikels gelewer in die Bataafse periode te Witteboomen, 1803-1805, uit die houtveld te Orangieskloof, Kerstenbosch en Houtbaai, ingesluit die Steenberge**

700 pale vir die paradeplein	80 disselbome	100 lang waens
250 handspaken of -blokke	450 pikstele	250 handspeke
500 palisaatpale	60 vt beslaande muurplate	8 beslaande balke
450 pikstele	300 kort pale	100 groot pale
50 “derigeer” bome	4,100 bystele en waronge	41,00 handspeke
20 disselbome	30 lang waens	1200 pik- en graafstele
22 blokke, verskeie grootte	150 misvurkstele	

(NASA, KAB 1805e)

**Figuur 7: Opgaaf van lewende hawe, waens en karre te Tokai, 1800–1883**

Jaar	Koeie	Osse	Perde	Skape	Bokke	Varke	Esels / muile	Waens	Perdekarre
1800	72	2	8	12	0	4			
1810 Jan.	67 (aantel- kalwers)	94	7	0					
1810 Des.	9	50	3	3					
1822	65	77	10	0	20	8	8	4	1
1825	103	90	8	0	40	5	7		
1849	50	18	4 trek en 8 merries	131 speku- lasie	200			2 osse- waens 1 tentwa	1
1883	8	20 slag	3 en 5 mer- ries (trek en saal)		200	aantal			1 kapkar 1 Skotskar

(NASA 1800d; 1810a; 1822a; 1825;1842b, NLSA 1883a)

**Figuur 8: Wynproduksie Petrus Michiel Eksteen, 1812–1826, 1823-sensus en vir 1849**

Jaar van wyn gelewer	Groenwyn gelewer	Ander wyn	Ouderdom	Oesjaar afgelei uit ouderdom	Produksie p.j. volgens lewering <sup>2</sup>
1812 (1811d)	⅛ lêer		4 maande (mnde)	Mei 1812	Groendruifwyn: 7 ⅛ lêer
1813 (1811d)	7 & ½ lêer		½ lêer: 8 mnde 3 lêer: 10 mnde 3 lêer: 11 mnde 1 lêer: 12 mnde	½ : Feb. 1813 4 : Feb. 1812 3 : Mrt. 1812	Groendruifwyn: 18 ⅛ lêer
1814 (1811d);	22 ⅞ lêer		5 lêer: 8 mnde	14: Feb. 1813	Groendruifwyn:

2 Elke wynboer sou sorg dat hy tussen 1/2 en 1 lêer brandewyn per jaar terughou, asook wyn wat hy wou verouder indien hy die ruimte gehad het om vate te berg (Van Zyl 1973:172).

1814b)			2 $\frac{5}{8}$ lêer: 10 mnde 3 lêer: 12 mnde 12 lêer: 18 mnde	3 $\frac{5}{8}$ : Mrt. 1813 5: Apr. 1814	6 $\frac{3}{4}$ lêer
1815 (1811d; 1814b)	16 $\frac{3}{8}$ lêer	4 lêer Kaapse Madeira	Kaapse Madeira : 9 mnde Groendruuwe: $\frac{1}{8}$ lêer: 5 mnde 7 $\frac{1}{8}$ lêer: 7 mnde 3 lêer: 9 mnde 4 lêer: 10 mnde 2 lêer: 11 mnde $\frac{1}{8}$ lêer: 13 mnde	K.Madeira: 4: Feb. 1815 Groendruuwe: $\frac{1}{8}$ : Mrt. 1814 2: Jan. 1815 7 $\frac{1}{4}$ : Feb.1815 4: Apr. 1815 3: Mei 1815	K.Madeirawyn: 4 lêer Steenwyn : 1 lêer Groendruifwyn: 22 lêer
1816 (1814b; 1816a;b)	6 $\frac{3}{8}$ lêer	Steen: 1 lêer (1814c: Hanepoot i.p.v. steen, 27 Jan.)	Steen: 11 mnde Groendruuwe: 2 lêer: 10 mnde 2 $\frac{1}{8}$ lêer: 11 mnde $\frac{3}{8}$ lêer: 12 mnde $\frac{1}{4}$ lêer: 18 mnde 1 $\frac{5}{8}$ lêer: 24 mnde	Steen: Feb. 1815 Groendruuwe: 1: Mei 1814 $\frac{1}{4}$ : Sept. 1814 $\frac{1}{8}$ : Nov. 1814 $\frac{1}{4}$ : Des. 1814 $\frac{1}{8}$ : Jan. 1815 2 $\frac{1}{4}$ : Feb. 1815 2 $\frac{1}{8}$ : Mrt. 1815 $\frac{1}{4}$ : Mei 1815	K. Madeira: $\frac{1}{8}$ lêer Groendruifwyn: 32 $\frac{1}{2}$ lêer
1817 (1814b; 1816a)	32 & 7/8 lêer	Kaap Muskadel: $\frac{1}{8}$ lêer	Muskadel : nie gegee Groendruuwe: 4 lêer: 8 mnde 28 $\frac{1}{2}$ lêer: 11 mnde $\frac{1}{4}$ lêer: 12 mnde $\frac{1}{8}$ lêer: 18 mnde	Muskadel: geen data Groendruuwe: 20 $\frac{1}{8}$ : Feb. 1816 12 $\frac{3}{8}$ : Mrt. 1816 $\frac{1}{4}$ : Feb. 1817	Groendruifwyn: 5 & 7/8 lêer
1818 (1816a;b)	5 $\frac{5}{8}$ & 1/16 lêer		Slegs oesjaar, 1817, behalwe vir 1/8 lêer van 12 mnde en	$\frac{1}{8}$ : Apr. 1817 $\frac{1}{8}$ : 1818.	Groendruifwyn: 6 $\frac{1}{8}$ lêer

			1/8 lêer in 1818 geoes.	5 3/8 & 1/16 : 1817	
1819 (1816a;b)	6 lêer. Slegs drie aflewering genoteer		Slegs oesjaar, 1818.	6: 1818	Groendruifwyn: 5 lêer
1820 (1819a;b)	5 1/4 lêer	Brandewyn: 2 lêer	Brandewyn: nie gegee Groendruive: 1/8 lêer: 9mnde 4 lêer: 11 mnde 1 lêer: 12 mnde 1/8 lêer: 24 mnde	Brandewyn: Geen data Groendruive: 1/8 : Feb. 1820 4 : Feb. 1819 1 : Feb. 1819 1/8 : Sept. 1818	Brandewyn: 2 lêer Groendruifwyn: 3 lêer
1821 (1819b)	3 lêer. Slegs een aflewering genoteer: 25/1		3 lêer : 11mnde	3 : Feb. 1820	Groendruifwyn: 27 lêer
1822 (1822b)	27 lêer. Slegs aflewering vir Jan. maand		27 lêer: 10 mnde	27: Mrt. 1821	Groendruifwyn: 44 lêer
1823 (1822b; 1823a)	63 1/8 lêer waar- van 19 lêer aldus 'n register vir uitvoerwyn.		1/8 lêer: 7 mnde 19 lêer: 9 mnde 42 lêer: 11 mnde 2 lêer: 12 mnde	44: Feb. 1822 19: Mrt. 1823 1/8: Apr. 1823	Groendruifwyn: 71 1/8 lêer
1824 (1823b)	82 1/8 lêer aldus register vir uitvoerwyn.		28 1/8 lêer: 9 mnde 48 lêer: 10 mnde 6 lêer: 11 mnde	52: Mrt. 1823 30 1/8: Mrt. 1824	Groendruifwyn: 61 1/4 lêer
1825 (1823a)	37 1/8 lêer aldus register vir uitvoerwyn.		2 1/8 lêer: 9 mnde 29 lêer: 10 mnde 6 lêer: 11 mnde	31 1/8: Apr. 1824 6 : Jan. 1825	Groendruifwyn: 44 & 3/8
1826 (1823a)	44 3/8 lêer aldus register vir uitvoerwyn.		1/8 lêer: nie gegee 1/8 lêer: 9 mnde 23 1/8 lêer: 10 mnde 21 lêer: 11 mnde	1/8: geen data 23 1/8: Apr. 1825 21 1/8: Mrt. 1825	Geen data
1823-sensus <sup>3</sup>	115 lêer	Brandewyn:			Brandewyn:

3 Die opgaaf is in 1822 geneem en suggereer dus verwagte opbrengs, soos blyk uit die 1823-oesjaar.

(1823b)		3 lêer			3 lêer Wyn ongespesifiseer: 115 lêer
1849 (1842b)	18 lêer verkoop & 2 gehou van gedeekte nie verhuur aan sy seun S.V. nie.				Wyn ongespesifiseer: 20 lêer

(NASA, KAB 1811d;1814b;1816a;1816b;1819a;1819b;1822b;1823a;1823b; 1842b)

**Figuur 9: Gelewerde wyn in verhouding tot die aantal stokke te Tokai, 1812-1849**

Oesjaar	Aantal stokke (Todeschini, Blanckenberg 2007:9-11) <sup>4</sup>	Wyn gelewer
1812 (NASA, KAB 1811d)	1802-1812: 60,000 +	1/8 lêer (NASA, KAB 1811d)
1813 (1811d)		7 & 1/2 lêer (1811d)
1814 (1811d;1814b)	86,000	22 5/8 lêer (1811d;1814b)
1815 (1811d;1814b)		16 3/8 lêer (1811d;1814b)
1816 (1814b;1816a;b)		6 3/8 lêer (1814b; 1816a;b)
1817 (1814b;1816a;b)		32 & 7/8 lêer (1814b;1816a)
1818 (1816a;b)	125,000	5 5/8 & 1/16 lêer (1816a;b)
1819 (1816b)		6 lêer. Slegs drie afleweringe genoteer (1816a;b)
1820 (1819a;b)		5 1/4 lêer (1819a;b)
1821 (1819a)		3 lêer. Slegs een aflewering genoteer: 25/1 (1819a)
1822 (1822b)	130,000	27 lêer. Slegs aflewering vir Jan. Maand (1822b)
1823 (1822b; 1823a)		63 1/8 lêer waar-van 19 lêer aldus 'n register vir uitvoerwyn

4 Die statistiek uit Todeschini en Blanckenberg (2007:9-11) is vir onderskeidelik die opgaafjare van 1815, 1819 en 1825. Dit veronderstel die stokke reeds geplant en daarom word dit hier een jaar voor die opgaafjaar aangedui. Om te dra, moes dit reeds vyf jaar in die grond gewees het.



		(1822c;1823;a)
1824 (1823;a)		82½ lêer aldus register vir uitvoerwyn (1823;a)
1825 (1823;a)		37½ lêer aldus register vir uitvoerwyn (1823;a)
1826 (1823;a)		44 ¾ lêer aldus register vir uitvoerwyn (1823;a)
1823-sensus (1823b)		115 lêer (1823b)
1849 (1842b)		18 lêer verkoop & 2 gehou (1842b)

**Figuur 10: Uitvoer van Constantia-wyn, gewone wyn en bokvelle en huide in die Kaapkolonie, 1870-1881**

Jaar	Constantia-wyn	Brandewyn	Gewone wyn	Bokhuide en velle uitgevoer
1870	£777	£77	£13,882	£126,112
1871	£192	£82	£10,742	£172,055
1872	£248	£137	£14,861	£191,503
1873	£592	£228	£14,488	£188,826
1874	£1,272	£245	£15,876	£194,323
1875	£1,356	£324	£12,817	£158,404
1876	£1,703	£740	£12,027	£ 90,907
1877	£2,126	£667	£14,223	£119,338
1878	£2,805	£510	£12,423	£ 97,042
1879	£1,940	£1,445	£14,095	£ 73,675
1880	-	-	£11,996	£107,428
1881	-	-	£11,719	£101,933

(NASA, KAB 1882:9;1883j:69)

## A.1. P. M. Eksteen se welvaartsposisie na Van Zyl (1973:536-47) se welvaartsbepaling

**Figuur 11: Die nominale kapitale rente @ 6% van Boer A as voorbeeld van welvaartsbepaling**

Van Zyl (1973:525-543) gee twee 19de eeuse modelle, gemerk Boer A (:539) en B, om renteopbrengs op kapitale belegging vas te stel. Boer B se opname (1839) word gebruik om 'n model vir P.M. Eksteen saam te stel in Figuur 12. Die omskakelingsyfer wat gebruik word, is £1 gelykstaande aan Rds13.333. Volgens Van Zyl se gekopieerde model het Eksteen teen 'n verlies van Rds -3,130 of £234.76 geboer.

**Figuur 11: Die nominale kapitale rente @ 6% van Boer A**

<b>Kapitale bates (Van Zyl 1973:540)</b>	
Eerste koste van plaas	Rds 15,000
15 slawe @ Rds300 elk	Rds 4,500
80 wynlêers @ Rds 12 elk	Rds 960
Pars- en stookimlemente	Rds 500
3 spanne osse	Rds 500
2 ossewaens	Rds 800
Perdewa en 'n span perde	Rds 900
Meubels, gereedskap ens.	Rds 2,000
Minus Meubels <sup>5</sup> , gereedskap ens.	Rds 2,000
<b>Totaal:</b>	<b>Rds 23,160</b>
Rente @ 6% op die totale kapitaal	Rds 1,389

Boer B van Drakenstein is 'n werklike geval wat in 1839 in *De Zuid-Afrikaan* gepubliseer is en deur Van Zyl (1973:541-543,534) gebruik word. Rente op kapitaal beloop 4% .

5 Van Zyl sluit die meubels uit aangesien hy dit nie reken as deel van die wyneboudery nie. Hy bereken dan 6% op Rds23,160 ( 23,160 – 2000) = Rds1,389.

**Figuur 12: Benaderde welvaartsberekening van P.M. Eksteen (senior), wynboer, 1849, na die “Ontvangste en uitgawes op de Plaats Tokay voor rekening van den insolvente boedel van P.M. Eksteen Senior,” 1849, Januarie tot November, gemeet aan die wetvaartsberekening van Boer B, wynboer, Drakenstein**

Boer B. Drakenstein-distrik. 1839 (Oor twaalf maande)		Petrus Michiel Eksteen. Tokai. 1849. (Oor elf maande )	
Uitgawes:		Uitgawes:	
Lone 10 manlike werkers @ Rds. 6 per maand oor een jaar	Rds 720	Lone: 7 kontrak- en stukwerkers asook ander 3 huis- en spesifieke plaaswerkers	Rds 966
Voedsel en wyn @ Rds. 13 vir bg.	Rds 1,560	Dekker 12 en messelaar 10	Rds 22
Lone vir 3 vroulike arbeiders oor 1 jaar	Rds 144	akkersoptel	Rds 20
Voedsel en wyn vir bg.	Rds 395	Voedsel en wyn vir bg. (hierdie uitgawe is by Eksteen se "Huisuitgaaf" ingereken)	Rds 972
Totale koste vir arbeid	Rds 2,820	Totale koste vir arbeid	Rds 1,980
Ander uitgawes:		Ander uitgawes:	
Vervoer: Rds20 per lêer vir 105 lêers	Rds 2,100	Kaf en ryloon	Rds 46
Mark- en tolbelastings	Rds 98/2/4	2 mud rog	Rds 10
Erfpag	Rds 40	5 mud gars	Rds 20
Belastings op wyn en brandewyn of vatgeld vir 105 lêer	Rds 37/0/4	Brandassuransie	Rds 61/2/4
		Reparasies waens	Rds 34
		Saldo oorgebring	Rds 1,078/2/4
Totaal:	Rds 2,275/3/2	Totaal :	Rds 3,232/5/2
		Uitgawes gelys onderaan staat as “Debiete”, maar nie ingereken in rekeningstaat nie:	
		Lewering van slagskape aan J.P. Eksteen	Rds 710
		Rente op skuldbriewe	Rds 1,200
		Aan H.O. Eksteen bygedra vir die	Rds 136

		lone van Sept. & Okt.	
		Totaal Debiete nie verreken:	Rds 2,046
Somtotaal uitgawes:	Rds 5,095/3/2	Somtotaal uitgawes	Rds 5,278/7/6
Kapitale belegging		Kapitale belegging:	
Plaas f 100,000	Rds 33,333	Plaas gewaardeer £2,000	Rds 26,666
Vatwerk, kuipe, keldergereedskap	Rds 6,500	Lewende hawe & los goedere	Rds 4,222
Totaal van kapitale belegging	Rds 39,833	Totaal van kapitale belegging	Rds 30,888
Rente @ 4% op Rds 39833	Rds1,539/2/4	Rente @ 4% op bg vir 11mnde	Rds 1,132
Bruto inkomste van Boer B: 100 lêer wyn @ Rds50 per lêer	Rds 5,000	Bruto inkomste van Eksteen: Wyn verkoop: 18 lêer	Rds 1,228/2
5 lêer brandewyn @ Rds 185 per lêer	Rds 925	Onverkoopte wyn: 2 lêer	Rds 133/2/
		Brandewyn verkoop	Rds 250
		Aartappels verkoop	Rds 227
		Hout verkoop - 44 vragte	Rds 942
		Sparre verkoop	Rds 100
		Verhuring gedeelte van wyngaard	Rds 400
Totale bruto inkomste:	Rds 5,925/2/4	Totale bruto inkomste	Rds 3,280
Netto inkomste <sup>6</sup>	Rds 829/4/4	Netto inkomste <sup>7</sup>	Rds -1,998
Minus nominale rente op kapitaal	Rds 1,539	Minus nominale rente op kapitaal	Rds 1,132
Reële inkomste	Rds -764	Reële inkomste	Rds -3,130
Van Zyl bereken dan die totale uitgawe teen die kapitale belegging in persantasie van minder as 3% en kom tot die gevolgtrekking dat die boer teen 'n verlies van Rds 764 geboer het.		Volgens Van Zyl se gekopieerde model het Eksteen teen 'n verlies van Rds -3,130 of £234.76 geboer.	

(NASA, KAB 1842b; Van Zyl 1973:541-543,534)

6 Bruto inkomste van Rds5,925 minus totale uitgawes van Rds5,095

7 Bruto inkomste van Rds 3,280 minus totale uitgawes van Rds 5,278, 'n tekort van Rds 1,998

**Figuur 13: Slawe en andere arbeiders van Tokai in 1825 vergelyk met plase in die omgewing, saamgestel deur Jean Blanckenberg**

Eiendom en Eienaar	Aantal stokke	Hotten-totte	Prysnegers	Manlike slawe	Manlike slawe o/16	Vroulike slawe	Vroulike slawe o/16
Groot Constantia Jacob P. Cloete	84 000	11	0	20	6	6	4
De Hoop of Constantia, Nova Constantia en Soetvlei Weduwee Colyn	160 000	5	0	43	6	6	4
Alphen Thomas F. Dreyer	200 000	2	6 M <sup>8</sup> 1 V 36 o/20	33	5	10	3
Bergvliet H.O. Eksteen (H.O. seun)	190 000	11	1 M	24	4	26	6
Buitenverwachting	90 000	6	0	9	6	3	1
Wittenbomen W.F. van Reede Oudtshoorn	60 000	11	0	22	12	11	6
Tokai P.M. Eksteen (H.O. seun)	130 000	0	0	22	12	11	6
Swaanswyk D. Russouw	80 000 <sup>9</sup>	2	0	16	5	6	4
TOTAAL 106 Europese mans b/16 78 Europese seuns o/16 74 Europese vroue b/20 87 Europese vroue o/20		47 M 47 V *36 o/20	76 M b/16 15 V b/20	307	83	96	60

(Todeschine, Blanckenberg 2007:10-11)

8 Todeschine en Blanckenberg gee die 36 persone en wat 0/20 is, aan as Prysnegers, maar voeg dit in die Totaalkolom by die Hottenotte.

9 Weggelaat deur Blanckenberg. (Russouw: NASA, KAB 1823b).

**Figuur 14: Slawe soos geregistreer deur P. M. Eksteen, 1817–1834**

Opgawe verwys na datum van registrasie tot en met aangemelde datum van sterftes onder “Opmerkings”. (Waar onmondige kinders (o/21) slawe besit het, is dit wel onder die kind se naam plus sy geboortedatum gelys, maar met spesiale verwysing na die vader as voog).

<b>Dat. Regis- trasie</b>	<b>Naam</b>	<b>M or v</b>	<b>Oud./ gebore</b>	<b>Moeder se naam</b>	<b>Land</b>	<b>Nering</b>	<b>Skuld- register- folio</b>	<b>Opmerking</b>
31 Jan. 1817	David	M	± 68		Mosam- biek	Arbeider		Sterf 6 Jun. 1819 (70j.)
	Floris	M	38		Kaap- kolonie	wadrywer	E-Folio 18	
	Abraham	M	33		dito	koetsier		Verkoop/oorgedra 8 Okt. 1829 - G.V. Vechan, vide L.L1 fo.208, Kaapstad
	Joemat	M	22		dito	schoenmaker	E-Folio 18	
	Aron	M	36		Mada- gaskar	bouer		Sterf 17 Des. 1820. Rapporteur 1 Jun. 1821 (39j)
	Bachus	M	23		Mosam- biek	wadrywer		Sterf 25 Jan 1821. Rapporteur 1 Jun. 1821 (27j)
	Castor	M	50		dito	Arbeider		Sterf 24 Okt. 1820 (53j)
	Brutus	M	40		dito	Arbeider		Sterf 29 Jan. 1825. Rapporteur 18 Mrt. 1825 (48j)
	Adam I	M	35		dito	Arbeider	E-Folio 18	
	Vrydag	M	50		Mada- gaskar	Arbeider	E- Folio18	
	Joseph	M	30		Mosam- biek	Arbeider		
	Prins	M	28		dito	Arbeider		Sterf 9 Jul 1834

								Rapporteur 2 Okt. 1834 (45j)
	Linder	M	35		Ben- gaals	Arbeider	E-Folio 18	
	Jupiter	M	35		Mosam- biek	herder		Sterf 20 Jan. 1823. Rapporteur 31 Jul. 1823 (41j)
	Mars	M	36		dito	herder	E-Folio 18	
	Nimrod	M	45		dito	herder		Sterf 20 Mei 1827. Rapporteur 3 Aug. 1827 (55j)
	Francois I	M	30		dito	Arbeider		
	Azor	M	25		dito	Arbeider		Sterf 14 Okt. 1825. Rapporteur 30 Nov. 1825 (33j)
	Hector	M	24		dito	Arbeider	E-Folio 18	
	Franscois II	M	20		dito	Arbeider	E-Folio 18	
	Salie	M	24		dito	kok		Verkoop, oorgedra 12 Des. 1821 - S.V. Cloete vide La C Fol.54 Kaapstad
	Neptunus	M	40		dito	Arbeider	E-Folio 18	
	Berrie	M	16		Kaap- kolonie	Arbeider	E-Folio 18	
	Damon	M	3		dito	kind		
	Phillis	M	11 mnde		dito	kind		
	Agatha	F	35		Mada- gaskar	huishulp		Sterf 18 Mei 1820 (38j)
	Annet	F	18		Kaap- kolonie	huishulp		Sterf 12 Des. 1834. Rapporteur 18 Feb. 1834 (35j)

	Dina I	F	39		Mosambiek	huishulp		Sterf ca 1831. (53j) Bevestig deur Eksteen, P.M.
	Thea	F	14		Kaapkolonie	huishulp		
	Roset	F	12		dito			
	Banisa I	F	10		dito			
	Carolina	F	8		dito			
	Rachel	F	6		dito			
	Herwieg	M	4 Okt 1816	Francina	dito			
6 April 1818	Martha	F	26j 9 mnde		dito	huishulp		
	Sara 1	F	33j 9 mnde		dito			Sterf 29 Jan. 1825. Rapporteur 18 Mrt. 1825 (41j)
9 Julie 1818	Hester	F	13 Mei 1818	Agatha	dito			
	Moos	M	4 Jun. 1818	Annet	dito			
11 Feb. 1819	Castor	M	±62j 8mnde		Boeginees	skaapherder		Sterf 31 Dec. 1822 (65j)
11 Feb. 1819	Castor	M	± 62i 8mnde		Boeginees	skaapherder		Vide inskripsie p.38 (Kyk bo) ?
	Jacob	M	2j 8 mnde		Kaapkolonie			Sterf 4 Feb. 1826. Rapporteur 14 Feb. 1826 (9j 8mde)
	Banisa II	F	29j 8mnde		dito	huishulp		Sterf Feb. 1827. (37j). Bevestig deur Eksteen, P.M.
	Candace	F	11j 8mnde		dito	huishulp		Oorgedra - W. Duckitt 18 Feb. 1834
